# HTS TEOLOGIESE STUDIES THEOLOGICAL STUDIES





Supplementum 9




# Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk


OpenJournals Publishing

Open access at www.hts.org.za

Vol. 66 No. 3 2010

# HTS Teologiese Studies / Theological Studies

## Supplementum 9

## Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: ‘n Kroniek van die Hervormde Kerk

J.P. Oberholzer

© 2010. The Author. Licensee: OpenJournals Publishing. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

First edition, first impression 2010
Author: J.P. Oberholzer
ISBN: 978-0-620-48204-2

Published by OpenJournals Publishing, a division of AOSIS (Pty) Ltd
Postnet Suite #55
Private Bag X22
Tygervalley
South Africa
7536
http://www.openjournals.net

Every effort has been made to protect the interest of copyright holders. Should any infringement have occurred inadvertently, the publisher apologises and undertakes to amend the omission in the event of a reprint.

Disclaimer: The author, the Title owner and the publisher, AOSIS (Pty) Ltd accepts no responsibility for any statement made or opinion expressed in this publication. Consequently, the publishers and copyright holder will not be liable for any loss or damage sustained by any reader as a result of his or her action upon any statement or opinion in this book.

Volume 66 ■ Number 3

SUPPLEMENTUM 9
ISSN: 1683-7584 (print)
ISSN: 2071-078X (online)



Die kenmerkende kloktoring van die Ou Letteregebou, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika

**Editor-in-Chief**
Andries G. van Aarde
Honorary Professor, University of Pretoria, South Africa

**Associate Editor**
Yolanda Dreyer
University of Pretoria, South Africa

**Editor** (Section: Practical Theology)
Malan Nel
Universiteit of Pretoria, South Africa

**Chairperson of Editorial Board**
Ernest van Eck
University of Pretoria, South Africa

**Editorial Board**
Maria (Riet) Bons-Storm
University of Groningen, Netherlands
Richard A. Burridge
University of London, United Kingdom
Johan Buitendag
University of Pretoria, South Africa
Warren Carter
Texas Christian University, United State
Theuns F.J. Dreyer
University of Pretoria, South Africa
Graham Alexander Duncan
University of Pretoria, South Africa
David Grafton
Lutheran Theological Seminary, Philadelphia, United States
Elaine L. Graham
University of Chester, United Kingdom
Alasdair I.C. Heron
University of Erlangen-Nuremberg, Germany
Knud O. Jeppesen
Tantur Ecumenical Institute for Theological Studies, Jerusalem, Israel
John S. Kloppenborg
University of Toronto, Canada
J. (Kobus) P. Labuschagne
University of Pretoria, South Africa
James A. Loader
University of Vienna, Austria
Jean-Claude Loba-Mkole
Catholic University of Eastern Africa, Kenya
Jan Muis
Protestant Theological University, Netherlands

# HTS TEOLOGIESE STUDIES THEOLOGICAL STUDIES

Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: ‘n Kroniek van die Hervormende Kerk

ISBN: 978-0-620-48204-2

**Voorwoorde**

v Voorwoord van Samesteller - *J.P. Oberholzer*

vi Voorsitter van die Komissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormende Kerk van Afrika - *T.F.J. Dreyer*

vii Voorsitter van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding - *J. Otto*

vii Voorsitter van die Hervormende Dosentevergadering - *E. van Eck*

1 **Hoofstuk 1: Die aanloop 1909–1916**

1909 ... 1
1911 ... 7
1912 ... 8
1913 ... 10
1914 ... 11
1915 ... 11
1916 ... 11

13 **Hoofstuk 2: Die Klein Begin 1916–1933**

1916 (21 Desember 1916) ... 13
1917 ... 13
1918 ... 15
1919 ... 15
1920 ... 17
1921 ... 18
1922 ... 22
1923 ... 23
1924 ... 24
1925 ... 24
1926 ... 26
1927 ... 27
1928 ... 28
1929 ... 31
1930 ... 32
1931 ... 33
1932 ... 33
1933 ... 34

35 **Hoofstuk 3: Twee afdelings van een fakulteit 1934–1940**

1934 ... 35
1935 ... 38
1936 ... 39
1937 ... 40
1938 ... 41
1939 ... 42
1940 ... 42

Carolyn Osiek
Texas Christian University,
United States
David C. Sim
Australian Catholic University,
Melbourne, Australia
Wolfgang Stegemann
Augustana-Hochschule (AHS)
Neuendettelsau, Germany, Germany
William F. Storrar
Princeton Theological Seminary,
United States
Luco J. van den Brom
Protestant Theological University
Utrecht, Netherlands
Piet J. Van der Merwe
University of Pretoria, South Africa
Ernest Van Eck
University of Pretoria, South Africa
Pieter M. Venter
University of Pretoria, South Africa
Elaine M. Wainwright
University of Auckland,
New Zealand
James A. Loader, Universität
Wien, Austria

**Editorial Board**
**(Section: Practical Theology)**

Rein Brouwer
Protestant Theological University,
Netherlands
Johan Cilliers
University of Stellenbosch,
South Africa
Anita L. Cloete
Universiteit Stellenbosch,
South Africa
Kenda Creasy-Dean
Princeton Theological Seminary,
United States
Ben J. de Klerk
North-West University,
Potchefstroom campus, South Africa
Jaco Dreyer
University of South Africa,
South Africa
Yolanda Dreyer
University of Pretoria, South Africa
Ruard R. Ganzevoort
Free University of Amsterdam,
Netherlands
Gerben Heitink
Emeritus Free University of
Amsterdam, Netherlands
Simanga R. Kumalo
University of KwaZulu-Natal,
South Africa
F. Gerrit Immink
Protestant Theological University,
Netherlands
Rantoa Letsosa
North-West University, South Africa
Daniel J. Louw
University of Stellenbosch,
South Africa
Vhumani Magezi
North-West University, South Africa
Bonnie J. Miller-Mclemore
Vanderbilt University, United States
Julian C. Müller
University of Pretoria, South Africa
James Mwangi
African Christian University, Kenya
Marilyn Naidoo
University of South Africa,
South Africa
Richard R. Osmer
Princeton Theological Seminary,
United States

**43** **Hoofstuk 4: Interne spanning en stryd 1941–1953**
1941 ... 43
1942 ... 43
1943 ... 44
1944 ... 45
1945 ... 46
1946 ... 49
1947 ... 53
1948 ... 55
1949 ... 59
1950 ... 59
1951 ... 60
1952 ... 61
1953 ... 62

**63** **Hoofstuk 5: Politieke spanning en ekumeniese druk 1954–1960**
1954 ... 63
1955 ... 64
1956 ... 66
1957 ... 67
1958 ... 69
1959 ... 70
1960 ... 71

**73** **Hoofstuk 6: Ekumeniese isolasie en interne stryd 1961–1970**
1961 ... 73
1962 ... 77
1963 ... 78
1964 ... 80
1965 ... 84
1966 ... 85
1967 ... 87
1968 ... 90
1969 ... 91
1970 ... 91

Voorsitters van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding ... ix
Dosente 1916–2009 ... xi

**94** **Hoofstuk 7: Evaluering en selfinterptetasie 1971–1979**
1971 ... 94
1972 ... 94
1973 ... 97
1974 ... 99
1975 ... 102
1976 ... 104
1977 ... 107
1978 ... 108
1979 ... 110
1980 ... 112

**114** **Hoofstuk 8: Groei, vooruitskouing, terugskouing 1981–1987**
1981 ... 114
1982 ... 115
1983 ... 116

Andrew Phillips
University of South Africa,
South Africa
J. (Hans) A. van der Ven
Theological University,
Netherlands
Calvin W. Plaatjes
Helderberg College, South Africa
Hendrik (Hennie) J.C. Pieterse
University of Pretoria, South Africa
Hans-Georg Ziebertz
Wuerzburg University, Germany
Kobus Schoeman
University of the Free State,
South Africa
Friedrich Schweitzer
Universität Tübingen, Germany
William F. Storrar
Princeton Theological Seminary,
United States
Casper (Cassie) J.H. Venter
North-West University,
Potchefstroom campus,
South Africa
Jan Albert van den Berg
University of the Free State,
South Africa

1984 ... 119
1985 ... 120
1986 ... 120
1987 ... 126

Groepfoto: Dosente en Studente van die Van der Hoff Teologiese Huis ... xiv

129 **Hoofstuk 9: Rasionalisasie en Optimalisering 1988–1997**
1988 ... 129
1989 ... 131
1990 ... 134
1991 ... 137
1992 ... 139
1993 ... 145
1994 ... 147
1995 ... 149
1996 ... 155
1997 ... 158

Groepfoto: Dosente en Studente 1916–2009 ... xvii

164 **Hoofstuk 10: Terug by een ekumeniese fakulteit 1998–2009**
1998 ... 164
1999 ... 168
2000 ... 173
2001 ... 175
2002 ... 179
2003 ... 180
2004 ... 181
2005 ... 185
2006 ... 187
2007 ... 188
2008 ... 190
2009 ... 191

195 **Bylaag I: Persone wat die studie voltooi het 1916–2003**

201 **Bylaag II: Persone wat nie die studie voltooi het nie**

206 **Indeks**

**In association with:**

**Ned. Hervormde Kerk van Afrika**

http://www.nhk.co.za/



**Fakulteit Teologies forum**

http://www.teo.co.za/

**Published by:**
OpenJournals Publishing
AOSIS (Pty) Ltd, Postnet Suite #55, Private Bag X22, Tygervalley, 7536,
South Africa
Tel: +27 (0)21 914 5100
Fax: +27 (0)21 914 5105
info@openjournals.net

**Title Operations Coordinator**
Rochelle Bronkhorst
submissions@hts.co.za

**Orders for print copy:**
Mary Bryon
orders@openjournals.net
Tel: +27 (0)21 975 4684

**Special thanks to the OJP team:**
Rochelle Bronkhorst (TOC)
Stacey Finlayson (Layout)
Sabelo Majiba (Layout)
Mine Venter (QA)
Trudie de Villiers (POM)



## GUIDELINES FOR AUTHORS AND READERS OF *HTS TEOLOGIESE STUDIES/THEOLOGICAL STUDIES*

**Focus and scope**
*HTS* has published original research concerned with the dissemination of the results of theological research of national and international scholars since 1943.

The journal has a wide multi-disciplinary scope and supports theologians, philosophers, scholars, ministers of religion and specialists in religious and socially related subjects by providing them with research results.

The journal covers theology in its broadest sense and therefore publishes articles linked with a variety of other study fields, and has a multi-disciplinary, multi-church, inter-faith, and multi-religious focus and scope. Articles cover, among others, aspects of religious studies, philosophy, practical theology ancient Semitic and classical languages, sociology and ethics. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* is committed to the capacity building of young scholars. We welcome you to submit your article to this journal.

**Abbreviation and referencing**
*HTS Teologiese Studies/Theological Studies* (abbreviated as HTS) is marked and branded as HTS. It is officially referenced as *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*.

**Sponsors, endorsement, publication frequency and distribution**
HTS publishes manuscripts on a rolling basis throughout the year, i.e. as soon as they are ready for publication, on http://www.hts.org.za. In this way, HTS aims to speed up the process of manuscript publication, from submission to a manuscript's availability on the website.

HTS is available online at www.hts.org.za. The online version is an open access publication. The hard copy is distributed to those individuals who order a copy; to place your order contact orders@openjournals.net

**Manuscript preparation and submission**
All articles must be submitted online at www.hts.org.za

Go to www.hts.org.za, click on ABOUT and then on ONLINE SUBMISSIONS. If you are already registered, please proceed with the submission process by logging into the site.
If not registered, click on GO TO REGISTRATION. Complete all the required fields and remember to tick the checkbox under 'Register as Author' at the bottom of the registration page. (you may also register here as a reviewer). Login with your username and password and simply follow the easy five step process to upload your manuscript.

The journal has a set of guidelines to authors that should be followed carefully before submitting a manuscript for review. Original research articles should be between 3500 and 7000 words distinguishing between two broad types of articles, namely, empirical and non-empirical (theoretical) articles. Empirical articles are grouped into two research traditions, quantitative- and qualitative-based articles.

**Peer Review Process**
All manuscripts submitted to HTS will be reviewed by experts in the field and will undergo a double-blind review process.

**Correspondence**
Correspondence regarding manuscripts should be addressed to: The Title Operations Coordinator, HTS, Postnet Suite #55, Private Bag x22, Tygervalley, 7536, South Africa. Tel: +27 (0)21 914 5100 or Fax: +27 (0)86 678 2305, submissions@hts.org.za

**Printed copies**
To order printed copies of this journal contact Mary Bryon at orders@openjournals.net, alternatively contact +27 (0)21 975 4684


# SAMESTELLER SE VOORWOORD

Die opdrag om 'n oorsig te skryf van die honderd jaar waarin die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sy opgelegde taak probeer uitvoer het, het vereis dat 'n bepaalde minimum literatuur in ag geneem moes word. Dit het onder andere behels die notules en dokumente van die Kuratorium, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Algemene Kerkvergadering, die Raad en Senaat en Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria, en die Vergadering van Professore, later die Dosentevergadering, oor die tydperk 1909–2009. Al hierdie notules is beskikbaar in die Argiefbewaarplekke van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria. Daarby het gekom kerklike en universitêre tydskrifte. Ander bronne wat hier nie in ag geneem is nie, is die notules en ander dokumente van kerklike organe van bystand en rade. In wat volg, is oor die algemeen hierdie (en ander) bronne self aan die woord gestel en is kommentaar tot 'n minimum beperk (tussen vierkante hakies.)


Prof. Dr J.P. Oberholzer

Die aanbieding in die vorm van 'n kroniek het met verloop van tyd homself aan die orde gestel. Die Indeks wat bygevoeg is, kan dien as sleutel vir tematisering vir wie ookal dit nodig vind.Die lys van persone wat die teologiese studie voltooi het, is bedoel om insig te gee in die resultate van die eeu se werksaamheid. Daarnaas bied die lys van persone wat nie die studie afgehandel het nie, die versoberende en al te menslike beeld van onvervulde voornemens en verlies van tyd en geld, of soms ook verandering van rigting.

Aan die Kuratorium my dank vir die opdrag om hierdie taak uit te voer, aan die personeel van die Kerk- en Universiteitsargiewe my hartlike dank vir vriendelike diens.


Die Ou Letteregebou, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Samesteller se voorwoord', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* suppl. 9, 66(3), Art. #942, 1 page. DOI: 10.4102/hts.v66i3.942

# VOORWOORD

## DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Article #943
HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Die outeur, professor J.P. Oberholzer, kies om sy oorsig oor die honderdjarige bestaan van die Kuratorium vir Teologiese opleiding as 'n *kroniek* te bestempel. 'n Kroniek is 'n verhaal van gedenkwaardige gebeurtenisse wat chronologies gerangskik word (vergelyk die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). In hierdie kroniek is die belangrike gebeurtenisse in die verloop van honderd jaar inderdaad aan die hand van notules en dokumente noukeurig nagevors en chronologies neergepen.


Dr T.F.J. Dreyer

Wanneer daar by wyse van 'n kroniek na die verlede gekyk word, is dit moeilik om selektief te werk te gaan. Die feite dring hulle in die historiese dokumente aan die geskiedskrywer op. Of 'n mens daarvan hou of nie, dit is wat gebeur het en die gebeure moet weergegee word. Geskiedenisse word dikwels subjektief en selektief geskryf as 'n poging om die hede te legitimeer. Hierdie kroniek stel egter die gebeure self aan die woord en ontbloot onderliggende motiewe wat ons dalk liewer sou wou verswyg. Dit vertel 'n verhaal van mense wat kinders van hulle tyd was en hulleself daarom moeilik kon losmaak van die eietydse politieke en teologiese onderstrominge. Dit laat iets deurskemer van ideale en persoonlike ambisies wat gelei het tot groepvorming en die manipulering van vergaderings.

Elke mens se lewensverhaal het skadukolle. As 'n mens dit ontken en vermy, vind daar geen groei en verandering plaas nie. Wanneer 'n mens egter bereid is om ook die skadukolle oop te vlek en in die oë te kyk, hoe pynlik ookal, is dit dikwels die stimulus vir 'n positiewe leerervaring en groei. Die kroniek kan ons as Kerk sensiteer om in die toekoms nie weer dieselfde foute te maak nie.

Wanner 'n kroniek gelees word, is dit gewoonlik die negatiewe en skokkende gebeure wat die eerste, en soms ook blywende, indrukke skep. Om die negatiewe so te laat oorheers, sou egter eensydig wees en nie reg laat geskied aan honderd jaar se pogings om, dikwels onder baie moeilike omstandighede, vir die Hervormde Kerk predikante op te lei nie. Die kroniek vertel ook die verhaal van die Hervormde Kerk wat kort na die vernedering, verarming en swaarkry van die Tweede Vryheidsoorlog, met geloof en waagmoed die toekoms aangedurf het. Die ideaal van 'n eie predikanteopleiding en om nie meer langer afhanklik te wees van predikante uit Nederland of uit ander kerke nie, was ook deurweek van die oortuiging dat dit nie 'n tweederangse kweekskoolopleiding moet wees nie. 'n Deeglike, wetenskaplike universitêre opleiding was ononderhandelbaar. Die Kuratorium is reeds in 1909 in die lewe geroep, nog voordat die eie teologiese opleiding bestaan het. Dit was juis die Kuratorium se taak om aan die ideaal van 'n eie opleiding gestalte te gee.

Aan die begin van die teologiese opleiding was die fakulteit veelkerklik. Dit is pas later uitgebou tot 'n selfstandige teologiese fakulteit vir die Hervormde Kerk. Mettertyd het twee afsonderlike afdelings ontstaan, Afdeling A van die Nederduitsch Hervormde Kerk en Afdeling B van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die kringloop is voltooi in 2000 met weer 'n veelkerklike fakulteit.

Hierdie kroniek is ook 'n verhaal van gelowige lidmate, ouderlinge, predikante en dosente. Dit getuig van hulle liefde vir die kerk, offerbereidheid en die oortuigings waarvoor hulle bereid was om te werk, te dien en te stry. Die Nederduitsch Hervormde Kerk was geseënd met begaafde teoloë. Alhoewel die Hervormde Kerk klein in getalle is, is teoloë van formaat gelewer wat selfs internasionaal presteer het. Alhoewel daar soms hewig oor teologiese aksente verskil is, wys die historiese dokumente uit dat studente met lof getuig van die vormende invloed wat dosente op hulle lewe en geloof gehad het.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk staan nie los van die tydsgees en die nuwe teologiese denke wat daarmee gepaard gaan nie. Die Hervormde Kerk het nog altyd ruimte gemaak vir verskillende teologiese aksente en debatvoering – dit is immers die kenmerk van teologiese opleiding aan 'n universiteit. Dit alles is inherent deel van die honderd jaar se gekiedenis en kom telkens in die kroniek na vore. Ernstige konfrontasies en selfs 'n tugsaak maak deel uit van vloei en eb van teologiese getye. Deur dit alles heen wil die Hervormde Kerk teologies daaraan uitdrukking geen om telkens weer opnuut te luister na wat ons in die Woord van God hoor. Juis die bereidheid om opnuut te 'luister', is noodsaak in 'n wetenskaplik-teologiese opleiding.

Dit is makliker om oor die eerste vyftig jaar van die geskiedenis te praat en te oordeel, want ons was nie self deel daarvan nie. Die laaste vyftig jaar se geskiedenis laat die wat in 'n mindere of meerdere mate daaraan deel gehad het, egter dikwels met 'n gevoel van ongemak. Dit help nie om die ongemak te ontken nie. Dalk kan hierdie kroniek daartoe bydra dat ons leer uit die foute en vorentoe met groter omsigtigheid sal optree. Dalk kan dit ons, hoe moeilik ookal, help om los te kom van eie voorkeure en in die toekoms oor *die kerk* en *die teologie* te dink en te praat.

Die kroniek is 'n waardevolle stuk navorsing wat professor Oberholzer noukeurig en met groot toewyding opgeteken het. Dit kan 'n belangrike bron vir toekomste navorsing word. Hierdie stuk geskiedskrywing bied insigte aan die predikante en teoloë van die Hervormde Kerk en veral aan die wat verkies word tot lede van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding. Uitdagings, vrae, probleme, teologiese onderstromings en die spanning tussen die Kerk en die teologiese opleiding is nie uniek aan ons tyd nie. Hierdie kroniek toon dat dit nog altyd deel was van die Kerk, die Kuratorium en die teologiese opleiding, en seker altyd sal wees. Uit die geskiedenis kan waardevolle lesse geleer word wat ons kan help om op 'n gebalanseerde en verantwoordelike wyse om te gaan met die problematiek van ons tyd.

**Sitasie:** Dreyer T.F.J., 2010, 'Voorwoord deur die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* suppl. 9, 66(3), Art. #943, 1 page. DOI: 10.4102/hts.v66i3.943

# VOORWOORD

## DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

Dit is ‘n besondere voorreg om die eerste 100 jaar van die teologiese opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk op ‘n gepaste wyse met hierdie publikasie te gedenk. Min van die gekiedenis was behoorlik geboekstaaf of selfs bekend en ons is dankbaar dat professor J.P. Oberholzer gewillig was om die taak op hom te neem. Soos die bronne ontsluit is, het die projek gegroei. Wat aanvanklik bedoel was as ‘n koffietafelboek, het gegroei tot ‘n volwaardige stuk geskiedskrywing.



Dr J. Otto

Hierdie geskiedenis van die Kuratorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is ‘n kosbare kleinood. Vir die eerste keer is die magdom inligting in een bron versamel. Die notules en dokumente van verskeie instansies (byvoorbeeld die Kuratorium, die Algemene Kerkvergadering, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Raad en Senaat van die Universiteit van Pretoria, die Dosentevergadering van die Fakulteit Teologie) word met mekaar in gesprek gebring. Die werk beskik oor ‘n indeks en lyste van persone van belang vir maklike verwysing.

Die kroniek-styl van die publikasie is iets besonders. Die storie van die Kuratorium vorm deel van die breër verhale van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Universiteit van Pretoria en die Fakulteit Teologie met as fokuspunt die opleiding van die Kerk se predikante.

Die menslikheid van die Kerk se geskiedenis kom duidelik na vore in die verhaal. Professor Oberholzer deins nie daarvan terug om ook die skadukant weer te gee nie. Die ongemak wat gepaard gaan met die eerlikheid oor mislukkings en menslike flaters, verleen geloofwaardigheid aan die projek.

Dit is prakties onmoontlik om alles in die notules weer te gee. Subjektiewe keuses is noodwendig deel van die proses van seleksie. Hierdie kroniek is egter myns insiens ‘n omvattende versameling wat die belangrikste temas in die geskiedenis van die afgelope 100 jaar verhelder.
Geskiedskrywing lewer ‘n bydrae tot die huidige tyd. Dit is deel van die tydsgees dat niks so belangrik is soos die hede nie. Die verlede, wat oop is vir meerdere interpretasies, is dikwels ‘n verleentheid. Die toekoms is duister en ongevormd. Mense gaan derhalwe op in die ‘nou’, wat dikwels as onsamehangende *staccato* episodes ervaar word. Daarteenoor bied die geskiedenis ‘n groter perspektief. Hoe meer die hede gesien word binne die groter samehang met die verlede, hoe meer sinvol word die ‘nou’. Hierdie kroniek kan bydra tot groter begrip vir huidige tendense.

‘n Besondere waarde van die kroniek is dat dit die eenheid van denke, selfs oor tyd heen, aandui. Hoewel daar al om die drie jaar ‘n nuwe Kuratorium verkies word, word kontinuïteit tog gehandhaaf deur mense wat die vaandel van een Kuratorium na die volgende oordra.

Hierdie publikasie word met groot dankbaarheid aangebied deur die Kerk aan almal, en in die besonder historici, wat die verlede en die hede beter wil verstaan. ‘n Besondere woord van dank aan professor J.P. Oberholzer vir sy toegewyde en deeglike werk. Ons dank en eer alle lede van die Kuratorium vir die 100 jaar van diens. Mag ons arbeid altyd tot eer van die Here wees.



**Sitasie:** Otto, J., 2010, ‘Voorwoord deur die voorsitter van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding’, in ‘Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: ‘n Kroniek van die Hervormde Kerk’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* suppl. 9, 66(3), Art. #945, 1 page. DOI: 10.4102/hts.v66i3.945

# VOORWOORD

## DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE HERVORMDE DOSENTEVERGADERING


Prof. Dr E. van Eck

Met die publikasie, *Honderd jaar kerk en teologiese opleiding: 'n Kroniek*, word die 100-jarige bestaan van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevier. Dit gaan egter oor veel meer as net die handelinge van die Kuratorium die afgelope 100 jaar. Die aard van die teologiese nadenke van die Kerk en verwante gesprekke tydens en besluite van verskeie Algemene Kerkvergaderings vorm ook deel van die verhaal.

Die eerste gewaarwording met die lees van die kroniek, is: 'terwyl alles verander, verander niks eintlik nie'. Baie sake en vrae waaraan die Kerk vandag aandag gee, was reeds sedert 1917 ter sake. Soos die afgelope 100 jaar, word die volgende vrae vandag nog gevra: 'Behoort die kerk se teologiese studente aan 'n universiteit of kweekskool opgelei te word?' 'Hoort 'n teologiese fakulteit aan 'n universiteit?' 'Wat is die status van dosente in terme van gemeentewerk?'

Die Kuratorium het hierdie vrae oor die afgelope 100 jaar met nugterheid benader. Universitêre opleiding is deurgaans as belangrik beskou. Dosente is aangemoedig en die ruimte gebied om wetenskaplike Bybels-Reformatoriese teologie te beoefen tot voordeel van die studente en die Kerk. Die doel van die Kuratorium was nog altyd om die Teologiese Opleiding uit te brei. Daarvoor moes fondse gevind en nuwe poste geskep word. Die vlak van teologiese uitnemendheid wat die Fakulteit bereik het, is mede te danke aan die Kuratorium. Die Kuratorium was deurentyd betrokke by kurrikulering en het beurse voorsien aan studente van die Kerk wat teologie wou studeer.

Verskeie sake het tussen 'toe' en 'nou' nie veel verander nie. Soos 'toe', hou die Kuratorium steeds in samewerking met die dosente 'n wakende oog oor studente se klasbywoning en lewe – hoewel studente vandag, anders as in 1930, darem mag dans! En soos 'toe', is daar soms spanning tussen die Kuratorium en studente. Die Kuratorium se intense en opregte belangstelling in die Kerk se teologie-studente was egter altyd bo verdenking. Ons bede is dat die mooi verhouding en gesindheid steeds sal verdiep.

Soos 'n goue draad deur die kroniek is die dank wat Kuratorium en Algemene Kerkvergadering uitspreek teenoor die dosente wat deurentyd akademiese uitsette en werk van hoogstaande gehalte gelewer het, soms onder moeilike omstandighede. Die Kerk se kontraktuele ooreenkoms met die Universiteit moet van tyd tot tyd hersien word soos omstandighede verander. Opmerklik is ook die jarelange samewerking wat daar tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Teologiese Fakulteit bestaan. Uit die kroniek word duidelik dat die huidige situasie eintlik maar 'n uitvloeisel is van 'n fondament wat lankal reeds gelê is. Wat ook opval, is die groot hoeveelheid proefskrifte wat deur soveel predikante van 'n klein kerkie geskryf is. Hiervoor moet die dosente, ondersteun deur die Kuratorium, inderdaad die dank ontvang. Die Kerk kan trots op hierdie stukkie van sy geskiedenis wees.

Wat die aanstelling van dosente betref, onthul die kroniek dat feitlik nie een sonder spanning en ernstige meningsverskil verloop het nie. Wat die redes hiervoor betref, wil dit lyk asof ander belange as die van die evangelie van Jesus Christus soms 'n rol gespeel het. Die kroniek bring ook die afgelope 100 jaar se meningsverskille in die debatte tydens verskeie Algemene Kerkvergaderings oor die verstaan van die ekklesiologie na vore.

Dit is goed vir die Kerk om met die positiewe en negatiewe uit die verlede gekonfronteer te word. Enersyds is die weg na die toekoms gebaan en andersyds kan die Kerk leer uit die verlede. Uit die kroniek word dit duidelik dat die Kerk moet bly besin ('n kerk van die Reformasie bly tog 'altyd hervormend'!) oor hoe om die evangelie van Jesus Christus op 'n eie unieke manier met woord en daad relevant te maak vir die huidige tydsgewrig. Die vraag vandag bly steeds – soos oor die afgelope 100 jaar – wat God van ons as gelowiges en kerk verwag. Die dosente van die Kerk beskou dit as 'n voorreg om veral op hierdie terrein 'n bydrae te lewer.

Ons bede is dat die teologiebeoefening in die Kerk in die toekoms van krag tot krag sal gaan, en dat die Heer van die kerk die werksaamhede van die Kuratorium sal seën. Mag die betrokkenheid van die dosente en die Kuratorium by die voornemende predikante van die Kerk hulle in staat stel om teologies-krities te kan nadink oor die veranderende wêreld. Mag hulle die evangelie van Jesus Christus, getrou aan ons tradisie, sinvol en relevant voorleef en verkondig aan ander.

Die kroniek eer ons voorgangers, maar roep ook op tot 'n verantwoordelike lewe voor God in die toekoms. Mag ons almal – Kerk, Kuratorium, dosente en studente – dit met oorgawe doen deur eensgesind vas te hou aan die Heer van ons Kerk!

**Sitasie:** Van Eck, E., 2010, 'Voorwoord deur die voorsitter van die Hervormde Dosentevergadering', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* suppl. 9, 66(3), Art. #946, 1page. DOI: 10.4102/hts.v66i3.946

Article #946
HTS Teologiese Studies/Theological Studies



# Hoofstuk 1

## Die aanloop 1909–1916

Na sporadiese bespreking en gedagtevorming oor die jare 1884–1908, begin die moontlikheid van 'n eie opleiding van predikante vir die Nederduitsch Hervormde Kerk vorm kry. Gebrekkige onderwysfasiliteite in die Zuid-Afrikaansche Republiek, die Engelse Oorlog en die armoede van lidmate van die Kerk ná die oorlog strem die proses. Danksy veral die figure A.D.W. Wolmarans, Jac van Belkun en H.C.M. Fourie kom daar uiteindelik koers.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Die aanloop 1909–1916', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* suppl. 9, 66(3), Art. #916, 12 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i3.916

### 1909

#### 19 Maart 1909

Die 34ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk benoem 'n Kuratorium vir Teologiese Opleiding. In die vergadering in sitting te Pretoria het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die name van professor P.J. Muller, dominees Jac van Belkum, C.W. du Toit, A. Murray en P.W. Ennis en ouderlinge J.A. Malherbe van Potchefstroom, A.D.W. Wolmarans van Pretoria, J.H.N. Visagie van Middelburg, A. van den Broek van Johannesburg, en D.J. Bodenstein van Ventersdorp voorgelê, en die vergadering het dit so aanvaar. Daar moes net nege lede gewees het volgens die reglement wat voorgelê is, maar die Kommissie het tien name voorgedra, en dit is so aanvaar, per abuis of om 'n rede – ons weet nie. Na die vertrek van professor Muller later dieselfde jaar was die getal herstel en was dit nie nodig om 'n benoeming in sy plek te maak nie.

Teen 1909 was daar nog net enkele Voortrekkers aan die lewe. Talle van die laaste oorlewendes van die Groot Trek is oorlede in konsentrasiekampe. Die kortstondige bestaan en groei en bloei van die twee Boererepublieke was nou deel van die verlede. Sewe jaar van koloniale regering het groot verandering gebring, veral op onderwysgebied. Die twee kolonies in die noorde het in 1907 selfregering gekry, en ouderling A.D.W. Wolmarans was lid van die Wetgewende Raad van Transvaal. In 1908 het die Nasionale Konvensie plaasgevind. Kerklik het die toneel ná die oorlog ook anders gelyk as voor die oorlog. Die eerste jare was jare van rekonstruksie. Verwoeste kerkgeboue is herstel, plaashuise weer opgebou en landerye weer bewerk. Gemeentes is gereorganiseer. Die paar predikante wat daar was, het hulle beste gelewer, maar in die eerste jare was dit net C.W. du Toit, A. Murray en Jac van Belkum.

Die Kerk het in 1909 volgens die opgawes net minder as 12 000 belydende lede gehad wat bedien is deur 11 predikante. Die predikante was.

C.W. du Toit wat in 1883 uit die Nederduits Gereformeerde gemeente Kruisvallei beroep is na Potchefstroom, aanvanklik met die kerkvereniging saamgegaan het en saam met die prokurasiekommissie teruggekeer het na die Nederduitsch Hervormde Kerk, M.J. Goddefroy wat in 1887 uit Holland 'n beroep aanvaar het na die gemeente Pretoria en vir etlike jare as enigste predikant die heropbou van die kerk ná die kerkvereniging volvoer het, en ná verblyf in 'n krysgevangenekamp in Indië teruggekeer het na Holland en eers in 1905 weer terug was in Suid-Afrika.

Jac van Belkum wat in 1891 uit Holland 'n beroep aanvaar het na Rustenburg. A. Murray wat in 1899 uit die Nederduits Gereformeerde gemeente Jacobsdal na Ventersdorp gekom het.

L.E. Brandt wat in 1904 uit Holland gekom het na Zoutpansberg. P.J. Muller wat in 1904 uit Holland na Pretoria gekom het.

F.S. du Toit wat in 1905 uit die Hugenote Gedenkskool na Ventersdorp gekom het, P.W. Ennis wat in 1905 uit die verenigde kerk in Ermelo na Klerksdorp gekom het en wat deur dominee J.G.M. Dreyer beskryf is as die grootste metodis in die Nederduitsch Hervormde Kerk, P. van Drimmelen wat die eerste lidmaat van die kerk was om in Holland opgelei te word.

C.J.L. Ruysch van Dugteren wat in 1908 uit Holland na Pretoria gekom het as hulp vir doktor P.J. Muller, en K.T. van den Heever wat in 1908 uit die verenigde gemeente Christiana 'n beroep aanvaar het na Makwassie. Dit was dus 'n eiesoorige konglomerasie. In Wes-Transvaal was die oud-NG predikante, en saam met hulle die Metodisme, oorheersend in die gemeentes Potchefstroom, Ventersdorp, Klerksdorp en Makwassie. In Oos-Transvaal, Zoutpansberg, Waterberg en Zeerust was die Hollandse invloed die sterkste. Jare later sou daar steeds 'n verskil in geestesklimaat waargeneem kon word.

Die besluit oor 'n kweekskool het 'n voorgeskiedenis van 'n hele aantal jare gehad. Die Kommissie het die vorige dag, 18 Maart 1909, in sy rapport, uitgebring in opdrag van die vorige Algemene Kerkvergadering, hierdie voorgeskiedenis kortliks aangestip. Daarvolgens is die opleiding van eie predikante die eerste keer voor die vergadering gebring deur 'n beskrywingspunt van die gemeente Mapogsgronde (Roossenekal) op 15 Januarie 1888: '*De vergadering acht het wenschelijk om enige van onze landszonen zoo spoedig mogelijk te doen opleiden tot predikanten der Ned Herv Kerk in de ZAR.*'

Dominee C.W. du Toit het op die vergadering van 1909 egter aangedui dat hy die saak reeds in 1884 op die vergadering te Heidelberg aangeroer het. Dat die Kommissie dit verbygekyk het in sy oorsig, is miskien daaraan te wyte dat dominee Du Toit meer in die algemeen verwys het na die behoefte aan predikante. Sy mosie destyds het gelui: '*De vergadering neme in oorweging wat er kan gedaan worden in de groote behoefte aan leraars in onze kerk*'. Die vergadering het in 1884 dan ook niks meer gedoen nie as om dominee Du Toit te bedank vir sy inset.

Die Kuratorium is in 1909 in die lewe geroep met die oog op die oprigting van 'n kweekskool, 'n gedagte wat in 1899 reeds beslag gekry het na 'n beskrywingspunt van Pretoria met die bewoording: '*De Kerkeraad verzoekt de Algemene Kerkvergadering om stappen te nemen, tot het oprichten van eene kweekschool tot opleiding van predikanten voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek.*' Die resultaat was dat die vergadering die oprigting van 'n kweekskool as die lewenskwessie van die kerk beskou het en maatreëls getref het om fondse en 'n geskikte perseel te bekom. Die Engelse Oorlog het verhinder dat hierdie maatreëls werklikheid kon word. Daar moes dus ná die oorlog nuut begin word.

Die beskrywingspunt van Mapogsgronde in 1888 het minstens daartoe gelei dat die gedagte van die opleiding van toekomstige predikante gevestig is. Die bekrywingspunt is gevolg deur 'n skrywe van M.J. Willemse van Mapogsgronde in *De Volkstem* van 25 April 1890, waarin hy die oprigting van ' 'n skool vir teologie' bepleit het. Aanvanklik kon die kerk egter net dink aan opleiding in Nederland. Dominee M.J. Goddefroy, die geestelike leier en krag van die kerk vanaf sy koms na Suid-Afrika in 1887, het trouens telkens beklemtoon dat opleiding van predikante net aan 'n universiteit behoort te geskied. Sy woorde in 1888 was:

> *Wij moeten een Hoogeschool hebben - geen Kweekschool ... een kweekschool is tegen ons Ned Herv beginsel. In onze kerk word nooit leeraars toegelaten of zij moesten hunne opleiding aan een werklijke universiteit gehad hebben.*

Die eerste resultaat van hierdie denke was die teologiese studie van die jong onderwyser P. van Drimmelen in Utrecht vanaf 1902 met geldelike steun van die kerk. Van Drimmelen het in 1895 saam met sy ouers uit Nederland na Transvaal gekom en was aanvanklik onderwyser aan 'n plaasskool in die distrik Pretoria. Na verdere opleiding aan die Gimnasium in Pretoria, verwerf hy 'n onderwys-sertifikaat en word onderwyser op Gemsbokfontein in dieselfde distrik. Hy neem deel aan die Engelse Oorlog en vertrek in 1902 na Nederland vir teologiese studie in Utrecht. Hy is op 07 Maart 1907 georden in die gemeente Zeerust en kon dus as die eerste 'seun van die land' wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk predikant geword het, deelneem aan die besprekings op die Algemene Kerkvergadering van 1909.

Ná 1888 het die opleiding van predikante ook nog aandag geniet op die Algemene Kerkvergadering van 1893 na aanleiding van 'n beskrywingspunt van ouderling C.J. Joubert: *'Door onze kerk worden zoodanige maatregelen genomen om onze landszonen op te leiden tot leeraaren voor de Ned Herv Kerk.'* So 'n opdrag is aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gegee, maar in die moeilike kerklike omstandighede van destyds was dit nie moontlik nie.

Die onderwysposisie in die Zuid-Afrikaanse Republiek was so dat daar vereers geen ander keuse was as opleiding elders nie. Dit was óf die kweekskool van die Nerderduits Gereformeerde Kerk in Stellenbosch óf die kweekskool van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom óf 'n universiteit in Nederland. In die Zuid-Afrikaanse Republiek het die Staatsmodelschool waar ook onderwysers opgelei kon word, eers in 1893 tot stand gekom, en die Staatsgimnasium, wat kandidate voorberei het vir tersiêre studie, in 1894. Die Volksraad het in 1899 besluit op die oprigting van 'n universiteit, maar die oorlog het die uitvoering van die besluit verhinder.

Opleiding in Stellenbosch is soms genoem maar dit het nie in die kerk ernstige oorweging geniet nie. Die algemene gevoel in die kerk in die negentigerjare was dat dit juis die predikante was wat uit die Nerderduits Gereformeerde Kerk oorgekom het wat die kerk uitgelewer het met die kerkvereniging (H.S. Bosman, L.G.F. Biccard, D.P. Ackerman). Opleiding in Potchefstroom was wel 'n moontlikheid wat telkens aan die orde gekom het. Die belangrike vir die kerk was egter 'n eie opleiding, soos dit telkens in die debatte in die Algemene Kerkvergadering na vore gekom het. A.D.W. Womarans het dit in die vergadering van 1909 so bewoord:

> *Ons is afhanklik van ander kerkgenootskappe, dit kan nie. Ons moet onafhanklik wees ... Eie opleiding is nodig om op die steun van ons predikante te kan reken ... Is dit nie tyd vir ons om voor te berei vir die stryd wat kom nie? Moet ons vir die stryd geen manne hê wat in ons eie kerk deur ons self opgelei is nie? ... Ons sal moet stry en daarvoor het ons ons eie manne nodig; as ons stry, moet ons manne hê op wie ons kan reken.*

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 18 November 1908 'n kommissie benoem wat gemeentes moes aanmoedig om fondse in te samel vir die stigting en instandhouding van 'n Teologiese Skool. Die lede van die kommissie was dominees P.W. Ennis, F.S. du Toit, L.E. Brandt, C.J.L. Ruysch van Dugteren en Jac van Belkum.

Daar was weinig verskil oor die beginsel van eie opleiding, die groot struikelblok was fondse. Die armoede van die meeste lidmate van die kerk ná die oorlog was 'n harde werklikheid. Verskillende broeders het in die Algemene Kerkvergadering van 1909 beswaar geopper 'om die gemeente,' onder andere ouderlinge J.J. Swart van Venterskroon, J.A. du Toit en W.B.J. Badenhorst van Makwassie, W. Breet van Rustenburg, G.J.Z. Helberg van Zoutpansberg, diaken F. Geyser van Waterberg. Ander het gestel dat gemeentes eers geraadpleeg moet word, onder andere diaken S.W.J. Meyer van Ermelo en ouderling I.B. Bierman van Heidelberg. Saam met A.D.W. Wolmarans het onder andere ouderlinge G.J. Engelbrecht en B.J. Steyn van Standerton (Trichardtsfontein), F. Boshoff en H.J. Geyser van Waterberg, J.J. Prinsloo en N.M. Prinsloo van Pretoria, H.C. van der Merwe en S.J. Prinsloo van Krugersdorp en A. van den Broek van Johannesburg hulle positief uitgespreek oor die voorstelle. Wat die predikante betref, was daar skerp verskille oor 'n eie opleiding. Dominees P.W. Ennis en K.T. van den Heever was ten gunste van die voorstelle en het gepleit om eensgesindheid. Dominee F.S. du Toit het gemeen dat die kerk eers gebruik moes maak van die Gereformeerde Kweekskool in Potchefstroom totdat die kerk finansieel sterker is. Dominees Van Belkum, Ruysch van Dugteren, Brandt en Van Drimmelen was entoesiasties oor die vooruitsig op 'n eie kweekskool. Dominee Murray het nie aan die bespreking deelgeneem nie. Dit sou later blyk dat hy sterk voorbehoude gehad het.

Die sterkste teenstand het gekom van die twee oudste predikante van die kerk, C.W. du Toit en M.J. Goddefroy. Du Toit, wat al sedert 1883 predikant van Potchefstroom was, aanvanklik met die vereniging saamgegaan het, maar saam met die Prokurasiekommissie (soos A.D.W. Wolmarans en ander) teruggekeer het na die kerk, was van oortuiging dat die finansies van die kerk te sleg was, en het gemeen dat die kerk sy jongmanne tien keer goedkoper na Holland kon stuur as om hulle hier op te lei.

Die betoog van dominee Goddefroy was van ander aard. Toe hy opstaan om te praat, was die gevoel reeds gelaai teen hom, want kort tevore, op 19 Februarie 1909, het in *De Volkstem* 'n stuk verskyn onder die handtekening van dominee Goddefroy en M.J. Geyser wat die gemoedere van ampsdraers en lede van die kerk gaande gemaak het. Dit was 'n rondskrywe bedoel vir voorligting van die lidmate van die kombinasie Zoutpansberg - Louis Trichardt - Potgietersrus. Dit is deur Goddefroy, konsulent van die kombinasie, opgestel nadat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering reeds vóór die Algemene Kerkvergadering die gevoelens van gemeentes probeer toets het oor die saak. Die stuk het soos volg gelui:

> *Waarde Broeders en Zusters, Leden van de NH Kerk!*
> *Een voorstel is ingekomen vanweë de Alg Kommisie der NH Kerk om over te gaan tot oprichting van 'n eigen kweekschool tot opleiding van Leeraars voor de Ned Herv Kerk in Zuid-Afrika.*
> *De Kerkeraad uwer gemeente heeft in deze gewichtige aangelegenheid het volgende uitgesproken:*

*I. Dat hij in beginsel zich er voor verklaart dat wij 'n eigen opleiding bekomen van Leeraars voor onze Kerk – wat betref de teologiese studies.*
*II. Dat hij ook meent dat eer tot zoodanige stap worde overgegaan, moet worden afgewacht de oprichting van de reeds toegezegde Universiteit voor Zuid-Afrika, die na Unifikasie van de verschillende staten van ZA onmiddellik door de Goevernement word opgericht, en waar al de toekomstige studenten, als zonen van èènzelfde Afrikaanse nasie, de beste gelegenheid zullen hebben tot wetenschappelike opleiding in de verschillende fakulteiten.*
*III. Dat, in elk geval, eerst daarna kan worde beslist wat nog nodig mogt zijn voor de voleinding van de studie in de teologie van de verschillende kerken in Z Afrika; en tevens in hoeverre de kerken daaraan gesamelik of afsonderlik behoren tegemoet te komen.*
*IV. Dat vóór de oorlog slechts vijf diensdoende Leeraars werkzaam waren in de Ned Herv Kerk; en dit getal nu reeds tot elf is aangegroeid; terwyl verwacht wordt dat twee kandidaten zich weldra beskikbaar zullen stellen.*
*V. Dat de eis van Universitair Onderwijs steeds hoog gehouden door de Ned Herv Kerk in Z Afrika onverkort behoort gehandhaaf te worden.*

*Naar aanleiding en met 't oog op deze oorwegingen worden al de Gemeenteleden verzocht schriftelik te antwoorden, door hun respektieve kerkeraden, op de volgende vragen:*
*Acht gij nu de tijd gekomen dat de Ned Herv Kerk overga tot oprichting van 'n eie kweekschool?*
*Zo ja; tot welk bedrag in eens zijt gij bereid voor de oprichting en tot welk bedrag zijt gij bereid voor de onderhouding van de school bij te dragen?*
*Zoo neen: welke zijn uw beswaren?*

Soos dit daar staan, lyk hierdie rondskrywe na baie verstandige advies en laat dit duidelik blyk wat Goddefroy se standpunt was: 'Met die beginsel van eie opleiding geen probleem, maar nie so haastig nie. Daar kom 'n universiteit, en die kerk se voorkeur was nog altyd opleiding aan 'n universiteit eerder as in 'n kweekskool, en buitendien is die predikantenood nie so hoog nie.' Presies wat bedoel is met punt (3), is egter nie meteens duidelik nie, soos S.J. Botha tereg uitgewys het in sy proefskrif *Ds Mariè Joseph Goddefroy 1848–1920, sy lewe en betekenis.* Miskien het Goddefroy die Nederlandse model in gedagte gehad waar aan die ryksuniversiteite kerklike hoogleraars verbonde was per ooreenkoms tussen staat en kerk, en het hy gemeen dat die Afrikaanse Kerke saam betrokke behoort te wees by 'n te stigte Fakulteit Teologie. In die lig van sy uitsprake in die Algemene Kerkvergadering lyk dit inderdaad so.

Die publikasie van die rondskrywe in *De Volkstem* het egter groot ongenoeë veroorsaak omdat die redakteur van die blad dit goedgedink het om 'n 'rider' by te voeg. Die stuk het dus verskyn met die volgende inleiding:

> *Onzes insiens is de zaak van het hoogste belang. De vraag is: Zal de Ned Herv Kerk in Z Afrika zich aanpassen aan de nieuwe Z Afrikaanse toestanden, of zal zij als 'n geïsoleerde Hollandse Kerk, en daarbij nog als 'n huis tegen zichzelf verdeeld, op de lange duur in haar isolement te gronde gaan? Door nu door te zetten wat sommigen op het oog hebben, wordt de klove altijd groter en dieper – en in plaats van kerklike konfederasie en kongregasie word het ten laatste konspirasie en kontranitansie – tot schade van het Afrikaans-Hollands element.*
> *De zaken staan nu op'n punt. Het is hoog tijd om alle partikularisme – op elk gebied, ten onder te houden – zullen we ooit de vrucht genieten die ons in de schoot valt.*

Met Goddefroy en Geyser se handtekeninge onderaan het dit gelyk of hierdie voorskrif maar deel was van die stuk, en was die ontevredenheid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarmee goed begrypbaar. Die Komissie het in sy verslag aan die vergadering, wat aan die orde gekom het ná die behandeling van die voorstelle oor die kweekskool, sy ontevredenheid soos volg uitgespreek:

> *Ten slotte wenscht uwe Commissie nog onder uwe aandag te brengen het hier nevensgaande uittreksel uit de Courant, (Volkstem 19 Februarie 1909) een stuk bevattende, onderteekend door Ds MJ Goddefroy en MJ Geyser waarin zekere beweringen voorkomen die van alle grond ontbloot zijn en welk uwe Commissie ten zeerste betreurt, als gedaan wordende met het doel den opbou der kerk te benadelen, waar het noodsakelik is dat èn predikanten ên kerkeraden en gemeenten hartelijk behooren samen te werken tot den bloei de Kerk.*

Toe Goddefroy dus die woord neem in die debat oor die voorgestelde kweekskool, was daar minstens by sommige in die vergadering klaar bevooroordeeldheid teen wat hy ook al sou sê. En wat hy gesê het, het dan ook nie byval gevind nie. Teen die agtergrond van die voorgeskiedenis soos hierbo beskryf, sowel as die gespanne verhoudinge tussen hom en verskillende persone in die vergadering, is dit ook miskien te verstane dat hy onsamehangend gepraat het en hom nie altyd duidelik uitgedruk het nie. Dit is nodig dat sy woorde soos dit genotuleer is, volledig aangehaal word:

> *Ds Goddefroy is tegen dit voorstel* [van dominee Brand dat die rapport ontvang en puntsgewys behandel word] *omdat hij het beginsel wil bespreken. Over de wenschelijkheid zal er wel geen verschil zijn. Ik heb het uitgesproken vroeger en later, dat de eigen zonen des land zullen worden opgeleid. Ik heb getoond, dat te meenen. Ik wil laten gevoelen, dat men over eene zaak in beginsel kan overeenstemmen, doch in de uitvoering verschillen. Men versta mij wel als ik spreek over de Ned Herv Kerk van Zuid-Afrika, dan spreek ik niet van de Hollandsche Kerk van Zuid-Afrika. Toen ik kwam moet ik hooren er zijn in die kerk modernen, en daaronder hebben wij veel geleden.*
> *De Ned Herv Kerk van Zuid-Afrika, heeft nooit hare kracht gezocht in hare isolement, maar in haar Christelijk nationaal beginsel. De Kerk heeft zich zoeken uit te breiden en te handhaven naar alle zijden van Zuid-Afrika.*
> *Niet van eene Kerk kan men zegge: in onze isolement is onze kracht, in Christus is onze kracht.*
> *Wat helpt het te zeggen: des Heeren Tempel is hier. Wij zijn nu een volk in Zuid-Afrika op politiek en kerkelijk terrein. Waar breng dat toe. Toen ik beroepe werd had de Kerk eene geschiedenis die ik moest voortzetten. Toen de questie van opleiding kwam hebben wij het beginsel van opleiding van eigen zonen op te leiden aangenomen, alleen niet gezegd waar ze op te leiden. Wij waren niet bang voor de moederkerk in Holland.*
> *Maar er zijn nu ander verhoudingen tusschen ons Afrikaners. Met onze Kerkprincipen in de Transvaal handhaafden wij onze taal.*
> *Wij zjn nu Engelsche onderdanen en moeten nog onze taal handhaven. Wij moesten handhaven geen gelijkstelling. Geen zendeling ook leeraar voor de blanken. Moet er zending komen, dan twee huishoudingen. Dat beginsel moet gehandhaafd worden. Wij mogen elkaar niet opdringen, niet willen een maken, wat God niet een gemaakt heeft.*
> *Wij moeten trachten toenadering te krijgen met de andere kerken, want er bestaat scheuring meer dan noodig is. Dus er is voor mij vandag een andere weg aangewesen. Toen ik na mijn terugkomst uit Holland na den oorlog in de Kaap was, hield de Kaapsche Kerk haar Synode. De Eerwaarde Neethling vroeg mij: wat denkt ge hoe zal het gaan? Ik vroeg hem wordt er in Stellenbosch nog Engelsch gepreekt en in Bloemhof nog Engelsch*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #916

*geleerd. Ja antwoordde hij, maar het zal ophouden. Toen vatte hij mij bij de hand en wij maakten een heilig verbond en ik beloofde op mijn woord van trouw, niet te zullen tegenwerken. Wij zijn èèn in Zuid-Afrika zeide Neethling toen. Ik geef mijn eere woord zeide ik om alles te doen wat mogelik is om elke klove te dempen. Het beginsel der Hervorming is: Christen is mijn naam, Hervormd mjn lichaam. Daarom mag niemand mij verdenken. Luther zeide: Ik kniel neder aan deze zijde van de voetbank, die van Rome aan de anderen, maar toch beide op de zelfde voetbank.*

*Er is gezegt deze questie moet er nu door of ze raakt van de baan. Zoo staat het niet. Ik ga uit van het beginsel, wij hebben de macht nu niet om het door te zetten. De Kerkeraad kan ook niet staan voor wat de Gemeente verplicht is te betalen.*

Dit val op dat dominee Goddefroy dusver nie eintlik aangesluit het by wat hy in die gepubliseerde rondskrywe gestel het nie, geen verwysing na die te stigte universiteit en die historiese voorkeur vir universitêre opleiding nie, ook nie na die predikantetal nie.

Wat hy wel gedoen het, was om die sluier oor punt (3) van die omskrywe effens te lig. Daar moes toenadering tussen die kerke kom, in watter opsig en hoe het hy nie uitgespel nie, maar sy verwysing na die heilige verbond met die moderator van die Kaapse Kerk wys dat die saak hom erns was. Die reaksie van ander lede van die vergadering toon dat hulle hom so verstaan het dat hy kerkvereniging wil bepleit. Dominee Van Belkum het die vraag pertinent gestel: 'Moet ons van u verstaan dat ons moet verenig?' Goddefroy se antwoord was:

*Ik heb met de Kerkeraad der Gereformeerde Kerk ook zulk een gesprek gehad. Met alle twee die Kerken heb ik gesproken: het beginsel is wij moeten tot elkaar komen op elk punt.*

Die reaksie op sy uitsprake was skerp. Ouderling J.J. Prinsloo van Pretoria het dit kort en saaklik gestel: 'Ons het genoeg gehad van stories, ek stel voor om die voorstel van dominee Brand tot stemming te bring.' Ouderling W.J. Basson van Heidelberg, N.M. Prinsloo van Pretoria en A. van den Broek van Johannesburg het hulle teleurstelling uitgespreek met die standpunt van die oudste predikant van die kerk.

Toe dominee Brand se voorstel om die rapport onder behandeling te neem uiteindelik tot stemming gebring is, is dit aanvaar met 27 teenstemme. Die rapport is puntsgewys gestel en tot stemming gebring:

*I.* *Dat er worde daargesteld een Theologische kweekschool, waar jonge mannen kunnen worden opgeleid tot herder en leeraar voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika.* [Aanvaar op voorstel van ouderling B.J. Steyn, sekondant A.D.W. Wolmarans, met sewe teenstemme.]

*II.* *Dat het worde voorgesteld dat elke kerkeraad jaarlijks voor dat doel storte 2/6 (twee shillings en zes dubbeltjes) voor elk lidmaat.*

[Die voorstel van A.D.W. Wolmarans, sekondant B.J. Steyn, dat die vergadering hom verenig met die prinsipe en die in werking stel daarvan uitstel tot 01 Julie 1909, en aan kerkrade opdra om hierdie saak in die gemeentes self te reël vir die uitvoering van hierdie bepaling, om dan teen 20 Julie 'n sitting van die Algemene Kerkvergadering byeen te roep, word aanvaar met 26 teenstemme. Twaalf lede het hulle teenstemme laat aanteken, naamlik W.B.J. Badenhorst, J.H. Viljoen en J.A. du Toit van Makwassie, N.J. Campher van Klerksdorp, dominee F.S. du Toit, dominee C.W. du Toit, R.A. Breytenbach van Ventersdorp, L.M. Stoop van Ermelo, G.J.Z. Helberg, J.J. Mynhardt, H.L. Botha en D.F. Jacobs van Zoutpansberg.[Die waarde van 2/6 in 1909 kan afgelei word van die intekenprys op *De Hervormer*, wat in 1909 7/6 was.]

*III.* *Dat elke kerkeraad bij de Bank zal openen een rekening waarop te beginnen met 1 Julie 1909 gestort worde een bedrag geheel of gedeeltelijk gerekend tegen 2/6 voor elk lidmaat per jaar, op welk bedrag door het Curatorium kan worden getrokken. De Kerkeraad regele het zoo met de Bank, dat hij, wanneer niet het geheel bedrag per kwartaal is gestort, eene overtrekking kan krijgen, tot het bedrag, hetwelk hij per jaar moet betalen.* [Staan oor tot die buitengewone sitting in Julie.]

*IV.* *Dat een Curatorium worde benoemd door Uwe vergadering op voordracht der Algemeene Commissie. Mocht Uwe vergadering zich daarmede verenigen, dan is de Commissie bereid eene voordracht te doen.* [Aanvaar]

*V.* *Dat de opleiding zal geschieden in termen van het Reglement en het programma hieraan gehecht.* [Besluit dat dit tesame met die reglemente vir die eksamen van kandidate en godsdiensonderwysers voor 31 Maart aan kerkrade ter oorweging gestuur word].

*VI.* Goedgekeur [maar in die voorgelegde verslag kom nie 'n punt VI voor nie.]

Daarmee was die saak van 'n eie opleiding dan op sy wankelende bene. 'n Kweekskool sou opgerig word en 'n kuratorium benoem word, maar fondsvoorsiening was nog nie vas gereël nie.

**15 Mei 1909**

Dominee C.J.L. Ruysch van Dugteren skryf in die eerste uitgawe van *De Hervormer* oor 'Onze Theologische Kweekskool'. Hy skryf onder andere:

*Gij klaagt over armoede, over geldschaarste, over schuld in eigen gemeente. Ik zou willen vragen, moet alles, wat we voor die Koninkrijk Gods doen, uit een volle beurs geschieden? Hebben wij niet een beetje meer van de moed van die arme weduwe nodig, die haar laatste geldstukken wierp in de schatkist van den tempel? ...De dag kome dat wij hebben tal van jonge mannen, voortgekomen uit ons midden, kennend ons volksleven, onze gewoonten als leraars van onze Ned. Herv. Kerk. ... Ziet dan niet achterom terwijl gij de hand aan de ploeg slaat. Trekt recht de voren. De Vader, die de landman is zal ons zegenen.*

Onder die hoof 'Kerkelijk Nieuws' word uit die *Kerkblad* van die Gereformeerde Kerke aangehaal dat die fonds vir hulle kweekskool op 01 Januarie 'n gunstige balans gehad het, en word daaraan toegevoeg:

*Waarom is op de laatste Al;gemeene Vergadering de bijdragen van 2s. 6d. per lidmaat per jaar juist het brandpunt van de Opleidingsfondsbestrijding geweest? Omdat wij armer zijn dan onze Gereformeerde broeders? Of omdat wij niet willen?*

**15 Julie 1909**

In die tweede uitgawe van *De Hervormer* skryf dominee Jac van Belkum in sy 'Brieven van Oom Sarel' oor die komende sitting van die Algemene Kerkvergadering en oor die teenstand teen die oprigting van die kweekskool en sê onder andere: *'Wanneer de Algemene Vergadering mocht besluiten, de kweekschool niet op te richten, maar deze adviesen te volgen, dan richt zij een schandpaal op voor de kerk.'*

**19 Julie 1909**

Die eerste vergadering van die *Curatorium voor de kweekschool der Nederduitsch Hervormde kerk van Zuid-Afrika* het plaasgevind op die dag voor die voortgesette sitting van die Algemene Kerkvergadering. Die vergadering is gehou in de konsistorie van die kerkgebou van Pretoria en is gekonstitueer met dominee C.W. du Toit as voorsitter, dominee Jac van Belkum as skriba, en broeder J.A. Malherbe as tesourier. Dominees A. Murray en P.W.

Article #916 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Ennis was afwesig. Daar is kennis geneem dat die opleidingsfonds op £342.00 staan. Dominee Van Belkum en ouderling A. van den Broek is versoek om 'n begroting en 'n huishoudelike reglement op te stel. Die vergadering het die skriba opgedra om die benoeming tot eerste hoogleraar vir professor Muller aan te bied, op vaste of tydelike basis, en hom te vra of hy, indien hy nie daartoe bereid was nie, iemand anders kon aanbeveel.

**20 Julie 1909**

Toe die voortgesette sitting van die 34ste Algemene Kerkvergadering open, is 'n nuwe predikantlid verwelkom, dominee J.J. Kuhn van Krugersdorp. Dit vra meteen aandag vir die *de facto* bestaan van 'n kweekskool vir etlike jare reeds, want Kuhn was die eerste produk van 'n eie opleiding wat as predikant georden is. Later dieselfde jaar sou J.J. Prinsloo Jsn volg. Die verhaal van hierdie eerste opleiding is uitvoerig beskryf deur C.J. Mans in sy doktorale proefskrif *Die Lewe en Werk van die Dogmatikus PJ Muller.*

P.J. Muller was predikant in Nederland en later hoogleraar aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam. Abraham Kuyper, leier van die Antirewolusionêre Party, het in samewerking met die Katolieke Volksparty en die radikale Sosialiste, dit egter reggekry om 'n besluit van die Gemeenteraad (Stadsraad) van Amsterdam te bewerk dat die begroting vir die poste van teologiese professore aan die Gemeentelike Universiteit geskrap is, en Muller het dus sy pos verloor en is eervol ontslaan met 'n 'waggeld'. Kuyper wou nie 'n tweede teologiese fakulteit in Amsterdam duld naas sy Vrye Universiteit nie. Later het Kuyper, wat toe Minister van Binnelandse Sake was, die benoeming van Muller vir 'n pos aan die Ryksuniversiteit in Utrecht verhinder. Tydens die Engelse Oorlog was Muller uitgesproke en aktief pro-Boer, en toe ouderling A.D.W. Wolmarans in 1903 deur die kerkraad van Pretoria na Nederland gestuur is met 'n blanko beroepsbrief, is hy ná 'n paar mislukte pogings om 'n predikant te werf, verwys na Muller, en Muller het die beroep aanvaar. Hy was predikant van Pretoria van 1804 tot 1809 en voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van 1907 tot 1909. In die byeenkoms van 05 Julie1906 het hy die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering meegedeel dat 'n paar 'flinke, degelike' jongmanne hulle bereid verklaar het vir opleiding as predikante en het hy aangebied om dit te doen.

Dit het gevolg op 'n skrywe van dominee Van Belkum aan A.D.W. Wolmarans in April 1905 waarin hy die nood aan 'n eie opleiding beklemtoon het. Die Kommissie het die aanbod van professor Muller dadelik aanvaar, en dit is deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur in April 1907. 'n Studiefonds is in die lewe geroep. Dit sou kom uit ses pennies per lidmaat per jaar, die kollekte by Danksegginsdienste, een sjieling uit die geld vir elke doopregistrasie en 1/6 vir elke aannemingsregistrasie. Die besluit is nie sonder teenstand geneem nie, veral van die kant van dominee C.W. du Toit. Maar die opleiding het voortgegaan ten spyte daarvan dat professor Muller sy vergoeding eers jare later, die laaste paaiement in 1914, sou ontvang. So het dit gekom dat daar reeds twee persone gereed was vir die proponentseksamen toe die Algemene Kerkvergadering in Maart 1909 die groot debat oor 'n kweekskool gehou het.

Die opleiding het geskied in Muller se studeerkamer en het die volledige teologiese kurrikulum omvat. Kandidaat Kuhn, oorspronklik lid van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, het eksamen gedoen voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 14 April 1909 in die volgende vakke: Hebreeus OT, Grieks NT, Kerkgeskiedenis, Geskiedenis van die godsdienste, Wysbegeerte van die Godsdienste, Bybelse geskiedenis, Dogmatiek, Christelike sedekunde, Bybelse Godgeleerdheid en Praktiese Godgeleerdheid. Die eksaminatore was Muller, Van Belkum, Ennis, Goddefroy en Brandt. J.J. Prinsloo Jsn het eksamen afgelê op 19 Julie 1908. In sy geval is die vakke effe anders benaam: Uitlegkunde OT, Uitlegkunde NT, Kerkgeskiedenis, Etiek, Dogmatiek, Bybelse geskiedenis, Geskiedenis van die godsdienste, Geskiedenis van die Wysbegeerte, Bybelse Teologie en Praktiese Teologie. Kuhn het op 14 Oktober 1908 sy proefpreek gehou, en Prinsloo syne op 10 November. Albei proefpreke is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met groot genoeë gehoor.

Albei hierdie predikante het steeds groot waardering uitgespreek vir die opleiding wat hulle by Muller ontvang het. Hulle het albei sterk rolle gespeel in die kerk. Dominee J.J. Prinsloo was voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van 1939 tot 1948. Dit was wel te verwagte dat daar uit 'n oor die algemeen vyandige verenigde kerk (die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk wat deur die kerkvereniging tot stand gekom het) ook negatiewe uitsprake gemaak sou word oor hierdie opleiding.

C.J. Mans verwys na 'n skrywe van 'n dominee Martins van Johannesburg waarin hy van die twee persone praat as kwaksalwers op geestelike gebied. Dominee Van Belkum het daarop onder andere soos volg geantwoord:

> *Sta mij toe Uw geheugen een weinig op te frischen, door U het ontstaan en de geschiedenis van de stichting van het Stellenbossche Seminarie te vertellen. Gij moet dan weten dat in 1858 (juist 50 jaar nu geleden) na een sukkelen en moeite van 34 jaren het theologisch seminarie te Stellenbosch is tot stand gekomen met 2 Professoren en 4 leerlingen. Nadat de Synode Uwer Kerk ... Theologicae doctores, uit dat land der wetenschap en beschaving [Holland] te vergeefsch had geroepen, heeft zij, en terecht, zij verdient nog den dank over haar moed en geloof, twee harer eigen leeraren, die hun opleiding als Theoloog in Utrecht hadden genoten als professoren benoemd.*
> *Wat hebben wij nu gedaan? Wij hebben aan een professor uit Holland, een leeraar onzer Kerk, opgedragen de jonge mannen, die in Transvaal opgeleid wil worden tot het leeraarsambt te onderwijzen.*
> *Dr PJ Muller thans predikant der Kerk te Pretoria, vroeger Professor in de Theologie te Amsterdam heefd dit gedaan.*
> *Wat is nu de verschil tusschen uw Stellenbosch Seminarie en onze opleiding? Dat gij, begonnen zijt met twee Professoren, een leeraar die tegelijk Theologicae Doctor was en een gewoon leeraar en met vier studenten? En wij met een Professor die leeraar en ook Theologicae Doctor is? Dat gij vier studenten had en wij maar twee? Is om dit verschil Uwe opleiding zooveel beter dat gij en Uwe broeders volle geleerde theologen zijn en onze jongelieden kwakken? Vindt gij dit niet zelf wel een beetje al te bespottelijk?*

Dit val op dat in die gedagtes van dominee Van Belkum die opleiding deur Muller as kweekskool gegeld het.

Gedurende die Maartsitting van die 34ste Algemene Kerkvergadering in 1909 het die vergadering 'n kommissie benoem om alles oor die kweekskool te behandel en die vergadering van rapport te bedien. Die lede was dominees Jac van Belkum, C.W. du Toit, C.J.L. Ruysch van Dugteren, J.J. Kuhn en die ouderlinge W.J. Basson van Heidelberg, N.M. Prinsloo van Pretoria, N.M.S. Prinsloo van Potchefstroom, en H.L. Geyser van Waterberg. Dominee Du Toit het hom blykbaar onttrek, want sy naam verskyn nie saam met die ondertekenaars van die rapport nie.

Op die buitengewone sitting van 20 Julie en volgende dae het dominee Ruysch van Dugteren die komissierapport voorgedra. Die kommissie het '*na grondig onderzoek van alle bescheiden*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #916

*haar ter hand gesteld en gehoord te hebben de afgevaardigden van de verschillende gemeenten'* bevind dat nege gemeentes sonder voorbehoud gewillig was om die geld byeen te bring, dat nog ses gemeentes die oprigting van 'n kweekskool wil steun en op een of ander wyse wil meewerk tot die instandhouding daarvan, dat Wolmaransstad en Middelburg by meerderheid van stemme besluit het om geen finansiële steun te gee nie maar dat daar wel lidmate is wat die saak wil steun, en dat die gemeentes Rustenburg, Zoutpansberg en Lydenburg al drie verklaar het dat hulle geen finansiële steun wil gee nie. In Rustenburg is bowendien 'n protes in die gemeentevergadering geteken deur 75 persone, in Zoutpansberg is 'n protes voorgestel deur ouderling G.J.Z. Helberg, lid van die Algemene Kerkvergadering, terwyl in Lydenburg die besluit van die Algemene Kerkvergadering oor die 2/6 heffing as onwettig aangemerk is. Ten opsigte van hierdie drie gemeentes het die kommissie die opmerking gemaak dat die handeling van die betrokke predikante en kerkraadslede stry teen alle gebruik en orde: '*wanneer toch leden eener Vergadering terug gekeerd naar hunne gemeenten, een besluit dier vergadering tegenwerken geeft dit aanleiding tot het verwekken van ongehoorzaamheid, wanorde en tweedracht in de Kerk*'.

Die slotsom waartoe die kommissie gekom het, was dat die grootste deel van die kerk die begeerte het om dadelik 'n kweekskool op te rig, en die aanbeveling was (a) dat onmiddellik die oprigting van 'n kweekskool van krag verklaar word met ingang 01 Augustus 1909, (b) dat kerkrade opgedra word om onmiddellik na 01 Augustus oor te gaan tot die insameling van die bydraes van die gemeentes en dit aan te stuur na die kassier van die Kuratorium, die heer J.A. Malherbe te Potchefstroom.

Weer was daar heftige teenstand uit die vergadering. Dit het veral gegaan om wat 'die belasting' genoem is. Dominee Goddefroy het gesê Middelburg het nie beswaar teen die kweekskool nie, maar teen die oplê van belasting deur die Algemene Kerkvergadering. Dieselfde beswaar is uitgespreek deur N.J. Campher van Klerksdorp, F.A. Mare en F. Smit van Roossenekal, en D.J. Jacobs van Zoutpansberg. Die Skriba, dominee Van Belkum, het die broeders daarop gewys dat Roossenekal reeds in 1889 [lees 1888] gevra het vir opleiding en nou beswaar maak oor die 2/6.

> *Hij meent dat als de Algemeene Vergadering een besluit neemt dit dan geldt voor de gehele Kerk. De Kweekschool is nodig niet om vijandig te staan tegenover andere Kerken maar om onafhankelijk te worden van eenige Kerk. Er zijn vele aanvragen van jongemannen om opgeleid te worden. In de Synode der Ned Herv of Gereformeerde Kerk is gezegd de raddraaiers gaan in de Hervormde Kerk een school oprichten om vereeniging te voorkomen. Laat hun dat zeggen. Ik zeg wij moeten de school hebben. Zonder haar gaan wij dood, daarom vindt hij het dwaas dat men over 2/6 per lidmaat klaagt.*

Dominee Murray het ontken dat hy teengewerk het, maar A.D.W. Wolmarans het hom voor stok gekry omdat hy nie die saak in Rustenburg aanbeveel het nie en geswyg het toe die protes uitgespreek is. Dit het nou ook geblyk dat dominee Goddefroy soos in die geval van die rondskrywe nie geskroom het om deur middel van die pers sy teenstand te bevorder nie. Die skriba van die kerkraad van Middelburg het naamlik 'n brief van die skriba van die Algemene Kerkvergadering, dominee Van Belkum, gerig aan die kerkraad van Middelburg, opgeneem in 'n berig wat hy aan *De Volkstem* gestuur het oor die April-nagmaal in Middelburg. Hierdie brief was 'n antwoord op 'n navraag van die kerkraad oor die 2/6 heffing vir die kweekskool. Dominee Van Belkum het geantwoord dat dit duidelik is dat die Algemene Kerkvergadering besluit het dat vanaf 01 Julie 1909 kerkrade verantwoordeik is vir 2/6 per lidmaat vir die kweekskool. Ouderling Bodenstein van Ventersdorp en ouderling Swart van Venterskroon het albei die betrokke brief voorgelees in die vergadering, en dit het reaksie ontlok van dominee Van Belkum, wat gewys het op artikel 3 van die Algemene Bepalings, waarin staan dat die Algemene Kerkvergadering die hoogste wetgewende en besturende gesag is. Die Voorsitter, professor Muller, het ook ernstig geprotesteer het teen so 'n optrede, '*met welk protest de gansche vergadering instemt behalve ds Goddefroy*'.

Tydens die verdere besprekings het dit weer eens duidelik geword dat die Skriba, dominee Van Belkum, en dominee Goddefroy van mekaar verskil het oor die kerkregtelike posisie. Goddefroy het die reg van die Algemene Kerkvergadering om 'n reglement voor te stel, ontken. Hy het nou ook die gedagtes wat hy in die rondskrywe uitgespreek het, herhaal:

> *De Kweekschool is nodig maar niet nu. Wij verkeren in een tijdperk van overgang. Er is Unifikatie der Kolonien, Unifikatie van Kerken en straks krijgen wij een Universiteit met Theologische leerstoel. Daarvoor moeten wij wachten op die Universiteit. Universiteit is verkieselijk boven kweekschool, opdat zij een ruimer blik geeft en meer omgang met jongmannen van andere vakken. De kas is leeg, daarom mag de zaak niet worden doorgezet.*

Daarop het dominee Van Belkum geantwoord:

> *Waar is het Artikel dat voorschrijft dat dit Reglement weer naar de Kerkeraden moet, en naar elk huis. Dat is ongereformeerd en nooit gedaan. Waar de Universiteit? Wie zegt aan den predikant van Middelburg dat aan zulk eene Universiteit plaats is voor Theologie. De tijdgeest is niet in die richting, zie maar de onderwijswet der Kolonie. De kas moge leeg zijn, maar God is rijk.*

'n Vertroulike skrywe van ouderling J.H. Vorster van Middelburg aan dominee Van Belkum, gedateer 27 Mei 1909, werp lig op die optrede van dominee Goddefroy in die gemeentevergadering waar die saak bespreek is. Ouderling Vorster was een van Middelburg se afgevaardigdes op die Algemene Kerkvergadering van 1909. Hy skryf:

> *Aangezien er enige gechilpunten zijn tusschen afgevaardigden van Middelburg Gemeente en Ds Goddefroy, hebben wij de eer om tot U eerw te wenden om eenige inlichtingen. Op onze laatste Gemeente vergadering te Middelburg waar +- 80 stemmen waren heeft Ds Goddefroy met 13 stemmen een Gemeente besluit genomen tegen de Teologische School* (*De meeste Gemeente leden waren de kerk uitgestapt*)*. Nu heeft ds Goddefroy weer een halve kerkeraadsvergadering gehad waar hij voorgesteld heeft om alle secundi naar de Algemene Vergadering af te vaardigen; wat aangenomen werd! Wij afgevaardigen met de meerderheid van de Gemeente zijn voor de Theologische School ...*

Die afgevaardigdes het inderdaad kennis van die skriba van die kerkraad ontvang dat nie hulle nie maar hulle secundi die voortgesette Algemene Kerkvergadering op 20 Julie moes bywoon. Ouderling Vorster het op 22 Junie weer aan dominee Van Belkum geskryf en gevra dat hy vir hulle reisbiljette vir die Algemene Kerkvergadering sal stuur mits hulle nog as die wettig afgevaardigdes beskou word. Op die vergadering is gerapporteer dat die afgevaardigdes J.C. Muller en J.J. Raats van Middelburg afwesig is, en 'n bietjie verder in die notule dat ook D. Buurman (lees B.D. Bierman) en J.N. de Beer afwesig is. Blykbaar was laasgenoemde twee die secundi van Muller en Raats en het hulle besluit om liewer nie teenwoordig te wees nie.

In die besprekings het dominee F.S. du Toit sy standpunt herhaal dat die opleiding vereers in Potchefstroom moet geskied. Dominee

Article #916 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

C.W. du Toit het herhaal dat hy gekant is teen die oprigting van 'n kweekskool, maar, het hy gesê, as die broeders kans sien daarvoor en die geld kan kry, wens hy hulle voorspoed toe. Die ouderlinge S.J. Prinsloo van Krugersdorp en A.H. Koomans en J.A. Malherbe van Potchefstroom het gesê dat dit net dominee C.W. du Toit se teenstand was wat veroorsaak het dat almal in Potchefstroom nie gewillig was nie.

Uiteindelik is tot stemming oorgegaan. Die voorstel om onmiddellik oor te gaan tot stigting van die kweekskool, is aanvaar met 60 teen 21 stemme, en aantekening van dominee C.W. du Toit se teenstem. Die voorstel oor die insameling van die geld is aanvaar met 64 teen 17 stemme, en aantekening van dominee Goddefroy se teenstem.

Die reglement vir die kweekskool, waarvan die eerste konsep deur professor Muller voorberei is, het bepaal dat die opleiding in Pretoria sal geskied en dat 'n Kuratorium telkens deur die Algemene Kerkvergadering verkies sou word, bestaande uit nege lede, wat herkiesbaar is. Vakatures sou deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gevul kon word. Die opdrag aan die Kuratorium was (a) die benoeming van hoogleraars, (b) die vasstelling van die salarisse van die amptenare verbonde aan die skool, (c) toesig oor die onderwys en die gedrag van die studente, (d) jaarlikse verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Die reglement vir die eksamen vir tot die Evangeliebediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk het die volgende bepalings gehad:

- 'n Bewys dat die kandidaat Matrikulasie met goeie gevolg afgelê het.
- 'n Bewys dat hy voldoende kennis besit van die Griekse en Hebreeuse tale om met goeie gevolg die lesse oor die Ou en Nuwe Testament te kan volg.
- Die leerplan was: Uitleg van die Ou Testament 3 jaar, Uitleg van die Nuwe Testament 3 jaar, Leerstellige Godgeleerdheid 3 jaar, Bybelse Godgeleerdheid 2 jaar, Christelike Sedekunde 1 jaar, Geskiedenis van die Godsdiens 2 jaar, Wysbegeerte van die Godsdiens 3 jaar, en Praktiese Godgeleerdheid 1 jaar.
- 'n Bewys van lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- 'n Bewys van sedelike gedrag afgegee deur die kerkraad van die gemeente waaraan hy behoort.

Die eksamen van kandidate sou afgeneem word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, bygestaan deur twee predikante wat telkens deur die Algemene Kerkvergadering aangewys sou word.

## ᔕ 1911

### Januarie 1911

Die *Almanak* dra 'n artikel van die jong dominee J.J. Prinsloo getitel 'Onze Kweekschool' wat nog baie jare later aangehaal sou word. Hy skryf onder andere:

> *Waar de kerk in de goede oud-Hollandse richting voortgaat, waar in haar een gezonde geest heerst, en waar zij zich nog nooit het recht heeft toege-eigend om andere kerken voor rechtzinnig of voor vals te verklaren, daar is het goed en nodig dat haar voortbestaan verzekerd worde. Te veel van de zonen en dochters van de voortrekkers hebben nog behoefte aan zo 'n kerk, dan dat zij zoude ophouden te bestaan. Willen wij haar niet zien veranderen, ontaarden en ondergaan in een andere kerk misschien, dan moeten wij zorgen dat zij in dezelfde goede geest en ingeslagen richting blijft voortgaan , en daarvoor hebben wij nodig mannen in die richting opgevoed, die de leiding op zich kunnen nemen. De predikanten die wij uit Holland hebben, zijn daarvoor uitnemend en gevoelen zich ook volkomen thuis bij ons, maar ze weten het kan niet altijd zo blijven. … Het zijn juist die predikanten die ons willen doen verstaan dat wij onze eigen predikanten moeten opleiden. … Is het niet schande voor de Afrikaners dat die mannen, die er geen belang bij hebben ons moeten leren dat wij een eigen school moet hebbeen tot instandhouding van de kerk ons door de voortrekkers overgeleverd. Is het niet nog groter schande om die mannen niet eenparig te helpen het belang van onze kerk te bevorderen? … Als wij dat gedaan hebben, dan zijn we nog niet klaar met Holland, want daarvandaan moeten wij nog onze leermeesters en hoogleeraren krijgen. De Schotten mogen goed genoeg zijn voor andere scholen, niet voor de onze, bovendien wekt die naam onaangename herinneringen op. Zodra we zover zijn, moeten die Hollandse Professoren weer opgevolgd worden door eigen jonge mannen, maar dat zal nog wel een tijdje duren. … De School moet goed zijn, met een goede geest. Want is de geest een vreemde of ongewenste dan zijn die mannen die opgeleid worden dat ook en dan is het misschien gedaan met onze kerk.*

### 26 Julie 1911

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem met dank kennis van die bereidheid van die provinsiale kerkbesture van die Nederlandse Hervormde Kerk om die proponentseksamen van studente wat in Holland studeer, af te neem.

### 27 Julie 1911

Op sy tweede vergadering het die Kuratorium kennis geneem van die antwoord van professor Muller. Hy het die benoeming van die hand gewys en het trouens reeds op 31 Julie 1909 terug vertrek na Nederland by verstryking van die vyf jaar waartoe hy hom met die gemeente Pretoria verbind het. Sy aanbeveling was dat die etikus, doktor W.J. Aalders, genader word, later hoogleraar in Groningen. Die Kuratorium het toe nie dadelik 'n tweede benoeming gemaak nie, want intussen het die Ruysch van Dugteren-saak die kerk getref. Dominee C.J.L. Ruysch van Dugteren, hulpprediker vir professor Muller in Pretoria, en na Muller se vertrek, predikant van Pretoria, het probleme ontwikkel rondom sy ondertekening van die proponents-ondertekeningsformule, en het besluit om sy ondertekening daarvan terug te trek. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die terugtrekking beskou as die beëindiging van sy ampsbevoegdheid, en dit is deur die Algemene Kerkvergadering in 1912 bevestig, nadat hy daarheen geappelleer het maar self nie verskyn het nie.

Die Kuratorium het op 27 Julie 1911 'n huishoudelike reglement aanvaar en ook op aanbeveling van dominee J.J. Kuhn 'n studielening van £40 per jaar vir twee jaar toegeken aan S.J. Strydom wat aan die Ryksuniversiteit van Leiden ingeskryf het. Leiden was destyds bekend as die teologiese tuiste van die vrysinnige teologie, en daar het kommer ontstaan oor watter invloed dit sou hê op hierdie toekomstige predikant van die kerk.

### 15 Desember 1911

Dominee Van Belkum skryf in sy 'Brieven van Oom Sarel' in *De Hervormer*:

> *Het wil mij voorkomen, dat de zaak van die Kerkelike Kweekschool in zoete rust is geraakt. Wij horen daarvan niets: wij zien niets van werk daarover in de koerant en het is geen wonder dat velen mij komen vragen, maar wanneer komt nu die school. … Ja, zie jy, in de ene gemeente neemt men een besluit, dat de zeuns maar naar andere plekken moeten studeren gaan; in een andere gemeente gaat de leeraar rond en vertelt, dat 't dwaasheid*

*is die kweekschool, want we moeten maar liever verenigen. 't is toch één Zuid-Afrika en we moeten maar liever alle onze jonge mannen naar Stellenbosach sturen . In weer een andere gemeente zeggen de ouderlingen: een kweekschool is toch te duur , laat ons maar liever doen als een zekere vogel: we leggen onze eiers in het nest van een andere vogel, die dan ons kinders groot maakt, of we gaan naar onze buren de Gereformeerden en Nederduits Gereformeerden en zeggen: Boeties, jul is só ryk en ons is só arm; geef ons jul seuns vir predikante, dan is vir ons nie nodig nie, om vir hulle opleiding te betaal ... Daar in de Kaap waren alle voormannen er voor, daar waren de gemeenten niet zo zuinig en ongelovig, daar was de school een zaak van vertrouwen. In de Hervormde Kerk van onze dagen is tegenwerking, zuinigheid en ongeloof.*

In dieselfde uitgawe skryf L. Albers oor die kweekskool dat hulle daar in Oos-Afrika baie entoesiasties is oor die gedagte, en dat hulle in Desember 'n basaar gaan hou om fondse daarvoor in te samel. Hy noem dat ouderling S.A. van Emmenis een tiende van sy inkomste vir die basaar geskenk het, *mooie vette kalvers en lammers, maar ook mooi koren.*

## ∽ 1912

### 15 Maart 1912

Dominee Van Belkum verwys in 'n lang artikel in *De Hervormer* na 'n boek van dominee J.D. Kestell oor die lewe van professor N.J. Hofmeyer waarin hy die stryd in die Kaapse Kerk behandel in die jare 1847–1857 voor die tot stand koming van die kweekskool in Stellenbosch, en wys daarop dat daar merkwaardige ooreenkomste is met wat tans in die Hervormde Kerk gebeur. Van Belkum skryf dan:

*Mocht onze kweekschool niet tot stand komen, dan zal het voor mij wezen een oordeel Gods over de kerk, een straf over de tweedracht der leraars, over de lauwheid der ouderlingen, over de vrekkigheid der leden. En als dan over korter of langer tijd de Ned Hervormde kerk van Zuid-Afrika weer aan de dood nabij komt, dan zal haar moeten worden toegeroepen: Eigen schuld: gij hebt niets anders gewild.*

### 15 April 1912

In *De Hervormer* verskyn twee skrywes van lidmate van die gemeente Rustenburg, een met 72 handtekeninge en een met 54 handtekeninge waarin ondersteuning uitgespreek word vir die kweekskool en die houding van die predikant en kerkraad daaroor betreur word.

### 11 Augustus 1912

Die Kuratorium het die saak van Strydom se studie in Leiden bespreek en het 'n skrywe gerig aan professor J.W. Pont en aan Strydom self met die vraag of hy van plan is om in Leiden te bly studeer en watter rigting op teologiese gebied hy toegedaan is. Hulle is gerusgestel deur 'n skrywe van professor J.W. Pont (oupa van professor Adriaan Pont) wat die sekretaris was van die Studiefonds vir Suid-Afrikaanse Studente en wat Strydom na Leiden verwys het.

Die Kuratorium het op hierdie derde vergadering ook 'n studielening toegeken aan S. Vermooten wat in sy aansoek gemeld het dat hy sy attestasie (uit die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk) ingelewer het by die Hervormde Gemeente Potchefstroom en dat hy in Utrecht in die teologie studeer.

Op hierdie vergadering is ook besluit om dominee H.C.M. Fourie en dominee Jac van Belkum te versoek om voorlopig die opleiding in die kweekskool waar te neem. Fourie het in 1910 in Utrecht die doktorale eksamen in die teologie afgelê met die Wysbegeerte van die Godsdiens as hoofvak. Hy was van huis uit lid van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk maar het tydens sy studietyd lidmaat geword van die Nederlandse Hervormde Kerk. Hy is deur A.D.W. Wolmarans oorgehaal om 'n beroep in die Hervormde Kerk te aanvaar en het die kerklike eksamen afgelê op 22 Oktober 1910 by professore F.E. Daubanton en S.D. van Veen van Utrecht, wat die volgende verklaring gemaak het:

*De ondergeteekenden verklaren dat zij op heden den 22en October 1910 op verzoek van de heeren professor dr PJ Muller en ADW Wolmarans hun gedaan namens de Algemene Commissie der Nerderd Hervormde Kerk in Z Afrika, den heer Hermanus Cornelis Marthinus Fourie, geboren te Welgevonden (prov Carolina) doctorandus in de Godgeleerdheid aan de Rijksuniversiteit te Utrecht hebben geexamineerd in al de vakken genoemd in art 21 van het Reglement op het examen ter toelating tot de Evangeliebediening in de Nederlandse Hervormde Kerk , en dat zij, na gehouden examen, hem allezins bekwaamd gevonden hebben om toegelaten te worden tot de Evangeliebediening in de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, gelijk zij hem evenzoo zouden bekwaam achten om de Evangeliebediening in de Nederlandsche Hervormde Kerk te vervullen, indien de reglementen dezer kerk zullen toelieten.*

Fourie is gelegitimeer op 04 Januarie 1911 en is op 21 Januarie 1911 georden in Erasmus (die latere Bronkhorstspruit), toe nog deel van die gemeente Pretoria, met Ruysch van Dugteren as kollega. Van Belkum het reeds in 1876 sy studie in Utrecht afgesluit met die doktorale eksamen en het na arbeid in drie Nederlandse gemeentes 'n beroep aanvaar na die kombinasie Rustenburg-Zeerust, waar hy van 1891 tot 1903 gewerk het. Van 1903 af tot met sy emeritaat in 1927 het hy die gemeente Heidelberg bedien. Dominee Fourie het vir die benoeming bedank. Sy skrywe gedateer 10 Oktober 1912, lui soos volg:

*Het spijt my dat ik aan het verzoek van uw eerw vergadering van 14 Aug jl niet kan voldoen nl om voorlopig de opleiding van jonge mannen voor onze kerk op mij te nemen, om de volgende reden:*

- *I. Ik ben zelf opgeleid aan een universiteit, en spreekt de wens uit die leeft in mijn hart dat de kinderen mijns volks en mijner kerk die mij dierbaar zijn, minstens net zulk een opleiding genieten mogen als ik gehad heb, liefst beter als het enigsins mogelik is. U zult mij dus niet kwalik nemen maar ik begeer voor myn kerk nl een universiteit. Kan dit niet verkregen worden, dan wil ek met hart en ziel meewerken met een kweekskool die de universiteit kan vervangen. Ik kan mij niet verenigen met een voorlopige opleiding door een kweekschool die niet aan de wetenschappelike eisen van de Theologishe wetenschap voldoet. Dit is naar mijn bescheiden mening de ondergang onzer kerk en daar wens ik net zo min als uwe vergadering aan mee te doen. Dat is mijn principieel bezwaar.*
- *II. Heb ik nog geen gelegenheid gehad deze benoeming mijn kerkraad voor te leggen opdat ik daartoe verlof krijgen. Op mijn vriendelike verzoek aan Ds van Belkum wanneer ik het Kuratorium moet antwoorden, kreeg ik geen tijding. Ook andere inlichtingn zijn mij niet verstrekt.*
- *IV. Een prakties bezwaar is dat de toestand mijner gemeente en die van Zoutpansberg het mij niet toelaat om mij met zulk een zware taak te belasten.*
- *V. Omtrent de vakken verdeling schreef Ds van Belkum 'Ik ben meer eksegeet 1 en 2 en Historicus 5. Neemt gij nu de eerste vakken, dan kunnen wij goed zamenwerken.' De eerste vakken zijn NB 3.4.6.7.8 en 9 de moeilikste; om goed zamen te werken. Hiertoe, ik moet het eerlik bekennen, zie ik geen kans, ten minste niet als ik het werk ernstig wil opvatten en goed werk wil leveren. Daartoe ben ik onbekwaam, en ik weet nergens een universiteit waar al die vakken door een persoon worden gedoceerd. Ik kon het wel proberen en zal het ook wel een heel eind brengen maar dat zou geen*

Article #916 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*heilige ernst zijn bij een zulk 'n gewichtige zaak. De Eerw vergadering duide het mij niet euvel dat ik ronduit mijn bezwaar voorleg. Ik wil gaarne het beste voor mijn kerk ook op dit gebied en zal in dien weg al mijn krachten inspannen en beschikbaar stellen.*

Volgens 'n mededeling van Fourie se weduwee was sy standpunt ook dat die kerk nie die opleiding moet begin met twee hoogleraars waarvan ten minste een nie ten volle gedoktoreer is nie.

### 15 Augustus 1912

Ouderling S.A. van Emmenis skryf van Ngareolmetny in Duits Oos-Afrika [later Tanganjika, tans Tanzanië] en pleit dat daar nie uitgestel word met die vestiging van die kweekskool nie.

### 15 Oktober 1912

Die Kuratorium het op sy vierde vergadering kennis geneem van Fourie se skrywe, en het besluit om die saak daar te laat en te wag vir die Algemene Kerkvergadering van 1912. Die besluit op voorstel van A.D.W. Wolmarans en D.J. Bodenstein het gelui:

> *Omdat we staan aan de vooravond van de Algemeene Vergadering stelt het Curatorium voor niet over te gaan tot het benoemen van een tweede predikant voor de opleiding, maar de geheele questie over te laten aan het toekomstig Curatorium na de eerst volgende Algemeene Vergadering.*

Daar was een teenstem, terwyl die skriba, dominee Van Belkum, nie gestem het nie. Daarmee was die kweekskool van die baan, want die Algemene Kerkvergadering sou terugkeer na die vroeëre model van opleiding aan 'n universiteit.

### 03 Desember 1912

Die 36ste Algemene Kerkvergadering is geopen deur dominee C.W. du Toit, wat die sekundus was van die vorige voorsitter, professor Muller, wat intussen vertrek het. Dominee C.W. du Toit is verkies as voorsitter en dominee Jac van Belkum as skriba. Dominee L.E. Brandt is verkies as sekundus vir die voorsitter en dominee H.C.M. Fourie,wat sy eerste Algemene Kerkvergadering bygewoon het nadat hy minder as twee jaar tevore op Erasmus georden is, as sekundus vir die skriba. Later in die vergadering is dominee M.J. Goddefroy verkies as predikantlid van die Kommissie, met dominee P.W. Ennis as sekundus. Dominee J.J. Prinsloo, wat op 30 Oktober 1909 georden is as predikant van Trichardtsfontein, was ook vir die eerste keer teenwoordig.

Die verslag van die Kuratorium het aan die orde gekom op die tweede dag van die sitting. Dit is behandel saam met die verslag van 'n kommissie wat op die eerste dag benoem is om staande die vergadering te rapporteer oor die kweekskool. Die kommissie het bestaan uit dominees P.W. Ennis, H.C.M. Fourie, J.J. Kuhn en ouderlinge A.D.W. Wolmarans (Pretoria), F.W. Ernst (Klerksdorp), J.C. Barnard (Rustenburg), J.S. Smit (Heidelberg), D.G. Wolmarans (Ermelo) en H.J. Geyser (Waterberg). Dit was 'n verslag wat 'n totale wending meegebring het en dit word vanweë die belangrikheid daarvan volledig aangehaal. Dominee Fourie het die verslag voorgelees, en dit verg nie baie insig om tot die slotsom te kom dat hy 'n groot aandeel gehad het in hierdie verslag nie. Die gesindheid in die vergadering was hierdie keer baie positief, anders as in 1909.

I. *Uwe kommissie benoemd voor de behandeling van de punten der agenda vervat onder A Kweekschool, is overeengekomen te handhaven het beginsel door de Alg Verg neergelegd in 1909 nl dat de Ned Herv Kerk zelf moet zorg dragen voor de opleiding van hare toekomstige predikanten.* [Aangeneem]

II. *Uwe Kommissie zich herinnerd dat zelfs voor de oorlog toen er sprake was dat er in de Zuid-Afrikaanse Republiek door de toenmalige regering een Universiteit zou worden gesticht, wat door het uitbreken van de oorlog niet kon worden verwezenlikt, door de Alg Verg der Ned Herv Kerk opdracht is gegeven aan hare Alg Komm om met de Regering te onderhandelen tot verkrijging van een leerstoel voor teologie aan die Universiteit, is van oordeel dat het noodzakelijk is voor de degelike wetenschappelik opleiding van onze aanstaande Evangelie-dienaren dat er weder stappen worden genomen om met onze Regering te onderhandelen in bovenbedoelde richting; en stelt ze dus voor dat de Alg Kom worde opgedragen hieraan uitvoering te geven met dien verstande dat de benoeming van de teologiese hoogleeraren in verband met onze kerk berust by het Kuratorium onder goedkeuring en bekrachtiging door de Alg Kom, en dat alleen benoembaar is hij die aan een erkende universiteit is gepromoveerd. Met betrekking tot de toelating van studenten aan die Universiteit is uw Kommissie van oordeel dat zulks opnieuw zal moeten worden geregeld wanneer zodanige Uiversiteit zal zijn gesticht. Aangesien de uitvoering van dit voorstel mischien nog enige tyd zal duren, is uwe komm van oordeel dat de gehele zaak van opleiding worde gelate in handen vh Kuratorium in overleg met de Alg Kom.*

Soos te wagte kon wees, het hierdie punt bespreking uitgelok. Die groot vraag was of die gedagte prakties uitvoerbaar sou wees. Sou daar plek wees vir teologie aan die te stigte universiteit? Die bespreking was in die gees dat daar nog nie 'n universiteit was nie, en dat dit onseker was of daar plek sou wees vir teologie aan die te stigte Unversiteit. [Teen hierdie tyd was die Transvaal University College, 'n afdeling van die University of the Cape of Good Hope, wat deur wetgewing geproklameer is, reeds vier jaar met opleiding besig, maar was daar nog nie ruimte vir 'n teologiese fakulteit nie.] Eers in 1916 sou die Algemene Kerkvergadering punt (II). goedkeur.

III. *Met betrekking tot het voorstel van die Kerkeraad van Potchefstroom aanbevolen door de Westelike Ring nl om de opleiding van jonge mannen hier in ZA uit te stellen en hen alleen geldelik te ondersteunen om in Europa of elders te worden opgeleid, is uwe Kommissie van oordeel dat niet kan worden afgeweken van het beginzel door de Alg Verg in 1909 neer gelegd nl dat onze toekomstige predikanten hier moeten worde opgeleid.*

Na enkele vrae goedgekeur op voorstel van ouderlinge W.J. Basson en J.J. Prinsloo. [Daar was in Potchefstroom groot onenigheid rondom die besluit van die kerkraad. Lyste is deur 'n groot aantal lidmate onderteken waarin hulle geprotesteer het teen die besluit en waarin hulle onderneem het om die gevraagde gelde te betaal.]

IV. *Met betrekking tot de bewering dat de meeste onzer lidmaten onwillig zijn is uw Kommissie van oordeel dat geen getrouw lidmaat der Ned HK onwillig mag zijn om 2/6 jaarliks voor de opleiding van toekomstige predikaten bij te dragen en veel minder zal zijn, wanneer hij door predikanten en kerkeraden daartoe aangemoedigd worde, en betreurt het dat sommige voormannen onzer Kerk in dezen niet hartelik zamenwerken.* [Dominee Goddefroy het voorgestel dat die laaste woorde vanaf 'en betreurt' geskrap word, en dit is gedoen.]

V. *Met betrekking tot de bewering dat er in anderhalf jaar maar £358 in pl van £2486 is ingekomen is uwe Kom van oordeel dat dit punt moet geweten worden aan het treurige feit dat sommige voormannen en gemeenteleden onzer kerk in deze niet hartelik samenwerken.*

Die notule meld dat 'n hewige diskussie oor hierdie punt gevolg het. Baie lede het gesê die vergadering het geen reg om belasting op te lê nie, ander dat die kerkraad dit nie kan inbetaal as hy dit nie kry nie. Daar is gevra wie bly verantwoordelik en daar is

geantwoord: die kerkraad. Party broeders het gesê hulle wil nie verantwoordelik wees nie. Punt (V) is uiteindelik goedgekeur, na wysiging van die laaste woorde om te lees '*het feit dat er geen algemene hartelik samenwerking is geweest*.'

*VI. Uwe Komm is van oordeel dat de wijze van invordering van die gelden voor de opleiding moet worden overgelaten aan de regeling van de plaatselike kerkraden.* [Aanvaar]

*VII. Daar gebleken is dat de meeste gemeenten achterstallig zijn in het opbrengen van de teologiese gelden is uwe Komm van oordeel dat zodanige achterstallige gelden worden kwijtgeschelden met dien verstande dat ze getrouw zullen betalen vanaf 1 Jan 1913, en waar geheel of gedeeltelik door gemeenten aan hun verpliching is voldoen, dat dit bedrag zal worden afgeschreven van hun toekomstige betaling; hoewel zij het onredelike hiervan gevoelt tegenover de beslissing der Alg Verg van 1909 hoopt zij dat door deze maatregel voormannen en gemeenteleden aangespoord worden zullen w tot hartelike samewerking en geregelde storting van de bijdragen.*

Die volgende interessante bespreking het gevolg: Die Skriba (Van Belkum) sal dit met droefheid aanneem, maar voel hom beswaard oor die lankmoedigheid. Broeder L.L. Steen (Pretoria) hoop dat daar nou meer samewerking sal wees. Broeder A.D.W. Wolmarans steun die voorstel in die hoop dat daar nou meer samewerking sal kom, 'n lid van 'n vergadering mag hom nie teen 'n besluit verset nie. Dominee F.S. du Toit vind die beginsel van die punt verkeerd, dit sal sleg werk. Hy vrees vir die morele invloed van hierdie besluit. Dit sou beter gewees het om te sê ons sal probeer om die agterstallige aan te suiwer. Hy stel voor om die punt af te keur, sekondant ouderling Klazinga van Lichtenburg. Broeder Steen stel voor as amendement: waar dit blyk dat dit onmoontlik is om die agterstallige gelde vir die kweekskool inbetaal te kry, sal die agterstallige bedrag nie as skuld gereken word nie, sekondant N. van Dyk. Broeder W.J. Basson sekondant J.H. Vorster stel voor dat punt (VII) goedgekeur word. Dit is met 'n groot meerderheid aanvaar.

*VIII. Ten slotte is uwe Kom van oordeel dat zo bovenstande voorstellen zullen worden aangenomen, en predikanten en kerkraadsleden en gemeenteleden hartelik samenwerken het beginsel door de Alg Verg neergelegd in 1909 zal worden verwerklikt tot opbouw en instandhouding v onse Ned Herv Kerk. En zij meent dat het de heilige plicht is van ieder voorganger in de Ned Herv Kerk de bloei en welvaart van die Kerk in deze te bevorderen.*

Nadat hierdie verslag in sy geheel aanvaar is met die kleiner wysigings, is die verslag van die Kuratorium gestel en aanvaar. Daaruit het geblyk dat tot einde Junie 1912 van gemeentes £804.16.7 ontvang is vir die kweekskoolfonds, en dat die gemeentes Zoutpansberg, Waterberg, Lydenburg, Ermelo, Oosrand, Makwassie en Wolmaransstad niks bygedra het nie. Van Rustenburg is een enkele halfkroon (2/6) ontvang. Die verslag meld ook dat die fonds 'n bedrag van £1169.17.7 ontvang het as 'n skenking uit die Ambagskoolfonds, met toestemming van 'n kommissie in Holland. Volgens 'n mededeling van professor S.P. Engelbrecht aan skrywer hiervan is die Ambagskoolfonds gestig om gelde in bewaring te hou wat in Europa geskenk is vir gebruik in die gewese Zuid-Afrikaanse Republiek, sodat die Britse owerheid nie daarop beslag kon lê nie. Generaal Louis Botha en ouderling A.D.W. Wolmarans was onder andere trustees van die fonds. Ingesluit by die verslag van die Kuratorium was 'n huishoudelike reglement.

### 15 Desember 1912

Dominee Van Belkum skryf in *De Hervormer:*

*In de kwestie der opleiding is een zeer hoog idealisties standpunt ingenomen. Of het nu aangenomen besluit uitvoerbaar zal blijken, is bij mij zeer twijfelachtig... Maar laat ons wachten en hope...*

## 1913

### 28 Januarie 1913

Die Kuratorium vergader. Teenwoordig was dominees C.W. du Toit, Jac van Belkum, H.C.M. Fourie, en die ouderlinge D.J. Bodenstein, W.J. Basson, G.J. Engelbrecht, A. van den Broek, J.A. Malherbe. Afwesig was A.D.W. Wolmarans. Dominee Van Belkum is as voorsitter en dominee Fourie as skriba gekies. Ouderling Malherbe het tesourier gebly. Aandag is gegee aan 'n skrywe van S.P. Engelbrecht wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na die Kuratorium verwys is, en hy is aangeraai om in elk geval die voorbereidende klasse te Potchefstroom nog te volg en indien moontlik die intermediêre eksamen te doen. Naas behandeling van die skrywes van enkele ander voornemende studente is die vraag deur die voorsitter gestel of die Kuratorium nie aandag moet gee aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering oor opleiding aan 'n universiteit nie. Daar is besluit om dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor te laat.

Die Kuratorium besluit om Strydom in Leiden te laat en hom soos vroeër te ondersteun. [Self het dominee Strydom jare later vertel hoedat by sy proponentseksamen, wat plaasgevind het op 30 Julie 1914, ouderling A.D.W. Wolmarans gevra het: '*Meneer de kandidaat, en wat denkt u van de uitverkiesing?*' Hy het vertel dat hy op 'n manier geantwoord het, maar, het hy bygevoeg, 'vandag sou ek gewoonweg gesê het ek weet daar niks van nie'. Dominee Strydom was die enigste van die kerk se predikante wat sy teologiese opleiding in Leiden gehad het, en hy het inderdaad iets van 'n vrysinnigheid oorgehou wat hom goed te pas gekom het toe hy die laaste tien jaar van sy bediening die kerk in die destydse Suid- en Noord-Rhodesië moes probeer opbou.]

### 17 April 1913

Op sy volgende vergadering het die Kuratorium weer 'n skrywe van S.P. Engelbrecht behandel en is besluit om hom mee te deel dat dit nie moontlik sal wees om reeds die volgende jaar te begin met 'n eie teologiese opleiding nie, dat aangesien hy van plan is om na Europa te gaan vir verdere studie hy alleen die literariese klasse in Potchefstroom moet volg, en dat die Kuratorium hom met £50 per jaar sal ondersteun solank die kerk se eie opleiding nog nie begin het nie. Daar is bygevoeg dat indien die studente P.J.J. Venter en Muller dieselfde planne het, dit ook vir hulle sal geld. Venter het daarna aansoek gedoen om 'n studiebeurs, wat toegestaan is. In die voorafgaande jare is daar telkens by gemeentes en lidmate geld ingesamel ter ondersteuning van student Venter.

### 15 Julie 1913

In *De Hervormer* skrywe dominee J.J. Kuhn dat die Algemene Kerkvergadering van 1912 gedwaal het deur af te sien van 'n kweekskool ten gunste van universitêre opleiding, dit in die lig van die konsepwet op hoër onderwys wat gepubliseer is en wat nie voorsiening gemaak het vir Teologie nie. Dominee Kuhn stel dan voor dat 'n buitengewone Algemene Kerkvergadering opgeroep word om die besluit van 1912 te hersien en opdrag te gee dat met die Kweekskool op Stellenbosch onderhandel word oor die benoeming van 'n professor vir en op koste van die Nederduitsch Hervormde Kerk vir die onderrig in Eksegese en Dogmatiek.

### 10 September 1913

Die Kuratorium neem kennis van 'n skrywe van twee Utrechtse professore, Visscher en Van Leeuwen, gedateer 09 April 1913, waarin hulle die volgende aanbod maak:

*De hoogleraren in de Godgeleerdheid aan de Rijks-Universiteit alhier verklaren zch gaarne bereid zich aan het lot van hen die uit Z.Afrika naar hier overkomen om theologie te studeren, te laten gelegen liggen, toezicht te houden op hunne studie, en hun daarin zoveel doenlijk behulpzaam te zijn. Wij zijn in verband hiermede zoo vrij U in overweging te geven dat Uwe Synode aan de hoogleraaren bovenbedoeld te weten Prof dr SD van Veen, Prof dr H Visscher, Prof dr JAC van Leeuwen en Prof dr A Noordtzij verzoeke, den studenten die zich voorstellen tot den dienst des Woords in de Ned Hervormde Kerk in Z Afrika toegelaten te worden, onderwijs te geven in die vakken welke voor dergelijke voorbereiding vereischt worden.*

Daar is besluit om navraag te doen oor die voorwaardes, en die Utrechtse professore het in 'n skrywe gedateer 22 Desember 1913 geantwoord dat die onderrig Kerkgeskiedenis, Dogmatiek, Bybelse Teologie en Praktiese Teologie sou omvat en dat hulle 'n voorstel afwag oor 'n jaarlikse vergoeding vir die professore. Na verder korrespondensie is ooreengekom dat die vakke Dogmatiek, Bybelse Teologie, Christelike Etiek, Dogmengeskiedenis, Geskiedenis van die Gereformeerde Kerkreg en Praktiese Teologie sou wees en is die vergoeding vasgestel op £250 per jaar aan die professore, met dien verstande dat dit sou verval wanneer daar nie studente is nie. Hierdie reëling het reaksie gebring van die kant van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Verening. Die voorsitter en sekretaris, doktor J.W. Pont en doktor N. Mansvelt, het in 'n skrywe van 19 Oktober 1915 daarop gewys dat dit heeltemal onnodige uitgawes was omdat die kerklike opleiding daar volledig gereël is en Suid-Afrikaanse studente op die gewone wyse hulle proponentseksamen kon doen. Die Kuratorium is ook verwyt dat hulle nie die regte weg gevolg het in dié saak nie. Ná hierdie berig het die Kuratorium die ooreenkoms met die Utrechtse professore gekanselleer.

## 1914

### 12 Februarie 1914

In 'n gesamentlike sitting van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium is 'n reglement vir toelating tot die kweekskool en tot die amp van Evangeliedienaar aanvaar. Die reglement lui:

*Art 74 Om toegelaten te worden tot de Theologische school van de Nederduitsch Hervormde Kerk moet een bewijs worden voorgelegd dat het Matriculatie-examen der Kaapsche Universiteit met insluiting van Grieksch en Duitsch is afgelegd en dat de applicant behoort tot de Nederduitsch Hervormde Kerk.*

*Art 75 De studie aan de Theologische School omvat de volgende vakken:*

*A. Voor het voorbereidend Examen:*
*I. Hebreeuwsch 1 jaar*
*II. Grieksch (Koine) 1 jaar*
*III. Encyclopedie der Christelijke Theologie*
*B. Candidaats Examen 1ste deel:*
*I. Uitlegging van het Oude Testament 2 jaar*
*II. Geschiedenis van de leer aangaande God 1 jaar*
*III. Geschiedenis der Godsdiensten 2 jaar*
*C. Kandidaats Examen 2e deel:*
*I. Wijsbegeerte van de Godsdienst 3 jaar*
*II. Uitlegging van het Nieuwe Testament 3 jaar*
*III. Kerkgeschiedenis 2 jaar*
*D. Kerkelijk Examen:*
*I. Dogmatiek 3 jaar*
*II. Bijbelsche Godgeleerdheid 2 jaar*
*III. Christelijke Ethiek 1 jaar*
*IV. Geschiedenis van het Gereformeerd Kerkrecht*
*V. Dogmengeschiedenis 1 jaar*
*VI. Praktische Godgeleerdheid 1 jaar*

*Art 76 Om tot de Evangeliebedieninbg in de Nederduitsch Hervormde Kerk te worden toegelaten zal de Candidaat nog een Proponents-examen moeten afleggen voor de Examen-commissie. Dit geld ook voor hen die in Holland het examen art 75D hebben afgelegd.*

*Dit examen omvat:*
*I. Bijbelsche Geschiedenis*
*II. Praktiese Godgeleerdheid*
*III. Kerkrecht van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*
*IV. Uitlegging van het Oude en Nieuwe Testament*
*V. Poefpreek in te leveren by de Examen Commissie*

### 15 Maart 1914

Blykens 'n skrywe van dominee Van Belkum in *De Hervormer* oor die fonds vir behoeftige studente was daar op dié stadium die volgende studente van die Kerk: S.J. Strydom in Leiden, S. Vermooten en S.P. Engelbrecht in Utrecht, P.J.J. Venter en Taljaard uit Lichtenburg en D.J. Dreyer uit Greylingstad in Potchefstroom. Die fonds vir behoeftige studente, wat deur dominee Van Belkum en dominee Brandt geadministreer is, was spesifiek bedoel vir jongmanne wat nog nie Matriek gehad het nie en wat graag predikant wou word. Ons kan dus aanneem dat Taljaard en Dreyer besig was met die studie vir Matriek.

### 20 Mei 1914

Die Kuratorium spreek sy afkeuring uit oor 'n skrywe van ouderling A.H. Koomans van Potchefstroom in *De Hervormer* van15 Januarie 1914 waarin hy die Kuratorium verwyt dat hy nog niks gedoen het om die kweekskool tot stand te bring nie en nogal sterk taal gebruik:

*Het is een allertreurigst zaak. Predikanten en ouderlingen, de fondamenten der Kerk, geven een voorbeeld als deze. Ze geven geen uitvoering van de besluiten hun door de Algemene Vergadering opgedragen. Ze zijn geïnspireerd door de duivel, welke hun inblaast: Houdt die Kerk tegen, breekt hem af.*

### 18 Junie 1914

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gee aandag aan die skrywe van die Kuratorium oor die brief van Koomans in *De Hervormer*, en dominee Van Belkum as redakteur onderneem om in die toekoms noulettender aandag te gee aan dergelike uitdrukkings in korrespondensie. Ouderling Koomans het ook die gewraakte woorde teruggetrek in *De Hervormer* van 15 Mei 1914.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op dieselfde vergadering kennis geneem van briewe van student S.P. Engelbrecht in Utrecht waarin hy meld dat daar in Utrecht studente is wat graag wil oorkom na die Nederduitsch Hervormde Kerk, maar teen hulle waarsku omdat onder hulle persone is wat heeltemal ongeskik is. Die Kommissie het besluit om Engelbrecht te bedank vir sy belangstelling en om die name van die jongmanne wat met medewete en goedkeuring van die Kommissie in Utrecht studeer aan die professore in Utrecht deur te gee.

## 1915

### 29 Julie 1915

S. Vermooten word gelegitimeer na voltooiing van sy studie in Utrecht en na 'n proponentseksamen voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

## 1916

### 16 Mei 1916

Op die 37ste Algemene Kerkvergadering is dominee L.E. Brandt gekies as voorsitter, met doktor J.H.J.A. Greyvenstein as

secundus. Doktor Greyvenstein is in 1914 bevestig as predikant van Pretoria nadat hy die beroep daarheen aangeneem het uit die Nederduits Gereformeerde Gemeente Sutherland. As skriba is verkies dominee Jac van Belkum, met dominee H.C.M. Fourie as sekundus. Dit val op dat albei die sekunduslede so kort na hulle toetrede tot die kerk reeds in die betrokke hoedanighede verkies is, dominee Fourie reeds in 1912, twee jaar na sy bevestiging in Bronkhorstspruit, en doktor Greyvenstein nou ook twee jaar na sy bevestiging in Pretoria. Naas Greyvenstein het nog twee predikante die eerste keer sitting geneem: S.J. Strydom wat op 10 Oktober 1914 georden is as predikant van Krugersdorp nadat hy uit Leiden teruggekeer het, en S. Vermooten wat sy studie in Utrecht afgehandel het en op 17 Oktober 1915 georden is op Zeerust. [Intussen het die rebellie plaasgevind, en twee predikante van die kerk was daarby betrokke. Dominee H.C.M. Fourie het op 25 Oktober 1914 sonder kennisgewing aan sy kerkraad aangesluit by die rebellekommando van generaal Chris Muller en is verkies as kommandant. Op 05 November is hy gewond in ‘n geveg naby Bronkhorstspruit en gevange geneem. Hy is veroordeel tot twee jaar gevangenisstraf en £250 boete. Hy het meer as ‘n jaar in die tronk deurgebring, en is op parool vrygelaat met Kersfees 1915. Dit val op dat hy so gou na sy vrylating weer verkies is as sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. In sy gemeente het sy optrede diepgaande verskille gewek wat vir jare sou voortduur. Dominee J.J. Kuhn van Lichtenburg aan die ander kant het aangesluit by die regeringsmagte as veldprediker en ook dit het gelei tot ernstige probleme in sy gemeente wat eers bedaar het nadat hy in Oktober 1915 ‘n beroep aangeneem het na Zwartruggens.]

Later in die vergadering is dominee K.T. van den Heever as predikantlid van die Kommissie verkies, met dominee J.J. Prinsloo as secundus. Kennis is geneem dat dominee F.S. du Toit intussen oorlede is.

Die verslag van die Kuratorium is voorgelê op 17 Mei. Die Kuratorium kon nie die besluit van die vorige vergadering uitvoer nie omdat daar nog nie ‘n universiteit was nie, maar die Wet op Hoër Onderwys was nou aangeneem, en daarom het die Kuratorium opdrag gevra om te onderhandel oor die benoeming van ‘n hoogleraar deur die kerk, besoldig deur die staat. In geval dit sou blyk dat die regering nie instem nie of dat die universiteit eers in die verre toekoms ‘n werklikheid sou kon word, het die Kuratorium opdrag gevra om met die Kweekskool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom te onderhandel oor benoeming en besoldiging van ‘n hoogleraar deur die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Op voordrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is op die Kuratorium verkies dominees C.W. du Toit, L.E. Brandt, Jac van Belkum, H.C.M. Fourie en ouderlinge A.D.W. Wolmarans, A. van den Broek, J.A. Malherbe, W.J. Basson en G.J. Engelbrecht (van Standerton). Ouderling D.J. Bodenstein is in 1914 oorlede.

Die Kommissie oor die Opleiding van Predikante wat uit die vergadering benoem is om te rapporteer oor alle sake insake die opleiding het bestaan uit doktor J.H.J.A. Greyvenstein, voorsitter, dominee H.C.M. Fourie, skriba, L.E. Brandt, S. Vermooten en ouderlinge C.L. Engelbrecht (Lichtenburg), F.G. Wolmarans (Standerton), N.M. Prinsloo (Erasmus), J.N. Roets (Erasmus) en F.A. Smit (Pretoria).

Die rapport is voorgelê op 23 Mei. Die voorstel van die Kuratorium oor opleiding aan die Universiteit is aanbeveel, met ‘n minderheidsrapport van dominee S. Vermooten wat soos volg gelui het:

> *Aangezien echter het noodlottige gevolgen kan hebben voor onze kerk zich aan eene op te richten Universiteit, waarvan ons de geest nog onbekend is te binden, beveel ik aan dat de Algemene Vergadering overga tot aanname van de tweede aanbeveling van de Kuratorium nl om het Curatorium te machtigen in overleg te treden met het Kuratorium de Gereformeerde Kweekschool te Potchefstroom om van wege onze kerk aan die school voorlopig een Hoog Leeraar te benoemen door ons gesalarieerd die in verbinding met haar Hoogleeraren onze studenten zal opleiden tot de Evangelie bediening.*

Die notule meld dat daar baie diskussie gevoer is oor hierdie sake. Sommige was bevrees vir ‘n verkeerde gees aan ‘n staatsuniversiteit, sommige was van mening dat dit nie seker is dat die universiteit in Pretoria sal kom nie, en as dit kom, daar dan plek vir ‘n teologiese fakulteit sou wees nie, ensovoorts. Uiteindelik is die eerste voorstel van die Kuratorium aanvaar en die minderheidsrapport naelskraap verwerp met 33 teenoor 28 stemme.

By die Transvaal University College was daar teen dié tyd reeds openheid teenoor die gedagte van ‘n teologiese fakulteit. Twee dosente wat albei lede was van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, professore W.P. de Villiers en D.F. du Toit Malherbe, het met die medewete en goedkeuring van die rektor, professor A.C. Paterson, die destydse Minister van Onderwys, advokaat F.S. Malan, genader vir goedkeuring van ‘n teologiese fakulteit. Die Minister was die gedagte goedgesind. Die sinode van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk was egter nog nie te vinde vir deelname nie.

### 15 Junie 1916

Die Raad van die Transvaal University College het op voorstel van doktor F.V. Engelenburg besluit om die Hervormde Kerk te nader en te verneem of die kerk sou saamwerk in die stigting van ‘n teologiese fakulteit. Doktor Engelenburg het opdrag gekry om namens die Raad met die kerk in verbinding te kom.

### 20 Julie 1916

Na verslag van doktor Engelenburg besluit die Raad van die Transvaal University College om aan die verskillende kerke te skryf, hulle in te lig oor die skema wat oorweeg word en uit te vind hoe ver hulle wil saamwerk.

### 27 Julie 1916

Die Kuratorium het op sy eerste byeenkoms ná die Algemene Kerkvergadering as voorsitter verkies dominee Jac van Belkum, as skriba dominee H.C.M. Fourie en as kassier ouderling J.A. Malherbe.
Die notule lui verder:

> *De voorzitter stelt aan de orde twee brieven van DR FV Engelenburg handelende over de mogelikheid ener Theol opleiding aan de Universiteit te Pretoria. De voorzitter en ds Brandt hadden van te voren een gesprek gehad met Dr Engelenburg over deze zaak en lichten daaromtrent de vergadering in. Ook Dr Greyvenstein geeft enige toelichting op versoek van de voorz. Na breedvoerige besprekingen werd met algemene stemmen besloten: om met de Universieitsraad in overleg te treden om uit te vinden in hoeverre 't Kuratorium met gunstige voorwaarden een Theol Opleiding voor onze studenten aan de Universiteit van Pretoria kan vestigen. Om met de Universiteitsraad te korresponderen, nadere informatie in te winnen etc etc werd een Subcommissie benoemd bestaande uit Ds van Belkum, Ds Brandt, Ds Fourie, en Br van den Broek.*

Article #916 HTS Teologiese Studies/Theological Studies



# Hoofstuk 2

## Die Klein Begin 1916–1933

Die opleiding neem 'n aanvang met een kerklike dosent, J.H.J.A. Greyventein, en 'n aantal universiteitsdosente. Die studentetal groei stadig. Die vertrek van professor Paterson en die koms van S.P. Engelbrecht in 1921 bring 'n belangrike wending. Wanneer B. Gemser in 1926 toetree, is daar drie dosente wat tegelyk ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk is. Gemser is dosent in Teologie sowel as in Lettere en Wysbegeerte waar hy begin met die vestiging van 'n sterk departement Semitiese Tale. Engelbrecht se kundigheid omvat Kerkgeskiedenis sowel as 'n unieke kennis van die Voortrekker- en ou Tansvaalse geskiedenis en dit kom die Departement Geskiedenis ten goede. Die akademiese gehalte van die opleiding neem toe, en so ook die studentetal. 'n Bedreiging vir die voortbestaan van die Fakulteit teologie is afgeweer deur die tydige optrede van S.P. Engelbrecht en die tussenkoms van die Eerste Minister. Die selfstandigwording van die Universiteit van Pretoria en die Afrikaanswording van die Universiteit bring 'n veranderde konteks.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Die Klein Begin 1916–1933', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #922, 22 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i3. 922

### 1916

**21 Desember 1916**

Die Raad van die Transvaal University College aanvaar 'n aanbeveling dat die Hervormde Kerk en die Presbiteriaanse Kerk elk een dosent sou benoem in die persone van doktor Greyvenstein en dominee E. Macmillan, dat hulle saam een lektor se salaris sou deel en dat die kerke verantwoordelik sou wees vir die res van hulle vergoeding.

Die Minister van Onderwys het die stigting van 'n Fakulteit Teologie aan die Transvaal University College goedgekeur maar bepaal dat die fakulteit eers vanaf 1918 amptelik sou funksioneer. Tot daardie tyd sou die opleiding dus nie-amptelik moes geskied. Inderdaad het die skriba van die Algemene Kerkvergadering, dominee Van Belkum, reeds in Julie 1916 die Transvaal University College kennis gegee dat die Kerk twee teologiese studente op die register sou plaas en ook die kursus uiteengesit wat van hulle verlang sou word. Die twee studente sou wees P.J.J. Venter en M.M.J. Basson wat albei hulle voorstudie in Potchefstroom voltooi het en wie se plekke reeds bespreek was om hulle studie in Holland voort te sit. Die volgende aanhaling uit 'n skrywe van Venter aan die Kuratorium op 17 Oktober 1916 gee die situasie goed weer:

> *Verder doet het myn genoegen u mede te delen dat wy met onze studies goed vooruitgaan – en ik geloof niet dat ik het mis heb als ik zou beweren dat de onderneming van onze Kerk aan deze plaats een volslagen sukses gaat worden – de heren professoren die ons voor 't Praepodeuties eksamen voorbereiden zijn knappe mensen, vooral Prof Paterson die ons Hebreeuws doceert & Dr Reininck die ons in Bybel-Grieks neemt. Godsdiens staat op de achtergrond alhier, maar dat is toe te schrijven aan het sterk verteenwoordigde Joodse element. We hebben nog geen begin gemaakt met Archaeologie en Encyclopaedie, beide vakken denkt Prof Paterson vallen onder de Theologie, maar ik geloof toch dat ze onder de voorbereidende vakken thuis behoren. Ik heb met ds Brandt daaromtrent gesproken en die zal het voor het Kuratorium leggen – Als het Kuratorium besluit ze in 't Praep Eksamen te nemen dan zal er voorziening moeten gemaakt worden vooral met Encycl aangezien Prof Paterson ons wel in Archaeologie zal kunnen nemen.*

Wanneer presies die twee studente vir studie aangemeld het, is onseker. Venter het op 15 Julie 1916 in 'n brief aan dominee Van Belkum gevra wanneer hulle in Pretoria moet wees. Waarskynlik het die tweede semester eers in Augustus begin.

### 1917

**25 Januarie 1917**

Die Kuratorium vergader. Dit sou die belangrikste vergadering in die 8-jarige bestaan van die liggaam word. Dominee Van Belkum het gerapporteer dat hy teenwoordig was op 'n byeenkoms op 07 Desember 1916 tussen lede van die Universiteitsraad en 'n aantal predikante, verteenwoordigers van die Presbiteriaanse, Wesleyaanse, Hervormde en Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerke. Die volgende aanhaling uit die notule van die betrokke vergadering op 07 Desember van die Education Functions Committee van die Transvaal University College gee die verloop weer:

> *I. Was there a sufficient body of common matter to justify the establishment of a University chair or chairs?*
> *II. Did the course suggested by the authorities of the Hervormde Kerk commend itself to the representatives of other Churches present?*
> *Mr van Belkum and dr Greyvenstein stated that the Hervormde Kerk had decided officially to support the scheme, and had in fact already enrolled two candidates for their ministry upon the College register. More would follow.*
> *Mr Burnet (General Superintendent of the Wesleyan Church in the Transvaal) heartily supported the proposals which he considered entirely feasible and desirable.*
> *Mr Bosman promised the scheme his full personal support.*
> *Mr Davies also approved the scheme, remarking that his own training had followed very largely the lines now suggested.*
> *Mr MacMillan (member of the Theological Training Committee of the Presbyterian Church) expressed himself as entirely in favour of the solution proposed. As the title of the First Chair he suggested 'Professor of the Philosophy and History of Religion'.*

Die besluit wat gevolg het, was:

> *In view of the entire unanimity which characterised the meeting, the Committee resolved unanimously to recommend the scheme to the favourable consideration of the Council with a view to submission to the Minister.*

'n Paar dae later het doktor Engelenburg vir dominee Van Belkum gesien en hom meegedeel dat die 'Universiteitsraad besluit het om die regering te vra om voorlopig twee lektore te benoem, een Engelssprekende en een Hollandssprekende, besoldig deur die staat'. Verder was die verwagting dat die Hervormde Kerk en die Presbiteriane elk een professor sal benoem en bekostig.

In die bespreking wat gevolg het, het A.D.W. Wolmarans gevra of daar 'n waarborg is dat nie miskien 'n moderne professor deur die

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #922

staat benoem sal word nie. Dominee Van Belkum het geantwoord dat 'die Universiteitraad die versekering gegee het dat hulle by die benoeming rekening sou hou met die Kuratorium'. Na verdere bespreking is die volgende besluit geneem:

*Het Kuratorium, gehoord hebbende door ds van Belkum de bespreking van verskillende plaatselike predikanten met de Universiteitsraad op 7 Des jl over mogelike vestiging van een Theol fakulteit aan de Transvaalse Universiteit te Pretoria, heeft in z'n sitting van 25 Jan 1917 na zorgvuldige beraadslaging besloten deel te nemen aan de oprichting van een Theol fakulteit aan genoemde Univ. Het Kuratorium heeft dit besloten in het volle vertrouwen dat de Universiteitsraad van zijn kant zal voldoen aan de volgende door ons prinsipieel geoordeelde voorwaarden:*

I. *dat vanwege de Universiteitsraad een of meer professoren zullen worden benoemd waarvan ten minste een Hollandssprekend zal zijn*
II. *dat bij de aanstelling van zulk 'n professor of professoren rekening zal worden gehouden met de beginselen der Ned Herv Kerk in ZA*
III. *dat de vanwege onze kerk benoemde professor in rang en stand gelijkwaardig zal zijn met de professoren van genoemde Universiteit*
IV. *dat de verdeling der vakken zal geschieden in overleg met de door de Kuratorium benoemde professor*
V. *dat de studenten uit onse kerk aan de Transvaalse Universitet als studenten der Universiteit zullen worden ingeschreven.*

Nadat hierdie besluit geformuleer is, het die Kuratorium oorgegaan tot die benoeming van 'n hoogleraar.

A.D.W. Wolmarans was van mening dat hulle moes wag en kyk of hulle iemand uit Holland kan kry [hy wou nie graag dat Pretoria so gou weer vakant sal word nie], maar '*ds van Belkum verklaart sich hier principieel tegen. Hij wil niet iemand uit Holland maar een geboren Afrikaner*'. Op voorstel van ouderling Engelbrecht gesekondeer deur dominee Fourie is na bespreking besluit op doktor J.H.J.A. Greyvenstein, predikant van Pretoria, teen 'n vergoeding van £600 per jaar.

**Jan Hendrik Jacobus Antonie Greyvenstein**, gebore 17 Maart 1878 op die plaas Driefontein in die distrik Barkly-Oos, was die oudste seun van Hendrik Jacobus Greyvenstein en Gertruida Anna Magdalena Maria Smit. Hy het na sy matrikulasie aan die Victoria College in 1897 vir ses maande skoolgehou en toe teruggekeer vir die Kaapse Intermediêre Eksamen. Daarna het hy ingeskryf vir die BA-graad, maar hy het sy studie onderbreek om as Kaapse rebel deel te neem aan die Engelse oorlog. Hy is gevange geneem in 1900 maar vrygelaat om onder toesig van die Kaapse regering sy studies privaat voort te sit en in 1902 het hy die BA-graad ontvang. Daarna skryf hy in by die Kweekskool op Stellenbosch en voltooi sy studie daar in 1905. Na aflegging van die kandidaatseksamen en legitimasie vertrek hy na Edinburgh vir verdere studie. Die semester was daar reeds aan die gang, en daarom verskuif hy na Utrecht waar hy op 21 Junie 1906 inskryf vir die doktorale studie. Hy het steeds waardering uitgespreek vir die hoogleraars Valeton, Van Veen, Visscher en Van Biljon onder wie hy die studie onderneem het, met Nuwe Testament as hoofvak. Tydens 'n kort besoek aan Berlyn maak hy ook kennis met die lesings van Harnack, Deissman en Seeberg. Hy promoveer op 27 Januarie 1911 in Utrecht met 'n proefskrif getitel *Het Sociale Utilisme van Bentham*. Terug in Kaapland werk hy eers tydelik in die gemeente Kaapstad, waarna hy 'n beroep aanvaar na die gemeente Sutherland. Met die Hervormde Kerk van SA het hy indirek kennis gemaak toe hy in Utrecht studeer het. Volgens H.M. Rex het A.D.W. Wolmarans in Den Haag met Greyvenstein 'n onderhoud gevoer en ook briewe met hom gewissel toe hy in opdrag van die Kerkraad van Pretoria in Holland op soek was na 'n predikant vir Pretoria. Rex beweer dat die betrokke predikant nie alleen die tweede predikant van die gemeente sou wees nie maar ook sou voortgaan met die opleiding van teologiese kandidate soos professor Muller. Nadat Ruysch van Dugteren vertrek het, en die gemeente meer as twee jaar vakant was, het die kerkraad van Pretoria hom dus nou gewend na Greyvenstein. Dominee C.W. du Toit het saam met die skriba van Pretoria, ouderling L.L. Steen, by Greyvenstein aangedring dat hy die beroep aanneem. Op 03 Mei 1914 is hy bevestig as predikant van Pretoria deur dominee H.C.M. Fourie nadat dominee C.W. du Toit die prediking waargeneem het. Sy intreepreek die aand was na aanleiding van Romeine 1:16. Greyvenstein is op 09 Julie 1915 getroud met Ida Ruysch van Dugteren, suster van sy voorganger.

### 26 Februarie 1917

In antwoord op 'n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, besluit die Senaat van die Transvaal University College:

I. *One of the College lecturers or professors in Theology to be Dutch speaking: the scheme submitted by Council to the Minister had explicitly specified the appointment of two lecturers, one Dutch-speaking, the other English-speaking*
II. *In all appointments regard to be had to the principles of the Hervormde Kerk: in view of the fact that the teaching of the College lecturers in Theology would be entirely confined to the Non-dogmatic branches, and in view of the fact that so far as these branches were concerned the position of the four churches who had associated themselves with the scheme was the same, it was felt that an assurance to this effect could be given to all the churches concerned. Unless this could be done, the scheme was unworkable.*
III. *Standing of the church professors: The professors appointed by the churches for their own dogmatic teaching would be treated by the professors of the College on a footing of absolute equality so far as position and standing were concerned. But the Church professors, being neither appointed by, nor responsible in any way to the College authorities, could not be granted a seat upon the Senate. On the other hand they would be members of the Theological Faculty Committee and would thus have a voice in the decision of all matters in which the Theological Faculty Committee was exclusively concerned, such for instance as the division of the work between the various members.*
IV. *The students of the Hervormde Kerk to be enrolled as students of the College; this had already been done.*

### 16 Maart 1917

Die Raad van die Transvaal University College keur die antwoord van die Senaat aan die Kerk goed.

### 20 Maart 1917

Die Kuratorium vergader saam met die lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en doktor Greyvenstein. Daar is besluit dat doktor Greyvenstein op 01 April diens sal aanvaar en studielenings is toegeken aan P.S. Grobler van Zeerust en H.P. Wolmarans van Ermelo. Die Greyvenstein-gesin het hulle vereers op Irene gevestig, maar op 02 September 1917 skryf hy aan sy vriend dominee Brandt dat hy 'n huis gekoop het in Schoemanstraat omdat daar te veel tyd verlore gaan met die heen en weer reis. Dit was Schoemanstraat 1003 waar hy en sy gesin bly woon het tot met sy dood.

### 01 April 1917

Die Departement Teologie begin met sy werksaamhede. Die lesings was vir 'n tweejarige BD-kursus. MacMillan is aangestel vir Die Ou-Testamentiesse vakke en is daarin bygestaan deur professor A.C. Paterson. Mettertyd het MacMillan hom

toegespits op Apologetics. Geen Presbiteriaanse studente het vir studie ingeskryf nie, en die aanstelling van MacMillan was dan ook uiteindelik nie 'n kerklike aanstelling van die Presbiteriaanse Kerk nie. Greyvenstein het naas die Nuwe-Testamentiese vakke ook Dogmatiek, Kerk en Dogmengeskiedenis en Kerkreg en ook Christelike Etiek behartig. Hy het op 01 April afskeid geneem van die gemeente Pretoria.

**Alfred Croom Paterson** was 'n pastorieseun uit die Skotse Presbiteriaanse Kerk wat in Edinburgh 'n MA graad ontvang het [ekwivalent van 'n BA] en in Oxford 'n MA in Moderne Tale en Kunste. Hy het in 1903 na Suid-Arika gekom as deel van Milner se 'Kindergarten' wat skole moes vestig en die onderwys moes struktureer met die oog op Milner se opset om die twee gewese republieke so gou moontlik te verengels. Toe die Transvaalse Universiteitskollege tot stand kom, is Paterson gewerf om die klasse in die Klassieke, Wysbegeerte en Hebreeus waar te neem. In 1916 word hy Registrateur en einde 1917 ook rektor van die TUK.

**Ebenezer MacMillan** was ook 'n seun van 'n Skotse Presbiteriaanse predikant. Hy het in Glasgow teologiese opleiding ontvang en ook 'n tyd in Marburg deurgebring. Na toetrede tot die bediening in 'n Skotse gemeente, aanvaar hy in 1917 die beroep na die St Andrews Gemeente in Pretoria. Hy is in 1918 deur die Transvaal University College op aanbeveling van die Presbiteriaanse Kerk benoem as deeltydse dosent in die Geskiedenis en Filosofie van die Godsdiens en het ook die lesings in die Ou-Testamentiesse vakke waargeneem.

### 18 April 1917

Die vraag of 'n hoogleraar in die teologie ook predikantswerk mag verrig, word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering behandel, wat soos volg besluit het:

> *dat een professor of emerituspredikant niet consulent kan zijn eener gemeente zie art 58,65,99.100 maar is van oordeel dat professoren en emeriti predikanten op verzoek van andere leraars en hun kerkraad onder hunne verantwoordelikheid de sacramenten kunnen bedienen, totdat de Algemene Vergadering hieromtrent bepalingen zullen hebben gemaakt.*

### 15 Mei 1917

*De Hervormer* publiseer 'n brief van student S.P. Engelbrecht uit Utrecht waarin hy 'n voorstel van dominee Van Belkum oor 'n fonds vir Teologiese Studie entoesiasties ondersteun.

### 11 September 1917

Die Senaat van die Transvaal University College besluit om by die Raad goedkeuring te vra vir die vorming van subkomitees vir die onderskeie departemente. Vir Teologie was dit professore Greyvenstein, Paterson en Reinink. As nuwe departement het Teologie op 14 November 1917 'n toekenning van £25 ontvang vir die aankoop van boeke.

### 27 September 1917

Die Kuratorium neem kennis van die bedanking van dominee C.W. du Toit weens swak gesondheid. Aandag is gegee aan die swak finansiële toestand van die opleidingsfonds en daar is besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kennis te gee dat die Kuratorium begroot het vir £1200 en dat daarvan nog net 'n klein gedeelte opbetaal is deur gemeentes, en te vra dat genoeg geld aan die kassier beskikbaar gestel word om die verpligtinge van die Kuratorium na te kom.

Voorts is besluit dat predikante en studente wat voorskotte ontvang het vir studie dit binne vyf jaar na die begin van hulle ampsbediening moet begin terugbetaal in gelyke driemaandelikse paaiemente en dat hulle voor die afbetaling 'n lewensversekeringspolis ten bedrae van die leningsbedrag aan die Kuratorium moet sedeer.

Kennis is verder met dank geneem dat 'n meneer Pritchard 'n boekeskenking aan die Teologiese afdeling van die biblioteek van TUC gedoen het. Op dieselfde dag, 27 September 1917, het dominee Van Belkum, skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Kommissie meegedeel dat S.P. Engelbrecht besluit het om nog twee jaar in Holland te bly om sy doktorale studie af te handel. Die vergadering het met instemming daarvan kennis geneem.

## ᔕ 1918

### 29 Januarie 1918

Die Jaarboek van die Transvaal University College vermeld in 1918 vir die eerste keer as personeel van Teologie vir J.H.J.A. Grevenstein en E. MacMillan. In 1918 het twee nuwe studente vir studie aangemeld, die tweeling J.G.M. en T.F.J. Dreyer van Potchefstroom. M.M.J. Basson het sy studie gestaak na 'n lang verskil met die Kuratorium oor die assuransie wat die studielenings moes dek en oor die houding en optrede van die kassier, J.A. Malherbe, teenoor hom. 'n Klein beroering het ontstaan toe die Kuratorium by monde van dominee Fourie verneem dat student P.J.J. Venter lesings in Hebreeus waarneem tydens die afwesigheid van professor Paterson. Dominee Fourie het gesê die Kuratorium kan nie sulke 'amateur-professortjies' toelaat nie. Professor Greyvenstein is gevra om dit onmiddellik stop te sit.

### 13 Maart 1918

Professor Greyvenstein het aan die Kuratorium verduidelik dat Paterson met verlof gegaan het en niemand kon kry om in sy plek waar te neem nie. Greyvenstein het hom toe aangeraai om Venter te vra om die jong studente te help, en het self geen beswaar daarteen gehad nie. Venter self het in 'n skrywe aan die skriba van die Kuratorium verduidelik dat hy geen lesings gegee het nie, maar net die studente gehelp het met die Hebreeuse grammatika. Fourie het hierop vlymskerp gereageer in 'n skrywe omdat hy self nie teenwoordig kon wees op die vergadering nie. Die Kuratorum het besluit dat hy die beginsel wil handhaaf dat geen student sal optree as professor nie.

### 14 Maart 1918

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die bedanking van dominee C.W. du Toit as lid van die Kuratorium en benoem dominee P.W. Ennis in sy plek.

## ᔕ 1919

### 05 Maart 1919

Die Kuratorium keur 'n konsep leerplan goed vir die BD studie.

- Eerste jaar kursus: Latyn, Grieks, Hollands of Engels, Natuurkunde of Sociologie of Geskiedenis.
- Tweede jaar kursus: Grieks (inbegrepen NT Grieks), Latyn of Hollands of Engels, Zielkunde, Logika, (een voorbereidend kursus in Hebreeus).
- Derde jaar kursus: NT Grieks, Hebreeus, Ethiek, Beginselen en geschiedenis der Metaphysika.

Studenten met BA beginnen hier:

- Vierdejaar kursus: O en NT Eksegese, Christelike Etiek, Kerkgeschiedenis, Bybelse Theologie, Geschiedenis van die godsdiensten en Psychologie van die godsdienst.
- Vyfde jaar kursus: O en NT Eksegese, Kerkgeschiedenis, Dogmengeschiedenis, Geschiedeis van die godsiensten, Wijsbegeerte vh Theïsme en van die Godsdienst, Christelike Apologethiek.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

*In het 4e of 5e jaar een sociologies onderwerp*
*BA kursus ter toelating tot het 4e jaar BD:*
*I. Grieks, Hollands, Latyn, Geologie*
*II. Grieks, Logika, Hollands, Zielkunde, (Hebreeus)*
*III. Grieks, Logika, Hebreeus, (Ethiek)*

'n Vraestel het bewaar gebly vir Bybelse Teologie, Nuwe Testament, Vierde Jaar, wat nie 'n datum noem nie. Sewe vrae moes beantwoord word:

*I. Wat verstaat gy onder deze tak van wetenschap en welke is haar verhouding tot de dogmatiek?*
*II. Geef een korte beschrijving van de godsdienstige opvattingen der Joden tydens het optreden van Jezus. Geef voorbeelden uit de Synoptici.*
*III. Hoe stond Jezus tegeover de wet? Hoe Paulus?*
*IV. Wat was het onderwijs van Jezus over den Heiligen Geest volgens Johannes? Vergelijk dit met de voorstelling der Synoptici.*
*V. Beschrijf de 'Rechtvaardigmaking' by Paulus.*
*VI. Vergelijk de opvatting van 'Geloof' by Paulus en by de schrijver van de Brief aan de Hebreeën.*
*VII. Wat leerde Jezus aangaande het 'Koninkrijk Gods'?*

**12 Junie 1919**
Die 39ste Algemene Kerkvergadering begin. Afvaardiging na die vergadering was nou beperk tot twee ouderlinge en een diaken per gemeente. Dominee L.E. Brandt is herkies as voorsitter, met dominee S. Vermooten as sekundus, dominee Jac van Belkum as skriba met dominee H.C.M. Fourie as sekundus. Vir die eerste keer het sitting geneem dominees H.D. van Broekhuizen wat in 1917 uit die Nederduits Gereformeerde gemeente Kuilsrivier na Pretoria beroep is, A.J. Barger wat in 1918 uit die Nederlandse gemeente Bovensmilde na Johannesburg beroep is as medeleraar van dominee Brandt, en P.J. Ebersohn wat in 1918 uit die Nederduits Gereformeerde Kerk na Lichtenburg beroep is. Dominee M.J. Goddefroy het in 1917 emeritaat aanvaar. Dominee K.T. van den Heever het teruggekeer na die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.

Op voordrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is op die Kuratorium verkies: Dominees L.E. Brandt, Jac van Belkum, P.W. Ennis, H.D. van Broekhuizen, en ouderlinge G.J. Engelbrecht, A.D.W. Wolmarans, J.A. Malherbe, J.H. Vorster en N.J. Campher. Dit val op dat dominee H.C.M. Fourie nie weer voorgedra en herkies is nie.

Die rapport van die Kuratorium is aanvaar. Daar is besluit dat die Kweekskoolfonds voortaan beheer sal word deur die nuut aangestelde Administrateur van die Kerk. 'n Versoek van ouderling J.A. Malherbe dat 'n bonus aan hom betaal word nadat hy die fonds vir 10 jaar beheer het, is nie toegestaan nie. Uit die verslag van professor Greyvenstein het geblyk dat student P.J.J. Venter van voorneme was om sy eerste kandidaatseksamen in die loop van die jaar te doen, dat H.P. Wolmarans die tweede jaar BD geslaag het en die Dreyer-broers die eerste jaar, terwyl P.S. Grobler Hollands en Wysbegeerte nie geslaag het nie. In die volgende vakke is gereeld lesings gegee: Eksegese O en N T, Biblica, Theisme, Geskiedenis van die Godsdienste, Wysbegeerte van die Godsdiens, Dogmatiek, Etiek (Wysgerige en Christelike), Kerkgeskiedenis, Wysbegeerte, Grieks (Klassiek en Hellenisties).

Hierdie Algemene Kerkvergadering het ook weer 'n lang bespreking gevoer oor die opleiding. Dit was na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Westelike Ring en ook 'n beskrywingspunt van dominee Van Broekhuizen wat Artikel 71 van die Kerkwet wou wysig. Dominee Vermooten het die bespreking ingelei en onder andere gesê:

> *Het geldt hier een levenskwestie. Het doel der prediking is de dienst des Woords en de opleiding tot leraars in de Nederduitse Hervormde Kerk moet tot dit doel voeren. Daarom vraag ik: Is het recht dat de leraren onzer Kerk nu worden opgeleid aan een Staatsinrichting? De oude Akademiën werden vroeger opgericht ten behoeve van de Kerk. Later zijn de Akademiën geworden staatscholen en is de opleiding tot leraren aan die scholen dikwels een mislukking, omdat ze neutraal zijn, wat men niet kan zijn. ... Theologie wordt alleen bestudeert door mannen, die leraars worden en daarom moet de Kerk hen doen leren. Groote mannen als Dr Bavinck, van Velden, Kuyper en Vos, zeggen dat de Kerk haar eigen school moet hebben. De Theologische Wetenschap is gebonden aan de Kerk, is geestelik, zaligend, kan niet staan onder andere wetenschappen, daarom kan zij niet gedoceerd worden aan het Transvaalse Universiteits Kollege. Ds MacMillan kan zich niet aan de belijdenis houden, omdat zijn Kerk er geen heeft.*

Later in die bespreking het dominee Vermooten ook nog gesê dat:

> *Potchefstroom as grootste en oudste gemeente reg het op die kweekskool; hy wil nie daar ineensmelting hê nie maar samewerking, omdat ons studente daar meer kans het as hier om as leraars gevorm te word.*

Komende van 'n persoon wat self sy opleiding aan die Ryksuniversiteit in Utrecht gehad het, was dominee Vermooten se uitsprake verbasend. Ouderling Hofland het dan ook dadelik gevra of dominee Vermooten sy besware ook gevoel het toe hy in Utrecht gestudeer het, en of sy professore minderwaardig was teenoor die van die Gereformeerde Kerke. Dominee Van Belkum het daarby aangesluit en het daarop gewys dat die Kweekskool in Potchefstroom ook staatsgeld ontvang. Sy standpunt was: '*Brede wetenschappelike ontwikkeling met geloof kan niet anders dan de kerk ten zegen zijn*'.

Dominee Van Broekhuizen het sy standpunt soos volg gestel:

> *Wij moeten een eigen kweekschool hebben. Al onze Kerken hebben die. Hier in Pretoria staan we alleen en zijn we vreemdelingen. Hier hebben wij geen mannen, die voor ons sympathie hebben. Hier is het een gebrouw van alle naties. Het geld hier een levenskwestie, geen godsdienst kwestie. ... Wetenschap is nodig, maar de mannen hier staan niet so hoog als die in Potchefstroom. Er zal een andere geest komen onder onze mensen, wanneer ze weten dat we onze eigen opleiding krijgen. Ook ik wil geen broeikast opleiding, maar als we geen eigen school kunnen hebben, laat ons dan naar Potchefstroom gaan, waar mannen zijn die dezelfde leer hebben als wij. Vragen we Ds MacMillan onze belijdenis te ondertekenen, dat zal hij niet kunnen doen, omdat hij er geen heeft. De trouwbreuk is begonnen bij het TUK, dat geen theologiese professor heeft benoemd.* [Om te beweer dat die kerk van John Knox geen belydenis het nie, was darem verregaande.]

Naas dominee Van Belkum het ook ander predikante soos Brandt, Barger, Kuhn, Strydom en Prinsloo hulle uitgespreek vir behoud van die opleiding aan die Transvaalse Universiteitskollege. Dominee S.J. Strydom se bydrae is soos volg genotuleer:

> *De broeders die naar Potchefstroom willen, verlangen dat we alleen formulier ondertekenaars zullen laten leren. Paulus heeft nooit formulieren ondertekend. Het is niet de vraag of we de formulieren kennen, maar of God ons kent en wij Hem. De oudere broeders leraars hebben onze Kerk door de grootste bezwaren heengebracht. Ze konden dat omdat zij de wereld kenden, die ze aan de Universiteiten hadden leren kennen. Wij kunnen geen dwaling bestrijden als we hen die de dwaling leren, niet kennen. Dr A. Kuyper heeft gestudeert in Leiden, waar alles geleerd werd en wordt, en juist daarom is hij de man geworden*

Article #922 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*die hij is. Laat ons van onze studenten geen jongetjes maken die opgepast moeten worden. Ook ik heb getwijfeld, maar Goddank, Hij heeft mij erdoor geholpen, omdat ik aan een universiteit was opgeleid.*

Belangwekkend was ook die bydrae van professor Greyvenstein:

*Ds Vermooten heeft zijn zaak goed bepleit als een advokaat, maar was eenzijdig. Ook ik kan autoriteiten aanhalen, even krachtig als de zijne, die pleiten voor universitaire opleiding. Laat ons niet bang worden voor mislukking. Er is in Holland mislukking, maar die is de schuld van de Kerk zelf, die haar studenten te grote vrijheid geeft. Ook wat maken we met een man die nooit twijfelde? In Art 123, het ondertekeningsformulier, hebben we waarborg genoeg. We moeten onze jonge mannen gelegenheid geven om te overwinnen. Men zegt het Universiteits Kollege heeft trouwbreuk gepleegd. Maar we hebben niet alleen daar ds MacMillan, ook Prof Dr Reinink, Prof Dr Paterson, de knapste man voor Hebreeuwsch in geheel Zuidafrika. Als wij de beschrijvingspunten aannemen, plegen wij trouwbreuk. We zijn in Petoria geen vreemdelingen; we worden als gelijken behandeld; ik heb zitting in de senaat; zij raadplegen mij; het lijkt mij of die twee broeders denken dat alleen ds MacMillan, en niet ik, invloed hebben op de studenten. Ze vergeten, dat ik met hen omga als vader met zijn kinders. Er is geen gevaar voor mislukking. Wij krijgen mannen gehard in de strijd, die de wereld kennen, toegerust tot het Evangelie, die ook omgaan met aanstaande advokaten, dokters, leraars aan scholen. Onze jonge mannen ondergaan niet alleen invloed, er gaat ook invloed van hen uit.*

Verskillende ouderlinge het ook die opleiding in Pretoria ondersteun.

J.J. Prinsloo van Erasmus het onder andere gesê: '*Opvoeding in kleine kringen is niet altijd gewenst. Tegenspoed en twijfel leert denken en onze Professor kan terecht helpen als er twijfel onstaat'.* Die besluit wat uiteindelik geneem is op voorstel J.J. Prinsloo, sekondant J.P. Prinsloo, het gelui:

*Deze vergadering besluit dat de Theologiese Kweekschool voor het tegenwoordige blijve waar hij is en zoals hij is. Dat echter zo spoedig mogelik, indien de financien het toelaten, nog een professor zal benoemd worden. De vergadering spreekt zich echter uit ten gunste van een eigen Kweekschool wanneer de financien daarvoor aanwesig zijn.*

Die voorstel van dominee Vermooten, sekondant dominee Van Broekhuizen, het net vyf stemme gekry. Dit het gelui:

*De vergadering, gelet hebbende op de grote gevaren verbonden voor onze Kerk, waar haar theologiese school gevestigd is aan een staatsuniversiteit, besluit, dat het ons ideaal is een kweekschool te hebben voor haar zelf. Aangezien dit echter op dit ogenblik niet mogelik is, besluit de vergadering haar kweekschool te verplaatsen naar Potchefstroom, waar in samenwerking met de kweekschool der Gereformeerde Kerk, die met ons op dezelfde belijdenis staat, onze studente zullen worden opgeleid.*

Pas na hierdie besluit het ouderling A.H. Koomans van Potchefstroom 'n onbestrede mosie voorgestel, gesekondeer deur dominee Van Broekhuizen, dat die kerk al sy kragte sal inspan om 'n tweede professor te benoem. Dit is aanvaar. Daarna het ouderling Koomans sy vroeëre aanbod herhaal om £50 vir die kweekskoolfonds te gee as daar nog 299 lidmate of groepe gevind kan word om dieselfde te doen. Dit is met dank aanvaar, en ouderling J.P. Prinsloo van Erasmus en P.L. Moolman het ook elkeen £50 belowe; die predikante gesamentlik £50. Die fonds was later bekend as die Koomansfonds, maar die gestelde doelwit is nooit bereik nie.

**22 Julie 1919**

Dominee Van Belkum word gekies as voorsitter van die Kuratorium, en dominee Brandt as skriba. Die vergadering het kennis geneem van die bedanking van ouderling J.A. Malherbe, die kassier. Verder is kennis geneem van die verslag van 'n kommissie wat ondersoek moes doen na die wyse waarop dominee MacMillan klas gee. Dominee Van Broekhuizen het verseker dat Macmillan heeltemal modern is. Die rapport het vermeld dat die saak op 'n misverstand berus, en is aangeneem. Hulp aan studente is beperk tot hoogstens £50 per jaar.

Die Kweekskool van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom het op 28 November 1919 sy 50 jarige bestaan herdenk. Dominee Van Belkum is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering afgevaardig om die groete van die Nederduitsch Hervormde Kerk by dié geleentheid oor te dra.

**29 November 1919**

Dominee Van Belkum dra die groete van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor by geleentheid van die halfeeufees van die Kweekskool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom.

**05 Desember 1919**

Ouderling H.J. Visser neem sitting op die Kuratorium nadat hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as lid benoem is. Die eerste Administrateur van die kerk, H.G.L.T.H. Roorda, was ook teenwoordig.

## ☙ 1920

**19 Februarie 1920**

Professor Greyvenstein neem sitting op die Senaat van die Transvaal University College, sy naam word weer in die notule van 27 Februarie 1920 vermeld maar daarna nie gou weer nie.

**26 Februarie 1920**

Op die vergadering van die Kuratorium is kennis geneem dat S.P. Engelbrecht sy doktorale eksamen in Utrecht met goeie gevolg afgelê het, en sy broer (ouderling G.J. Engelbrecht) het meegedeel dat hy hoop om teen die einde van die jaar terug te wees.

**27 Februarie 1920**

Die Senaat besluit om die benoeming van nog 'n professor in Teologie te verwys na 'n komitee bestaande uit professore Paterson, Greyvenstein en MacMillan. Die komitee het op 22 Maart 1920 aanbeveel dat die instelling van 'n voltydse professoraat in Ou Testamentiese Letterkunde, Teologie en Kerkgeskiedenis goedgekeur word. Die Senaat het dit goedgekeur vir deursending aan die Raad.

**15 April 1920**

Die Raad beluit: *'It was agreed to ask the Department for the appointment of a full-time professor in Theology (also to lecture in Hebrew).'*

**03 Junie 1920**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur goed dat £50 aan S.P. Engelbrecht op sy versoek bewillig word vir bylaes by sy proefskrif bestaande uit dokumente wat hy in Holland gevind het.

Ouderling Koomans sorg vir 'n lewendige bespreking. Hy het met C.J. Bodenstein as sekondant voorgestel:

*De Algemeene Commissie kennis genomen hebbende dat de volgende vakken aan onze studenten onderwezen worden door*

*professoren die niet tot ons volk behooren, onbekend met onze taal en tradieties, en bovendien geen lidmaten van een onzer drie Hollandsche kerken zijn, en zij zelf kunnen behoren tot eenige gosdsdienst of secte en zelfs geen geloof kunnen hebben, draagt de leden van het Curatorium op onmiddelijk maatregelen te nemen hierin verandering te bringen:*

- *professor MacMillan schrift-verklaring van het Oude Testament*
- *professor Paterson Hebreeuwsch*
- *professor Mc Fadyen Bovennatuurkunde [lees Metafisika] draagt den Scriba op onmiddelijk het Kuratorium byeen te roepen om deze saak te behandelen.*

By die bespreking van die voorstel is opgemerk dat dit net literariese vakke is en dat die hoofvakke deur professor Greyvenstein gegee word. Die voorstel is afgestem en die volgende aanvaar:

*Die Kommissie wens uit te spreek dat ook zij niet geheel tevreden is met de inrichten van de kweekschool zoals die nu is, en dat zij dus hoopt dat de kerk zich zal inspannen om deze beter te maken.*

**04 Junie 1920**

Die Kuratorium neem kennis dat dominee MacMillan op verlof gaan en dat sy klasse in Eksegese en Teologie waargeneem sal word deur die rektor, professor Paterson, en dominee S. Menzies. Die Kuratorium het ook kennis geneem dat P.J.J. Venter proponents-eksamen gedoen het.

**05 Junie 1920**

Ouderling Koomans het oor die jare 1920–1930 telkens gesorg vir lewendige onderonsies. Hy skryf aan die voorsitter van die Kuratorium en vra antwoorde op die volgende vrae:

I. *Waarom word van die teenswoordige studente 'n BA geëis nieteenstaande die predikantenood daar dit 2 jaar langer neem, en nie onmiddellik oorgegaan na matriek met Dogmatiek en Teologiese vakke.*
II. *Die name van die professore wat les gee aan ons studente in die verskillende vakke onder vermelding van vakke.*
III. *Wanneer die eerste predikant gereed is en vervolgens.*

Dominee Brandt, skriba van die Kuratorium, het op 7 April soos volg aan hom geskryf:

*Dank voor uw brief van 6 April. waaruit u bekende goede bedoeling spreekt. Het spijt mij evenwel op te merken dat daar bijna altijd in uw correspondentie een toon is van afkeurende critiek waardoor u den indruk geeft dat u andere menschen niet vetrouwt. Laat mij daarom beginnen met te zeggen dat uw brief van 5 Januarie behandeld is op de vergadering van het Kuratorium op 26 Februari dus byna twee maanden later. Toen is mij als scriba opgedragen van Professor Greyvenstein antwoord op uw vragen in te winnen. Op 11 Maart heb ik aan professor Greyvenstein geschreven en uw brieven aan hem gestuurd. Professor Greyvenstein heeft gemeend dat deze brieven op de vergadering van het Kuratorium behandeld zouden worden en zich dus niet gehaast daarop te antwoorden, totdat ik op ontvangst van uw brief van 26 Maart, op 30 Maart weer aan professor Greyvenstein geschreven heb en op 2 April zijn antwoord aan u gestuurd heb.*

Op 28 Mei stuur dominee Brandt dan vir Koomans 'n volledige opgawe van wie watter vakke onderrig, inligting wat hy persoonlik van professor Greyvenstein gekry het. Dit en ook die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 03 Junie 1920 het nog nie vir Koomans tevrede gestel nie. Op 28 Augustus 1920 skryf hy weer 'n lang brief aan dominee Brandt en vra hy 'n ondersoek na die dosente Paterson, Macmmillan, MacFadyen, Holloway en Reininck. Hy versoek antwoorde op die volgende vrae: 'maak of hulle bekend is met die belydenis van die kerk, of hulle almal van Christelike lewenswandel is, of deur hulle onderwys gegee word in die moedertaal van die studente'.

**15 Augustus 1920**

Die promotor vir die proefskrif van S.P. Engelbrecht, professor H.Th. Obbink, skryf 'n berig in *De Hervormer* oor die promosie op 02 Julie en beveel die proefskrif sterk aan.

## 1921

**04 Januarie 1921**

S.P. Engelbrecht, wat vroeg in Desember 1920 teruggekeer het en tuis was by sy familie op die plaas Witbank naby Morgenzon, doen proponentseksamen en word toegelaat tot die leraarsamp in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

**Stephanus Petrus Engelbrecht** was 'n seun van die Oos-Transvaalse Hoëveld, gebore op 21 Oktober 1891 as die dertiende en jongste kind van die Voortrekker Gerhardus Engelbrecht, wat twee keer getroud is, eers met Christina Johanna Sophia Dreyer en na haar dood met die weduwee Johanna Etresia Joubert, gebore Klopper. Stephanus is gedoop in Trichardtsfontein op 21 November 1891 deur dominee M.J. Goddefroy. Gerhardus Engelbrecht het in die Engelse oorlog gesneuwel in 'n geveg naby sy plaas Witbank by Morgenzon op 03 Junie 1901. Een van sy seuns het in Natal gesneuwel, en die gesin het in die oorlog alles verloor. Dit lei daartoe dat die jong Fanie opgeneem word in 'n weeshuis op Middelburg, gestig in 1902 deur dominee A.P. Burger vir oorlogweeskinders. Die moeder moes as weduwee en verarmde nogtans 'n bedrag van £1.10 per maand betaal vir sy onderhoud daar. Hy woon in hierdie tyd die Middelburgse Kerkskool by waar hy goed presteer. Hy was daar van September 1903 tot Desember 1904. Hierna woon hy agtereenvolgens die Heidelbergse Volkskool, die La Gratitude Skool op Blesbokspruit, die Rietvlei Skool en die Standerton Public School by. In 1911 word hy leerling in Boys High op Pretoria. Ondertussen het hy ook die Hollandse eksamens van die Zuid-Afrikaanse Taalbond afgelê in 1906, 1908 en 1909. Reeds op 15 Oktober 1909 verskyn in *De Hervormer* sy eerste bydrae tot die geskiedskrywing van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dominee Van Belkum was redakteur en uitgewer van *De Hervormer*, en dit sal ongetwyfeld hy wees wat die byna agtienjarige jongman aangemoedig het om op hierdie gebied belang te stel. In *De Hervormer* van 15 April 1911 maak Engelbrecht opmerkings oor die gebrekkige statistiek in die *Almanak* van 1911 en wys hy daarop dat dominee Biccard se naam ontbreek in die lys van predikante. Verder stel hy voor dat die Kuratorium iemand moet benoem om gemeentes te besoek om bydraes vir die kweekskool in te samel en die stigting van die kweekskool te verduidelik. In 1912 skryf Engelbrecht in by die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom en slaag die Matrikulasie-eksamen van die University of the Cape of Good Hope. In hierdie tyd korrespondeer hy met die Kuratorium oor die moontlikheid van die oprigting van 'n eie Kweekskool van die Nederduitsch Hervormde Kerk. In *De Hervormer* van 15 April 1913 verskyn 'n skrywe onder sy en D.J. Muller se name waarin hulle kritiek uitoefen op die optrede van dominee C.W. du Toit, wat dit bewerk het dat ouderling J.S. Perold herkies is as ouderling ten spyte van Perold se voorwaarde dat hy nie sal instaan vir die 2/6 vir die kweekskool nie. Dominee Du Toit het in die gemeente duidelik sy teenstand teen die gedagte van 'n eie kweekskool laat blyk. Die skrywe sluit af met die woorde:

*Neen mijnheer de Redakteur, wij hebben genoeg van de strevers geest en het methodisme! Wij wensen de voetstappen der voortrekkers te volgen, die niet alleen vrij willen zijn van*

> *het Engels bestuur, maar ook los van de Kaapse Synode. De methodistiese geest die in onze kerk is, hoe klein ook, doet ons genoeg kwaad.* [Opmerklik voeg die redakteur van *De Hervormer* onderaan die brief by: '*Wij hebben enkele woorden geschrapt*.']

Engelbrecht ontvang onder andere die volgende skrywe van dominee H.C.M. Fourie, skriba van die Kuratorium, gedateer 20 April 1913:

> *a. Het komt het Kuratorium voor dat het niet mogelik zal zijn het volgend jaar reeds een begin te maken met een eigen opleiding tot het predikamt in de Nederduitsch Hervormde Kerk. b. Daar u van plan is naar Europa te gaan voor verder studie is het Kuratorium van mening dat u alleen die literarische klasse moet volgen. c. Het Kuratorium zal u een ondersteuning geven van £50 per jaar, alleen zolang de theologische opleiding in ZA nog niet definitief is vasgesteld.*

Tien dae later op 30 April, skryf Fourie weer, blykbaar in antwoord op 'n navraag van Engelbrecht:

> *Het Kuratorium heeft niet gesproken over een of tweejarige kursus literarischen klas; maar eenvoudig de vakken met die voor intermediair eksamen vergeleken en toen is het voor de studie beter gebleken nu de literariese vakken aan te raden. Hoelang? dit moet u self weten. Het lijkt mij persoonlik wenslik voor u en anderen die klasse te loopen en dan naar Holland te gaan. Ze hebben u op mijn voorstel £50 per jaar toegestaan. Ik wilde onvoorwaardelik, maar ik ben overstemd geworden. Nu is de conditie er by: als u in Holland besig is en de school wordt hier opgericht dan moet u hierheen komen om hier af te studeren. Daar ben ik tegen. Ik ben met u eens om niet terug te komen maar daar eenmaal zijnde ook daar af te studeren. Maar, maak u daarover niet bezorgd, ik zal daarvoor blijven strijden als het eenmaal zover mocht komen. Maar laat ik u nu oprecht behandelen. Luister toch niet naar degenen die u wijsmaken dat onse opleiding overmorgen zal beginnnen. U wordt misleid. Eerlik gezegd, hoop daar niet op maar baan zelf uw weg; ga naar Holland en studeer. Die hoop stuurt uw studie in de war. Want in de eerste jaren kan geen begin gemaakt worden, ten minste geen goed begin. En voor een slecht en prullig begin ben ik niet. Ik heb te veel liefde en respekt voor de kinders van mijn volk om hen met een soort school af te schepen. Ik zal mij met alle macht ertegen verzetten. Darentegen voor een goede en degelike opleiding zal ik altijd werken. We trachten die tot stand te brengen. Als u van plan is naar Holland te gaan kom mij dan nog eens in een vakantie zien. Wil u na die tweejarigen kursus by my komen ook goed; maar beter is een universiteit zelf te bezoeken. Ik zal myn best doen maar u begryp ik kan nooit ook maar in de verste verte doen wat 5-7 professoren doen dat is luce clarius en bovendien, verandering van spijze maakt eetlust. Een persoon verveelt banja gou.*

In *De Hervormer van* 15 Julie 1913 verskyn 'n brief van Engelbrecht waarin hy wys op die belangrikheid van die datum 08 Augustus, die datum waarop in 1853 die eerste Algemene Kerkvergadering geopen is. Hierdie brief vertoon 'n uitgebreide kennis van die geskiedenis wat voorafgegaan het en 'n verbasende kennis van die bronne. Engelbrecht het op 14 Augustus 1913 per skip, die Durham Castle, uit Durban na Holland vertrek, daar aangekom op 10 September, en is op 30 September ingeskryf as student in Utrecht. Daar het hy ononderbroke gestudeer tot in 1920. Danksy 'n dagboek wat strek van 05 Junie 1913 tot 08 Januarie 1916 is heelwat besonderhede bekend oor die einde van sy verblyf in Potchefstroom, 'n tydjie by sy familie daarna en die eerste jare van verblyf in Nederland. In daardie eerste jare in Holland het hy en S. Vermooten goeie vriende geword. Vermooten het hom kom ontmoet ná sy aankoms in Holland, en hulle was dikwels in mekaar se geselskap.

D.F. Erasmus was in dié tyd ook in Holland, en hulle paaie het ook gekruis. Engelbrecht was 'n tydlank lid van die studentevereniging 'Unitas Studiosorum Rheno-Trajectina', die studentekorps Voetius, later van die Utrechtse Studentencorps en die Teologiese Vereniging Secor Dabar. In die *Utrechts Studenten Weekblad Vox Studiosorum* het verskillende bydraes van hom verskyn. Gedurende 1916 was hy sekretaris van die Utrechtse Studenten Afdeling van die Algemeen Nederlandsch Verbond. Op 19 Junie 1914 het hy die propaedeutiese eksamen met goeie gevolg afgehandel. Die uitbreek en verloop van die eerste wêreldoorlog, 1914–1918, het gelukkig nie sy studie gestrem nie. Naas sy normale studie het hy elke geleentheid gebruik om in argiewe materiaal te versamel wat in verband staan met die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Op 07 Desember 1916 het hy die kandidaatseksamen met goeie gevolg afgelê. Aan die begin van daardie jaar, op 06 Januarie, is sy moeder oorlede. Hy het die tyding ontvang op 08 Januarie, wat ook die laaste dag van aantekening in die dagboek was. Sy eerste preek het hy op 10 Januarie 1917 gehou in die gemeente Nieuw Loosdrecht.

Vroeg in 1917 verskyn in S*temmen voor Waarheid en Vrede* die belangwekkende artikel wat beskou kan word as sy debuut op die gebied van die kerkgeskiedskrywing wat sy lewe in beslag sou neem, naamlik 'Een Histories-Kritiese Onderzoek Histories Krities Onderzocht'. Dit was 'n reaksie op die boek van dominee C. Spoelstra *Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek Historisch kritisch onderzocht*, wat by die uitgewer J.H. Kok in Kampen verskyn het. Engelbrecht het in sy artikel laat blyk dat hy die bronne van die kerk- en staatkundige geskiedenis van die Boere-republieke volkome beheers en sy skerpsinnigheid gedemonstreer. Professor P.J. Muller het op 09 April 1917 hom soos volg uitgelaat oor die bydrae:

> *Amice... Ge hebt terecht de beweringen van Ds S. flink onder handen genomen en na uw betoog valt m.i. weinig meer te zeggen ...In verband met uw hist.krit. onderzoek voel ik mij gedrongen te vragen: Zou er nu werkelijk geen mogelikheid zijn om vóór uw vertrek naar ZA nog doctoraal te doen en te promoveren? Of althans alleen doctoraal? 't Zouw zoo goed zijn voor uw toekomst. ... Ik kan de bezwaren zien, die u in de weg staan, maar zoo 't enkel finantiële bezwaren zijn dan zou de ZA Vereeniging dunkt mij wel willen bijspringen.*

Engelbrecht het besluit om die doktorale studie in Utrecht te voltooi, en die sewejarige verblyf in Nederland het hom uiteindelik met 'n swaar studieskuld gelaat waarmee hy nog baie jare sou moes worstel. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 27 September 1917 met instemming kennis geneem by monde van die skriba, dominee Van Belkum, dat Engelbrecht nog twee jaar in Holland wil bly vir die doktorale studie. Op 06 Maart 1918 het hy 'n proefpreek gehou in die Pieterskerk in Utrecht oor Hebreërs 13:8. Dit het plaasgevind onder die voorsitterskap van professor J.R. Slotemaker de Bruine. Engelbrecht se lang verblyf in Nederland het hom kultureel sterk beïnvloed. Daarvan is die volgende tekenend, uit 'n brief wat hy in 1920 van 'n Hollandse vriend, Boudewyn Spykerboer, ontvang het wat hom gelukgewens het met sy 29ste verjaarsdag, kort voor sy huwelik:

> *T'is me nog een raadsel hoe iemand als jij zoo door en door Hollander bent, en dat al waard in 1913. Van m'n meeste kennissen en vrienden sta ik mijlen verder af dan van jou. Als jij bij ons thuis waard, dan 'paste' jij heelemaal in die sfeer.*

Engelbrecht het sy proefskrif verdedig op 02 Julie 1920. Sy promotor was professor H.Th. Obbink, wat dié taak oorgeneem het by professor Van Veen wat hom weens siekte daaraan moes onttrek. Die proefskrif was getitel *Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika sedert de Groote Trek tot aan de*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

*Eerste Annexatie van Transvaal*. Eerste Stuk. Vir die promosie self is slegs die eerste vier hoofstukke tesame met die stellings gedruk by J.H. De Bussy. Die volledige werk, met sewe hoofstukke en 54 bylaes, het eweneens by J.H. de Bussy, Amsterdam en Pretoria 1920, verskyn. In die voorwoord tot die proefskrif kom naas die akademiese dankbetuigings die volgende voor:

> *Het was op 23 Mei 1917, toen ik te Amerongen de gast was van U, Hooggeachte Dr Leyds. Een gesprek met U op die dag had het gevolg, dat ik niet in dat jaar ben gerepatrieerd; dit stemt tot dankbaarheid, evenals het U voldoening geeft.*
> *Nu ik straks Nederland ga verlaten, roep ik mijn vele vrienden in alle delen des Lands een hartelik vaarwel toe. In mijn zevenjarige verblijf hier te lande heb ik Holland leren liefhebben, en ben ik zeer gehecht geworden aan dit oude Moederland, het Landeke aan de monden van de Rijn en de Maas, dat zulk een verheven plaats in de wereldgeschiedenis inneeemt. Mijn hele leven door zal ik het vele goede en schone, dat ik hier ontvangen mocht, blijven gedenken.*

Die bylaes by Deel I van die Geschiedenis soos dit in 1920 gepubliseer is, bly steeds waardevolle bronne. Baie daarvan kom uit die Lauts-argief wat in besit van doktor W.J. Leyds was, baie ook uit verskillende argivale versamelings in Holland wat met groot sorg met die hand gekopieer is. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 03 Junie 1920 besluit om Engelbrecht daarvoor ʻn voorskot te gee. Hierdie Deel I het gestrek tot met die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in 1859. Tydens sy verblyf in Holland is hy getroud met Maria Jacoba Helena Gerretsen.

### 15 Januarie 1921

Dominee Van Belkum skryf ʻn resensie in *De Hervormer* van S.P. Engelbrecht se *Geschiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika.*

### 14 April 1921

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om S.P. Engelbrecht te orden sodat hy sakramente kan bedien. Die ordening moes waargeneem word deur die voorsitter in die kerkgebou van Pretoria. Engelbrecht is beroep na Lichtenburg en na Marico maar het die beroepe bedank omdat hy intussen aangestel is as lektor in die Transvaalse Universiteitskollege. Die notule van die Raad van die Transvaal University College op 21 April 1921 meld: ʻ*It was resolved to recommend the confirmation of the Rector's action in the matter of the emergency appointment of dr Engelbrecht in Church History and History of Dogma*'. Die aanstellingsbrief is gedateer 25 April 1921 maar dit meld dat die aanstelling geld vanaf 01 April.

### 15 April 1921

In ʻn berig in *De Hervormer* oor nagmaalsviering in Heidelberg verskyn die volgende:

> *Een goede gebeurtenis was dat de gemeente in haar midden mocht hebben de kandidaat HP Wolmarans, die Zondagmorgen en avond preekte. Evenals de kandidaat PJJ Venter in Desember heeft ook de heer Wolmarans een zeer goed indruk gemaakt. Zijn prediking was ernstig en stichtelik. Heidelbergs gemeente is overtuigd niet alleen dat opleiding onzer jonge mensen voor de kerk noodig en heilzaam is, maar heeft ook nu de zekerheid dat hun opleiding in Pretoria goed is.*

Die Kuratorium neem kennis van die aanstelling van Engelbrecht en benoem hom ook as professor vanweë die kerk met ingang 01 Januarie 1922 en met opdrag dat hy Kerkgeskiedenis, Kerkreg, Dogmatiek, Geskiedenis en Filosofie van die Godsdiens en Bybelse Teologie sal doseer. 'n Bonus van £100 is toegeken aan professor Greyvenstein vir sy besondere verdienste in verband met die aanstelling van doktor Engelbrecht.

Hierdie verloop van sake het protes uitgelok van ouderling A.H. Koomans wat nie teenwoordig was toe die Kommissie op 14 April besluit het om Engelbrecht te orden nie. Koomans het op 20 April 1921 aan al die predikante geskryf en hulle mening gevra oor die voorgenome ordening en ʻn moontlike wysiging van die bevestigingsformulier vir dié doel. Op 30 April 1921 skryf Koomans dan aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onder andere soos volg:

> *Laat ik u eerst opmerken dat ik niets tegen de persoon van dr Engelbrecht heb, daar men mij waarschijnlik zou kunnen verdenken, maar ik wil dat de Hervormde Kerk vrij blijft van eenige vlek of besmetting, opdat zij haar licht kan laten schijnen en gebaseerd blijft op de wet van haar voorouders. Het besluit genomen, zou door mij niet goedgekeurd zijn, wanneer ik ter vergadering was geweest, daar ik voelde dat het tegenstrijdig is tegen het Kerkenrecht en het lezen van de formulier, vroeg ik mij zelfs af , wie zal machtiging geven om dit te wijzigen, niet de Algemeene Commissie, maar de Algemene Vergadering.*
> *Het spijt mij dan ook zeer wederom mijn stem te moet laten hooren bijn deze protes aan te teekenen tegen het bevestiging van dr E. ... Ten zeerste betreur ik dit, het is mij onmogelijk om stil te blyven waar onregelmatigheden plaats vinden, ik zal en blijven protesteeren, dat is door mij getoond tijdens de onregelmatigheden der Kweekschool en het geen ook nu plaats vind. ... De wijziging van het Formulier is een der gevaarlikste zaken, dien ooit in een kerk kan plaats vinden en waar een protest van vele zal getoond worden. Mijn opinie is, dat de Algemeene Vergadering het recht alleen heeft om machtiging te geven voor de bevestiging van dr Engelbrecht en dat ook die Hoog Eerw Vergadering de leiding zal aangeven op welke wijze het formulier zal gewijzigd worden en aan de Voorzitter der Vergadering machtiging geeft , dat zijn Ed alleen door opleggen der handen geordend zal worden.*

### 23–24 April 1921

S.P. Engelbrecht preek in Trichardsfontein by die nagmaalsgeleentheid. Ouderling W.A. van Schalkwyk skryf in *De Hervormer* van 15 Mei:

> *Dit was vir die gemeente Trichardsfontein een grote voorreg om dr Engelbrecht in hulle midde te hê want sijn ouers was lidmaat van die gemeente en hy self is hier gedoop in 1891, ons kan ook sê dit is been van ons been en vlees van ons vlees.*

### 26 April 1921

Dominee H.C.M. Fourie vertrek na Holland vir afhandeling van sy promosie

### 19 Mei 1921

Die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gee die bespreking en gevoelens weer oor die verskille rondom die bevestiging van S.P. Engelbrecht as predikant. [Naas lede van die Kommissie was ook teenwoordig professore Greyvenstein en Engelbrecht, dominee S. Vermooten en D.F. Erasmus]:

> *Aan de orde een protest van Br AH Koomans tegen de ordening van professor SP Engelbrecht als leraar. Dr van Broekhuizen vindt het jammer dat dr Engelbrecht niet eenigen tijd als predikant heeft gediend. Hy kan egter geordend worden met het oog op sommige werkkringen, bv in de vacante gemeenten. De behoefte aan leraars in onze kerk is zeer groot en daarom is deze ordening voor de kerk noodzakelijk. Dr Engelbrecht kan voor de kerk ook in dit opzicht van groote hulp wezen. Ds Kuhn acht de ordening ook zeer noodzakelijk met het oog op het gebrek aan leraars en de nood der vacante gemeenten. Dr Greyvenstein meent dat hy de verantwoordelikheid op zich neemt voor de benoeming van dr Engelbrecht als lector aan de Universiteits College te Pretoria. Zijne benoeming was noodig omdat hyzelf hulp noodig had en*

*het in belang was van onze kerk. ZHGel acht die benoeming een eer voor onze kerk.*

*De Scriba zegt dat hij het jammer vindt dat in ons land en in onze kerk, wanneer iemandt iets bestrijdt, altyd gezegt wordt 'ik heb tegen de persoon niets.' Waartoe is het noodig dat te zeggen? Wij worden toch geacht, vooral in de kerk, voor beginselen op te treden of die te bestrijden en niet voor personen. Bovendien is groote verwarring in deze saak. Dr Engelbrecht wordt niet in eene gemeente bevestigd maar geordend als leraar opdat hij bevoegd is in voorkomende gevallen de scramenten te kunnen bedienen in vacante gemeenten, of in plaats van de andere leraars. Aan die hulp hebben wij zeer groote behoefte. In de dagen van de Oost-Indiche Compagnie werden alle naar Zuid-Afrika uitgesonden leraars als zij noch Candidaten waren door de Classis Amterdam geordend en dan hier bevestigd in de gemeenten die zij dienden. De Weleerw heeren Murray, professor Hofmeyer en anderen zijn ook op die wijze in Holland geordend. Dr Engelbrecht is als Candidaat tot de Heilige Dienst toegelaten en wordt hy geordend als Bedienaar des Woords.*

*Br J.J. Prinsloo wijst op de Notulen der vorige Algemene Vergadering bladzij 66 waar wij lezen: dat professoren wel het Evangelie kunnen prediken en de Sacramenten bedienen, maar niet als konsulenten kunnen optreden. Om dit te kunnen doen moet dr Engelbrecht eerst geordend worden.*

*Br J.H. Vorster verheugd zich dat dr Engelbrecht als professor is benoemd. Wy kunnen iemand inzegenen om predikantswerk te kunnen doen. Waarom zullen wij zijne hulp niet inroepen. Wij hebben de recht en de macht om dit te doen.*

*Br Koomans wijst op zijn klachtbrief van April 1920. Hy meent dat om die te verijdelen, de Commissie Dr Engelbrecht heeft laten benoemen aan het Transvaalsche Universiteits College. Dr Engelbrecht is een speelbal der Commissie geworden.*

*Professor dr Greyvenstein zegt dat dr Engelbrecht volstrekt niet de speelbal is der Commissie. ZHoog Geleerde heeft zich beschikbaar gesteld om in Potchefstroom de brief van br Koomans te bespreken in de gemeentevergadering maar men heeft hem nooit daarna gevraagd.*

*Br G.J. Engelbrecht beschouwt de professoraat van dr Engelbrecht voor de kerk noodzakelijk en dringend; even zo noodig met het oog op den toestand van vele gemeenten zijn ordening.*

*Ds Vermooten geeft zijne sienswijse in zijn brief en zegt: het is geen persoonlik zaak. Dr Van Broekhuizen verklaart ook dat professor dr Greyvenstein hulp moest krijgen maar blijft bij het jammer te vinden dat dr Engelbrecht niet een paar jaar praktisch werk heeft gedaan. Wy moeten het formulier ernstig nagaan om dr Engelbrecht niets te laten beloven wat hij niet kan nakomen.*

*Br van der Merwe zegt dit ook.*

*De Voorzitter vraagt br Koomans de woorden terug te trekken dat dr Engelbrecht is de speelbal geworden van de Commissie en de Curatorium. Dat is ene beschuldiging die indien waar deze liggamen beletten verder te dienen.*

*Br Koomans weigert terug te trekken. Ds Kuhn stel voor gesecondeerd door br van der Merwe het vorige besluit van de Commissie te handhaven en de voorzitter op te dragen dr Engelbrecht op een Zondagavond in de kerk te Pretoria te ordenen. Aangenomen met tegenstem van br Koomans. De ordening wordt bepaald op Zondag 29 Mei a.s. met goedvinden van den plaatselijke leraar Dr Van Broekhuizen.*

Hierdie besluit het gelei tot die bedanking van dominee Vermooten as sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en dus ook as voorsitter van die Kommissie in die afwesigheid van dominee Brandt. Die Kommissie het dominee Van Broekhuizen versoek om by dominee Vermooten aan te dring dat hy die bedanking terugtrek. Van Broekhuizen kon op 09 September 1921 rapporteer dat dominee Vermooten wel sy bedanking teruggetrek het.

In hierdie verband kan ons die bondige oorsig van S.P. Engelbrecht aanhaal wat hy in die Kerkargief gelaat het:

*Die heer AH Koomans het in Potchefstroom gewoon waar hy 'n boekhandel gehad het. Ook was hy ouderling van die Ned Hervormde Gemeente. Hy het wel hart gehad vir die Hervormde Kerk. Ook was hy een van die eienaars van die politieke blad Het Westen. In sy optrede kon hy soms baie onbeleefd wees en het hy 'n gebrek aan innerlike beskaafdheid verraai. Hy was 'n groot voorstander van die oprigting van 'n eie opleiding... As boekhandelaar het hy goeie besigheid met die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom gedoen. En daarom was hy 'n vurige voorstander daarvan dat die Teologiese Skool van die Hervormde Kerk ook in Potchefstroom moes kom, en wou hy samewerking in hierdie verband met die Gereformeerde Kerk soek... Van toe af* [01 April 1917, met die vestiging van die opleiding in Pretoria] *het die heer Koomans begin agiteer in Westelike Transvaal waar hy deur sy koerant Het Westen 'n bepaalde invloed gehad het, om die opleiding van Pretoria na Potchefstroom te verskuif. ... In 1919 het die Westelike Ring in die gees van die heer Koomans die volgende beskrywingspunt by die Algemene Kerkvergadering ingedien:*

*Het Kuratorium der Theologische Kweekschool berame plannen om de opleiding van predikanten voor eigen rekening te nemen en geheel af te scheiden van een Goevernements inrichting hetzy door aansluiting by de Theologische Kweekschool der Gereformeerde Kerk te Potchefstroom of anderzins.*

En die kerkraad van Potchefstroom waar dominee Vermooten predikant was en die heer Koomans ouderling, het die volgende beskrywingspunt by die Algemene Kerkvergadering ingedien:

*Stappen te nemen om de Theologische Kweekschool in verband met dit Kerkgenootschap naar Potchefstroom te verplaatsen*

*Dominee Vermooten wat toe predikant in Potchefstroom was, het hierdie agitasie kragtig gesteun.*

*Toe ek nog in Holland gestudeer het, het ds Vermooten my meermale per brief probeer oorhaal vir sy pro Potchefstroom koers, maar ek het hom duidelik laat verstaan dat ek nie ten gunste van soiets is nie. Toe ek in November 1920 uit Holland terugkom het die heer Koomans en dominee Vermooten graag gesien dat ek met Kersfees na Potchefstroom vir die nagmaalsdienste sou gaan maar ek was pas terug en verskillende familielede sou met Kersfees en Nuwejaar na die distrik Standerton gaan waar ek op die ouerlike plaas by my suster was. Die heer Koomans het my dan ook op 13 Desember geskryf:*

*'Het spijt mij dat gij met kerstmis nachtmaal niet hier kan zijn. Ik had gehoopt je hier zal komen prediken en om verder over verschillende belangrijke zaken te spreken' ...*

*Dit was niks anders as dat ek vir die Potchefstrooms gewen moes word en dus deur die heer Koomans 'op hoogte gebring moes word.' Ek het my egter dadelik onomwonde uitgespreek dat ek nie 'n voorstander is om onse opleiding van Pretoria na Potchefstroom te verplaas nie, en sodoende te maak dat die Hervormde Kerk 'n bywoner van die Gereformeerde Kerk sou word. Maar dit het my die vyandskap van die heer Koomans op die hals gehaal, want hy was bitter teleurgesteld dat ek hom nie wou steun nie. Dit het ook 'n verwydering tussen ds Vermooten en my gebring.*

Blykens die briewe waarna Engelbrecht verwys, was daar aanvanklik 'n hartlike verhouding tussen hom en sowel Koomans as Vermooten. Koomans skryf op 13 Desember 1920 aan 'Waarde Fanie', en Vermooten begin sy briewe met 'Amice'. Die hartlike verhouding met Vermooten wat in die studiejare in Holland beslag gekry het, het egter nie die storms van die kerklike gang weerstaan nie.

**29 Mei 1921**

S.P. Engelbrecht word georden deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, dominee L.E. Brandt. Ander

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

predikante wat aan die handoplegging deelgeneem het, was Van Belkum, Van Broekhuizen, Alers en professor Greyvenstein.

**10 Augustus 1921**

S.P. Engelbrecht se naam verskyn die eerste keer in die Senaatsnotule. Greyvenstein, wat volgens eie verklaring in 1919 wel sitting op die Senaat gehad het, se naam verskyn eers weer op 09 Februarie 1923. Die Fakulteit Teologie was volgens die Jaarboek van 1922 soos volg saamgestel:

*Hebreeus - AC Paterson*
*Grieks - H Reinink*
*Geskiedenis en sielkunde van die Godsdiens - E MacMillan*
*Nuwe Testamentiese Eksegese - JHJA Greyvenstein*
*Sosiale Ekonomie - JE Holloway*
*Metafisika - WA Macfadyen*
*Kerkgeskiedenis en Geskiedenis van die Dogma - Senior Lektor SP Engelbrecht, Lektor CHS Rünge*
In die 1922 Jaarboek lyk die prentjie só:
*Hebreeus en OT Eksegese - AC Paterson*
*Nuwe Testament Godgeleerdheid en Eksegese - JHJA Greyvenstein*
*Ou Testament Godgeleerdheid en Eksegese; Kerkgekiedenis en Geskiedenis van Dogma - SP Engelbrecht*
*Apologetiek - E MacMillan*
*Wysbegeerte van die Godsdiens - CHS Rünge*
*Grieks - H Reinink*
*Metafisika - WA Macfadyen*
*Sosiale Ekonomie - JE Holloway*

**29 September 1921**

Dominee H.C.M. Fourie promoveer met lof in Utrecht tot doktor in die teologie met 'n proefskrif *De Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sociaal leven.*

**02 Desember 1921**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering weier 'n versoek van die kerkraad van Pretoria wat dispensasie vra vir die verkiesing van S.P. Engelbrecht as ouderling, terwyl hy nog nie 35 jaar oud is soos die Kerkwet vereis nie.

## ᔕ 1922

**15 Februarie 1922**

*De Hervormer* berig dat S.P. Engelbrecht benoem is as lid van die Historiese Genootskap van Utrecht. Dominee S. Vermooten skryf oor die mislukking van die Koomansfonds. Van die gehoopte £15 000 is nog geen £2200 ontvang.

**09 Maart 1922**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering spreek die wens uit dat die kerklike eksamen voortaan afgelê sal word drie maande na die BD Eksamen en die proponentseksamen drie maande daarna.

**22 Maart 1922**

Die Senaat van die Transvaalse Universiteitskollege aanvaar eenparig 'n mosie van professor W.P. de Villiers dat 'n komitee benoem word om die mosie te ondersteun dat die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk twee teologiese professore aan die Transvaalse Universiteitskollege benoem. De Villiers self, professor Du Toit Malherbe en doktor Engelbrecht [was dit moontlik S.P.?] is op die komitee benoem. Dit is onbekend of daar 'n verdere verloop was.

**15 Mei 1922**

Dominee S. Vermooten as voorsitter van die hoofbestuur en F. Postma as organiseerder skryf in *De Hervormer* namens die Vereniging van Christelike Hoër Onderwys oor die voorstel wat sal dien op die sinode van die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk oor die stiging van 'n Christelike Nasionale Universiteit en oor die gewetensklousule.

**14 Julie 1922**

Op sy laaste byeenkoms voor die Algemene Kerkvergadering, besluit die Kuratorium onder andere dat in die toekoms een of albei professore teenwoordig moet wees om inligting te gee. Daar was op die stadium ag studente: die Dreyers, P.S. Grobler, J.F. Brits, C.H. Rautenbach, A.J.G. Oosthuizen, R.J. Coertze en J. Strydom. Die professore het 'n gewysigde leerplan voorgelê wat die studie verleng het na ses jaar, en die Kuratorium het dit aanvaar vir voorlegging aan die Algemene Kerkvergadering.

Op hierdie vergadering het ouderling Wolmarans afskeid geneem van die Kuratorium omdat hy nie meer ouderling is nie. Hy het onder andere gesê: '*Wij moeten onze predikanten self opleiden en daarvoor moeten wy ons sterk maken en vragen naar de oude paden van de Voortrekkers.'* In sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering het die Kuratorium vermeld dat ondersteuning aan studente toegestaan is,

> *na grondig onderzoek naar de bekwaamheid en geschiktheid der aanvragers, zoodat wij verzekerd kunnen zijn dat alleen jonge mannen die verdienen geholpen te worden en van wie verwacht kan worden dat zij een aanwinst voor de kerk en voor de Evangelie bediening zullen zijn, financieel gesteund worden.*

**15 Julie 1922**

Ds van Belkum skryf in *De Hervormer* oor 'Kweekschool of Universiteit'.

**27 Julie 1922**

Die 40ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Die uittredende voorsitter, dominee L.E. Brandt, spreek 'n openingsrede uit na aanleiding van Markus 6:37 en sê onder andere:

> *Waarom laten wij in de kerk zoveel over aan het toeval, waarom zijn wij in de kerk zo slordig? Waarom is er geen betere oganisatie op alle gebied in de kerk? ... In de meeste gemeenten zijn de archieven wanhopig in de war, zelfs ook de registers en notulenboeken van enkele gemeenten... God is een God van orde; in de hele schepping is er orde en de kerk behoort een model te zijn van orde. Er is veel te veel by ons vrijwilligheid, die overslaat in onwilligheid en losbandigheid en ordeloosheid. ... Onze Theologische Kweekschool vraagt om uitbreiding; vele jonge mannen bieden zich aan om te leren voor predikant, wij hebben nog een derde professor noodig, onze arme blanken op de delverijen en de kampen roepen om hulp en bearbeiding...*

As voorsitter is verkies dominee L.E. Brandt, met dominee S. Vermooten as sekundus, as skriba dominee H.C.M. Fourie. Fourie het geweier om die verkiesing te aanvaar en die vergadering het hom onthef van die verkiesing. Dominee A.J. Barger is toe verkies as skriba. Daarop het dominee Vermooten ook ontslag gevra as sekundus vir die voorsitter, en is hy deur die vergadering onthef, waarop dominee J.J. Prinsloo as sekundus vir die voorsitter verkies is. Dit was die nawerking van die beroeringe in die gemeente Erasmus rondom die deelname van Fourie aan die rebellie, en die optrede van dominee Brandt daar as voorsitter. Fourie wou kennelik nie met Brandt saamwerk nie. Nietemin is later in die vergadering as predikantlede verkies dominee Van Belkum, met dominee Fourie as sekundus, en dominee Vermooten, met dominee Kuhn as sekundus.

Op hierdie vergadering het naas S.P. Engelbrecht ook nog die eerste afgestudeerdes van die Teologiese Fakulteit aan die Transvaal

Article #922 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

University College sitting geneem. Hulle was P.J.J. Venter wat op 18 Junie 1921 georden is op Lichtenburg, P.S. Grobler, georden 28 Mei 1922 op Krugersdorp, en H.P. Wolmarans, georden 08 Julie 1922 op Zeerust. Nog 'n nuwe predikant uit Holland was teenwoordig, dominee G.E. Alers wat uit Monnikendam na Germiston beroep is en op 21 Mei 1921 daar bevestig is. Dominee W.P.J. Poen, 'n oud-priester van die Roomse Kerk, was pas toegelaat tot die bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk en het as predikant van Pietersburg sitting geneem. Dominee A. Murray het in 1921 emeritaat aanvaar. Dominee P. van Drimmelen is in 1919 oorlede tydens 'n besoek aan die lidmate in Angola. Dominee P.J. Ebersohn het teruggekeer na die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk.

Na aanleiding van die verslae van die Kuratorium en die professore is bespreking gevoer oor die bedroewende toestand van die kweekskoolfonds. Daar is besluit om sodra die fonds dit toelaat, 'n derde professor te benoem. Die professore het gerapporteer dat die studente van die kerk 'n leidende rol inneem onder die studente en dat hulle goeie invloed het veral deur die plek wat hulle inneem in die CSV. Daaroor is bespreking gevoer en op voorstel van dominees Fourie en Erasmus is besluit:

> *Deze vergadering beveelt de Christelike Studenten Vereniging by onze studenten aan , zover deze vereniging niet in strijd handelt met de Christelike Kerk in het algemeen en de Ned Hervormde Kerk in het biezonder.*

Die professore het ook gerapporteer dat die senaat van die TUK rakke beskikbaar gestel het vir 'n eie kerklike biblioteek. Die biblioteek is eiendom van die kerk en die boeke word afsonderlik gekatalogiseer en dra 'n eie stempel, met dien verstande dat dit toeganklik is vir alle dosente en studente, en dat die boeke ook uitgeleen kan word aan predikante. Die Algemene Kerkvergadering het ook kennis geneem dat mevrou Van Drimmelen die geld wat deur enkele gemeentes geskenk is vir die herbegrafnis van wyle dominee Van Drimmelen, wat in Humpata oorlede is tydens 'n besoek aan die lidmate in Angola, en daar begrawe is, nie vir dié doel gebruik het nie, en dit geskenk het om boeke vir die biblioteek aan te koop.

Die nuwe leerplan wat die professore voorgelê het en wat die Kuratorium aanvaar het, is deur hierdie vergadering goedgekeur. Die studie moes nou soos volg verloop:

- Eerste jaar: Latyn, Grieks, Hollands of Engels, Geskiedenis, Een natuurwetenskap.
- Tweede jaar: Grieks (ingesluit Hellenistiese Grieks), Logika,Twee van die volgende: Latyn, Sielkunde, Etiek
- Derde jaar: Grieks (ingesluit Hellenistiese Grieks), Geskiedenis en beginsels van die Metafisika, Een voorbereidende nie-kwalifiserende kursus in Hebreeus en Hebreeuse Argeologie
- Vierde jaar: Hebreeus, NT Eksegese I, Bybelse Teologie I, Kerkgeskiedenis I, Wysbegeerte van die Godsdiens I, Christelike Etiek (Eksamen alleen in Hebreeus, Eksegese, Wysbegeerte van die Godsdiens en Christelike Etiek).
- Vyfde jaar: OT Eksegese I, NT Eksegese II, Bybelse Teologie II, Kerkgeskiedenis II, Dogmengeskiedenis I, Wysbegeerte van die Godsdiens. (Eksamen alleen in Eksegese, Bybelse Teologie en Wysbegeerte van die Godsdiens)
- Sesde jaar: OT Eksegese II, NT Eksegese III, Kerkgeskiedenis III, Dogmengeskiedenis II, Wysbegeerte van die Godsdiens III, 'n Afsonderlike studie in een van die volgende: Tekskritiek, Bybelse Teologie, Kerkgeskiedenis, Sistematiese Teologie, Wysbegeerte van die Godsdiens, Sosiologie, Etiek.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor H.D. van Broekhuizen, dominees G.E. Alers, S. Vermooten, H.C.M. Fourie en ouderlinge A.D.W. Wolmarans, J.J. Prinsloo, J.H. Vorster, A.H. Koomans, F.G.A. Wolmarans.

### 15 September 1922

Die Kuratorium vergader. As voorsitter is verkies doktor H.D. van Broekhuizen en as skriba dominee S. Vermooten. Aan die orde was die skuld van afgestudeerdes en persone wat die studie gestaak het, 'n saak wat die Kuratorium telkens besig gehou het. Die reëling was dat die skuld binne vyf jaar na voltooiing van studie afgelos moes word, maar die predikante het dit moeilik gevind om daaraan te voldoen. Oor die proponentseksamen is gevoel dat die professore ook behoort deel te neem, aangesien predikante nie vertroud is met die werk wat gedoen is nie. Ouderling Koomans was van mening dat daar iets verkeerd is met die opleiding, omdat die eksaminatore op die laaste eksamen teleurgesteld was met die kandidate. Wat fondse betref, was daar weereens geen geld nie, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is versoek om die Kuratorium te voorsien van die nodige fondse. Die Dreyer-broers se versoek om hulp vir 'n jaar se voortgesette studie in Nederland kon nie toegestaan word nie. 'n Deputasie na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het ook nie die nodige vrugte afgewerp nie.

### 15 Oktober 1922

Dominee Van Belkum skryf oor die dood op 68 jarige leeftyd van professor P.J. Muller op 28 September in Den Haag en plaas 'n volblad foto van hom in *De Hervormer.*

### 16 November 1922

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die afsterwe van professor P.J. Muller en besluit om 'n amptelike skrywe van roubeklag aan mevrou Muller te rig.

## 1923

### 15 Januarie 1923

Die jong professor S.P. Engelbrecht was in Januarie 1923 ernstig siek na 'n blindedermoperasie, in sy eie woorde '*tot voor de poorten des doods gebracht zodat de dokters alle hoop op herstel verloren hadden*', maar het gelukkig herstel.

'n Skrywe van J.G.M. Dreyer, gedateer 07 Desember 1922, verskyn in *De Hervormer* waarin hy as reisende sekretaris van die CSV reageer op dominee D.F. Erasmus se opmerkings oor die beweging.

### 21 Februarie 1923

Die Kuratorium neem kennis dat die volgende studente ondersteuning geniet: C.H. Rautenbach, A.J.G. Oosthuizen, J.F. Brits, M.M. Grobler, J.J. Strydom, M.L.J. Grobler, J.J. Joubert, P.W. Venter, W.J. Kemp, P.J. Smit, G.D. de Beer, J.L. Wolmarans.

### 15 April 1923

*De Hervormer* plaas 'n brief van S.P. Engelbrecht waarin hy beswaar maak dat in *De Hervormer* onder die hoof 'Uit andere bladen' nie aangehaal word uit die blaaie van die Hervormde Kerk in Nederland nie maar uit Gereformeerde blaaie. Hy maak ook beswaar oor die aanbeveling van 'n katkisasieboek van die Nederduits Gereformeerde Kerk terwyl dominee A.J. Barger se *Kort Begrip* deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is en binnekort sal verskyn.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

**12 September 1923**

Die Kuratorium aanvaar 'n voorstel van professor Greyvenstein dat in *De Hervormer* bekend gemaak word dat voornemende studente Latyn vir Matriek moet neem. Op 'n volgende vergadering het professor Greyvenstein gerapporteer dat daar nie op die hoërskole geleentheid is vir Latyn-onderrig nie en dat hy met professor Reinink die moontlikheid van Voorbereidende Latyn op universiteit bespreek het.

Die vergadering het ook 'n brief van Lydenburg bespreek waarin gevra word dat nie sommer die maksimum voorskot aan studente gegee moet word nie en dat rekening gehou moet word daarmee dat in die toekoms daar straks predikante sonder werkkring sal wees. Die vergadering het bevind dat daar nie so 'n gevaar is nie. Doktor Fourie het gesê ons laat dit in die hand van ons troue God, en die voorsitter, doktor Van Broekhuizen, het gewys op die roeping en plig van die kerk om straks ook sendingwerk te moet doen, en dat Oos-Afrika, Humpata en Rhodesië en ook die delwerye op bearbeiding wag.

**20 September 1923**

Die Raad van die Transvaalse Universiteitskollege aanvaar 'n aanbod van *Die Volkstem* om 'n volblad advertensie in die *Almanak* te plaas teen 'n verminderde tarief.

**10 Oktober 1923**

Die Senaat van die Transvaalse Universiteitskollege neem kennis van die bedanking van dominee C.H.S. Rünge en besluit om die Anglikaanse biskop van Pretoria te nader oor die moontlikheid van Anglikaanse studente vir die Fakulteit Teologie. Die biskop het geantwoord dat die getal kandidate vir die bediening in die Anglikaanse Kerk merkwaardig klein is en dat die kerk vir die huidige op Grahamstad sal moet konsentreer as opleidingsentrum.

**15 November 1923**

Die eerste vergadering van die pas gekonstitueerde Fakulteit Teologie vind plaas in die Latynse klaskamer. Teenwoordig was professor A.C. Paterson, S.P. Engelbrecht, J.H.J.A. Geyvenstein en E. MacMillan. Verlof is aanbeveel vir professor Greyvenstein van 01 April tot 30 September 1924. Die BD Sillabus is geamendeer deur die kansellering van sekere afdelings van Filosofie van die Godsdiens, wat beter sal pas by die dogmatiese onderrig van die afsonderlike kerke. Professor Greyvenstein is verkies as dekaan. Die Jaarboek van die Transvaalse Universiteitskollege gee vir 1924 'n verkleinde Fakulteit Teologie aan:

> *JHJA Greyvenstein - Dekaan en professor in Nuwe Testament Teologie en Eksegese*
> *AC Paterson - Hebreeus en OT Eksegese*
> *SP Engelbrecht - OT Godgeleerdheid en Eksegese, Kerkgeskiedenis en Geskiedenis van Dogma*
> *Apologetiek - E MacMillan.*

Die Raad besluit om die salaris van dominee Rünge net tot 31 Desember te betaal.

## ☙ 1924

**30 Januarie 1924**

Die Fakulteit besluit om spesiale verlof aan professor MacMillan toe te staan tot einde Maart. Sy lesings sou deur sy kollegas gehanteer word aan die hand van uitgeskrewe lesings wat hy voor die tyd sou opstel. Professor Engelbrecht het ingestem om voort te gaan met die onderrig van Hebreeus in 1924.

**07 Junie 1924**

Die Kuratorium vergader, en ouderling A.D.W. Wolmarans het na aanleiding van die aansoek om hulp deur student E.S. Mulder gemaan dat die Kuratorium versigtig moet wees dat ons nie te veel predikante kry nie. Hy is weerspreek deur ouderling J.H. Vorster wat van mening was dat daar nie gou te veel predikante sal wees nie en dat in Rhodesië 'n ruim arbeidsveld aan die ontstaan is.
Die vergadering het kennis geneem van 'n klag van die kerkraad van Pretoria dat hulle so min hulp kry van professore en studente met preekbeurte. Die notule lui:

> *Dit geld nie van prof Engelbrecht nie. Die voorsitter as predikant van Pretoria sê dat hy nie wis hoe die brief opgestel is nie anders was dit nie geskryf nie. Later het hy gehoor dat prof Greyvenstein elke Sondag help met Johannesburg en Oosrand en dat student Rautenbach dit erg druk het. Dr Greyvenstein sê dat hy altyd gereed is om te help waar hy kan, maar ook ander gemeentes moet deur hom gehelp word. ... Besluit word dat waar dit blyk dat daar êrens 'n misverstand is, die skriba sal skryf aan die kerkraad van Pretoria en hulle vra om hierdie saak op 'n vriendskaplike wyse op te los.*

Daar is besluit om aan professor Engelbrecht 'n salaris van £200 per jaar te betaal, en om die salarisse van die professore nie aan hulleself nie maar aan die registrateur van die Transvaalse Universiteitskollege te betaal, 'omdat so die Kuratorium meer vat op die Transvaalse Universiteitskollege sal hê by 'n eventuele aanstelling van 'n professor.'

Die aanstelling van 'n derde professor en die insameling van fondse daarvoor is ook bespreek. Daar is besluit om 'n oproep in *Die Hervormer* te doen.

**23 Oktober 1924**

Die Raad benoem dominee E. MacMillan as professor in Christian Apologetics sonder vermeerdering van salaris.

## ☙ 1925

**25 Februarie 1925**

Op die Kuratoriumvergadering is kennis geneem van 'n skrywe van die kerkraad van Pretoria dat die klag teruggetrek word. Doktor Van Broekhuizen het intussen bedank as predikant en dominee Alers is as voorsitter van die Kuratorium aangewys. 'n Versoek van W.F.H. Huyzers om die BA kursus op Potchefstroom te voltooi omdat dit goedkoper is, is nie toegestaan nie. Hierdie vergadering het besluit om 'n brief te rig aan A.D.W. Wolmarans om met die Minister van Onderwys die moontlikheid te bespreek van verteenwoordiging op die Raad van die TUK. Verder is besluit om £32 te bewillig vir die aankoop van die boekery van wyle professor P.J. Muller. Professor Greyvenstein was in April-Mei gehospitaliseer met 'n dubbele operasie, maar het gelukkig gou herstel.

**22 Mei 1925**

Die Raad neem kennis dat die Senaat 'n lektoraat in Hebreeus as eerste behoefte vir 1926 beskou. Die Raad benoem C.H. Rautenbach MA BD as voltydse lektor in Wysbegeerte nadat hy reeds vanaf 1924 deeltyds gedoseer het.

**17 Junie 1925**

Op die 41ste Algemene Kerkvergadering is dominee Brandt herkies as voorsitter, met dominee S. Vermooten as sekundus, dominee Barger as skriba met dominee D.F. Erasmus as sekundus. Dominee Vermooten is verkies as vise-voorsitter, dominee Erasmus as vise-skriba. Die openingsrede deur dominee Brandt, gepubliseer in *De Hervormer* van 15 Julie 1925, het sy kommer laat blyk oor die geestelike welsyn van die kerk:

> *Bij 't nagaan van de geschiedenis van 't volk en de kerken van Zuid-Afrika word iemand getroffen door 'n eigenaardig feit. Gij vindt overal terug de strijd tussen de werkelike liefde, die zich*

*openbaart in diepe Godsvrucht en geestelik leven en die zich niet te veel bekommert om de uiterlike vormen, en aan de andere kant de uiterlike vormelike godsdienstigheid, die zich streng houdt aan zekere voorgechreven regels en gebruiken maar die mist de innerlike trillingen der ontermende liefde. Dit verchil komt herhaaldelik op in de kerken in 't volksleven en beheerste menigmaal vroeger en nu nog de partijen en verschillen in de kerk en tussen de kerken. Laat ons waken, dat onder ons niet de liefde verkoele en wij niet 't kenmerk verliezen, waaraan anderen ons moeten erkennen als discipelen van Jezus Kristus, want dan is er groot gevaar, dat Hij ons ook niet meer zal ekennen als de Zijnen.*

Die verslag van die Kuratorium is aanvaar, en so ook dié van die professore. Teenwoordig in die vergadering was drie afgestudeerdes, naamlik J.G.M. Dreyer van Lydenburg, T.F.J. Dreyer van Standerton en A.J.G. Oosthuizen van Germiston (voorheen Oosrand).

C.H. Rautenbach het nog nie die vereiste leeftyd van 23 jaar bereik nie en kon dus nie tot die bediening toetree nie. Die professore het gerapporteer dat hy deur die Transvaalse Universiteitskollege aangestel is as lektor in die Wysbegeerte en dat weens sy groot bekwaamheid die TUK graag sy dienste wil behou. Daar was 11 studente met die studie besig, en die professore het versoek dat die Algemene Kerkvergadering sal besluit dat nie meer van elders beroep sal word nie. Dominee A.R. Smit wat in 1925 met sy gemeente in Pietermaritzburg na die Nederduitsch Hervormde Kerk oorgekom het, was ook teenwoordig.

Dit het geblyk dat die Koomansfonds nie na wense groei nie. Besluit is dat die fonds onder beheer van dominee Vermooten en ouderling Koomans bly en dat dominee Vermooten versoek word om te ywer vir die uitbreiding van die fonds. Dominee Van Belkum het beloof dat die Oom Sarelfonds wat net soos die Koomansfonds bestem is vir die aanstelling van 'n derde professor, aan die Finansiële Kommissie oorhandig sal word. Die vergadering het op die Kuratorium verkies Dominees Jac van Belkum, L.E. Brandt, H.C.M. Fourie, G.E. Alers, en die broeders J.D. Reynecke (Pretoria), W. van Manen (Piet Retief), A.D.W. Wolmarans (Pretoria), P.A. Ras (Eendracht) en Joh van Staden (Groot Marico).

### 15 Julie 1925

Onder die hoof *'Indrukken van de Algemene Kerkvergadering'* meld dominee Van Belkum onder andere:

*Ook de verslagen van de Kuratorium en van de professoren werden met grote ingenomenheid aangehoord, omdat blijk was gegeven van zware arbeid en van de toenemende kracht, die van de studenten uitging... Zoo werd ook bepaald dat, aangezien wij nu een groter getal predikanten hebben en vele jonge mannen studeren aan de Kweekschool, de kerk niet meer zal beroepen uit andere kerken. ...Prof Dr S.P. Engelbrecht werd benoemd als Archivarius der Kerk en de kerkeraden verzocht hunne oude kerkelike stukken hem te zenden om bewaard te worden in het Archief, dat in het Uniegebou te Pretoria is ingericht.*

### 26 Augustus 1925

Die Fakulteit besluit om ernstig aan te dring op die aanstelling van 'n professor in Hebreeus en OT Eksegese waarvoor die kennis van Arabies en Aramees 'n vereiste is en die kennis van Assiries en ander Oosterse tale 'n aanbeveling.

### 03 September 1925

Die Kuratorium vergader. Dominee Van Belkum is as voorsittter en dominee Alers as skriba verkies [Dit was 'n fout, sy skrif lees moeilik!] Na bespreking waaruit geblyk het dat daar informele samesprekings met die Minister van Onderwys was oor verteenwoordiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk op die Raad van die TUK, het die vergadering die volgende besluit geneem:

*Offisieel word aan die Minister van Onderwys gevra om 'n verteenwoordiger van ons kerk te kry op die TUK Raad, en dit kragtens die bestaande verhouding tussen Universiteit en Kerk en kragtens die geldelike bydrae wat die kerk stort.*

Die vergadering het ook gehandel oor die benoeming van 'n derde professor. Professor Engelbrecht het meegedeel dat 'n leerstoel in Oosterse tale by die TUK vakant is [Dit was na die vertrek van professor Paterson]. Die TUK gaan 'n hoogleraar aanstel en is gewillig om met die Kuratorium te onderhandel. Die verpligting van die kerk sal wees £200 in die eerste jaar, £250 in die tweede jaar en £300 in die derde en volgende jare. As die kerk die kans nie waarneem nie, sal die leerstoel buite ons om beset word. Nodig is 'n Ou Testamentikus, en kennis van die Semitiese tale en Assiries is 'n aanbeveling.

Die voorsitter van die Kuratorium moet saam met die professore die aansoeke behandel. Die rektor van die TUK, professor N.M. Hoogenhout, het op 22 September 1925 geantwoord op 'n skrywe van die Kuratorium, gedateer 04 September 1925, en die dank van die Kollege uitgespreek vir die aanbod van die kerk en meegedeel dat advertensies in Nederlandse en Suid-Afrikaanse blaaie geplaas word om aansoeke te vra vir die leerstoel Oosterse Tale en OT.

Die nuutgestigte Van der Hoff Teologiese Vereniging het die Kuratorium uitgenooi na 'n vergadering van die vereniging, en ds Alers is daarheen afgevaardig.

### 04 Oktober 1925

Doktor H.D. van Broekhuizen neem afskeid van die gemeente Pretoria nadat hy verkies is as lid van die Volksraad.

### 15 Oktober 1925

Die Raad aanvaar 'n aanbod van sekere lede van die Joodse gemeenskap om by te dra tot die vestiging van 'n leerstoel in Hebreeus.

### 17 Oktober 1925

Dit is seker gerade om op hierdie stadium weer kennis te neem van 'n skrywe van ouderling A.H. Koomans aan S.P. Engelbrecht op dié datum. Die brief gee blyke van die reaksie van minstens sommige persone in die kerk teenoor die aktivisme van Engelbrecht.

*Uw optreden in de kerk heeft mij de laatste tijd verbaasd. Het is mij en andere personen opgevallen of u alleen de Hervormde Kerk is, en bekend alleen met de toestanden der kerk. Herinnerd gij u nog de eerste algemeene vergadering die u bijwoonde en waar u optrad en veel onaangenaamheden heeft veroorzaakt, en het was hetzelfde geval met het laatste. Vergeet, u is een adviserend lid en geen afgevaardigde en praat dan alleen wanneer het u gevraagd wordt. ... Ook nu wederom bemoeid gij u met zaken die u niet het minst aangaan en zoo als ik verneem, zijt gij nog al zeer werkzaam in de beroeping van een predikant te Pretoria. Gij wilt die niet hebben en die wilt gij hebben. Daar word in onze kerk te veel 'geschiemd' en te veel kaukus gehouden en geen vrijheid van stemming gehouden. Dit vond eveneeens plaats met de verkiezing van verskillende leden van de kommissies op de algemeene vergadering.*

By alles wat Engelbrecht hom mee sou bemoei het, staan dit vas dat hy 'n onblusbare energie vertoon het. Reeds op 08 Januarie 1925 skryf hy die voorwoord van Deel II van sy Kerkgeskiedenis, wat hierdie keer reik tot met die vereniging van die lede van die prokurasiekommissie met die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

**12 November 1925**

Die Kuratorium neem kennis van die verslag van sy voorsitter, dominee Van Belkum, oor die benoeming van die derde professor. Dit het geblyk dat daar drie kandidate was: doktor B. Gemser, Nederlandse predikant te Lutjegast wat ook onderwys gee in Hebreeus aan die Gymnasium in Groningen, Levi van die universiteit in Palestina met kennis van Hebreeus en Assiries, en Oltfanger, propagandis van die Sionisme, doktor in Semitiese Lettere. Dominee Van Belkum was teenwoordig op die vergadering van die Fakulteit Teologie waar die aansoeke behandel is en die keuse op Gemser geval het. Doktor Fourie het daarop voorgestel dat die besluit van die Kuratorium om saam te werk aan die benoeming, in revisie geneem word. Sy mening was dat hierdie benoeming heeltemal in die hande van die TUK gelaat moet word en dat ons dan probeer om 'n vierde professor te kry, anders sal dit nooit gebeur nie. Ouderling Reyneke het die voorstel ondersteun. Professor Greyvenstein het daarteenoor gestel dat die TUK seker nie 'n eersterangse persoon kan aanstel sonder die medewerking van die kerk nie. Ons kan die kans nie laat verbygaan nie, 'n vierde professor is 'n saak vir later. Fourie het daarop gesê dat hy niks teen die persoon van doktor Gemser het of teen sy geskiktheid nie, hy bedoel alleen dat daar later nie kans sal wees vir die benoeming van 'n vierde professor nie weens gebrek aan fondse.

Professor Engelbrecht het daarop gesê as ons nie nou aanstel nie, is die kans vergoed verby, en professor Greyvenstein het verwys na die verklaring van 'n Hollandse professor dat doktor Gemser van positiewe beginsel en van dieselfde gees as die Hollandse predikante hier in ons kerk is. Ouderling Reyneke het gesê hy vrees die benoeming sal die verdeeldheid in die kerk bevorder.

Daarop het A.D.W. Wolmarans die verdeeldheid veroordeel en die oorsaak daarvan gevind in die onopregte geknoei binne ons kerk, aan die opposisiegees, die verkeerdhede van die politiek toegepas in die kerk, die onderlinge skimperye [?] ook van kerkraadslede. Op voorstel van Wolmarans is die benoeming van doktor Gemser goedgekeur. Fourie het sy teenstem laat aanteken met die verklaring dat dit alleen sy bedoeling was om die werk aan die TUK op te bou.

**19 November 1925**

Die Raad aanvaar die aanbeveling van die Education Functions Committee om die professoraat in Semitiese Tale en Ou Testament aan te bied aan doktor B. Gemser.

**08 Desember 1925**

Dominee Vermooten lug sy ontevredenheid oor die aanstelling van Gemser. Hy het geskryf:

> *Ik heb vernomen dat een derde professor is benoemd, en nogal iemand uit Holland. Ik geloof niet dat er iemand is die mij zal kunnen beschuldigen dat ik Hollanderhater ben, en daarom vertrouw ik dat mijn schrijven opgenomen zal worden in den geest waarin het bedoeld is, nl de geest van broederlikheid en van liefde voor de kerk.*
>
> *De eerste vraag die bij mij opkomt, is deze: 'Is het billik tegenover Fourie dat er iemand uit Holland word benoemd?' Ik weet u zal zeggen, maar Fourie heeft niet geappliceerd. Hebben dr Greyvenstein destijds geappliceerd, en zoo niet waarom moet het dan nu? Maar nu neem ik aan dat alles in verband met deze saak volgens de gewone procedure is gegaan, nl de Faculteit beveelt aan bij de Senaat, en de Senaat bij de Raad die dan applicaties vraagt.*
>
> *Waarom vraagt de Faculteit dan iemand voor Hebreeuws en Arabies? Is Arabies nu een essensieel vak voor de Theoloog of zijn er studenten, die zulk een bijzondere aanleg hebben voor die Semitiese Talen dat dit nodig geworden is?*
>
> *Nu kan Fourie trouwens niet appliceren, want hij kent geen Arabisch. Of had men de doctor uit Lutjegast reeds in het oog bij de aanbeveling aan den Senaat? Ik twijfel aan zijn knapheid niet, maar Fourie word anders ook beschouwd als de knapste Hebraicus in de Hollandsche Kerk in ZA. Bovendien is het algemeen bekend dat Fourie een niet geringe rol heeft gespeeld in de daarstelling van het Kweekschool in Pretoria. Waarom moet er dan juist iemand uit Holland komen, terwijl wij de rechte man er voor hier hebben?*
>
> *Maar nu ook beschouwd van de ander kant: de 3de professor wordt voor de helfte bezoldigd door de Kerk. Weet het Curatorium welke richting hij toebehoort? Laat komen wat komen wil, ik als predikant van de Hervormde Kerk gaat er mij niet bij neerleggen dat mannen van anders dan Gereformeerde rigting in de kerk gaan dienen. Het wordt mischien hoog tijd dat er weer gevraagd wordt naar de zuiverheid van de leer. Ik wil hiermede niet insinueren dat de benoemde professor van bergopwaartse rigting is, maar naar ik vernomen is hij door professor Obbink aanbevolen, die in Holland een te bekende tegenstander der Gereformeerden is dan dat hij een Gereformeerde zou aanbevelen.*
>
> *Darentegen wij kennen de richting van dr Fourie, en weten wat wij aan hem zullen hebben. ...*
>
> *Eenige jaren geleden heb ik de Algemene Vergadering gewaarschuwd dat men voorzichtig moest zijn door niet de Hollander en de Afrikaner tegen elkaar in het harnas te jagen. Men heeft er zich niet aan gestoord. Men zal nu de bittere vruchten er van moeten plukken en met het opkomend taal en nationaal gevoel behoef ik u niet te zeggen wie aan het kortste eind trekken zullen.*
>
> *Ik voorzie in de kerk binnen heel korte tijd een heftige strijd niet alleen op taal maar ook op richtingsgebied.*

Intussen het daar ook van 'n ander kant probleme rondom hierdie aanstelling gekom. Die Minister van Onderwys, doktor D.F. Malan, het naamlik die aanstelling geveto op grond van 'n nuwe regulasie wat nog gepubliseer sou word. S.P. Engelbrecht het in 'n memorandum aan die Eerste Minister, generaal Hertzog, die optrede van die Minister bevraagteken en 'n oorsig gegee van die verloop van Hebreeuse studie aan die TUK. Hy het betoog dat die afskaffing van Hebreeus en Ou Testamentiese Wetenskap by die Universiteit van Suid-Afrika in feite die dood van die Fakulteit Teologie sou beteken, terwyl in Kaapstad en Johannesburg professore in Hebreeus is en in Stellenbosch en Potchefstroom lektore in Hebreeus. Hy noem ook dat deur sommige, miskien ten onregte, reeds 'n verband gelê word met 'n voorspelling van die Aktuarius van die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk [Doktor W. Nicol] in Mei 1925 dat die Teologiese Fakulteit aan die TUK 'n natuurlike dood sal sterf. Die memorandum is onderteken deur drie dekane, vyf professore en drie lektore van die TUK. Na 'n onderhoud met die Eerste Minister kon die rektor van die TUK gelukkig rapporteer dat die veto onttrek is.

Die vergadering het ook nog kennis geneem dat die Oosteindskool gewillig was om Latyn aan te bied en dat studente die klasse kan bywoon.

**15 Desember 1925**

P.W. Venter, Abactis van die Van der Hoff teologiese Studentevereniging, publiseer in *De Hervormer* die konstitusie van die vereniging.

## ❧ 1926

**09 Januarie 1926**

Dominee S. Vermooten word deur doktor H.C.M. Fourie bevestig as predikant van Pretoria. Hy sou deur die jare groot invloed hê op die prediking van die teologiese studente.

**15 Januarie 1926**
*De Hervormer* begin met 'n gereelde studentekolom, geskryf deur teologiese studente.

**27 Januarie 1926**
Die Kuratorium betuig deelneming met doktor H.C.M. Fourie oor die dood van sy dogtertjie. Studie-voorskotte is toegeken aan P.W. Venter, J.J. Prinsloo, J. Storm, A. Ras, N. Smith, J. Strydom, E.S. Mulder, W.J. Kemp, J.P. van den Berg, W.F.H. Huyzers, M.M. Grobler, P.J. Smit en D.J. van Staden. 'n Begroting is goedgekeur ten bedrae van £1550. Daar is besluit op 'n skrywe aan Van der Hoff Teologiese Vereniging met 'n dringende aanbeveling dat die spreeklesse van mejuffrou S. Faure gevolg word. Daar is verder besluit om 'n amptelike skrywe aan doktor B. Gemser te rig om sy benoeming as professor vanweë die kerk te bevestig.

**21 April 1926**
Professor en mevrou B. Gemser vertrek uit Holland na SA. Hulle het op 22 Mei in Pretoria aangekom en is op die stasie verwelkom deur dominee S. Vermooten, professore Greyvenstein en Engelbrecht en hulle gades, en deur verskillende ander professore en lektore van die Transvaalse Universiteitskollege.

**08 Junie 1926**
'n Foto van die professore, studente en 'n paar oudstudente verskyn in *De Hervormer*.

**31 Augustus 1926**
Die Fakulteit Teologie benoem vir S.P. Engelbrecht as dekaan.

**21 Oktober 1926**
Die Raad bewillig £20 vir die vervoerkoste van professor Gemser se biblioteek.

## ☙ 1927

**22 Januarie 1927**
C.H. Rautenbach word ingeseën en bevestig as predikant van Erasmus.

**26 Januarie 1927**
Die Kuratorium vergader. Dominee Van Belkum, die voorsitter, was intussen op besoek in Holland, en is terugverwelkom. Professor B. Gemser is verwelkom op die vergadering. Ouderling Wolmarans was afwesig weens ernstige siekte en die Administrateur meneer Roorda was met siekteverlof. Besluit is om ook 'n skrywe te rig aan professor Reinink wat siek is.

Professor Gemser het die vergadering toegespreek en gesê dat hy nie spyt is dat hy na SA gekom het nie en sy hartlike ontvangs wil erken en sy samewerking in alles belowe. Naas die toekennings van studie-voorskotte aan bestaande studente is toekennings aan die volgende nuwe studente gemaak: H.J. van Eck, A. Brandt, J.J. Engelbrecht, J. Booyse, Sarel van Rensburg, D.J. Schoeman, Adam van Niekerk, Steenkamp, W.P. Struwig en D.J. van Staden. 'n Begroting van £2185 is goedgekeur.

Hierdie vergadering het die volgende besluit geneem oor die prediking deur studente:

> *dat zij alleen als helper van en samen met de gevestigde predikant zullen diens doen bij de Nachtmaalvieringen. Anders zijn er de bezwaren van Nachtmaalsbedieningen, doop en 't uitspreken van de zegen waartoe alleen predikanten gerechtigd zijn.*

Die professore het opdrag gekry om 'n album aan te lê waarin die studente hulle naam teken.

**05 Februarie 1927**
Dominee H.P. Wolmarans word bevestig as predikant van Pietersburg.

**08 Februarie 1927**
*De Hervormer* plaas die kerklike advies oor die Gewetensklousule soos opgestel deur die professore. Dit is ook gepubliseer in 'n brosjure getitel *Kerklijk Advies inzake de Gewetens-klausule,* uitgegee deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk met 'n voorwoord van dominee A.J. Barger

**01 Maart 1927**
Die Teologiese Vereniging Van der Hoff hou 'n reunie by wyse van besprekings en 'n dinee in die Residensie Hotel waarby die professore en die predikante wat aan die Transvaalse Universiteitskollege opgelei is, asook dominee Jac van Belkum, teenwoordig is.

**21 Maart 1927**
Die Fakulteit vergader aan huis van professor Greyvenstein. 'n Ontwerp van 'n studieplan vir doktoraal eksamen is opgetrek en die wenslikheid is uitgespreek dat akademie preekbeurte aan die Transvaalse Universiteitskollege ingevoer word, bedoel vir die personeel met hulle families en vir die studente.

**08 Mei 1927**
Dominee J.G.M. Dreyer skryf in *De Hervormer* oor die tienjarige bestaan van die Fakulteit Teologie en verwys na die artikel van professor S.P. Engelbrecht in die *Almanak* van 1927 '*Het ontstaan van de Opleiding onzer Predikanten 1927'*. Dreyer sluit af met die volgende: 'Die toekoms van ons kerk hang grotendeels af van ons teologiese fakulteit. Met die fakulteit van godgeleerdtheid aan die T.U.K. staan of val ons kerk in sekere sin.' Engelbrecht het in sy artikel die hele stuk van dominee J.J. Prinsloo oor 'Onze Kweekschool' in die *Almanak* van 1911 oorgeneem.

**19 Mei 1927**
Die Raad benoem mejuffrou Stephanie Faure om twee lesings per week in Elokusie aan teologiese studente te gee en keur 'n bedrag van £12 goed vir ligbeeldskyfies vir die Fakulteit Teologie.

**30 Mei 1927**
Die Fakulteit besluit om te protesteer teen 'n besluit van die Senaat van die Universiteit van SA wat BD en MA studie tegelykertyd moontlik gemaak het.

**13 September 1927**
Die Fakulteit beveel die permanente aanstelling van professor Gemser aan en neem kennis dat die eerste akademiediens op 19 Junie deur professor Greyvenstein waargeneem is.

**13 Desember 1927**
Die Kuratorium vergader. Die voorsitter, dominee Van Belkum, het sy blydskap uitgespreeek daaroor dat ouderling Womarans weer in staat was om die vergadering by te woon. Toekenning van voorskotte is gemaak aan studente P.W. Venter, J.J. Prinsloo, A. Ras, W. Kemp [mits hy hereksamen slaag], Smit, J.P. van die Berg [mits hy hereksamen slaag], E.S. Mulder, W. Huyzers, J. Storm, J.J. Engelbrecht, J. Booyse, Steenekamp en Van Staden. Besluit is om studente Kemp en Van den Berg streng te berispe oor versuim vir 'n lang tyd om lesings by te woon. 'n Begroting van £2040 is goedgekeur.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

## ☙ 1928

### 16 Februarie 1928

Die Raad neem kennis van onderhandelings met professor Gemser in die lig van die aanbod wat hy van Groningen ontvang het, en besluit:

*I. That a grant be made to Dr Gemser for his department of £250, spread over five years, to be spent in the ordinary way*
*II. That his salary be increased two notches at expense of Council*
*III. That he be given such further increases not exceeding two notches as can be met out of funds obtained from outside sources.*

Raadslede T.P.C. Boezaart en J.P. Roux het hulle teenstem teen (II) en (III) laat aanteken.

### 23 Februarie 1928

Die Kuratorium neem kennis dat professor Gemser benoem is as hoogleraar aan die Ryksuniversiteit in Groningen, sy alma mater, en dat hy vir die benoeming bedank het. Die vergadering het sy hoë waardering en blydskap oor sy besluit uitgespreek en die voorsitter en skriba afgevaardig om die dank en blydskap oor te dra. Besluit is verder om £100 aan die TUK beskikbaar te stel vir 'n salarisverhoging aan professor Gemser. [Volgens 'n Raadsnotule van 17 Maart 1927 is daar £250 van die Nederduitsch Hervormde Kerk ontvang vir die salaris van die professor in Hebreeus]. Die vergadering het gehandel oor die toekenning van voorskotte aan studente en het besluit dat studente spreekles moet neem en dat dit 'n voorwaarde sal wees vir die uitbetaling van beurse.

### 19 Maart 1928

Die Fakulteit versoek professor Gemser om aan die Fakulteit Godgeleerdheid in Groningen te skryf met die oog op erkenning van die BD graad van die Transvaalse Universiteitskollege met die oog op vrystelling vir J. Strydom wat daar verder studeer.

### 25 Maart 1928

Student J.J. Prinsloo Jsn skryf in *De Hervorme*r oor: 'Ons Kerk' en skryf die groei en bloei van die kerk toe aan die teboekstelling van die geskiedenis van die kerk deur professor S.P. Engelbrecht en A.D.W. Wolmarans (in sy '*Kerkhistorische Feiten*'), aan die eie opleiding van predikante en die invloed van *De Hervormer.*

### 08 April 1928

*De Hervormer* publiseer die eerste aflewering van die geskiedenis van dominee Dirk van der Hoff saamgestel in opdrag van die Teologiese Vereniging Van der Hoff deur Joh Dreyer, P.W. Venter en J.J. Prinsloo. Verdere aflewerings is in volgende uitgawes gepubliseer tot met 08 Julie 1928.

### 28 Junie 1928

Die Kuratorium handel oor voorskotte aan studente en besluit om aan student Kemp kennis te gee dat sy beurs vir dié jaar verval omdat hy sy eksamen gedruip het en 'n hele kwartaal nie 'op studie' was nie. Oor J.P. van den Berg is gerapporteer dat hy die hele jaar nie op kollege was nie en twee kwartale lank skoolgehou het en as eksterne student wil eksamen doen. Die Kuratorium het sy afkeur uitgespreek oor die optrede, aan al die studente kennis gegee daarvan en die uitbetaling van voorskotte opgeskort, en die voorwaarde gestel dat verdere hulp verleen sal word alleen as hy die derde en vierde kwartaal wel die lesings bywoon.

Die opdrag aan professor Engelbrecht om 'n Album Studiorum te koop 'vir nie meer as £2 nie' is herhaal. Die professore het ook weer opdrag ontvang om die besluit oor die bywoning van spreeklesse aan die studente bekend te maak. Die Administrateur het gekla oor die parmantige briewe wat hy van studente ontvang. Daar is ook weer opdrag gegee dat die £100 waarop besluit is ter aanvulling van die salaris van professor Gemser aan die TUK oorbetaal moet word, in twee paaiemente, met verskoning oor die versuim wat plaasgevind het. Die skriba het opdrag ontvang om 'n verslag op te stel vir goedkeuring deur die voorsitter en voorlegging aan die Algemene Kerkvergadering.

### 23 Julie 1928

*De Hervormer* plaas 'n artikel oor wyle ouderling A.D.W. Wolmarans deur ouderling L.L. Steen, wat 'n tyd lank privaat onderwyser van Wolmarans se kinders was op sy plaas in Derdepoort, Pretoria.

### 08 Augustus 1928

Die 42ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Dominee Brandt is herkies as voorsitter, dominee S. Vermooten as vise-voorsitter, dominee A.J. Barger as skriba en dominee D.F. Erasmus as vise-skriba. Hierdie vergadering het kennis geneem van die afsterwe van ouderling A.D.W. Wolmarans en sy nagedagtenis gehuldig. Vir die eerste keer teenwoordig was dominees C.H. Rautenbach wat op 22 Januarie 1927 georden is op Bronkhorstspruit, en M.M. Grobler, georden op Brakpan op 27 Mei 1928. Die 75-jarige jubileum van die Nederduitsch Hervormende Kerk is die aand in die stadsaal gevier met 'n resepsie en groeteboodskappe van die burgemeester, die Administrateur van Transvaal, die Minister van Lande, die Nederlandse konsul, 'n verteenwoordiger van generaal Smuts, en verteenwoordigers van die susterkerke.

Professor S.P. Engelbrecht het die aand 'n lesing met ligbeelde gehou in die stadsaal. Hy was ook ouderling-afgevaardigde van Pretoria. Die feesrede van die voorsitter, dominee Brandt, wat ook in druk verskyn het, het 'n sterk reaksie uitgelok van persone wat by die vorige vergadering gestem het vir die verskuiwing van die kweekskool na Potchefstroom. Dominee Brandt het naamlik die uitdrukking gebruik dat die voorstel tot verskuiwing die bestaan van die kerk bedreig het. 'n Hewige diskussie is gevoer, ingelei deur ouderling J.J. Prinsloo. Dominee Vermooten het gesê dat hy ná die feesrede dit ernstig oorweeg het om die bediening neer te lê, dominee Erasmus, wat ook vir die voorstel tot verskuiwing gestem het, het by hom aangesluit. Die voorsitter het verseker dat dit nie sy bedoeling was om iemand te krenk nie. Hy maak onderskeid tussen persone en sake en sal altyd elke behoorlike oortuiging respekteer, maar is steeds oortuig dat as daardie voorstel deurgegaan het, dit die ondergang van die kerk sou beteken het. Hy was gewillig om die saak te verduidelik in *Die Hervormer* en om verskoning te vra. Die gedagte is ook uitgespreek dat by die gedrukte feesrede 'n slip gevoeg kan word oor die saak en dat in koerante daar 'n uitleg van die woorde geplaas kan word. Uiteindelik is besluit dat die voorsitter, dominee Vermooten en dominee Erasmus die saak onderling moet probeer besleg. Later in die vergadering het dominee Vermooten gerapporteer dat die verklaring van die voorsitter aangeneem is, en dat die moeilikheid lê by die verspreiding van die gedrukte feesrede. Die kommissie het die belang van die kerk voorop gestel. As daar 'n slip by die gedrukte preek gevoeg word, sal dit juis die aandag trek. Dieselfde sou gebeur by 'n uitleg in die plaaslike koerante. Die kommissie het toe besluit om die saak te laat rus.

Die vergadering het kennis geneem van die skenking deur dominee Van Belkum van sy boekery aan die Fakulteit Teologie en ook van 'n jaarlikse toekenning aan die biblioteek van £25 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Na aanleiding van 'n versoek om die gewetensklousule te skrap, is 'n lewendige bespreking gevoer, en geen besluit is geneem nie. Die professore het in 'n brosjure oor die saak gehandel.

Na aanleiding van die verslag van die Kuratorium is 'n lang bepreking gevoer oor fondse. Die derde professorfonds moes volgemaak word en daar moes gewerk word vir 'n vierde professorfonds. Die derde professor was reeds teenwoordig in die vergadering. Daaroor lui die verslag:

> *Toe die pos van Professor in die Semitiese tale en Hebreeus aan die TUK vakant word, en daar volgens gewoonte applikasies gevra is ook in Europa, was dit ons kans om gebruik te maak van ons fonds vir 'n derde professor en vernaamlik toe dr B Gemser, predikant by die Nederlandse Hervormde Gemeente Lutjegast, ook 'n applikasie instuur en deur die senaat van die Universiteit vir benoeming aanbeveel is. Daar is toe geraadpleeg met die TUK en die voorsitter van die Kuratorium het 'n vergadering van die senaat bygewoon waar oor hierdie benoeming gehandel is, met die gevolg dat dr B Gemser die pos gekry het. In die vergadering van 27 Januarie 1926 is hy dan ook amptelik deur die Kuratorium benoem as kerklike hoogleraar vanweë die Ned Hervormde Kerk. Dit verbly ons van harte dat ons hom hier mag verwelkom, en dat ons nie hoef te rapporteer dat dr B Gemser na 'n kort en roemryke verblyf in ons midde geswig het vir die verleiding om die professoraat te Groningen te aanvaar nie. Dr Gemser is nou nie alleen hoogleraar aan die TUK en kerklike hoogleraar vanweë ons kerk nie, hy is ook soos die ander professore, Greyvenstein en Engelbrecht, predikant in die kerk deur die ondertekening van die predikantsformule in die offisiële album waar die handtekeninge staan van al die predikante wat die kerk gedien het of nog dien sedert 1887.*

Gemser het diens by die TUK aanvaar op 01 Junie 1926. Hy sou die grondlegger word van die wetenskaplike studie van die Semitiese Tale in SA en van Ou-Testamentiese Wetenskap op hoë vlak. Tot met die koms van Van Selms in 1938 sou Gemser die enorme opdrag van 'n dubbele leerstoel alleen uitvoer met 'n ongekende werkvermoë en entoesiasme. Hy was reeds 36 jaar oud, behoorlik toegerus met doktorale eksamens in sowel Ou Testamentiese Wetenskap as Semitiese Tale, en promosie met lof met 'n proefskrif op die gebied van die Semitiese Tale.

**Berend Gemser was 'n predikantseun.** Hy is gebore op 17 Mei 1890 in die Noord-Hollandse dorpie Broek op Langedyk. Sy pa is vroeg oorlede en die gesin het in benarde finansiële omstandighede beland. Hy het egter volgehou met studie en het op skool [die gimnasium in Alkmaar] sowel as op universiteit [Groningen van 1910 af ] goed gepresteer. Hy studeer Semitiese Tale onder leiding van professor Van der Ham, later onder F.M.Th Böhl, en Ou-Testamentiese Wetenskap onder professor L.H.K. Bleeker. In 1917 lê hy die doktorale eksamen in Teologie af en kort daarna in Semitiese Tale. Hy tree op 07 November 1917 in die huwelik met mejuffrou K.E. Jellema en word tien dae later georden as predikant in die gemeente Lutjegast in die provinsie Groningen. Hy doseer Hebreeus aan die twee gimnasia in Groningen en promoveer op 16 Oktober 1924 met 'n proefskrif *De betekenis der persoonsnamen voor onze kennis van het leven en denken der oude Babyloniërs en Assyriërs*, 'n werk wat hom meteen internasionaal bekend gemaak het. Sy promotor was die beroemde Assirioloog F.M.Th de Liagre Böhl. Teen 1926, die jaar van sy koms na Suid-Afrika, het reeds twee bydraes van hom verskyn in hoogstaande vaktydskrifte, naamlik die *Zeitschrift für Alttestamentliche Wissenschaft* en die *Archiv für Orientforschung*.

Die Kuratorium het verder gerapporteer dat professor Engelbrecht gevra is om 'n album aan te lê vir die studente wat vir die kerk opgelei word, dat studente kennis gegee is dat hulle die spreeklesse moet bywoon wat aan die TUK gegee word, dat studente na hulle proefpreke met verlof van die professore voor gemeentes mag optree ter oefening in die openbare verkondiging van die Evangelie, en dat daar onder die studente 'n vereniging opgerig is met die naam Van der Hoff,wat ten doel het om onderlinge oefening en studie te bevorder.

[Die Van der Hoff Teologiese Vereniging is gestig op 24 Maart 1924 in die studeerkamer van professor Greyvenstein in sy huis in Schoemanstraat. Professor S.P. Engelbrecht was ook teenwoordig. Die vereniging is gevorm op die lees van die Utrechtse studentevereniging *Secor Dabar* en het begin met tien lede. C.H. Rautenbach was die eerste voorsitter, J.J. Strydom assessor, M.M. Grobler abactis, en J.F. Brits fiscus. Die ander stigterslede was P.W. Venter, E.S. Mulder, W.J. Kemp, P.J. Smit, J.J. Prinsloo Gsn, J.P. van den Berg en G.D. de Beer.]

Ná 'n verslag van diaken B. de Loor oor die moontlikheid van 'n kursus in Boekhou vir die teologiese studente, het die Algemene Kerkvergadering besluit om dit aan die professore oor te laat om 'n reëling te maak dat studente die eerste beginsels van boekhouding kan leer op 'n manier wat nie te veel inbreuk op hulle tyd maak nie.

Besluit is dat die Kuratorium moet bestaan uit lede van die vergadering, vier predikante en vyf kerkraadslede. Daar was 'n lewendige stemming en herstemming. Verkies is dominees Jac van Belkum, C.H. Rautenbach, H.C.M. Fourie en J.G.M. Dreyer, en die broeders B. de Loor (Pretoria), J.H. Vorster (Witbank), A.H. Koomans (Potchefstroom), J.J. Prinsloo (Erasmus) en J.P. Prinsloo (Erasmus). Die vergadering het ook kennis geneem dat die Eerste Minster die versekering gegee het dat die Fakulteit Teologie nie gesluit sal word nie, nadat daar berig is dat die Minister van Binnelandse Sake 'n kommissie wil benoem om advies uit te bring daaroor of die fakulteit wel plek in die Universiteit behoort te hê. Omdat doktor H.D. van Broekhuizen intussen benoem is as lid van die Raad van die TUK, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie verder aangedring op verteenwoordiging in die Raad nie. Die Koomansfonds is oorgedra aan die Finansiële Kommissie (die voorganger van die Raad van Finansies) en sy naam is verander na Fonds vir die Derde Professor.

Die jubileum-nommer van *De Hervormer* onder datum 08 Augustus 1928 was gewy aan die feestelike herdenking tydens die Algemene Kerkvergadering, en het die volgende bevat:

- *'n Inleidende oordenking deur JH Greyvenstein,*
- *Roeping en plicht van de Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika met aanknooping aan het verleden deur LE Brandt*
- *Bladvulling met 'n aanhaling van Frederik de Vrome, die gedig 'Van der Hoff se Kerk' deur JJ Kuhn en 'n vers uit Luther se Ps 46*
- *'n Lys van Algemene Kerkvergaderings met aangawe van plek, datum, voorsitter en skriba*
- *'n Saamgestelde foto van vroeëre predikante van die Kerk,*
- *Die eerste Algemene Kerkvergadering 8 Augustus 1853 deur SP Engelbrecht*
- *'n Ou gedig (van 'n onbekende digter, voorgedra met die verwelkoming van ds Dirk van der Hoff op Rustenburg op 8 Augustus 1853*
- *Herinneringen deur CW du Toit*
- *Ons standpunt (Aangehaal uit 'n berig in Het Volksblad oor die samekoms van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met twee afgevaardigdes van die Kaapse Sinode op 23 April 1872).*
- *De vergadering voor kerkvereniging in Augustus 1891, deur Jac van Belkum*
- *Het Testament van Gen AWJ Pretorius*
- *Bij onze feestviering deur PW Ennis*
- *'n Foto-afdruk van die blanko beroepsbrief wat deur die Voortrekkers na Holland gestuur is in 1849*

- *'n Saamgestelde foto van die predikante van die kerk in 1928*
- *Waarom Hervormd? deur SP Engelbrecht*
- *De Bevestiging van ds Goddefroy te Witfontein 1887*
- *Foto's van die lede van die Kerkraad van Pretoria (Konsulentsgemeente)*
- *Ontslapen Voorgangers deur SP Engelbrecht*
- *Oud-ouderling ADW Wolmarans deur SP Engelbrecht*
- *'n Aanhaling uit die rede van ADW Wolmarans by die hoeksteenlegging van die kerkgebou op Ermelo*
- *Die teologiese Fakulteit van die Transvaalse Universiteitskollege deur T.[?]met fotos van die drie professore, die TUK hoofgebou en die Landbougebou*
- *Na 35 jaar ('n Foto van die Algemene Kerkvergadering van 1890 en 'n foto van dié van 1925*
- *Piëteit, 'n oordenking na aanleiding van 1Sam 24:13 deur B. Gemser.*

## 1927–1928

Gedurende 1927-1928 het 'n ernstige krisis gestalte geneem wat die bestaan van die Fakulteit Teologie aan die TUK bedreig het. Die Minister van Onderwys, doktor D.F. Malan, het naamlik 'n Universiteitskommissie benoem met die opdrag om te handel oor die afbakening van die funksies van universiteite en tegniese kolleges, besuiniging, koördinasie, uitskakeling van duplikasie ens. Tekenend in die opdrag was dat Teologie byvoorbaat saam met 'n aantal ander vakke soos argitektuur, kuns, musiek, ingeneursvakke, regte, handel, pedagogiek ens as professioneel, tegnies of kommersieel geklassifiseer is en dus ook aan Tegniese Kolleges onderrig sou kon word. Die lede van die kommissie was J.G. van der Horst, voorsitter, Luit-kol J.H. Dobson, H.J. van der Byl en C. Murray, met D.S. van der Merwe as sekretaris. Van der Horst is beskryf as ekonoom, sakeman, kultuurstryder en politikus. Hy was ook lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. Dobson was 'n ingenieur en nywerheidspionier. Van der Byl was die bekende ingenieur wat onder andere Evkom en Yskor op die been gebring het en na wie Vanderbylpark vernoem is. Hy was later kanselier van die Universiteit van Pretoria. Nie een van die lede van die kommissie het blykbaar 'n goeie begrip van die geesteswetenskappe gehad nie.

In paragraaf 66 van die verslag van die kommissie verskyn die volgende:

> *Die vraagstuk aangaande die insluiting van teologie in die leerplanne van ons universiteite verdien aandag. Teologiese fakulteite bestaan in die Universiteit van Stellenbosch en in die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria en Potchefstroom. Dit blyk dat aan die Universiteit van Stellenbosch al die studente in daardie fakulteit jong manne is wat as predikante van 'n besondere kerkgemeenskap opgelei word, dat hulle gelyktydig as studente van 'n teologiese kweekskool van daardie kerkgenootskap in Stellenbosch ingeskryf is, en dat vir onderwerpe van suiwer teologiese aard, in teenstelling met filosofiese vakke wat vir die graad Baccalaureus in die Godgeleerdheid vereis word, die professore van die teologiese kweekskool as professore van die Universiteit erken word. Hierdie reëling kos die Universiteit op die oomblik blykbaar niks aan salarisse nie. Dieselfde posisie word op Potchefstroom aangetref, terwyl in Pretoria na verneem word al die professore van die teologiese fakulteit met een uitsondering tot een kerk behoort en 'n deel van hulle salarisse uit universiteitsfondse, waartoe die staat bydra, bekostig word.*
>
> *Met die oog op die feit dat verskillende godsdienstige liggame afwykende teologiese stelsels vereis voel die Kommissie dat die insluiting van teologie in die leerplanne van 'n Universiteit tot ernstige moeilikhede kan lei en die Staat in die onhoudbare posisie kan stel dat dit teologiese Universiteitsdosente vir baie skakerings van godsdienstige oortuiging sal moet verskaf. Ons beskou dit as 'n verkeerde beginsel om Staatsteun vir hierdie doel te gee.*
>
> *As besluit sou word om die bestaande teologiese fakulteite af te skaf en om die toekenning van teologiese grade en diplomas deur Universiteite op leerkursusse wat deur die Universiteite aangebied word, te staak, sou 'n godsdienstige liggaam nie daardeur verhinder word om universitêre kursusse of sertifikate in gewone akademese onderwerpe vir sy eie besondere doeleindes te erken nie; en aan die hand word gegee dat Universiteite dan die reg moet behou om die DD graad honoris causa of as 'n navorsingsgraad op gevorderde en onafhanklike navorsing te verleen. Die MA of 'n gelykstaande graad behoort in sulke gevalle beskou te word as 'n noodsaaklike voorvereiste vir die DD graad. Die afskaffing van die teologiese fakulteite beteken dat die bestaande BD graad verdwyn.*

'n Rapport oor hierdie paragraaf van die Kommissie verslag, gedateer 20 September 1928 en opgestel deur S.P. Engelbrecht, is vandag nog ad rem. Daarom word dit grootliks aangehaal:

> *Algemene opmerking. .. Ten eerste is dit baie vreemd dat, waar in par 66 'n definitiewe aanbeveling gemaak word om die Teologiese Fakulteit af te skaf, wat verstrekkende gevolge sal hê, in die 'Samevatting en bevindings' geen enkel woord gesê word omtrent die aanbeveling in art 66. Ten tweede is dit nog vreemder dat die Universiteitskommissie wat .. aangestel is om 'ondersoek te doen, berig te lewer, getuienis te neem, en aanbevelings te maak' in die Questionnaire wat hulle aan die Universiteite en Universiteitskolleges gestuur het, en aan die persone wat namens die TUK getuienis afgelê het, geen enkele vraag gestel het aangaande die beoefening van die Teologie as wetenskap aan 'n inrigting vir Universitêre onderwys. En tog rapporteer die Kommissie daaroor, en maak 'n definitiewe aanbeveling ..Maw die kommissie rapporteer aan die Parlement oor iets wat nooit deur hulle ondersoek is nie en waaromtrent die Kommissie self in die duister verkeer. Daarom is dit dat in genoemde par 66 die Kommissie, waar die stand van sake in Potchefstroom en Pretoria verhaal word, sulke vae en twyfelagtige woorde soos 'blykbaar' en 'na verneem word' moet gebruik.*
>
> *Die Kommissie sê dat 'verskillende godsdienstige liggame afwykende teologiese stelsels vereis' .. Hier kom die onwillekeurige vraag op of die doseer van verskillende wysgerige stelsels aan 'n Universiteit dan nie dieselfde moeilikhede sou kan oplewer nie. Maar gevaar bestaan daar nie, want in die leerplan van die Universiteit van Suid-Afrika word geen voorsiening gemaak vir Leerstellige teologie (dogmatiese) teologie nie en dit word nie deur die TUK gedoseer nie. Dit is jammer dat die Kommissie hier in volslae onkunde verkeer.*
>
> *Verder word aan die hand gegee om die bestaande teologiese fakulteite af te skaf en geen teologiese grade en diplomas meer deur die Universiteit te laat verskaf nie. Maw die teologie behoort dus nie meer tot die siklus van wetenskappe nie, hoewel die teologie die oorsprong is en die ontstaan van die Universitêre studie. 'n Teologiese graad kan dus nie meer deur 'n Universiteit verleen word nie en is van nul en gener waarde. Om 'n konkrete voorbeeld te gebruik: Die doktorsgraad van die Minister van Onderwys wat hom in 1905 deur die Universiteit van Utrecht toegeken is, is dus volgens die Universiteitskommissie van nul en gener waarde, want 'n Universiteit behoort nie so 'n graad toe te ken nie...*
>
> *Die afskaffing van die BD graad sou nie alleen indruis teen die hele onwikkeling van die Universiteite as sodanig nie maar ook teen die historiese gang van sake in Suid-Afrika, want die ou Kaapse Universiteit waarvan die Universiteit van Suid-Afrika*

Article #922 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

> *die erfgenaam en opvolger is, het alreeds die BD graad verleen. .. Die teologiese studie aan die TUK is nie kerklik nie, en staan oop vir alle moontlike kerke. In hoofsaak is dit tot dusver maar net een kerk wat daarvan gebruik maak. Maar dit kan die TUK nie help nie...*
> *Verder moet daar veral beswaar gemaak word teen die voorstelling van die Kommissie dat die Teologiese Fakulteit met godsdiensstelsels te doen het... Studievakke soos die OT, NT, Kerkgeskiedenis, Dogmengeskiedenis, Etiek, Wysbegeerte van die Godsdiens, Sielkunde ens val tog seker nie onder leerstellige teologie nie. Dit is jammer dat par 66 van die rapport van sulke foutiewe veronderstellings uitgaan.*

Reeds op 18 Augustus 1927 het S.P. Engelbrecht aan die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering , dominee L.E. Brandt, geskryf en aan die hand gegee dat hy 'n onderhoud met die eerste minister, genl Hertzog, aanvra. '*Min Malan heeft 'n Kommissie benoemd om het gehele Universiteitswezen te onderzoeken. Als wij dus niet op onze hoede zijn, gaat hij nog de Theol Fakulteit afschaffen.*' Generaal Hertzog wou egter nie dat by die Minister van Onderwys verbygegaan sal word nie, en uiteindelik het 'n deputasie van die kerk doktor Malan ontmoet. Die ontmoeting het plaasgevind op 25 Oktober 1928. Die deputasie, wat aan die Minister voorgestel is deur doktor H.D. van Broekhuizen as verteenwoordiger van die Raad van die TUK, het bestaan uit dominees L.E. Brandt, Jac van Belkum, J.G.M. Dreyer, professore Greyvenstein, Engelbrecht en Gemser, ouderlinge J.H. Vorster en J.P. Prinsloo, doktor A.E. du Toit, rektor van die TUK, en die volksraadslede generaal J.J. Pienaar en Harm Oost.

Dominee Brandt het die woord gevoer en na inligting oor die toestand aan die TUK tov die onderskeie teologiese vakke, dosente en studente ook nadruk daarop gelê dat in Europa die Teologie die moeder van alle ander wetenskappe was en dat Universiteite begin het met die studie van Teologie. Doktor Malan het belowe om geen verandering te maak sonder raadpleging met die kerke nie. Hy het as sy ideaal genoem dat aan Universiteite deur die staat voorsiening gemaak sal word vir die studie van die algemeen wetenskaplike vakke van die Teologie en dat kerk self sal voorsien vir die studie van hulle spesiale vakke deur hulle studente. Dit is duidelik dat die Minister al voor die onderhoud tot die slotsom gekom het dat die aanbeveling van die Kommissie nie uitvoerbaar is nie, miskien ook omdat die Eerste Minister hom so laat verstaan het. [In dié verband is daar die verhaal van S.P. Engelbrecht dat hy generaal Hertzog op Pretoria stasie gaan sien het toe die trein na Kaapstad sou vertrek vir die parlementsitting, en dat die generaal vir hom gesê het: Engelbrecht, as jy nie vir my lieg nie, sal sake regkom.'] Dominee L.E. Brandt het in *De Hervormer* van 08 Januarie 1929 'n kort verslag geskryf oor die onderhoud met doktor Malan. Naas wat hierbo reeds vermeld is, het hy ook 'n oorsig gegee van die doseerwerk van die professore: Greyvenstein gee drie lesings per week wat bepaald kerklik genoem kan word, naamlik Dogmatiek, Leer van die belydenisse en Praktiese Teologie, teenoor 8 uur aan algemene vakke, naamlik Christelike Etiek, Ensiklopedie, Nuwe Testament Teologie, Eksegese Nuwe Testament, Nuwe Testamentiese literatuur en Oudchristelike literatuur; Engelbrecht gee elf uur algemeen wetenskaplike vakke, Gemser 15 uur Hebreeus, Assiries en verwante ou Semitiese Tale, Eksegese Ou Testament en Teologie Ou Testament, McMillan vyf uur Filosofie van die Gosdiens, Vergelykende Godsdiensgeskiedenis en Psigologie van die Godsdiens.

**30 Augustus 1928**

Die Fakulteit verkies professor B. Gemser as dekaan.

**08 Oktober 1928**

S.P. Engelbrecht bring as nuwe hoofredakteur van *De Hervormer* hulde aan dominee Jac van Belkum wat meer as 19 jaar lank die uitgawe van die blad behartig het. Engelbrecht vermeld verder dat minister Tielman Roos in antwoord op 'n vraag verklaar het dat hy teen die opheffing van die teologiese fakulteite in Pretoria en Potchefstroom gekant is en speek daaroor sy dank uit. Engelbrecht rig hom ook aan die Potchefstroomse Universiteitskollege met 'n versekering dat hulle kan reken op die hulp van die Hervormde Kerk om hulle te beskerm. Hy sluit af met die volgende woorde:

> *Die Gereformeerde Kerk behoef haar nie vir die PUK te skaam nie. Daardie inrigting is 'n eer vir haar, want dit getuig van stoere arbeid, en dit is vir andere 'n beskamend voorbeeld. Ons hoop in die belang van die bevolking van Transvaal dat die regte van die PUK gehandhaaf sal bly.*

**25 Oktober 1928**

Die Kuratorium vergader. Teenwoordig was dominees Van Belkum en J.G.M. Dreyer en die broeders A.H. Koomans, J.P. en J.J. Prinsloo en J.H. Vorster, die professore Greyvenstein en Gemser, die Administrateur meneer Roorda, en die waarnemende skriba van die vorige Kuratorium, dominee L.E. Brandt, wat deur die voorsitter bedank is vir sy diens. Dominee Van Belkum is verkies as voorsitter en dominee J.G.M. Dreyer as skriba.

**26 Oktober 1928**

Die dekaan doen aan die Fakulteit verslag oor die Akademiedienste waarop die Senaat besluit het op 01 Junie 1927. Vyf dienste is intussen gehou, deur Greyvenstein, MacMillan, professor Meinhof van Duitsland, professor J.D. du Toit van Potchefstroom en doktor N.S. Talbot, die Anglikaanse biskop van Pretoria. Teleurstelling is uitgespreek oor die swak bywoning van die kant van die personeel.

**11 Desember 1928**

Op die volgende vergadering van die Kuratorium was al die lede behalwe doktor Fourie teenwoordig. Bespreking is gevoer oor die swak terugbetaling van studiebeurse deur veral studente wat die studie gestaak het en ook predikante wat afgestudeer het. Die datum 15 Januarie 1929 is gestel as afsnypunt voordat aanskrywings gerig sou word. Aansoeke om ondersteuning is behandel, en 'n begroting van £2590 is goedgekeur.

**07 Maart 1929**

Die Raad benoem E.S. Mulder as studente-assistent in Semitiese Tale.

## 1929

**05 Desember 1929**

Die Kuratorium neem kennis dat doktor Fourie bedank het as lid en dat dominee Brandt in sy plek as lid aangestel is. Die skulde van gewese studente is behandel, en dit het geblyk dat daar oor die algemeen bereidheid was om te betaal. Een broeder het laat weet dat hy dringender skulde het as dié, 'n ander een dat hy onmondig was toe die ooreenkoms aangegaan is en dus nie verantwoordelik gehou kan word nie, 'n derde het 'n parmantige brief teruggeskryf. Wat predikante betref, was daar een wat reeds sestien jaar tevore afgestudeer het, maar nog nie sy skuld betaal het nie. Die meeste ander wat geld geskuld het, het belowe om een of ander tyd te begin met afbetaling.

Oor proefpreke is besluit dat dit aan die einde van die laaste studiejaar gehou moet word en dat studente na die proefpreek met toestemming van professor Greyvenstein kan uitgaan om te preek. 'n Nuwe kontrak is goedgekeur vir studielenings, agt per sent rente verander na vyf per sent, en vyf jaar terugbetaling verander na ses jaar. Die begroting vir 1930 is vasgestel op £2920.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

Vier studente het studies voltooi, naamlik J.J. Prinsloo, J.P. van den Berg, E.S. Mulder en P.J. Smit. In die vyfde jaar was Kemp en Huyzers, vierde jaar Ras en Booyse, derde jaar Storm, Van Staden, Engelbrecht en Van Rensburg, tweede jaar Steenekamp, Brandt en Coetzee, eestejaar Otto, Bierman, Joubert en Le Roux.

Dominee Rautenbach het onder die aandag gebring dat uit 'n koerantberig blyk dat van ons teologiestudente teenwoordig was op 'n dans. Die saak is oorgelaat aan professor Greyvenstein om na bevind van sake te handel.

Afskeid is geneem van ouderling Koomans, wat sou verhuis na Wellington in die Kaap. In sy plek is dominee A.J.G. Oosthuizen as lid benoem [blykbaar teen die besluit in dat die Kuratorium moet bestaan uit vier predikante en vyf ander].

Professor MacMillan was in die eerste deel van 1930 oorsee as verteenwoordiger van die Oxford-groep. Hy is deur die Universiteit van Glasgow vereer met 'n eredoktoraat as erkenning vir sy betekenis vir Teologie en Kerk in die algemeen en vir sy publikasie van die *Ordinal of the South African Presbyterian Church*.

## ∽ 1930

### 19 Maart 1930

Die Predikantevergadering kom byeen. Dominee L.E. Brandt se toespraak by die opening is gepubliseer in *De Hervormer* van 01 Junie 1930, en in die uitgawe van 15 Junie verskyn 'n oorsig van die vergadering deur dominee G.E. Alers. Dominee Jac van Belkum het oor sy lewenservaring gepraat, professor S.P. Engelbrecht het 'n lesing gehou oor Doktor Kuyper en sy bestryders, dominee A.J. Barger oor Siekebesoek, en professor Greyvenstein oor die Spiritisme. Teenwoordig was ook die weduwee van professor P.J. Muller. Die Raad benoem F.J.Z. Booysen as tydelike assistent lektor in Hebreeus

### 23 Mei 1930

Die Raad keur ses maande verlof aan professor Gemser goed, vanaf Julie 1931.

### 29 Augustus 1930

Die Fakulteit verkies vir S.P. Engelbrecht as dekaan. Professor Greyvenstein het by dié geleentheid waardering uitgespreek vir die wetenskaplike publikasies deur lede van die Fakulteit. Daaronder het getel Engelbrecht se boek oor die Neo-Calvinisme en sy artikels in *Die Hervormer* en die *Almanak*, en Gemser se kommentaar op Spreuke in *Tekst en Uitleg*.

Die skielike vertrek van E.S. Mulder wat assistent-lektor in Hebreeus was, is gevolg deur die benoeming van F.J.Z. Booysen in dieselfde pos. Hy was in sy finale BD jaar. Die jaarverslag van die Fakulteit meld:

> *Met verlange sien die Fakulteit uit na die selfstandigwording van die Transvaalse Universiteitskollege as 'n Universiteit van Pretoria, veral vir 'n grondige hervorming van die eksamensisteem deur die invoering van mondelinge eksamens.*

### 01 Oktober 1930

Die hoofredakteur van *De Hervormer*, S.P. Engelbrecht, skryf in 'n hoofartikel onder andere:

> *Ons Kerk het altyd die gedagte van 'n Uniwersiteit in Pretoria toegejuig, en reeds in die jaar 1899 werd aansluiting gesoek by die opterigte teologiese fakulteit vir die opleiding van ons predikante. En aan die Transvaalse Universiteitskollege het ons steeds deelgenote gewees van die teologiese fakulteit. Daarom is dit dat ons die versekering wil uitspreek dat ons hoogs ingenome is met die feit dat die TUK tot 'n selfstandige Uniwersiteit omgeskep word. Ook aan die nuwe Uniwersiteit sal ons steeds alle steun gee. Ons wens veral die bekwame rektor, Professor AE du Toit, van harte geluk, dat hy die Uniwersiteitskip so gestuur het dat dit is waar dit is. En moge God Sy vleugele oor die inrigting uitbrei, dat dit tot seën mag wees vir ons nasie, maar bowe alles, tot eer van Sy naam!*

### 10 Oktober 1930

Die Transvaalse Universiteitskollege word die Universiteit van Petoria. Die voorsitter en vise-voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering was by die feesvierings teenwoordig. Die professore van die kerk het hulle volle deel gedoen in die oorgang van die inrigting net soos later in die geval van die Afrikaanswording van die Universiteit in 1932. Die 'selebrasie-godsdiensoefening' op 12 Oktober 1930 is gelei deur dominee L.E. Brandt. Sy rede is gepubliseer in *De Hervormer* van 01 November 1930. Hy het onder andere gesê:

> *Universiteit is een ambitieuse veel omvattende naam en een grootsche roeping, die u voorligt. De hele schepping is uw arbeidsveld, van het laagste organisme en het zoogenaamde onorganische, de atomen en elektronen, tot het hoogste geestelijke leven van den mensch en van de liefde van God, op deze aarde en in het onmetelijk heelal.*

*De Hervormer* het ook 'n verslag oor die feesvierings gepubliseer. Dit het begin met 'n lesing van S.P. Engelbrecht oor oud-Pretoria. Tegelyk was daar 'n fees waar die goewerneur-generaal en prinses Alice teenwoordig was. Toe 10 Oktober aanbreek, is die ou Transvaalse Universiteitskollege-wapen uitgedoof en die nuwe wapen van die Universiteit onthul. Op dié dag is eers die lede van die Raad van die Universiteit verkies, en daarna het raadslede, verteenwoordigers van ander universiteite en liggame, professore en studente in optog vertrek na die stadsaal waar die Minister van Onderwys die stigtingsoorkonde oorhandig het en gelukwense oorgedra is, onder andere deur dominee Brandt. Daarna was daar 'n optog na die Krugerstandbeeld voor die stasiegebou waar kranse gelê en toesprake gehou is. Die dag is afgesluit met 'n musiekaand en toesprake deur mevrou Van Broekhuizen, professor S.P. Engelbrecht en doktor D.F. Malan. Die kanselier, meneer Tielman Roos, het Saterdagmiddag 'n tuinparty vir duisende gaste aangebied in die tuin van die Universiteit en die aand 'n dinee vir 'n aantal gaste.

### 03 Desember 1930

Die Kuratorium vergader. Professor Greyvenstein het verslag gedoen oor die studente se bywoning van danspartye. Sommige studente het erken en belowe om dit nie weer te doen nie. Besluit is om aan hulle te skryf dat die Kuratorium dit as ongewens beskou. Met meerderheid van stemme is besluit dat studente verplig is om hulle attestate by die gemeente Pretoria in te handig.

Die skriba, dominee J.G.M. Dreyer, het meegedeel dat hy verneem het dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die kerk 'n verteenwoordiger op die Raad van TUK kan kry en dat hy sonder opdrag 'n brief in diér voege geskryf het en van die rektor 'n brief terug ontvang het dat die saak onder behandeling is.

Die studente Huyzers en Kemp sou afstudeer as hulle deurkom. In 1930 was in die vyfde jaar Ras en Booysen, vierde jaar Storm, Van Staden, Engelbrecht en Van Rensburg, derde jaar Steenekamp, Coetzee en Brandt, tweede jaar Le Roux, Bierman en Joubert, eerste jaar Breedt, Viljoen, Visagie en Grobler. Die begroting vir 1931 is vasgestel op £3270.

## 1931

### 17 Maart 1931

Op die vergadering van die Kuratorium was dominee Van Belkum afwesig weens siekte, en dominee Brandt het die voorsitterstoel ingeneem. Vir die vierde [?] keer is professor Engelbrecht en die Administrateur opgedra om 'n album te koop. Van die rektor van die Universiteit van Pretoria is verneem dat nie voldoen kan word aan die versoek om 'n verteenwoordiger op die Raad nie.

### April 1931

Volgens 'n oorsig deur professor Gemser in *De Hervormer* van 01 Mei 1931 het die Predikantevergadering goed verloop. Professor Greyvenstein het die wydingswoord uitgespreek, dominee Brandt het 'n lesing gehou oor professor J.H. Gunning, dominee Joh Dreyer oor 'Ons aandeel in die skuld aan die geestelike toestand in ons dae', en professor S.P. Engelbrecht het 'n ligbeeld-vertoning gehou oor Jerusalem en ander plekke in die Heilige Land. Die volgende dag is gebruik vir praktiese sake en die bespreking van beskrywingspunte.

### 07 Mei 1931

Die Fakulteit het die langverlof van professor MacMillan vir 1932 in beginsel goedgekeur. Die jaarverslag vir 1931 meld dat professor Gemser die Orientalistekongres in Leiden bygewoon het en ook deur koningin Wilhelmina ontvang is.

J. Strydom het op 27 Maart 1931 gepromoveer aan die Universiteit van Leiden met 'n proefskrif *Een Studie over den Samenhang en de betrekking van Barth tot Calvyn in den Philipperbrief* en H.P. Wolmarans het die doktorale eksamen in Groningen met goeie gevolg afgelê.

### 19 Mei 1931

Op die 43ste Algemene Kerkvergadering is dominee L.E. Brandt verkies as voorsitter, dominee A.J. Barger as skriba, dominee S. Vermooten as vise-voorsitter en dominee D.F. Erasmus as vise-skriba. Die openingsrede deur dominee Brandt was na aanleiding van 2 Korinteërs 13:8. Vir die eerste keer teenwoordig was die afgestudeerdes dominees P.W. Venter van Volksrust, P.J. Smit van Losberg, J.J. Prinsloo Gsn van Johannesburg, en J.P. van den Berg van Waterberg. Die vergadering het kennis geneem dat die Kweekskoolfonds steeds 'n tekort het. Die name van 15 ampsdraers wat geld verskuldig was aan die Fonds, is opgeneem in die notule en daar is vermeld dat net professor Engelbrecht, dominee P.S. Grobler, P.J.J. Venter en H.P. Wolmarans geleidelik klein somme terugbetaal. Op die Kuratorium is na etlike herstemmings verkies dominees L.E. Brandt, A.J.G. Oosthuizen, J.G.M. Dreyer, T.F.J. Dreyer, S. Vermooten, C.H. Rautenbach, J.J. Prinsloo Gsn, doktor B. de Loor en ouderling J.J. Prinsloo.

### 19 Junie 1931

Volgens 'n verslag aan die Raad het S.P. Engelbrecht Dogmengeskiedenis, Kerkgeskiedenis en Kerkreg doseer, B. Gemser Hebreeus en Semitiese Tale vir BA en MA studente, Ou Testament Eksegese en Argeologie vir BD studente, J.H. Greyvenstein Nuwe Testament Eksegese en Teologie en Christelike Etiek, E. MacMillan Godsdiensgeskiedenis, Godsdiensfilosofie en Apologetiek (laasgenoemde in Engels).

### 10 Desember 1931

Op die vergadering van die Kuratorium is as voorsitter dominee A.J.G. Oosthuizen en as skriba dominee J.G.M. Dreyer verkies. Teenwoordig was nou ook die nuwe Administrateur, meneer J.H.H. Janson, so ook professore Greyvenstein en Engelbrecht. Baie tyd is bestee aan die finansiële probleme van die Fonds, en die agterstallige skulde van predikante en studente wat die studie gestaak het. Nuwe lenings is streng beperk, en op maatreëls om gelde in te kry teen korting is besluit. Die begroting vir 1932 is vasgestel op £2950. Dominees Prinsloo, Rautenbach en professor Engelbrecht is benoem om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n eie koshuis. Hierdie vergadering het ook die wenslikheid uitgespreek dat daar 'n skriftelike ooreenkoms met die Universiteit behoort te wees en 'n kommissie in dié verband benoem.

## 1932

### 01 Maart 1932

Professor Gemser is deur die Kuratorium terug verwelkom nadat hy pas uit Holland teruggekeer het. Daar het uiteindelik verslag gekom oor die studente-album. Besluit is dat die Administrateur hier en oorsee tenders vra en dit bestel. Weer eens was dit die moeilike finansiële situasie wat die volle tyd van die vergadering in beslag geneem het. Dit was ook die geval met die vergadering van 20 Junie 1932.

### 18 Maart 1932

Die Raad benoem dominee E.S. Mulder as assistent in die Departement Semitiese Tale.

### 12 April 1932

Die Fakulteit besluit dat Hebreeus II 'n vereiste sal wees om met BD te begin, dat Grieks hoofvak moet wees en dat professor H.G. Viljoen gevra word om die vereiste kursusse in Latyn te gee. Die oorblywende vakke kon gekies word uit die wysgerige vakke, kultuurhistoriese vakke, Duits, Geskiedenis, Volkekunde, Hebreeus en Latyn. Eksamens sou afgeneem word in teenwoordigheid van die Fakulteit en sou deels skriftelik, deels mondeling wees. Professor Viljoen het op 02 Junie 1932 'n skema voorgelê vir 'n kursus in Patristiese en Middeleeuse Latyn, en die Fakulteit het besluit om dit by die Senaat aan te beveel vir erkenning as 'n kwalifiserende kursus.

### 02 Augustus 1932

Professor MacMillan het op 07 Julie 1932 direk aan die rektor geskryf om verlenging van sy verlof om hom die geleentheid te gee om na Amerika te gaan in verband met die Oxford-groep. Die Fakulteit het op 02 Augustus daarop gewys dat dat die Departement Filosofie en Geskiedenis van die Godsdiens onder die omstandighede ly en het versoek dat 'n tydelike plaasvervanger gevind word in die persoon van óf dr Moorrees óf doktor H.P. Wolmarans.

### 13 September 1932

Die Raad besluit dat die vyftig-vyftig beleid geskrap word, dat die dienste van die Universiteit primer gerig word op die behoeftes van die Afrikaansprekende deel van die bevolking, en dat die taal van die Universiteit Afrikaans sal wees.

### 25 Oktober 1932

Die Fakulteit stel die duur van mondelinge eksamens vas. Dit was soos volg: Sesdejaar: Eksegese OT 1 uur, Eksegese Nuwe Testament 1 uur, Kerk- en Dogmensgeskiedenis 1½ uur, Vyfdejaar Eksegese OT 2 x 1 uur, Eksegese Nuwe Testament 2 x 1 uur, Kerkgekiedenis 2 x 1 uur, Vierdejaar Eksegese OT 1 ½ uur, Eksegese Nuwe Testament 1½ uur, Kerkgeskiedenis 1½ uur. As subminimum vir die mondelinge eksamens is 35 per cent vasgestel. Supplementêre mondelinge eksamens is aanbeveel vir twee studente wat nie die subminimum behaal het nie.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #922

**07 Desember 1932**

Op die vergadering van die Kuratorium is kennis geneem dat twee predikante intussen doktorsgrade behaal het, te wete J.J. Strydom en H.P. Wolmarans. Dit het gelyk of die finansies beter is. Studente Storm en Van Rensburg het afgestudeer. In 1933 sou Steenekamp, Engelbrecht en Coetzee in die sesde jaar wees, en ook Van Staden as hy 'n paar vakke vroeg in 1933 slaag, in die vyfde jaar Le Roux en Brandt, in die vierde jaar Grobler, Breedt en Viljoen, in die derde jaar Visagie, Wolmarans en P.J.L. Bierman. Besluit is dat alleen studente wat reeds teologie studeer, op Geloftefeeste mag preek en dat dit nie in belang van studente geag word dat hulle trou nie behalwe as die Kuratorium om gewigtige redes anders besluit. Net aan H. Muller is 'n lening toegestaan, naamlik £40. Die begroting is vasgestel op £1655.

## ☙ 1933

**01 Maart 1933**

Professor MacMillan was terug op sy pos en het die Fakulteitsvergadering bygewoon waar die rektor ook teenwoordig was. MacMillan het die wens uitgespreek dat die moontlikheid van sy aftrede oorweeg word aangesien sy tyd ten volle beset sal word deur leiding in die Oxford-groep.

**05 April 1933**

Die Senaat van die Universiteit keur die aanstelling van professor Gemser as hoof van die Departement Antieke Kultuurgeskiedenis goed. Hy was toe dus hoof van drie departemente, twee in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en een in Teologie. Die aanstelling van H.P. Wolmarans as interne eksaminator vir die aanvullingseksamen is ook goedgekeur.

**19 Mei 1933**

Die Fakulteit verneem dat MacMillan skriftelik bedank het. Hy is versoek om tot die einde van die jaar beskikbaar te wees en indien nie, om vir doktor H.P. Wolmarans te nader vir tydelike hulp.

**16 Junie 1933**

Die Raad neem kennis dat doktor H.D. van Broekhuizen as raadslid bedank omdat sy nuwe werksaamhede hom uit die omgewing sal verwyder en dat hy sy teologiese boekery teen 'n geringe prys aanbied.

**12 September 1933**

Die Fakulteit herkies vir professor S.P. Engelbrecht as dekaan en professor Gemser as sekretaris. Engelbrecht het berig dat hy op 14 Julie 'n openbare lesing op Stellenbosch gehou het oor die vroegste geskiedenis van Transvaal en dat hy op 27 Augustus die Universiteit verteenwoordig het by die bekendstelling van die Afrikaanse Bybel.

**08 November 1933**

Die Senaat het 'n mosie van deelneming aanvaar met die afsterwe van doktor J. van Belkum ''n persoon wat veel gedoen het vir onderwys in Transvaal en baie belanggestel het in die Universiteit van Pretoria'. Die Senaat het ook besluit dat met die oog op die versterking van die Departement Geskiedenis: 'Professore S.P. Engelbrecht en M. Bokhorst 'n vasomlynde leeropdrag kry in genoemde Departement sonder addisionele salaris.'

**17 November 1933**

Die Raad stel doktor C.H. Rautenbach vir 1934 aan as lektor in die Departement Wysbegeerte onder die verstandhouding dat hy ook sekere lesings in die Departement Sielkunde sal gee, en dat die Universiteit hom nie sal vra om sy werk in sy gemeente op te gee nie. Verlof is toegestaan aan professor S.P. Engelbrecht om gedurende die Desembervakansie oorsee te gaan. Nadat 'n notule van 'n buitengewone vergadering van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte behandel is, het die Raad besluit dat professore S.P. Engelbrecht en M. Bokhorst as tydelike maatreël vas omlynde opdragte kry in die Departement Geskiedenis. Die agtergrond daarvan was dat die hoof van die Departement, professor Leo Fouche, onder andere nie meer as twee weke aan die Transvaalse Geskiedenis gewy wou hê nie en dat hy geskerm het vir die behoud van J.A.I. Agar-Hamilton as dosent.

**29 November 1933**

Die Senaat het goedgekeur dat professor Engelbrecht die verpligte kursus Geskiedenis van die Trekkerstate sal hanteer. Professor McMillan het afskeid geneem van die Senaat.

**05 Desember 1933**

Die Kuratorium vergader. Die noodsaaklikheid van 'n skriftelike ooreenkoms met die Universiteit is weer bespreek en opdrag is gegee tot dringende onderhandeling. Verslag is gedoen oor die vordering van studente; vier studente het die finale eksamen geskryf en drie het geslaag.

J.J. Engelbrecht sou in Maart 1934 hereksamen in een vak doen. In 1934 sou A. Brandt en L.M. le Roux in die derde jaar wees, S.P. Viljoen en G.P.J. Grobler tweede jaar, P.J.L. Bierman, J.C. du Plessis en W.M. Wolmarans eerste jaar BD.

P.J. Booysen, C.H. Muller en A.J. Nolte sou in die finale BA jaar wees asook H. Muller en F.J. van Zyl in die tweede jaar. Die begroting vir 1934 is vasgestel op £1625. 'n Kommissie is benoem om in te gaan op die hele saak van lenings en wat daarmee saamhang. 'n Mosie van deelneming met die afsterwe van dominee Jac van Belkum is aanvaar.



# Hoofstuk 3

## Twee afdelings van een fakulteit 1934–1940

Die Universiteit benoem op voordrag van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk vir dominee G.M. Pellisier in die pos Godsdienswetenskap wat deur die bedanking van professor Macmillan vakant gelaat is. Dit word die begin van 'n ontwikkeling van twee feitlik selfstandige afdelings binne die Fakulteit Teologie. Die toetrede van H.P. Wolmarans as vierde dosent vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk bring nuwe teologiese aksente. Die verhouding tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit kry beslag in 'n skriftelike kontrak. In 1937 word dit gevolg deur 'n tweede kontrak waarin die ruimte geskep word vir die bestaan van twee fakulteitsafdelings. Vanaf 1938 funksioneer die twee afdelings naas mekaar met gelykluidende kontrakte. Hierdie kroniek volg dan verder die gang van Afdeling A, die afdeling beman deur ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die benoeming as lektore van A. van Selms in 1938 en C.H. Rautenbach in 1939 verhoog die akademiese kwaliteit van die afdeling verder.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Twee afdelings van een fakulteit 1934–1940', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #919, 8 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i3.919

### 1934

**27 April 1934**

Die Raad besluit om so gou moontlik 'n aanstelling in Vergelykende Godsdienswetensakp en Wysbegeerte van die Godsdiens te maak in oorleg met die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk en versoek die sinode om drie persone aan te beveel.

**15 Mei 1934**

Op die 44ste Algemene Kerkvergadering is as voorsitter verkies dominee L.E. Brandt en as vise-voorsitter dominee J.J. Prinsloo Jsn, as skriba dominee A.J. Barger en as vise-skriba dominee T.F.J. Dreyer. Die vergadering het kennis geneem dat 'n skriftelike ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria in onderhandeling is. Besluit is dat die kerklike eksamen opgehef word en dat die professore sal deelneem aan die proponentseksamen wat sal bestaan uit Dogmatiek, Christelike Etiek, Praktiese uitleg van die Heilige Skrif, Bybelgeskiedenis, Praktiese Godgeleerdheid en Kerkreg. Die status van professore was ter sprake en is na 'n kommissie verwys vir advies. Die kommissie het voorgestel dat professore die status van predikant sal hê en dat klagte oor hulle leer en lewe by die Kuratorium ingedien moet word vir voorlopige ondersoek en verwysing na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die voorstel is aanvaar na lang bespreking. Daar is ook lang bespreking gevoer oor 'n rapport van die professore oor spiritisme wat nie byval gevind het nie. Hierdie vergadering het dominees Brandt, Prinsloo en Oosthuizen benoem om namens die kerk met die Universiteit te onderhandel en 'n ooreenkoms te beklink. Op die Kuratorium is verkies doktor B. de Loor, dominees L.E. Brandt, A.J.G. Oosthuizen, doktor H.C.M. Fourie, dominee J.J. Prinsloo Jsn, ouderling N.J. Campher en dominee S. Vermooten [van nou af net sewe lede].

**05 Junie 1934**

Die Fakulteit vergader. Teenwoordig was naas Engelbrecht, Greyvenstein en Gemser ook H.G. Viljoen en G. Cronje, asook dominee W. Nicol, moderator van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. Na 'n uiteensetting van dominee Nicol is besluit om by die Senaat en Raad aan te beveel dat professor B.B. Keet van Stellenbosch benoem word in die vakante leerstoel Godsdienswetenskap. Die Senaat het die benoeming goedgekeur op 06 Junie.

**15 Junie 1934**

Die Raad besluit na aanleiding van 'n brief van die Sinodale Kommissie van die Verenigde Kerk om dominee G.M. Pellisier van Carolina aan te stel as professor in Wysbegeerte van die Godsdiens en Vergelykende Godsdienswetenskap. [Wat tussen 05 Junie en 21 Junie gebeur het, kan nie uit die stukke opgemaak word nie. Die brief van die Sinodale Kommissie was gedateer 23 Mei 1934, en dit maak die besluit van die Fakulteit op 05 Junie met doktor Nicol aanwesig, baie problematies.]

**21 Junie 1934**

Die skriba van die Algemene Kerkvergadering skryf aan die voorsitter en lede van die Raad van die Universiteit van Pretoria en spreek die ingenomenheid van die Kerk uit met die handhawing van die bestaande leerstoel in Sosiologie en die aanstelling van doktor G. Cronje in die leerstoel. Hy het afgesluit met die woorde:

> *Die jongste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het dan ook reeds die wenslikheid uitgespreek dat ons Teologiese studente een of meer kursusse in Sosiologie by Dr Cronje moet volg.*

**09 Augustus 1934**

Die Kuratorium vergader. Dominee Oosthuizen is weer as voorsitter gekies en na staking van stemme tussen dominee Brand en doktor De Loor is dominee Brandt met die lot as skriba aangewys. 'n Lening van £50 is toegestaan aan A. Brandt vir 'n jaar studie in Holland. Die vergadering het ook gehandel oor die vakature wat in die Fakulteit Teologie ontstaan het na die bedanking van dominee MacMillan. Berig is dat dominee G.M. Pellisier deur die Universiteit aangestel is op aanbeveling van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk maar dat hy eers in 1935 met lesings sal begin. Die Kuratorium het na lang bespreking op voorstel van dominee Prinsloo en doktor Fourie besluit om 'n afvaardiging te stuur na die voorsitter van die senaat om voor te stel dat doktor H.P. Wolmarans, wat reeds tydens MacMillan se verlof die lesings waargeneem het, intussen die lesings moet waarneem. In reaksie op 'n bewering van dominee H. Ziervogel van Zeerust op 'n konferensie van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk oor onderwys, as sou die studente van die Hervormde Kerk aangehits is en weier om onder dosering van professor Pellisier te sit, het die voorsitter en skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in *Die Volkstem* van 17 September 1936 gestel dat die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk bepaal dat hoogleraars wat studente van die kerk oplei, aan 'n erkende Universiteit gepromoveer moet wees, en dat dominee Pellisier nie 'n doktorsgraad het nie. Daar was 'n aansienlike skrywery in *Die Volkstem* oor hierdie saak. Pellisier het in 1935 net een student gehad.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #919

**14 Augustus 1934**

Die Fakulteit verander die naam van die Departement na Vergelykende Godsdienswetenskap en Wysbegeerte van die Godsdiens. Die Fakulteit het ook sterk kritiek uitgespreek op die Roos-rapport wat misleidende en foutiewe bewerings bevat het.

Aan die Universiteit van Pretoria het intussen 'n voortslepende 'rektorskwessie' sy loop gehad. Professor A.E. du Toit, wat in 1927 rektor geword het en die Afrikaanswording van die TUK sowel as die universiteitswording suksesvol bestuur het, het op 28 Mei 1934 as rektor bedank en teruggekeer na die Wiskunde-leerstoel. Dit het gevolg op 'n mosie van die dekane in die Senaat wat op 02 Mei aanvaar is en wat gelui het:

> *Dat dit teen die belange van die Universiteit sou wees om die dienstyd van professor AE du Toit as rektor te verleng, dat intussen 'n voorsitter van Senaat aangestel sou word en dat 'n nuwe rektor in oorleg tussen Raad en Senaat aangestel sou word.*

Die dekaan van die Fakulteit Teologie was een van die sewe dekane wat die mosie ingedien het en intens betrokke was by die verskille rondom de aanstelling van 'n volgende rektor. Op een of ander wyse het die toetrede van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk tot die Fakulteit Teologie hierby 'n rol gespeel. Dit is wat beweer is deur ondersteuners van professor Du Toit, maar die dekane het twee keer uitdruklik verklaar dat kerklike oorwegings geen rol speel in hulle standpunt nie. Byna 'n jaar lank kon die Raad en die Senaat mekaar nie vind oor 'n geskikte persoon vir die rektorskap nie. Name wat deur die Raad genoem is, was professor F. Postma van Potchefstroom, dominee W. Nicol van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, professor T.J. Haarhoff van Wits, doktor S.P.E. Boshoff, en professor R.W. Wilcocks van Stellenbosch. Later was professor S.P.E. Boshoff, doktor E.G. Jansen en professor H.G. Viljoen die kandidate. Die Senaat het aanvanklik saam met die Raad gestem in die voorkeur vir professor Postma, maar die Raad het 'om sekere redes' besluit om hom tog nie te benoem nie. Later het die Raad en Senaat ooreengestem oor professor H.G. Viljoen, die dekaan van Lettere en Wysbegeerte wat as voorsitter van die Senaat opgetree het van Junie 1934 af. Ook die studentekorps het sy kandidatuur gesteun, soos blyk uit 'n skrywe van die voorsitter van die Studenteraad, Andries Nolte, op 26 Maart 1935. Professor Viljoen het hom egter die onguns van lede van sy kerk op die hals gehaal soos blyk uit die volgende brief, onderteken deur D. Nel, voorsitter van die Afrikaanse Nasionale Konvokasie Bond en gedateer 20 Maart 1935:

> *Soos u seker al verneem het, het die Raad van die Universiteit van Pretoria die volgende drie persone aanbeveel uit wie 'n rektor vir die Universiteit van Pretoria gekies moet word, nl Adv EG Jansen, Professor SPE Boshoff en Professor HG Viljoen. Dit is geen geheim meer dat die Hervormde Kerk 'n openlike kerkistiese stryd van die saak gemaak het nie en dat Professor HG Viljoen gemene saak met die Hervormde Kerk en daarby met die vroeëre vyande van die Afrikanersaak gemaak het nie. Ons wil alles in ons vermoë doen om 'n kerkistiese stryd op die Universiteit te voorkom, daarom voel ons ons verplig om 'n beroep op u en ander predikante van ons Ned Herv of Geref Kerk te doen om sonder verwyl die nodige stappe te neem om die Raad van die Universiteit te versoek om nie Professor Viljoen aan te stel nie, daar dit uiters onwenslik is om 'n persoon aan te stel wat openlik kant met die Hervormde Kerk gekies het aangesien negentig persent van die studente van die Universiteit aan die Ned Herv of Geref Kerk behoort. Dit is dus in belang van ons Kerk en ons Afrikanersaak dat of Adv EG Jansen of Professor Boshoff aangestel sal word. Ek vertrou dus dat u dadelik die nodige stappe in die saak sal neem.*

Die Senaat het in 'n buitengewone vergadering op 27 Maart 1935 kennis geneem van hierdie skrywe maar nogtans besluit om professor Viljoen aan te beveel as die geskikste persoon. *Die Volkstem* het in 'n hoofartikel op 13 April 1935 die hoop uitgespreek dat die Raad die keuse van die Senaat sal onderskryf en onder andere die volgende oor professor Viljoen gesê:

> *Die afgelope ses maande het getoon dat die Universiteit van Pretoria sy werk kan voortsit en aan sy roeping getrou kan bly sonder 'n spot en spektakel te wees vir die publiek. Die eer hiervoor kom grotendeels toe aan die gesonde invloed wat van die Senaatsvoorsitter uitgegaan het en die samewerking wat hy in staat was om te verkry – 'n prestasie wat des te hoër is omdat professor Viljoen bekend is as iemand wat vierkantig staan op die stuk van Afrikaanse belange en andersdenkendes met ope visier ontmoet.*

Die Raad het in sy vergadering van 17 April egter geswig voor die mening uit die kringe van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk en het professor S.P.E. Boshoff se naam opnuut aan die Senaat voorgelê. Die *Sunday Times* het soos volg geskryf op 21 April:

> *Conditions at the University of Pretoria are rapidly reaching a climax as the result of the nomination of Dr SPE Boshoff, formerly Director of Education, Transvaal, as the next Rector... In the meanwhile such extraneous matters as the future of the theological faculties at the Pretoria University are entering the controversy.*

Daarop het die Senaat in 'n buitengewone vergadering op 24 April sy teleurstelling uitgespreek oor die optrede van die Raad en het die dekane opgedra om bestaande besluite onmiddellik onder die aandag van die Minister te bring en hom te versoek om 'n deputasie van die Senaat te ontmoet. Die Minister, meneer J.H. Hofmeyer, het die dekane ontmoet en toe die Raad op 19 Mei die naam van sy kandidaat aan die Minister voorlê, het hy die benoeming van doktor Boshoff *geveto*. Uiteindelik is meneer C.F. Schmidt, afgetrede kontroleur- en ouditeur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, as rektor benoem.

**27 Augustus 1934**

Die Raad besluit om die eregraad DLitt toe te ken aan die Bybelvertalers J.D. du Toit, H.C.M. Fourie, B.B. Keet, J.D. Kestell en E.E. van Rooyen.

**19 Oktober 1934**

Die Raad benoem 'n komitee om te handel oor 'n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die optrede van professor W.P. de Villiers.

**16 November 1934**

Die komitee wat deur die Raad benoem is om met professor De Villiers te praat, berig dat hy ontken het dat enigiets wat hy in die haastigheid gesê het bedoel was om die professore van die Teologiese Fakulteit te beskuldig en dat indien enigiets wat hy gesê het in dié gees opgeneem is, hy hier beslis ontken dat so 'n beskuldiging sy bedoeling was of nou is.

**04 Desember 1934**

Op sy volgende vergadering kon die Kuratorium verneem dat die deeltydse dosentskap in Godsdienswetenskap opgedra is aan doktor H.P. Wolmarans wat tydelik in Rhodesië was, en dat hy dit aanvaar het. Verneem is ook dat die Raad van die Universiteit besluit het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n verteenwoordiger op die Raad mag hê met aanvang 27 Julie 1935, en dat die kontrak met die universiteit geteken is. Hierdie

Article # 919 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

kontrak was die eerste skriftelike ooreenkoms tussen die kerk en die universiteit. Die volgende uittreksels is van belang:

> *Nademaal die verhouding tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduits [sic] Hervormde Kerk van Afrika tot hiertoe berus het op mondelingse afspraak;*
> *Nademaal dit ook wenslik is om opening te laat vir uitbreiding van die Teologiese Fakulteit van en aan die genoemde universiteit so is dit dat die Universiteit van Pretoria aan die eenkant en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die ander kant, hierby ooreenkom, as volg:*
>
> *I. (a) Daar sal hoogstens ses akademiese professore in die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit wees.*
> *(b) Daar sal in die Fakulteit van Teologie steeds tenminste drie Akademiese Professorate in die Teologiese Wetenskappe wees, wat, soos in die verlede, beset sal word deur Professore in die Teologie aangestel deur die Universiteit uit 'n drie-tal deur die Kerk op versoek van die Universiteit aanbeveel, vir elke Professoraat.*
> *(c) Die Dekaan van die Fakulteit van Teologie sal beurtelings gekies word , die een keer uit die drie Akademiese Professore wat aangestel is op aanbeveling van die Kerk en die ander keer uit die Akademiese Professore wat aangestel is nie op aanbeveling van die Kerk nie, met dien verstande, dat solang die Professore wat aangestel is nie op aanbeveling van die Kerk nie, minder is as twee sal die dekaan gekies word uit die Professore wat aangestel is op aanbeveling van die Kerk.*
>
> *II. Die salaris, wat verbind is aan die drie onder 1(b) gemelde Akademiese Professorate, sal deur die Universiteit betaal word uit fondse waartoe die Kerk, soos in die verlede, jaarliks die bedrag van £1100 onderneem by te dra, watter bedrag die Universiteit sal kan verhaal van die Kerk.*
>
> *III. (a) Die Universiteit sal aan die te eniger tyd in die Fakulteit van Teologie bestaande Professorate 'n verdere dosent of dosente toevoeg, wanneer die Kerk met die oog op die onderwys en opleiding van sy toekomstige predikante dit nodig ag en 'n daartoe strekkende versoek by die Universiteit ingedien het; hierdie dosent (e) sal as assessorlid (-lede) sitting hê op die Fakulteit.*
> *(b) Die salaris van enige verder aan te stelle dosent (of dosente) soos onder 3(a) voorsien, sal betaal word deur die Universiteit uit 'n fonds, wat die Kerk onderneem om in sy geheel te betaal en watter bedrag die Universiteit kan verhaal van die Kerk ...*
> *6(a) Studente, wat van voorneme is om in die diens van die Kerk te tree, sal hulle studies vir teologiese grade voltooi onder die Professore aangestel op aanbeveling van die Kerk en indien die Kerk daarvoor toestemming gee, ook onder ander Professore ...*
> *(b) Indien die Kerk besluit om 'n einde te maak aan die opdrag aan 'n dosent, wat nie op aanbeveling van die Kerk aangestel is nie om onderwys aan sy toekomstige predikante te gee, sal die Universiteit op 'n daartoe strekkende versoek van die Kerk, van die begin van die volgende jaar, die betrokke dosent onthef van die genoemde opdrag vir sover dit die onderwys van die toekomstige predikante van die Kerk betref.*
> *Die kontrak is voorafgegaan deur 'n uitvoerige memorandum oor die fakulteit se inrigting en werksaamhede, opgestel deur professor Gemser, wat toe sekretaris van die Fakulteit was. Die onderwys was in die volgende vakke:*
> *Hebreeus vir meer gevorderdes 1 jaar, Oudheidkunde van Israel 1 jaar, Literêr-historiese inleiding tot die boeke van die OT 3 jaar, Eksegese van die OT 3 jaar, Eksegese van die NT 3 jaar, Literêr-historiese inleiding tot die boeke van die NT 2 jaar, Bybelse Teologie van die OT 2 jaar, Bybelse Teologie van die NT 2 jaar, Christelike Etiek 1 jaar, Algemene Geskiedenis van die Christendom 3 jaar, Geskiedenis van die Leerstellinge van die Christendom (Dogmengeskiedenis) 3 jaar, Algemene Kerkreg 1 jaar, Geskiedenis van die Godsdienste van die wêreld ½ jaar, Fenomenologie of verskynseleleer van die Godsdiens ½ jaar, Wysbegeerte van die Godsdiens 1 jaar en Sielkunde van die Godsdiens 1 jaar. Die vakke is verdeel in vier departemente, en is behartig deur drie dosente waarvan twee (Engelbrecht en Gemser) ook nog in die Fakulteit Lettere lesings gegee het.*
> *Beklemtoon is dat die genoemde vakke nie 'n kerklike karakter het nie. Vakke vir die kerklike praktyk soos Dogmatiek en Praktiese Teologie maak nie deel van die leerplan uit nie en word nie geëksamineer vir die BD graad nie.*
> *Deurdat die Nederduitsch Hervormde Kerk tot onlangs nog die enigste kerk was wat daadwerklik belanggestel het in die Universiteit van Pretoria en 'n universitêre opleiding vir sy predikante vereis het, het dit voor die hand gelë dat die professore in meerderheid lede van die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Die huidige professore sal medewerking van ander kerke in die Fakulteit van Godgeleerdheid verwelkom op voorwaarde dat die streng universitêre krakter van die onderwys gehandhaaf bly ...*
> *Die werk in die Fakulteit is nagraadse werk, te vergelyk met die Magisterstudie in ander Fakulteite. As daar nie 'n Fakulteit Godgeleerdheid bestaan het nie, sou studente in die Fakulteit Lettere, veral in die departemente Grieks, Hebreeus, Latyn, Wysbegeerte, Sielkunde en die Kultuur-historiese vakke, hulle gevorderde studente gemis het.*
> *Die studente van die Fakulteit is min in aantal maar verteenwoordig 'n belangrike element in die studentegemeenskap as die meer ervare en stabiele akademieburgers wat geskik is om verstandige leiding te gee.*
> *Die Fakulteit moet beskou word as een van die goedkoopste fakulteite aan die Universiteit en dra 40% van sy koste self, in vergelyking met die 28 % van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, 22% van Wis en Natuurkunde, 28 % van Handel en Publieke Administrasie, en 40 % van Regsgeleerdheid. Daarby is nie bereken die indirekte inkomste van die Universiteit weens die aanwesigheid van Teologie nie, en ook nie die voordeel wat die aanwesigheid van Teologie vir Lettere en Wysbegeerte het nie, en ook nie die dienste wat dosente van die Fakulteit Godgeleerdeheid vir Lettere en Wysbegeerte lewer nie.*
> *Deur hulle besondere maatskaplike posisie en hulle aanraking met huisgesinne oral in die land is die alumni van die Fakulteit van die beste propagandamakers vir die Universiteit van Pretoria. Ook die optrede van die dosente oral in gemeentes vestig telkens die aandag op die Universiteit.*
> *Die Fakulteit bevorder die verhoging van die peil van die predikantestand deur die nadruk wat by sy onderwys gelê word op die waarde van suiwer wetenskaplike metodes en deur die ruime, vir alle kultuurvorme oopstaande geestesgesindheid waarin die aanstaande predikante deur die Fakulteit opgevoed word, sodat verwag kan word dat sy alumni hulle plek in die maatskappy van hierdie tyd met eer sal inneem.*
> *Wat 'n vierde dosent van die kerk betref, het die Kuratorium verneem dat geld daarvoor ingesamel word en is besluit om die Finansiële Kommissie te vra om £300 voor te skiet.*

Hierdie vergadering het ook kennis geneem van 'n kopie van 'n brief van doktor W.P. de Villiers aan die voorsitter van die Raad van Universiteit van Pretoria, waarin hy die Hervormde Kerk beskuldig van 'n kerkistiese stryd, die antwoord van die sekretaris van die Raad en 'n rapport van die raadslede Botha, Moerdyk en Rautenbach. Dit blyk dat die studente 'n petisie teen doktor De Villiers, huisvader van Sonoptehuis, geteken het en gestuur het aan die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, Pretoria-Oos, en dat die kerkraad hom as huisvader

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #919

gehandhaaf het. Die stukke is verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die sekretaris van die Raad het op navraag aan dominee Brandt geskryf wat die Raadskommissie gerapporteer het: Die Eiendomskomitee van die Universiteit van Pretoria het op 08 April 1935 na aanhoor van getuienis van die studente en van professor De Villiers tot die volgende bevinding gekom:

> *I. Dat professor De Villiers 'n politieke atmosfeer probeer skep het in die tehuis deur studente wat nie die konsepsie van 'n politieke republiek wou steun nie, van sekere van hulle regte te ontroof.*
>
> *II. Dat professor De Villiers ook kerkgeskille ingebring het ten gunste van studente wat lede van die Verenigde Kerk is, en ten nadele van studente wat lede van die Hervormde Kerk is.*
>
> *III. Dat die persoon van professor De Villiers nie die geskikte is om as Huisvader te dien nie omdat i sy onberekenbaarheid van humeur van die aard is dat hy studente vervreem.*
>
> *IV. Hy op verskillende geleenthede handgemeen was met studente en hulle op onbetaamlike manier aangespreek het, dreigemente gebruik het en in die algemeen die studente so te behandel dat 'n vyandige atmosfeer geskep word.*
>
> *V. Om hierdie redes beveel die komitee aan:*
>
> *a. Dat dit nie in belang van die Universiteit is dat professor W.P. de Villiers huisvader bly nie.*
>
> *b. Dat die Raad sy verlof terugtrek daaraan dat professor de Villiers hierdie private werk langer onderneem.*

### 04 Desember 1934

Die Teologiese Kweekskool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Stellenbosch herdenk sy 75 jarige bestaan. Professore H.P. Wolmarans en B. Gemser het namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika groete oorgebring en volgens *Die Kerkblad* nadruk gelê op die groot verantwoordelikheid van die kweekskool as die oudste in die land, en ook gemeld dat daar uitgesien word na 'n eie Suid-Afrikaaanse teologie.

> *Doktor W. Nicol, moderator van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, het daarop gewys dat 1859 (75 jaar gelede) die stigtingsjaar in Transvaal was van die Gereformeerde Kerk en ook die plantingsjaar van die Hervormde Kerk daar. Dat die Nederduits Gereformeerde Kerk toe sy voorsprong behou het, was grootliks te danke aan sy noue verband met die kweekskool. Maar nou het in Transvaal die Geref Kerk die Universiteitskollege op Potchefstroom verower waar hulle ook die opleiding van hulle predikante het en die Herv Kerk weer op Pretoria. Daarom is Transvaal nou besig om in verband met die Universiteit van Pretoria 'n opleiding van Nederduits Gereformeerde predikante te kry.* [Presies so staan dit in *Die Kerkbode* van 10 Desember 1934. Die onkunde is moeilik begrypbaar.]

## ᔕ 1935

### 30 Januarie 1935

Professor Engelbrecht het die Kuratorium meegedeel dat die Minister van Onderwys beswaar gemaak het dat net die Hervormde Kerk 'n verteenwoordiger op die Raad van die Universiteit van Pretoria sal kry. Kennis is geneem van die bemaking van sy biblioteek aan die Teologiese Opleiding deur dominee Van Belkum. Hierdie vergadering moes ook handel oor die benoeming van 'n deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria vanaf 20 Januarie 1935. In die lig van die latere geskiedenis word die notule volledig aangehaal:

> *Dr Fourie stel voor dat dr Rautenbach benoem sal word. Ds Prinsloo stel voor dat dr Wolmarans benoem sal word. Hy wil die bekwaamste persoon benoem. Prof Greyvenstein: Ik bedoel niks persoonliks maar Dr Rautenbach doseer reeds in filosofie en is dus baie beset. As dit 'n pos in filosofie was, dan maak dit geen verskil, maar dit is 'n pos in Teologie en Dr Rautenbach is meer filosoof as teoloog. Vir die pos is iemand nodig wat meer teoloog is. Dr Rautenbach is filosofies-teologies. Prof Gemser: Van akademiese kant beskou is Dr Rautenbach meer filosoof en Dr Wolmarans meer teoloog, en dit is 'n teologiese vak. Dit is 'n vak met vier onderdele 1 Geskiedenis van die godsdiens, 2 Verskynseleleer van die godsdiens, 3 Wysbegeerte van die godsdiens, 4 Sielkunde van die godsdiens... Dr Wolmarans het 'n baie uitgebreide uitsig op die veld van Teologie en daarom is hy geskikter vir die pos. Dr Fourie: Die vakke is Wysbegeerte van die Godsdiens en Psigologie. Dr Rautenbach het die kwalifikasies en is dus die regte, aangewese persoon. Dr de Loor: Ek hel oor na die kant van dr Wolmarans ook omdat daar dan aan die UP 'n Hervormde meer is. Dr Rautenbach is reeds aan die UP. ... Dr Greyvenstein: Ek het dr Rautenbach se aanstelling in Filosofie aan die UP ondersteun. Die Voorsitter: Wat is die posisie van dr Rautenbach aan die UP? Prof Engelbrecht: Dr Rautenbach neem op die oomblik die pos van die hoof in filosofie waar . Verlede jaar en vanaf Junie a.s. beklee hy in die letterkundige fakulteit dieselfde posisie as die aan te stelle dosent. Voorsitter: Graag sien ek dat die aanstelling van iemand wat die minste finansiële laste veroorsaak gemaak word. Dr Rautenbach se aanstelling sal die minste laste meebring. Ek hoop ons kry eenstemmigheid en dat die Professore hulle weg oop sal sien met die aanstelling van Dr Rautenbach. ... Prof Engelbrecht: dit gaan nie om die persoon nie maar om die bekwaamheid. Dit is ook van groot betekenis vir die dept van Filosofie dat daarin 'n lektor is met Christelike oortuiging. Dit sal ook op die Raadslede 'n eigenaardige indruk maak indien, nadat dr Wolmarans 2 jaar gedoseer het, nou iemand anders benoem word. Dr Wolmarans het verbasend veel satisfaksie gegee. Dr Fourie vra: Kan Dr Rautenbach dit nie by sy teenwoordige lektorskap doen nie? Prof Greyvenstein antwoord: Ons moet werk in die rigting van 'n voltydse aanstelling van iemand spesiaal in Teologie soos Dr Wolmarans. Die voorsitter sê: Ek wil graag 'n stemming voorkom en dat die vergadering eenstemmig sal word. Dr Fourie sê: My voorstel het verval want niemand het dit gesekondeer nie. Die voors sê: Ek sou graag die voorstel van Dr Fourie wou sekondeeer omdat dr Rautenbach 'n bekwame dosent is en kleiner uitgaaf word deur sy aanstelling veroorsaak. Ek voel vir dr Wolmarans hy het ook meer tyd om aan die vak te bestee. Prof Gemser merk op: Die saak moet van akademiese standpunt beskou word. Daar is 'n neiging om Teologie oor al die ander fakulteite te verdeel, lettere, filosofie ens. Maar ons verlang 'n teoloog. Dit maak onderskeid of 'n mens 'n vak beskou vanuit 'n filosofiese of vanuit 'n teologiese standpunt. Dr Wolmarans het die teenwoordige krisis in Europa in die Teologiese wereld meegemaak. Dr Wolmarans het noukeurig kennis geneem van die Teologie en het spesiaal in Teologie gestudeer,. Die Voorsitter sê: Daar is geen teevoorstel, daar is die voorstel van ds Prinsloo – dr de Loor, algemeen aangeneem. Dr Fourie sê: Ek lê my neer by die meerderheid en stel voor dat dr Rautenbach as 2de geplaas word ...* [Naskrif: Dit val op dat doktor Fourie self nie genoem is as moontlikheid nie. Dalk omdat dit 'n deeltydse pos was?]

### 22 Februarie 1935

Op die Fakulteitsvergadering is professor Pellisier verwelkom. Hy is verkies as sekretaris van die Fakulteit. Besluit is om aan te beveel dat doktor H.P. Wolmarans as tydelik-deeltydse dosent vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk aangestel word. Wolmarans het reeds in 1932 en 1934 die lesings waargeneem in afwesigheid van dominee MacMillan.

### 15 Maart 1935

Die Raad benoem 'n komitee om te handel oor die aanstelling van doktor H.P. Wolmarans en regsadvies in te win.

**11 April 1935**

Dominee Pellisier hou sy intreerede. Hy is voorgestel deur professor S.P. Engelbrecht wat sy koms na die Universiteit as ʻn mylpaal in die geskiedenis van die Universiteit beskryf het en van die geleentheid gebruik gemaak het om verhale wat die ronde doen as sou daar onwelwillendheid in die Fakulteit bestaan te ontken. Pellisier het dit bevestig. Op ʻn ontvangs wat vir hom gereël is deur die Pretoriase gemeentes het hy onder andere verklaar dat sy indruk van die Fakulteit Teologie is dat die jongste kennis uit die ander lande van die wêreld verkry is en hy wil getuig van die hulp en ondersteuning wat hy van die professore aan die Fakulteit ontvang het. Pellisier se aanstelling het gevolg op ʻn besluit van die sinode van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in 1934 waar ʻn kommissie benoem is wat met die Nederduits Gereformeerde Kerke in die ander provinsies moes onderhandel ter wille van ʻn goeie verstandhouding met die Universiteit van Pretoria insake leerstoele, kursusse ensovoorts, gemeentes moes inlig, planne moes beraam om fondse te vind en met die regering oor staatsteun moes onderhandel.

> *Met die oog op die voorgaande en omdat aan die Universiteit van Pretoria ʻn aantal teologiese studente van ons kerk is, en omdat 60 persent van die studente in die algemeen aan die Universiteit van Pretoria tot ons kerk behoort, word die outoriteite van die Universiteit versoek om die huidige vakature in die teologiese fakulteit aan te vul in oorleg met en op aanbeveling van die kommissie hierbo genoem.*

Die aanstelling van dominee Pellisier was dus resultaat van inisiatief van die kant van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk. Daar is telkens daarna verwys dat ʻn aantal studente van dié kerk reeds opleiding ontvang by die Fakulteit in Pretoria. Een van hulle, by name S. Enrico, is gelegitimeer deur die Proponentseksamenkommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk en is na ʻn Colloquium Doctum beroepbaar gestel in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.

**17 April 1935**

Die Raad verneem dat regsadvies ingewin is en stappe geneem is om ʻn samespreking met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te bewerkstellig insake die aanstelling van H.P. Wolmarans as tydelike lektor.

**02 Mei 1935**

Die Universiteit vra in ʻn skrywe die kerk of hy sal toestem dat studente wat van voorneme is om in diens van die Kerk te tree, hulle studies sal voortsit onder professor Pellisier. Die Kuratorium het besluit om sy versoek vir die tydelike en later permanente aanstelling van doktor Wolmarans te handhaaf.

**17 Mei 1935**

Die Raad besluit om doktor H.P. Wolmarans aan te stel as tydelik-deeltydse lektor tot die einde van die eerste semester hangende finale bekragtiging van die ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit, mits die salaris van £300 per jaar aan die pos verbonde betaal word aan die Universiteit deur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

**11 Junie 1935**

Die Fakulteit verwelkom vir doktor H.P. Wolmarans as assessorlid.

**28 Junie 1935**

Die Raad besluit na aanleiding van ʻn skrywe van die Kerk gedateer 11 Februarie 1935:

> *I. Dat die versoek van die Kerk toegestaan word, en dat doktor H.P. Wolmarans aangestel word as deeltydse lektor in Wysbegeerte van die Godsdiens en Vergelykende Godsdienswetenskap.*
>
> *II. Dat die Universiteit afsien van die bepalings van klousule 4 van die Ooreenkoms, wat bepaal dat die Universiteit ʻn dosent sal aanstel uit ʻn drietal name deur die Kerk op versoek van die Universiteit aanbeveel vir elke pos, aangesien doktor Wolmarans alreeds vantevore in genoemde hoedanigheid ageer het.*

Die Raad het ook besluit om die kontrak met die Kerk in sy gewysigde vorm goed te keur en te laat onderteken.

**16 Augustus 1935**

Die Raad verneem dat die Minister die aanstelling vir drie jaar van ʻn verteenwoordiger van die Kerk op die Raad goedgekeur het met aanvangsdatum 27 Julie 1935 en dat die Kerk dominee J.J. Prinsloo as sy verteenwoordiger benoem het. Dominee Prinsloo het op dieselfde dag sitting geneem op die Raad.

**15 November 1935**

Die Raad gee verlof dat professor S.P. Engelbrecht op versoek van die Minister van Spoorweë help met die Suid-Afrikaanse rolprent.

**12 Desember 1935**

Die Kuratorium voer ʻn bespreking oor die verteenwoordiger van die kerk op die Raad van die Universiteit. Dominee Vermooten het daarop gewys dat die Kuratorium besluit het dat sy voorsitter die verteenwoordiger sal wees, en wou weet waarom dit nou anders is. Dit het geblyk dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dominee J.J. Prinsloo benoem het. Volgens die voorsitter was dit die regte man op die regte plek, maar daar was tog ʻn ongenoeë met die optrede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

**25 Desember 1935**

*Die Hervormer* kondig in ʻn hoofartikel die verskyning aan van S.P. Engelbrecht se nuwe, hersiene uitgawe van die *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk.*

## 1936

**09 Junie 1936**

Die Fakulteit Teologie keur wysigings van regulasies goed vir Godsdienswetenskap en vir doktorale studie.

**08 September 1936**

Die Fakulteit besluit om S.P. Engelbrecht weer as dekaan te benoem.

**01 Desember 1936**

Die Kuratorium vergader. Die studenteposisie was soos volg:

- Sesde jaar: P.J.L. Bierman, W.M. Wolmarans, J.C. du Plessis
- Vyfde jaar: P.W.A. Bierman, P.J. Booysen, C.H. Muller, A.J. Nolte
- Vierde jaar: H. Muller, F.J. van Zyl
- Derde jaar: H.J. Geyser, A.S. Geyser, J.P. Labuschagne
- Tweede jaar: G.J.J. Roos, H.M. Rex, A.H. Cornelissen

Besluit is dat studente jaarliks opnuut aansoek moet doen vir ondersteuning en ʻn vroeëre besluit om nie meer as £50 jaarliks aan ʻn student toe te ken nie, is herroep. Daar was ʻn navraag van doktor H.P. Wolmarans oor die bedoeling met die £300 wat aan hom toegestaan is. Dit was ʻn reëling tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en doktor Wolmarans, en die Kuratorium het besluit om die Kommissie mee te deel dat dit sy sienswyse is dat doktor Wolmarans aangestel is teen ʻn salaris van

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #919

£300 per jaar. Uit 'n omsendskrywe van die Administrateur aan gemeentes blyk egter dat die £300 soos volg verdeel is: £100 vir reis- en veblyfkoste van doktor Wolmarans, £100 vir hulp met gemeentelike werk en £100 as vergoeding. Doktor Wolmarans bly predikant van Pietersburg en moes elke week vir twee dae na Pretoria kom om lesings te gee. Dominee J.J. Prinsloo is na Pietersburg afgevaardig om die kerkraad in te lig en hulle instemming te verkry. Dit het plaasgevind op 07 Maart 1935. Die begroting vir 1937 is vasgestel op £2010.

## ∽ 1937

### 25 Mei 1937

Op die 45ste Algemene Kerkvergadering is dominee J.J. Prinsloo Jsn verkies as voorsitter en dominee T.F.J. Dreyer as skriba. Daarmee het die 21-jarige voositterskap van dominee Brandt tot 'n einde gekom, sekerlik nie sonder pyn vir homself nie, want hy is uitgestem met 85 teenoor 46 stemme. Dominee Barger, wat skriba was van 1922 af, het op hierdie vergadering net 11 stemme gekry. [Dit was duidelik 'n anti-Hollander demonstrasie] Dominee A.J.G. Oosthuizen is verkies as vise-voorsitter na 'n herstemming tussen hom en dominee Brandt, en dominee E.S. Mulder as vise-skriba na herstemming tussen hom en dominee D.F. Erasmus. Die Kommissie het gerapporteer dat professor S.P. Engelbrecht benoem is tot lid van die *Sociedade de Geographia de Lisbon*, die *Maatschapij der Nederlandse Letterkunde* te Leiden en die *Provinciaal Utrechtsch Genootschap van Kunsten en Wetenshappen*, en Professor B. Gemser as lid van die *Koninklike Akademie van Wetenschappen* te Amsterdam. Die vergadering het eenparig besluit om die stigting van 'n mediese fakulteit by Universiteit van Pretoria te ondersteun. Dominees Brandt, Oosthuizen, Vermooten en J.G.M. Dreyer is benoem om 'n kommissie van die universiteit te ontmoet in verband met die kontrak tussen kerk en universiteit. Besluit is om kerkrade te versoek om donateurs van die universiteit te word. Doktor H.C.M. Fourie is gelukgewens met die ontvangs van 'n ere doktorsgraad in die Lettere by Universiteit van Pretoria (in 1934) saam met drie ander Bybelvertalers. Die Kuratorium het gerapporteer dat student H. Muller 'n Rhodesbeurs ontvang het vir drie jaar studie in Europa.

Die nuwe kontrak tussen die kerk en die universiteit het tegelyk die begin van 'n nuwe bedeling ingelui. Die kontrak is gefinaliseer op 11 Oktober 1937 en op 07 Desember 1937 het die Universiteit die Kerk in kennis gestel dat dit goedgekeur is. Die volgende uittreksels is van belang:

A. *Die Universiteit verbind hom as volg:*
   1. *Die tansbestaande Teologiese Fakulteit aan die Universiteit word gekontinueer;*
   2. *In daardie Fakulteit sal twee van mekaar onafhanklike afdelings bestaan, nl*
      I. *die Afdeling van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika;*
      II. *die Afdeling van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.*
   3. *a. Die Afdeling van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika sal bestaan uit vier onafhanklike departemente van die Fakulteit, nl:*
      I. *die Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap,*
      II. *die Departement van Nu-Testamentiese Wetenskap,*
      III. *die Departement van Geskiedenis van die Christendom,*
      IV. *die Departement van Dogmatiek en Sendingwetenskap.*
      [3.b het 'n identiese formulering vir die Nederduitsch Hervormeerde of Gereformeerde Kerk]
   4. *Op versoek van die betrokke kerk sal die Universiteit 'n professor as hoof van ieder van die onder A.3(a) ... genoemde departemente aanstel; met dien verstande dat die professore waarvoor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die verlede £1100 per jaar in die kas van die Universiteit gestort het, drie van die professorate onder A. 3(a) sal beklee....*
   10. *Die Dekaan van die Fakulteit word op die gewone manier uit die lede van die Fakulteit gekies ...met dien verstande dat die verkiesing sal geskied om beurte uit die professore van die een en van die ander Afdeling op aanbeveling van die Komitee van die betrokke Afdeling telkens vir die gewone periode van drie jaar; met dien verstande verder dat die Komitee van die Afdeling waaruit die Dekaan nie verkies is nie, 'n adjunk-Dekaan vir verkiesing sal aanbeveel, wat elke jaar by die Senaat aanbeveel sal word ...*

B. *Die Kerk verbind hom as volg:*
   1. *Die Kerk sal jaarliks die volgende bydraes in die kas van die Universiteit stort tot gedeeltelike dekking van die salarisse van die Professore en volledige dekking van die salarisse van die Lektore wat onder A.4 genoem word;* [vir elk van die vier professorate £367; vir elke Lektor: sodanige salaris as wat die Kerk self bepaal]
   2. *2. Die Kerk sal verplig wees om ingeval van 'n vakature die voordrag .. vir die vulling daarvan so spoedig moontlik te maak, met dien verstande dat daar nooit minder as drie Professore van die Kerk onder B1 in diens van die Universiteit sal staan nie.*
   3. *Die Kerk vrywaar die Universiteit teen enige eise vir skadevergoeding wat onder C1 en C2 ingestel mag word.*

C. *Algemeen:*
   2. *Die Universiteit verbind hom by die aanstelling van persone onder A5.(1) en (2)om as 'n voorwaarde in hulle Dienskontrak op te neem dat genoemde persone met drie maande kennisgewing uit die diens van die Universiteit ontslaan kan word, ingeval die Universiteit kennis van die Kerk kry ...*

Die Kuratorium is saamgestel uit die lede dominees L.E. Brandt, A.J. Barger, J.J. Prinsloo Jsn, A.J.G. Oosthuizen, J.G.M. Dreyer, doktor H.C.M. Fourie en doktor B. de Loor.

### 18 November 1937

Die Raad staan spesiale verlof toe aan professor S.P. Engelbrecht om eers in die tweede helfte van Maart 1938 uit Europa terug te kom, mede vanweë 'n opdrag wat hy ontvang het van die *Beweging 1652.*

### 19 November 1937

Op die vergadering van die Kuratorium is dominee Brandt as voorsitter en dominee J.G.M. Dreyer as skriba verkies. Die vergadering is saamgeroep omdat die Universiteit versoek het dat die kontrak so gou moontlik nagegaan en goedgekeur word en die vierde professor benoem word. Op voorstel van doktor Fourie is doktor H.P. Wolmarans, wat intussen na Boksburg verhuis het, benoem as vierde professor.

### 07 Desember 1937

Toe die Kuratorium weer vergader, was slegs dominees Brandt en Barger en doktor De Loor aanwesig naas die Administrateur. Hulle het die werk as kommissie afgehandel en beurstoekennings gemaak.

### 11 Desember 1937

Professor Greyvenstein se naam verskyn op die gradedagprogram as kanselier van die Konvokasie.

Article # 919 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

### 17 Desember 1937

Die Vakansiekomitee van die Raad keur die aanstelling van doktore J.H. Kritzinger, E.P. Groenewald en D.J. Keet (al drie promovendi van die Vrye Universiteit in Amsterdam) in Afdeling B en van doktor H.P. Wolmarans in die vierde professoraat in Afdeling A goed.

## 1938

### 23 Februarie 1938

*Die Hervormer* gee in ʻn hoofartikel aandag aan die 21-jarige bestaan van die Fakulteit, verwelkom doktor A. van Selms (ʻIn hierdie jong geleerde dokter het die teologiese fakulteit ʻn groot wetenskaplike aanwinsʼ) en wens die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk geluk met die totstandkoming van ʻn eie opleiding in Afdeling B van die Fakulteit.

### 05 Mei 1938

Daar is ʻn werkmetode vasgestel vir die twee afdelings van die Fakulteit.Kortliks het dit die volgende behels:

a. *Elke afdeling vergader afsonderlik en stuur sy notule deur aan die Registrateur, waarvandaan die notule gestuur word na die Fakulteit en daarna na die Uitvoerende komitee.*
b. *Die sekretaris van die Fakulteit word gekies op voordrag van die afdeling waartoe die Adjunk-Dekaan behoort.*
c. *Elke afdeling sal ʻn verteenwoordiger hê op die Biblioteek- en Publikasiekomitee. Die dekaan en adjunk-dekaan sal albei sitting hê op die Uitvoerende Komitee, die Propaganda-komitee en die Eregraadkomitee.*
d. *Elke afdeling se leergang word afsonderlik in die Jaarboek gedruk, die inhoud sover moontlik dieselfde.*
e. *Afdeling A handhaaf die bestaande vereistes vir BA wat Grieks, Hebreeus en Latyn betref.*
f. *Elke afdeling is verantwoordelik vir sy eie BD eksamens.*
g. *ʻn Student wat vir die Doktoraalstudie inskryf, studeer onder leiding van die professore van sy eie afdeling, die eksamen word egter deur die hele Fakulteit afgeneem.*

Hierdie werkmetode is goedgekeur op ʻn Fakulteitsvergadering op 10 Mei, deur die Senaat op 01 Junie 1938 en deur die Raad op 15 Junie 1938. [Later, in 1947, is punte (f) en (g) vervang deur ʻElke afdeling is verantwoordelik vir sy eie eksamens.]

Die eerste dosente van Afdeling B was professore G.M. Pellisier, J.H. Kritzinger, E.P. Groenewald en D. Keet. Professor Pellisier is na sy emeritaat in 1945 vervang deur professor A.B. du Preez en professor Keet in 1954 deur professor B.J. Marais. So het die opleiding van predikante vir die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk sy beslag gekry nadat so ʻn moontlikheid telkens vanaf 1922 op sinodes geopper is. In 1934 is uiteindelik daartoe besluit. Dominee Nicol het egter telkens dit uitgespel dat dit om meer as opleiding van predikante gaan. Die invloed van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk wat die grootste is in die Transvaal, moes aan die Universiteit versterk word, want die Hervormde Kerk begin die Universiteit verower. Die Afdeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk het sy eerste Fakulteitsvergadering gehou op 04 Maart 1938.

### 05 Mei 1938

Afdeling A besluit om Christelike Etiek te laat ressorteer onder die Departement van Dogmatiek en Godsdienswetenskap. Die onderwys in Dogmatiek en Christelike Etiek is egter opgedra aan professor Greyvenstein so lank hy nog in funksie is. Dit het beteken dat die onderwys in hierdie twee vakke sou terugval na die Professor in Godsdienswetenskap na die aftrede van professor Greyvenstein, iets wat nie gebeur het nie, want op 12 Mei 1938, dus pas ʻn week later, het die Fakulteit besluit dat Christelike Etiek onder die Departement Nuwe Testament moet ressorteeer. H.P. Wolmarans, wat deeltyds dosent was van 1935 af, het in 1938 professor geword in die leerstoel Godsdienswetenskap.

**Hendrik Petrus Wolmarans** is gebore op die plaas Transvalia in die distrik Ermelo op 07 September 1894. Hy was die vierde kind van Douw Gerbrand Steyn Wolmarans en Anna Eleonora Geldenhuis. Sy pa was ʻn jonger broer van A.D.W. Wolmarans. Saam met sy ma en vyf ander kinders beland hy in 1900 in die konsentrasiekamp op Volksrust. Anders as baie ander het ma en al die kinders die ontberinge van die kamp oorleef. Omdat hy weens die armoede van die gesin ná die Engelse oorlog eers laat in die skool gekom het, was hy reeds 22 jaar oud toe hy matriek geslaag het aan die hoërskool op Ermelo. In 1917 word hy een van die eerste drie studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die TUC, waar hy hard studeer en naas die BA BD ook ʻn MA graad verkry. Hy presteer ook op sportgebied en ontvang erekeure vir rugby. Op 08 Julie 1922 word hy georden as predikant van Zeerust. Op 30 Oktober 1922 tree hy in die huwelik met Cornelia Susanna Human, ook ʻn Ermeloër, gebore in die konsentrasiekamp op Merebank. In 1927 aanvaar hy ʻn beroep na Pietersburg, waarvandaan hy na Nederland vertrek vir doktorale studie. In 1932 promoveer hy in Groningen met ʻn proefskrif *God en mens I: Die mens naar die beeld van God*. Terug in Pietersburg gaan hy voort met die werk in daardie uitgebreide gebied. Vanaf 1935 behartig hy die lesings in Godsdienswetenskap deeltyds. Dit beteken weeklikse treinreise na Pretoria.

### 05 Mei 1938

Die Fakulteit besluit om nie die versoek van dominee S.P.J.J. van Rensburg om die doktoraal-eksamen in twee dele te doen, toe te staan nie. Hy is ook daarop gewys dat kennis van Latyn noodsaaklik is vir die aflê van die doktoraal-eksamen. H. Muller het sy eksamen in BD II skriftelik in die buiteland gedoen.

### 25 Mei 1938

*Die Hervormer* bied ʻn hoofartikel oor die mondigwording van die opleiding, byraes oor professor Greyvenstein deur H.P. Wolmarans en T.F.J. Dreyer en ʻn kort oorsig van die geskiedenis van die Fakulteit.

### 01 Junie 1938

Die Senaat besluit dat professor Greyvenstein, wat die ouderdom van 60 bereik het, vanaf begin 1939 van jaar tot jaar aangestel word.

### 02 Junie 1938

*Die Hervormer* van 29 Junie 1938 berig dat die mondigwording van die Fakulteit feestelik herdenk is op 02 Junie. Die meeste predikante was teenwoordig, en verskillende sprekers het hulde gebring aan professor Greyvenstein. Sy oudstudente het ʻn goue sakhorlosie aan hom oorhandig as geskenk:

> *Wat opvallend was, was die hartlikheid en eensgesindeheid wat op die feestelikheid aan die dag gelê is. Die samewerking tussen die kerk en sy opleiding, tussen die professore en predikante is van die beste... Op besondere treffende wyse het ds Vermooten in die dankdiens, wat die aand in die kerk gehou is, hieraan uiting gegee.*

Die feesrede van dominee Vermooten is opgeneem in *Die Hervormer* van 29 Junie 1938. Net dominees Brandt, Oosthuizen, Prinsloo en Dreyer is teenwoordig in die vergadering van die Kuratorium op 02 Junie. Hierdie vergadering het kennis geneem dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op versoek van die Universiteit goedgekeur het dat doktor A. van Selms prof

Gemser assisteer in die Teologiese Fakulteit, en dat die Kuratorium versoek word om doktor Van Selms as lektor te benoem. Die Kuratorium het dit gedoen.

**Adrianus van Selms** is gebore in Amsterdam op 22 Januarie 1906. Sy skoolopleiding geniet hy aan die Laerskool en Gimnasium in Hilversum. Hy skryf in aan die Ryksuniversiteit in Utrecht in 1923. In 1926 assisteer hy vir F.M.T. de Liagre Böhl by die argeologiese opgrawings van Sigem en volg hy ook 'n kursus aan die Deutsch-evangelisches Institut für Altertumswissenschaft des Heiligen Landes in Jerusalem onder leiding van Albrecht Alt. Hy lê die kandidaatseksamen in 1927 af en in 1928 ook die kandidaatseksamen in Semitiese Tale in Utrecht, en word in 1930 predikant van Hansweert in Zeeland. Op 21 Mei 1930 tree hy in die huwelik met Johanna Schrijvers van Arnhem. Tydens sy dienstyd in Hansweert werk hy aan die doktorale studie en promoveer in 1933 onder H.W. Obbink met 'n proefskrif oor die Babiloniese terme vir sonde. In 1935 aanvaar hy 'n beroep na Culemborg. Naas verskillende bydraes in *Ex Oriente Lux* en *Nederlandsche Teologische Tijdschrift* publiseer hy reeds in 1925 sy kommentaar oor Esra en Nehemia in die bekende Hollandse reeks *Tekst en Uitleg*. Toe hy dus in 1938 na Suid-Afrika vertrek, was hy 'n bekende en gerespekteerde akademikus.

### 06 Desember 1938

Daar is weer nie 'n kworum vir die vergadering van die Kuratorium nie. Dominees Brand en Dreyer en doktor Fourie was teenwoordig saam met professore Greyvenstein, Engelbrecht en Wolmarans. Kennis is geneem dat student F.J. van Zyl die BD eksamen met lof geslaag het. Beurstoekennings is gemaak en besluit is dat studente voortaan in Kollegetehuis moet tuisgaan.

### 28 Junie 1939

*Die Hervormer* kondig die verskyning aan van die *Voortrekker gedenkboek van die Universiteit van Pretoria,* en beveel dit aan.

## ␥ 1939

### 06 Desember 1939

Deelneming is in die vergadering van die Kuratorium betuig met die naasbestaandes van dominee L.E. Brandt en doktor H.C.M. Fourie wat albei intussen oorlede is. In hulle plek het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering domiee T.F.J. Dreyer en ouderling J.P. Prinsloo benoem. As voorsitter is verkies dominee A.J.G. Oosthuizen. Dominee Barger het per telegram laat weet dat hy nie teenwoordig kan wees nie. Die skriba het die volgende dag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerapporteer oor die toelating van studente vir die volgende jaar, 'n totaal van 37. 'n Begroting van £2488 is goedgekeur.

## ␥ 1940

### 21 Mei 1940

Die 46ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. As voorsitter is verkies dominee J.J. Prinsloo Jsn, as vise-voorsitter dominee A.J.G. Oosthuizen, as skriba dominee T.F.J. Dreyer en as vise-skriba dominee J.G.M. Dreyer [Dominee J.G.M. Dreyer het na die vertrek van dominee Mulder na Nederland vir verdere studie reeds as sekundus Mulder se plek op die Moderamen ingeneem]. Die vergadering het 'n mosie van deelneming aanvaar met die afsterwe van dominees Poen, Brandt, Barger en doktor Fourie. Verder is 'n mosie aanvaar van simpatie met die Nederlandse vorstehuis, die Nederlandse nasie en die Nederlandse Hervormde Kerk met die nood in Nederland [besetting deur die Duitse magte]. Besluit is om tesame met die eeufees op Potchefstroom in 1842 ook die kwarteeufees van die teologiese opleiding te vier. Dominee Vermooten het die vergadering meegedeel dat verskillende leiers van die Ossewa-Brandwag reeds gearresteer is om geïnterneer te word. Hy het voorgestel dat die moderamen opgedra word om die volgende oggend so vroeg moontlik na die Minister van Justisie te gaan en hom te versoek om nie van ons predikante en ouderlinge te interneer nie, aangesien hulle nie staatsgevaarlik is nie. Die vergadering het die voorstel aangeneem. Die verslag van die Kuratorium is met dank aanvaar. Die Kommissie het gerapporteer dat doktor H.P. Wolmarans in 1937 aangestel is as professor, doktor A. van Selms in 1938 en doktor C.H. Rautenbach in 1939 as lektor in die Fakulteit Teologie.

**Casper Hendrik Rautenbach** is gebore op Zeerust op 05 Maart 1902. As vierde kind van Lucas Johannes Rautenbach (tweede kind uit die tweede huwelik met Maria Magdalena Coetzee). Hy slaag matriek in die eersteklas in 1918, en skryf in by die Transvaalse Universiteitskollege op 03 Maart 1919 met die doel om onderwyser te word maar mede onder invloed van die Dreyer-broers en A.J.G. Oosthuizen verander hy van kursus en slaag BA met lof in 1921, MA (Wysbegeerte) met lof in Junie 1923 en BD einde 1923. Omdat hy toe pas 21 jaar oud was en die Kerkwet bepaal het dat 'n predikant minstens 23 jaar oud moes wees, kon hy nie beroepbaar gestel word nie. Die Transvaalse Universiteitskollege het hom aangestel as lektor in Wysbegeerte. In 1924 het hy ook lektor in Sielkunde geword. Hy is op 22 Januarie 1927 georden as predikant van Bronkhorstspruit, en word in 1930 predikant van Pretoria as medeleraar van dominee S. Vermooten, in 1934 van Noordelike Pretoria. In 1932 promoveer hy met die proefskrif *Sedelike keuring, kritiek op McDougal.* Van 1934 tot 1939 is hy deeltydse lektor in Wysbegeerte, en in 1939 word hy voltydse professor, en gee ook lesings in Opvoedkunde en Sielkunde, terwyl hy as lektor in die Fakulteit Teologie ook Christelike Etiek doseer. Hy is op die Fakulteitsvergadering van 14 Maart 1940 verwelkom.

Die 21ste bestaan van die Teologiese Opleiding is gevier by wyse van 'n fees in die Stadsaal van Pretoria. Op dieselfde geleentheid is ook herdenk dat dit 21 jaar is *sinds* die aanstelling van prof Greyvenstein. 'n Deel van die boekery van die Hersteld Luthers Seminarium in Nederland is deur bemiddeling van professor J.W. Pont gratis vir die Teologiese Opleiding verkry. Die universiteitskoshuis Buxton House is aangekoop.

### 22–23 Mei 1940

Professor B. Gemser spreek die eerste kongres van die NHSV toe oor 'Wat leer die Ou Testament ons van die vrou in die volkslewe?', professor J.H.J.A. Greyenstein oor 'Die plek van die vrou in die gemeente volgens die Nuwe Testament', mevrou Greyvenstein oor 'Belangstelling in die Teologiese Opleiding,' professor S.P. Engelbrecht oor 'Die vrou in die opbou van die gemeente en die kerk'. Mevrou Greyvenstein se toespraak is opgeneem in *Die Hervormer* van 31 Julie 1940.

### 30 Augustus 1940

Die nuutverkose Kuratorium vergader. Lede was dominees A.J.G. Oosthuizen, S. Vermooten, J.J. Prinsloo Jsn, J.G.M. Dreyer, P.J. Smit en E.S. Mulder en professor B. de Loor. Dominee Oosthuizen is as voorsitter en professor De Loor as skriba verkies. Naas ander beurstoekennings aan studente is aan A.S. Geyser 'n bedrag toegeken om sy studie vir die MA graad voort te sit. Die twee broers H.J. en A.S. Geyser het in Desember 1940 saam met J.P. Labuschagne (laasgenoemde oorspronklik uit die Nederduits Gereformeerde Kerk in die OVS) proponentseksamen gedoen. Toe die Kuratorium daarna weer vergader, op 02 Januarie 1941, was Voortrekkertehuis voltooi en is besluit dat teologiese studente daar moet inwoon. Die Kuratorium sou studente ontmoet in Maart vir bespreking oor hulle studies en oor die klem op die studie van Latyn. Eienaardig genoeg staan hier ook genotuleer: 'Prof Engelbrecht stel voor dat 'n album aangelê word waarin alle teol studente ingeskryf sal word.'

Article # 919 HTS Teologiese Studies/Theological Studies



# Hoofstuk 4

## Interne spanning en stryd 1941–1953

Rondom die opvolging van J.H.J.A. Greyvenstein ontstaan ernstige verskil. Pogings om hom te kontinueer na bereiking van die aftree-leeftyd, slaag nie. Die benoeming van 'n opvolger in die persoon van A.S. Geyser geskied onder spanningsvolle omstandighede. Pogings om doktor W. Nicol, moderator van die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk, as rektor te benoem, word uit die Hervormde Kerk teengestaan en uiteindelik deur die Minister van Onderwys *geveto*. 'n Vyfde leerstoel word in die Fakulteit Teologie gevestig, naamlik Dogmatiek en Christelike Etiek. Professor B.J. Engelbrecht word in die leerstoel benoem.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Interne spanning en stryd 1941–1953', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #925, 20 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.925

### 1941

#### 06 Maart 1941

Die Kuratorium verleen toestemming aan G.J.J. Roos om privaat in te woon. Die ontmoeting met studente is gereël vir 17 Maart. Gedurende 1941 en 1942 het S.P. Engelbrecht op versoek van dominee J.J. Prinsloo Jsn, die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, voelers uitgestoot na Nederland en na Nederlands Oos-Indië om 'n opvolger vir Greyvenstein te vind. Oorlogtoestande het kommunikasie belemmer. 'n Brief vanaf Engelbrecht, gedateer 29 Januarie 1942, aan doktor A.J. Rasker (rektor van die Hoogere Theologische School in Batavië) het ongeopend teruggekom.

#### 02 September 1941

Die Fakulteit het besluit om goed te keur dat P.S. Dreyer lesings vir MA in Filosofie gelyktydig met sy BD kursus mag volg.

#### 10 Desember 1941

Die Kuratorium dra aan professor Engelbrecht en die skriba op om 'n album te koop [!]. Kennis is geneem van die vordering van studente en G.J.J. Roos het die BD eksamen met lof geslaag. Oor die algemene toestand en gehalte van studente is die volgende genotuleer:

> *Na aanleiding van die opmerkings van Prof Gemser en Ds Mulder dat die studente nie dieselfde toewyding en pligsgetrouheid toon as sekere ander studente nie, word 'n lang bespreking gevoer oor die moontlikheid en middele om beter resultate van ons studente te verkry. In verband hiermee word die volgende besluite geneem: 1. Ongewenste elemente sal belet word om in die teologie te studeer, 2. Die voorsitter van die Kuratorium sal probeer om meer voeling met die studente persoonlik te hou, 3. Die Algemene Kommissie sal versoek word om in sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering 'n beskrywingspunt op te neem dat die studente sal val onder die sorg en toesig van die plaaslike kerkraad, sodat die student nie sal voel dat hy los staan van die kerklike lewe nie, 4. Voordat beurse aan nuwe studente toegeken word, sal 'n streng vertroulike vraelys aan die predikant van die gemeente waaronder applikant ressorteer, gestuur word.*

### 1942

#### 10 Maart 1942

Die Fakulteit keur die studie-plan van dominee S.P.J.J. van Rensburg goed met Nuwe Testament as hoofgroep. Hierdie plan het uit 12 vraestelle en 57 boeke of artikels bestaan, insluitend die lees en eksegese van die hele Nuwe Testament.

#### 20 Maart 1942

Die 47ste Algemene Kerkvergadering vergader in die kerkgebou van Potchefstroom. As voorsitter is dominee J.J. Prinsloo Jsn en as skriba dominee T.F.J. Dreyer, dominee A.J.G. Oosthuizen as vise-voorsitter en dominee J.G.M. Dreyer as vise-skriba. Die voorsitter het dank oorgedra aan professor S.P. Engelbrecht vir die feesreëlings en ook vir sy 21 jaar diens as hoogleraar. Die pragtige *Eeufees-Album* wat deur hom opgestel is, is met groot dank verwelkom, en hierdie publikasie het sy weg gevind na talle Hervormde huise.

Professor Greyvenstein het ook sy dank en waardering uitgespreek vir die ywer en entoesiasme waarmee professor Engelbrecht sy werk doen. Hy het onder andere gesê dat hy 'oortuig is dat in heel Suid-Afrika niemand aangestel kon word wat 'n beter professor in Kerkgeskiedenis sou wees nie'.

Daar is verneem dat kolonel Jacob Wilkens 'n aanbod gemaak het vir 'n behoeftige studente fonds. Die verslag van die Kuratorium is aanvaar met die versoek dat die Kuratorium ook in Junie sal vergader. Die Kuratorium het gemeld dat doktor A. van Selms verlof van afwesigheid vir militêre doeleindes ontvang het vir die duur van die oorlog. [Van Selms het diens aanvaar in die Koninklike Nederlandse leër as luitenant en het na Oos-Indië vertrek waar destyds nog groot koloniale besittings van Nederland was. Hy is in Maart 1942 krygsgevange geneem in Bandoeng nadat die Nederlandse leër moes oorgee aan die Japanners. Sy vrou en drie kinders is ses maande later opgeneem in 'n vrouekamp in Bandoeng, en is later verplaas na 'n interneringskamp in Ambarawa in midde-Java, waar hulle ongeveer 'n jaar moes bly. Bevryding het eers in Maart 1945 gekom.]

Die verslag spreek ook teleurstelling uit oor die slegte vordering wat baie van die studente die afgelope twee jaar gemaak het. Verder is daarop gewys dat die koste van die sesjarige studie bo die draagkrag van studente en hulle ouers uitgaan en dat studente gevolglik meer en meer moet leen, om uiteindelik met 'n swaar skuldelas te sit. Beroep is gedoen op gemeentes om seuns uit hulle midde te ondersteun. Op die Kuratorium is verkies dominees J.J. Prinsloo Jsn, A.J.G. Oosthuizen, J.G.M. Dreyer, S. Vermooten, E.S. Mulder, doktor B. de Loor en ouderling J.H.H. Janson.

Waardering is oorgedra aan professor Gemser wat weer 'n benoeming in Nederland van die hand gewys het. Professor Greyvenstein het gesê 'niemand in die suidelike halfrond kan met Gemser in sy vak vergelyk word nie'. Professor Greyvenstein is geloof vir sy 25-jarige diens as hoogleraar. Na die gelukwensing deur die voorsitter en oorhandiging van 'n Van der Hoff borsbeeld as geskenk, het professor Gemser die woord gevoer namens die ander professore. Hy het gesê:

> *Prof Greyvenstein is 'n innerlik beskaafde mens wat hom in alle kringe kan beweeg. Ons wil hom ook eer as man van wetenskaplike sin. Hy sal altyd probeer om dit by sy studente lewendig te maak. Hy is verder 'n universele Christen. Hy het sy kerk en sy volk lief. As hy Jesus voorstel as kloppende aan die deur van ons hart dan is dit nie 'n metodistiese Jesus, maar hoe God deur Christus Jesus aan ons hart klop.*

Die geleentheidstoesprake by die feestelikheid wat gestrek het van 25 tot 29 Maart, is gepubliseer in *1842–1942 Eeufeestoesprake,* uitgegee deur dominee J.G.M. Dreyer en professor S.P. Engelbrecht.

### 01 Julie 1942
Die Kuratorium vergader. As voorsitter is herkies dominee A.J.G. Oosthuizen, as vise-voorsitter dominee S. Vermooten en as skriba doktor B. de Loor. Weer is aan professor Engelbrecht en die skriba opdrag gegee om die album aan te koop[!!]. Na aanleiding van teleurstellende berigte oor die vordering van die meeste studente insonderheid in Latyn, is besluit dat beurse alleen uitbetaal sal word op voorwaarde dat studente tot bevrediging van die betrokke dosente die kursus in Beginnerslatyn en Latyn 1 volg.

### 26 Augustus 1942
Afdeling A van die Fakulteit verkies vir S.P. Engelbrecht as dekaan en vir H.P. Wolmarans, wat sonder verskoning afwesig was, as sekretaris.

### 10 Desember 1942
Die Kuratorium handel weer oor die gedrag van die studente:

> *Na aanleiding van die kritiek oor die gedrag van die studente in die algemeen en die slegte kerkbesoek, word besluit dat aan die voorsitter van die predikantevergadering gevra sal word om tydens hulle sitting weer soos voorheen 'n gesamentlike byeenkoms van predikante en studente te reël waarop hierdie sake bespreek kan word. Verder word besluit om aan die voorsitter op te dra om die vereniging Van der Hoff te ontmoet en die saak ter sprake te bring.*

Professor Gemser het bowendien syfers voorgelê waaruit blyk dat die studente van ons kerk baie ongunstig afsteek wat die resultate betref, by die studente van Afdeling B wat die identiese kursus volg en eksamens aflê. Dit het gelei tot 'n lang bespreking en verskillende besluite, onder andere om die Direksie van Voortrekkertehuis te versoek om die minder gewenste elemente uit die tehuis te verwyder.

## ᔓ 1943

### 09 Maart 1943
Die Kuratorium neem kennis dat student T.N.H. Janson, oor wie op verskillende vergaderings gehandel is, bedank het as teologiese student en sy studie in Teologie staak. Die Kuratorium het die bedanking aangeneem en het ook besluit om by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat student H.M. Rex nie meer as as student van die kerk erken word nie.

### 23 Junie 1943
Op 'n buitengewone vergadering besluit die Kuratorium om by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat met die Universiteit van Pretoria onderhandel word om die dienste van professor Greyvenstein te verleng ná die bereiking van die leeftydgrens van 65 jaar.

Greyvenstein het op 17 Maart 1943, 65 jaar oud geword en sou volgens sy dienskontrak moes aftree. Die aftree-ouderdom was 60 jaar, maar sy dienste is vanaf 1939 van jaar-tot-jaar verleng. Die Senaat van die Universiteit het op 19 Mei 1943 besluit om die kerk in kennis te stel dat hy die ouderdomsperk bereik het. Dit is reeds op 14 Mei gedoen in 'n skrywe van die Registrateur aan die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die kerk het versoek dat professor Greyvenstein se dienste gekontinueer word, en die Raad het op 24 Junie 1943 besluit om dit te doen met die oog op die buitengewone omstandighede.

Op 26 Junie 1944 skryf die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die Rektor van Universiteit van Pretoria dat hy opgedra is om die Rektor in kennis te stel dat die Kommissie besluit het dat professor Greyvenstein die stoel Nuwe Testament sal beklee soos tot hiertoe aangesien die persoon wat later aanbeveel sal word nog nie beskikbaar is nie. By die afskrif van die brief het dominee Dreyer die volgende bygevoeg:

> *Die HE Voorsitter rapporteer dat hy die Rektor meegedeel het dat die HE Kommissie van die Algemene Kerkvergadering graag prof Greyvenstein gekontinueer wil sien as Prof. Die Rektor en die Registrateur het toe gesê dat die Universiteit nie verwag dat 'n aanbeveling vir 'n permanente aanstelling nou hoef gemaak te word nie. Prof Greyvenstein het aan hom gesê die saak moet net so gelaat word, verder dat hy graag sou sien dat een van sy leerlinge sy opvolger word, maar dat daar nie nou iemand is nie en dat hy graag Dr van Selms as sy opvolger sou benoem wil sien.* [Afskrif uit die notule van wat die Voorsitter gesê het in verband met 'n opvolger vir Professor Greyvenstein]

Die Raad het op 29 Junie 1944 besluit om Greyvenstein op versoek van die Kerk te kontinueer vir 1945.

### 10 Augustus 1943
Die Fakulteit Teologie keur 'n leerplan van A.S. Geyser vir DD goed met hoofvak Kerkgeskiedenis.

### 06 Desember 1943
Professor S.P. Engelbrecht as sekretaris van die Redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* skryf aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met die mededeling dat die eerste aflewering van die tydskrif verskyn het en vra vir dié uitgawe 'n skenking van £25. Die volledige titel was *Hervormde Teologiese Studies vir die bevordering van die Bybels-Reformatoriese Teologie in Suid-Afrika.* Die tydskrif was onder redaksie van die teologiese professore van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria. In 'n Woord Vooraf van die Redaksie word die doel van die tydskrif uiteengesit: Allereers die bevordering van die studie van die Bybel, ten tweede 'wil ons kinders van die Hervorming wees', ten derde:

> *wil ons die teologie dien op die plek en in die kring waarin ons ons deur God geroepe en gestel ag, in die Kerk waarin na ons oortuiging die stroom van die Bybelse waarheid, soos in die Hervorming opnuut tevoorskyn getree, kragtig en suiwer voortstroom: die Hervormde Kerk.*

Die Redaksie het daar bygevoeg dat hulle graag gasvryheid in die Studies sal verleen aan teoloë uit ander kerke wat saam die Bybelse waarheid wil dien en uit die gees van die Hervorming wil leef en dink. Artikels in hierdie eerste aflewering was uit die pen van professor Greyvenstein, Gemser, Engelbrecht en dominee J.G.M. Dreyer. Onder die hoof Personalia is vyf Nederlandse teoloë bespreek, en onder Boekbespreking het S.P. Engelbrecht drie werke bespreek. Dit is opmerklik dat H.P. Wolmarans geen bydrae gemaak het nie. Hy het vir die eerste keer in die S.P. Engelbrecht Jubileumnommer van die *Hervormde Teologiese Studies*, derde jaargang aflewering 3 en 4, Oktober 1946, 'n bydrae gelewer. Hy het egter wel bydraes gelewer in die tydskrif *Woord en Waarheid* wat verskyn het in 1945 met die subtitel *Tydskrif vir Teologie en Aanverwante Vakke* waarvan hy ook 'n redaksielid was [saam met I.D. Bosman, E.P. Groenewald, J.H. Kritzinger, P.V. Pistorius, C.H. Rautenbach en H.M. van der Westhuizen]. Wolmarans was inderdaad sterk gekant teen die oprigting van 'n afsonderlike tydskrif, en dit het verwydering tussen hom en sy ouer kollegas veroorsaak.

### 06 Desember 1943
Die Kuratorium kon kennis neem dat studente oor die algemeen baie beter gevorder het. Daar is van T.N.H. Janson 'n brief ontvang waarin hy sy bedanking as teologiese student terugtrek, maar die

Kuratorium het besluit dat hy sy besluit om die bedanking te aanvaar, wil handhaaf. Onder die vyf kandidate wat in Desember 1943 proponentseksamen gedoen het, was twee wat gedoop is in die Nederduitsch Hervormende of Gereformeerde Kerk, naamlik P.S. Dreyer en J.A. Smit.

## 1944

### 21 Junie 1944 [Woensdag]

Die verhaal van die opvolging van professor Greyvenstein vorm een van die besondere hoofstukke in die geskiedenis van die opleiding en verdien noulettende aandag. Uit die amptelike notules blyk daar nie veel van die agtergronde van hierdie verhaal nie. Die wenkbroue lig wel wanneer 'n mens kennis neem van die notule van die Kuratoriumvergadering op hierdie datum. Daar staan:

> *Die Voorsitter stel aan die orde die opdrag ontvang van die HE Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om name voor te dra vir die aanstelling in die professoraat in Nieu Testamentiese Eksegese. Na lang en ernstige bespreking word besluit:*
>
> A. *Die Kuratorium wil die volgende ses name(alfabeties gerangskik) voordra vir die aanstelling:*
>    - I. *Prop PS Dreyer – Pretoria*
>    - II. *Ds AS Geyser – Heilbron*
>    - III. *Dr Stelma – Nederland*
>    - IV. *Dr A van Selms – Pretoria*
>    - V. *Dr WC van Unnik – Nederland*
>    - VI. *Ds FJ van Zyl – Standerton*
>
> B. *Die Algemene Kommissie word versoek om die nodige stappe te neem om die dienste van Prof JH Greyvenstein vir 1945 te behou tot tyd en wyl dat die te benoeme pesoon sy dienste kan aanvaar.*

Ongelukkig is die notule van hierdie vergadering saaklik, sonder weergawe van die debat. 'n Mens kan dan ook net gis oor die 'lang en enstige bespreking' en die redes wat gelei het tot die lys name. Die lede teenwoordig was dominees A.J.G. Oosthuizen, J.J. Prinsloo Jsn, J.G.M. Dreyer, S. Vermooten, meneer J.H.H. Janson en professor B. de Loor. Lede van die fakulteit was teenwoordig, professore B. Gemser, S.P. Engelbrecht, H.P. Wolmarans en C.H. Rautenbach. Afwesig was dominee E.S. Mulder en professor Greyvenstein. Doktor Van Selms was op dié stadium nog in 'n krygsgevangenekamp in Java.

### 21 Junie 1944

Uit die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kom 'n mens agter dat die betrokke vergadering van die Kuratorium gehou is terwyl die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in sitting was, en wel op die aand van 22 Junie in die Residensie Hotel om 22:00 ná 'n besluit van die Kommissie om die Kuratorium te magtig om persone voor te dra vir aanstelling as professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap. In daardie aandsitting van die Kommissie was ook teenwoordig meneer J.H. Janson, dominee S. Vermooten, professor C.H. Rautenbach, professor B. de Loor en professore Engelbrecht, Gemser en Wolmarans.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die volgende dag kennis geneem van 'n mededeling van die voorsitter, dominee J.J. Prinsloo Jsn, dat hy die Rektor meegedeel het dat die kommissie graag professor Greyvenstein gekontinueer wil sien. Die Rektor en die Registrateur het toe aan hom gesê dat die 'Universiteit nie verwag dat nou 'n aanbeveling vir 'n permanente aanstelling hoef gemaak te word nie'. Hy vertel verder dat Greyvenstein aan hom gesê het 'die saak moet nou net so gelaat word en verder dat hy [Greyvenstein] graag sou sien dat een van sy leerlinge sy opvolger word maar dat daar nou nie iemand is nie en dat hy daarom graag doktor Van Selms as sy opvolger sou benoem wil sien' en dat hy 'teen opskorting van Artikel 218 van die Kerkwet is'. Dominee Oosthuizen het daarop voorgestel dat hierdie onder die aandag van die Dekaan gebring word. Daarop het professor Engelbrecht in die vergadering gekom en die voorsitter het aan hom die besluit [na aanleiding van Oosthuizen se voorstel?] meegedeel. Direk daarna volg dan die besluit 'om dominee A.S. Geyser MA van Kaapstad aan te beveel as opvolger vir professor Greyvenstein'. 'n Mens kan nie aan die indruk ontkom nie dat die ses name wat voorgedra is, weinig meer as 'n gebaar was.

### 08 Augustus 1944

Die Fakulteit Teologie Afdeling A beveel die aanstelling van Geyser by die Senaat aan.

**Albertus Stephanus Geyser**, gebore 10 Februarie 1918, was 'n seun van Petrus Geyser en Maria Johanna Albertina Lamprecht. Hy en sy broer Hendrik Johannes skryf in 1935 in vir die BA studie aan die Universiteit van Pretoria. Hulle voltooi die BD-studie in 1940, toe hy nog te jonk was om toegelaat te word tot die bediening, en hy word beroepbaar gestel vanaf 10 Februarie 1941. Hy werk daarna vir ses weke in Kaapstad, word beroep na die kombinasie Heilbron-Parys, en ingeseën te Heilbron op 16 Augustus en te Parys op 23 Augustus 1941. Hy sit sy studie in die klassieke voort en behaal in 1942 die MA graad. In 1944 gaan hy met verlof van sy kerkrade vir 'n jaar na Kaapstad om die gemeente daar te bedien. In Oktober 1944 aanvaar hy 'n beroep na Noordwestelike Pretoria.waar hy arbei totdat hy op 01 Februarie 1946 diens as dosent aanvaar het.

### 16 Augustus 1944

Die Senaat neem kennis uit die notule van die Fakulteit Godgeleerdheid dat dominee A.S. Geyser MA BD as opvolger van professor Greyvenstein benoem word.

Geyser was volgens alle berigte 'n goeie student. Hy het 'n MA graad in klassieke tale in 1943 met lof ontvang op 'n verhandeling wat deur albei eksaminatore, professor H.L. Gonin en professor H.G. Viljoen, hoog aangeslaan is. Hy moes nou egter met die hoogste spoed 'n doktorsgraad in die Teologie verwerf. Hy was reeds in 1943 ingeskryf vir 'n doktorsgraad, en wel met Kerkgeskiedenis as hoofvak. Die leerplan is goedgekeur deur 'n fakulteitsvergadering op 04 Mei 1943. Op 05 September 1944, ná sy benoeming dus, keur Afdeling A egter 'n gewysigde leerplan goed, hierdie keer met Nuwe Testament as hoofvak. Professor Gemser is benoem as promotor, en die onderwerp van sy proefskrif was *Die Geslagsregister van Jesus Christus volgens Mt 1 en Lk 3. 'n Tekskritiese, historiese en teologiese ondersoek*

### 05 September 1944

Die Fakulteit keur 'n gewysigde leerplan, nou met Nuwe Testament as hoofgroep, vir A.S. Geyser goed.

### 31 Oktober 1944

H.P. Wolmarans skryf aan Geyser. Vanweë die belang van die inhoud van die skrywe, ook vir Wolmarans se siening oor die Teologie, word die brief in sy geheel aangehaal.

> *Geagte ds Geyser, Ek wil u nog graag gelukwens met die benoeming aan die Universiteit. Ek het meer daarvoor gevoel dat ons die benoeming moes uitstel tot u of enigiemand anders eers die doktorsgraad gekry het, soos ons Kerkwet ook voorskryf. Dat dit nou gebeur het op 'n manier wat nie so moes gewees het nie, het u natuurlik nie skuld aan nie. Tewens dink ek, as dit gebeur het nadat u eers die graad gekry het, sou u self beter oor die posisie gevoel het.*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

*Maar soos ek sê, u het daartoe niks bygedra nie dat dit nou juis so moes geskied. En daarom moet u nou maar alle gewig ingooi by die voorbereiding vir daardie taak, as u dit finansieel kan bekostig moes u u eintlik van die gemeentelike werk kon losmaak. Ek hoop tog dat u baie nadruk sal lê op die Teologiese karakter van die taak. 'n Dosent in die Teologie moet in die eerste plek Teoloog wees en dan klassikus of orientalis of historikus of godsdienswetenskaplike. So was dit ook met Prof Greyvenstein. En ek dink dat u juis die Teologie in u studiejare verwaarloos het terwille van die tale. Maar dit wil glad nie sê dat u met nougesette studie dit nie sal kan inhaal nie. Inteendeel, dis juis moontlik met 'n goeie wil, en daarom wys ek u daarop.*

*Elke Teoloog moet as voorveronderstelling van sy vakkennis dogmaties en bybelsteologies geskoold wees. Die sistematiese Teologie is die krag van elke teoloog. U moet ook sorg dat u oor 'n suiwer NT Teologiese onderwerp promoveer. Ons moet sorg dat ons afdeling 'n Teologiese fakulteit bly. Ons mag nie 'n aanhangsel van die fakulteit van Lettere en Wysbegeerte word nie want dan gaan ons sak in vergelyking met Afd B.*

*U kennis van die klassieke het natuurlik vir u groot waarde, maar dis nog nie Teologie nie. Dit verskaf alleen die toegang tot die Teologiese kennis. Elke Teoloog moet waar hy met sy besondere vak begin eers die antwoord vind op twee uiters belangrike vrae: nl (a) Wat sê Gods Woord? en (b) Wat glo die Kerk? En dit gee die Bybelse Teologie en Dogmatiek ons. Sonder hierdie kennis as voorwaarde sal elke orientalis, klassikus, historikus of godsdienswetenskaplike met slap bene sy weg begaan en wat meer is, hy kan selfs 'n gevaar wrd vir die Christelike Teologie. Dit was mi die geval met wyle prof JC du Plessis in Stellenbosch. Hy was anders 'n bekwame man maar nie teologies en dogmaties goed onderlê nie, het hy soms dinge gesê en verdedig wat gewoonweg ketters is. Ek noem dus as wenke dat u tenminste tot 'n sekere mate u moet losmaak van die gemeentelike werk, miskien alleen die preekbeurte waarneem en begin met goeie dogmatiese werke te lees en veral groot nadruk lê op die Teologiese kant van eksegetiese studies om so teologies sterk te staan. Groete en nogmaals my beste gelukwense, ook namens my vrou.*

Ons kan seker uit hierdie brief aflei dat daar by Wolmarans kommer bestaan het oor die teologiese inhoud van die leerstoel Nuwe Testament in die hande van Geyser en dat hy hierdie kommer op die benoemingsgeleenthede sou uitgespreek het.

S.P. Engelbrecht het die saak gedryf nie alleen omdat dit aan die Universiteit se kant dringend was nie maar ook omdat hy voorkeur gehad het vir 'n spesifieke persoon met wie hy in vriendskaplike verhouding gestaan het. Die deurslag is gegee deur sy argument óf hierdie belowende jongman óf 'n Hollander. En die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wou liefs nie weer 'n Hollander benoem nie.

### 24 November 1944

Die Fakulteit neem kennis van die afsterwe van professor MacMillan.

### 08 Desember 1944

Die Kuratorium vergader. Die voorsitter, dominee Oosthuizen, was siek, en dominee Vermooten het die vergadering gelei. Die eksamenuitslae is behandel en beurse is toegeken. Latyn I was telkens 'n probleem dit is berig dat T.N.H. Janson Latyn I en alle eerstejaars BD vakke geslaag het. Dominee Prinsloo het meegedeel dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op versoek van Janson besluit het om hom weer te erken as teologiese student van die kerk. Dat die kerk self voorsiening gemaak het vir die dosering van Beginnerslatyn vir studente wat nie Matrieklatyn het nie, blyk daaruit dat die Kuratorium doktor H. Muller gevra het om weer in 1945 die vak te gee vir teologiese studente teen 'n vergoeding van £25.

## 1945

### 01 Mei 1945

Afdeling A besluit dat A.S. Geyser sy doktorale eksamen soos volg sal aflê: 'Hoofvak Twee vraestelle mondeling en drie skriftelik, byvakke alles mondeling'. As interne eksaminatore is benoem Greyvenstein, Gemser en Engelbrecht, as eksterne eksaminatore die ander lede van die Fakulteit.

B. Gemser is benoem as promotor vir die proefskrif. Op Gemser se voorstel is professor J. de Zwaan van Utrecht, en professore H.P. Wolmarans en S.P. Engelbrecht as mede-eksaminatore vir die proefskrif benoem.

### 08 Mei 1945

Die 48ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Dominee J.J. Prinsloo Jsn is herkies as voorsitter en dominee T.F.J. Dreyer as skriba, dominee S. Vermooten as vise-voorsitter en E.S. Mulder as vise-skriba. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het aan die Algemene Kerkvergadering gerapporteer:

> *Ds Geyser MA BD is op voordrag van die Kuratorium benoem op voorwaarde dat hy binne redelike tyd voldoen aan art 218 van die Kerkwet en dat hy hom in die Nuwe Testament bekwaam.*

Die volgende vertroulike skrywe van dominee T.F.J. Dreyer aan professor S.P. Engelbrecht laat iets blyk van die intrige wat die saak omring het:

> *Ek het u briewe van 30/6/44 en van 2/7/44 ontvang waarvoor my dank. Ek het die Rektor nie in kennis gestel dat Geyser benoem is nie omdat ek gereken het op hierdie stadium is dit nie nodig nie – ek weet nie daarvan dat die Voors dit nie wou laat stuur nie. Nou egter weet ek dat dit dringend noodsaaklik is, nie omdat u my daarop gewys het en dit versoek nie – want toe het ek al geweet en besluit – maar wel omdat die voors my die aand voor my vertrek gebel het en gevra het of ek dit al gedoen het nl dat Geyser benoem is. Toe ek ontkennend antwoord en my rede soos hierbo gee, het hy my verstandigheid geprys ens. As hy toe geswyg het sou hy nie sy eie saak of doel bederf het nie; hy deel my toe egter mee* [en daarmee het hy die slapende hond wakker gemaak] *dat Prof Gr sê ons het 'n fout gemaak om nou al een te benoem, ons moet die wat studeer almal kennis gee om hulle in die NT te bekwaam en dan later een van die 3 of 4 benoem. Ek het geantwoord: nee daarmee stem ek nie saam nie want ons wil nie net N Testamentici hê nie, en voor ek verder kon praat het hy afgesluit want die tyd van 3 min was verstreke, hy was regtig in sy skik. Waarom ek dit verseker gaan doen nes ek terug is, is nie net om bostaande rede nie, maar veral omdat dit troubreuk teenoor Geyser sou wees - hom eers benoem en dan weer kennis gee dat ons dit terugtrek. Daartoe sal ek my nie leen nie, dit sou te skandelik wees. Dit lyk my as Vader Gr gespreek het dan volg hy dadelik en word van ons almal verwag om in die lyn te val. Daar skyn mi bybedoelings te wees en dan kan ek sy advies nie aanneem nie.*

Die Skriba, dominee Dreyer, het dan ook op 02 Augustus 1944 die Universiteit kennis gegee dat Geyser aanbeveel word met dien verstande dat hy die stoel in Nuwe Testament sal kan beklee as hy gepromoveer het in Nuwe Testament. Geyser het op 04 Augustus 1944 in 'n skrywe die benoeming aanvaar en onderneem om in September 1945 te voldoen aan die vereistes van die Kerkwet.

Hy het verder geskryf:

> *Dit sal egter alleen moontlik wees om in die bepaalde tydsbestek te promoveer as ek na my tuiskoms uit Kaapstad die gereelde hulp en voorlesings van die betrokke professore, met name van die NT,*

> *kan ontvang. Tot my spyt sal ek nie in staat wees om die volgende jaar op eie koste in Pretoria te gaan woon om sodoende al my aandag aan studie te bestee nie. Daarom moet ek u vra om, as dit moontlik is, die geleentheid te skep dat ek wel in Pretoria kan gaan woon.*

Dat S.P. Engelbrecht die dryfveer was agter die hele proses wat tot Geyser se aanstelling gelei het, is bekend en blyk ook uit 'n skrywe van Geyser aan 'Liewe oom Fanie' op 09 Augustus 1944. Daarin sê hy onder andere:

> *Oom Fanie, ek wou dat u nooit enige verguising om my persoon, al is dit dan ook net van Profs HP en Kie, moes ondergaan nie. In soverre hoop ek om u te vergoed, dat ek wel in Sept '45 sal kan doktoreer.*

Die Algemene Kerkvergadering van 1945 het die Greyvenstein-vergadering geword. Die gemoedere was in beweging. Die Kommissie het gerapporteer (punt 7 van sy verslag):

> *Aangesien professor JH Greyvenstein die ouderdomsgrens bereik het en by wet verplig is om af te tree, en aangesien daar nie iemand wat as sy opvolger benoem kon word, beskikbaar was nie, is die Universiteit genader met die versoek om prof Greyvenstein te kontinueer totdat die persoon wat benoem sou word, beskikbaar is. Ds AS Geyser MA BD is op voordrag van die Kuratorium benoem op voorwaarde dat hy binne redelike tyd voldoen aan artikel 218 van die Kerkwet en dat hy hom in die NT bekwaam.*

Die vergadering het besluit om punt (7) asook die handelwyse van die Kommissie in verband daarmee goed te keur. Teenstemme teen die besluit is aangeteken deur dominees M.M. Grobler, W.M. Wolmarans, S.E. Young, J.A. Smit, P.S. Dreyer, G.J.J. Roos, S.P. Viljoen, P.M. Smith, G.C. Coetzee, J.C. du Plessis, C.H. Muller, J.J. Engelbrecht, D.J. van Staden en W.J. Kemp, en 21 afgevaardigdes. Daar is genotuleer: 'Die vergadering stap af van hierdie saak.' Maar so maklik was dit nie. Toe die verslag van die Kuratorium aan die orde kom, is die hele saak weer bespreek. Dit het geblyk dat daar 'n ontmoeting plaasgevind het tussen professor Greyvenstein en 'n aantal predikante, almal van sy oudstudente. Na sy vertrek het daardie byeenkoms die volgende besluite geneem:

1. *Ds Geyser word, nadat die professoraat in die NT vakant geword het en hy voldoen het aan die eise van die Kerkwet, art 28, professor in die NT.*
2. *Die Universiteitsraad word versoek om professor Greyvenstein se dienstyd as professor te verleng tot die einde van 1946.*
3. *Die kerk bied dominee Geyser 'n studiebeurs aan vir een jaar buitelandse studie en wel vir die jaar 1946.*
4. *Dominee Geyser, indien intussen gepromoveer, word professor van die NT vanaf 01 Januarie 1947.*
5. *Professor Greyvenstein word gevra vanaf die begin 1947 deeltydse deur die kerk besoldigde professor te wees in die praktiese teologie en verlof word verkry van die Universiteitsoutoriteite dat hy ook Dogmatiek en Christelike etiek doseer.*
6. *Nadat aan professor Greyvenstein emeritaat verleen is word in oorleg met die Universiteitsinstansies 'n hersiening van leeropdragte gemaak, sodat doeltreffende voorsiening gemaak word vir dogmatiek, etiek en praktiese teologie.*

Geteken deur (standplase in 1945 bygevoeg): M.M. Grobler [Eendracht], L. (Lees W.J.) Kemp [Waterberg], P.W. Venter [Krugersdorp], J.C. du Plessis [Germiston], S.P. Viljoen [Brixton], W.M. Wolmarans [Brits], G.J.J. Roos [Bronkhorstspruit], P.M. Smith [Christiana], A.J. Nolte [Johannesburg-Wes], W.J. Roos [Johanesburg], G.P.J. Grobler [Ermelo], A. Ras [Vereeniging], J.J. Engelbrecht [Zwartruggens], S.P.J.J. van Rensburg [Randpoort], W.H. Grey [Newlands], D.J. van Staden [Lydenburg], S.E. Young [Van der Hoff], J.P. Labuschagne [Durban], P.S. Dreyer [Witbank], W. Huyzers [Boksburg], L.M. le Roux [Turffontein], G.C. Coetzee [Potgietersrus], Daniël Erasmus [Ventersdorp], D.B. Snyman [Dullstroom], P.J. Booysen [Middelburg], J.D. Storm [Wolmaransstad], J.A. Smit [Delareyville], C.H. Muller [Delmas], F. van Zyl [Standerton].

Dit was die oorgrote meerderheid van die predikante wat nie lede was van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of die Kuratorium nie. Ontbreek het in die lys net P.J.J. Venter [Makwassie], P.S. Grobler [Kensington], J.J. Prinsloo Jsn [Brakpan], J.P. van den Berg [Bloemfontein], F.J.Z. Booysen [Roodepoort], C.S. van H. Steenekamp [Rustenburg], A. Brandt [Kaapstad], P.J.L. Bierman [Oos-Londen], P.W.A. Bierman [Pietersburg], H.J. Geyser [Lichtenburg], A.J. van Staden [Pretoria-Noord].

Volgens 'n mededeling van dominee J.J. Prinsloo Jsn, die voorsitter, aan die Algemene Kerkvergadering was lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Kuratorium nie teenwoordig op die samekoms nie. Hyself het wel geweet van die samekoms maar nie van die tyd en plek nie. As persoon het hy geen beswaar daarteen gehad nie. Na die vertrek van professor Greyvenstein is die saak bespreek... die vraag was:

> *Kan die aftrede van professor Greyvenstein nie sodanig geskied dat almal tevrede is in die kerk nie?...Is die verwagting dat dominee Geyser al die werk moet aanvaar, billik en regverdig?*

Al die ander professore in die teologie het in die buiteland gepromoveer. Daarom bied die kerk dominee Geyser 'n eenjaar-studiebeurs aan vir studie in die buiteland. Professor Greyenstein moet nie opsy gestoot word nie, maar van sy dienste kan nog goed gebruik gemaak word as dosent in Praktiese Teologie, Dogmatiek en Christelike Etiek. By eventuele emeritaat kan dan verder voorsiening gemaak word. Na verskillende sprekers het S.P. Engelbrecht aan die woord gekom. Hy het onder andere gesê 'professor Greyvenstein kan nie gegrief voel omdat hy moet aftree nie, want niemand kan dit verhelp nie dat hy 65 jaar geword het...' Hy lees vervolgens 'n brief van die rektor waarin laasgenoemde onder andere daarop wys dat 'n professor op 65 jaar moet aftree en dat 'n uitondering alleen gemaak is omdat die kerk niemand in sy plek kon vind nie. Dominee Geyser is egter reeds benoem en daarom wag die Universiteit net om van die kerk te hoor van watter datum professor Geyser as professor moet optree. Die koninklike weg sou wees om professor Greyvenstein te kontinueer tot dominee Geyser sy doktorsgraad behaal het. Die vergadering het punt (7) van die verslag aangeneem. Die voorstel van die 28 predikante is verwerp met 50 teen 77 stemme.

Die volgende dag het professor Greyvenstein die vergadering meegedeel dat hy sy emeritaat sal aanvra vir einde Junie. 'Sy troue vriende hier en buite die vergadering wil hy graag bedank. Dit is sy afskeidsgroet aan die vergadering.' Hierdie aankondiging het as 'n verrassing gekom, en op voorstel van dominee M.M. Grobler is besluit dat dit aan die Moderamen oorgelaat word om die saak later weer ter tafel te bring.

S.P. Engelbrecht het in 'n lang kommentaar wat hy later opgestel het en waarin hy die besluite wat die Algemene Kerkvergadering sou neem, as *ultra vires* aangedui het, oor hierdie saak die volgende aangeteken:

> *Prof Greyvenstein was blykbaar baie teleurgesteld dat hy tog moes aftree, nieteenstaande hy al twee jaar oor die ouderdomsgrens van aftreding is. Hy wou blykbaar hierdie noodtoestand waarvan hy geprofiteer het deur twee jaar ekstra salaris te trek,*

*nog verder tot sy eie stoflike voordeel laat voortbestaan, terwyl dit in werklikheid met die benoeming van Ds Geyser opgehou het. Hy het dan ook die volgende dag 16 Mei, plotseling in die vergadering verskyn en volgens die notule van die vergadering meegedeel: dat hy nie langer kans sien om sy werk te doen soos hy dit aanvoel in 'n atmosfeer van valsheid en onwaarheid. Hy wil graag sy emeritaat aanvra aan die einde van Junie.* [Die woorde 'dat... onwaarheid' is op besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 12 September 1945 in die gedrukte notule van die vergadering uitgelaat 'omdat dit aanstoot kan gee', dit verskyn wel in die geskrewe notule]. *Dit spreek vanself dat hierdie woorde 'n groot konsternasie en beroering in die vergadering gebring het. Prof Greyvenstein spreek die beskuldiging uit dat hy sy werk aan die Universiteit onder 'n atmosfeer van 'valsheid en onwaarheid' moet doen. Dit is 'n sware beskuldiging sowel teen die Universiteit in die algemeen as teen Afdeling A van die Teologiese Fakulteit in die besonder... As Prof Greyvenstein eind 1945 moet aftree terwyl hy volgens die diensvoorwaardes van die Universiteit al eind 1943 moes aftree, dan is die atmosfeer so onwaar en so vals dat hy dit nie meer kan uithou nie, en eind Junie 1945 al wil aftree. Maar as die moontlikheid daar is dat hy na 1945 ook nog kan aanbly, dan is hy wel gewillig om dit te doen nieteenstaande die atmosfeer van 'valsheid en onwaarheid' waarin hy aan die Universiteit moet werk.*

Besluit is dat die vergadering in sitting bly totdat die saak afgehandel is. Die sekunduslede het die vergadering verder gelei sodat die Moderamen aandag daaraan kon gee. Die Moderamen het soos volg verslag gedoen:

1. *Die Moderamen het 'n samespreking gehou met prof Greyvenstein, daarna met die professore Engelbrecht en Gemser en Wolmarans en daarna 'n samespreking met die vier Teologiese Professore en die Rektor.*
   *Die resultaat van die samepreking met die rektor vind u in die aagehegte stuk E.*
   *Daarna is 'n samespreking met ons 4 Teologiese Professore en prof Rautenbach gehou waaruit die volgende aanbeveling voortspruit:*
2. *Die Moderamen beveel aan dat die HE Vergadering die volgende besluit neem:*

A. *Die HE Algemene Kerkvergadering wens hiermee sy groot en opregte waardering uit te spreek teen die Hoogeerw Hooggeleerde professor dr JH Greyvenstein vir die jare lange, troue dienste wat hy as professor vanweë die Ned Hervormde Kerk van Afrika vanaf die oprigting 1 April 1917 van die Teologiee Opleiding aan die Universiteit van Pretoria bewys het.*

B. *Daar die HE Gel Prof die leeftydsgrens vir permanente dosente bereik het, is dit die eenparige begeerte van die Kerk om sy dienste as Hoogleraar langer te behou vir die Kerk met die oog op die opleiding van ons aanstaande predikante.*

C. *Die HE Verg versoek prof Greyvenstein uiters dringend, vriendelik en beleefd om sy besluit, soos eergister in die vergadering meegedeel in gunstige heroorweging te neem en bied prof Greyvenstein aan 'n leeropdrag in verband met die Teologiese Opleiding by eventuele aftreding as Professor ooreenkomstig Artikel 8 van die Diensvoorwaardes van die dosente aan die Universiteit (Sien brief van die Registrateur, 14 Mei 1943)*

D. *Die HE Vergadering hoop en vertrou van harte dat die HE Gel Professor hierdie benoeming sal aanvaar en verseker hom van die steun, hoogagting, liefde en voorbidding van die Kerk*

E. *Ten einde hieraan uitvoering te gee besluit die HE Alg Verg soos volg: (Sien aangehegte stuk gemerk E, datum 19 Mei 1945, geteken deur die Rektor, prof MC Botha, die HE Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering ea Pretoria 18 Mei 1945. Geteken JJ Prinsloo voors, TFJ Dreyer scriba, S V ermooten, ES Mulder.*

*AANHANGSEL E*

1. *Die Algemene Kerkvergadering spreek die wenslikheid uit dat prof Greyvenstein na sy aftreding as professor aan die Universiteit van Pretoria benoem sal word vanweë die Kerk om al die vakke van die praktiese teologie te doseer en dra aan die HE Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op om hiermee in terme van art 218(a) van die Kerkwet te handel.*
2. *Die Algemene Kerkvergadering spreek verder die wenslikheid uit dat prof Greyvenstein na sy aftreding as professor deur die Universiteit gevra sal word om nog bepaalde voorlesings binne bepaalde departemente te hou sover as die Universiteitswet dit toelaat en met name die Chr Etiek en Dogmatiek, en versoek die HE Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om sodanige versoek tot die betrokke Universiteits-owerheid te rig.*

Die notule lees soos volg:

*Oudl SJ Botha stel voor dat die rapport in sy geheel met dank en waardering aangeneem word. Oudl JJ Prinsloo vra of die professore instem met hierdie rapport en of die Universiteitsowerhede hiermee akkoord gaan. Oudl AWJ Van Rensburg betuig sy dank vir die oplossing wat gevind is in die saak. Die vergadering besluit dat hierdie rapport in sy geheel in die notule opgeneem word. Algemeen aangeneem. Die vergadering sing prof Greyvenstein toe die seënbede uit Ps 134:3. Prof Greyvenstein spreek die vergadering toe: 'Die optrede van die Moderamen het dit vir my moontlik gemaak om hierheen te kom. Die besluit van die vergadering open die weg vir my om die bedanking en aanvraag om emeritaat in heroorweging te neem. So spoedig moontlik sal my besluit, so die Heer wil, die bevoegde besture van ons kerk bekend word. Die toesegging van u steun, liefde en voorbidding maak die heroorweging van die saak vir my 'n saak van groot erns. U roep tot kerklike hoogleraar dwing my tot ernstige nadenke. Ek stel my vertroue op God en ek moet vertrou dat die kerk verteenwoordig deur u die gebeurtenisse van die afgelope dae en van vanaand in die regte lig sal sien. Daartoe is nodig dat die Kuratorium stappe sal neem om die atmosfeer te suiwer, sodat dit moontlik is om in agting, liefde en vertroue saam te werk in belang van die Kerk en Koninkryk van God.'*

Dit is opvallend dat die Algemene Kerkvergadering hierdie verloop van sake nou skynbaar eenparig aanvaar het. In wese het die besluit ooreengekom met die voorstel van die 28 predikante wat vroeër in die vergadering verwerp is. Dit is ook opvallend dat S.P. Engelbrecht op hierdie stadium geen kommentaar gelewer het nie. [Was hy dalk nie teenwoordig in daardie aandsitting nie?] Dit sou weldra blyk dat die skynbaar goeie verloop van sake bedrieglik was.

As lede van die Kuratorium is verkies professor B. de Loor, dominee J.G.M. Dreyer, A.J.G. Oosthuizen, J.J. Prinsloo Jsn, meneer J.H.H. Janson, dominees E.S. Mulder en S. Vermooten.

**21 Junie 1945**

Langer as 'n maand na die Algemene Kerkvergadering skryf Greyvenstein aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

*Aangesien die Kerk by monde van die Alg Vergadering eenparig die versoek tot my gerig het om my dienste verder beskikbaar te stel vir die Teologiese Opleiding en om af te sien van my aansoek om emeritaat aan die einde van hierdie semester is dit vir my*

*aangenaam om u mee te deel dat ik na ernstige oorweging gaarne aan die versoek van die kerk wil voldoen. Ik is bereid om die aanstelling as Hoogleraar in Prakt Teologie te aanvaar, asook in die ander vakke, soos voorgelê aan die Rektor van die Universiteit alhier en soos opgeneem in die besluit van die Alg Verg op Vrydagaand 18 Mei 1945. Ik wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die Kerk my hartlikste dank te betuig vir hierdie nuwe blyk van vertroue. Dit sal meehelp om oor bestaande moeilikhede te kom.*

**11 Desember 1945**
Die Kuratorium vergader. Dominee A.J.G. Oosthuizen is herkies as voorsitter, dominee J.G.M. Dreyer as vise-voorsitter en professor B. de Loor as skriba. Die vergadering het met dankbaarheid kennis geneem dat professor Gemser grotendeels herstel het na sy onlangse swaar siekte. Die uitslae van die eksamens is behandel en beurse is toegeken. J.D.H. Smit, W.P. van der Merwe en P.A.R.C. van Wyk het die studie voltooi. In die vyfdejaar was B.J. Engelbrecht, N.J. van Schalkwyk, P.G. van Staden, T.N.H. Janson en T.F. Dreyer, in die vierdejaar H.M.E. Dreyer, W.J. Engelbrecht, en J.H. van Staden. Aan dominee A.S. Geyser is ‘n beurs van £50 toegestaan om sy doktorale studie te voltooi. Op hierdie vergadering het ook ter sprake gekom die vraag of professore geregtig is op ‘n kerklike pensioen. Behandeling het oorgestaan.

**12 Desember 1945**
Die Registrateur van die Universiteit stel Geyser in kennis dat hy die doktorale eksamen geslaag het en dat hy met sy proefskrif mag aangaan. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het dieselfde dag besluit:

*met ses uit tien stemme meerderheid dat die saak na die Regskommissie verwys word met die reg, indien nodig, om regsgeleerde advies in te win. Die Regskommissie sal gevra word of die Alg Kerkverg by magte was om so ‘n besluit te neem. Deur ‘n misverstand was die besluit ivm die saak van die Alg Kerkverg nie ter tafel nie. Ds Vermooten en ds Mulder en br SJ Botha vra dat hulle teenstemme aangeteken word.*

## ೞ 1946

**28 Februarie 1946**
Geyser woon die eerste keer ‘n vergadering van die Fakulteit Afdeling A by waar hy terugverwelkom is na ‘n lang siekbed.

**15 Maart 1946**
Professor S.P. Engelbrecht skryf aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

*Dit is my besonder aangenaam om u mee te deel dat op Vrydag 15 Maart besluit is om ds Geyser die graad van doktor in die Godgeleerdheid toe te ken. Die kommissie aan wie opgedra was om namens die fakulteit hieroor te handel en wat bestaan het uit die professore dr B Gemser, dr D Keet, dr HP Wolmarans en ondergetekende, het op grond van die afgelegde eksamen sowel as sy ingehandigde proefskrif met algemene stemme besluit om hom die graad met lof toe te ken.*

Die eindsimbool vir die doktorale eksamen was egter ‘n B volgens ‘n amptelike resultatelys. Volgens notas op lêer in die Kerkargief was die toekenning van simbole nogal verskillend. Vir Algemene en Besondere Inleiding het Greyvenstein ‘n C, Engelbrecht ‘n A en Gemser ‘n B+A- toegeken, vir NT Teologie Greyvenstein C, Engelbrecht B en Gemser B+, vir Kultuurhistoriese agtergrond Greyvenstein B-, Engelbrecht A en Gemser B+. Dit moes dus die proefskrif gewees het wat uiteindelik die skaal na lof toe laat swaai het. Daartoe het bygedra die gunstige kritiek van doktor J. de Zwaan van Leiden wat geskryf het die studie:

*bleek mij een werk te zijn van beteekenis wat het resultaat betreft, dat in methode van onderzoek, helderheid van uiteensetting en grondigheid van uitvoering aan hooge eischen voldoet... Naar mijn gevoelen is dit degelijk werkstuk, dat met bezonnen scherpzinnigheid en goede methode tot belangrijke resultaten is gekomen, een prove van wetenschappelijke onderzoek, die het predicaat ‘met lof’ waardig is.* [Dit val op dat professor D. Keet, die kerkhistorikus in Afdeling B, en nie professor E.P. Groenewald, die Nuwe Testamentikus, as lid van die eksamenkommissie gedien het.]

Intussen was sake aan die roer en het die pot gekook.

S.P. Engelbrecht het in sy uitvoerige beredenering van die saak gestel dat die prosedure op die Algemene Kerkvergadering nie in orde was nie en dat die besluit geneem is toe daar in die vergadering deur die gebesigde woord van professor Greyvenstein ‘n opgewonde stemming geheers het en daar ‘n Damokles-swaard oor die vergadering gehang is. Die besluit is in stryd met die Kerkwet sowel as met die ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kerk, en daarom van nul en gener waarde. Die Kuratorium is die enigste bevoegde liggaam om professore en ander dosente te benoem. Professor Greyvenstein is aanbeveel vir ‘n leerstoel wat nie bestaan nie, en die aanbeveling dat twee van die drie vakke waarvoor dominee Geyser aangestel is, aan Greyvenstein opgedra moet word, en hy dus ten spyte van sy ouderdom heraangestel moet word in die fakulteit, is in stryd met die diensvoorwaardes van die Universiteit.

Professor D. Pont, lid van die Regskommissie van die Kerk, het tot ‘n soortgelyke bevinding gekom. Sy advies is uitgebring nadat van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ‘n versoek in dié verband gekom het.

**20–21 Maart 1946**
Lede van die Regskommissie is teenwoordig in die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Na lang bespreking het die voorsitter aan die hand gegee dat die vergadering dominee Geyser en professor Greyvenstein en die Kuratorium moet spreek en daarna die Rektor van die Universiteit van Pretoria. Dieselfde aand het die vergadering byeengekom in die huis van dominee Geyser. Hy was nie daar nie maar het na ‘n tyd gearriveer. Die voorsitter het aan hom verduidelik wat besluit is en gevra of Geyser sal instem dat professor Greyvenstein sekere vakke sal doseer soos deur die Algemene Kerkvergadering besluit.

*Ds Geyser sê die kerk het hom benoem as opvolger van prof Greyvenstein wat natuurlik beteken dat hy al die vakke wat prof G doseer het, moet doseer. Hy is ook deur die Universiteit aangestel as sodanig. Die vakke word genoem en daaronder is onder andere ook Etiek en Dogmatiek. As die vakke nou van hom weggeneem word sal dit op die studente en buitewêreld ‘n baie slegte indruk maak en na ‘n mosie van wantroue in hom en sy werk lyk. Dit spyt hom gevolglik dat hy nie sy toestemming kan gee nie.*

**07 Mei 1946**
Die Kuratorium is weer byeen, opgeroep na aanleiding van ‘n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die aftrede van professor Greyvenstein. Die vergadering het besluit :

*Gesien die kontensieuse aard van hierdie saak, gesien die feit dat daar regsadvies oor die saak ingewin is waarvan die Kuratorium geen kennis dra nie, gesien die inhoud van Art 218 waarvolgens*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

*hierdie vergadering 'n opdrag moes ontvang het, wat hy nie ontvang het nie, besluit die vergadering om van die saak af te stap en kennis daarvan aan die Alg Kom te gee.*

Op dieselfde vergadering het professor H.P. Wolmarans se skrywe gedien waarin hy aanspraak maak daarop dat Dogmatiek ingedeel word by Godsdienswetenskap. Sy aanspraak het berus op 'n besluit van die Fakulteitsvergadering, maar daarvan is nou niks gerep nie. Die dekaan, S.P. Engelbrecht, het geswyg. Die saak van Christelike Etiek het ook tevoorskyn gekom. Professor Rautenbach het verwys na sy aanstelling in 1939 om Christelike Etiek te doseer. Die besluit van die Kuratorium het hierdie lastige probleme probeer systap:

*Die vergadering besluit om i.s. die verdeling van vakke die status quo te handhaaf* [waarvolgens Geyser die vakke sou doseer] *solank die saak Greyvenstein nog nie afgehandel is nie, met die vriendelike en dringende versoek dat die here professore voortgaan om alle pogings aan te wend om tot 'n verstandhouding te kom.*

**20 Mei 1946**
Dominee Joh Dreyer skryf in *Die Hervormer* oor die 25-jarige jubileum van professor S.P. Engelbrecht: 'Waar dit die belange van die Hervormde Kerk gegeld het, het hy altyd op die voorpunt van die stryd gestaan. Hy het homself nie gespaar nie.'

**28 Mei 1946**
Professor A. van Selms word terugverwelkom in die Fakulteitsvergadering en blydskap en waardering is uitgespreek teenoor professor Gemser wat weer 'n professoraat in Nederland van die hand gewys het, S.P.J.J. van Rensburg se gewysigde leerplan is goedgekeur. Dit was 'n baie gematigder leerplan as die vorige.

**29 Mei 1946**
Die 25ste ampsjubileum van S.P. Engelbrecht is feestelik gevier in die stadsaal van Pretoria. Gelukwense is uitgespreek deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, dominee J.J. Prinsloo, advokaat J.C.V. Breytenbach namens die Universiteit, professor B. Gemser namens die kollegas, professor Pellisier namens Afdeling B en student B.J. Engelbrecht namens Van der Hoff. Die aand het S.P. Engelbrecht in die Kerkgebou van Pretoria 'n gedagtenisrede uitgespreek na aanleiding van Psalm 48:10.

**12 Junie 1946**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwelkom professor C.H. Rautenbach.

*Ivm die doseer van van C Etiek lees hy sy brief van 09 Mei '46 aan die HE Komm voor asook 'n stuk van 8.6.46 en verder 'n memorandum i.s. die hulp wat hy in die doseer van Chr Etiek in Afd A van die Teol Fakulteit verleen.*

Die betrokke skrywe van 09 Mei 1946 is 'n lang stuk waarin Rautenbach 'n geskil aanhangig maak tussen hom en die Kuratorium en die Kommissie versoek om die besluit van die Kuratorium buite werking te stel totdat die geskil kerklik afgehandel is. Hy het verder geskryf:

*Indien gevraagde tersydestelling van die besluit van die Kuratorium sover dit die uitvoering van die versoek van die Kerk aan my bemoeilik, verhinder of onmoontlik maak en my belemmer in die uitoefening van my pligte teenoor die Kerk, wat betref die gee van twee lesings per week in die Christelike Etiek – en indien ek nie in die my toegekende leeropdrag deur die Kommissie gehandhaaf word nie en ek voor 15 Junie 1946 geen kennis te dien effekte kry nie of andersins geen uitspraak van u ontvang nie, word ek verplig om teen my sin in 'n interdik van die hof te vra dat die besluit van die Kuratorium opsy gesit word terwyl ek in hoër beroep gaan op die Algemene Kerkvergadering. Dit sou my van harte spyt as sulke weë onvermydelik word ...*

In 'n memorandum by hierdie skrywe gee Rautenbach 'n oorsig van die verloop van sake vandat hy in 1939 benoem is as teologiese dosent. Hy skryf dan verder:

*Na my benoeming het professor Greyvenstein nadat hy al die jare die vak doseer het en terwyl hy binne drie jaar die uittreeleeftyd sou bereik, my gevra of dit moontlik sou wees dat hy nog vir die paar jaar een lesing per week in die Christelike Etiek gee. Ek het geredelik ingestem. Ek het dan vanaf 1940 tot einde 1945 een lesing per week gegee... Met die verdwyning van professor Greyvenstein uit die Universiteit in 1946 het ons afspraak ook tydelik altans verdwyn en was ek terug onder die verpligtings op my gelê deur my benoeming op 31 Julie 1939... Ek het aangegaan met twee lesings per week totdat professor Geyser* [toe nog dominee Geyser] *die studente belet het om 'n tweede lesing by my by te woon. Ek het die aangeleentheid voor die Kuratorium gelê. Die persoon wat voorsitter van die Kuratorium was tydens my benoeming* [dominee A. Oosthuizen] *en wat skriba was* [dominee Joh Dreyer] *het verklaar dat dit die bedoeling van die Kerk was dat ek die onderwys in die Christelike Etiek as geheel, naamlik twee lesings per week moes gee. Nogtans het die Kuratorium daarna 'n soort slim besluit geneem wat die hoofsaak ontwyk. Ek het die week daarna weer twee lesings gegee. Op 15 Mei is ek weer belemmer deur die Teologiese Fakulteit wat met meerderheidstem besluit het dat ek een lesing per week sal gee. Daarvoor het ek geapppelleer by die Universiteit maar ek wag nog steeds op 'n uitspraak. Ek is op my pos vir twee lesings maar die studente kom nie vir die tweede lesing nie.*

Die vergadering besluit toe om al die teologiese professore op te roep, en ná hulle koms is die saak voortgesit.

*Die HE Voors verwelkom in die verg die Proff Greyvenstein, Engelbrecht, Wolmarans en Geyser. Prof Gemser kan weens swakke gesondheid nie teenwoordig wees nie. Ds Oosthuizen is ook teenwoordig. Prof Rautenbach wat ook aanwesig is, lees sy brief van 9.5.46 i.s. die doseer van die vak Chr Etiek. Hy sê dit is 'n geskil ooreenkomstig art 208. Hy lees ook 'n brief van 31.7.39 van die Scriba van die Kuratorium waarin hy in kennis gestel word dat hy benoem is om 2 lesings per week in Chr Etiek te gee.*

Professor Engelbrecht sê hy betreur dit dat gedreig word met 'n hofsaak. Professor Rautenbach maak beswaar dat gesê is hy dreig met 'n hofsaak en vra dat dit teruggetrek word. Professor Engelbrecht weier. Professor Rautenbach vra dat die Voorsitter uitspraak moet gee of dit so is dat hy 'gedreig' het. Die H.E. Voorsitter antwoord:

*Volgens Prof Rautenbach verduidelik en verklaar is dit geen dreigement nie.*

*Prof Engelbrecht wys daarop dat as dit 'n geskil is dan moet as die geskil tussen A en B is, albei A en B opgeroep word en daarom wil hy graag weet of die Kuratorium opgeroep is. Die HEV sê die Kuratorium is nie opgeroep nie maar kan vir vanmiddag opgeroep word. Prof Engelbrecht sê die lede van die Alg Komm wat lede van die Kuratorium is, sal dan nie sitting as Alg Komm lede kan neem nie. Die dekaan van die Teol Fakulteit A deel mee dat die Rektor op die Uitvoerende Komitee van die Universiteit van Pretoria gister nm gesê het dat die betrokke punt van die notule van Afd A van die Teol Fakulteit van 15 Mei '46 nie voor die eerskomende Senaatsverg gelê sal kan word nie. Prof Rautenbach sê dan verval die datum 15.6.46 wat hy in sy brief noem. Oudl JP Prinsloo maak 'n beroep op die Proff om nie persoonlike dinge in ag te neem nie, maar te dink aan hulle hoë roeping, hulle moet hulle saak self regmaak en nie wil hê die HE Komm*

*moet dit doen nie. Prof Geyser sê pogings is voortdurend deur die Dekaan aangewend om die saak in der minne te skik. Prof Rautenbach het hom egter nie geleen tot onderhandeling nie. Hy* [Prof Geyser] *het Prof Rautenbach gevra om die saak te bespreek. Prof Rautenbach het egter geweier. Hy het toe al die saak by die Kerk aanhangig gemaak gehad. Prof Rautenbach sê Prof Geyser is reg en verkeerd. Prof Geyser is verkeerd as beweer word hy* [R] *het gesê Prof Geyser het geen reg om Chr Etiek te doseer nie. Prof Rautenbach sê hy was te vind vir samewerking maar eers dan as besluit is dat hy ivm die twee lesings in Chr Etiek reg was. Hy sê die verg van die Fakulteit was nie 'n vriendskaplike samespreking nie maar 'n amptelike verg want die Rektor was ook aanwesig. Prof Engelbrecht sê hy sal alles in sy vermoë doen om die saak opgelos te kry... Die verg besluit om voorlopig af te stap van die saak hangende die broederlike samespreking tussen die proff en dosente. Na dié samespreking word verwys alle sake waaroor daar verskil van mening tussen hulle bestaan.*

Na die vertrek van die professore het die Kommissie professor B. de Loor benoem as oproeper van die professorevergadering. Hy moet nie die vergadering bywoon nie. 'n Skriftelike verslag deur almal onderteken moet by die Kommissie ingedien word.

**14 Junie 1946**

Die besluit wat die Kuratorium in 'n gesamentlike sitting met lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geneem het na aanleiding van die opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is soos volg genotuleer:

*Na lange en ernstige bespreking word die volgende voorstel sonder teenstem aangeneem: Na magtiging deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dra die Kuratorium voor vir aanstelling as dosent in die teologie Prof dr JH Greyvenstein ooreenkomsitig Art 218 van die Kerkwet en ingevolge die besluit van die Algemene Kerkvergadering.*

Die bewoording spreek van 'n ongenoeë, en inderdaad volg daarop:

*Ds AJG Oosthuizen versoek dat aangeteken word dat hy vir die voorstel gestem het omdat hy daartoe gedwing word deur die opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hy wil egter sy besware skriftelik aan die genoemde Kommissie voorlê en lees sy brief voor (sien bylae I)*
*Prof SP Engelbrecht teken protes teen die besluit aan en versoek dat dit genotuleer word (sien bylae II)*
*Prof AS Geyser teken ook protes aan teen die besluit en versoek dat sy redes daarvoor ook genotuleer word (sien bylae III)*
*Ds JGM Dreyer sluit hom aan by die eerste drie besware genoem in die brief van ds Oosthuizen.*

Die brief van dominee Oosthuizen is belangrik omdat dit lig werp op die verwarring rondom die betrokke besluite van die Algemene Kerkvergadering . Dit lees soos volg:

*Ek het kennis geneem van 'n mededeling oor die telefoon, dat die Hoogeerw Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding opdrag gee om Prof dr Greyvenstein aan te beveel om volgens 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering klasse in sekere vakke van die Teologie te gee. Ek het die scriba van die Kuratorium opdrag gegee om die Kuratorium byeen te roep om die opdrag uit te voer. Graag wil ek egter die volgende as my besware teen genoemde opdrag aan die Hoogeerw Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorlê, met die beleefde maar dringende versoek dat u kommissie tog aandag aan my besware sal skenk en dat my besware genotuleer mag word. Ek versoek dit omdat ek oortuig is dat die besluit baie ernstige gevolge vir die Opleiding van ons kerk gaan hê. As voorsitter van die Kuratorium, wat belas is om sorg te dra vir die Opleiding, voel ek my verplig om my besware op skrif te stel en so aan u voor te lê. Op grond van die volgende maak ek dan beswaar teen u opdrag.*

*a.* *Dit skep 'n presedent waaraan die kerk hom sal moet hou in die toekoms. Elke professor wat op grond van die leeftydsgrensbepaling moet aftree, sal deur die Kerk gekontinueer moet word. As die kerk dit nie doen nie, kan en sal gevra word op watter gronde een professor so bevoorreg word.*

*b.* *Professor Geyser is deur die kerk aanbeveel en deur die Universiteit aangestel. Deur hom is aan al die voorwaardes wat deur die kerk gestel is, voldoen. Hy het sy doktorsgraad met lof behaal. Hy is reeds besig met klasse. Deur nou hierdie klasse van hom weg te neem en aan sy voorganger te gee, word 'n klap in sy gesig gegee wat onverdiend is. Dit ondermyn sy prestige nie alleen by sy eie studente nie maar by alle professore en studente aan die Universiteit. Dit is nie reg om 'n professor wat deur die Kerk aangestel is, sonder dat hy dit gevra of gesoek het, so belaglik te maak ten aanskouing van die Verenigde Kerk en die Universiteit nie. Die goeie naam en goeie trou van ons kerk is daarmee gemoeid.*

*c.* *Die Algemene Kerkvergadering het die besluit geneem sonder bespreking en sonder om die konsekwensies te besef. Dit is aan die vergadering vlak voor die sluiting voorgelê as 'n kompromis waartoe alle partye ooreengekom het en wat almal bevredig. Nou is daar selfs onder die opstellers verskil van mening oor die betekenis van die besluit. Dat die vergadering die rapport van die Alg Kommissie dat 'n vakature ontstaan het omdat Professor dr Greyvenstein die leeftydsgrens bereik het, en dat ds AS Geyser as sy opvolger benoem is, aanvaar en goedgekeur het, is vir my 'n bewys dat die vergadering 'n besluit wat hiermee in stryd is, later aanvaar het, alleen omdat die betekenis nie ten volle besef is nie.*

*d.* *Die Christelike Etiek word deur Dr Rautenbach opgeëis, op grond van 'n aanstelling deur die kerk in 1939. Het die eis van professor Rautenbach verval? En indien nie, sal hy nie 'n interdik teen professor Greyvenstein verkry nie?*

*e.* *Professor Greyvenstein sal die benoeming waarskynlik nie aanvaar nie. Op die Algemene Kerkvergadering het hy verklaar dat hy sy amp onmiddellik gaan neerlê omdat hy nie kans sien om langer in so 'n atmosfeer, wat hy beskryf het met woorde wat nagenoeg dit moes aandui as vals en onwaar, kon werk nie. Persoonlik het ek daaruit afgelei dat hy die atmosfeer wat in ons opleiding of in fak A bestaan, as so onuitstaanbaar beskryf het. Dat hy sy voorneme om te bedank nie uitgevoer het nie, het ek toegeskryf aan die feit dat hy gemeen het dat aangesien die datum van sy aftreding naby was, sou hy dit uithou tot dan. Dat hy nou 'n kontinuering in die aftmosfeer hom sal laat welgeval, glo ek nie.*

*f.* *Al die dinge veroorsaak onrus onder die studente wat baie nadelig vir die opleiding is.*
*Op grond van hierdie besware wil ek hiermee beleefd vra dat u u opdrag aan die Kuratorium terugneem, en heroorweeg.*

Van belang is ook A.S. Geyser se protesskrif, wat insae gee in sy selfbeskouing.

*Aangesien daar herhaalde male deur die Voorsitter van die Alg Kommissie 'n verkeerde konstruksie geplaas is op die feit van my swye ten tye van die besprekings i.s. die heraanstelling van professor Greyvenstein, 'n konstruksie as sou ek daarmee die onreg my aangedoen beaam; en aangesien ek op 'n vergadering van die Alg Kommissie in sy sitting by my aan huis op die aand van die 20 Mrt 1946 deur die Voorsitter en ander lede van die Kommissie*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

*verseker is dat hiermee die pogings om vakke van my weg te neem be-eindig is; en aangesien ek aangestel is as opvolger van professor Greyvenstein dws om die vakke te doseer wat hy tot en met 1945 gedoseer het; en aangesien hierdie vergadering vandag in opdrag van die HE Alg Kommissie besluit het om by die HE Kommissie aan te beveel dat prof Greyvenstein aangestel sal word in al die vakke van die prakt teologie en om bepaalde lesings te gee in die vakke Dogm en Xtelike Et; daarom wens ek voor die vergadering protes aan te teken en wel op die volgende gronde:*

a. *Ek is wettiglik deur die Alg Kom op voordrag van die Kuratorium benoem tot opvolger v Professor Greyvenstein. Hierdie besluit is deur die Algemene Kerkvergadering bekragtig. Hierdie opdrag sluit in al die vakke wat professor Greyvenstein doseer het. Bewys daarvoor is dat die Alg Kommissie toe hy my in Augustus 1944 aangestel het, nie alleen gepraat het van 'as opvolger v professor Greyvenstein' nie maar dat hy ook nie voorsiening gemaak het nie in 'n vakature wat dan sou ontstaan het deur gelyktydig iemand te benoem as dosent in Prakt Teol nie. Dieselfde argument geld tov Dogm en Chr Et.*
b. *Die optrede van die Kerk om na hierdie aanstelling vakke wat aan my toegesê is, van my weg te neem, is maar net vir twee uitlegte vatbaar: of die kerk het nie in erns verkeer toe hy my aangestel het nie en dit berou hom nou dvan; of ek het in my doseer van die vakke wat aan my toevertrou is, onbevoegd geblyk, sodat die kerk nou twv die goeie opleiding v ons toekomstige predikante verplig is om bepaalde van die vakke v my terug te neem.*
c. *U maak deur die bekragtiging v hierdie besluit van die Alg Kom my posisie aan die Univ onhoudbaar aangesien dit daar in breë kring as 'n mosie van wantroue geïnterpreteer sal word.*
d. *Professor Greyvenstein kan, na sy uitsprake op die Alg Vergadering en na alles wat plaasgevind het, nie met goeie fatsoen in Afd A van die Teol Fakulteit terugkeer nie.*
e. *Hierdie agitasie wat helaas nie altyd sonder 'n politieke skadukant was nie, het die Fak van bo tot onder geskeur; 'n voldoening van die opdrag van die Alg Kommissie sal hierdie breuk bestendig tot skade v kerk en opleiding.*
f. *Deur hierdie bekragtiging het u gemeen om een kwessie te demp maar u het daardeur tallose nuwes ontketen.*
g. *hierdie opdrag sluit in al die vakke wat professor Greyvenstein doseer het. Bewys daarvoor is dat die Alg kommissie toe hy my in 1946 aangestel het, nie alleen gepraat het van 'as opvolger van professor Greyvenstein' nie*
h. *Ek versoek dat, met die oog op verdere stappe en verder verwikkelinge, hierdie protes van my genotuleer sal word.*

S.P. Engelbrecht se protes was kort: 'I Dit is ultra vires, II Dit benadeel Afdeling A van die Teol Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, III Dit maak die posisie van professor Geyser aan die Universiteit onmoontlik, IV Dit is onuitvoerbaar.' Hy het die volgende dag aan die Rektor 'n afskrif van sy protes vir sy inligting gestuur. Die skriba het op 26 Junie aan Greyvenstein geskryf in verband met sy aanstelling, en ook aan Geyser daarvan kennis gegee.

### 27 Julie 1946

Uiteindelik het die Engelbrecht-Geyser houding sukses behaal. Rautenbach het soos volg aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geskryf:

*Dit het onder my aandag gekom dat dit op die duur vir professor Greyvenstein onmoontlik gemaak is om op 'n wyse wat kan strook met die gewone opvatting van wat eerbaar is, sy loopbaan as professor af te sluit soos dit deur die Algemene Kerkvergadering beplan en in die vooruitsig gestel is. Ek is dit met professor Greyvenstein eens dat al wat vir hom oorbly, is om emeritaat aan te vra. Hierdie hele miserabele geskiedenis kom my voor as 'n smet op die goeie naam van die Kerk. Mens het in die afgelope jaar praktyke aanskou in die Kerk wat geassosieer word met die spel van partypolitiek maar wat vir kerkmense heeltemal onbetaamlik is. Ek vertrou dat die soort dinge in die toekoms sterk teengegaan sal word. Dit is te betreur dat terwyl ons Kerk groot uitwendige bloei deurmaak daar sodanige inwendige swakhede is wat onrusbarend is.*

*Wat betref my benoeming vir die Christelike Etiek – dit het vir my duidelik geword dat die Kerkbestuur ongeneë is om regspraak te beoefen tensy daartoe gedwing. Ek was nooit inderdaad van plan om die dwangmiddels te gebruik nie. Die regsgevoel is 'n gesindheid wat nie afgedwing kan word nie – alleen die skyn daarvan kom deur dwang. Ek bedank as dosent in die teologie vanweë die Hervormde Kerk. Ook bedank ek as lid van die Finansiële Kommissie van die Kerk, as kurator van die Predikante, Weduwee en Wese Pensioenfonds en as lid van die Kerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys. Verder sal ek my bedanking indien as direkteur van Voortrekkertehuis.*

*Ten slotte wil ek herhaal wat ek enige jare gelede reeds verklaar het voor 'n kommissie uit die Algemene Kommissie: Solank as wat die kerkbestuur die oë sluit vir die wanverhoudings en misstande wat in verband staan met die Teologiese Opleiding, versuim dit sy plig. Ek het reeds sedert sestien Julie ll gesterk geraak in die oortuiging dat dit vir my die beste is om eenkant toe te staan.*

In dieselfde vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 16 Junie het ook 'n skrywe van Greyvenstein gedien, gedateer 27 Mei 1946.

*Die HEV rapporteer dat die rektor aan hom gesê het dat hy die Fakulteitsbesluit van 15 Mei nie voor die eerskomende Senaatsvergadering sal lê nie omdat hy eers regsadvies inwin. Die verg besluit om uitvoering te gee aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering tov die benoeming van prof Greyvenstein. Die HE Scriba stem teen en sê hy doen dit onder andere omdat bogenoemde besluit in stryd is met die besluit van die HE Komm wat deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is nl om ds A Geyser te benoem as opvolger van Prof Greyvenstein wat s.i. bedoel dat hy die vakke moet doseer wat Prof Greyvenstein doseer het. Verder word besluit om magtiging aan die Kuratorium te gee om uitvoering te gee aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering i.s. benoeming van Prof Greyvenstein in terme van art 218a en b.*

Die vergadering het besluit op die volgende skrywe aan die Kuratorium:

*Die HE Komm van die HE Algemene Kerkvergadering besluit hiermee in terme van art 218a en b van die Kerkwet en van die besluit van die Algemene Kerkvergadering waarin 'n leeropdrag aan prof Greyvenstein aangebied is, a. om die Kuratorium te magtig Prof Greyvenstein as Prof en of Dosent in die Teologie by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor te dra vir aanstelling en b. om voorstelle te maak aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering mbt die salaris. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wag hier in Pretoria op die voordrag en voorstelle soos hierbo genoem vir verdere behandeling en versoek dus vriendelik spoedige afhandeling van hierdie dringende saak.*

Later in die notule staan :

*Die HEV lees die brief van die Kuratorium re die benoeming van prof Greyvenstein. Die HE Vergadering besluit vervolgens dat Prof Greyvenstein in opdrag van die Algemene Kerkvergadering hierby benoem word as hoogleraar vanweë die Hervormde Kerk met die status van Professor om al die vakke van die Praktiese Teologie te doseer met ingang 1 Augustus '46. Die vergoeding word vasgestel*

*op 15/- per lesing. Verder benoem die HE vergadering die HE Voors en Scriba met die reg van koöptasie om die Rektor van die Universiteit van Pretoria te spreek om uitvoering te gee aan die opdrag van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van Prof Greyvenstein. Ds Vermooten word versoek om die besluit aan prof Greyvenstein mee te deel.*

### 24 September 1946

Dominee Vermooten het in die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerapporteer dat hy nie uitvoering kon gee aan die opdrag om Greyvenstein persoonlik te gaan meedeel van sy benoeming nie, omdat Greyvenstein toe ‘n tyd lank weg van die huis was en hyself later ook op verlof was. Toe hy terugkom, was Greyvenstein se aansoek om emeritaat al ingestuur. Die vergadering het besluit om die emeritaat aan Greyvenstein te verleen en het waardering en dank uitgespreek vir die werk wat Greyvenstein gedoen het vir die Opleiding. Dieselfde vergadering het ook Rautenbach se bedanking as dosent in Christelike Etiek en as lid van verskillende kerklike kommissies behandel.

Wat betref die samespreking tussen die professore om bestaande onaangenaamhede te probeer oplos, ‘deel die HE Scriba mee dat Professor Engelbrecht gesê het die samesprekings is nie gehou nie omdat die moeilikheid nie meer bestaan nie.’ [!!!]

### 11 Desember 1946

Inderdaad het S.P. Engelbrecht aan die Kuratorium gerapporteer dat daar geen moeilikhede onder die professore onderling is nie en dat daar mooi samewerking is. Dit strook nie met die mening van A.S. Geyser wat gepraat het van ‘n skeuring in die fakulteit nie. Die Kuratorium het verder skynbaar rustig voortgegaan met die toekenning van beurse. Studentegetalle het geleidelik vermeerder. Daar was bestendige erosie van getalle, hoofsaaklik vanweë die vereistes ten opsigte van die tale Grieks, Hebreeus en Latyn. Professor Gemser sou met ‘n jaar verlof gaan gedurende 1947, en die vergadering het besluit dat sy lesings waargeneem sal word deur professor Van Selms. Die Dekaan het verder gerapporteer dat Afrikaans I vanaf volgende jaar verpligtend sou wees vir die teologiese studente. ‘n Opdrag van die Algemene Kerkvergadering dat sesdejaarstudente kerkraadsvergaderings, siekebesoek en huisbesoek moet meemaak, kon nog nie uitgevoer word nie.

B.J. Engelbrecht het die BD eksamen met lof geslaag en het in 1947 na Groningen vertrek vir doktorale studie. Die Kuratorium het die wens uitgespreek dat die professore toenadering moet soek tot professor Greyvenstein, en hulle het die gedagte verwelkom en gesê hulle sal dergelike pogings van harte ondersteun.

### 12 Desember 1946

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem die besluit wat voorlopig ‘n einde sou bring aan die Greyvenstein-saak. Die notule lui:

> *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na kennisname van die brief van die Rektor van die Universiteit van Pretoria van 27:11.1946 insake die benoeming van Professor dr Greyvenstein om in sekere leeropdragte tw Dogmatiek en Chr Etiek te doseer - waaruit blyk dat die Regulasies van die Universiteit so ‘n benoeming nie toelaat nie, betreur dit dat die Alg Kom dientengevolge geen uitvoering kan gee aan die besluite van die Algemene Kerkvergadering in Mei 1945.*

Die voorsitter, dominee J.J. Prinsloo Jsn het teen die voorstel gestem met die motivering dat in sy beskouing nie al die nodige stappe geneem is om uitvoering te gee aan die besluite van die Algemene Kerkvergadering nie.

## 1947

### 03 Maart 1947

Die Kuratorium aanvaar ‘n mosie van roubeklag met die dood van professor en mevrou Greyvenstein se seun Karel, wat in ‘n vliegtuigongeluk oorlede is. Die vergadering het verder kennis geneem dat die professore in bysyn van die voorsitter en skriba van die Algemene Kerkvergadering, dominee J.J. Prinsloo Jsn en dominee T.F.J. Dreyer, tot ‘n vergelyk gekom het oor die indeling van vakke. Professor Engelbrecht het Ensiklopedie afgegee aan professor Wolmarans, en Oud-Christelike Letterkunde aan professor Geyser, professor Geyser het Dogmatiek afgegee aan professor Engelbrecht. Preekoefening sou om die beurt deur lede van die Fakulteit waargeneem word en Praktika deur professor Geyser. Oor die verhouding Kommissie van die Algemene Kerkvergadering – Kuratorium – Universiteit is die volgende besluit geformuleer: ‘Na aanleiding van bedenkings wat geuiter word in verband met verlof aan en bedanking van teologiese professore en dosente deur die Universiteit word besluit om ‘n komitee aan te stel om in te gaan op die onderlinge verhouding’. Die komitee sal bestaan uit professor D. Pont, die voorsitter en skriba van die H.E. Algemene Kommissie of hulle sekundi en die voorsitter en skriba van die Kuratorium of hulle sekundi.

### 04 Junie 1947

‘n Buitengewone vergadering van die Kuratorium vind plaas. Dominee E.S. Mulder was afwesig en so ook dominee J.J. Prinsloo wat op besoek aan die gemeentes in Oos-Afrika was. Die vergadering is saamgeroep na aanleiding van die besluit van die Raad van die Universiteit op 29 Mei 1947 om doktor W. Nicol vir die rektorskap van die Universiteit aan te beveel. Die volgende besluite is geneem:

1. *Die Kuratorium het kennis geneem van die feit dat die HE Heer dr W Nicol deur die Raad van die Universiteit as Rektor aanbeveel is.*
2. *Die Kuratorium verklaar hiermee dat hy van oordeel is dat die verkiesing van ‘n rektor ‘n Universiteitsaak is waarmee hy hom nie wil inlaat nie, behalwe wanneer hy oortuig is dat die benoeming die Opleiding van ons Kerk nadelig sal beïnvloed.*
3. *Die Kuratorium is oortuig dat die benoeming van dr W Nicol so ‘n geval is, en verklaar hiermee met die meeste nadruk dat die HE Heer Dr W Nicol as rektor vir ons Kerk se opleiding onaanneemlik is, en wel op die volgende gronde:*
   a. *Na ons mening is dit ‘n ongehoorde saak dat die Moderator van ‘n kerk wat self sy opleiding aan die Universiteit het, as rektor hoof sal word van, en soveel meer seggenskap sal hê oor die opleiding van ‘n ander kerk. Uit die aard van die saak sal sy partydige goedgesindheid teenoor die opleiding van sy eie kerk by die opleiding van die ander kerk met agterdog bejeën word.*
   b. *Die HE Heer Dr W Nicol het by verskillende geleenthede in die verlede uitlatings gemaak en op ander maniere getoon dat hy die Ned Herv Kerk nie goedgesind is nie. Die vrees dat hy ook die opleiding van die Kerk nie goedgesind is nie, is daarom nie sonder grond nie.*
4. *Die HE Kuratorium dring daarom by die HE Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarop aan dat hierdie besware deur ‘n deputasie sowel as per skrywe aan sy Hoogedele die Minister van Onderwys onverwyld voorgelê sal word, en dat hy versoek sal word om nie die HE Heer Dr W Nicol aan te stel nie.*

Hierdie optrede het gevolg op ontwikkelings aan die Universiteit wat begin het met ‘n besluit van die Raad van die Universiteit op

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

21 Mei 1947 waar besluit is om twee name, dié van die dienende rektor, professor M.C. Botha, en dié van doktor W. Nicol, wat voorsitter van die Raad was, aan die Senaat deur te stuur met die oog op die rektorskap. Die Senaat het op 21 Mei besluit met 56 teen 29 stemme dat alleen professor M.C. Botha vir hom aanneemlik is as rektor. Die Raad het nietemin op 29 Mei 1947 besluit met 12 stemme teenoor 8, om doktor Nicol by die Minister aan te beveel vir aanstelling. *Die Volkstem* het in ʻn hoofartikel op 30 Mei 1947 die name genoem van die raadslede wat vir Nicol gestem het, en hulle houding aan die Broederbond toegeskryf. Onder hulle was twee lede van die Hervormde Kerk, doktor H.D. van Broekhuizen en meneer De Bruyn. Professor Botha was lid van die Verenigde Party, en die pogings van die Raad om van hom ontslae te raak, het sekerlik ook politieke motiewe gehad.

### 05 Junie 1947

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onder leiding van die vise-voorsitter dominee S. Vermooten staan die professore Engelbrecht, Van Selms en Geyser te woord en besluit om die gevraagde deputasie na die Minister te stuur, bestaande uit die lede van die Kommissie, die Kuratorium en die professore. Dieselfde vergadering het kennis geneem van ʻn skrywe van S.P. Engelbrecht gedateer 28 Mei 1947 waarin hy meedeel dat professor A.I. Malan beweer dat ook dominee J.J. Prinsloo Jsn ten gunste van doktor Nicol as rektor is. Op voorstel van ouderling W.A. van Schalkwyk is besluit om dominee Prinsloo offisieel te vra wat sy standpunt is.

ʻn Deputasie van die Nederduitsch Hervormde Kerk het op 16 Junie die Minister ontmoet in ʻn samespreking wat volgens *Die Volkstem* omtrent ʻn uur geduur het. ʻn Afvaardiging van die Raad het ook die Minister ontmoet en wel op 21 Junie. Die lede van die afvaardiging was H.D. van Broekhuizen, D.C. Malan en B.J. Marais.

Professor S.P. Engelbrecht het in *Die Hervormer* van 20 Junie 1947 geskryf oor die saak en onder andere gesê dat die aanstelling vir die kerk ʻn griewende teleurstelling sal wees. As ou vriend van die Universiteit het die Hervormde Kerk nie verdien dat iemand met die gesindheid van doktor Nicol nou deur die Raad as rektor aangestel word nie.

Op 24 Junie is die beslissing van die Minister aan die Raad van die Universiteit bekend gemaak. Hy het die saak na die Raad terugverwys met die versoek dat die Raad weer sal probeer om eenstemmigheid met die Senaat te verkry. Die Raad het op 26 Junie 1947 ook aandag gegee aan die vertoë van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en het soos volg geantwoord:

> *Die Raad het hoegenaamd geen vrees dat iemand met die ruimheid en persoonlike integriteit van dr Nicol ooit op enige manier van sy posisie ten nadele van ʻn ander kerk misbruik sal maak nie.*

Die Raad het met 11 stemme teen 6 besluit om by sy aanbeveling te bly en het weer ʻn afvaardiging na die Minister benoem. Drie lede van die Raad was by dié geleentheid afwesig, onder hulle dominee J.J. Prinsloo. Die afvaardiging het die Minister ontmoet op 23 Julie. Die Senaat het op ʻn buitengewone vergadering op 06 Augustus 1947 sy vorige besluit bevestig, naamlik dat alleen professor M.C. Botha aanneemlik is as rektor. ʻn Gesamentlike komitee van die Senaat en die Raad het op 12 en 13 Augustus die saak probeer besleg, maar sonder die gewenste resultaat. Die gewenste eenstemmigheid kon nie bereik word nie, en op 19 September berig *Die Volkstem* dat die Minister geweier het om die aanstelling van doktor Nicol goed te keur.

Op 05 November 1947 het ʻn petisie van die Raad voor die Hooggeregshof in Pretoria gedien dat die bepaling in die Statute van die Universiteit dat die benoeming van ʻn rektor onderhewig is aan die goedkeuring van die Minister, ter syde gestel moet word as *ultra vires*. ʻn Teenpetisie is ingedien deur drie Senaatslede, professore H.B. Davel, B.V. Lombard en S.F. Oosthuizen. Die hof het die petisie van die Raad verwerp. Toe het die Raad op 19 November besluit om appel aan te teken, met ʼn meerderheid van 12 teen 9. Op dieselfde vergadering het die Raad met 11 stemme teen 10 besluit om die rektorskap vakant te verklaar van 01 Januarie tot 31 Maart, wat beteken het dat die rektoraat van professor M.C. Botha op 31 Desember tot ʻn einde sou kom. *Die Volkstem* het op 21 November berig dat dominee J.J. Prinsloo ʻna verneem word' met die meerderheid gestem het. Dit het beteken dat hy dan aandadig was daaraan dat die kandidaat van die Senaat uit die wedloop gehaal is.

ʻn Week later, op Woensdag 26 November het *Die Volkstem* se straatplakkaat dit uitgeskree: NAGTELIKE MOTORRIT NA BESTJOEANALAND. Die subopskrif van die voorbladberig was: *Koorsagtige Pogings van Pro-Nicol Seksie om Geledere te Versterk*. Daar is die verhaal vertel wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk groot beroering veroorsaak het.

> *ʻn Nagtelike motorrit oor ʻn afstand van sowat vier honderd myl, ʻn gejaag oor die sandduine van Betsjoeanaland wat die senuwees van motorbestuurder sowel as insittendes bykans op hol gehad het, het deel uitgemaak van die koorsagtige pogings van die pro-Nicol seksie in die Universiteitsraad om al sy moontlike kragte te versamel vir die genoemde Raad wat verlede week Woensdag gehou is.*
> *Besonderhede van hierdie geheimsinnige motortog waarop die deelnemers hulle ooryl en ook ooreis het, het nou eers aan die lig gekom, ondanks die feit dat hard probeer is om dit geheim te hou. Al die koste, moeite en inspanning wat aan so ʻn rit verbonde is, was om ds JJ Prinsloo snr, voorsitter van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk, van sy plaas uit Betsjoeanland betyds in Pretoria te kry vir bywoning van die Universiteitsraad.*
> *Soos bekend, is op hierdie vergadering besluit om ondanks ʻn vorige besluit van die Raad tog appel aan te teken teen die uitspraak van die Transvaalse Hooggeregshof wat ten effekte was dat die Minister van Onderwys die benoeming van ʻn rektor kan veto. Daardie besluit van die Raad is met ʻn meerderheid geneem waaronder ds JJ Prinsloo hom bevind het.*
> *Kort voor die genoemde vergadering van die Universiteitsraad het ds Prinsloo, wat die Hervormde Kerk op die Raad verteenwoordig, hom op sy beesplaas in Bestjoeanaland bevind. By ʻn vorige geleentheid was hy toe die kwessie van die rektorskap ook ter sprake was, op besoek in Kenia.*
> *Na ons uit goeie bron verneem, het die inisiatief van dr CF van der Merwe uitgegaan om ds Prinsloo vir die vergadering van verlede week aanwesig te kry. Dr van der Merwe het in Pretoria-Noord in verbinding getree met ʻn inwoner wat langs ds Prinsloo in Betsjoeanaland ʻn plaas het. Dit blyk nou dat die plan oorspronklik was om ds Prinsloo per vliegtuig na Pretoria te laat kom.*
> *By die inwoner van Pretoria-Noord is verneem of daar in die omgewing van Vryburg ʻn vliegveld is. Hierop kon blykbaar geen afdoende antwoord gegee word nie waarop die inligting verkry is dat op die plaas van die persoon wel verskeie droë panne is waarop ʻn vliegtuig kan neerstryk.*
> *Intussen het die eienaar van die vliegtuig waarmee ds Prinsloo gehaal sou word, kop uitgetrek en dit was derhalwe nodig om ʻn ander plan te beraam. Ons verneem verder dat dr Avril I Malan daarop met die inwoner van Pretoria–Noord in verbinding getree het om te verneem hoe mens van Vryburg na die plaas van ds Prinsloo moes ry. Daardie inligting is verskaf.*

*In die nag om twee-uur het die motorrit 'n aanvang geneem. Verneem word dat aan daardie rit deelgeneem het Professor PV Pistorius (hoogleraar in Grieks aan die Universiteit van Pretoria) en dr Avril Malan. Dit het die motorryers geluk om ds Prinsloo in die hande te kry en hom reeds die Maandag voor die vergadering van die Universiteitsraad in Pretoria te besorg.*
*Die Woensdagaand was ds Prinsloo op die vergadering van die Universiteitsraad aanwesig.*
*Na ons meegedeel word, heers daar in kringe van die Hervormde Kerk aansienlike misnoeë oor die optrede van ds Prinsloo. Daarop word gewys dat die Hervormde Kerk 'n afvaardiging na die Minister van Onderwys gestuur het met die versoek dat ds Nicol se aanstelling as Rektor van die Universiteit nie goedgekeur word nie. Daardie afvaardiging het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Kuratorium en die professore van die Herv Kerk verteenwoordig. Die Minister het ds Nicol se benoeming geveto, onder andere op grond van die beswaar van die Herv Kerk.*
*Daarop is die kwessie aan die hof vir 'n beslissing voorgelê. Nadat die Universiteitsraad op die eerste vergadering na die Hofuitspraak besluit het om nie appel teen die beslissing aan te teken nie, het die daaropvolgende vergadering van die Raad wel besluit om in hoër beroep te gaan.*
*Die meerderheid van die Raad meen dus dat die Minister nie die vetoreg besit nie. Onder daardie meerderheid is ds Prinsloo. Nou word aangevoer dat ds Prinsloo lynreg teen sy Kerk gehandel het, omdat die Herv Kerk se vertoë by die Minister eintlik daarop neergekom het dat die benoeming van ds Nicol geveto moes word.*

As ons die twee berigte van *Die Volkstem* vergelyk, val dit op dat in die berig van 21 November daar duidelik sprake is van twee stemmings in die Raad, een oor die vakantverklaring van die rektorskap en die volgende een oor die appel. Die stemmings was nie dieselfde nie, en daar word uitdruklik berig dat dominee Prinsloo met die meerderheid gestem het in die eerste geval, naamlik die vakantverklaring van die rektorskap. In die sensasionele voorbladberig van die volgende week is die voorstelling dat hy gestem het vir die besluit om appel aan te teken. Daar word in die voorbladberig trouens niks gesê oor die eerste stemming in verband met die vakantverklaring van die rektorskap nie. Daarom wek hierdie koerantberig die suspisie dat dit 'n doelbewuste poging was om dominee Prinsloo by te kom.

### 09 Augustus 1947

Die Fakulteit Afdeling A het intussen skynbaar ongestoord met sy werksaamhede voortgegaan, te oordele aan die amptelike notules. S.P. Engelbrecht, H.P. Wolmarans, A. van Selms en A.S. Geyser is teenwoordig in die Fakulteitsraad. Die regulasies is so aangevul dat Latyn ook as hoofvak geneem kan word en toestemming is verleen dat A.D. Pont MA Grieks saam met BD II mag doen.

### 02 September 1947

Die Fakulteit beveel die permanente aanstelling van A.S. Geyser aan en besluit dat S.P.J.J. van Rensburg die doktorale eksamen slaag. In die jaarverslag is melding gemaak van die aanbiedings wat Gemser ontvang het van Groningen en Utrecht en dat hy albei van die hand gewys het. Sy lesings word waargeneem deur Van Selms, en Geyser verleen hulp met Siries. Verskuiwing van vakke het plaasgevind in dié opsig dat Geyser Oud Christelike Letterkunde, Wolmarans Ensiklopedie en Engelbrecht Dogmatiek doseer.

### 27 September 1947

Professor A. van Selms word bevorder en aanvaar diens as professor in Semitiese Tale.

### 13 November 1947

Die Raad van die Universiteit van Pretoria besluit om die eregraad DD toe te ken aan professore G.M. Pellisier en J.H. Greyvenstein.

### 09 Desember 1947

Die Raad van die Universiteit van Pretoria besluit dat 'n rektorale komitee die pligte van die rektoraat sal waarneem totdat 'n nuwe rektor benoem is, bestaande uit professore B.V. Lombard, S.F. Oosthuizen, H.B. Davel, C.H. Rautenbach en meneer F.J. le Roux.

### 12 Desember 1947

Dominee Prinsloo is terug in die voorsitterstoel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Ná die proponentseksamen waarin J.H. van Staden, H.M.E. Dreyer en W.J. Engelbrecht tot die bediening toegelaat is, het die saak aan die orde gekom waarop almal gewag het. Die notule lees soos volg:

*Aan die orde kom 'n hele aantal briewe van kerkrade en afsonderlike persone in sake die houding van ds JJ Prinsloo op die Raad ivm die benoeming van dr Nicol as rektor van die Universiteit van Pretoria. Briewe het ingekom van die kerkrade van Vereeniging, NW Pretoria, Pretoria- Wes, Potchefstroom, en van die brs G Snyman, AS Snyman, CL Engelbrecht, FW Stone en Pretorius en Visser, en verder 'n skrywe van professor Engelbrecht en 'n uitknipsel en aanplakbiljet van Die Volkstem...*
*Die HE voorsitter vra afskrifte gesertifiseer deur die skriba van al die ingekome stukke. Die HE Voorsitter antwoord hierop dat die skok in die koerantberig nie so erg is nie. Sy persoonlike lyding is niks maar die kerk word hier onder verdenking gebring. Met sy vertrek na Oos-Afrika was daar nog nie sprake van die benoeming van 'n rektor nie. Tydens sy verblyf aldaar het verskillende berigte hom bereik, ook het hy 'n brief ontvang oor 'n bewering dat hy ds Nicol sou steun as rektor. By sy terugkoms het hy probeer vasstel wat die houding van die kerk is. Op 23 Oktober het die Raad vergader by watter geleentheid ds Nicol as rektor voorgestel is. Die uitslag van die stemming was 11-6 ten gunste van ds Nicol. By die geleentheid het hy 'n verkaring gemaak dat hy dieselfde standpunt inneem as die liggaam wat hy verteenwoordig op die Raad. Op 6 November is weer 'n vergadering gehou waarvan hy geen kennis ontvang het nie. Die daaropvolgende vergadering het hy weer bygewoon. Hy kon dit doen omdat hy betyds geleentheid gehad het om terug te kom uit Bechuanaland, deur bemiddeling van professor Malan en Professor Pistorius. Hy was nie bewus daarvan dat die twee here hom kom haal het vir die vergadering nie. Hulle het hom meegedeel van die te houe vergadering, en om seker te maak dat hy teenwoordig is, het hy aan hulle gevra of hy met hulle mag saamgaan na Pretoria. Tot met die Raadsvergadering het hy dan ook by professor Malan tuisgegaan. In sake die besluit van die Raad om te appelleer teen die uitspraak van die Hooggeregshof, wat die Minister van Onderwys in die gelyk gestel het, kan hy op hierdie tydstip nie aan die vergadering meedeel hoedat hy gestem het nie. Dit sou nie billik wees teenoor die ander lede van die Raad nie, daar die stemming geheim is, en bowendien adviseer die regsgeleerdes om dit nie op hierdie tydstip te openbaar nie. Hy wil egter die vergadering verseker dat sy houding in hierdie hele saak nie strydig is met die belange van die kerk nie.*
*Na enige verdere bespreking en vrae besluit die vergadering op voorstel van oudl du Preez dat aangesien daar nou meer informasie voor die vergadering is, dat die gevraagde afskrifte wat die HE Voorsitter sal kry, nie gebruik sal word in 'n eventuele hofsaak nie. Die HE Voorsitter deel verder mee dat die Raad 'n kommissie van vyf benoem het om intussen die werk van die Rektor te doen met bystand van die Registrateur. Hy gee nogmaals die versekering dat hy trou by die kerk staan.*

## 1948

### 08 Januarie 1948

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is weer byeen. Die notule lui:

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

*Ter sprake kom die houding van die HE Voorsitter insake die benoeming van die Rektor van die Universiteit van Pretoria. Die vergadering besluit om aan die kerkrade en broeders wat hulle beklaag het by die Kommissie oor die houding van die voorsitter berig te gee van die besluite van die Kommissie, dog geen verklaring sal in* Die Hervormer *gepubliseer word nie.*

*Besluit: Nav die ingekome briewe waarin beswaar gemaak word teen die houding van die HE Voorsitter in bogenoemde saak besluit die vergadering om daarop as volg te antwoord: Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het grondig op die saak ingegaan en bevind dat die voorsitter trou by die kerk staan en die besluite van die Alg Kommissie uitgevoer het. Die vergadering het geen rede om die trou en integriteit van die Voorsitter in twyfel te trek nie op die volgende gronde:*

1. *Sy gehegtheid en trou aan die Hervormde Kerk soos nog altyd geblyk het uit sy optrede in die verlede.*
2. *Sy verklaring op 23 Oktober in die vergadering van die Raad van die Universiteit van Pretoria 'Ek bedank die Raad vir die verlof van afwesigheid van vergaderings gedurende die afgelope sewe maande. Toe ek hier terugkom het ek gevind dat ek voor voldonge feite geplaas is: Die Senaat het 'n standpunt ingeneem, die Raad het 'n standpunt ingeneem, en die Liggaam wat ek verteenwoordig het 'n ander standpunt ingeneem, en vanaand by die uitbring van my stem het ek my laat lei deur die standpunt wat ingeneem is deur die Liggaam wat ek verteenwoordig.'*
3. *Sy verklaring op 8 Januarie voor die Alg Kommissie 'My persoonlike standpunt is dat die Raad nie daartoe behoort oor te gaan om te apelleer nie omdat 1. ingeval die appel slaag die moontlikheid geskep word dat daar weer pogings aangewend word om ds W Nicol tot Rektor te benoem, 2. hierby wil ek nog voeg dat ek dit vanuit die Ned Hervormde standpunt onwenslik ag dat met die appelsaak aangegaan word omdat (a) 'n geslaagde appel juis dit moontlik sou maak waarteen die kerk beswaar het; (b )aangesien 'n uitspraak van die appèlhof ook nie finale uitsluitsel gee nie, omdat appel na die Geheime Raad ook nog 'n moontlikheid bly. Ook in hierdie geval, netsoos deurgaans die geval was gedurende my dienstyd as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk, vereenselwig ek my ten volle met die goeie standpunt, beleid en besluite van die Nederduitsch Hervormde Kerk.'*

Dominee Prinsloo het verder ook nog voorgestel dat die Kommissie die Raad van die Universiteit van Pretoria versoek om sy besluit oor die appel te herroep. Die Kommissie het egter geoordeel dat die kerk gedoen het wat hy behoort te doen en het nie die voorstel aanvaar nie.

Daarna het die vise-voorsitter, dominee Vermooten, gesê ook sy houding is verdag gemaak.

*Professor Geyser het hom gebel toe die benoeming van Nicol ter sprake was en hom gevra om die Moderamen saam te roep om die saak te bespreek. Hy het nie met die versoek ingestem nie om die volgende redes:*

1. *Dit is takties verkeerd om te agiteer teen 'n benoeming voordat dit nog gemaak is*
2. *Daar is altyd beweer dat die kerk moet wegbly van die terrein van die Universiteit*
3. *Dit kon moontlik beskou word as politieke inmenging*
4. *Die moderamen het geen status nie.*

*Die volgende stap was dat die Kuratorium opgeroep is. Die Kuratorium het die hele saak na die Alg Kommissie verwys. Dit het vervolgens voor die Kommissie gedien en hy het geen beswaar gemaak dat 'n deputasie die Minister sou ontmoet nie.*

**15 Maart 1948**

Die Raad van die Universiteit van Pretoria besluit om die name van professore C.H. Rautenbach en W.F.J. Steenkamp na die senaat deur te stuur vir advies oor die rektorskap. Die Senaat het op 17 Maart met 45 teen 42 stemme voorkeur uitgespreek vir professor Steenkamp.

**23 Maart 1948**

Die Raad besluit met 13 stemme teen 8 om professor C.H. Rautenbach by die Minister voor te dra vir benoeming as rektor.

**24 Maart 1948**

Die saak van die houding van die voorsitter oor die rektorskwessie is weer ter sprake in die sitting van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hierdie keer het dit gegaan oor die vraag of daar tog in *Die Hervormer* 'n verklaring geplaas moes word. Die vise-skriba, dominee E.S. Mulder, het 'n stuk opgestel en die vergadering het besluit om dit te publiseer, maar toe die voorsitter daarteen beswaar maak, is die besluit teruggetrek en is 'n kommissie bestaande uit die skriba en oudll Visagie en Visser opgedra om 'n stuk op te stel.

In hierdie vergadering is ook 'n onderhoud gevoer met professore Gemser en Geyser wat hulp gesoek het vir die administrasie en onderhoud van die *Hervormde Teologiese Studies* wat toe reeds in sy vierde jaargang was. 'n Kommissie is benoem bestaande uit die redaksie tesame met dominee Vermooten, dominee Oosthuizen en professor De Loor om ondersoek te doen en aan die Algemene Kerkvergadering te rapporteer.

Van die Predikantevergadering is 'n rapport ontvang oor die verhouding tussen professor Greyvenstein en Rautenbach enersyds en professor Engelbrecht andersyds. Die voorsitter het daarby gevoeg die bewering dat die verhouding tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium aan die een kant en professor Greyvenstein en Rautenbach aan die ander kant ook nie reg is nie. Die voorsitter en skriba is toe benoem om met die professore oor die probleem te handel, en die Kuratorium is gevra of hulle wil meedoen daaraan.

Op hierdie vergadering is ook deur die voorsitter gerapporteer dat professor C.H. Rautenbach die vorige aand as rektor van die Universiteit van Pretoria deur die Raad aanbeveel is met 13 stemme teen 8. Die vergadering het hom gelukgewens, en tipies het die skriba by die gelukwense nog bygevoeg:

> *Waar u ons kerk van naby ken omdat u een van ons is, ook in sy swakhede en tekortkominge, weet ons dat die belange van ons kerk in u hande veilig is, derhalwe kan ons die toekoms met vertroue tegemoet sien.*

**04 Mei 1948**

Dit val op dat in die notules van die Fakulteit Afdeling A daar nie melding gemaak word van Rautenbach se aanstelling nie. Die Afdeling het besluit om nie oor te gaan na die Nuwe Letteregebou nie.

**11 Mei 1948**

Die 49ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Dominee A.J.G. Oosthuizen is verkies as voorsitter, dominee J.J. Prinsloo Jsn as vise-voorsitter, dominee T.F.J. Dreyer as skriba en dominee E.S. Mulder as vise-skriba. Die openingsrede is nie soos gebruiklik gelewer deur die uittredende voorsitter, dominee Prinsloo, nie, maar op sy versoek deur die uittredende vise-voorsitter, dominee Vermooten. Die rede daarvoor was waarskynlik dat dominee

Article #925 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Prinsloo vantevore al vermoed het dat hy dit moeilik sou vind om die rede te lewer. Hy is uitgestem uit die voorsitterskap na 'n hewige veldtog teen hom omdat hy die kandidatuur van dominee Nicol vir die rektorskap van die Universiteit van Pretoria sou gesteun het. [Daar het 'n foto in die koerant verskyn waar professor S.P. Engelbrecht voor ouderling W.A. van Schalkwyk van Trichardtsfontein staan en hom aan sy onderbaadjieknoop vat. Oom Willem het later vir my gesê professor Engelbrecht was toe besig om vir hom te sê: 'Oom Willem, as ds Prinsloo weer voorsitter word, is dit klaar met die Hervormde Kerk.' Oom Willem het daar bygevoeg dat in 1937 professor Engelbrecht presies op dieselfde manier vir hom gesê het: 'As ds Brandt weer voorsitter word, is dit klaar met die Hervormde Kerk.']

Dominee Oosthuizen het in 1945 nie lidmaatskap van die Moderamen gehaal nie, en nou, in 1948, is hy verkies as voorsitter. Dominee Prinsloo Jsn is egter wel verkies as vise-voorsitter, wat kan aandui dat hy steeds baie steun geniet het. Die vergadering het 'n lang bespreking agter geslote deure gevoer oor die verslag van die Kommissie oor die houding van dominee Prinsloo in verband met die rektorskwessie, en uiteindelik besluit:

> *Hierdie HE Algemene Kerkvergadering keur die verslag van die HE Alg Kommissie goed, aanvaar die verklaring van Ds Prinsloo en spreek andermaal dit as sy oortuiging uit dat hy die goeie trou van Ds Prinsloo nie in die minste in twyfel trek nie, ewe min as die goeie trou van enige ander lid van hierdie HE vergadering, Die vergadering is innig dankbaar vir die goeie dienste wat Ds Prinsloo aan die kerk bewys het en spreek die hoop uit dat hy die Kerk nog lank mag dien.*

'n Paar broeders het teengestem.

Na aanleiding van die verslag van die Kuratorium het die vergadering die volgende onbestrede mosie van dominee L.M. le Roux, ouderling J.P. Prinsloo en dominee J.J. Prinsloo Jsn aanvaar:

> *Waar, ivm die besluit van die vorige Algemene Kerkvergadering ivm 'n leeropdrag aan professor Greyvenstein, aan die persoon van professor Greyvenstein moontlike leed aangedoen is, daar wil hierdie HE Vergadering sy innige spyt daaroor aan professor Greyvenstein bring.*

Professor Gemser het sy blydskap uitgespreek oor die eenparige besluit en die hoop uitgespreek dat dit daartoe mag bydra dat professor Greyvenstein weer in ons kerk gelukkig sal voel. Gemser en ander is benoem om dié besluit aan Greyvenstein oor te dra. Hy het terug gerapporteer dat die woordjie 'moontlik' by Greyvenstein 'n vraag gewek het of die vergadering bewus was dat hom wel leed aangedoen is. Die woord is daarom geskrap.

Op Donderdag 20 Mei het professor A.S. Geyser kort na die opening gevra vir 'n afwyking van die gewone program. Hy het gepraat oor die saak van professor Greyvenstein en die hoop uitgespreek

> *dat daar 'n end mag kom aan persoonlike vetes. Hy hoop dat die vergadering nie hiermee voortgaan nie. Hy wil 'n beroep doen op die broeders en ds JJ Prinsloo Jsn om die dinge te staak en af te sien van die kwessies wat voortkom uit die dokumente van die argief. Die H.E. Voors* [dominee Prinsloo, wat in afwesigheid van dominee Oosthuizen as voorsitter opgetree het] *sê dat hy seker is dat die vergadering dit betreur dat Professor Geyser sulke beskuldigings hier maak. Dit gaan nie om persoonlike kwessies nie maar om anonieme dokumente wat in die Argief te lande gekom het en wat die vergadering sal hoor... Die anonieme dokumente in die Argief word later gebruik in die geskiedskrywing. Die vergadering moet sê of die dokumente daarin gelaat moet word en of dit uitgeneem moet word... Ouderling Schutte sê dat hy teleurgestel is met die gees van die vergadering. Hy sê hy neem die voorsitter kwalik dat hy nie met professor Engelbrecht die sake persoonlik uitgemaak het nie. Die H.E. Voors sê hy het dit gedoen... die 2 betrokke stukke is:*
>
> *Die geskiedenis van die Uitgawe van die Brosjure van Professor H.P. Wolmarans getitel 'Die Kommunisme en die Vakunies' en die ongetekende brief van professor Engelbrecht. Dominee J.J. Prinsloo Gsn sê ons moet die dokumente 'stukkend skeur'. Ouderling Eksteen maak daarteen ernstig beswaar. Professor Gemser sê dat hy 'nie teenwoordig sal wees in die vergadering as professor Greyvenstein kom nie, tensy Professor Engelbrecht ook teenwoordig is'. Die H.E. Ag Voors vra verlof van die vergadering om saam met ouderlinge Schutte en J.P. Prinsloo, profssor Engelbrecht vriendelik te vra om in die vergadering te kom. Hulle verlaat die vergadering. Dominee J. Dreyer sê dat hy 'wil aansluit by die woorde wat ds Huyzers gelees het en 'n beroep doen op die vergadering om vergewensgesind te wees en ophou om agterdog te saai'. Professor Engelbrecht kom in die vergadering.*

[Volgens oorlewering was dit die keer toe dominee Prinsloo vir professor Engelbrecht buite gekry het, handeswaaiend en beskuldigend: 'Ds Prinsloo, jy rol altyd klippe in my pad!' Ds Prinsloo sou dan telkens een van die gruisklippies wat daar gelê het, voor die professor geskop het en gesê het: 'Professor Engelbrecht, ek het nog nie so 'n klippie in u pad gerol nie'. En so het hy aangehou totdat Engelbrecht gesê het: 'Nou toemaar, ek sal terugkom!']

Greyvenstein het kort daarna in die vergadering verskyn en is verwelkom deur dominee J.J. Prinsloo Jsn wat as voorsitter ageer het. Die notule lees verder soos volg:

> *Professor Gemser spreek die vergadering toe. Hy spreek namens die hele vergadering die blydskap uit dat professor Greyvenstein weer in die kring van die kerk teenwoordig is. Daar het sedert die laaste Algemene Kerkvergadering dinge gebeur wat vir professor Greyvenstein swaar was om te dra. Ons wil ons hartlike leedwese uitspreek teenoor professor Greyvenstein en ons meegevoel betuig met hom met die swaar dinge wat hy deurgegaan het. Ons wil ons hoogagting en waardering utspreek vir wat hy gedoen het vir die Opleiding in die kerk. Ons wil ons hoogagting uitspreek vir die adel van sy persoonlikheid. Mag die dinge wat verdriet veroorsaak het verlede en vergete wees. Die hele kerk staan met simpatie en hoogagting teenoor professor Greyvenstein. Mag die afgevaardigdes as hulle teruggaan in hulle gemeentes werk vir die herstel van die vrede van Jerusalem.*
> *Professor Greyvenstein neem die woord. Hy spreek sy vreugde uit dat hy vanmôre weer in die vergadering mag wees. Hy is dankbaar vir die vriendelike woorde van professor Gemser. Hy wil nie teruggaan op die verlede nie. Hy sê die kerk kan alleen 'n eenheid hê wat gegrond is op waarheid en geregtigheid teenoor God en mense. Hiertoe moet ons almal saamwerk. Hy dank die vergadering vir die manier waarop hulle hom vanmôre in die vergadering verwelkom het.*

Later het die Kommissie opdrag ontvang om 'n gepaste afskeidsfunksie vir professor Greyvenstein te reël. Die vergadering het besluit om professor Greyvenstein geluk te wens met die eredoktorsgraad wat deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken is. [Die voordrag op die gradeplegtigheid is gedoen deur die dekaan van Afdeling B, terwyl die dekaan van Afdeling A die voordrag gedoen het vir 'n soortgelyke toekenning aan professor Pellisier].

Die vergadering het besluit dat die anonieme stukke in die Argief saam met alle afskrifte daarvan vernietig moet word. Op dié stadium het die voorsitter, dominee Oosthuizen, weer in die

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

vergadering gekom. Die notule lees verder:

> *Oudl Reyneke spreek die blydskap uit dat ons mag hoop dat die dinge nou reg sal kom. Ds SJ Strydom sê dat mens nie moet weghol as dit begin storm nie, dit is lafhartigheid. Professor Geyser sê dat hy sy dank wil betuig teenoor die vergadering, teenoor ds Prinsloo, ds Kemp ea vir hulle houding in hierdie saak. Die HE Visevoors sê dat hy dankbaar is dat Professor Engelbrecht ingewillig het om weer in die vergadering te kom. Ds PJJ Venter spreek die dank en waardering uit teenoor verskillende persone wat in hierdie saak gewerk het, onder andere ds Janson, oudl Prinsloo, professor Gemser.*

In die bespreking oor die verslag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor professor Greyvenstein het professor Wolmarans hom sterk uitgespreek. Hy het onder andere gesê:

> *Dit blyk dat in die Alg Kommissie nie die wil was om die Alg Vergadering se besluit uit te voer nie. Hulle was nooit by die Raad nie. .. Daar was van die begin af verset teen die betrokke besluit van die kerk – ook in die Kuratorium. Toe die Kuratorium opdrag gekry het van die Alg Kommissie om Professor Greyvenstein voor te dra, het daar selfs proteste ingekom – een van ds Oosthuizen, voorsitter van die Kuratorium. Professor Engelbrecht het ook 'n protes ingehandig – ook deur Dr Geyser. .. Die professor sê dit is nie reg dat uitvoerende 'beamptes' of liggame so moet handel tov besluite van die hoogste vergadering van die kerk nie. Professor Greyvenstein is veronreg – soos nog niemand anders deur die kerk veronreg is nie.*

Professor S.P. Engelbrecht het weer probeer om sy optrede te regverdig en het herhaal dat Geyser aangestel is as opvolger van Greyvenstein, en dat dit beteken in al die vakke wat Greyvenstein gedoseer het.

Die vergadering het die saak afgesluit met 'n besluit om die rapport van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan te neem, en om nie verder onderhandelinge aan te knoop ten einde uitvoering te gee aan die besluit van 1945 se Algemene Vergadering nie. Dominee J.J. Prinsloo Jsn het sy teenstem laat aanteken. Hy het daarin onder andere verklaar:

> *As lid en voorsitter van die afgetrede HE Alg Kommissie is my nie eers een keer die gevraagde geleentheid gegun om – behalwe op versoek die voorlees van enkele stukke – slegs een woord te mag spreek nie... Ek het nie die geleentheid gehad om in hierdie hoogsernstige saak my plig te doen en aan Professor Greyvenstein in sy afwesigheid reg te laat geskied nie...Op dié oneervolle wyse is Professor Greyvenstein uit sy werkkring en leerstoel en kerklike vergaderings sonder 'n formele afskeid, sonder 'n afskeidswoord, of selfs 'n afskeidsgroet of vaarwel.*

Die vergadering het kennis geneem dat die Visser-familie van Klerksdorp en Ventersdorp die Jan Boomplaas Visser Studiefonds gestig het en jaarliks £200 in die fonds sal stort. Later in die vergadering het ouderling H.M.P. Visser gesê daar is reeds £200 in die fonds en dit sal jaarliks met £100 vermeerder word. Ook die gemeente Losberg het so 'n fonds gestig, waarvan ouderling Schutte die eerste £100 gestort het.

Die probleem van lang uitstaande studieskuld is bespreek by behandeling van die rapport van die Administrateur en die Finansiële Kommissie. Studente wat studie gestaak het, het slegs by uitsondering afbetalings gedoen, en daar was nog etlike predikante wat in gebreke gebly het. Daar was beswaar dat in 'n omsendbrief met sensuur gedreig is indien die betrokkenes nie begin betaal nie.

Hierdie vergadering het uiteindelik tot 'n beslissing gekom oor pensioen vir die professore. Die besluit was:

> *met die oog daarop dat die Teologiese Professore reeds insake Pensioene voor gesorg word deur die Universiteit, hulle nie sal deel in die pensioenskema wat vir die predikante, weduwees en wese daargestel is nie. Indien daar egter professore is of mag kom wat as predikante diens gedoen het vir die minimum tydperk waarvoor in die Pensioenfond Reglement voorsiening gemaak is om 'n pensioen te kry, sodanige professore hulle pensioene sal ontvang.*

As lede van die Kuratorium is verkies professore B. de Loor, J.H. Greyvenstein, dominees J.G.M. Dreyer, S. Vermooten, E.S. Mulder, J.J. Prinsloo Jsn en D.F. Erasmus.

**01 Junie 1948**

Die Fakulteit keur goed dat die lesings in Godsdiensgeskiedenis tydens Wolmarans se verlof deur Van Selms waargeneem sal word.

**05 Augustus 1948**

Die Kuratorium vergader. As voorsitter is verkies professor Greyvenstein, as vise-voorsitter dominee J.G.M. Dreyer en as skriba professor B. de Loor. Naas ander toekennings van beurse is aan J.A.A.A. Stoop £100 per jaar vir twee jaar toegestaan vir verdere studie in Nederland. Oor die prediking deur finalejaarstudente is die volgende besluite geneem:

a. *Die proefpreek sal volgens art 227(e) van die Kerkwet gehou word gedurende die maande Augustus-September*
b. *Die studente sal na die proefpreek en voor die aflê van die BD eksamen geen reg hê om te preek of godsdiensoefeninge te lei nie*
c. *Die reg tot preek en die leiding van 'n godsdiensoefening word gegee na die aflegging van die BD eksamen en voor die aflegging van die proponentseksamen*
d. *Geen openbare preekoefeninge sal voor die aflê van die BD eksamen toegelaat word nie*
e. *Dit word aanbeveel dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die proponentseksamen vanaf die einde van Februarie volgende op die aflê van die BD eksamen in die daaraan voorgaande Desembermaand sal afneem*
f. *Hierdie veranderings tree in werking vanaf begin 1949.*

**02 September 1948**

Op 'n buitengewone vergadering van die Kuratorium is twee gevalle van studente onder die opsig en tug gehanteer. Albei is verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Verder het die Kuratorium 'n studielening van £100 per jaar vir twee jaar voortgesette studie in Nederland aan P.J.T. Koekemoer toegeken.

Twee verdere buitengewone vergaderings is gehou in verband met een van die studente, op 29 September en 26 Oktober 1948. Op laasgenoemde vergadering is ook 'n beurslening toegestaan aan H.M.J. Kramer van Vlaardingen, Nederland vir die sesde jaar BD studie aan die Universiteit van Pretoria. Op 15 November is die studentegeval finaal behandel en is ook kennis geneem dat professor Wolmarans vyf maande verlof toegestaan is. Die afskeidsfunksie vir Professor Greyvenstein het plaasgevind op dieselfde dag, 15 November 1948.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes ondertussen handel oor gebeure in die gemeente Pretoria waarby professor A.S. Geyser betrokke was. Professor Geyser is op 08 Maart 1947 genomineer as ouderling vir die wyk Universiteitskoshuise en Normaalkoleggetehuise. Die paaslike leraar, dominee Vermooten het verlof ontvang vanaf begin Julie tot middel Augustus en daar is gereel dat doktor J.H.J.A. Geyvenstein die dienste tydens die

Article #925 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

afwesigheid sou waarneem. Professor Geyser is benoem op die kommissie vir die reëling van die eeufees van die gemeente.

**07 September 1948**

Afdeling A het weer vir S.P. Engelbrecht as dekaan genomineer. Hy is gelukgewens met sy verkiesing as lid van die *Hollandsche Maatschappij van Wetenschappen* en Gemser met sy lidmaatskap van die *Utrechtse Genootschap van Wetenschappen*. Die jaarverslag het ook gemeld dat Van Selms benoem is as korrespondent van die *Koninklike Nederlandse Akademie van Wetenschappen*.

**13 September 1948**

Op die vergadering van die kerkraad van Pretoria wat in afwesigheid van ds Vermooten gelei is deur professor B. de Loor, het Geyser die saak van'n studentekerk gestel. Na 'n uitvoerige uiteensetting deur Geyser was verskillende kerkraadslede beswaard dat die skema eers aan die kerkraad bekend gestel is nadat dit by ander instansies bespreek is, veral omdat die voorgestelde kapel op gronde van die gemeente en onder sy finansiële beskerming moes staan. Die kerkraad het op die ou einde 'n kommissie benoem om op die saak in te gaan. Hierdie was egter maar net een van die sake waaroor Geyser hom in die gemeente bemoei het. Die notules van die Kerkraad van Pretoria oor die tydperk 1947–1948 laat blyk dat Geyser 'n aktiwistiese rol gespeel het oor 'n verskeidenheid van sake, en veral in verdagmaking teen ds Vermooten. Nadat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering klagte en getuienis aangehoor het, het hy besluit dat broeder Engelmohr moet bedank as skriba-kassier en S.J. Botha en A.S. Geyser as ouderlinge. Uiteindelik het hierdie gebeure gelei tot 'n skeuring in die kerkraad en tot die aanname van 'n beroep na Pretoria-Noord deur dominee Vermooten.

**08 Oktober 1948**

Volgens 'n skrywe aan donateurs in verband met die Raadsverkiesing van die Universiteit van Pretoria was een van die geomineerdes doktor W. Nicol (as raadslid) en is daar gestel dat min mense in die land meer geskik is vir so 'n pos. Donateurs is in hierdie skrywe aangemoedig om hulle stemme uit te bring. Onder die skrywe verskyn die name van elf dosente, waaronder drie lede van die Nederduitsch Hervormde Kerk, L.I. Coertze, H.M. van der Westhuizen en H.P. Wolmarans.

## 1949

**19 Januarie 1949**

Kennis is in die vergadering van die Kuratorium geneem van 'n besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor proefpreke na aanleiding van die voorstelle van die Kuratorium. Bepaal is dat proefpreke sal plaasvind in Augustus - September en dat studente daarna preekvergunning het, voor en na die BD eksamen maar nie tydens die eksamen nie. Professor Gemser het verslag gedoen oor sy studiewerk tydens sy jaar van verlof. Eksamenuitslae is behandel en beurse toegestaan. Opvallend is dat daar vyf hereksamens in NT Eksegese was.

J.A.A. Stoop het sy BD graad met lof geslaag. Die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die vergadering bygewoon vir bespreking van 'n versoek van die Kommissie oor Grieks III as verpligte vak. Die vergadering het na bespreking die saak na die professore verwys vir 'n memorandum oor die vakkeuses. Die vergadering het verder sy teleurstelling uitgespreek oor die onvoldoende kennis van die Dogmatiek op die onlangse proponentseksamen. Daar is besluit om in beginsel in te gaan op die moontlikheid van 'n vyfde professoraat vir Dogmatiek. Professor S.P. Engelbrecht het dit vertolk as 'n mosie van wantroue, en dominee J.G.M. Dreyer het verduidelik dat dit nie so bedoel was nie.

Hierdie vergadering het kennis geneem van,

> *verskillende verklarings oor die lewenshouding van 'n student en het besluit om aan hom geen beurs meer toe te staan nie en by die Kommissie aan te beveel om hom nie meer as student van die Kerk te erken nie.* En dit sonder om hom te hoor! [In hierdie verband is dit nodig om die verhaal uit eie belewenis verder toe te lig. Ek (skrywer hiervan) het pas by my ouerhuis aangekom toe ek ontbied is deur dominee J.J. Prinsloo Jsn, ons predikant op Trichardtsfontein en lid van die Kuratorium. Ek is uitgevra oor die uitslag van die ekamen en die hereksamen in NT Eksegese wat ek moes doen saam met vier ander, onder andere ook die betrokke studentemaat. Nadat ek my mening gegee het oor die onbillikheid van die hereksamen, het dominee Prinsloo verder gegaan: Ken jy die persoon? Hoe is sy houding teenoor die professore? Hoe 'n soort mens is hy? Ek het probeer verduidelik dat hy soms wel uitgesproke is teenoor professore maar dat hy nie verdien het om so behandel te word nie. Die uiteinde was dat hy verskoning moes vra vir sy verkeerde optrede maar dat sy skorsing as student op die volgende vergadering teruggetrek is, danksy dominee Prinsloo, alhoewel sy aandeel gladnie vermeld is in die notule nie.]

Dieselfde vergadering het ook gehandel oor die vraag of Sendingwetenskap gedoseer moet word, en het dit na die Professore verwys vir rapport.

**01 Maart 1949**

Die Kuratorium neem kennis dat B.J. Engelbrecht die doktoraaleksamen in Groningen met lof geslaag het en kry gunstige berig oor die studie van J.A.A.A. Stoop in Leiden en P.J.T. Koekemoer in Utrecht, en verneem verder dat professor E. MacMillan se weduwee sy boekery aan die biblioteek van die Universiteit van Pretoria geskenk het om gevoeg te word by die boekery van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Fakulteit Afdeling A het op dieselfde dag, blykbaar die oggend, vir A.S. Geyser benoem as promotor vir die proefskrif van S.P.J.J. van Rensburg en vir Gemser en De Zwaan van Utrecht as eksaminatore.

## 1950

**17 Januarie 1950**

Die Kuratorium neem kennis dat dominee S. Vermooten as lid bedank het en dat dominee J.J. Prinsloo Gsn in sy plek benoem is as lid van die Kuratorium. 'n Verdere lening van £100 is toegestaan aan B.J. Engelbrecht vir voltooiing van sy studie. By monde van die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is verneem dat die Universiteit van Pretoria gevra het vir wysiging van die kontrak tussen die Universiteit en die twee kerke om voorsiening te maak vir 'n vyfde professoraat. Die Kuratorium het dit in beginsel goedgekeur en wel vir Dogmatiek en Christelike Etiek. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om nie die vakature dadelik te vul nie maar die vakke te verdeel onder die bestaande professore.

**28 Februarie 1950**

Die Fakulteit Afdeling A keur goed dat Van Selms gedurende die hele 1951 op verlof gaan en A.S. Geyser van Augustus 1951 met studieverlof. Goedgekeur is ook dat S.J. Prins MA lesings in Kultuurgeskiedenis mag volg.

**08 Maart 1950**

Die Kuratorium besluit om die status quo te handhaaf wat betref Grieks III. In sy rapport oor die eksamenuitslae het die dekaan, professor S.P. Engelbrecht, aangedui dat dit hoofsaaklik studente uit Malan-huis is wat gesak het [Malan-huis was 'n anneks van

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

Voortrekkertehuis en was geleë aan Lynnwoodweg waar later die huisvaderswoning gestaan het wat deur professor P.S. Dreyer bewoon is.] .

**17 Mei 1950**
Die Senaat keur die instelling van 'n vyfde professoraat in elk van die twee afdelings van die Fakulteit Teologie goed.

**09 Junie 1950**
Die Fakulteit Afdeling A spreek sy beste wense uit vir die herstel van professor Wolmarans na 'n swaar operasie. Hy het siekteverlof ontvang tot einde September. Die volgende besluit is geneem ná 'n versoek van die studente:

A. *Voortaan sal aan die eksamen van iedere student 'n uitgebreide tentamen voorafgaan, wat deur elke dosent afsonderlik in sy eie vakke afgeneem word. Die resultate van die tentamen sal by die eksamen in aanmerking geneem word. Die eksamen word deur elke kandidaat afsonderlik in een sitting voor die Afdeling afgelê.*
B. *Die tentamen word in die maande Sept en Okt afgeneem.*
C. *Die duur van die eksamen sal gemiddeld 'n kwart-uur per vak wees.*

**13 Junie 1950**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem dominee E.S. Mulder as lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria.

**28 Oktober 1950**
Die Kuratorium handel oor die aansoek van Kalman Papp om as student van die kerk toegelaat te word. Papp was uit 'n Hongaarse predikantegeslag en het na voltooiing van sy teologiesde studie in Hongarye nagraadse studie in Utrecht gedoen. Die Kuratorium het aan hom 'n beurs toegeken. Die vergadering het kennis geneem dat professor A.S. Geyser in 1952 na Holland wil gaan met studieverlof en dat hy daar ook lesings sal gee. Die volgende vergadering, op 18 Januarie 1951, het aan hom 'n beurslening toegeken van £250 vir die studie. Op hierdie vergadering het 'n brief gedien van professor Greyvenstein waarin hy bedank as lid van die Kuratorium. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is versoek om hom te vra om sy bedanking terug te trek. Professor Gemser se 25ste ampsjubileum was op hande en die Kuratorium het besluit om hom 'n bedrag van £300 aan te bied. 'n Skrywe van M.M.J. Basson is ontvang waarin hy beswaar maak teen die gedrag van sekere studente. Dominee Mulder en professor De Loor het opdrag ontvang om daaraan aandag te gee.

## ∽ 1951

**27 Februarie 1951**
Die Fakulteit keur goed dat A.S. Geyser verlof neem van 01 Januarie tot 30 Junie. BD status is toegeken aan rev T. Copeland op grond van MA BD wat hy aan Glasgow verwerf het. P.S. Dreyer is toegelaat tot die doktorale studie.

**08 Maart 1951**
Die 50ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. As voorsitter is verkies dominee A.J.G. Oosthuizen, as vise-voorsitter dominee S. Vermooten, as skriba dominee T.F.J. Dreyer, en as vise-skriba dominee E.S. Mulder. Na besluit om die ledetal van die Kommissie uit te brei, is dominees J.J. Prinsloo Jsn en D.F. Erasmus as predikantlede verkies.

Eksemplare van die *Hervormde Teologiese Studies* wat opgedra is aan professor Gemser by geleentheid van sy 25-jarige ampsjubileum, is deur professor S.P. Engelbrecht oorhandig aan professor Gemser en aan die lede van die Moderamen. Professor Gemser het sy dank uitgespreek teenoor professor S.P. Engelbrecht vir sy vriendelike woorde en vir die prag-uitgawe van die HTS.

> *Hy wys daarop dat die wetenskaplike studie in ons Teologiese Opleiding van die grootste belang is en dat daarvoor 'n mondstuk nodig is, en dit vind ons in hierdie Teologiese Studies. Hy deel mee dat hy ook 'n vriendelike telegram van professor Greyvenstein ontvang het. Dit word hoog waardeer.*

Die *B Gemser Jubileumnommer* van die HTS, 7de jaargang, aflewering II en III, bevat waarderings van dominee A.J.G. Oosthuizen as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, J.G.M. Dreyer as voorsitter van die Kuratorium en professor C.H. Rautenbach as rektor van die Universiteit van Pretoria. Dominee E.S. Mulder het gekryf oor die wetenskaplike betekenis van die werk van professor B. Gemser. Verder is daar artikels van Gemser se groot leermeester Böhl, die Sweedse Ou Testamentikus A. Bentzen, die Hollandse H.W. Obbink, en kollegas aan die Universiteit van Pretoria, S.P. Engelbrecht, D. Pont, A.S. Geyser, A. van Selms, en P.S. Dreyer. 'n Lys van sy publikasies volg daarna, waar naas nege boeke nog sowat 94 wetenskaplike en populêre artikels vermeld word.

Hierdie Algemene Kerkvergadering het 'n nuwe kerkwet behandel in sy drieweke- sitting. Die Reglement vir die Teologiese Opleiding is vervang deur Bepaling vir die Opleiding en Vorming van die Dienaars van die Woord en vir die Teologiese Arbeid. Hier volg 'n uittreksel uit die betrokke artikels:

*Art 1. Die opleiding tot die diens van die Woord in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geskied aan die Universiteit van Pretoria*

*Art 2. Die Kuratorium bestaan uit sewe lede, waarvan minstens vyf predikante is, wat telkens deur die Algemene Kerkvergadering in sy gewone sitting benoem word.*

*Art 5. Die Kuratorium het insonderheid die taak:*
*om na magtiging daartoe deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering professore en ander dosente in die teologie te benoem met dien verstande dat wanneer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die benoeming nie bekragtig nie, verwys hy dit na die Kuratorium terug en wanneer die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geen ooreenstemming bereik nie, sal die benoeming geskied in 'n gesamentlike sitting ... dat alleen persone wat gepromoveer het aan 'n Universiteit wat deur die Kerk erken word, benoem kan word om toesig te hou op die onderwys en die lewenswandel van die professore en ander dosente in die teologie ... om aanbevelings te maak by die Raad van Finansies vir geldelike steun aan studente in die teologie*

*Art 7. Die aansoek om toelating tot die Teologiese Opleiding moet skriftelik by die skriba van die Kuratorium ingedien word; dit moet vergesel wees van*
- *'n doopseel*
- *'n bewys van lidmaatskap van die Kerk*
- *'n bewys van goeie sedelike gedrag, afgegee deur die Kerkraad*
- *'n bewys dat hy aan die vereistes vir toelating tot die universiteit voldoen het*

*Art 15. 'n Professor of ander dosent in die teologie het die status van 'n predikant...*

*Art 16. Professore en ander dosente in die teologie het sitting in die Algemene Kerkvergadering en, met adviserende stem, op die Ringsvergadering en op die Kuratorium, waar hulle voorstelle kan indien*


Article #925 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*Art 17. Besware teen die belydenis en wandel van die professore en ander dosente in die teologie sal ingedien word by die Kuratorium wat daarmee handel volgens die bepalings vir die Opsig en die Tug...*

*Art 18. Die professore en ander dosente in die teologie het insonderheid die taak:*

- *om die studente op te lei*
- *om toesig te hou oor die studie, vordering en lewenswandel van die studente*
- *om die teologiese arbeid van die Kerk te bevorder*
- *om die kerklike liggame van advies te bedien*
- *om vir sover die ander ampspligte dit toelaat Woord en Sakramente te bedien*

*Art 20. As na die oordeel van die vergadering van die professore en ander dosente in die teologie 'n student blyke gee dat hy nie vir die evangeliebediening geskik is nie, sal die vergadering oor die betrokke student 'n rapport by die Kuratorium indien*

*Art 21. Elke student hou gedurende die tweede semester van sy laaste jaar voor die BD eksamen in teenwoordigheid van minstens twee van die professore of ander dosente in die teologie 'n proefpreek ...*

*Art 22. Die bevordering van die teologiese arbeid in die Kerk deur die professore en ander dosente in die teologie geskied onder meer deur*

- *openbare lesings*
- *besprekinge in kerklike liggame*
- *artikels in die kerklike organe ...*
- *afsonderlike publikasies*

*Art 23. Oor alle sake wat die belydenis en die liturgie betref moet die pre-advies van die vergadering van die professore en ander dosente in die teologie deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingewin word.*

Op die Kuratorium is verkies doktor B. de Loor, dominees E.S. Mulder, J.G.M. Dreyer, J.J. Prinsloo Gsn, D.F. Erasmus, J.J. Prinsloo Jsn. Na 'n herstemming tussen ds Vermooten en professor Greyvenstein is ds Vermooten verkies.

**14 Maart 1951**

Die Senaat keur goed dat professor S.P. Engelbecht vanaf omstreeks 15 Junie vier lesings per week sal gee in die Departement Staatsleer tydens die verlof van professor E.F.W. Gey van Pittius.

**17 April 1951**

Die Kuratorium verkies dominee J.G.M. Dreyer as voorsitter, E.S. Mulder as vise-voorsitter en J.J. Prinsloo Gsn as skriba. Op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Kuratorium 'n voordrag gemaak vir die vyfde leerstoel aan die Fakulteit. Met algemene stemme is doktor B.J. Engelbrecht voorgedra.

**Barend Jacobus Engelbrecht** is gebore op 01 Augustus 1923 as oudste seun van Petrus Hendrik Engelbrecht en Lily Beatrice O'Grady. Hy word groot op die plaas Frisgewaagd 337, aan die oostekant van die Suikerbosrant. Hy begin skoolgaan net voordat hy 8 jaar oud was maar voltooi Standerd ses aan die plaasskool op Frisgewaagd binne vier jaar, Standerd 7 en 8 aan die Junior Hoërskool op Nigel, en matrikuleer in 1940 aan Heidelberg Volkskool in die eersteklas met onderskeiding in Boekhou en Handelsrekene. Hy skryf in by die Universiteit van Pretoria in 1941, slaag die BA eksamen in 1943 met lof in drie hoofvakke, naaamlik Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte, en die BD eksamen in 1946 met lof. Die professore het hom aangemoedig om in Holland doktorale studie te gaan doen, en dominee G.P.J. Grobler het dit finansieel vir hom moontlik gemaak. Hy werk tydelik in die gemeente Alberton, tree in Junie 1947 in die huwelik met Rina Botha, en hulle vertrek in die *Carnarvon Castle* vir doktorale studie na Groningen, waar hulle aankom op 27 Augustus 1947 en hy inskryf vir Dogmatiek onder T.H.L. Haitjema, Godsdiensfilosofie en Christelike Etiek onder H. van Oyen, en Fenomenologie onder G. van der Leeuw. In Februarie 1948 lê hy die doktorale eksamen af met lof, en in Desember 1949 promoveer hy met 'n proefskrif *Die Tydsstruktuur in die Gedagtekompleks Hegel – Kierkegaard- Barth.*

J.P. Oberholzer het in die jaar van Engelbrecht se aftrede geskryf:

*Wie met Ben Engelbrecht kennis gemaak het in sy studentetyd, het reeds toe oortuig geraak van sy fenomenale geheue, sy natuurlike aanleg om ingewikkelde sisteme en gedagtestrukture te begryp en in eenvoudige taal weer te gee, en sy nugtere geestesbalans. Sy doktorale proefskrif het getoon watter omvattende en deurdringende wetenskaplike arbeid van hom te wagte sou kon wees.*

Hy word ná sy terugkeer uit Nederland op 18 Februarie 1950 georden as predikant van die gemeente Florida, waar hy arbei tot met die aanvang van sy professoraat in Januarie 1952. Die prediking by sy ordening is waargeneem deur professor B. Gemser na aanleiding van Amos 1:1

**01 Mei 1951**

Die Fakulteit reël dat Gemser die lesings in Nuwe Testamentiese Wetenskap vir BD III sal waarneem, Van Selms vir BD I en II, en B.J. Engelbrecht in Oudchristelike Letterkunde en Christelike Etiek tydens Geyser se afwesigheid in 1952. Besluit is ook om toe te laat dat studente vir M studie kan inskryf vanaf die vyfde jaar en dat hulle nie toegelaat word om in ander fakulteite eksamen te doen tydens die BD studie nie.

**05 Junie 1951**

Die Fakulteit keur die onderwerp vir 'n proefskrif deur P.J.T. Koekemoer goed en wys die professor in Dogmatiek aan as promotor en professor Berkelbach van die Sprenkel as eksaminator naas die lede van die Fakulteit.

**04 September 1951**

Die Fakulteit nomineer weer vir S.P. Engelbrecht as dekaan en keur goed dat C.J. Mans MA Wysbegeerte mag doen.

**11 Oktober 1951**

Die Fakulteit keur die benoeming van B.J. Engelbrecht as professor in Dogmatiek en Christelike Etiek goed. Die Senaat keur dit goed op 24 Oktober 1952.

## ☙ 1952

**04 Januarie 1952**

Die Kuratorium vergader. Professor B.J. Engelbrecht is verwelkom en genade toegebid vir sy taak. By monde van professor S.P. Engelbrecht is verneem dat professor Geyser 'n goeie indruk maak met die lesings wat hy in Utrecht gee. Professor Van Selms is bedank vir sy besluit om nie 'n benoeming in Groningen as opvolger van Van der Leeuw te aanvaar nie. Die Kuratorium het op hierdie vergadering besluit om die lenings aan studente te verhoog na £60 in die eerste jaar en £70 in die volgende jare. 'n Verdere lening van £100 aan J.A.A. Stoop is ook goedgekeur.

**26 Februarie 1952**

B.J. Engelbrecht woon sy eerste fakulteitsvergadering by. Verlof is toegestaan aan B. Gemser vir die tweede helfte van 1953, en besluit is dat Van Selms sy lesings sal waarneem.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #925

**16 April 1952**
Die Kuratorium behandel aansoeke van twee Hollandse studente om hulle studie aan die Universiteit van Pretoria te voltooi en dan in die Nederduitsch Hervormde Kerk beroepbaar gestel te word. Daar is besluit om eers oor hulle navraag te doen. Professor Gemser het ook weer voorgelees uit 'n brief wat hy uit Holland ontvang het oor die waardering vir die lesings van professor A.S. Geyser.

**18 Junie 1952**
Die Senaat keur goed dat C.J. Smit en C.J. Mans MA Wysbegeerte en C.J. Labuschagne MA Semitiese Tale doen saam met BD.

**05 Augustus 1952**
Die Fakulteit wens vir A.S. Geyer geluk met sy benoeming as lid van die *Provinciaal Utrechts Genootschap*.

**20 Augustus 1952**
Die Kuratorium neem kennis dat J.A.A.A. Stoop met lof gepromoveer het in Leiden en neem sy proefskrif in ontvangs. Na stemming is besluit om die Hollandse studente J.A. Don en J.F. Stutterheim toe te laat as studente van die Kerk.

**08 Desember 1952**
Die Kuratorium besluit om in beginsel 'n studielening toe te staan aan dominees E.S. Mulder, F.J. van Zyl en L.M. le Roux vir doktorale studie.

## ∽ 1953

**24 Februarie 1953**
Die Fakulteit keur goed dat dominees P.G. Geertsema, F.J. van Zyl en G.P.J. Grobler inskryf vir DD.

**16 Maart 1953**
Die derde uitgawe van S.P. Engelbrecht se *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* verskyn.

**28 April 1953**
Die Fakulteit keur die aansoek van dominee C.J. Mans goed om vir DD in te skryf

**07–09 Augustus 1953**
Die 50ste Algemene Kerkvergadering hou sy buitengewone feessitting te Rustenburg ter herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering in 1853. Daar is nie 'n notule van hierdie sitting bewaar nie, maar *Die Hervormer* het in 'n feesuitgawe September 1953 breedvoerig verslag gedoen van die gebeure. Die openingsrede op Vrydag 07 Augustus om 11:00 deur dominee A.J.G. Oosthuizen is volledig daarin opgeneem. Persoonlike boodskappe is gelewer deur advokaat J.G. Strydom namens die regering en Baron van Lynden namens koningin Juliana van die Nederlande. Ander boodskappe wat ontvang is, was van die Eerste Minister, doktor D.F. Malan, die leier van die Opposisie, advokaat J.G.N. Strauss, die Administrateur van Transvaal, doktor W. Nicol, die Burgemeester van Rustenburg, doktor J.D. Verster, en die rektor van die Universiteit van Pretoria, professor C.H. Rautenbach. Kerklike boodskappe is ontvang van die Nederlandse Hervormde Kerk, die Metodistekerk van Suid-Afrika, die Duitse Evangeliese Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Anglikaanse kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk. Doktor K.H.E. Gravemeyer het ook 'n boodskap gestuur, en so ook die predikante en predikantsvroue wat in Nederland op besoek was of vir studie.

'n Vergadering van ouderlinge onder voorsitterskap van doktor P.S. Dreyer op Vrydagmiddag is toegespreek deur professor A. van Selms oor kerkbou. Op die vergadering van diakens het professor B.J. Engelbrecht oor die oorsprong en instelling van die diakenamp gehandel, en dominee F.J. van Zyl oor kerkuitbreiding. Die NHSV het die Vrydag-oggend ook 'n kongres gehou en is toegespreek deur professor C.H. Rautenbach.

Daar was 'n Voorbereidingsdiens Saterdag 15:00, gelei deur dominee A.J. Nolte. Die feesrede Saterdagaand is gelewer deur professor S.P. Engelbrecht. Die Sondag is gesamentlik Nagmaal gevier. Die Nagmaalsdiens 10:00 is gelei deur dominee T.F.J. Dreyer, 'n kinderdiens op dieselfde tyd deur dominee G.J.J. Roos, die Nabetragtingsdiens 15:00 deur dominee J.J. Prinsloo Jsn en die Slotdiens 19:00 deur dominee A.J.G. Oosthuizen.

**18 Augustus 1953**
Die Kuratorium vergader. Teleurstelling is uitgespreek oor die swak vordering van voorgraadse studente. 'n Lening van £100 is aan doktor J.F. Stutterheim toegestaan. 'n Soorgelyke bedrag is aan proponent C.J. Labuschagne bewillig vir doktorale studie. Professore Wolmarans en Geyser het opdrag ontvang om rapport uit te bring oor die groei van gemeentes, die toename in die getal predikante en die getal studente, die persentasie studente wat die kursus voltooi, en die tekort aan predikante, met aanbevelings oor hoe om in die tekort te voorsien.

**15 September 1953**
Die Fakulteit keur goed dat C.J. Viljoen MA studie in Semitiese Tale doen.

**30 November 1953**
Die Kuratorium neem kennis van 'n skenking van 4000 aandele in Dagbreek Trust deur kolonel Jacob Wilkens. Professor Geyser het sy persoonlike siening gegee oor die predikantetekort.



# Hoofstuk 5

## Politieke spanning en ekumeniese druk 1954–1960

Die vak Bybelkunde maak sy verskyning. Die emeritaat van Gemser, S.P. Engelbrecht en H.P. Wolmarans en die toetrede van E.S. Mulder, A.D. Pont en F.J. van Zyl tot Afdeling A bring ‘n radikale verandering. Ekumeniese druk begin oplaai rondom die landspolitiek. Die Cottesloe-konferensie bring beroering. Die houding van A.S. Geyser en A. van Selms wek weerstand.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, ‘Politieke spanning en ekumeniese druk 1954–1960’, in ‘Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: ‘n Kroniek van die Hervormde Kerk’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #920, 10 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.920

### 1954

**23 Februarie 1954**

Die Fakulteit het vir professor Gemser terugverwelkom na ‘n studiereis in die buiteland en het spesiale verlof aan professor S.P. Engelbrecht toegestaan vir die maande Mei en Junie. Sy lesings sal waargeneem word deur B.J. Engelbrecht en P.S. Dreyer. ‘n Aansoek van dominee N.J.van Schalkwyk om vir DD in te skryf, is toegestaan. Die Afdeling het die instelling van ’n vak Bybelkunde goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

*I. Die vak sal hoogstens ‘n tweejarige kursus beslaan en kan nie as hoofvak geneem word nie.*
*II. Hierdie vak sal deur professore of dosente van die 2 afdelings gedoseer word en wel so dat elke afdeling ‘n gelyke aandeel sal hê in die aantal lesings en leerstof .*
*III. Die studieplan sal opgestel word deur die professore en dosente van die twee afdelings in oorleg met die Fakulteite van Lettere en Opvoedkunde.*

**09 Maart 1954**

Die 51ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Dominee A.J.G. Oosthuizen is as voorsitter verkies, dominee T.F.J. Dreyer as skriba, dominee S. Vermooten as vise-voorsitter en dominee A.J. Nolte as vise-skriba. As predikantlede is verkies dominees J.G.M. Dreyer en D.F. Erasmus. Na aanleiding van die verslag van die Kuratorium is blydskap en trots uitgespreek oor die verskyning van die *Hebreeuse Grammatika* van professor B. Gemser. Die volgende voorstelle is aanvaar:

- Dat die studie onder geen omstandighede verleng word nie. Aan die Kommissie en Kuratorium word opgedra om voorsiening te maak dat die praktiese gedeelte gedurende die BD studiejare gedoen word.
- Dat die professore die gemeentes sal besoek om in ‘n gemeentevergadering die saak te stel (werwing van studente).
- Predikante sal beroepsvoorligting gee aan matrikulante.
- Gemeentes word aangemoedig om erflatings aan die Studiefonds te laat toekom.
- Beurse sal verhoog word.
- Latynstudie op hoërskole moet aangemoedig word.
- Die vergadering vra die Fakulteit om jaarliks kort vakansiekursusse in die Teologie te organiseer wat bygewoon kan word deur diensdoende predikante.
- Dominee J.J. Prinsloo Jsn is afgevaardig om professor Greyvenstein geluk te wens met sy verjaarsdag.

As lede van die Kuratorium is verkies doktore H. Muller, E.S. Mulder, dominees L.M. le Roux, G.J.J. Roos, F.J. van Zyl, W.F.H. Huyzers en S.P.J.J. van Rensburg. Professor S.P. Engelbrecht het van die vergadering afskeid geneem aangesien dit die laaste sou wees wat hy as professor bywoon.

**17 Maart 1954**

Die Senaat keur die aanstelling van P.S. Dreyer as Senior Lektor in die Departement Wysbegeerte goed.

**23 April 1954**

Die Kuratorium verkies doktor E.S. Mulder as voorsitter en dominee W.F.H. Huyzers as vise-voorsitter. Die Administrateur sal as skriba optree. Daar is besluit om die Raad van Finansies te versoek om die jaarlikse studielening aan studente te verhoog na £70. Kennis is geneem dat professor S.P. Engelbrecht op verlof na Nederland vertrek, en hy is ‘n behoue terugkoms toegewens.

**27 April 1954**

Die Fakulteit keur goed dat P.S. Dreyer inskryf vir DD en beveel doktorale status aan vir L.M. le Roux op grond van ‘n doktorale eksamen in Utrecht, E.J.C. Verfeck op grond van ‘n doktoraal eksamen aan die Vrye Universiteit van Amsterdam en B.R. Kruger op grond van ‘n MDiv aan Unisa.

**31 Augustus 1954**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwelkom professor S.P. Engelbrecht en hy doen verslag van sy besoek aan Holland: Hy is oorlaai met eerbewyse wat hy geaksepteer het vir die kerk, hy het namens die kerk ‘n Bybel aan die koningin oorhandig, hy het die groete van die kerk oorgedra aan die sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, die sinode het aan hom twee pennings van die Dortse Sinode oorhandig, hy is ook ontvang deur die Classis Amsterdam, hy het ‘n gedenkplaat in die Weeshuis Leeuwarden onthul ter gedagtenis aan dominee Van Belkum en ‘n silwer teepot aan die weeshuis geskenk namens ons weeshuis, hy het die studente A.D. Pont, B.J. van die Merwe en C.J. Labuschagne wat daar studeer, ontmoet.

**14 September 1954**

Daar is besware teen die dosering van Bybelkunde, akademiese en teologiese gronde van aard, by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en ook die Fakulteit Teologie. Die Afdeling besluit om kerke te beveel om liewers self in die onderrig van Bybelkunde te voorsien en dat hulle aan studente wat aan die vereistes voldoen het, erkenning sal gee by wyse van ‘n afsonderlike kerklike sertifikaat.

**07 Desember 1954**

Die Kommissie neem kennis dat professor Gemser op 17 Mei 1955 die aftree-ouderdom bereik vanuit ‘n brief van die Universiteit. Daar is besluit om die Kuratorium te magtig om ‘n opvolger te benoem. Hierdie vergadering het ook ‘n onderhoud gehad met die rektor van die Universiteit van Pretoria, professor C.H. Rautenbach, oor die verhoogde bydrae wat van die kerk gevra word.

### 13 Desember 1954

Die Kuratorium neem kennis dat die Raad van Finansies nie die studielening kan verhoog nie weens gebrek aan fondse. Kennis is geneem van eksamenuitslae, die BD studente vaar oor die algemeen goed. A.J.G. Dreyer en J.J. Engelbecht is gelukgewens met hul uitslag van lof. Besorgdheid is weer uitgespreek oor die swak vordering van voorgraadse studente.

## 1955

### 17 Januarie 1955

Die Kuratorium beveel doktor E.S. Mulder met algemene stemme aan as opvolger van professor B. Gemser.

**Egge Simon Mulder** is gebore op die plaas Sukkelaar in die distrik Bethal op 13 Augustus 1905 as derde kind van die hoof van die plaasskool De Krans, Cornelis Egges Mulder en Elsabe van Rheede van Oudtshoorn. Hy geniet sy hele laerskoolopleiding in die plaasskool, en matrikuleer in 1923 aan die Hoogenhout Hoërskool op Bethal. Hy skryf in as teologiese student aan die Transvaalse Universiteitskollege en behaal in 1926 die BA-graad met Sielkunde en Wysbegeerte as hoofvakke, die BD graad in 1929. In hierdie jaar word hy aangestel as studente-assistent in Semitiese Tale en voltooi die studie. Op 30 Mei 1930 word hy georden as predikant van Zwartruggens. Daar tree hy in die huwelik met Elizabeth Jacomina Schutte. Vervolgens bedien hy die gemeente Bronkhorstspruit totdat hy op 24 Julie 1938 na Utrecht vertrek vir doktorale studie onder leiding van Johannes de Groot. Einde 1939 lê hy die doktorale eksamen af onder De Groot en Obbink, maar die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog verhinder dat hy sy proefskrif kan voltooi. Hy keer terug na Bronkhorstspruit, en bedien later nog die gemeentes Springs, Pretoria en Pretoria-Oos. Akademies het Mulder van vroeg af betrokke geraak toe hy van 1929 af telkens Semitiese Tale moes doseer. Tydens die afwesigheid van Van Selms in die jare 1940-1946 het Mulder saam met Gemser die verantwoordelikheid vir Semitiese Tale gehad. In 1953 het hy na Groningen vertrek waar hy onder T.H.C. Vriezen gepromoveer het met die proefskrif *Die Teologie van die Jesaja-Apokalipse.* Kerklik het Mulder vroeg 'n sterk rol begin speel, onder andere deur sy limaatskap van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as vise-skriba oor die jare 1948–1953.

### 22 Februarie 1955

Die Fakulteit besluit dat P.S. Dreyer vrystelling verkry van Christelike Etiek op grond van sy studie in Groningen en dat hy Volkekunde onder professor P.J. Coertze mag aanbied as tweede byvak. Die titel van B.R. Kruger se proefskrif is goedgekeur en S.P. Engelbrecht is aangewys as promotor. Dominee C. van de Waal moet eers 'n eksamen ter bevrediging van die Fakulteit aflê voordat hy sy proefskrif kan indien.

### 15 Maart 1955

Mulder se benoeming word bekragtig deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. By dié geleentheid het dominee Johannes Dreyer die opmerking gemaak dat hy hom daaroor verbly dat Mulder reeds jare lank predikant was en gevolglik baie kan bydra tot die vorming van aanstaande predikante. Die Kommissie het op 'n wenk van doktor Mulder besluit om die Raad van die Universiteit te versoek om professor Gemser in tydelik-deeltydse hoedanigheid te kontinueer tot die einde van die jaar. Reëling van 'n afskeidgeleentheid vir Gemser is aan die Kuratorium toevertrou. Die Kommissie het op hierdie vergadering ook besluit, dat met die oog op die tekort aan fondse en die feit dat die uitgawe aan die opleiding steeds groter word en verder met die oog daarop dat sommige studente se ouers goed bemiddeld is, die Kuratorium versoek word om in die vervolg lenings so toe te ken dat die behoeftige studente beter gehelp kan word, en nie noodwendig aan alle studente lenings toegestaan word nie.

Nadat die Kommissie 'n deputasie van teologiese studente te woord gestaan het, het die Kommissie besluit dat proefpreke voortaan in Junie gelewer moet word. Voorts het die Kommissie 'n voorstel aanvaar wat geformuleer is deur dominee Joh Dreyer en doktor P.S. Dreyer en wat uitvoerig handel oor die praktiese opleiding van studente onder andere deur inwoning in 'n pastorie en kennismaking met die gemeentelike praktyk in twee tydperke van drie weke, een in die vyfde en een in die sesde studiejaar, een in 'n stedelike en een in 'n plattelandse gemeente. Die Kuratorium is opgedra om die reëlings te tref.

### 03 Mei 1955

Die Fakulteit keur die aanstelling van E.S. Mulder in Ou Testamentiese Wetenskap goed.

### 26 Mei 1955

Die Kuratorium handel oor gebeure na aanleiding van politieke optrede van professore S.P. Engelbrecht en A.S. Geyser. Hulle het naamlik 'n petisie onderteken waarin daar beswaar gemaak word teen 'n wetsontwerp oor die vergroting van die Senaat van die land. Die wetsontwerp was bedoel om aan die regering die nodige meerderheid te besorg om kleurlinge van die algemene kieserslys te verwyder. Na verskyning van koerantberigte oor die petisie het die voorsitter en skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n persverklaring uitgereik waarin hulle sterk afkeuring uitgespreek het oor die optrede van die betrokke professore, en verklaar het dat die kerk hom disassosieer van hulle optrede. Die verklaring is afgesluit met die woorde:

> *Die Kerk betreur ten seerste die optrede van die twee professore wat hulle daardeur verbind het aan 'n party-politieke agitasie en so die verantwoordelikheid van hul hoë betrekking verontagsaam het.*

Professor S.P. Engelbrecht het betoog dat hy en Geyser die petisie in privaat hoedanigheid onderteken het en nie as professore van die kerk nie. Hy het regsadvies ingewin en is geadviseer dat die verklaring van die voorsitter en skriba lasterlik is, maar hy is nie van plan om 'n regsaksie in te stel nie. Die advies waarna hy verwys het, was van advokaat H.P. van Dyk, wat tot die slotsom gekom het dat die publikasie sonder twyfel lasterlik is. Nadat al die professore die vergadering verlaat het, het die Kuratorium besluit om die saak na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te verwys vir afhandeling aangesien die opsig oor die dosente by die Kommissie berus.

Die Kommissie het die volgende dag byeengekom in 'n spesiale vergadering. Die voorsitter en skriba het 'n skriftelike verslag ingedien waarin hulle hulle optrede soos volg gemotiveer het:

> *Op Dinsdag 17 Mei het daar in die openbare pers 'n protesverklaring teen die voorgestelde Senaatswet verskyn. Die verklaring was onderteken deur dertien professore en dosente van die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika. Twee van die ondertekenare was teologiese professore van ons kerk. Soos te verwagte was het die verklaring opskudding in kerklike kringe veroorsaak. Ondergetekendes is letterlik oorval deur telefoonoproepe van verontwaardigde kerkraadslede en predikante... Met die oog op al hierdie beroering het ondergetekendes beluit om 'n verklaring uit te reik... Ondergetekendes het tot die besluit geraak op die volgende gronde: a. dat dit reeds geruime tyd bekend gemaak is dat die wet ingedien sou word, en die wet was reeds ingedien b. uit toesprake is deur die opposisie duidelik te kenne gegee dat 'n versetveldtog georganiseer sou word c. Dit was ook bekend... dat*

Article #920 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*die leier van die opposisie die aand van 16 Mei... sy protesveldtog van stapel sou stuur. Gelyktydig met hierdie loodsing van 'n partypolitieke veldtog deur opposisie word die protesverklaring van die 13 professore aan die pers oorhandig. Die verklaring word ook ingelei met die verklaring dat hulle nasionaliste en nasionaalgesindes is. Op genoemde gronde het ondergetekendes tot die slotsom geraak dat hierdie verklaring nie uitdrukking van 'n gevoelde gewetensbeswaar teen genoemde wetgewing is nie, en dat nie suiwer uit morele, godsdienstige en staatkundige oorwegings gehandel is nie. As dit wel die geval was sou dit nie nodig gewees het om hulle as partylede aan te kondig nie... Dit was daarom ons oorwoë mening dat dit 'n deelname is aan 'n politieke stryd oor 'n hoogs kontensieuse politieke vraagstuk. Ondergetekendes het op grond van die feit dat dit nog altyd die standpunt van ons kerk was dat die kerk wel die roeping het om teenoor owerheid en volk te getuig, die kerk dit altyd sal doen op die verhewe vlak van die Woord van God, en nie die van die partypolitiek nie. Daarom het die kerk dit nog altyd van sy Evangeliedienaars verwag dat hulle, hulle nie sal inmeng in die partypolitiek nie op 'n wyse waardeur hulle hoë roeping in die gedrang kan kom en die goeie orde in die gemeentes versteur word en die diens van die Evangelie belemmer word nie. Wat vir die leraars geld, geld natuurlik ook vir die hoogleraars van die kerk.*

Aan die Kommissie is ook voorgelees die betrokke protesverklaring, die persverklaring van die voorsitter en skriba, briewe en telegramme van predikante en lidmate waarin die optrede van die twee professore sterk afgekeur is. Die Kommissie het die verslag van sy voorsitter en skriba aanvaar en besluit om die professore op te roep om hulle standpunte te stel. Hulle kon egter nie telefonies bereik word nie, en is versoek om op die volgende gewone vergadering van die Kommissie teenwoordig te wees. Die Kommissie het ook kennis geneem van 'n brief van professor A. van Selms waarin hy vra of lede van die Fakulteit nie vry is om hulle standpunt oor staatkundige aangeleenthede uit te spreek nie. Hy het spoedig antwoord versoek aangesien dit sou bepaal of hy lid van die Fakulteit sal bly. Daarop was die besluit van die Kommissie dat hy op hoogte gebring sou word van die standpunt van die kerk en ook meegedeel sou word dat die Kommissie teleurgestel is met die bedekte dreigement in sy brief.

**14 Junie 1955**

Die voorsitter rapporteer aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat professore Engelbrecht en Geyser gewillig sou wees om die saak daar te laat as hulle nie voor die Kommissie hoef te verskyn nie. Die Kommissie het dit aanvaar maar nogtans besluit om aan professor Engelbrecht te skryf dat die Kommissie dit betreur dat hy gedreig het met 'n hofsaak teen die voorsiter en skriba. Aan die Kuratorium het die Kommissie laat weet dat hy met die persverklaring van die voorsitter en skriba volstaan en die saak as afgehandel beskou.

**16 Junie 1955**

Die Raad boekstaaf sy dank en waardering teenoor professor Gemser wat op 30 Junie 1955 aftree, vir die jarelange getroue diens, vir die hoë gehalte van sy akademiese werk en vir die bydrae wat hy gelewer het om die naam van die Universiteit hoog te hou.

**19 Augustus 1955**

Die Kuratorium besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om so gou moontlik 'n broederlike samespreking te hou met die Kuratorium en die professore oor die moeilikhede wat ontstaan het tussen die Kommissie en die professore.

**06 September 1955**

Die samespreking word gevoer. Na 'n tyd van bespreking het professor Engelbrecht die volgende aan die hand gedoen as 'n oplossing: 'Dat die Kommissie besluit dat alles wat in verband met hierdie saak sedert 21 Mei 1955 gepraat en geskryf is deur die Kommissie as nie gepraat en geskryf beskou word'. Hy sal dan hiermee tevrede wees en met *Die Transvaler* onderhandel om tot 'n skikking oor die hangende hofsaak te kom.

Engelbrecht het inderdaad op 25 Julie 1955 'n eis ten bedrae van £2000 teen Voortrekkerpers ingedien. Die volgende dag het die Kommissie besluit om aan die here professore mee te deel dat die Kommissie

*die versekering van professor Engelbrecht aanvaar dat dit nie sy bedoeling was om die voorsitter en skriba met die hof te dreig nie en in die lig hiervan neem die Kommissie sy vorige besluit in dié verband terug.*

Die Kommissie aanvaar ook die versekering van die professore dat dit nie hulle bedoeling was om die kerk met hulle verklaring in die koerant in die gedrang te bring nie'.Die kerk verwag van professor Engelbrecht die versekering dat hy nie sal voortgaan met sy hofgeding teen die Voortrekkerpers nie want op die wyse sal die kerk weer in die gedrang kom.

Nadat hierdie besluit aan die twee professore meegedeel is, is die volgende besluit tot bevrediging van die Kommissie en altwee professore geneem:

*Nadat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n lang en broederlike samespreking met die Kuratorium en al die professore gehad het, aanvaar die Kommissie die versekering van professor SP Engelbrecht dat hy nooit die voorsitter en skriba met 'n hofaksie gedreig het of van plan was om hulle daarmee te bedreig nie. Op grond van die verklaring van proff Engelbrecht en Geyser dat hulle dit jammer vind dat hulle ondertekening van die petisie teen die voorgenome Senaatswetsontwerp saamgeval het en geassosieer is met 'n partypolitieke veldtog teen genoemde wetsontwerp en op grond van hulle versekering dat hulle nooit deelgeneem het of bedoel het om deel te neem aan 'n partypolitieke agitasie nie, aanvaar die vergadering hulle versekering en besluit hy om te notuleer dat hy die tweede gedeelte van die verklaring rakende die twee professore in Die Transvaler van die 21st Mei 1955 terugneem.* [Daarmee was hierdie storm vereers verby, duidelik tot verleentheid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wie se voorsitter en skriba in die hitte van die politieke situasie van destyds dalk 'n bietjie oorhaaastig was met hulle persverklaring, en ook nie versigtig was met die bewoording nie. Die politieke alliansies van hulle albei was bowendien alombekend.]

Die Kommissie het op sy vergadering van 06 September 1955 ook nog vir dominee A.J.G. Oosthuizen benoem as verteenwoordiger van die Kerk op die Raad van die Universiteit, in die plek van doktor E.S. Mulder wat nou dosent sou word.

**19 Augustus 1955**

Die Kuratorium besluit om 'n broederlike samespreking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan te vra oor die moeilikhede wat tussen die Kommissie en die professore ontstaan het. Hierdie vergadering het ook kennis geneem dat A.D. Pont intussen gepromoveer het en dat C.J. Labuschagne en B.J. van die Merwe goed vorder met hulle studie in Holland.

**03 November 1955**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering stel doktor B.J. van der Merwe beroepbaar na sy terugkeer en suksesvolle promosie in Groningen.

**24 November 1955**

Die Raad neem kennis dat dominee A.J.G. Oosthuizen deur die Nederduitsch Hervormde Kerk benoem is as sy verteenwoordiger

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #920

op die Raad in die plek van doktor E.S. Mulder wat vanaf 01 Februarie as professor benoem is, en dat professor J.H. Greyvenstein deur die Goewerneur-Generaal op die Raad herbenoem is vir die tydperk 10 Oktober 1955 tot 09 Oktober 1959.

### 05 Desember 1955

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang verslag van sy verteenwoordiger op die reëlingskomitee vir die voorgenome volkskongres oor die Tomlinsonverslag, professor P.J. Coertze, en besluit om 'n geldelike bydrae te maak vir die oproep van die kongres.

## ℘ 1956

### 31 Januarie 1956

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem dominee S. Vermooten as lid van die Kuratorium in die plek van doktor E.S. Mulder. Hierdie vergadering het in antwoord op 'n skrywe van doktor P.W. Venter oor die vraag of hy as predikant openlik en daadwerklik aan die partypolitiek kan deelneem, geantwoord dat dit nie mag nie. Die vergadering het ook kennis geneem dat volgens koerantberigte professor A.S. Geyser aktief aan partypolitiek deelneem, en het die Kuratorium versoek om daaraan aandag te skenk.

### 28 Februarie 1956

Die Fakulteit aanvaar die proefskrifte van dominee B.R. Kruger *Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in SA* en D. van der Waal *Oudtestamentsche Priesterlijk Motieven in de Apocalyse*.

### 04 Maart 1956

Professor E.S. Mulder hou sy intreerede.

### 12 April 1956

Die Raad besluit om voortaan formuliergebede te gebruik by opening en afsluiting van sy vergaderings.

### 14 April 1956

Professor B. Gemser voer die rede by die gradeplegtigheid van die Universiteit. Sy rede, getitel 'Vereensaamde Wetenskap' is in brosjurevorm gepubliseer deur die Universiteit.

### 09 Mei 1956

Die Fakulteit bekragtig die uitslag van F.J. van Zyl se doktorale eksamen.

### 14 Junie 1956

Die Kuratorium kies dominee W.F.H. Huyzers as voorsitter. Na magtiging deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering handel die Kuratorium oor die benoeming van 'n opvolger vir S.P. Engelbrecht. Die keuse was uiteindelik tussen J.A.A.A. Stoop en A.D. Pont. Die professore het 'siende' die besondere studie van doktor Pont hom as kandidaat aanbeveel, en die Kuratorium het dit eenparig aanvaar.

**Adrianus Drost Pont** is gebore in Kroonstad op 21 September 1927 as oudste seun van 'n Hollandse immigrantepaar Johannes Wilhelm Pont en Jeanne Louise Agatha Drost. Johannes Wilhelm Pont was 'n seun van professor J.W. Pont, 'n Lutherse teologiese professor in Holland wat sekretaris van die Studiefonds vir SA studente en voorsitter van die Nederlands Suid-Afrikaanse vereniging was. Adriaan Pont het skoolgegaan in Fauresmith, Grahamstad, Pretoria-Oos Laerskool en het gematrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Hy het die BA BD studie aan die Universiteit van Pretoria afgehandel in die jare 1944–1949. Gedurende sy studentejare was hy lid van die Binnemuurse Studenteraad, sekretaris van die Sentrale Studenteraad en in 1950–1951 voorsitter van die Studenteraad. In 1949 was hy ook voorsitter van die Dagstudente Huiskomitee en assessor van die Van der Hoff Teologiese Vereniging. By voltooiing van sy studie was hy te jonk om beroepbaar gestel te word [Die Kerkwet het destyds vereis dat 'n kandidaat vir die heilige diens minstens 23 jaar oud moet wees], en hy het as proponent die gemeente Silverton bearbei gedurende 1950. Terselfdertyd pak hy die MA studie aan met Grieks as hoofvak. Hy ontvang ook die Abe Bailey studiebeurs en vertrek in 1951 na Engeland, daarna na Utrecht waar hy van Januarie 1952 tot Junie 1955 doktorale studie doen. In 1952 voltooi hy die MA studie met lof onder leiding van professor P.V. Pistorius (deur korrespondensie) met 'n verhandeling oor *Die Britse Museum Papyri nos 1913–1919,* van 'n inleiding, vertaling, en enkele aantekenimge voorsien. Op 30 Junie 1955 promoveer hy onder professor M. van Rhyn met die proefskrif *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835–1892.* In 1952 was hy mede-oprigter en voorsitter van Die Genootskap van Afrikaners in Utrecht en help hy beplan aan die Van Riebeeckfees in Culemborg. Saam met twee ander Suid-Afrikaners publiseer hy in 1954 die boek *Suid-Afrikaners in Utrecht 1762–1954.* Na sy terugkeer in Julie 1955 aanvaar Pont 'n beroep na die gemeente Elsburg waar hy werk totdat hy op 01 Februarie 1957 diens aanvaar as hoogleraar. Later daardie jaar het die ramp hom getref dat sy boekery tesame met sy persoonlike besittings in 'n brand vernietig is. Hy is in April 1958 getroud met Leonie Jansen van Vuuren, uit 'n Voortrekkergeslag, wat mede daartoe gelei het dat hy hom volkome vereenselwig het met die kutureel-politieke erfenis van die Afrikaner.

Op dieselfde vergadering het die Kuratorium gehandel oor die skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die partypolitieke optrede van Geyser. Dit het geblyk dat hy wel lid is van die SA Bond en die Suid-Afrika Eerste Beweging en hy het dit as sy burgerreg beskou om sy mening uit te spreek oor politieke aangeleenthede. Die Kommissie het vir die huidige volstaan met 'n vorige besluit van die Kommissie, naamlik dat die Kerk van sy leraars en hoogleraars verwag dat hulle in die eerste plek aan die evangelie van Jesus Christus gebonde is en ook wat hulle optrede in die politiek aangaan nooit so moet optree dat die evangelie geskaad word nie.

Die vergadering het 'n voorstel van professor Van Selms aanvaar wat die Kommissie versoek het om 'n gemotiveerde rapport met definitiewe konklusies te laat opstel oor die verhouding tussen die Kerk en Politiek.

### 16 Junie 1956

Die Fakulteit bekragtig die uitslag van P.S. Dreyer se doktorale eksamen.

### 06 September 1956

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gee aan dominee Joh Dreyer opdrag om 'n studie te maak van die vraag oor die predikant en die politiek.

### 11 September 1956

Die Fakulteit beveel vir H.P. Wolmarans aan as dekaan en onderskryf die benoeming van A.D. Pont.

### 03 Oktober 1956

Die Senaat neem afskeid van professore S.P. Engelbrecht en E.M. Robinson as twee van die laatse oorblywende lede van die Transvaalse Universiteitskollege en boekstaaf sy dank teenoor hulle.

**25 Oktober 1956**

Die Raad keur goed dat Bybelkunde as 'n tweejarige graadkursus in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte vanaf 1958 ingestel word maar dat dit nie 'n hoofvak sal wees nie en dat die doseerwerk aan dosente in die Fakulteit Teologie opgedra word. Alleen bona fide kandidate vir die onderwys sal toegelaat word om die kursus te volg.

Die leerplan is soos volg vasgestel:

- Eerste jaar: a. Aardrykskunde en Argeologie van Bybellande, b. Bybelse Geskiedenis en Kronologie van die Ou en Nuwe Testament met aandag vir die kultuurhistoriese agtergrond van altwee, c. Ontstaan en Bewaring van die Ou Testament en die Nuwe Testament, d. Die godsdienstige gedagtewêreld van die Bybel.
- Tweede jaar: a. Inleiding tot die Ou Testament, b. Inleiding tot die Nuwe Testament, c. Voorgesette Bybelse Geskiedenis met aandag aan die Kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel, d, Die godsdienstige gedagtewereld van die Bybel.

**14 November 1956**

S.P. Engelbrecht aanvaar emeritaat met 'n afskeidsdiens in die kerkgebou van Pretoria. Hy het dieselfde teks gebruik as vir sy proefpreek, naamlik Hebreërs 13:8. (Die teks van die preek is gepubliseer in *Die Hervormer* van Januarie 1957). Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, dominee A.J.G. Oosthuiuzen, het daarna die woord gevoer en 'n adres namens die kerk aan Engelbrecht oorhandig. Die volgende aand, 15 November 1956, is 'n afskeidsdinee vir hom aangebied in die Hotel Culemborg. Onder die gaste was oud-minister N.C. Havenga, minister J.H. Viljoen en die Ambassadeur van Nederland. Professor C.H. Rautenbach het namens die Universiteit die woord gevoer, D.F. Erasmus namens die studente, en professor B. Gemser het die heildronk ingestel. Tevore het Engelbrecht in die kerkgebou van Pretoria-Oos (tans van Philadelphia) vir oudstudente 'n afskeidslesing gehou oor die geskiedenis van kerkgeskiedskrywing in SA.

**28 November1956**

Die Fakulteit besluit om die S.P. Engelbrecht-Erepenning aan A.D. Pont toe te ken.

**06 Desember 1956**

Die afskeidsfunksie vir professor Gemser vind plaas. Gemser het in 1957 verhuis na Groningen as opvolger van Th.C. Vriezen wat na Utrecht verhuis het. Daar het Gemser sy akademiese loopbaan afgesluit toe hy in 1960 emeritaat aanvaar het. Na sy vestiging in Groningen het hy voortgegaan met wetenskaplike publikasies in verskillende tydskrifte.

## ✥ 1957

**01 Februarie 1957**

Die Kuratorium verwelkom vir A.D. Pont wat die eerste keer teenwoordig is. Hierdie vergadering het 'n bespreking gewy aan die probleem van geestelike vorming van toekomstige predikante. Die voorsitter en skriba van die Algemene Kerkvergadering het deelgeneem aan die bespreking. Die Skriba, dominee T.F.J. Dreyer, het gesê die Kommissie dra kennis daarvan dat die wetenskaplike vorming so is dat almal daar trots op kan wees, maar die skyn bestaan dat daar nie genoeg deur die kerk gedoen word vir die geestelike vorming van die studente nie. Die voorsitter, dominee A.J.G Oosthuizen, het daarop gewys dat die studente vir die eerste drie jaar oorgelewer word aan die groot groep studente en deur hulle geïndoktrineer word. Die dekaan, professor H.P. Wolmarans, het gesê die vak Praktiese Teologie en die onderrig van die student oor sy toekomstige taak moet apart gesien word. Professor Geyser was van mening dat die vry verkeer onder studente ook sy vormende invloed het. Daar moet gewaak word teen die kweekskool-idee. Hy kan nie anders as om die eerste drie jaar ook as 'n siftingsperiode te sien nie. Die vergadering het besluit dat die professore die saak moet bespreek en 'n rapport moet uitbring en dat die volgende byeenkoms van die Kuratorium aan hierdie saak gewy moet word. Op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die professore ook opdrag gekry om in te gaan op die moontlikheid van Buitemuurse studie in die Teologie met die oog op die tekort aan predikante.

**15 Februarie 1957**

A.D. Pont woon sy eerste fakulteitsvergadering by, maar volgens die notules is hy eers op die volgende vergadering op 27 Februarie deur die Dekaan verwelkom.

**07 Maart 1957**

Die 52ste Algemene Kerkvergadering open. Dominee A.J.G. Oosthuizen is as voorsitter, dominee T.F.J. Dreyer as skriba, dominee J.G.M. Dreyer as vise-voorsitter en dominee A.J. Nolte as vise-skriba verkies. Op hierdie vergadering was teenwoordig doktor Emmen, gedelegeerde van die Nederlandse Hervormde Kerk. In sy openingsrede het dominee Oosthuizen gedagtes uitgespreek wat telkens na vore sou kom in die volgende jare: 'Die groot nood is nie kos en klere en stemreg nie, maar dat ons deur die sonde van God vervreem is... Die kerk se taak is nie sosiale hervorming nie.'

Dominee Oosthuizen het die kerk verteenwoordig op die tweede vergadering van die Wereldraad van Kerke te Evanston op 15–31 Augustus 1954. Die volgende aanbevelings van hom is deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar:

- Dat ons Kerk meer aktief moet deelneem aan die werk van die Wêreldraad van Kerke en dat in die vervolg nie alleeen een afgevaardigde nie maar minstens twee gestuur sal word.
- Dat 'n diepgaande studie gemaak sal word van die vrae, (1) wat die kerk se beskouing van die wêreld, die Christelike hoop en Christus as die Hoop van die wêreld is, (2) wat verstaan ons onder die eenheid van die kerk en (3) watter Bybelse gronde is daar vir of teen ons beleid aangaande die skeiding van rasse op grond van kleur.

Die vergadering het ook besluit dat 'n Raad vir Ekumeniese Sake benoem sal word om voortdurende studie van die saak te maak. Etlike teenstemme teen hierdie besluite is aangeteken. 'n Uitvoerige motivering van die teenstem van dominees D.F. Erasmus snr, J.J. Engelbrecht, T.N.H. Janson, J.P.B. Viljoen, D.F. Erasmus jnr, P.J.J. Venter, professor H.P. Wolmarans en ouderlinge C.J. Botma en H.J. Visser is opgeneem in die notule van die vergadering, bladsye 37–42.

Die verslag van die Kuratorium is aanvaar, met dank aan die gemeente Pretoria vir die stigting van 'n studiefonds by geleentheid van die eeufeesviering van die gemeente. Die vergadering het besluit dat proefpreke gedurende die eerste semester gehou moet word. Op die Kuratorium is verkies dominees L.M. le Roux, G.J.J. Roos, J.J. Prinsloo Jsn, S.P.J.J. van Rensburg, S. Vermooten, S.P. Viljoen en doktor C.K. Oberholzer.

**11 April 1957**

Die Raad keur die instelling van BA Hons grade goed.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #920

**24 April 1957**

Dominee Johannes Dreyer se rapport oor politieke bertrokkenheid van predikante dien voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die Kommissie het sy instemming betuig en besluit om die stuk in *Die Hervormer* te publiseer. Dit het verskyn in *Die Hervormer* van Junie 1957. Wat die kerk as liggaam betref, is voorkeur gegee aan die gedagte dat die kerk 'n roeping het om die soewereiniteit van God oor elke terrein van die lewe uit te roep en geroepe is om die dade van die owerhede en van die volke te toets aan die Woord van God, dat die kerk hom egter nie mag vereenselwig met een of ander politieke party nie, want dan sou hy sy kritiese funksie en vryheid verloor en die gevolge van bepaalde partypolitieke optredes oor homself bring. Wat kerkraadslede betref, word gestel dat daar geen beswaar is dat hulle aktief gemoeid sal wees met partypolitiek nie, en dat dit selfs as wenslik beskou word met dien verstande dat deelname op 'n waardige wyse sal geskied. Hierdie vryheid word egter nie aan predikante gegun nie. Hulle posisie as die mondstukke en eerste verteenwoordigers van die kerk maak dit nie wenslik nie. Die vryheid van 'n predikant om partypolitieke opinies daarop na te hou, word erken, maar die kerk kan wel van hulle verwag om nie aktief daaraan deel te neem nie. Die band tussen 'n predikant en 'n politieke party moenie te nou wees nie. As 'n predikant hom in sy gewete verplig voel om te getuig teen die optrede van een of ander party, mag dit nie oorhaastig geskied nie en liefs nie sonder raadpleging van sy kerklike instansies nie.

Op 'n spesiale vergadering van die Fakulteit waarby die rektor ook teenwoordig was, is die S.P. Engelbrecht-Erepenning aan Pont oorhandig deur S.P. Engelbrecht self.

**17 Junie 1957**

Die Kuratorium vergader. Dominee S. Vermooten word as voorsitter en dominee J.J. Prinsloo Jsn as vise-voorsitter verkies. Kennis is geneem dat professor A.D. Pont sy intreerede gehou het tydens die sitting van die Algemene Kerkvergadering. Die dekaan, professor Wolmarans, en sy eggenote het daarna 'n gesellige ontvangs by hulle aan huis gereël. Die Kuratorium het kennis geneem van 'n verslag van die professore oor die Praktiese Teologie en het besluit om aan te beveel dat 'n dosent benoem sal word vir Praktiese Teologie. Die professore het ook verslag gedoen oor die geestelike versorging van die teologiese studente, en het die Kuratorium verseker dat die sedelike en godsdienstige lewe van die studente wat tans ingeskryf is, geen rede vir sorg van die kant van die Kuratorium hoef te gee nie. Die professore het beplan om BA studente deur middel van oriënterende en inleidende lesings voor te lig oor die teologiese studie en die ampspraktyk van die predikant en om die ingeskrewe teologiese studente in vyf groepe te verdeel wat elk aan 'n teologiese professor as mentor toegewys sal word. Die Kuratorium het sy instemming met die voorneme betuig en dit sy besluit gemaak. Wat proefpreke betref, het die vergadering van professore die Kuratorium daarop gewys dat die besluit van die Algemene Kerkvergadering die studente baie nadelig sal tref.

**17 Junie 1957**

Die Fakulteit vergader aan huis van professor Wolmarans en benoem die professore van Ou Testamentiese Wetenskap en Nuwe Testamentiese Wetenskap as dosente in Bybelkunde.

**20 Junie 1957**

Die Raad gee opdrag aan 'n komitee met die rektor as voorsitter en waarop professor S.P. Engelbrecht ook dien, om 'n beknopte geskiedenis van die Pretoriase Universiteitsinrigting saam te stel ter viering van die vyftigste herdenking van die Akte van Inkorporasie van die Transvaalse Universiteitskollege op 27 April 1910 deur die destydse Goewerneeur-Generaal.

**24 Julie 1957**

Professor A.S. Geyser het in 'n brief aan *Die Vaderland* standpunt ingeneem oor die sogenaamde kerkklousule. Hierdie klousule in die Naturelle-wysigingswetsontwerp is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 24 April 1957 gebillik met die volgende besluit:

> *Dat die standpunt van ons kerk is dat die kerk ten volle die beginsel van apartheid ook in die kerke onderskryf en dat die Minister telegrafies so verwittig sal word; verder dat die kerk sy waardering vir die optrede van die Minister in die verband betuig, terwyl die kerk die versekering van die Minister aanvaar dat hy met die artikel nie die reg van vrye spraak aan bande wil lê nie.*

In dieselfde byeenkoms het die Kommissie 'n Herderlike Skrywe goedgekeur waarin hy beklemtoon dat die kerk in die uitvoering van sy taak hom stiptelik moet hou aan Artikel III van die Kerkwet, wat soos volg gelui het:

> *Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar be-oog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – Maak dissipels van al die nasies, Mat 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk behoort daarom slegs blanke persone.*

Die skrywe lui verder onder andere:

> *Die Kommissie wil ten sterkste beklemtoon dat niemand ter wille van valse vroomdoenery of watter ander rede ook mag handel in stryd met hierdie artikels van ons Kerkwet nie. Ons Kerk verwelkom dan ook die optrede van die landsowerheid en is dankbaar dat die betrokke minister 'n wet gemaak het om te voorkom dat hierdie beginsel wat al so lank deur ons Kerk aanvaar is, verontagsaam sal word.*

Die Kommissie het op 11 Junie 1957 aan drie van sy lede opgedra om 'n herformulering van Artikel III op te stel vir voorlegging aan die Algemene Kerkvergadering ter gelegener tyd. Hierdie herderlike skrywe het beswaar ontlok van dominees H.J. Geyser, J.A. Don, K. Papp, doktor J.A.A.A. Stoop en professor A.S. Geyser. Hulle het die Kommissie ontmoet op 10 September 1957. Dominee H.J. Geyser het namens die ander die standpunt gestel dat die owerheid hoegenaamd geen reg het om in te gryp in verband met die hou van godsdiensoefening nie. Hulle voel onrustig oor die interpretasie van Artikel III deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos uiteengesit in die herderlike skrywe. Die betrokke artikel is deur die herderlike skrywe verhef tot beginsel wat ten volle op Gods Woord gegrond is en dat die skrywe ook die gewetens bind, verder dat die skrywe ook in stryd is met Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die voorsitter, dominee Oosthuizen, het daarop gewys dat die Kerkwet bindend is en dat die bedoeling van die 'kerkklosule' in die wet van 1957 aan die minister geen mag gee om in die bedrywighede van 'n kerk in te gryp nie; die minister kan slegs optree wanneer gemengde godsdienstige samekomste 'n oorlas word en die betrokke plaaslike owerheid die minister adviseer om so 'n gemengde samekoms te verbied. Die kerkraad van Plaston het op grond van die brief in *Die Vaderland* 'n formele klag teen Geyser ingedien. Die klag is deur die Kuratorium op 'n buitengewone byeenkoms op 29 Augustus 1957 ontvang, formeel in orde bevind en deurgestuur na die

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die Kuratorium het ook besluit om die Kommissie te versoek om dit daartoe te lei dat 'n kerklike gesprek oor die hele aangeleentheid van Artikel III en aanverwante sake gevoer sal word.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die klag van Plaston teen professor Geyser behandel op 10 September 1957. Die voorsitter van die kerkraad, dominee J.P.B. Viljoen, het die saak gestel, en professor A. van Selms en doktor J.A.A.A. Stoop het getuig dat in die Ou Testament en die oudste kerk daar nie gronde gevind word vir etniese skeiding in die kerk nie. Die Kommissie het uiteindelik die volgende besluit geneem:

> *Die Kommissie is van oordeel dat die saak waaroor die klag eintlik gaan, van veel groter omvang is as wat deur die punte in die klagskrif soos hulle geformuleer is, na vore gebring word. Daarom besluit die Kommissie na ernstige beraad om geen uitspraak te gee oor die klagtes soos in die klagbrief genoem nie, maar om die volgende verklaring uit te reik:*
> *A. Dat die kerk in sy Belydenisskrifte en Formuliere, sy amptelike uitsprake sowel as sy Kerkwet in gehoorsaamheid aan Gods Woord spreek, en dat al die uitsprake bindend is vir almal wat tot die kerk behoort en deur almal gerespekteer moet word, tot tyd en wyl die kerk 'n ander uispraak gee.*
> *B. Dat die kerk deur sy bepalings die teologiese denkarbeid en ondersoek geensins aan bande wil lê nie, en dat daarom in die kerk ook die amp van die Doctores of Hoogleraars bestaan aan wie die teologiese arbeid as besondere taak opgedra is.*
> *C. Dat, hoewel ouderlinge en leraars die taak het om voortdurend Gods Woord te ondersoek, dit die besondere taak van die hoogleraars is om hierdie arbeid in diens van die kerk te verrig, sodat hulle gedurig die kerk kan adviseer en sodoende help om 'n suiwere en regte woord te spreek ooreenkomstig Gods Woord. Dit staan enige ampsdraer of lidmaat vry om die vrugte van sy teologiese studie in die daarvoor geskikte organe te publiseer en te bespreek in bevoegde kerklike vergaderings.*
> *D. Geen ampsdraer of lidmaat is egter geregtig om enige leer of teologiese beskouing te verkondig of te leer in openbare vergaderings of van kansels of van die kateder of in die openbare pers of op ander dergelike wyse nie, as die leer wat hy so verkondig strydig is met die uitspraak van die kerk soos vasgelê in sy belydenisskrifte, formuliere, amptelike besluite of Kerkwet.*
> *E. Dat ten einde die goeie orde in die kerk te bevorder en te voorkom dat onnodige skadelike misverstande en beroeringe in die kerk sal ontstaan deur onversigtige en onverantwoordelike optrede van ampsdraers, word hierdie verklaring aan alle hoogleraars en predikante en kerkrade gestuur, met die opdrag om ooreenkomstig te handel.*
> *Verder besluit die Kommissie om aan Plaston te antwoord dat die Kommissie vertrou dat hulle die verklaring sal aanvaar as antwoord op die klag en daarby sal berus.*
> *Aan Professor Geyser sal geantwoord word dat die Kommissie bevind dat hy 'n onversigtigheid begaan het waardeur misverstand en ontevredenheid veroorsaak is wat skadelik vir die diens van die evangelie kan wees. Die Kommissie wil hom dus dringend versoek om met groter versigtigheid te handel en in ooreenstemming met die verklaring wat deur die Kommissie gemaak is.*

Professor Geyser het op hierdie besluite gereageer in twee briewe, gedateer 17 Oktober en 03 Desember 1957, waarin hy navraag doen oor bepaalde uitdrukkings in die besluite. Die Kommissie het besluit dat hy niks wil byvoeg by sy skrywe nie.

### 06 Augustus 1957

Die Fakulteit beveel vir H.P. Wolmarans aan as dekaan. Die vergadering het ook 'n voorstel van Afdeling B aanvaar oor Bybelkunde, naamlik dat Afdeling A verantwoordelik sal wees vir Ou Testament en Afdeling B vir Nuwe Testament, en dat oor en weer as eksterne eksaminatore opgetree sal word.

### 03 September 1957

Die Fakulteit bekragtig die uitslag van J.I. de Wet se doktorale ekesamen.

### 10 September 1957

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwelkom professor S.P. Engelbrecht terug na 'n studiereis in die buiteland. Hy het die groete van die Kerk oorgedra aan die Nederlandse Bybelgenootskap en aan die sinode van die Nederlandse Hevormde Kerk, en het groete van dié liggame teruggebring, asook van doktor Gravemeyer en doktor Emmen.

### 19 September 1957

Die Fakulteit bekragtig die uitslag van P.G. Geertsema se doktorale eksamen.

### 21 November 1957

Die Raad neem kennis dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie beswaar het teen die instelling van Bybelkunde as graadvak nie en keur goed dat professore E.P. Groenewald en E.S. Mulder die doseerwerk sal waarneem. Professor Mulder het sy opdrag afgewentel op J.P. Oberholzer, wat saam met professor Groenewald die vak gevestig het.

### 03 Desember 1957

Die kerk het hom in hierdie tye toenemend in die ekumeniese branding bevind. In sy sitting op dié datum het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n memorandum aan die Sentrale Komitee van die Wereldraad van Kerke goedgekeur. Die memorandum is opgestel deur die voorsitter, dominee A.J.G. Oosthuizen. Dit was 51 jaar nadat teologiese opleiding begin het. In dié tydperk het volgens 'n berekening van destyds 244 persone ingeskryf vir die studie, waarvan 157 (64%) die studie voltooi het. Van die 157 het 9 die studie in 5 jaar voltooi, 85 in ses jaar (50% van die ingeskrewe getal), 34 in 7 jaar, 13 in 8 jaar, 5 in 9 jaar, 2 in 10 jaar, terwyl nog twee langer geneem het.

## ഗ 1958

### 06 Februarie 1958

Die Kuratorium neem kennis dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie die instelling van 'n leerstoel vir Praktiese Teologie goedgekeur het nie, en neem ook kennis van 'n voorstel om die werk in hierdie verband tussen die bestaande professore te verdeel.

### 18 Februarie 1958

Die Fakulteit neem kennis dat 21 studente vir Bybelkunde ingeskryf het. Aansoeke vir doktorale studie van D.J.A.G. du Toit en J.A. Don in Nuwe Testament en van J.P. Oberholzer in Ou Testament is goedgekeur. Op 09 April 1958 is W.C. van Wyk se aansoek om reeds in sy vierde jaar vir MA Semitiese Tale in te skryf, goedgekeur 'op grond van sy buitengewone prestasie'.

### 26 Mei 1958

Die Fakulteit formuleer wysigings van die regulasies vir voorlegging aan die Senaat. Die leergang vir die BD graad het nou soos volg daar uitgesien:

- Ou Testament 1ste jaar Eksegese, Inleiding, Argeologie, 2de en 3de jaar Eksegese, Inleiding, Teologie.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #920

- Nuwe Testament 1ste en 2de jaar Eksegese en Inleiding, Teologie, 3de jaar Eksegese, Inleiding en Kanongeskiedenis.
- Geskiedenis van die Christendom 1ste jaar Kerkgeskiedenis, Dogmengeskiedenis, 2de en 3de jaar Kerkgeskiedenis, Kerkreg, Dogmengeskiedenis.
- Dogmatiek 1ste tot 3de jaar.
- Christelike Etiek 1ste jaar.
- Godsdienswetenskap Godsdiensgeskiedenis 1ste en 2de jaar, Fenomenologie 1ste en 2de jaar, Sielkunde van die godsdiens 2de en 3de jaar Wysbegeerte van die godsdiens 2de en 3de jaar.
- Sendinggeskiedenis en Sendingteorie, 1ste tot 3de jaar.
- Ensiklopedie van die Teologie 2de jaar.
- Onafhanklike studie 3de jaar.

### 29 Julie 1958

Die Fakulteit aanvaar die proefskrif van P.J.T. Koekemoer nadat die vereiste korreksies aangebring is. Die onderwerpe van P.S. Dreyer: *'n Kritiese studie van die begrippe Geskiedenis en Openbaring in die werke van Arnold J Toynbee* en F.J. Van Zyl *Die Analogia Entis. 'n Godsdiensfilosofiese Studie* is goedgekeur. Albei titels is later verander om soos volg te lui: *Gekiedenis en Openbaring. 'n Kritiese studie van die beskouings van Arnold J. Toynbee* en *Die Analogia Entis. 'n Godsdiensfilosofiese ondersoek.*

### 03 September 1958

Die Senaat betuig sy dank aan professore H.P. Wolmarans en E.P. Groenewald vir die leiding van die roudiens ter gedagtenis van advokaat J.G. Strydom op 25 Augustus 1958, en neem kennis dat 'n roudiens in Toronto gelei is deur die rektor, professor C.H. Rautenbach.

### 23 September 1958

Die Fakulteit het die volgende onderwerpe vir proefskrifte goedgekeur: J.I. de Wet: *Die begrip van die leiding van die Heilige Gees by die Afrikaanse Kerke soos dit tot uitdrukking kom in die kerklike en teologiese publikasies. 'n Studie in die Pneumatologie.* P.G. Geertsema: *Enkele Christelik-etiese aspekte van die Dekaloog met betrekking tot die Sending.*

### 26 September 1958

Die Raad wens die rektor, professor C.H. Rautenbach, geluk met die ontvangs van 'n ere doktoraat van die Universiteit van Montreal.

### 06 November 1958

Die Vergadering van Professore gee kennis dat hulle die voorstel van professor Geyser aanvaar het dat hy die werk in Praktiese Teologie sal bly behartig totdat 'n dosent vir die doel aangestel word. Die jaarverslag van die dekaan vir 1957–1958 meld dat 15 studente met BD studie, 45 met BA studie en 11 met DD besig was.

## 1959

### 27 Januarie 1959

Die Fakulteit bekragtig die finale uitslae vir DD. P.S. Dreyer het geslaag en S.P.J.J. van Rensburg sowel as F.J. van Zyl het met lof geslaag.

### 17 Februarie 1959

Die Fakulteit besluit dat hy dit as essensieel beskou dat BD studente die kursus in Na-Bybelse Joodse Literatuur bywoon wat deur professor honorêr J. Newman aangebied sal word. Die Senaat het egter versoek dat die besluit moet oorstaan totdat die werksaamhede van 'n honorêre dosent noukeuriger omskryf is. Professor A.D. Pont het 'n handleiding voorsien vir die verwysingsisteem in proefskrifte en dit is deur die Fakulteit goedgekeur. Die aansoek van dominee C.J. Labuschagne om vrystelling van die doktorale eksamen op grond van die eksamen wat hy in 1955 in Groningen afgelê het, is goedgekeur.

### 18 Mei 1959

Die dienstyd van professor H.P. Wolmarans sou verstryk teen einde 1959. Die Kuratorium het agter geslote deure aan die benoeming van 'n opvolger aandag gegee. Die Vergadering van Professore het doktor F.J. van Zyl voorgestel, en uit die vergadering is ook doktor P.S. Dreyer voorgestel. Daar is met 4 teenoor 3 stemme besluit om doktor van Zyl aan te beveel. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die benoeming bekragtig op 09 Junie 1959 en die Fakulteit het dit goedgekeur op 29 Julie 1959.

**Frans Jacobus van Zyl** is gebore op 06 Mei 1913 in Marico as seun van Francois Jacobus van Zyl en Magdalena Elizabeth Nortje. Hy matrikuleer in 1932 in Zeerust, en voltooi sy teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria oor die jare 1933–1938. Hy slaag die BA en BD eksamens met lof en word georden op 28 Mei 1939. Hy was agtereenvolgens predikant van Johannesburg, Standerton, Lydenburg, Springs en Wonderboompoort. Hy promoveer in 1958 met lof onder leiding van sy voorganger, professor H.P. Wolmarans, met die proefskrif *Die Analogia Entis, 'n Godsdiensfilosofiese Ondersoek.* Teen die tyd van sy benoeming was hy reeds 'n hoog gerespekteerde teoloog en kerklike denker wat etlike publikasies gelewer het.

### 09 Junie 1959

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar 'n advies van professor B.J. Engelbrecht oor die belydenis 'opstanding van die vlees'. Dieselfde vergadering het ook 'n rapport van die professore ontvang oor die Dankseggingsdiens en die bediening van Nagmaal daarby. Die Kommissie het die rapport aanvaar met die voorbehoud dat geen wisselvorm van die formulier gebruik mag word nie en dat die hele formulier ook by die tweede bediening gelees moet word. 'n Afvaardiging van die Kuratorium het met die Kommissie samespreking gevoer oor die keuring van studente en die probleem dat so baie studente nie die studie voltooi nie. Besluit is om die Universiteit te nader met die versoek dat Patristiese Latyn as vak ingestel word.

Professor A.S. Geyser het met studieverlof oorsee vertrek om aan die Sorbonne in Parys saam met die professore in Nuwe Testamentiese Wetenskap daar te werk. Sy lesings is waargeneem deur doktor S.P.J.J. van Rensburg en doktor J.A.A.A.Stoop. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die volgende besluit oor die langverlof van professore geneem:

> *...die Dekaan met die Kuratorium vooraf moet reël in verband met die tyd van die verlof en die plaasvervanger vir die tyd van sy afwesigheid. Eers nadat dit met die Kuratorium gereël is, kan aansoek by die Universiteit om verlof gedoen word.*

Die Kommissie het op versoek van die Kuratorium die bewoording van hierdie besluit soos volg verander in sy vergadering van 22 September 1959:

> *...moet die Dekaan aan die Kuratorium vooraf daarvan kennis gee van die tyd van die verlof en oor die reëling van die plaasvervanger; dat hiervan deur die Kuratorium aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kennis gegee sal word vir sy goedkeuring wat die plaasvervanger aangaan.*

### 28 Julie 1959

Professor E.S. Mulder word deur die Fakulteit as dekaan genomineer vir die onverstreke dienstermyn wat eindig op 09

Oktober 1960. Professor S.P. Engelbrecht het in hierdie tyd op uitnodiging 'n reeks lesings in die Ryksuniversiteit van Utrecht aangebied.

**17 September 1959**

Die Raad behandel die versoek van eerwaarde P.G. Pakendorf namens die Lutherse gemeenskappe in SA en SWA oor die instelling van 'n Afdeling C in die Fakulteit Teologie wat hierdie gemeenskappe kan bedien en spreek hom uit ten gunste daarvan. Die saak word verwys na die die twee afdelings van die Fakulteit.

**12 November 1959**

Die Raad neem kennis dat professor J.H.J.A. Greyvenstein wat reeds 81 jaar oud is en vanaf 1952 op die Raad dien, hom nie weer vir benoeming beskikbaar gestel het nie. Tot aan sy aftrede as professor in 1945 was hy lid van die Komitee vir Dissipline en President van die Konvokasie. Die Raad het besluit om hom per brief te bedank vir sy belangstelling en hartlike samewerking. Die Raad het goedgekeur dat die te stigte Afdeling C uiteindelik gelywaardig sal wees aan die ander twee afdelings.

**25 November 1959**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar 'n studiestuk oor die Sondag van doktor F.J. van Zyl met waardering. Op dieselfde vergadering is weereens gehandel oor die dosering van Praktiese Teologie. Besluit is dat met die Kuratorium geskakel sal word oor 'n meer eweredige verdeling van lesings en verdeling van die onderrig in Praktiese Teologie tussen die professore. In plaas van doktor C.K. Oberholzer wat bedank het as lid van die Kuratorium, is doktor A.P. Grove benoem.

Die Kommissie het die Kuratorium versoek om ondersoek in te stel na die redes waarom so baie teologiese studente veral gedurende die eerste studiejaar uitsak en daaroor te rapporteer, om te help met die werwing van teologiese studente maar tewens ook strenger op te tree by die keuring en toelating van studente, en om met die Raad van Finansies te skakel in verband met groter leningsbeurse aan studente wat dit nodig het.

## ℘ 1960

**08 Februarie 1960**

Die Kuratorium verwelkom vir professor F.J. Van Zyl, bedank vir professor Van Selms dat hy 'n benoeming as hoogleraar in Groningen van die hand gewys het, en verwelkom vir professor Geyser (in afwesigheid) terug na sy oorsese studieverlof.

Die Kuratorium het besluit om die versoeke van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te verwys na 'n kommissie en dat alleen studente wat volle vrystelling vir matriek verkry het, toegelaat sal word om in te skryf. Die Kuratorium het by hierdie geleentheid ook kennis geneem dat Van der Hoff en die Hervormde Studentevereniging gedurende die Julievakansie 'n konserttoer sou onderneem. Hierdie toere het 'n instelling geword en is vir jare volgehou. Die opbrengs van die toere is aangewend vir stywing van die teologiese studiefonds.

**16 Februarie 1960**

Professor Van Zyl woon sy eerste Fakulteitsraadsvergadering by. Hy word benoem as promotor vir die proefskrif van dominee P.G. Geertsema. As eksterne eksaminator is naas die ander fakulteitslede benoem professor J.H. Bavinck van die Vrye Universiteit, Amsterdam.

**29 Maart 1960**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voer 'n bespreking oor professor Geyser se houding ten opsigte van die landsbeleid en Artikel III. Die voorsitter het gesê Geyser maak die fout om sy standpunt oor gelykstelling met die Skrif te regverdig, en dat die Kommissie hom daarop moet wys dat hy dislojaal is aan die kerk deur hom nie aan Artikel III te onderwerp nie. Die Kommissie het 'n kommissie benoem om te rapporteer oor 'n beskrywingspunt waarin gevra word dat Artikel III strydig met die Skrif verklaar word of in ander woorde omskryf word. Die lede van die kommissie was A.D. Pont (sameroeper), B.J. Engelbrecht, H.P. Wolmarans, S.P.J.J. van Rensburg en J.P. Oberholzer. Op dieselfde vergadering het die Kommissie met professore en lede van die Kuratorium samespreking gevoer oor die moontlikhede om die teologiese leerplan te wysig, deur onder andere Grieks III nie meer verpligtend te maak nie.

**07 Junie 1960**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang verslag van twee samesprekings van dominees A.J.G. Oosthuizen, J.G.M. Dreyer en P.M. Smith met doktor R. Bilheimer, assistent-sekretaris van die Wereldraad van Kerke. Die Kommissie het ook skrywes van die Nederlandse Hervormde Kerk en die Australiese Presbiteriaanse Kerk oor die onlangse rasse-onluste behandel tesame met die antwoorde van die Moderamen daarop. Die Kommissie het ook die rapport van die kommissie oor Artikel III bespreek en bepaalde wysigings voorgestel.

**26 Julie 1960**

Die Fakulteit nomineer vir professor E.S. Mulder as dekaan. Die jaarverslag van die Fakulteit oor 1959–1960 meld dat die voltooiing van die nuwe gebouekompleks agter die Ou Letteregebou dit moontlik gemaak het dat elke dosent 'n eie kantoor kon betrek. Vir BA was 27 studente, vir BD 23 en vir DD 11 studente ingeskryf.

**05 Augustus 1960**

Die Kuratorium behandel 'n rapport van 'n komitee bestaande uit dominee C.L. van die Berg (sameroeper), doktor P.S. Dreyer en professor B.J. Engelbrecht oor die swak vordering van teologiese studente veral gedurende die eerste studiejare. Hierdie rapport, duidelik deur dominee Van den Berg bewoord, is deur die Kuratorium aanvaar en deurgestuur na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Dominee J.J. Prinsloo en doktor S.P.J.J. van Rensburg het hulle teenstemme laat aanteken teen sekere bewoordings in die rapport, nie by name aangetoon nie. Die volgende is 'n paar uittreksels uit die lang rapport:

> *Dit gaan oor meer as onbevredigende akademiese vordering .. Ook die gesindheid en belangstelling van studente wat reeds in die BD studiejare is, .. laat skynbaar heelwat te wense oor. Die Kuratorium meen dat die verskynsels met mekaar in verband staan en soek die gemeenskaplike agtergrond daarvan in die wyse waarop daar in die breë lae van die kerk, in die huise waarin die toekomstige lidmate en predikante van die kerk opgroei, oor die amp van dienaar van die Woord gedink word... Na die mening van die Kuratorium kan aangetoon word dat I. die gehalte, sowel intellektueel asook wat algemene geestestoerusting, byvoorbeeld deursettingsvermoë, toewyding en bereidheid tot opoffering, aanbetref, merendeel nie die beste is wat in die kerk beskikbaar is nie, II die aanpak van die studie deur diegene wat hulle wel aanmeld, gekenmerk word deur 'n gees van traak-my-nie-agtigheid en gebrek aan deursettingsvermoë ... Daar leef 'n aansteeklike besmetting in die kerk wat nie meer geïsoleerd voorkom nie en wat nie meer geïsoleer kan word nie: Die predikantekorps is siek; daarom is die kerk siek; daarom is die opleiding siek. Of: Die kerk is siek; daarom is die opleiding siek; daarom is die predikantekorps siek. Of: Die opleiding is siek; daarom is die predikantekorps siek; daarom is die kerk siek ... Van hierdie siekte was en is geslag na geslag professore,*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #920

*predikante en studente erfgename, slagoffers, produkte en verspreiders... Was daar ooit 'n tyd in die geskiedenis van ons kerk en opleiding toe die professore of van die professore nie oor een of ander saak onenig, en verdeeld, maar ook verbitterd, selfs in openlike verset teen mekaar, of teen die Kuratorium, of teen die Algemene Kommissie, of teen sommige predikante of instansies van die kerk was nie? Was daar ooit 'n tyd toe hierdie onenigheid en verdeeldheid en verbittering en verset teen ander professore of teen predikante of teen die regering van die kerk vir die studente 'n geheim was? Was daar ooit 'n tyd toe dit nie doelbewus onder studentegeledere oorgeplant is nie? Was daar ooit 'n dag dat predikante of toekomstige predikante of professore of doodgewone lidmate van die kerk die skouspel te sien gekry het van onvoorwaardelike lojaliteit aan die kerk, sy amptelike instansies en sy offisiële besluite?*

Hierdie sterk uitsprake, ook wat nie hier aangehaal is nie, het ook by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verset ontlok.

**13 September 1960**
Die Kommissie besluit om nie die rapport te aanvaar nie, maar wel al die aanbevelings met die uitsondering van een oor die keuring van aspirant-studente.

**06 September 1960**
Die Kuratorium behandel in 'n buitengewone vergadering briewe van die gemeentes Villieria, Naboomspruit, Edenvale en Ermelo en van die broeders C.H. Buitendag van Ermelo en Carel Buitendag van Edenvale waarin verwys word na artikels wat verskyn het in die *Sunday Times*

**13 September 1960**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur die volgende skrywe aan professor Geyser goed:

*Die Kommissie het ... 'n paar briewe uit die Kerk voor hom gehad waarin ontevredenheid uitgespreek word teen u optrede op die kansel en op die kateder, wat u dan sou gebruik om propaganda te maak vir u standpunt ten opsigte van Art III ... Die Kommissie wens u te verwys na die ondertekeningsformule ... Die Kommissie wens u beleefd te vra in belang van die kerk en van uself om tog versigtig te wees om die verdenking teen u nie aan te wakker nie, en sodat so ook 'n end kan kom aan die beroering in die kerk.*

**21 September 1960**
Die Fakulteit keur die inskrywings vir doktorale studie van dominees J.J. Engelbrecht en C.L. van den Berg goed en ook 'n wysiging van die proefskrif-onderwerp van J.I. de Wet na *Die Kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig.*

**11 Oktober 1960**
Die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het op 21–22 Junie 1960 'n bespreking gevoer oor die punte van diskussie wat beoog is vir die konferensie van die Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wereldraad van Kerke in Johannesburg in Desember 1960. Die voordragte op die Predikantevergadering is gepubliseer in *Hervormde Teologiese Studies*, Oktober 1960, en het omvat *Die ontwikkelingstempo binne Bantoegebiede by Afsonderlike Ontwikkeling* (R.D. Coertze), *Feitelike toestande en prinsipiële siening van die rasseverhoudingspatroon in Suid-Afrika* (P.J. Coertze), *Kerk en owerheid, en die rassevraagstuk in Suid-Afrika* (C.L. van die Berg), *Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (H.P. Wolmarans), *Die apostolaat van die kerk in hierdie tyd ten opsigte van binne- en buiteland* (J.P. Oberholzer), *Die kerk se visie op die resente gebeure in Suid-Afrika* (A.J.G. Oosthuizen), en *Die kerk se visie op die ontwikkelende situasie in Afrika* (C.J. Mans).

Hierdie materiaal saam met 'n handgeskrewe stuk van dominee J.G.M. Dreyer oor die profetiese taak van die kerk en 'n paar publikasies van die Wereldraad van Kerke was tot beskikking van die twee persone wat die memorandum van die kerk in Engels moes opstel vir die konferensie. Om een of ander rede is die Kommissie se versoek aan die twee persone nie amptelik deur die Skriba gerig nie, maar deur 'n memo-nota van die Administrateur, meneer A.B. van N. Herbst. Die *Memorandum on the five matters of discussion put forward by the secretariat of the World Council of Churches for discussion b y the conference of member churches, to be held in Johannesburg from the 7th to 14th December 1960, submitted by the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* is in konsep opgestel deur die predikante J.P. Oberholzer en C.J. Mans, en is 'n samevattende weergawe van die kerk se denke rondom die politieke, ekonomiese, kulturele en kerklike feitelikhede binne die situasie en tyd. Dat daar ook ander beskouings in die kerk geleef het, blyk uit die verskyning van die boek *Vertraagde Aksie* begin November 1960 waarin van Hervormde kant bydraes verskyn van A.S. Geyser, A. van Selms, M.J. Redelinghuys en J. Stutterheim, en ook uit die versoek van Geyser en Van Selms om vergunning om ook 'n voorlegging te maak aan die konferensie wat bekend sou word as die Cottesloe-konferensie

**28 November 1960**
Die konsepmemorandum word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur. As lede van die afvaardiging na die konferensie word benoem dominees A.J.G. Oosthuizen, T.F.J. Dreyer, J.G.M. Dreyer, P.M. Smith, J.P. Oberholzer, doktore P.S. Dreyer, B.J. Engelbrecht, F.J. van Zyl, S.P. Engelbrecht en L.I. Coertze. Geyser en Van Selms is geantwoord dat die konferensie op amptelike vlak is en dat hulle stuk dus nie ingehandig kan word nie.

**07–14 Desember 1960**
Die konferensie is bygewoon deur tien afgevaardigdes van die Wereldraad van Kerke en van elk van die Suid-Afrikaanse ledekerke, nl die Bantu Presbyterian Church, die Church of the Province of South Africa, die Congregational Union , die Methodist Church, die Presbyterian Church, die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapland), die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal, en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Cottesloe-konferensie het geëindig met 'n verklaring waarin bestaande regeringsbeleid en wetgewing afgekeur is en gesamentlike aanbidding beklemtoon is. Die Hervormde afvaardiging het 'n verklaring voorgelees en ingehandig wat soos volg lui:

*Ons as afvaardiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk is dankbaar dat ons die geleentheid gehad het om te luister na die getuienis van die verskillende kerke, en dat ons die geleentheid gehad het om ons eie getuienis te lewer. Ons wil egter met nadruk verklaar dat dit ons vaste oortuiging is dat apartheid of eiesoortige ontwikkeling die enigste regverdige oplossing is vir die rasseprobleme van ons land. Ons verwerp enige vorm of graad van integrasie. Die ooreenkoms wat bereik is, bevat 'n paar sake wat so ingrypend is dat ons dit nie mag onderskryf nie. Ons kan ons daarom nie met die verklaring vereenselwig nie. Verder wil ons ons waardering boekstaaf teenoor die regering van ons land vir die positiewe stappe wat geneem is vir die oplossing van die vraagstuk en die bevordering van die welsyn van die verskillende groepe. Ons kerk wil in die toekoms soos in die verlede sy verantwoordelikheid aanvaar om teenoor volk en owerheid te getuig in ooreenstemming met die voorskrifte van Gods Woord.*

Article #920 HTS Teologiese Studies/Theological Studies



# Hoofstuk 6

## Ekumeniese isolasie en interne stryd 1961–1970

Die stryd om die beperking van lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot blanke persone (Artikel III) lewer die agtergrond van gebeure. Die Geyser-saak en daarna die Pont-saak neem die sentrale plek in. Die sesde leerstoel kry beslag en die toetrede van S.P.J.J. van Rensburg en J.P. Oberholzer tot die Fakulteit lei tot die derde geslag in die Departemente Ou Testamentiese Wetenskap en Nuwe Testamentiese Wetenskap.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Ekumeniese isolasie en interne stryd 1961–1970', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #936, 21 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.936

### 1961

#### 24 Januarie 1961

Die Kuratorium handel oor die vroeë sluiting van lesings aan die Fakulteit. Die vergadering het kennis geneem van 'n skrywe van die voorsitter van die professore se vergadering aan die voorsitter van die Kuratorium waarin hy inligting gee oor die lesingrooster, tentamens en eksamen. Kennis is ook geneem van afskrifte van briewe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan Geyser en Van Selms oor hulle bydraes in die boek *Vertraagde Aksie*:

> *Die Kommissie wil u aandag daarop vestig dat die inhoud van die stuk beroering in die kerk en gemeentes veroorsaak, en wil u aandag daarop vestig dat u as ampsdraer van die kerk ook medeverantwoordelik is vir handhawing van die orde en vrede in die kerk en die gemeentes. U word dus versoek om in dié opsig uiters versigtig op te tree.*

In die bespreking op die Kuratorium-vergadering het Geyser gesê dat daar aangeneem moet word dat daar twee standpunte bestaan ten opsigte van Artikel III, en dat daar 'n verbod op hom rus wat hom verbied om onder andere op publieke vergaderings sy standpunt te stel. Hy het verneem dat professor Pont en dominee Oosthuizen 'n openbare vergadering op Brits toegespreek het en dat Pont daar 'n persoonlike aanval op hom en andere gedoen het, waarvolgens Pont hom (Geyser) met kommunisme vereenselwig het en selfs lasterlike dinge gesê het. Pont het geantwoord dat die bewerings nie korrek is nie en dat hy alleen professor Geyser siteer het ten einde sy verskil met Geyser se artikel in *Vertraagde Aksie* aan te dui. Geyser het sy tevredenheid te kenne gegee met die verduideliking.

#### 14 Februarie 1961

Die Fakulteit besluit om die eksaminering van die proefskrif van dominee P.G. Geertsema af te handel ten spyte daarvan dat die verslag van professor Bavinck nie ontvang is nie.

#### 09 Maart 1961

Die 53ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. Dominee A.J.G. Oosthuizen is herkies as voorsitter, dominee T.F.J. Dreyer as skriba, dominee J.G.M. Dreyer as vise-voorsitter en dominee A.J. Nolte as vise-skriba. As predikantelede is dominees P.M. Smith en C.L. van den Berg verkies. Die voorsitter het in sy openingsrede getrou gebly aan sy teologiese standpunt oor die aard en taak van die kerk, dit het gelei: 'Die koninkryk van God is nie spys en drank nie, nie stemreg, grondbesit of menseregte nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.'

Voor die vergadering het 'n beskrywingspunt van professor A.S. Geyser gedien: 'Die HE Algemene Kerkvergadering benoem 'n kommissie van eksegete om Artikel III en Artikel 7 van hoofstuk IV van die Kerkwet aan die Heilige Skrif te toets.' Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het meegedeel dat hy wel 'n kommissie van eksegete benoem het en dat die verslag in die agenda opgeneem is. Hierdie beskrywingspunt het vyf dae in beslag geneem. Geyser het die bespreking ingelei met die vraag of die verslag oor Artikel III bedoel is as antwoord op sy versoek, want die lede van die betrokke kommissie is na sy oordeel nie eksegete nie.

Van die 30 sprekers wie se argumente genotuleer is, het net doktor J.A.A. Stoop, dominee M.J. Redelinghuys, professor A. van Selms en dominee C.J. Labuschagne die beskrywingspunt gesteun. Ook die standpunte wat gestel is in Vertraagde Aksie htt onder skoot gekom tydens die vergadering. Daar was ook talle afgevaardigdes wat na die vergadering gekom het met opdragte van hulle gemeentes

> *om hulle stem te verhef teen persone – ampsdraers in die kerk – wat in woord, geskrif en op ander wyses agiteer teen Artikel III asook ander bepalings in die kerkwet en besluite van die kerk in hierdie verband. Hierdie afgevaardigers het nie spreekgeleentheid gekry nie, en die voorsitter het gereël dat hulle sal opstaan om op so 'n wyse hulle opdrag uit te voer, 225 broeders het opgestaan.*

Die volgende besluit is uiteindelik geneem:

*a.* *Om te verklaar (i) die kerk aanvaar heelhartig sy primêre apostoliese taak om die Evangelie aan alle volke en tale en nasies te verkondig, (ii) In die aanvaarding van sy apostoliese taak beskou die kerk dit as sy verantwoordelikheid om sorg te dra dat die verkondiging van die Evangelie ongehinderd sal voortgaan en nie gestrem of verydel sal word deur 'n optrede wat geen rekening hou met die situasie in ons land en in Afrika nie, (iii) Uit geslagtelange ervaring met die kleursituasie in Afrika weet die kerk dat die vermenging van blank en nie-blank, veral op die terrein van die kerk, onberekenbare skade doen aan die verkondiging van die Evangelie van Gods Koninkryk, (iv) Die kerk is daarvan oortuig dat as hy ter wille van die teenswoordige wêreldmening hom van sy beproefde weg sal afwend, die uitvoering van sy apostoliese taak ten opsigte van alle bevolkingsgroepe geskaad sal word, (v) Daarom verklaar die kerk met groot nadruk dat art III van die Kerkwet nooit bedoel was om 'n formulering of uitdrukking te wees van 'n leerstuk oor die rasse nie en dit tans ook nie wil wees nie, maar dat die kerk glo dat hy deur 'n werkverdeling van hierdie aard sy apostolaat die beste kan uitvoer.*

*b.* *Professor doktor A.S. Geyser, professor A. van Selms en diegene wat dieselfde standpunt huldig, onderwerp hulle aan art III van die Kerkwet en die uitsprake van die vergadering. Verder, dat gesien die feit dat uit die geslagtelange ervaring van die kerk met die kleursituasie in Afrika, die kerk besef dat die vermenging van blank en*

*nie-blank, veral op die terrein van die kerk, onberekenbare skade doen aan die verkondiging van die Evangelie van Gods Koninkryk, dat alle ampsdraers, lidmate en liggame van die kerk nie die beleid van die kerk in hierdie verband sal teenstaan nie behalwe wanneer dit gekied by wyse van gesprek op die Algemene Kerkvergadering, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Ringsvergadering en die Predikantevergadering.*

Daar was 'n alternatiewe voorstel wat wou hê dat professore Geyser en Van Selms en diegene wat dieselfde standpunt huldig, hulle onvoorwaardelik moet onderwerp aan Artikel III, en indien hulle nie hulle weg daartoe oopsien nie, 7 dae bedenkingstyd kry, en indien hulle dan nog volhard, word hulle versoek om uit hulle onderskeie ampte te bedank. Die voorstel is nie aanvaar nie, en 55 lede wat daarvoor gestem het, het hulle teenstemme laat aanteken.

Daar is ook nog 'n publieke verklaring uitgereik wat soos volg bewoord was:

(i) *Die kerk glo dat alle mense, ongeag enige verskil van ras, kleur of geslag, van nature dood is in die sonde en doemwaardig voor God is.*
(ii) *Die kerk glo dat die ewige God en Vader van ons Here Jesus Christus sy reddende genade in Jesus Christus geopenbaar het sodat elkeen wat in sy Seun Jesus Christus glo, of hy Jood of Griek, barbaar of Skith, slaaf of vryman, man of vrou, of uit watter volk of groep ookal is, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe. Daarom aanvaar die kerk heelhartig sy primêre apostoliese taak om die Evangelie van die koninkryk aan alle volke en tale en nasies te verkondig.*
(iii) *Om sy apostoliese taak volgens 'n verstandige werkwyse uit te voer, hou die kerk rekening met die volkeresamestelling in ons land en in Afrika, en onderneem die kerk om hom verder met toewyding aan hierdie taak te wy.*
(iv) *Daarom bevind hierdie Algemene Kerkvergadering dat Artikel III van die Kerkwet, wat 'n reglement is om die uitvoering van die apostoliese taak ordelik te laat verloop – na insae in die rapport van die studiekommissie daarvoor benoem, en na aanhoring van die argumente ten gunste van beskrywingspunt 32 - nie in stryd is met wat die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte oor die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges leer nie, en ten beste rekening hou met die besondere situasie in ons land.*
(v) *Die vergadering bevestig daarom weer sowel die goeie reg as die noodsaak van handhawing van Artikel III van die Kerkwet; en dra daarom aan elkeen van sy ampsdraers en lidmate op om langs die weg deur die kerk daarvoor bepaal, voortdurend besig te wees met die bestudering en ondersoek van die ganse inhoud van die Bybel en die betekenis daarvan vir die hele lewe van die kerk in hierdie land.*

Die vergadering het kennis geneem van die volgende verklaring van professor Van Selms:

*Net so min as ek in die verlede die kerk van die kansel besopreek het, sal ek dit in die toekoms doen. Net so min as ek in die verlede die kerkwet van die kateder bespreek het, sal ek dit in die toekoms doen. Soos in die verlede Skrif en Belydenis die rigsnoer van my mondelinge en skriftelike uitings was, sal Skrif en Belydenis dit ook in die toekoms wees.*

Professor Geyser het die volgende verklaring voorgelê:

*Hy versoek die lede van hierdie vergadering dat hulle onderneem met mekaar en teenoor mekaar: (i) om hulle te onthou van alles wat selfs die skyn van agitasie mag verwek, (ii) om nie vanaf die kansel, die kateder. in onderhoud met en geskrif in die koerant-pers enigiets te sê wat die indruk mag verwek dat dit gemik is teen die kerk en sy beleid nie, (iii) ons te onthou van bywoning van byeenkomste wat die karakter dra van geheime byeenkomste.* [Daar is soms na ekumeniese studiekringe verwys as geheime byeenkomste, maar met hierdie formulering wou Geyser duidelik ook die Afrikaanse Broederbond betrek].

Toe ouderling D.P.J. van Schalkwyk versoek het dat Geyser sy verklaring in die eerste persoon sal stel, het Geyser die verklaring teruggetrek. Hierdie Algemene Kerkvergadering het ook die rapport van die 'kommissie van eksegete wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem is om Artikel III van die kerkwet en sy aanverwante bepalings aan die Heilge Skrif te toets' aanvaar, 'met uitsondering van die laaste paragraaf en die aanbevelings.' Die aanbevelings het bestaan uit twee moontlike herformulerings van die artikel. Daar is besluit om wel die moontlike vervanging van die woord 'gelykstelling' in die artikel met 'vermenging' goed te keur vir opname in die Agenda van die volgende Algemene Kerkvergadering.

Professor Van Selms het in die Nederlandse tydskrif *Kerk en Theologie* se 12de jaargang, nommer 3, Julie 1961 in 'n artikel *De Nederduits Hervormde Kerk van Afrika en de kleurscheidslyn* die Nederlandse teologies-kerklike wêreld ingelig oor die verloop van sake en sy eie aandeel en beskouing. Hy was van mening dat die vergadering Artikel III in feite tot belydenis verhef het ten spyte van die uitdruklike versekering van die teendeel, en die onderskeid tussen belydenis en kerkreg uit die oog verloor het, en deur hierdie besluit in stryd gekom het met Artikel XXXII van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie artikel het ongetwyfeld bygedra tot wat 'n onoorbrugbare kloof sou word tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Oor Geyser skryf van Selms in hierdie artikel:

*Professor Geyser is afkomstig uit een bekende Afrikaanse familie, die altyd en niet ten onrechte als geesdriftige Afrikanernasionalisten bekend stond. Het was zijn studie van de gegevens, welke het Nieuwe Testament over de kerk biedt, die hem tenslotte, om zo te zeggen in weerwil van zijn natuurlijke zelf, er toe brachten om met ontsteltenis te konstateren dat onze kerkelijke praktijk de toets van het Woord van God niet doorstaan kan. Zijn studies voerden hem naar Europa, naar Geneve en tot de oecumenische theologie.* [...] *Toen Geyser zijn door zorgvuldige exegetische studien, die ook in de buitenland aandacht trokke, gevormde overtuiging tot uitdrukking bracht op theologenvergaderingen, begon de storm op te komen. De Hervormde Kerk speurde onraad: hier was een van zijn eigen theologen, ten nauwste betrokken bij de opleiding van de dienaren des Woords, die durfde verkaren dat een van de artikelen van de kerkwet in strijd met dit Woord was. De gemeenten begonnen te vrezen voor de invloed, die zulk een hoogleraar op de jonge studenten kon hebben.*

Oor die ontstaan van die memorandum van die kerk vir die Cottesloe-byeenkoms skryf Van Selms dat die referente op die Predikantevergadering deur die bestuur gekies is, uit die groep wat seker die gevolgde beleid sou ondersteun.

*Hoewel bij de diskussies professor Geyser, ikzelf en de kleine groep van predikanten die voor onze argumenten toegankelijk was, op allerlei manieren betoogden dat de geboden referaten op onjuiste exegese van de Heilige Schrift en op een onrealistische beschouwing van het toegepaste apartheidsbeleid berustten, werden de referaten nochtans door de Algemene Kommissie als grondslag voor haar memorandum aanvaard.*

Oor die ontstaan van en die reaksie op die boek *Vertraagde Aksie* skryf Van Selms dat die insigte van Geyser geleidelik ook by teoloë van die ander twee Afrikaanse kerke ingang gevind het en dat daar kontakte tot stand gekom het selfs met Engelssprekende teoloë.

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Ekumeniese studiekringe is opgerig en dit was hierdie byeenkomste wat aanleiding gegee het dat hulle geheime byeenkomste gehou het. *Vertraagde Aksie* het uit hierdie byeenkomste voortgekom, en het sensasie verwek. Oor sy eie bydrae skryf hy dat hy niks nuuts te sê gehad het nie maar wel probeer het om dit op ‘n ander manier te sê.

> *Vandaar wellicht de raillerende toon, die sommige lezers geboeid, anderen diep geërgerd heeft. Welke hartstochten zo iets hier te lande oproepen kan, valt op te maken uit de brochure die dominee C.L. van den Berg in januari van dit jaar liet verschijnen: 'Onvertraagde voortgang, Ope brief aan professor doktor A. van Selms.'* [...] *Nederlandse lezers, die dit geschrift in handen mochten krijgen, zullen verbaasd zijn om te horen, dat zo iets by een kerkelijke uitgeverij en nadat een kerkbestuur het gelezen had, het licht kon zien.*

Oor die besprekings op die Algemene Kerkvergadering skryf Van Selms:

> *Het is begrijpelijk dat sommigen in de hitte van een mondelinge debat hun zelfbeheersing verliezen; dat was waarschijlijk ook wel de geval met de oud-hoogleraar in de theologie, die verklaarde, dat Geyser de onbekwaamste exegeet was die hij ooit tegengekomen was, en dat ik voor mijn eerste theologische examen gezakt zou zijn, als ik daarbij de dingen gezegd had, die ik nu beweerde. Het laatste is trouwens geen mondelinge uitspraak, maar door de betrokke oud-hoogleraar in het officiële orgaan van de Hervormde Kerk geschreven.*

Daarmee verwys Van Selms na twee aflewerings van ‘n artikel “n Onaangename Plig’ in *Die Hervormer* van Januarie en Februarie 1961, van die hand van professor S.P. Engelbrecht. Hy verwyt albei dat hulle die Reformatoriese onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk ophef en daardeur op ‘n Roomse weg beland het. Die presiese woorde oor Van Selms en ‘n eksamen is daar: ‘hy begaan sulke dogmenhistoriese flaters wat voldoende sou wees om ‘n eerstejaars teologiese student in sy eksamen te laat sak. [Die apologetiese toon van die artikel van Van Selms wek die indruk dat hy besonder begerig was om in die Nederlandse wêreld groter aanvaarding te vind, iets wat sy persoonlike en akademiese styl nie so maklik gemaak het nie. By al sy hoë kwaliteite was sy ego steeds belangrik, en was hy totaal anders as die gemiddelde Nederlandse akademikus soos wat byvoorbeeld Gemser was.] Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 19 September 1961 saam met lede van die Kuratorium ‘n gesprek met Van Selms gevoer oor die stuk. Die besonderhede van die gesprek is nie genotuleer nie. Tydens die sitting van hierdie Algemene Kerkvergadering het die nuus gekom dat die Eerste Minister, doktor H.F. Verwoerd, Suid-Afrika aan die Statebond onttrek het. Die vergadering het toestemming gegee dat die volgende verklaring wat die voorsitter opgestel het in opdrag van die vergadering, uitgesaai word:

> *Namens die Nederduitsch Hervormde Kerk en in opdrag van die Algemene Kerkvergadering tans in sitting te Pretoria wil ek aan die volk van Suid-Afrika sê dat ons al meermale in die verlede op 'n kruispad gekom het waar ons moes kies. Ons dank God in ootmoedigheid dat Hy elke keer manne gegee het met die wysheid, geloof en moed om die eerbare weg te kies.Ook nou het ons volk by monde van die Eerste Minister gekies. Ons aanvaar sy keuse in dankbaarheid omdat ons glo dat ons volk 'n roeping het. Ons glo dat God die gebed van Jan van Riebeeck by sy landing aan die Kaap verhoor het. Ons glo dat God andermaal sy genade aan ons betoon het toe hy die gelofte van ons vaders by Danskraal beantwoord het met die oorwinning by Bloedrivier. Ons glo dat ons volk daar sy mandaat ontvang het om voort te gaan op die weg wat sal verseker dat die deurbraak van die lig van die Evangelie en die beskawing wat by Bloedrivier begin het, nie vernietig sal word nie. As geroepenes van God om die lig van die Evangelie en van die beskawing tot heil van alle mense in ons land te dra, mag of kan ons nie toegee aan magte wat ons hiervan wil afdwing nie. Met die blye geloofsversekering gaan ons die toekoms met kalmte en vasberadenheid tegemoet. In Hom is ons vertroue en aan Hom bring ons die dank en die eer.* [Die paradigma gebed van Jan van Riebeeck/ gelofte/ Bloedrivier wat aan die volk ‘n roeping gee, was die geldige in wye Afrikanerkringe en sou in die toekoms tot ernstige trauma lei.]

Die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat doktorsgrade in die Teologie verwerf is deur F.J. van Zyl, P.J.T. Koekemoer, P.S. Dreyer en S.P.J.J. van Rensburg. P.S. Dreyer het reeds in 1951 ‘n eerste doktorsgraad in die Wysbegeerte verwerf met ‘n proefskrif *Die Antropologie van Ludwig Feuerbach* onder promotorskap van professor C.K. Oberholzer.

Professor H.P. Wolmarans het na sy uittrede einde 1959 ‘n beroep aanvaar na die gemeente Johannesburg-Suid, en nadat ‘n ooreenkoms met die Nederduitse Gereformeerde Kerk bereik is oor opleiding aan die Stofberg Teologiese Skool en doktore J.I. de Wet en B.J. van der Merwe ‘n benoeming van die hand gewys het, het professor Wolmarans die benoeming as dosent aanvaar en hom op Turfloop gevestig van 01 Februarie 1961 af.

Professor S.P. Engelbrecht is verkies as ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Dominee J.G.M. Dreyer en W.J. Roos is afgevaardig om die groete van die vergadering aan professor Greyvenstein oor te dra met sy verjaarsdag.

Artikel 2 en 4 van hoofstuk VI van die Kerkwet is gewysig. ‘n Beskrywingspunt is aanvaar wat Grieks III nie meer verpligtend maak in die teologiese kursus nie. Die vergadering het kennis geneem van die skenking van studiebeurse uit Potchefstroom en die Ring van Zeerust, en van die Van der Hoff Teologiese Beursfonds wat deur die opbrengs van die Van der Hoff-HSV konserttoere in stand gehou word. Dit is goedgekeur dat beurslenings verhoog word van R120 tot R200 per jaar.

Die vergadering het wysigings goedgekeur van die bepalings oor die toelating as kandidaat tot die heilige diens, en oor die professore en ander dosente in die teologie. Daar is besluit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in samesitting met die Kuratorium met meerderheid van stemme ‘n vakopdrag aan ‘n kerklike hoogleraar of dosent kan wysig en/of terugneem, in oorleg met die Universiteit. Op die Kuratorium is verkies dominee S. Vermooten, Doktor S.P.J.J. van Rensburg, dominees J.P. van den Berg, L.M. le Roux, J.P. Oberholzer, J.I. de Wet en doktor A.P. Grove.

Die vergadering het kennis geneem dat professore E.S. Mulder, A.S. Geyser en A. van Selms benoem is op die Kommissie vir die Hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling. Hierdie vergadering het ook ‘n nuwe kategese-leerboek goedgekeur, by name *Die Belydenis van Die Hervormers* van die hand van professor A. van Selms.

Professor S.P. Engelbrecht het tydens hierdie vergadering sy argief en museumstukke aan die kerk geskenk, en die vergadering het dit aanvaar. Die aanvaarding is opnuut bevestig in die Kommissie se vergadering op 26 Augustus 1963.

**25 April 1961**

Die Fakulteit keur die inskrywings van dominees J.J. Booyse en J.A. Swanepoel vir DD goed.

**23 Mei 1961**

Die Fakulteit keur J.I. de Wet se proefskrif goed en ook die inskrywing van dominee J.H. Koekemoer vir DD.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

**20 Junie 1961**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader en neem onder andere kennis van skrywes van die Presbiteriaanse Alliansie en die Kerk van Ierland wat oordeel dat Artikel III in direkte stryd met die Skrif is, en keur die antwoord van die voorsitter goed.

**26 Julie 1961**

Die Kuratorium verkies doktor S.P.J.J. van Rensburg as voorsitter en dominees S. Vermooten as onder-voorsitter. Die vergadering het kennis geneem van die besluite van die Algemene Kerkvergadering, beurse toegeken, en dominees J.I. de Wet gelukgewens met die aanvaarding van sy doktorale proefskrif. Die jaarverslag van die Fakulteit oor die tydperk 1960–1961 meld dat 21 studente vir BD en 12 vir DD ingeskryf was.

**19 September 1961**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verneem van die voorsitter dat hy van verskillende studente skrywes ontvang het waaruit blyk dat hulle ernstige besware teen professor Geyser het. Die dekaan het ook aan hom te kenne gegee dat daar byna onuithoudbare spanning en ontevredenheid in die Fakulteit heers in verband met professor Geyser. Die skriba het bygevoeg dat hy ook van verskillende gemeentes besware ontvang het oor die optrede en houding van professor Geyser. Die dekaan en drie sesdejaar studente het ter vergadering gekom en vrae beantwoord, en die dekaan het gewys op die spanning en ontevredenheid in die Fakulteit. Na bespreking het die vergadering die gevoel uitgespreek dat dit nie langer wenslik is dat Geyser aanbly as professor nie en besluit dat die kontrak met die Universiteit ondersoek word en dat regsadvies daaroor ingewin word. Die regsadvies is tydens die vergadering verkry, en die Kommissie het besluit om Geyser se diens te beëindig met ses maande kennisgewing vanaf 01 Oktober 1961. Die vergadering het egter ook gevoel om eers 'n gesprek met hom te voer en hom mee te deel dat dit wil voorkom asof daar geen vertroue meer in die kerk teenoor hom as professor is nie as gevolg van sy optrede oor 'n lang periode en oor sy verhouding met studente en professore in die Fakulteit, en dat die vraag by die Kommissie opgekom het of dit nie vir hom 'n eerbare weg sal wees om sy bedanking in te dien nie, en dat die Kommissie hom sewe dae tyd gee om hieroor te dink en te handel. Geyser het die versoek aangehoor maar geen kommentaar gelewer nie.

**20 September 1961**

In 'n samesitting tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium word besluit dat die leeropdrag Praktiese Teologie van professor Geyser teruggeneem word en is aan die Kuratorium opgedra om die nodige in dié verband te doen. Geyser het op die Kuratoriumvergadering van 02 Februarie 1962 beswaar gemaak teen die besluit en verklaar dat hy al sy regte in dié verband voorbehou.

**26 September 1961**

Die Fakulteit neem kennis dat meneer Nico Prinsloo van die distrik Bronkhorstspruit 'n bedrag geskenk het met die versoek dat dit belê word en dat die opbrengs elke derde jaar toegeken word as 'n prys vir die beste student in die vak Ou Testamentiese Wetenskap. Die Fakulteit het besluit om professor S.P. Engelbrecht aan te beveel vir die toekenning van die eregraad DD.

**03 Oktober 1961**

Die Kuratorium moes handel oor 'n klagskrif van drie studente, dieselfde as dié wat op 19 September 'n onderhoud met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gehad het, teen professor A.S. Geyser oor dwaalleer en volharding in verset deur woord teen die wet, bepalings en besluite van die kerk. Die klaers was die sesdejaarstudente W.C.M. de Beer, E. Engelbrecht en H.G. van der Westhuizen.

Professor Van Selms het gevra dat die vergadering eers moet vasstel of die klaers die dekaan geraadpleeg het, omdat die dekaan dan geprejudiseer sal wees en nie die vergadering behoort by te woon nie. Die vergadering het besluit dat die beswaar nie geld nie omdat die professore nie stemreg het nie. Professor Geyser het die volgende verklaring van vier studente ingehandig:

> *Ons die ondergetekendes verklaar dat professor A.S. Geyser met die begin van hierdie jaar vir die klas gevra het of hulle genoeë daarmee sal neem dat hy die ekumeniese beweging behandel in die praktiese teologie. Dit was onmiddellik na afloop van die Algemene Kerkvergadering. Niemand het beswaar aangeteken nie. In die eksegeseklas het professor Geyser herhaalde kere daarop gewys dat ons 'n kritiese sin moet hê. Ons het saam gestudeer en indien daar meningsverskille was, het ons dit op vreedsame wyse opgelos en waar ons as studente miskien reg was het professor Geyser volkome daarmee ingestem, byvoorbeeld ten aansien van Fil 1:20. Professor Geyser het nog nooit dominerend te werk gegaan nie en slegs gesê dat ons tog weet wat sy standpunt in die kerk is en dat ons nie met hom hoef saam te stem nie.*

Die verklaring is onderteken deur C. Jongeleen (vierdejaar), G.M. Booy (vyfdejaar), A.T. Kemp (vierdejaar) en J.H. Viljoen (sesdejaar).

Geyser het verklaar dat '(a) Ek ontken skuld op altwee klagtes, (b) Ek bely dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy eenswesens met die Vader is.' Hy het voorts sy diktaat en die aantekeninge van vier studente met die klagstaat vergelyk en aangetoon dat daar talle verskille is. Daarna het hy die klagte punt vir punt behandel en uitvoerig sy beskouing oor die betekenis van die woord *morphe* in Filippense 2 weergegee.

Die standpunt van lede van die Kuratorium was dat hulle taak net is om vas te stel of die klag formeel in orde is. Geyser het verdere toeligting gegee. Daarna het dominee J.I. de Wet met sekondant J.P. Oberholzer voorgestel: 'Nadat die Kuratorium in ooreenstemming met die kerkwet die klagstaat behandel het, besluit die Kuratorium om dit deur te stuur na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.'

Professor Van Selms het voorgestel:

> *Aangesien die klagstaat vol is van onnoukeurighede, misverstande, logiese foute en sake wat uit hulle verband geruk is, mis dit elke grond en stuur die vergadering dit nie deur na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie.*

Die voorstel deur De Wet is met algemene stemme aangeneem.

**24 Oktober 1961**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem sitting en besluit om die klag in behandeling te neem. Geyser het gevra dat 'n bandopname van die verhoor gemaak word, 'n snelskrif tikster aan hom toegestaan word, buitelandse waarnemers en predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Engelse kerke toegelaat word om die verhoor by te woon, en dat die verhoor daagliks nie langer as vyf ure sal duur nie. Die Kommissie het besluit dat net lede van die Hervormde Kerk die verhoor mag bywoon en dat die pers nie toegelaat sal word nie. Vir deskundige advies aan die Kommissie is benoem professore E.S. Mulder, B.J. Engelbrecht, A.D. Pont en F.J. van Zyl 'wanneer die Kommissie dit verlang.' H.G. van der Westhuizen het as woordvoerder van

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

die klaers opgetree en die name van mede-studente voorgelê wat ingestaan het vir bepaalde paragrawe in die klag. Daarna het hy die motivering van die klag behandel. Geyser het aan die woord gekom op 25 Oktober met ondervraging van die aanklaers.

Die verhoor het uiteindelik 38 sittings van die Kommissie geverg. Die transkripsie van die verloop beslaan sowat 2672 folio bladsye. Uitvoerige pre-advies namens die Vergadering van Professore is deur professor B.J. Engelbrecht voorgelê. Professor S.P. Engelbrecht het hom op 21 Maart 1962 aan die saak onttrek. Hy het geskryf dat die saak sy gesondheid baie benadeel het en dat hy fisies en psigies aan die einde van sy kragte gekom het. Die spanning wat hy ervaar, word verhoog deur die aanhoudende aantygings van Geyser dat hy bevooroordeeld is. Sy onttrekking sal die Kommissie van daardie aantygings vrywaar. Die Kommissie het op 24 en 26 April oor die verskillende onderafdelings van die klag afsonderlik besluit.Wat die gedeelte betref oor volharding in verset was die bevinding dat dit nie afdoende bewys is nie en dat die aangeklaagde die voordeel van die twyfel moet geniet. Wat die gedeelte oor dwaalleer betref, is bevind dat die klag in verband met die Christologie gestaaf is (10 stemme teenoor 2), dié oor die ekklesiologie nie gestaaf is nie (9 stemme teenoor 3), en ook nie die klag oor die Pneumatologie nie (met algemene stemme). Die besluit was dat die aangeklaagde in terme van Artikel 10, hoofstuk 15 van die Kerkwet afgesit word as predikant van die kerk en dat die Universiteit van Pretoria kennis gegee word dat die subsidie vir die leerstoel Nuwe Testament vanaf datum 08 Mei 1962 teruggetrek word. Dominee C.L. van die Berg is versoek om ‘n samevattende beredenering op te stel.

Die beredenering en bevinding van die Kommissie soos goedgekeur op 08 Mei 1962 beslaan 18 folio bladsye. Aan die einde van die stuk verskyn die volgende paragraaf:

> *As daar verder gelet word op die aanmatigende en verkleinerende uitlatings wat deur die aangeklaagde tydens sy verhoor gemaak is teen die Kerk, die Kommissie en hulle wie se getuienis nie in sy guns was nie, en die uitdagende houding wat hy tot die einde van die verhoor volgehou het, kan die Kommissie geen versagtende omstandighede vind nie.*

## 1962

### 20 Februarie 1962

Die Fakulteit keur goed dat dominee C.J. Labuschagne die DD graad met lof ontvang met sy proefskrif *Die onvergelyklikheid van Jhwh in die Ou Testament*.

### 01 Mei 1962

Die Fakulteit neem kennis en keur goed dat ‘n sesde leerstoel in Afdeling B ingestel word. Na aanleiding van ‘n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Fakulteit versoek dat ‘n sesde leerstoel ook by Afdeling A ingestel maar nie dadelik gevul word nie. Die nodige regulasiewysigings is aangebring.

### 08 Mei1962

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur ‘n herderlike skrywe goed oor die standpunt van die kerk ten opsigte van die verhouding Skrif en Belydenis en die vryheid van die eksegeet.

### 20 Junie 1962

Die Kommissie het ‘n konsepverklaring goedgekeur waarin die redes verstrek word vir die uittrede van die Nederduitsch Hervormde Kerk uit die Wêreldraad van Kerke. Daarin word onder andere die volgende verklaar:

> [*D*]*at die Wêreldraad van Kerke na ons mening teen wil en dank die naprater van die V.V.O. geword het. Net soos die V.V.O. Suid-Afrika se rasse-beleid as skyf gebruik om deur aanvalle daarop die guns van die Afrikastate te verwerf, en in die spel voortdurend met twee mate meet, so doen ook die Wêreldraad van Kerke. As die V.V.O. as gevolg van onluste by Sharpeville en Langa, waar ‘n aantal oproermakers deur die polisie geskiet is, in byna histeriese verontwaardiging teen Suid-Afrika losbars, ontsien die Wêreldraad van Kerke geen moeite of koste om van sy leidende figure na Suid-Afrika te stuur om hier saam met sy ledekerke oor die gebeure te beraadslaag en die rassebeleid en optrede van die owerheid te veroordeel nie.* [...] *Wat Suid-Afrika en ook ons kerk betref, stuur die houding en eise sowel van die V.V.O. as die Wereldraad van Kerke af op selfmoord vir die blankes en chaos en ellende vir die Bantoes en veral die Kleurlinge en Indiërs in Suid-Afrika. Nog belangriker is die verydeling van die kerstening van die heidene.*

### 31 Julie 1962

Op ‘n spesiale vergadering het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kennis geneem van ‘n skrywe van Geyser se prokureurs waarin kennis gegee word dat indien die uitspraak nie binne drie weke teruggetrek word nie, geregtelike stappe teen die kerk geneem sal word. Die Kommissie het besluit om nie aan die versoek te voldoen nie en het sy voorsitter en skriba gemagtig om alle dokumente te onderteken en namens die Kommissie op te tree, en dat die firma Peens, Smit en Oelofse opdrag gegee word om die saak van die kerk te behartig. As advokate is benoem Tienie de Kock as senior, A.S. Botha as junior en R.K.R. Zeiss as tweede junior.

Professore E.S. Mulder, B.J. Engelbrecht en doktor S.P.J.J. van Rensburg is versoek om ter inligting van die prokureurs en advokate ‘n uiteensetting te gee van die taak van ‘n eksegeet. ‘n Beroep is op gemeentes gedoen om die koste in verband met die saak te help dek. Professore Mulder en Pont en S.P. Engelbrecht en doktor S.P.J.J. van Rensburg wat tydens die Geyser-verhoor in ‘n slegte lig gestel is, sou geleentheid ontvang om hulle in die vergadering van die Kommissie te verweer.

### 31 Julie 1962

Die Fakulteit aanvaar dominee L.A. Nel se inskrywing vir DD en bekragtig die bedanking van professor A.S. Geyser met ingang 01 Oktober 1962 wat regstreeks by die Raad ingedien is en aanvaar is. Kennis is geneem van ‘n brief van Geyser aan die dekaan gedateer 25 Junie 1962 dat die BD studente nie sy lesings bygewoon het nie en versuim het om voorbereiding vir die lesings te doen, en van ‘n volgende brief, gedateer 31 Julie, dat op enkele uitsonderings na, die studente nie vir die halfjaarlikse eksamens voorberei het nie en gevolglik swak halfjaarpunte gekry het. Hy het die predikaatopgawes direk by die administrasie ingedien. Volgens die jaarverslag van die Fakulteit het in 1962, 16 studente BD studie gedoen en was 9 met DD besig.

### 01 Augustus 1962

Die Kuratorium behandel die volgende bedanking van professor A. van Selms, wat gerig was aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

> *Na bestudering van die bevinding en uitspraak met betrekking tot die klag teen professor doktor A.S. Geyser en van die verklarings van u voorsitter in die pers, het dit vir my duidelik geword dat die eksegetiese arbeid in die Teologiese Fakulteit Afdeling A. van*

*die Universiteit van Pretoria volgens die mening van u kommissie nie slegs aan sy voorwerp, die Heilige Skrif, onderwerp is nie, maar ook aan kerklike besluite en u interpretasie daarvan. My gewete verbied my om my deur mense te laat voorskryf wat die goddelike Woord sê. Daarom kan ek 'n taak wat ek vanaf 1938 uit liefde en met liefde waargeneem het, nie langer vervul nie en sien ek my genoodsaak om met ingang van 30 Junie 1962 vir die posisie as lektor in genoemde fakulteit te bedank.*

Die Kuratorium het besluit om aan te beveel dat die lektoraat afgeskaf word en dat die hoof van die Departement Ou Testamentiese Wetenskap die vak Argeologie sal doseer. Die Kuratorium het ook kennis gekry dat Geyser bedank het as professor en uit diens sal tree op 30 September 1962. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Kuratorium gemagtig om 'n professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap te benoem en opdrag gegee dat die benoeming gemaak moet word in dieselfde tyd as wanneer die Kommissie in September vergader.

Die Kuratorium het besluit om die reël te handhaaf dat alle teologiese studente in Voortrekkertehuis sal inwoon, dat studente wat motors aanskaf tydens hulle studietyd, nie vir beurse in aanmerking sal kom nie en dat dit onwenslik is dat studente trou voordat hulle klaar is met die studie.

Die vak Bybelkunde is in 1958 aan die Universiteit ingestel op versoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk. In die eerste jare is die onderrig waargeneem deur professor E.P. Groenewald en J.P. Oberholzer. Later is professor Groenewald vervang met dominee Murray Janson. In 1959 is Oberholzer met sy vertrek na Rustenburg vervang met dominee C.J. Labuschagne. Dominee Dirk Viljoen het van Nededuitse Gereformeerde kant die werk gedoen. Die rektor het op 12 Februarie 1962 die aandag gevestig daarop dat die belanghebbende instansies die wens uitgespreek het dat professore in die Teologie die vak moet doseer. Dosering deur dosente in die Fakulteit sou ook in orde wees. Die Kuratorium het op 01 Augustus 1962 besluit om doktor J.I. de Wet aan te stel as tydelik/deeltydse lektor en dat hy behulpsaam sal wees met die dosering van Praktiese Teologie en Bybelkunde.

### 12 September 1962

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die reëling goedgekeur met die duidelike verstandhouding dat dit nie impliseer dat die leerstoel Praktiese Teologie gevul word of dat dit die begin is van vulling van die leerstoel nie, en dat doktor De Wet se taak tot so min moontlik lesings in Praktiese Teologie beperk sal word. In 'n onderhoud met die Moderamen op 01 November 1962 is briewe van doktor C.J. Labuschagne met hom bespreek oor sy beswaar dat hy oor die radio moes verneem dat 'n ander dosent in Bybelkunde benoem is. Die voorsitter het verduidelik dat die Kommissie dit betreur dat daar versuim is om hom van die besluit te verwittig en dit ook betreur dat hy na die vyandige pers, die *Sunday Times*, gegaan het met insinuasies dat die kerk kwaadwillig teen hom opgetree het.

### 13 September 1962

Die Kuratorium besluit om doktor S.P.J.J. van Rensburg te benoem as professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap met ingang 01 Februarie 1963 en benoem hom as tydelik-deeltydse lektor vir die tydperk 01 Oktober 1962 tot 31 Januarie 1963.

**Sarel Petrus Johannes Janse van Rensburg** is gebore op 19 April 1907 en groei op in die distrik Makwassie. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad in 1926 en voltooi die BA-graad aan die Transvaalse Universiteitskollege in 1929, BD in 1932. In sy studentetyd verwerf hy bekendheid as atleet (vandaar sy bynaam Atleet) en speel hy provinsiale rugby as vleuel en soms ook as losvoorspeler. Weens die depressie was daar nie 'n beroep beskikbaar nie. Nadat hy as proponent tydelik in Makwassie gewerk het, is hy op 05 Augustus 1933 georden as predikant van die gemeente Eendracht. Daarna dien hy in die gemeentes Randpoort, Potchefstroom, Potchefstroom-Noord en Pretoria. Hy promoveer in 1958 met lof met die proefskrif *Hagios in die Nieu-Testamentiese Voorstelling* met professor A.S. Geyser as promotor. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die benoeming bekragtig op dieselfde dag.

### 25 September 1962

Die Fakulteit neem kennis dat die Lutherse Kerk versoek het dat die instelling van 'n Afdeling C. nie voortgaan nie. Die Fakulteit het aanbeveel dat doktor S.P.J.J. van Rensburg van 01 Oktober tot 31 Januarie tot assessorlid van die Fakulteit benoem word, en het die voorstel goedgekeur dat hy van 01 Februarie 1963 as professor en hoof van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap benoem word. Die Fakulteit het verder aanbeveel dat doktor J.I. de Wet vanaf 01 Februarie 1963 benoem word as tydelik-deeltydse dosent in die Departement Praktiese Teologie en as assessorlid, dat hy verantwoordelik sal wees vir die dosering van Bybelkunde I en II terwyl professor E.S. Mulder Bybelkunde III sal behartig. Die rektor, professor C.H. Rautenbach, was teenwoordig, en A.S. Geyser het vir die laaste keer die vergadering bygewoon.

### 04 Desember 1962

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering betuig staande sy meegevoel teenoor mevrou Gemser met die afsterwe van professor Gemser op 15 November 1962 in Nederland. 'n Gewysigde kontrak met die Universiteit is bespreek en na die Pretoriase lede verwys om na te gaan en goed te keur.

Gemser is na sy dood gehuldig op verskillende wyses. Sy leermeester, die hoog bejaarde professor F.M.Th. de Liagre Böhl, het in *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 19, Oktober 1963 'n 'In Memoriam' geskryf, en Th.C. Vriezen het in *Nederlandsche Theologische Tijdschrift* onder andere geskryf:

*Professor Gemser zal bij allen die het voorrecht hebben gehad hem te kennen in herinnering blijven om zijn wijsheid, die zich openbaarde in zijn vriendelikheid, zijn rust, zijn oprechtheid en eenvoud van hart en vooral zijn speelse humor, die misschien weleens spottend, maar nooit bijtend kon zijn.*

In 1968 is versamelde opstelle van Gemser by E.J. Brill in Leiden gepubliseer onder die titel *Adhuc Loquitur* onder redaksie van A. van Selms en A.S. van der Woude, met 'n biografiese skets deur Van Selms.

## ᔕ 1963

### 01 Februarie 1963

Die Kuratorium vergader. In die plek van doktor S.P.J.J. van Rensburg en doktor J.I. de Wet is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as lede benoem dominees C.J. Mans en W.M. Wolmarans. J.P. Oberholzer is as voorsitter verkies.

Die vergadering het kennis geneem dat die dosering van Praktiese Teologie soos volg sou geskied:

- Homiletiek, Kategetiek, Sielsorg: J.I. de Wet
- Praktiese Preekoefening: E.S. Mulder, S.P.J.J. van Rensburg, J.I. de Wet



Article #936
HTS Teologiese Studies/Theological Studies

- Liturgiek: B.J. Engelbrecht
- Pastorale Sielkunde: F.J. van Zyl
- Kerkregtelike Praktyk: A.D. Pont.

**19 Februarie 1963**

Die Fakulteit staan verlof toe aan professor E.S. Mulder van 01 Julie tot 31 Desember, keur die inskrywing van dominee J.A. de Beer vir DD goed, besluit dat J.P. Oberholzer die doktorale eksamen met lof slaag en keur die onderwerp van sy proefskrif goed, en bekragtig die uitslag van die proefskrif van dominee L.M. le Roux oor *Kerklike Jeugwerk.* In hierdie vergadering was professor S.P.J.J. van Rensburg en doktor J.I. de Wet die eerste maal teenwoordig.

**19 Maart 1963**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering betuig sy instemming met aanbevelings van professore B.J. Engelbrecht en A.D. Pont oor die handoplegging.

**30 April 1963**

Die Fakulteit keur die inskrywing van dominees W.C. van Wyk en E. Engelbrecht vir DD goed.

**29 Mei 1963**

Die Kuratorium neem kennis dat professor E.S. Mulder ses maande langverlof neem en dat die doseer- en eksamenpligte in Ou-Testamentiese Wetenskap deur J.P. Oberholzer behartig sal word, die dekaanskap deur professor B.J. Engelbrecht en die hoofskap van die departement deur professor S.P.J.J. van Rensburg. Die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het dit so goedgekeur.

**30 Julie 1963**

Die Fakulteit nomineer eenparig vir professor E.S. Mulder as dekaan. Volgens die jaarverslag van die Fakulteit was 15 studente ingeskryf vir BD en 12 vir DD. Nuwe inskrywings vir DD was D.J. Booysen, H.G. van der Westhuizen en C.J. Mans.

**06 Augustus 1963**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het dominee C.J.S. van Niekerk benoem as lid van die Kuratorium in die plek van dominee S. Vermooten wat weens siekte bedank het. Dominee Vermooten was met twee kort onderbrekings lid van die Kuratorium van 1931 tot 1963. Die Kuratorium het sy waardering uitgespreek vir die onvermoeide ywer wat hy as lid van die Kuratorium en by tye as voorsitter of ondervoorsitter aan die dag gelê het.

Die verskynsel dat sommige studente die BA studie aan ander universiteite voltooi het, het begin by D.F. Erasmus wat in 1953 begin het met die BD studie aan die Universiteit van Pretoria nadat hy die BA op Potchefstroom voltooi het. Die Kuratorium het besluit dat hy nie die bevoegdheid het om ‘n voornemende student toe te laat as student van die kerk wanneer so ‘n student elders studeer nie, maar dat niks so ‘n student verhinder om vir die BA elders te studeer en met die behaalde resultate aansoek te doen om toelating tot die BD studie as student van die kerk nie, maar dat die Kuratorium dit hoogs wenslik ag en verkies dat alle voornemende teologiese studente van die begin af aan die Universiteit van Pretoria studeer.

Op dieselfde vergadering het die Kuratorium sy voorsitter en dominee W.M. Wolmarans benoem om die betrokke hoofstukke in die Kerkwet na te gaan met die oog op moontlike wysigings deur die komende Algemene Kerkvergadering. Die vergadering het ook besluit dat hy jaarliks ‘n rapport oor die akademiese en kerklike werksaamhede van die professore wil ontvang.

**26 Augustus 1963**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader. Daar het gedien ‘n memorandum van advokaat M.R. de Kock waaruit geblyk het dat die hofsaak tussen die kerk en professor Geyser geskik is nadat hy in die hof bely het dat hy die Belydenisskrifte van die kerk en in besonder die Athanasianum saam met die kerk bely en onderskryf. Dit het ‘n nuwe situasie geskep wat gelei het tot ‘n broederlike gesprek tussen die partye. Uiteindelik is ‘n skriftelike stuk opgestel waarin die resultaat van die voorlopige onderhandelings beliggaam was. Hierdie stuk is aan advokaat De Kock voorgelê, en hy het ten sterkste aanbeveel dat die hofsaak uit die wêreld gemaak moet word deur aanvaarding van die stuk omdat

> [*Ek*] *oortuig was dat die kerk op die grondslag van daardie dokument met groot eer uit die wêreldlike stryd sou tree sonder dat enige van die beginsels waarvoor die kerk staan daardeur prysgegee sou word.*

Verder het De Kock geskryf:

> *Ek wil dit beklemtoon dat die vergelyk waartoe die partye geraak het voortgevloei het uit ‘n opregte drang van die kant van die kerk om op ‘n Christelike wyse ‘n oplossing in die saak te vind en dat daar derhalwe nie sprake kan wees daarvan dat die een of die ander kant die handdoek ingegooi het nie. Wat my betref was dit deurgaans eenvoudig ‘n kwessie van die wenslikheid om die kerk uit die wêreldhof te hou en om in belang van die kerk ‘n vergelyk te bewerkstellig op die enigste grondslag wat by die kerk van krag is, naamlik om in ‘n gees van Christelike broederlikheid ‘n versoening te bereik.*

Die notule van die Kommissievergadering vermeld dat die Kommissie met dank kennis geneem het van die memorandum van advokaat De Kock. Die skriftelike stuk van ooreenkoms vorm nie deel van die agenda van die Kommissie nie. Daar is wel genotuleer dat die voorsitter op ‘n vraag geantwoord het dat

> [*D*]*ie hofooreenkoms waarin verklaar word dat professor Geyser steeds predikant van die kerk is ook insluit dat professor Geyser nou, terwyl hy oorgegaan het na ‘n ander lewensstaat, sy status behou kragtens ‘n vergunning van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in terme van Artikel 10 van die Kerkwet*

en dat die vergadering daarmee saamgestem het. Verder in die notule rapporteer die Administrateur dat tot datum van gemeentes R28 270 ontvang is as bydrae vir die koste van die saak, veel minder as die R60 000 wat dit moes wees op grond van die gevraagde 80 sent per lidmaat. Die koste waarvoor die kerk aanspreeklik was, het die koste van professor Geyser ingesluit, en het R88 195 beloop. Daar is besluit om gemeentes wat niks bygedra het nie, aan te spreek om binne twee maande die saak af te handel. Intussen het die Raad van Finansies besluit om die verbandstruktuur van die Dirk van der Hoff- en Generaal Pretorius geboue in hersiening te neem deur die sluiting van nuwe lenings teen kleiner rentekoerse sodat so oor ‘n aantal jare die koste van professor Geyser betaal kan word.

Die betrokke hofooreenkoms is gepubliseer in ‘n byvoegsel by *Die Hervormer* van Junie 1963. Dit lees soos volg:

> *Na aanleiding van professor Geyser se getuienis in die hof in verband met die belydenis het ‘n broederlike gesprek tussen die partye plaasgevind. Daaruit het geblyk dat daar tydens die kerklike verhoor onduidelikheid geheers het oor die vraag of professor Geyser die geheel van al die Belydenisskrifte saam met*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

*die kerk bely. Daardie misverstand is nou uit die weg geruim en gevolglik is dit met diepe vreugde dat die twee partye nou soos volg verklaar: Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verklaar dat hy nou duidelik verstaan dat dit nooit professor Geyser se bedoeling was dat sy uitleg van Fil 2:6–11 'n finale uitspraak oor die verhouding van die Seun tot die Vader moes wees nie. Die Kommissie verklaar dat dit 'n bona fide en opnopsetlike misverstand was. Professor Geyser verklaar dat hy aanvaar dat dit 'n bona fide en onopsetlike misverstand was. Professor Geyser herbevestig sy herhaalde verklarings dat hy ook die Athanasianum as synde in volledige ooreenstemming met die Heilige Skrif altyd onderskryf het en nog onderskryf.*

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar hierdie versekering en verklaar soos volg:

*Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering stel sy bevinding en uitspraak van 08 Mei 1962 tersyde en verklaar dat professor Geyser steeds predikant van die kerk is. In 'n gees uitsluitlik van christelike broederlikheid bied die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan om alle regskoste deur die Algemene Kommissie en professor Geyser aangegaan te betaal. Professor Geyser aanvaar hierdie aanbod van die betaling van sy regskoste deur die kerk, net soos die kerk dit aanbied, as 'n daad van broederlikheid van die kant van die kerk, met dank. Beide partye gee die eer aan God vir die beëindiging van die verontrusting van die afgelope jare.*

Aan die teks van die ooreenkoms het die Kommissie in die *Byvoegsel tot Die Hervormer*. Die volgende twee paragrawe laat voorafgaan:

1. *Die ongewenste publisiteit wat die Geysersaak sedert die beëindiging van die hofsaak in die pers geniet het, insluitende die jongste persberigte in die verband, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering laat besluit om nie voort te gaan met die publikasie in Die Hervormer van die verklaring wat oorspronklik opgestel is vir die inligting van lidmate nie, omdat die Kommissie in belang van die kerk nie die verdere geleentheid wil bied aan instansies wat die kerk nie goedgesind is om voortdurend sodanige publisiteit aan die saak te verleen nie.*
2. *Die Kommissie wil egter aan alle lidmate die absolute versekering gee dat die basis waarop die partye mekaar in die saak gevind het in geen opsig afbreuk doen aan die beginsels waarvoor die kerk staan nie. Daar is geen sprake dat die een of die ander kant die saak gewen of verloor het nie en die Kommissie wil dit beklemtoon dat die onderneming deur die kerk om alle regskoste van die hofsaak te betaal uitsluitend berus op die grondslag vermeld in die gesamentlike verklaring wat namens albei partye aan die hof voorgelees is.* [Ook uit terugskouing vanuit die dokumentasie is dit duidelik dat lidmate en waarnemers ten spyte van uitdruklike bewerings tot die teendeel nie anders kon aflei as dat Geyser sy saak gewen het nie. Die bewoording 'onduidelikheid' en 'misverstand' en 'nou duidelik verstaan' kan immers so verstaan word dat die Kommissie in daardie ellelange verhoor met onduidelikheid gelaat is maar tog tot 'n skuldigbevinding gekom het. Die aanbod om Geyser se regskoste te betaal, was na daardie erkenning en tersydestelling van die Kommissie se uitspraak sekerlik vanselfsprekend. Soos later sal blyk, was hier baie opheldering nodig, en het Geyser sake anders geïnterpreteer as die lede van die Kommissie en ook as die bemiddelaars.]

Hierdie vergadering van 26 Augustus 1963 het ook met professor Van Selms 'n onderhoud gehad oor sy bedanking as dosent. Na wisseling van menings oor en weer het die Kommissie die mening uitgespreek dat professor Van Selms deur sy bedanking vir die doeleindes van die kerkwet tot 'n ander lewenstaat oorgegaan het en dat sy status as predikant dus verval het.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 29 Oktober 1963 ook besluit om ondersoek te laat doen na die Afrikaner Broederbond. Professor B.J. Engelbrecht het opdrag daartoe ontvang. Hy het egter versoek om vrygestel te word van die opdrag, en die Kommissie het op 03 Desember 1963 die opdrag aan ouderling J.C. Oelofse gegee.

Met dank is kennis geneem van 'n antwoord onder die titel *Gelyke Geleenthede* van die hand van professor A.D. Pont op die skrywe *Het Rassenvraagstuk* van die Nederlandse Hervormde Kerk.

Twee rapporte oor die keuring van teologiese studente, van die hand van professor P.S. Dreyer en dominee J.P. Oberholzer, is deur die Kommissie verwys na die Kuratorium vir 'n oorwoë verslag aan die komende Algemene Kerkvergadering met voorstelle oor wetswysigings.

## 1964

### 06 Februarie 1964

Die Kuratorium behandel gegewens oor die studietydperk, staking van studie en prestasie van BA studente in vergelyking met hulle matriekuitslae. Oor die tydperk 1917–1958 het die Fakulteit 159 predikante gelewer. Hiervan het 87 predikante die studie in ses jaar voltooi, 38 predikante in sewe jaar, terwyl 32 predikante ag tot 11 jaar geneem het, en 2 predikante onderskeidelik 15 en 16 jaar.

In die betrokke tydperk het 132 studente die studie gestaak nadat hulle 'n totaal van 311 studiejare gebruik het, dit wil sê 2.36 studiejare per persoon wat die studie gestaak het. Die vergelyking met matriekprestasie het laat blyk dat persone wat 'n derde taal en Wiskunde vir Matriek gehad het, die beste presteer het, selfs wanneer hulle vir Matriek minder as 50% behaal het.

Die vergadering het besluit dat 'n vasgestelde minimum-simbool in Matriek nie as vereiste vir toelating gestel sal word nie en dat die Raad van Finansies versoek word om vir elke student R1400 vir die volle studietyd beskikbaar te stel sodat die studente wat in Matriek 'n gemiddeld van 45% – 49% behaal, die BA studie oor vier jaar kan sprei, en dat 'n student wat die BA, BD in ses jaar voltooi, die oorblywende R200 tot sy beskikking sal kry as hy voltydse doktorale studie wil doen.

Hierdie vergadering het aandag gegee daaraan dat die Fakulteit in April 1967, 50 jaar oud sal wees, en het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om die volgende Algemene Kerkvergadering te reël vir April 1967 en dat voorsiening gemaak word vir 'n feestelike herdenking 'veral in die lig van die groot rol wat die Opleiding speel in die opbou en uitbreiding van die kerk.'

### 26 April 1964

Die 54ste Algemene Kerkvergadering neem sitting. Dominee A.J.G. Oosthuizen is herkies as voorsitter. Dominee T.F.J. Dreyer het na 30 jaar verkies om nie weer beskikbaar te wees vir die skribaat nie, en dominee P.M. Smith is as skriba verkies. Dominee A.J. Nolte is as vise-voorsitter en J.P. Oberholzer as vise-skriba verkies. Die vergadering het kennis geneem dat dominees L.M. le Roux, J.I. de Wet en A.J.G. Dreyer doktorsgrade verwerf het. Kennis is ook geneem van die Kommissie se mededelings oor professor A. van Selms, dat hy in terme van die besluit van die

Algemene Kerkvergadering van 1961 sy status as predikant verloor het, en professor A.S. Geyser, dat met die verklaring dat hy steeds die status van predikant het, aan hom behoud van status toegeken is. Dit is egter in terme van die besluit van 1961 'n vergunning wat van tyd tot tyd hersien kan word.

Die vergadering het ingestem om met die oog op die halfeeufees van die Fakulteit in April 1967 te vergader. Kennis is geneem van die nuwe kontrak met die Universiteit en die reëling oor die dosering van Praktiese Teologie. As lede van die Kuratorium is verkies doktor L.M. le Roux, dominees S.P. Viljoen, P.J.T. Koekemoer, G.J.J. Roos en C.J. Mans, professor A.P. Grove en doktor J.L. van Staden. Die vergadering het gehandel oor verslae van professor A.D. Pont insake die Volkskongres oor Kommunisme wat in Pretoria gehou is van 31 Maart tot 02 April, van ouderling J.C. Oelofse oor die Afrikaanse Broederbond en van professor F.J. van Zyl oor die Vrymessselary.

Die Kommissie het breedvoerig verslag gedoen van die tugverhoor van professor A.S. Geyser, die hofsaak en die ooreenkoms met Geyser. Belangrik is die volgende:

> *U Kommissie wil dit baie duidelik stel dat hy nie tydens die verhoor onder enige misverstand verkeer het nie. U Kommissie het alle gegewens wat tot sy beskikking was na 'n verhoor van maande op rekord gehad en met daardie gegewens, waarvan u Kommissie 'n deeglike studie gemaak het, kon u Kommissie tot geen ander gevolgtrekking kom as waartoe hy gekom het nie. U kan die rekord nagaan om uself hiervan te vergewis. Die onsekerheid en misverstand het eers na vore gekom nadat professor Geyser in die hof onder eed verklaar het dat hy die Athanasianum in sy geheel saam met die kerk en net soos die kerk bely en verder sy versekering omtrent Filippense 2 gegee het.*
>
> *Die regter het 'n spesiale beroep op die pers gedoen om die dokument woordeliks te publiseer en hulle daarvan te weerhou om deur kommentaar die saak verder te vertroebel. Ongelukkig het sommige koerante en verskillende persone hulle nie aan die versoek van die regter gesteur nie. Reeds op dieselfde dag het die publieke beriggewing die saak so aangekondig dat almal wat dit gehoor het, nie anders kon as om aan te neem dat die kerk die saak verloor het nie. Ook 'n deel van die pers het op dieselfde dag die aangeleentheid so berig dat dieselfde indruk geskep is. 'n Deel van die Engelse pers het vir weke voortgegaan om soveel propaganda teen die kerk te maak as wat hulle kon. U Kommissie was toe van oordeel dat 'n volledige verklaring in Die Hervormer geplaas moes word om die kerk korrek in te lig. So 'n verklaring is ook opgestel en as 'n byvoegsel tot Die Hervormer gedruk. Voor dit egter versprei kon word, het die advokaat van professor Geyser ons meegedeel dat 'n interdik by die hof aangevra sou word teen die verspreiding daarvan. Ons regsasdviseurs het u Kommissie adviseer dat wanneer so 'n interdik aangevra word, die hof dit gewoonlik toestaan en 'n datum bepaal.* [...] *Dit sou beteken dat die hele saak weer opnuut sou begin. Hulle het ons hierteen geadviseer en sterk aanbeveel om alleen 'n versekering te publiseer dat alles in orde is en dat aan u vergadering volledig verslag gedoen sal word. U Kommissie het die advies aanvaar. U Kommissie het besluit om die geskryf van die Engelse koerante te ignoreer.*

Die Algemene Kerkvergadering het met die oog op die behandeling van die sake en dokumente in hierdie verband die volgende besluit geneem:

> *Dat aan professor Geyser op sy versoek een uur toegestaan word om die vergadering toe te spreek, dat daarna een uur aan die afgetrede Kommissie van die Algemene Kerkvergadering toegestaan word om te antwoord, dat daarna geleentheid aan lede van die vergadering gegee word om vrae te stel ter beantwoording deur die afgetrede Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dat daarna geleentheid gegee word vir indiening van voorstelle sonder bespreking, waarop die besluite van die vergadering volg.*

Professor Geyser het die vergadering toegespreek vanaf 16:30 tot 17:40. Die volgende oggend het die vergadering op versoek van die Moderamen besluit om aan al die persone teen wie Geyser aantygings gemaak het in sy toespraak, geleentheid te gee om die vergadering behoorlik in te lig en dat afgesien word van die tydsbeperking. Dominee A.J.G. Oosthuizen, professor P.S. Dreyer en dominee C.L. van den Berg het daarna die vergadering toegespreek. Op Maandag 04 Mei het professor Geyser direk na die opening koerantberigte gerepudieer as sou hy die vergadering Vrydag onder 'n spervuur van tussenwerpsels toegespreek het. Daarna het hy gevra dat hy geleentheid vir repliek kry nadat die lede van die Kommissie gepraat het. Die voorsitter het daarop gewys dat die vergadering nie besig is met 'n verhoor of appèl nie, maar met die bespreking van die verslag van die Kommissie. Die vergadering het besluit om by sy reëling te bly. Geyser het daarop gesê dat hy geen sin daarin sien om in die vergadering te bly nie en het die vergadering verlaat.

Dominee P.M. Smith, meneer A.B. van N. Herbst en professor B.J. Engelbrecht het daarna die vergadering toegespreek. In die middagsitting het dominee J.G.M. Dreyer, ouderling C.H. Buitendag, dominee T.F.J. Dreyer, professor E.S. Mulder, professor A.D. Pont en dominee H.G. van die Westhuizen ook nog die woord gevoer. Die toesprake van al die deelnemers is in 'n geredigeerde weergawe opgeneem by die Notule van die Algemene Kerkvergadering as Bylae 4. Daaruit kan 'n mens probeer opmaak wat die verloop van sake was. Geyser het betoog dat hy nie kettery gepleeg het nie en dit telkens duidelik gestel het dat hy die belydenisse van die kerk onderskryf, die klag van die drie studente teen hom was die sluitsteen van 'n sistematiese proses om van hom ontslae te raak sedert die verskyning van *Vertraagde Aksie* en die Cottesloe-konferensie, dit is beplan deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in samewerking met sy kollegas Mulder en Pont en die drie studente-klaers. Die bepaling waarop die Algemene Kerkvergadering in 1961 besluit het oor afsetting van 'n professor op grond van dwaalleer en volharding in verset teen 'n wet, bepaling of besluit van die kerk, is daargestel om die gronde te verskaf vir die klag wat ses maande later teen hom ingebring is. Die Kommissie het besluit op drie metodes om van hom ontslae te raak: Die Universiteit sou gevra word om hom te ontslaan, die kerk sal hom vra om te bedank, en die ketterklag is in reserwe gehou as die eerste nie slaag nie. Hy het tydens sy verhoor voor die Kommissie minstens 23 keer sonder voorbehoud verklaar dat hy die belydenisse van die kerk onderskryf (hy het die bladsye van die transkrip genoem waarop dit voorkom). Tog het die Kommissie in die hofooreenkoms en in sy verslag aan hierdie vergadering verklaar dat hulle dit nie tevore geweet het nie. Sy getuies het in die hof vooroordeel by professor S.P. Engelbrecht, dominee C.L. van die Berg en professor P.S. Dreyer gesubstansieer, en as die skikking nie aangevra is nie, sou hulle ook vooroordeel by dominees Oosthuizen, T.F.J. Dreyer en J.G.M. Dreyer, en ouderling Lotz en Buitendag bewys het. Hulle sou kwade trou en sameswering tussen klaers en regters bewys het. Toe die kerk se advokaat verdaging van die hof gevra het vir 'n broederlike gesprek, wat in gewone taal beteken geleentheid om vir 'n skikking te onderhandel, het hy, Geyser, vir dominee Oosthuizen en die advokaat vir 'n halfuur ontmoet. Daar is besluit op 'n vooraf gesprek tussen Geyser en verteenwoordigers van die kerk wat hy sou aanwys. Hy het dominee P.M. Smith en ouderling Frans Ras aangewys omdat hulle soos hy in die stukke gesien het, saam met ouderling J.H.H. Janson sy onskuld verdedig het. Die gesprek het plaasgevind op die 10de Mei, twee dae na die verdaging van die hof, in die kantoor van die Administrateur. Professor B.J.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

Engelbrecht was ook teenwoordig. Die skikkingsakte was egter die uitsluitlike resultaat van 'n gesprek wat op Saterdag 13 Mei begin het tussen meneer Herbst en professor B.J. Engelbrecht aan die een kant en professor Van Selms en Geyser aan die ander kant. Daar was geen probleem rondom sy eise dat die Kommissie sy uitspraak en bevinding ter syde stel en sy regskoste betaal nie. Die probleem was om mooi woorde te vind. Hy het uiteindelik maar toegegee dat daar kon staan '[I]n 'n gees van uitsluitlike broederlikheid bied die Kommissie aan om alle regskoste deur homself en professor Geyser aangegaan te betaal.' Hy het ook maar laat deurgaan dat in die aanhef van 'n bona fide misverstand gepraat word, hy het die sinsnede toegelaat om tot 'n end te kom en die Kommissie kans te gee om te skik. Die Kommissie self het heel aan die einde eers weer bygekom om die skikking te beklink.

Dominee A.J.G. Oosthuizen het daarna 'n oorsig gegee van die verloop van sake en ontken dat daar 'n komplot teen Geyser was. Hy het verwys na 'n besoek van die dekaan, professor E.S. Mulder, wat aan hom drie briewe van studente oorhandig het en ook gemeld het dat daar spanning tussen die professore is. Hy het 'n week later aan die Kommissie gerapporteer dat hy die briewe gekry het en uit die briewe kon aflei dat daar besware teen professor Geyser gemaak word, maar dat die briewe vir hom nie so duidelik leesbaar was nie. Die Kommissie het daarop besluit om die studente te roep en te hoor wat hulle besware is. Daarna het die Kommissie die saak bespreek en tot die slotsom gekom dat daar net rus en orde in die kerk sal kom as professor Geyser instem om te bedank as professor. Die Kommissie het ook oorweeg om, as Geyser nie instem en bedank nie, 'n ander weg te volg, naamlik om die Universiteit kennis te gee dat die kerk die subsidie vir die professoraat staak. So 'n brief is inderdaad aan die rektor oorhandig, maar met Oosthuizen se versoek dat die rektor nie moet reageer nie totdat Oosthuizen kans gehad het om met die volgende Kommissievergadering die saak weer te laat bespreek. Voordat dit kon gebeur, het die formele klag van die studente ingekom en was die Kommissie verplig om die saak te verhoor. Geyser het nie gebruik gemaak van die reg om in hoër beroep na die Algemene Kerkvergadering te kom nie, hy het direk na die hof gegaan. Dit het wel drie pogings in die hof gekos om hom die Athanasianum woordeliks te laat bely, maar uiteindelik het hy dit gedoen. Die senior advokaat van die kerk het toe vir dominee Oosthuizen gesê daar is nou geleentheid vir 'n broederlike geprek en het so aanbeveel. Die woord skikking was nooit ter sprake nie en so 'n gedagte het nie by die Kommissie bestaan nie. Geyser se voorstelling dat die Kommissie tydens die onderhandelings nie geweet het wat aangaan nie, is verkeerd. Hyself was voortdurend op die terrein, en meeste van die tyd was die hele Kommissie daar. Toe die onderhandelinge finaliteit bereik het, het hy die Kommissie versoek om die Moderamen te bemagtig om saam met hom die beslissing te neem. Nadat die resultaat van die broederlike gesprek aanvaar is en deur Geyser onderteken is, het die Kommissie vir Geyser en sy senior advokaat gevra om by te kom en is dit afgesluit met 'n gebed deur die vise-voorsitter, dominee Nolte. Dit was toe naby middernag.

Oosthuizen het afgesluit met die uitspreek van sy geskoktheid oor Geyser se verklaring dat hy die bona fides en goeie trou van die Kommissie maar net aanvaar het om die saak agter die rug te kry. Professor P.S. Dreyer het, blykbaar volgens afspraak, hom bepaal by een punt, naamlik die belydenis wat Geyser sou uitgespreek het tydens die kerklike verhoor. Geyser het wel die 12 Artikels bely, maar hy het die 12 Artikels in die klas gebruik om die ondergeskiktheid van Christus aan te toon. Verder het hy nooit tydens die kerklike verhoor onomwonde en duidelik die belydenis van die kerk onderskryf nie, daar was altyd 'n voorbehoud, en daarom het daar onduidelikheid bestaan. Sy belydenis in die hof het 'n nuwe situasie laat ontstaan.

Dominee C.L. van den Berg het verwys na die eksegese van Filippense 2:6 wat deur Geyser aangebied is, die pre-advies van die professore en die verklaring van die senior advokaat van die kerk dat die belydenis van Geyser in die hof tot die beste van sy kennis die eerste geleentheid was waarop Geyser onomwonde en ongekwalifiseerd die Athanasianum bely het. In 14 van die 23 kere waarna Geyser verwys het, was hy besig om te antwoord op vrae. Dit was nie belydenisse nie en hy het dit nie uit sy eie uitgespreek nie.

Dominee P.M. Smith het eerstens verduidelik dat die klag ingehou het dat Geyser 'n status-subordinasie en 'n natuur-subordinasie geleer het, en dat hyself laat aanteken het dat die klag oor natuur-subordinasie nie voldoende gestaaf is om die aangeklaagde skuldig te bevind nie. Geyser het egter by herhaling in die verhoor bevestig dat hy 'n status-subordinasie geleer het. Hy het probeer verduidelik dat dit nie wese insluit nie, maar status en wese kan nie geskei word nie. Die slotsom was dat dit iets is wat in stryd is met die kerkleer en nie aan studente van die kerk geleer kan word nie. Hy was oortuig dat Geyser gedwaal het, maar in die hof het Geyser verklaar dat hy saam met die kerk en soos die kerk glo. Die woorde 'onopsetlike misverstand' het ingehou dat Geyser sy klagte teen die kerk laat vaar. Hy wou bewys dat die kerk *mala fide* gehandel het en arbitrer besluit het. Hy het egter aanvaar dat daar 'n misverstand was en daarby 'n onopsetlike misverstand. Daarmee het sy klagte verval. Die kerk sou dus ook kon praat van wen, maar die kerk het anders gehandel. Die kerk was tevrede om Geyser se belydenis onder eed te aanvaar en sy bevinding in hersiening te neem. Die kerk het ook Geyser se aanvaarding dat die kerk bona fide en onopsetlik gehandel het, aanvaar. Hy het Geyser se begeerte om sy status terug te kry, erken en het daarom verklaar dat hy steeds predikant van die Kerk is.

Wat betref die eerste onderhandeling het dominee Smith gesê dat hy nou vir die eerste keer verneem het dat Geyser aangewys het met wie hy wil praat, en dat professor B.J. Engelbrecht nie by was nie. Oor die koste was sy standpunt dat hulle nie moet toelaat dat koste die struikelblok sal wees om 'n finale ooreenkoms te bereik nie. Die Saterdagmiddag is die gesprek oor die koste voortgesit in die kantoor van die Administrateur. Behalwe die regsverteenwoordigers van die kerk was teenwoordig hyself, professor B. Engelbrecht, dominee C.L. van die Berg en sporadies die Administrateur. Hulle het op advies van die kerk se senior advokaat 'n gesprek gehad met Geyser se senior advokaat, meneer Kotze, wat hulle meegedeel het dat die Geyserfonds 'n trustfonds is wat alleen bedoel is om die saak enduit te veg. Verder was daar waarborge wat ook net beskikbaar was as Geyser verloor en hy verplig word om te betaal. Daar was dus geen fondse beskikbaar as die saak halfpad ophou nie. Daarna is hy, dominee Smith, huis toe en het hy eers weer bygekom toe die Kommissie as geheel die ooreenkoms goedgekeur het.

Dominee Smith het ook verwys na gebeure ná die versoening. Regter Ludorf het na uitreiking van die ooreenkoms as bevel van die hof gesê:

> *dat daar grootmoedigheid skuil agter hierdie besluit en hoewel 'n mens soms bedenkinge het oor 'n besluit, is daar nooit berou as die besluit in grootmoedigheid gedoen word nie. Ek vertrou dat die pers die verklaring duidelik sal stel, of glad nie, maar nie skeef nie, omdat die saak 'n stadium bereik het waar dit slegs deels verhoor was. Daar is die eergevoel van manne op die spel en die ander kant was nog nie aangehoor nie. Afleidings kan gevolglik gedoen wees, maar die verklaring soos ek dit geneem het, behoort deur alle regdenkende persone aanvaar te word en ek hoop dat enige beroering, moontlike skeuring of tweedrag wat daar in hierdie kerk mag gedreig het, nou finaal geëindig is.*

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Dominee Smith het ook aanhalings gemaak uit koerantberigte direk na die hofsaak en aangetoon hoedat Geyser hom geleidelik vereenselwig het met wat die pers sê. Hy het op 15 Mei volgens *Die Burger* gesê '[S]over dit die kerk betref, is dit 'n saak van vorentoe kyk,' volgens die *Rand Daily Mail* op 18 Mei '[*T*]*he settlement announced in the open court before Justice Ludorf was reached with my approval*.' Op 09 Junie berig die *Sunday Times* egter:

> *He felt rather that it was time for a reformation within the Hervormde Kerk, only the full exposition of the relevant facts could bring this about. Professor Geyser is quoted as saying he had intended to do this in court, but the church capitulated.*

Daarteenoor staan 'n gesamentlike verklaring van professor Van Selms en meneer A.B. van N. Herbst:

> *Ons betreur alle uitlatings van watter kant ook wat die goeie trou van een van die voormalige partye en die opregtheid van die resultaat van die broederlike gesprek wat as dokument in die ope hof voorgelees is, in twyfel trek of verdag maak en ons keur dit af dat in hierdie verband van wen of verloor gepraat word.*

Meneer A.B. van N. Herbst, die Administrateur van die kerk, het 'n volledige oorsig gegee oor die ontstaan van die versoeningsdokument. Hy het op Maandag 13 Mei die Kommissie meegedeel dat hy 'n bepaalde siening het en toestemming gevra om met Geyser te onderhandel. Hy het die toestemming gekry en het die hulp van professor Van Selms as vriend van Geyser ingeroep. Nadat hulle saamgestem het dat die verskil tussen wat in die kerk bely word en wat in die klaskamer geleer word, tot onrus kan lei, het Van Selms 'n eerste konsep neergeskryf van 'n moontlike ooreenkoms. As reëls vir die gesprek het hulle vasgestel dat daar nie sprake sal wees van wen of verloor nie, geen eise gestel en aan geen eise toegegee sal word nie, en dat die gesprek op twee vlakke gevoer sal word, eers oor die teologiese verskille en daarna oor die koste. Hulle het met Geyser in verbinding gekom en afgespreek dat hulle Dinsdag 14 Mei sou ontmoet by die hof (die Ou Sinanoge in Paul Krugerstraat). Geyser was vriendelik en het ingestem dat voortgegaan word. Daarna het die voorsitter van die Kommissie en die senior advokate van albei partye bygekom en die plan van bespreking is aan hulle voorgelê. Hulle het ingestem, en die voorsitter het eers die Kommissie gaan raadpleeg. Hy het teruggekom met die toestemming dat die onderhandeling kan voortgaan. Die advokate het toe die kamer verlaat en Herbst het vir die Kommissie gaan vra om professor B.J. Engelbrecht te vra om by te sit en te kontroleer dat wat Herbst sê in ooreenstemming is met die gangbare begrip in die kerk. Hulle het toe begin met die opstel van die dokument in die allerbeste gees. Nadat die teologiese aspek afgehandel is, het die koste ter sprake gekom. Geyser het verklaar dat die trustfonds sowel as die waarborge wat gegee is, net bedoel was om die saak enduit te voer en nie beskikbaar was in die geval van versoening nie. Daar was heftige verskil oor die bewoording van die aanbod van die kerk maar uiteindelik het Geyser dit aanvaar soos dit in die dokument voorkom.

Professor B.J. Engelbrecht het verduidelik waarom dit noodsaaklik was dat daar drie ekumeniese simbole ontstaan het. Geyser het telkens wanneer hy bely het, ook nog iets daarby gesê:

> *Die Kommissie het gesien dat hy sê hy bely, maar die Kommissie het in hulle hart gevoel ja, kyk, as hy bely met dié woorde en hy gaan naderhand daardie woorde so uitlê dat dit wat hy eintlik bely deur sy uitleg weerspreek word, dan kan ons nie anders as hom skuldig te vind aan daardie klag wat voor ons is dat hy 'n verkeerde leer voordra nie. Die Kommissie het ná die kerklike verhoor en toe hy sy uitspraak gegee het, nie vir een oomblik getwyfel dat professor Geyser skuldig is aan dwaalleer nie. Die onduidelikheid waarvan hierdie resultaat van die broederlike gesprek melding maak, het nie geheers tydens die kerklike verhoor nie. Dáár was die dinge vir die Kommissie duidelik en daarom het hulle hom dan ook skuldig gevind. Maar, broeders, nou het in die hof 'n nuwe omstandigheid ontstaan... Wat ek duidelik aan die vergadering wil stel, is dat wat genoem word die drie en twintig plekke van belydenis gedurende die kerklike verhoor nooit belydenisse was nie. Al wat daar gebeur het, is dat professor Geyser drie en twintig keer woorde gesê het en die woorde uitgelê het soos hy dit graag wou uitlê. By die hof staan professor Geyser onder eed en daar in die hof sê hy nou voor God, voor die wêreld, nie daardie dinge wat hy gesê het in die verhoor nie, maar sê hy: 'Ek glo saam met die kerk, soos die kerk dit glo, dat Jesus Christus nie ondergeskik is aan die Vader nie.' Dis toe die eerste keer dat daar werklik 'n belydenis na vore kom toe sê die kerk: Wanneer die man nou so praat, praat hy anders as wat hy die drie en twintig keer gepraat het. En nou moet ons hierdie man wat so bely, werklik nie hier in die hof laat voortgaan dat hy en ons voor die wêreld tot 'n bespotting gemaak word nie.*

Die onduidelikheid het dus by terugskouing geblyk. Nadat dominees J.G.M. Dreyer, T.F.J. Dreyer, ouderling C.H. Buitendag, professore E.S. Mulder, A.D. Pont en dominee H.G. van die Westhuizen ook nog die woord gevoer het, en dominee P.M. Smith 'n brief van professor S.P. Engelbrecht voorgelees het, het die vergadering bevestigend geantwoord op 'n vraag van die Kommissie of iemand wat dwaalleringe huldig, nie noodsaaklikerwyse onder tug geplaas moet word nie, en die volgende besluite geneem:

> *(a) neem met dank en waardering kennis van die hantering van die Geyser-saak en die broederlike ooreenkoms wat getref is,*
> *(b) neem met diepe teleurstelling kennis van professor Geyser se gesindheid nadat die kerk hom so broederlik in die versoening tegemoetgekom het.*

Die vergadering het onder andere ook sy dank betuig aan professor A. van Selms en meneer A.B. van N. Herbst vir hulle bemiddeling. [Dit is inderdaad opmerklik dat dit die Administrateur van die kerk was wat die inisiatief geneem het en met die samewerking van professor Van Selms 'n uitweg uit die dooiepunt kon bewerk.]

Die koste van die tugverhoor en die regsaak het nog geruime tyd op die agenda van die Raad van Finansies verskyn, tot op 12 November 1965 het R45 210 ingekom van gemeentes en was daar nog R23 095 verskuldig. Op 30 April 1966 was daar nog R19 548 veskuldig, en op 31 Desember 1966 het die verskuldigde bedrag gestaan op R7 501. Die Algemene Kerkvergadering van 1967 het die Raad van Finansies opgedra om voort te gaan met die insameling, en die gemeentes wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie, is ernstig vermaan.

### 05 Augustus 1964

Die Kuratorium vergader. Doktor L.M. le Roux is as voorsitter en dominee P.J.T. Koekemoer as vise-voorsitter verkies. Beurslenings is toegeken en kennis is geneem dat professor B.J. Engelbrecht gedurende 1965 op langverlof sal wees en dat sy lesings in Dogmatiek en Ensiklopedie deur doktor J.I. de Wet en in Christelike Etiek deur doktor P.J.T. Koekemoer waargeneem sal word.

### 08 September 1964

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n berig in die *Rand Daily Mail* dat professor A.S. Geyser, nou hoof van die Department of Divinity aan die Universiteit van die Witwatersrand, verkies is as hoof van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika.

### 13 November 1964

Doktor H. Muller word verkies as kanselier van die Universiteit van Pretoria.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

**24–25 November 1964**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die ernstige operasie wat professor E.S. Mulder ondergaan het. Die vergadering het emeritaat verleen aan dominee A.J.G. Oosthuizen met ingang 01 Desember 1964. Uit die dankbetuigings by die geleentheid die volgende aanhalings:

> *A.J. Nolte: 'Hy het met liefde in die kerk geleef, hy het die denke en gees van die kerk vertolk.'*
> *J.G.M. Dreyer: 'Ons moet God dank dat Hy so barmhartig oor die kerk was dat Hy in die persoon van dominee Oosthuizen en mev ons mense gegee het wat in kerk en volk kon lei en dien.'*
> *B.J. Engelbrecht: 'Waardering wil betuig vir die teologiese rigting wat onder leiding van dominee Oosthuizen die rigting van die kerk geword het. Van verskillende kante is dominee Oosthuizen al as model-teolooog gesien wat in die teologie 'n rigting aangedui het wat beslissend is vir die toekoms van Suid-Afrika.'*
> *J.P. Oberholzer: 'In die tyd van sy voorsitterskap het die kerk die beslissing gemaak tussen twee rigtings wat nie alleen van belang was vir die teologie in die kerk self nie, maar vir land, volk en die hele wêreld. Die dinamiese aandeel van dominee Oosthuizen in hierdie beslissing vorm een van sy grootste bydraes tot die gang van die kerk wat hy lief gehad en gedien het.'*

**25 November 1964**

'n Afskeidsete is vir dominee en mevrou Oosthuizen aangebied in die Constantiaklub. Die Eerste Minister, doktor H.F. Verwoerd, en dominee A.J. Nolte het die woord gevoer. Teenwoordig as eregaste naas doktor en mevrou Verwoerd was ook die Administrateur van Transvaal, meneer F.H. Odendaal en mevrou Odendaal, die voorsitter van die Afrikaner Broederbond en van die SAUK Raad, doktor P.J. Meyer en mevrou Meyer, die rektor van die Universiteit van Pretoria, professor C.H. Rautenbach en mevrou Rautenbach, die burgemeester van Pretoria, doktor P.J. van der Walt en mevrou van der Walt, en verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde en Gereformeerde Kerke met hulle gades. Volgens *Die Transvaler* van 26 November 1964 het doktor Verwoerd gesê dominee Oosthuizen is 'n waardevolle kerkleier wat baie vir die volkslewe beteken. Volgens *Die Vaderland* van dieselfde datum het dominee Oosthuizen in sy dankwoord onder andere gesê:

> *Daar was 'n stadium toe die volk sy vyande op 'n afstand kon uitken, maar vandag bestaan die gevaar dat die vyand feitlik onherkenbaar in die midde is, want ook hy kom met 'n Voortrekkerbaard en in Voortrekkerdrag.*

In *Die Hervormer* van Desember 1964 beskryf dominee J.G.M. Dreyer vir dominee Oosthuizen as,

> *leier van groot formaat, 'n man van onkreukbare trou met 'n duidelike visie, 'n vaste koers wat hy deur dik en dun gevolg het. Soos 'n Moses het hy die Onsienlike gesien en het hy verkies om liewer saam met sy kerk en volk sleg behandel te word as om 'n tyd lank die genot van die lofuitings van die wêreldpers te hê.*

## ൾ 1965

Professor S.P. Engelbrecht publiseer die *Album vir die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

**09 Februarie 1965**

Die Kuratorium neem kennis van die swak resultate van eerstejaar studente veral in die taalvakke. 'n Komitee is aangewys om daaroor te rapporteer en 'n aantal studente is opgeroep om voor die Kuratorium te verskyn, terwyl sewe studente nie meer as studente van die kerk erken is nie. Hierdie vergadering het ook kennis geneem dat dominee S.P. Viljoen lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geword het en dat sy lidmaatskap van die Kuratorium verval soos die Kerkwet bepaal.

**09–10 Maart 1965**

Toe die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader, het die vise-voorsitter, dominee A.J. Nolte, die voorsitterstoel ingeneem ná die emeritaat van dominee Oosthuizen. Dominee S.P. Viljoen het as sekundus van dominee Oosthuizen sitting geneem as lid van die Kommissie. Die vergadering het die Raad van Regsadvies om advies gevra oor die vulling van die vakature vir vise-voorsitter. Die Raad het op grond van presedente bevind dat die sekundus van die voorsitter moet optree as vise-voorsitter tot die volgende Algemene Kerkvergadering . Die Kommissie het toe aanvaar dat dominee S.P. Viljoen as vise-voorsitter sal dien.

**20 Mei 1965**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes byeenkom in 'n buitengewone vergadering om aandag te gee aan 'n skrywe van die prokureurs van professor A.S. Geyser en dominee C.F.B. Naude wat soos volg gelui het:

> *Volgens ons opdrag word sedert Januarie uiters lasterlike aanvalle op 'mede-teoloë' gedoen wat deur enige leser van die blad met selfs 'n geringe kennis van kerksake en die openbare lewe oor die afgelope paar jare, duidelik en ondubbelsinnig herken word as ons kliënte. Die talle herhaalde aantygings van kommunisme, verraad van God en hulle kerke, verraaiers van hulle land en volk, heulery met die beplanners van gewapende geweld ens... is kras en het hulle diep getref. Ons het dan ook inderdaad opdrag om iedereen van u namens iedereen van ons kliënte aan te spreek vir betaling van R20 000. Ons kliënte sal van hierdie voorneme afsien slegs indien daar prominent in Die Hervormer op dieselfde blad waar die rubriek Kroniek verskyn, 'n goedgekeurde apologie aan hulle gepubliseer word waarin onvoorwaardelik elke bewering en insinuasie van voormelde aard en wat behoorlik gespesifiseer word, teruggetrek word en verskoning aangebied word vir enige leed wat hulle aangedoen is.*

Die Kommissie het, nadat ouderling J.C. Oelofse sy voorlopige indrukke weergegee het, besluit dat die apologie nie aangeteken kan word nie, professor A.D. Pont vir die doeleindes van hierdie eis en enige saak wat daaruit voortvloei, beskou word as 'n funksionaris van die kerk, en die firma Peens, Smit en Oelofse aangestel as prokureurs van die kerk. Omdat die N.H.S.V. Kongres aan die gang was en daar 'n aantal predikante byderhand was, is hulle ingeroep en op hoogte gestel van die situasie.

Aan Geyser is op 24 Mei 1965 die teleurstelling van die Kommissie oorgedra dat hy nie die weg gevolg het wat voorgeskryf word in die Kerkwet en Matteus 18:15vv en 1 Korinteers 6:1vv nie. Sy reaksie was soos volg:

> *Ek is bewus van Mt 18:15vv. By twee geleenthede waarop ek in die verlede voor die Algemene Kommissie as aangeklaagde gestaan het, het ek dit self opgehaal, maar die Kommissie het dit nie laat geld nie. Nogtans het ek in die huidige geval uit my weg gegaan om dit onder die aandag van professor A.D. Pont te bring dat hy, deur lasterlike onwaarhede te skryf, sondig. Sy artikels in Die Hervormer het net skerper en lasterliker geword. Verder, my versoek aan u om 'n apologie vir die lasterlike onwaarhede wat u deur Die Hervormer oor my en dominee Naude versprei het, skyn my steeds in ooreenstemming met die opdrag van Mt 18:15vv te wees.*

**03 Junie 1965**

Op 'n buitengewone vergadering van die Kommissie word kennis geneem van 'n berig in die *Nederlandse Post* wat vermeld dat

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

professor A.S. Geyser as feesredenaar sal optree by die herdenking van die stigting van die Presbiteriaanse gemeente wat onder leiding van C. Jongeleen van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Kaapstad weggeskeur het. Die Kommissie het besluit om by Geyser bevestiging vir die berig te kry omdat hy steeds predikant van die kerk is en dus nie behoort op te tree in 'n gemeente wat van die kerk weggeskeur het nie. Hy het die navraag beantwoord deur te vra wat die oogmerk van die Kommissie met die navraag is. Die *Nederlandse Post* het in Junie 1965 'n berig gehad dat hy wel opgetree as feesredenaar by die geleentheid.

### 09 Augustus 1965

Die Kuratorium neem kennis dat dominee A.J.G. Oosthuizen in die plek van dominee S.P. Viljoen benoem is as lid van die Kuratorium, nadat hy emeritaat aanvaar en as voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uitgetree het. Hierdie vergadering het ook die besluit van die Algemene Kerkvergadering dat Argiefkunde vir die sesdejaar teologiese studente gedoseer moet word, behandel en 'n rapport daaroor van die Professorevergadering behandel, en by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanbeveel dat hierdie opleiding deur die professor in Kerkgeskiedenis hanteer sal word. Na aanleiding van 'n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die predikantetekort het die Kuratorium 'n komitee benoem om die aangeleentheid met die Kommissie te bespreek en ook ernstig aanbeveel dat Grieks III of Hebreeus III as verpligte hoofvak ingestel word.

### 07–08 September 1965

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n onderhoud wat professor Geyser en dominee Naude gehad het met dominee J.G.M. Dreyer. Hulle het hom probeer beweeg om 'n verklaring in *Die Hervormer* te publiseer waarvan die bewoording aan hulle eise voldoen. In die onderhoud het hulle verwys na die skrywe van Pont in die Kroniek, blykbaar dié van Januarie 1965, in verband met die sogenaamde Kitwe-vergadering van die Wereldraad van Kerke, en uitgewys dat naas hulle twee net drie ander persone uit die Afrikaanse kerke daar teenwoordig was, en dit gevolglik maklik sal wees om aan te toon dat die uitlatings van Pont na hulle verwys. Die Moderamen het na aanleiding van dominee Dreyer se verslag 'n skrywe aan Geyser en Naude gerig waarin onder andere die volgende voorkom:

> *dat u albei uself op die betrokke vergadering gedistansieer het van besluite wat met geweld ens teen Suid-Afrika te doen het. In die lig van die mededelings van dominee Dreyer is die Moderamen bereid om aan te beveel om u die geleentheid te bied om die bogenoemde feite in Die Hervormer onder die aandag van lesers te bring. By ontvangs van die verklaring is die Moderamen bereid om verder aan te beveel dat 'n verklaring van ons kant gelyktydig gepubliseer word ten einde op 'n broederlike vlak die aangeleentheid af te handel.*

Die Kommissie het hierdie skrywe van die Moderamen goedgekeur. Geyser en Naude het daarop soos volg geantwoord op 07 September 1965:

> *Ons het nie met u onderhandel nie en begryp nie waarom u nou aan ons skryf nie. Blykbaar verkeer u onder misverstand oor die sin van ons gesprek met dominee Joh Dreyer. Ons het daarmee 'n laaste poging aangewend om 'n proses teen hom as redakteur van Die Hervormer te vermy oor die lasterlike artikels van professor A.D. Pont in daardie blad. Ons eis dat die redakteur van Die Hervormer in hierdie blad apologie sal aanteken vir al die laster van professor Pont teen ons daarin gepubliseer, en dit wel in 'n bewoording wat vir ons aanneemlik is.*

[Die Kitwe-vergadering was die *Mindolo Consultation on Christian Practice and Desirable Action in Social Change and Race Relations in Souhern Africa*, 25 Mei–2 Junie 1964, saamgeroep deur die Department on Church and Society van die Wereldraad van Kerke in samewerking met die Mindolo Ecumenical Foundation en die South African Institute of Race Relations. Daar was 60 deelnemers wat as individue deelgeneem het. Hulle name verskyn nie in die gepubliseerde stukke nie.]

### 18 November 1965

Dominee A.J. Nolte neem sitting op die Raad van die Universiteit as verteenwoordiger van die Kerk van 10 Oktober 1965 tot 09 Oktober 1968

### 29 November 1965

Die advokate J. Trengove en A.S. Botha deel die Kommissie mee dat hulle van mening is dat meeste van die dinge wat Pont in die Kroniek geskryf het, waar en in openbare belang is, maar

> *[T]en opsigte van drie artikels, dié van Januarie, Maart en April 1965, bestaan daar egter nou die oortuiging by die regsverteenwoordigers sowel as by professor Pont dat bepaalde stellings op foutiewe inligting berus en dus nie as waar bewys kan word nie. Daar is vir die kerk twee* [*lees drie*] *weë oop, naamlik (1) Om die saak in geheel te bestry, wat nie aanbeveel word nie, (2) om die fout wat gemaak is, te erken en 'n bedrag as skadevergoeding aan te bied, en die balans van die saak te bestry, (3) Om 'n skikking te verkry en apologie aan te teken.*

Die Kommissie het besluit om die tweede weg te volg.

> *Die besonderhede oor die wyse waarop dit gedoen word en die grootte van die aanbieding word gelaat in die hande van die regsverteenwoordigers en die gevolmagtigdes van die kerk, en die voorsitter, skriba en administrateur.*

## ᔕ 1966

### 07 Februarie 1966

Die Kuratorium neem kennis dat doktor J.L. van Staden bedank het as lid omdat hy weens sy werk nie in staat is om vergaderings by te woon nie. Die Kuratorium het besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om nou oor te gaan tot die vulling van die leerstoel Praktiese Teologie.

### 08 Maart 1966

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die pleitstukke wat in hulle 'finale' vorm anders was as waarop besluit was. Daar is ook kennis geneem van twee studiestukke wat deur J.P. Oberholzer vir die regsverteenwoordigers opgestel is, naamlik *Die Wereldraad van Kerke en die Kommunisme* en *Die Wêreldraad van Kerke en Suid-Afrika.*

Pont het met die Kroniek begin in die Januarie 1964 uitgawe van *Die Hervormer.* In die inleidende paragraaf het hy geskryf:

> *In hierdie Kroniek, wat vervolgens gereeld aangebied sal word, sal daar getrag word om nie alleen teologiese insigte en rigtings wat aktueel is, te vermeld nie, maar sal daar ook, vir sover nodig, kommentaar daarop gelewer word. Dat die redaksie van Die Hervormer vir die menings wat hier uitgespreek word, geen verantwoordelikheid dra nie, spreek natuurlik vanself.* [Hierdie vrywaring van die redaksie was, soos later gesien sal word, juridies nie genoeg nie.]

Reeds in die tweede aflewering van die Kroniek, Februarie 1964, verskyn die term 'mede-teoloë' in verbinding met uitdrukkings soos links georiënteerde, integrasie-teologie, verwerping, vervlakking en verwatering van die Bybels-reformatoriese teologie, interressante stukkie swendelary, ens. Hoogs belangrik vir 'n beeld van die teologie van Pont self is wat hy beskryf as 'n

verdere binding wat die Afrikanervolk het, naas sy geloof in God soos geopenbaar in die Heilige Skrif en in die Belydenisskrifte van die Kerk, Hierdie verdere binding is dan 'ons volksgeloftes' – dié van 1838 en van 1880.

> *Die eerste is die beroemde gelofte van 1838 waar dit gegaan het om die behoud van die Christelike geloof en die Christelike beskawing hier in die binnelande van Afrika. En Bloedrivier was die antwoord. Die tweede is die beroemde gelofte van 1880 te Paardekraal waar dit gegaan het om die behoud van die Afrikanervolk as 'n eie, selfstandige volk hier in Afrika. En Amajuba was die antwoord. En alleen as ons daardie twee geloftes, wat ná die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte van die Kerk die geestelike fondament van ons volksbestaan en voortbestaan hier in Afrika is, 'ten volle' in ons teologiese denke verdiskonteer, sal ons vir ons volk en ons tyd verantwoordelike teoloë kan wees. Laat my toe om dit te stel: elke mede-teoloog wat ook lid van die Afrikanervolk is, en dit betuig die Afrikaanssprekende mede-teoloë graag, is ook deur hierdie gelofte gebind, 'onherroeplik verbind' 'om het erfpand der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren.'*
> *En as die mede-teoloë hierop nie antwoord nie, laat dit dan staan as 'n aanklag teen hulle dat hulle gelofteverbrekers is.'*

[K. Papp senior sou later aantoon dat daar nooit 'n Paardekraal-gelofte was nie. maar dat die betrokke 'gelofte' 'n onderlinge ooreenkoms was wat deur Transvaalse burgers aangegaan is by Wonderfontein in 1879, twee jaar voor die Paardekraalbyeenkoms. Die Paardekraal Feeskommissie het die bewoording van 1946 af in hulle program opgeneem. *Hervormde Teologiese Studies* 51/1 Maart 1995.]

Dit was veral die aflewerings van die Kroniek wat oor die sogenaamde Mindolo-byeenkoms gehandel het, wat gelei het tot die eise van Geyser en Naude. In die Januarie 1965-aflewering verskyn onder andere die volgende:

> [...] *het die Wereldraad en die mede-teoloë geswig en toe maar lustig saamgehelp en planne beraam hoe SA met militêre geweld vir die swartman verower kan word. Die mede-teoloë sal liewers landverraad pleeg, hulle sal liewer saam met die Wêreldraad en die barbarisme van Afrika oorlogsplanne téén hulle eie land smee. Daarom is dit noodsaaklik dat ons hierdie mede-teoloë, hierdie tipe van mens sal herken en weerstaan; dat ons hulle sal aansê dat hulle hulleself aan die Duiwel self verkoop het en dat hulle alhoewel hulle nog 'n mate van aansien by die liberaliste en kommuniste het, hulle in werklikheid verraaiers is: verraaiers van God en hulle Kerke, verraaiers van hulle land en hulle volk.*

### 10 Augustus 1966

Die Kuratorium verwelkom vir doktor S.J.L. Gouws as nuwe lid nadat hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem is in die plek van doktor J.L. van Staden. Die Kuratorium het 'n eerste rapport behandel van die Vergadering van Professore oor aksentverskuiwing in die opleiding waarvolgens in die eerste jaar meer aandag aan die Bybelse vakke gegee sou word en die klem met die loop van die studie sou verskuif sodat in die derde BD jaar die klem meer op die sistematiese vakke en Praktiese Teologie sou val. Dit sou dan ook lei tot die beëindiging van die praktyk van sikliese lesings, 'n praktyk wat van vroeg af gevolg is en wat beteken het dat studente in die eerste, tweede en derde studiejaar saam lesings gevolg het en 'n vak oor 'n tydperk van drie jaar afgehandel is.

### 06 September 1966

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die inhoud van 'n memorandum van die advokate J.J. Trengove en A.S. Botha. Daarin stel hulle onder andere die volgende oor die aflewerings van die Kroniek in Januarie, Maart en April 1965 wat al drie verwys na die Mindolo-byeenkoms.

1. *Die eisers sal wel kan bewys, aan die hand van die uitlatings in die artikels self en van die omringende omstandighede, dat professor Pont se opmerkings na hulle verwys.*
2. *Die artikels bevat lasterlike opmerkings aangaande die eisers, van 'n ernstige aard en omvang.*
3. *Op die beskikbare inligting sal dit nie moontlik wees om die lasterlike opmerkings te regverdig deur te bewys dat dit waar en juis was nie, en geen bykomende inligting kan op hierdie stadium redelikerwys verwag word nie.*
4. *Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat die Hof sal bevind dat professor Pont ten opsigte van sekere bewerings in dié artikels op 'n onversigtige, ongeoorloofde en miskien selfs onverantwoordelike manier, die eer van die Eisers aangetas het.*
5. *Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat die Hof uit die voorgaande die gevolgtrekking sal maak dat dit wel professor Pont se oogmerk was om die eisers (of een van hulle) te belaster.*
6. *Daar bestaan derhalwe 'n wesentlike gevaar – wat vir ons so werklik is dat ons dit ongelukkig as 'n waarskynlikheid moet beskryf – dat die Hof uiteindelik aan die Eisers (of een van hulle) 'n substansiële bedrag van skadevergoeding en die koste van die saak sal toeken.*

Die advokate het verskillende moontlikhede van verdere optrede genoem, en die Kommissie het besluit dat dit oorweeg en opgevolg moet word, en het verkies dat 'n verhoor liewer vermy moet word indien moontlik.

Die Kommissie het kennis geneem van 'n skrywe van die argivaris, doktor H.M. Rex, waarin hy meld dat professor Greyvenstein op 17 Maart 1967 90 jaar oud sal wees en aanbeveel dat op gepaste wyse hulde gebring word aan hom deur 'n huldigingsuitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* en 'n besondere geleentheid op die eersvolgende Algemene Kerkvergadering. Die Kommissie het besluit om die Redaksie van *Hervormde Teologiese Studies* te versoek om 'n uitgawe aan professor Greyvenstein op te dra, en om op die Algemene Kerkvergadering geleentheid te skep vir 'n huldigingswoord aan alle emeriti.

### 13 September 1966

Die Moderamen, in die bysyn van die Pretoriase lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, neem kennis van die mening van professor Pont,

> *dat hy van oortuiging is dat die hofsaak enduit gevoer moet word omdat daar beginsels op die spel is waarvan hy nie met 'n goeie gewete kan afsien nie. Hy het die indruk dat die advokate die situasie nie reg begryp nie en die saak op 'n ander wyse voer as wat hy dit sou wou sien. Daarom verkies hy dat die opdrag aan die advokate beëindig sal word en dat sy hande losgemaak word om regsverteenwoordigers te kies wat die ideologiese stryd sal voer op 'n wyse wat met sy opvattinge ooreenstem. Hy druk sy diepe spyt uit dat hy die kerk nou in 'n moeilike posisie moet plaas.*

Die Moderamen en ander teenwoordige lede van die Kommissie het daarop besluit:

1. *Die vergadering neem kennis van professor Pont se mededeling en versoek die prokureurs van die Kerk om dienooreenkomstig kennis te neem.*
2. *Die vergadering versoek sy aangewese regsverteenwoordigers om in te gaan op die posisie van dominee J.G.M. Dreyer in die lig van die veranderde situasie en advies uit te bring.*

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

3. *Die vergadering gee aan professor Pont die versekering dat hy in die lig van 'n vorige besluit om professor Pont as funksionaris van die kerk te beskou vir die doeleindes van die hofsaak, dit eventueel aan die Kerk ter oorweging sal gee om professor Pont in die koste van die saak tegemoet te kom. Die Raad van Finansies word versoek om die koste van die saak tot op datum te dra.*
4. *Met die oog op die tussentydse koste aan die voorbereiding en voer van professor Pont se saak word by die Raad van Finansies aanbeveel dat professor Pont deur middel van 'n lening tegemoet gekom word.* [Hiervan het die Raad van Finansies op 20 September kennis geneem.]

### 22 September 1966

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verneem op 'n buitengewone byeenkoms van advokaat Trengove dat die eisers gewillig is om die eis teen dominee J.G.M. Dreyer as redakteur van *Die Hervormer* terug te trek sonder dat 'n eis om koste ingestel word, op voorwaarde dat dominee Dreyer 'n verklaring publiseer in *Die Hervormer*, *Die Vaderland* en *Dagbreek en Sondagnuus*. Die konsepverklaring is deur die Kommissie goedgekeur.

Uit die verkaring is die volgende aanhaling van belang:

> *Ek, as redakteur van Die Hervormer maak nou bekend dat, na sorgvuldige oorweging van al die materiaal tot my beskikking ek my onvoorwaardelik distansieer van iedere lasterlike bewering soos hierbo vermeld, wat ingelees kan word in al die artikels, vir sover sodanige lasterlike bewerings moontlik kan slaan op die here Geyser en Naude. Ek besef dat die here Geyser en Naude diep getref is deur hierdie en dergelike aantygings en spreek my innige en opregte spyt uit teenoor hulle daarvoor.*

Daarmee was die kerk amptelik nie meer betrokke by die eis teen Pont nie, en die regsverteenwoordigers van die kerk is bedank vir hulle dienste. Die koste van die regsverteenwoordigers word in die state van die Raad van Finansies vir 1966 aangegee as R13 232.44.

## 1967

### 15 Februarie 1967

Die saak teen Pont neem 'n aanvang in die hooggeregshof in Johannesburg voor regter W.G. Trollip. Senior advokaat G.A. Coetzee het in opdrag van die prokureurs Bowmann, Gilfillan en Blacklock vir die eisers opgetree. Hy is bygestaan deur advokaat J.C. Kriegler. Vir Pont het opgetree advokaat C.P. Beyers, bygestaan deur advokaat J.D.M. Swart, in opdrag van die firma Couzyn, Hertzog en Horak. Getuies vir Geyser en Naude was meneer F.J. van Wyk, doktor C.J. Labuschagne, meneer G.F.J. van Rensburg, dominee M.J. Redelinghuys en meneer J.D. Mynhardt. Pont self het met sy getuienis begin op 01 Maart, en dit het voortgeduur tot 09 Maart. Sy kruisverhoor deur die senior advokaat vir die eisers het op 10 Maart begin en het voortgeduur tot 31 Maart. Hy was 23 dae in die getuiebank. Die advokaat vir die eisers het op 10 April begin met beredenering van die saak en het daarmee voortgegaan tot 14 April. Die advokate vir Pont het daarna repliek gelewer. In sy betoog het advokaat Beyers volgens die *Pretoria News* van 21 April 1967 gesê dat Pont se artikels oor die Mindoloberaad 'n ernstige vorm van laster bevat, maar hy wil beklemtoon dat Pont sterk gevoel het oor sy kerk en sy volk. Die saak is afgesluit op 21 April, op die 39ste dag nadat dit begin het.

### 22 Februarie 1967

Op 'n ete in die Constantiaklub is hulde gebring aan professor H.P. Wolmarans nadat hy in Desember 1966 uitgetree het as dosent aan die Stoffberg Teologiese Skool en is daar ook waardering betuig aan ander emeriti. Die werk van professor en mevrou J.H.J.A. Greyvenstein, professor en mevrou S.P. Engelbrecht, professor en mevrou H.P. Wolmarans, dominee en mevrou S.J. Strydom, dominee en mevrou D.F. Erasmus, dominee en mevrou P.J.J. Venter en dominee en mevrou T.F.J. Dreyer is in dankbare herinnering geroep.

### 25 April – 04 Mei 1967

Die 55ste Algemene Kerkvergadering vind plaas. Dominee A.J. Nolte is verkies as voorsitter, dominee P.M. Smith as skriba, dominee S.P. Viljoen as vise-voorsitter en J.P. Oberholzer as vise-skriba. As predikantlede is dominee J.G.M. Dreyer en doktor P.W. Venter verkies.

Die vergadering het kennis geneem dat die lidmatetal oor die tien jaar 1956–1966 toegeneem het met meer as 20 000 en dat die predikantetal oor dieselfde tydperk toegeneem het van 108 tot 135. Dit het meegebring dat die gemiddelde getal belydende lidmate per predikant op 735 te staan gekom het. Die vergadering het 'n dringende beroep op jongmanne gedoen om arbeiders in die wingerd van die Here te word, en het hulle verseker dat gebrek aan finansiële middele geen belemmering vir hulle studie hoef te vorm nie.

Kennis is geneem dat C.J. Labuschagne, J.P. Oberholzer en W.C. van Wyk doktorsgrade in Ou Testamentiese Wetenskap behaal het, D.J. Booysen in Praktiese Teologie en S.J. Prins in Pastorale Sielkunde. Die Universiteit van Pretoria het 'n ere-doktorsgraad in Teologie aan dominee A.J.G. Oosthuizen toegeken. Die versoek van die Kuratorium dat Grieks III of Hebreeus III 'n verpligte vak sal wees, is toegestaan, en toestemming is verleen dat 'n sesde leerstoel ingestel word vir Praktiese Teologie.

Tydens die middagsitting op 01 Mei het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n Erepenning vir Kultuurhistoriese prestasie aan professor S.P. Engelbrecht oorhandig. Die voorsitter van die Akademie, professor P.J. Nienaber, het in sy inleidende toespraak onder andere die volgende gesê:

> *Ons is bly dat op hierdie wyse die bande tussen die Akademie en die Hervormde Kerk ook weer versterk kan word. By nadenke is daar nogal goeie rede waarom die Akademie en die Kerk mekaar behoort te verstaan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is uitgesproke volkskerk – kerk van die Heer Jesus Christus vir die volk, die Afrikanervolk! Die SA Akademie is eweneens gebore uit die volk vir die volk.*
> *Ons is dankbaar dat die Hervormde Kerk hom dwarsdeur die geskiedenis openlik en ondubbelsinnig vereenselwig het met die doel en strewe van die Afrikanervolk, maar tog as behoudende faktor die lig van die Evangelie steeds aan die volk voorgehou het as die hoogste goed, as die enigste norm vir leer en lewe. Die Akademie het dus in sy strewe om die taal, die letterkunde, die kultuur, die wetenskap van die Afrikaner te handhaaf en te bevorder, 'n sterk bondgenoot in u kerk.*
> *Die Akademie beywer hom ook vir die bekendstelling van ons eie geskiedenis – dié geskiedenis wat juis deur 'n predikant en hoogleraar van u kerk so voortreflik bestudeer is. Professor Engelbrecht is tot vandag toe volle Akademielid. Dit is miskien nie alom bekend nie dat die Akademiekantoor aanvanklik in Professor Engelbrecht se huis gesetel was. Die dryfveer agter sy onvermoeide ywer om die geskiedenis van die Voortrekkers te bestudeer en om allerlei unieke kultuurhistoriese stukke uit daardie tydperk te versamel en te bewaar, was sy liefde vir die Hervormde Kerk, die Kerk van die Voortrekkers. Die S.P. Engelbrecht–museum in hierdie Dirk van der Hoffgebou is die grootste kultuur- en kerkhistoriese museum en argief van sy soort in die Republiek. Die kosbare inhoud daarvan is feitlik eiehandig*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

*deur professor Engelbrecht versamel oor 'n tydperk van meer as 'n halfeeu.*

Professor A.D. Pont het op versoek van professor Nienaber die huldigingswoord voorgelees. Daaruit enkele aanhalings:

> *Professor Engelbrecht se besondere bydrae op die kultuurhistoriese vlak lê, behalwe sy gepubliseerde werk en versamelings, wyd versprei. Hier kan onder andere melding gemaak word van sy aandeel in die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria en van sy aktiwiteite as raadslid en sekretaris van die SA Akademie in die dertigerjare. Dit verdien ook vermelding dat hy hom steeds beywer het vir die kontak en verbondenheid met die stamland Nederland wat in baie opsigte die voedingsbodem en noodsaaklike agtergrond vir die Afrikaans kultuur-uitbouing was. Daarom het professor Engelbrecht ook 'n leidende rol gespeel met die vestiging van die Nederlandse Kultuurhistoriese Instituut aan die Universiteit van Pretoria, wat vandag so 'n belangrike komponent is van die Departement Afrikaans-Nederlandse Kultuurgeskiedenis. 'n Leeftyd van diens in belang van die Kerk, die Universiteit en die volk – 'n dienswerk wat gelewer is op die terrein van die kultuur en die geskiedenis van die Afrikaner – word deur die toekenning van hierdie penning bekroon.*

Die 50-jarige bestaan van die Fakulteit is gedenk deur 'n erediens in die Aula van die Universiteit van Pretoria op Woensdagaand 03 Mei, gelei deur die dekaan, professor E.S. Mulder. 'n Gedenkpenning in silwer is te koop aangebied. Goue gedenkpennings is oorhandig aan professore S.P. Engelbrecht, H.P. Wolmarans, E.S. Mulder, C.H. Rautenbach en dominee P.J.J. Venter. Professor Greyvenstein kon weens siekte nie teenwoordig wees nie. Die voorsitter het aan hom 'n gedenkpenning oorhandig met 'n besoek die middag. Verder het die voorsitter, die huidige lede van die fakulteit, die akademiese registrateur van die Universiteit en die sekretaris van die Kuratorium ook gedenkpennings ontvang.

Die rektor, professor C.H. Rautenbach, het in sy rede die volgende belangrike uitsprake gemaak:

> *Ten spyte van teenoorgestelde menings het die Teologie op belydenisgrondslag 'n plek in 'n moderne universiteit, soos dit reeds eeue die geval is in Protestantse lande. Aan hierdie universiteit is van die begin af Nederlands, en later Afrikaans, as voertaal van die Teologiese Fakulteit gehandhaaf, Die Fakulteit het 'n belangrike rol gespeel in die Afrikaanswording van die Universiteit en speel nog steeds 'n betekenisvolle rol. Die Teologie is daar ter wille van die Kerk, en waar die Fakulteit hier te midde van ander fakulteite sy plek het, sal hy steeds die uitdaging van die denke van die tyd tegemoet moet tree om antwoord te gee aan die neiging van die mens om homself met beelde wat met die waarheid stry, te mislei.*

Namens die Van der Hoff Teologiese Vereniging het J.P. Naude en P.A. Geyser die vergadering besoek op Donderdag 04 Mei en eksemplare van die *Gedenkalbum* wat deur die vereniging gepubliseer is, oorhandig aan die voorsitter, die dekaan, die voorsitter van die Kuratorium, en die skrywers van die historiese oorsig, J.P. Oberholzer en S.J. Botha.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor L.M. le Roux, dominee G.J.J. Roos, doktor P.J.T. Koekemoer, dominee C.J. Mans, doktor A.J.G. Oosthuizen, doktor A.P. Grove en doktor S.J.L. Gouws. Die begroting vir die Teologiese Opleiding wat deur die vergadering aanvaar is, was R24 510. Die vergadering het ook nog die volgende besluit geneem oor die Adriaan Pont Verdedigingsfonds: 'Die vergadering gee aan die Raad van Finansies opdrag om, indien dit mettertyd nodig sou blyk, die behoeftes van die fonds in behandeling te neem en na bevind van sake te handel.' Die bestaan van hierdie fonds word nie in die agenda van die vergadering vermeld nie. In *Dagbreek-Sondagnuus* 15 Januarie 1967 is berig dat die Afrikaner-verdedigingsfonds gestig is wat in die toekoms gebruik sal word om vir hofsake teen vooraanstaande Afrikaners te betaal. en dat Pont die eerste persoon sal wees wat uit die fonds gehelp sal word. Die trustees van die fonds was doktor J.D. Vorster, aktuarius van die Kaapse sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk en voorsitter van die Raad van Trustees, professor P.F.D. Weiss, direkteur van die Afrika Instituut, professor P.S. Dreyer, dominee H.F.V. Kruger van die Gereformeerde Kerk, dominee A.J. Nolte, dominee P.M. Smith, meneer Jaap Marais L.V, meneer M.A. Bezuidenhout, meneer G.H. Beetge, sekretaris van die Nasionale Raad vir die Bestryding van Kommunisme, en meneer A.B. van N. Herbst. Volgens *Die Beeld* van Sondag 28 Maart 1967 was professor P.F.D. Weiss op daardie stadium die voorsitter van die trustees, en was die fonds in die wandel bekend as die Pont-fonds. In dieselfde berig word vermeld dat ag Amerikaanse kerke 'n bedrag van R42 350 bygedra het vir Geyser en Naude se saak en dat nog R19 600 deur kerke in Brittanje, Nederland en Duitsland belowe is. Volgens *Dagbreek* op 11 Februarie 1968 het die sekretaris-penningmeester van die Adriaan Pont Verdedigingsfonds, meneer A.B. van N. Herbst, gesê dat die fonds as 'n verdedigingsfonds vir professor Pont gestig is. Skadevergoeding en ander mense se hofkoste is nie ter sake nie.

## 13 Junie 1967

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat die saak met koste teen professor Pont uitgewys is en dat hy 'n bedrag van R10 000 elk aan professor Geyser en meneer Naude as skadevergoeding moet betaal. Die kommissie het na bespreking die volgende verklaring uitgereik:

> 1. *Dit spreek vanself dat die Kerk na deeglike bestudering van die uitspraak kragtens die bepalings wat in die Kerkwet oor die opsig vervat is, met die betrokkenes sal handel. (ii) Omdat die Kerk en die volk steeds hoë waardering het vir die behoud van die konserwatiewe christelik-nasionale waardes vir ons Kerk en volk, vestig ons die aandag op die Adriaan Pont Verdedigingsfonds waarvan die doeleindes bekend is en doen ons met groot vrymoedigheid 'n beroep op ons gemeentelede en op die hele volk om hierdie fonds heelhartig en daadwerklik te ondersteun.*

Die inhoud van die regterlike uitspraak, wat gelewer is op 09 Junie. was blykbaar nie self tot beskikking van die Kommissie nie. [Die argivaris kon ook nie 'n afskrif van die uitspraak in die Kerkargief opspoor nie]. Eers mettertyd sou blyk dat die Kerk in 'n ernstige dilemma geplaas is. Nie alleen is volledig bewaarheid wat advokate Trengove en Botha voorsien het nie, maar bowendien het die regter verklaar dat Pont 'n onbevredigende getuie was en onder eed leuens vertel het deur te verwys na 'n boek ter stawing van sy getuienis, terwyl die boek op daardie stadium nog nie besklikbaar was nie. Die toekenning van skadevergoeding vir die laster wat Pont gepleeg het, was die hoogste bedrag wat tot dan vir 'n lastereis toegestaan is. Die regter het die toewysing daarvan soos volg op die verskillende aflewerings van die Kroniek gegrond: September 1964: R500, Oktober 1964: R200, November 1964: R200, Desember 1964: R300, Januarie 1965: R4 000, Februarie 1964: R700, Maart 1965: R4000, April 1965: R1000, Junie 1965: R100. Tesame met sy eie en die eisers se hofkoste sou Pont ongeveer R120 000 moes betaal, met 6% rente jaarliks.

Dominee A.J. Nolte, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het volgens *Die Transvaler* van 10 Junie gesê:

> *Hoewel ons aanvaar dat die bewoordinge van professor Pont in die betrokke artikels nie die regte was nie, bly die kerk oortuig daarvan dat professor Pont met al die artikels net die beste belang van die kerk en volk wou dien. Op grond daarvan het ons die vrymoedigheid om van alle kante steun vir professor Pont te vra.*

Hierdie uitspraak van dominee Nolte was volgens doktor C.J. Labuschagne die direkte aanleiding daartoe dat hy uit die kerk

Article #936
HTS Teologiese Studies/Theological Studies

bedank het. Professor A. van Selms het dieselfde gedoen. Hy het teenoor *Beeld* verklaar: 'Dit is vir my onmoontlik om lidmaat te wees van 'n kerk wat hom vereenselwig met die optrede van professor Pont.' Die St Andrews Presbiteriaanse Gemeente in Pretoria het op versoek van professor Van Selms geleentheid ingeruim vir Afrikaanse dienste. Die eerste is gelei deur doktor C.J. Labuschagne op Sondag 18 Junie en is volgens die *Rand Daily Mail* van 19 Junie 1967 bygewoon deur omtrent 150 persone. Op 18 Junie het *Dagbreek* berig dat ook doktor J.A.A.A. Stoop uit die kerk bedank het. Volgens die Sunday Express van 17 September 1967 het professore B.J. van der Merwe en J.A.A.A. Stoop van Unisa, professore A. van Selms en C.J. Labuschagne van die Universiteit van Pretoria, en dominees J.A. Swanepoel en J.J. Coetzee aansoek gedoen om predikantstatus in die Presbiteriaanse Kerk. Van hulle was J.A. Swanepoel wel ook sydelings betrokke by die verset rondom die Pontsaak, maar nie J.J. Coetzee nie. Die Adriaan Pont Verdedigingsfonds het sterk steun ontvang. *Die Vaderland* het op 16 Junie berig dat ook die Bantoestigting van Suid-Afrika 'n bedrag van R500 aan die fonds geskenk het.

Wat die opsig betref, sou daar aandag aan gegee moet word deur die bevoegde kerklike vergadering, in hierdie geval die Kommissie van die Ring van Pretoria. Handelinge is blykbaar uitgestel om die uitspraak van die appèlhof af te wag. Vir die appél moes Pont waarborge verskaf dat hy die regskoste van Geyser en Naude vir die appèlsaak sal kan dra en moes hy ook sowat 8 afskrifte van die Hooggeregshofstukke vir die appelregters laat voorberei. Op 07 Januarie 1968 het *Beeld* berig dat Pont sy appèl gewysig het en die uitspraak van Regter Trollip aanvaar. Die appèl sou nou net gaan oor die bedrag van die skadevergoeding en die koste van die saak. Pont het volgens *Die Transvaler* van 08 Januarie dit ontken en gesê hy moet nog daaroor besluit. *Beeld* het op 14 Januarie berig dat Pont blykbaar in die duister is oor sy appélsaak. Advokaat Swart het teenoor *Beeld* bevestig dat die appèl gewysig is. Die appèlverhoor het begin op 15 Februarie 1968 voor hoofregter L.C. Steyn, en regters P.J. van Blerk, D.H. Botha, G.N. Holmes en P.J. Wessels. Uitspraak is gelewer op 11 Maart 1968. Die appèl is met koste van die hand gewys.

Pont het intussen voortgegaan met sy akademiese werk en ook met politiek-kulturele betrokkenheid by verskillende organisasies. Hy was steeds lid van die Nasionale Raad vir Bestryding van Kommunisme en voorsitter van die Dirkie Uys Stigting. Op 26 Augustus 1967 het hy die Prinshoftak van die Nasionale Jeugbond toegespreek. In die week daarna het hy die Junior Rapportryerskorps op Pietersburg toegespreek oor 'Die Afrikaner en sy Kerk' (gepubliseer in die *Almanak* 1968). Hy skryf:

> *Die feit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering my, na die lastersaak wat ek verloor het in 1967, gehandhaaf het as hoogleraar, het my laat besluit dat ek my werk so moet doen dat die kerk daarvan voordeel en nie nadeel sal hê nie. Daarby het ek ook tot die gevolgtrekking gekom dat ek deur navorsing en publikasie die kerk miskien die beste kan dien. Juis omdat ek nie meer populêr was nie, kon ek my in die studeerkamer terugtrek en voortgaan met studie, navorsing en publikasie.* [Die terugtrek het natuurlik net kerklike sake geraak, vir 'n aktivis soos Pont was stille afsondering 'n onmoontlikheid, vandaar 'n snel toenemende partypolitieke betrokkenheid wat sou volg.]

Die Ringskommissie het blykbaar nie self inisiatief geneem met die oog op die opsig nie nie, soos blyk uit 'n skrywe van die Ringskommissie aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, gedateer 19 Maart 1968. Professor A.D. Pont het, nadat die uitspraak van die Appèlhof bekend geword het, 'n onderhoud met die Ringskommissie aangevra.

> *In die vergadering het professor Pont 'n verklaring van 16 bladsye aan die Kommissie voorgelê. Hierdie verklaring word met begeleidende aanmerkings aan die Hoogeerwaarde Kommissie voorgelê.* [Die argivaris kon ook nie hierdie verklaring opspoor in die Kerkargief nie] *Die (Rings) Kommissie is onder die indruk dat hierdie verklaring in groot erns opgestel is. Die Kommissie merk met blydskap 'n toon van verootmoediging aan die einde van die memorandum waar hy sy opregte spyt uitspreek en dan ook onderneem om nie meer foute en verkeerdhede te begaan nie. Op vrae wat deur die Kommissie gestel is oor sekere punte antwoord professor Pont onder andere dat daar van sy kant geen kwaadwilligheid teenoor professor Geyser en mnr Naude bestaan nie. Hy vind die standpunt wat hulle inneem onaanvaarbaar maar in sy gemoed dra hy geen kwade gevoelens teen hulle nie. Hy is ook heeltemal bereid om in gesprek met die twee here te tree as daar 'n geleentheid gereël kan word... Die Kommissie is van mening dat daar berou en spyt by professor Pont is – dit het vir ons duidelik geblyk met die antwoorde van professor Pont. Hiermee is die doel van die kerklike opsig bereik en die saak is, wat die Kommissie betref, dan ook afgehandel.*

Na kennisname van hierdie skrywe het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit:

1. *Die vergadering neem met blydskap kennis van die rapport van die Ringskommissie en versoek die Kommissie om langs ingeslane weg voort te gaan, ook met die oog op 'n moontlike gesprek tussen die partye.*
2. *Die vergadering neem kennis van die verklaring van professor Pont aan die Ringskommissie*
3. *'n Verklaring word aan alle kerkrade uitgereik met inhoud dat die Kommissie van die Ringskommissie, by wie die opsig oor dienaars van die Woord binne sy ressort berus, berig ontvang het oor die uitkoms van 'n samespreking met professor Pont onder die opsig, en dit hiermee aan die kerk meedeel. Die Verklaring word ook gepubliseer in Die Hervormer.*

Die getakseerde koste van Geyser en Naude was sowat R39 000, en 'n uitwinningslasbrief vir die bedrag van R38 800 tesame met die R20 000 skadevergoeding is op 15 Maart 1968 deur die Randse Hooggeregshof uitgereik.

### 13 Junie 1967

Die Kuratorium verkies doktor P.J.T. Koekemoer as voorsitter en dominee G.J.J. Roos as vise-voorsitter. Op voordrag van die Vergadering van Professore is doktor J.I. de Wet aanbeveel vir vulling van die sesde leerstoel, dié in Praktiese Teologie.

**Jacobus Ignatius de Wet** is gebore op 24 Januarie 1926 te Clocolan. Hy groei op in Lichtenburg waar sy pa onderwyser en boer was. Sy pa sterf terwyl hy in standerd nege was. Vir die eerste ses maande van wat sy matriekjaar moes wees, werk hy in die boerdery van sy oupa Roothman op Gerdau, maar keer terug skool toe en voltooi matriek aan die Hoërskool Lichtenburg in ses maande. Hy skryf in as kerklike student aan die Universiteit van Pretoria in 1944 en voltooi die studie in 1950. Op 09 Desember 1950 tree hy in die huwelik met Anna Deborah Muller, suster van doktor Hilgard Muller. Hy word georden op 14 Februarie 1951 en dien as predikant in Melville, Johannesburg-Noord en Krugersdorp-Oos. In 1961 word hy medeleraar in die gemeente Pretoria-Oos met opdrag studente-bearbeiding, en in 1964 word hy predikant van die nuutgestigte studentegemeente Philadelphia. Hy promoveer in 1961 met 'n proefskrif getitel *Die Kerklike Verkondiging in die huidige Tydsgewrig* met professor B.J. Engelbrecht as promotor. Hy het sy kerklike intreerede op 31 Maart 1968 gehou tydens 'n erediens van die gemeente Philadelphia in die A.E. du Toit Ouditorium by die Universiteit van Pretoria.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

Die Kuratorium het verder besluit om in te gaan op die moontlikheid van 'n gedenkpenning na aanleiding van die halfeeufees van die fakulteit, en het ook aanbeveel dat die lesings in Bybelkunde voortaan waargeneem sal word deur J.P. Oberholzer en doktor W.C. van Wyk. Omdat Van Wyk nog nie georden was nie, is die problem van sy status na die Raad vir Regsadvies verwys. Die Raad was van oordeel dat Van Wyk nie georden kan word met die oog op so 'n benoeming nie. Dit het daarop uitgeloop dat Oberholzer die lesings in Bybelkunde I en II moes waarneem en dat professor E.S. Mulder die nuut ingestelde Bybelkunde III sou behartig.

### 15 November 1967

Professor J.H.J.A. Greyvenstein is in die Zuid-Afrikaanse Hospitaal oorlede na 'n drie weke lange siekte. Hy was voorsitter van die hospitaalraad vir 30 jaar. Die raad het in 1965 aan hom 'n erepenning oorhandig vir sy dienste. Professor H.P. Wolmarans het die begrafnisdiens in die kerkgebou van Pretoria gelei op 17 November 1967. Dominee A.J. Nolte het die woord gevoer namens die kerk en professor C.H. Rautenbach namens die Universiteit. Professor E.S. Mulder het die verrigtinge by die graf afgesluit.

### 23 November 1967

Die *Rand Daily Mail* berig dat doktor C.J. Labuschagne bedank het as dosent aan die Universiteit van Pretoria en 'n pos gaan beklee in die teologiese fakulteit van Groningen. 'My belangrikste rede om SA te verlaat, is akademies. Ek is primer 'n teoloog en ek voel dat daar nie geleenthede hier vir my is in enige teologiese fakulteit nie.'

Doktor W.C. van Wyk het in Desember 1967 na Duitsland vertrek met 'n beurs van die Von Humboldt Stigting. Hy het onder Professor G. Fohrer in Erlangen gewerk en het in sy tyd daar die Kongres van Ou Testamentici in Rome bygewoon en ook die Duitse Oriëntalistekongres waar hy 'n voordrag gehou het. Hy en sy gesin het op 18 Oktober 1968 terug na Suid-Afrika vertrek.

## ഗ 1968

### 05 Februarie 1968

Professor S.P. Engelbrecht is tuis verpleeg volgens die *Pretoria News*. Sy toestand het volgens sy vrou sorg gebaar.

### 16 Februarie 1968

Die Kuratorium het met dank kennis geneem van skenkings aan die Teologiese Opleidings fonds deur M.J. Hough en Hendrik Vermooten en dat die Raad van Finansies R200 per jaar bewillig het vir die aankoop van boeke vir die Teologiese Biblioteek aan die Universiteit van Pretoria. Die Kuratorium het ook kennis geneem dat drie studente aangestel is as deeltydse lektore aan die Universiteit van Pretoria, naamlik J.A. Loader, A.P.B. Breytenbach en P.J. van die Merwe.

### 03–04 Junie 1968

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat dominees J.H. Steenekamp en E.C.B. Kotze wat op 17 Januarie 1966 'n formele klag teen professor A.S. Geyser ingedien het omdat hy met verbygaan van die kerklike prosedure hom op die hof beroep het, hulle klag op 27 Maart teruggetrek het en dat die skriba op 02 April aan Geyser meegedeel het dat sy suspendering as dienaar van die Woord opgehef word.

### 08 Augustus 1968

Die Kuratorium besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om met die Nederduitse Gereformeerde Kerk te onderhandel met die oog op gesamentlike vertoë aan die Universiteit van Pretoria vir die aanstelling van voltydse dosente vir Bybelkunde en subsidiëring op dieselfde basis as die professore in die Fakulteit Teologie. Verder is besluit dat die naam van die voorgestelde gedenkpenning sal wees 'H.C.M. Fourie Erepenning.'

Professor E.S. Mulder moes siekteverlof neem in Augustus 1967. Sy lesings is met goedkeuring van die Kuratorium waargeneem deur J.P. Oberholzer. Professor Van Zyl was gedurende die eerste semester van 1968 met vakansie- en studieverlof. Sy lesings is waargeneem deur doktor C.J. Viljoen.

### 03 September 1968

Professor A.S. Geyser het na ontvangs van die berig dat die klag teen hom teruggetrek en sy suspendering daarom opgehef word, op 11 Junie 1968 'n onderhoud met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangevra 'om die Kommissie aan te spreek.' Die Kommissie het hom ontvang op 03 September 1968. Hy het 'n stuk voorgelees waaruit die volgende aangehaal word:

> *Sedert kort na Evanston het die indertydse Algemene Kommissie waarvan sommige van u lede was, begin om die Nederduitsch Hervormde Kerk te omskep in 'n blokondersteuning van die partypolitieke ideologie van rasseskeiding in die Kerk. Bedenkinge dat Skrif en belydenis so-iets altans nie in die universele Kerk billik nie, het u binne die kerk met die mag van u posisie en soms ook met middele daarbuite onderdruk. Plek-plek het u waarhede en feitlikhede selfs nie ontsien nie en persone en koste het u in u strewe nie gespaar nie. Deur die ketterproses wat u my aangedoen het en die daaropvolgende hofsaak van 1963, het u leiding die Nederduitsch Hervormde Kerk baie aan aansien, predikante en middele gekos. U leiding van die Algemene Kerkvergadering van 1964 het die aansien van die Kerk nog verder laat daal. Sedert 1964 het u professor Pont toegelaat om in Die Hervormer 'n volgehoue laster- en leuenkampanje teen my en andere te publiseer. Van onmiddellike belang is dat u optrede en leiding aan die kerk in die Pont-saak die faam van u as Kommissie en van die Kerk wat u lei, nog verder laat daal het. Te genertyd het u voor of na die regterlike uitsprake van ons hoogste howe, prof Pont met die eise van Gods Woord of die belydenisskrifte, met name van die Heidelbergse Kategismus oor lieg en laster gekonfronteer. Leuens en laster was vir u interpretasie van u opsig nie sonde nie. Die feit dat ek 'n skade-eis teen professor Pont ingestel het, was vir u darenteen 'n ergerlike sonde. en u het my, hangende u verhoor, twee jaar lank uit die amp gehou. Eerder as om professor Pont te beteuel, laat staan te betig, het u Voorsitter op twee agtereenvolgende predikantevergaderinge die versekering gegee dat u as Algemene Kommissie volledig agter professor Pont staan en lede van u Kommissie het die jongste Algemene Kerkvergadering gelei om die hele kerk met die optrede van professor Pont te vereenselwig. U wou dit voluit doen, maar u advokate het u beraad om minstens u redakteur van Die Hervormer skikking te laat soek en apologie aan te laat teken. Pas het hy dit gedoen of vier van u en een van u amptenare verkonstitueer uself met andere as 'n fondsinsamelingskommissie vir professor Pont. Die hoogste howe van ons land het bevind dat professor Pont dominee Naude en my kwaadwillig en swaar belaster het. Hulle het hom die swaarste skadevergoeding nog in SA opgelê. Beide howe het hom by herhaling 'n onbetroubare getuie bevind – dit is dat hy in die hof gelieg het. Maar u het selfs toe nie u taak van opsig en toesig oor professor Pont laat geld nie. Hierdie dinge sê ek om u nou vir die tweede maal en die laaste maal as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk op te roep tot 'n afkeer van die weg wat u as leidende Kommissie van die Kerk nou al twaalf jaar loop en tot 'n bekering tot God. Die eerste oproep van die aard het ek tydens die Algemene Kerkvergadering van 1964 op u gedoen. Ek doen dit nou weer – indien moontlik – met*

*dringender erns en vuriger gebed. U gewetens sal nie weier om u te beweeg nie – verder: die lewende Woord van God sal nie nalaat om u te verkwik nie en die belydenis waarop u verseker dat u staan sal nie ophou om u profeties, presies en onmiskenbaar te sê dat u as Algemene Kommissie die afgelope twaalf jaar die Nederduitsch Hervormde Kerk steeds meer met die merk van die valse kerk beteken. My vrou en ek reken nou dat onder u leiding die Nederduitsch Hervormde Kerk vir ons nie meer deel van die Kerk van Christus verteenwoordig nie en dat ons dit daarom in gehoorsaamheid aan God moet verlaat.*

Die voorsitter het daarop gesê dat die Kommissie nie kan saamstem met Geyser se interpretasie van sake nie omdat dit geen rekening hou met die feite nie. Die Kerk het vir etlike jare reeds nie die indruk gehad dat professor Geyser saam met die Kerk wil leef en werk nie; ten spyte daarvan dat hy steeds ampsdraer van die Kerk was, was die enigste wat die Kerk van tyd tot tyd gehoor het dat hy steeds besig was om teen die Kerk op te tree. Sy bedanking is daarom geen verlies vir die Kerk nie maar alleen die logiese uitvloeisel van ‘n optrede wat reeds oor jare strek. dit is tog bedroewend dat hy nou die Kerk, wat nie anders is as toe hy self in die kerk grootgeword het, wil uitmaak vir alles wat sleg is. Hy moet homself daarvan rekenskap gee hoe dat hierdie Kerk, ten spyte daarvan dat dit nie verander het nie, tog vir hom ‘n valse kerk geword het."

Die Kommissie het daarna onder andere besluit:

1. *Die Kommissie het, nadat hy die beweringe van professor Geyser oor die leiding van die Kommissie gehoor het en sy beskuldigings dat die Kerk die gestalte van ‘n valse kerk aangeneem het, oorweeg het, tot die bevinding gekom dat hy nie anders kan as om die beweringe van professor Geyser in totaal te verwerp nie en dit te beskou as volkome ongegrond en in botsing met die historiese feite van die afgelope twaalf jaar.*
2. *Die Kommissie beskou die bedanking van professor Geyser as die logiese uitvloeisel van sy weiering om met die Kerk mee te leef tydens die afgelope jare en van sy volgehoue optrede teen die Kerk.*

## 1969

### 31 Januarie 1969

Die regulasies vir die H.C.M. Fourie Erepenning word vasgestel op die vergadering van die Kuratorium. Die basiese bepalings lui soos volg:

1. *Die penning, uit goud geslaan, sal bekendstaan as die H.C.M. Fourie Erepenning.*
2. *Die penning sal, indien dit toegeken word, elke keer tydens die sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk op ‘n gepaste wyse deur die dienende voorsitter van die Kuratorium oorhandig word aan die persoon wie se arbeid op dié manier bekroon word.*
3. *Voorwaardes vir toekenning:*
3. *Die penning word toegeken as:*
   - A. *Bekroning van gepubliseerde akademiese werk wat (i). berus op selfstandige navorsing, studie en eie insig, (ii) ‘n positiewe bydrae is tot de bestendiging en uitbouing van die Bybels-reformatoriese teologie*
   - B. *Bekroning van besondere diens in of aan die Kerk deur geskrif, persoonlike leiding en optrede wat bygedra het tot die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk of die bestendiging en uitbouing van die standpunt en houding van die Nederduitsch Hervormde Kerk*

Verder volg daar dan nog regulasies oor die moontlike ontvangers en die werkwyse van toekenning.

### 09 April 1969

Studente en oudstudente onthul ‘n borsbeeld van professor C.H. Rautenbach in die foyer van die Aula by geleentheid van die 21ste herdenking van sy ampsaanvaarding as rektor.

### 18 September 1969

Die Raad stel professor E.M. Hamman aan as rektor vir die tydperk 01 Julie 1970 tot 31 Desember 1977.

### 27 November 1969

Die Raad besluit onbestrede om die eregraad MD aan professor C.H. Rautenbach toe te ken op 22 Maart 1970.

## 1970

### 30 Januarie 1970

Die ontwerp van die H.C.M. Fourie Erepenning word vasgestel op die Kuratoriumvergadering. Besluit is dat ‘n heraldikus geraadpleeg sal word en die afhandeling van die ontwerp aan die skriba opgedra word. Met verloop van tyd is die penning aan die volgende persone toegeken: H.P. Wolmarans (1970), J.G.M. Dreyer (1976), J.P. Oberholzer (1982), B.J. Engelbrecht, P.S. Dreyer, A.D. Pont, A.B. van N. Herbst (1986), W. Mathlener (1989), F.J. van Zyl, H.G. van der Westhuizen (1992), P.M. Smith (1995), D.J.C. van Wyk, A.J.G. Dreyer, S.J. Botha (1998), J.H. Koekemoer (2001), A.P.B. Breytenbach, P.J. de Beer (2004), T.F.J. Dreyer en A.G. van Aarde (2007).

Volgens ‘n verslag aan die Kuratorium op 28 Mei 1970 was die koste van die eerste erepenning R278.67. Die Kuratorium het op sy vergadering van 30 Januarie 1970 ook besluit om by die Raad van Finansies aan te beveel dat beurslenings verhoog word na R260 per jaar, voorsiening gemaak word vir een ekstra studiejaar, en vir merietebeurse.

### 03 April 1970

Die tydskrif *Ster Aktueel* wy ‘n aantal anonieme artikels aan die Nederduitsch Hervormde Kerk met die volgende inleiding:

> *Die Afrikaner is hierdie Kerk veel verskuldig vir die belangrike rol wat hy sedert die dae van die Voortrekkers gespeel het om die erwe van ons vaders vir ons nageslag te bewaar. Veral in die jongste jare het die Nederduitsch Hervormde Kerk soos ‘n toring van krag bly staan in die storms wat die Afrikaner en sy kerke wil dwing tot die aanvaarding van liberalisme.*

### 27 April 1970

Die 56ste Algemene Kerkvergadering neem sitting. Die Moderamen is herkies, naamlik dominees A.J. Nolte as voorsitter, P.M. Smith as skriba, S.P. Viljoen as vise-voorsitter en J.P. Oberholzer as vise-skriba. Professor B.J. Engelbrecht en doktor C.J. Mans is verkies as Predikantelede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Wat die predikantetoga betref, het die Predikantevergadering by sy lede aanbeveel:

> *Aangesien die toga uitdrukking is van die akademiese bevoegdheid om die evangelie te verkondig en dié besondere werk te doen, beveel die vergadering aan dat die toga die akademiese toga sal wees van die plek waar die persoon gestudeer het.*

Die Algemene Kerkvergadering het op sy beurt by die Predikantevergadering aanbeveel: ‘‘n Aangepaste kerklike toga by die universiteitstoga soos in die agenda aanbeveel.’ Na aanleiding van vier beskrywingspunte het die vergadering verder besluit:

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

1. *Die bepaling oor kleding van ampsdraers in amptelike vergaderinge (Hoofstuk 1 van die Bepalings) word geskrap.*
2. *Die vergadering bepaal dat ampsdraers ter wille van die netheid en die waardigheid van die vergaderinge geklee sal gaan in donkerkleurige pakke met 'n wit strikdas.*

Wat die professore en dosente in die Godgeleerdheid betref, is besluit dat hulle sowel as die emeriti-professore indien daartoe opgeroep, sitting op die Ringsvergadering het met adviserende stem. Artikel 77 is gewysig om te lees

> *Professore en ander dosente in die teologie het sitting op die Algemene Kerkvergadering met gewone stem en op die Ringsvergadering met adviserende stem indien daartoe opgeroep. Op die Kuratorium het die professore en ander dosente in die teologie sitting met adviserende stem, en kan hulle voorstelle indien.*

Kennis is geneem dat professor E.S. Mulder vanaf Julie tot September 1967 met siekteverlof was en dat sy lesings waargeneem is deur J.P. Oberholzer, dat professor Van Zyl met langverlof was gedurende die eerste semester van 1968 en dat sy lesings deur doktor C.J .Viljoen waargeneem is, dat professor Van Rensburg gedurende die eerste semester van 1969 op siekteverlof was en dat sy lesings waargeneem is deur dominees J.J. Engelbrecht en G.M.M. Pelser. Hierdie vergadering het ook die besluit geneem om vroue tot die diakenamp toe te laat. Daar was teenstemme van 29 lede.

Oor die samestelling van die Algemene Kerkvergadering is besluit dat uit elke gemeente van die kerk een lid van die kerkraad afgevaardig mag word (dus ook 'n diaken). Die H.C.M. Fourie-erepenning is oorhandig aan professor H.P. Wolmarans. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J.T. Koekemoer, het onder andere gewys op die vernuwing in die teologiese wetenskap van die Fakulteit wat deur professor Wolmarans bewerk is toe hy sommige van die grondgedagtes van die dialektiese teologie in sy lesings ter sprake gebring het, veral soos dit geformuleer is in die werke van Emil Brunner.

Die S.P. Engelbrecht-penning is aan doktor C.J. Mans oorhandig as bekroning vir sy proefskrif oor *Die lewe en werk van die dogmatikus P.J. Muller.* Teenwoordig by dié geleentheid was twee dogters en 'n kleindogter van professor P.J. Muller.

Op versoek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die vergadering sy Kommissie gemagtig om vertalers te benoem en te reël dat hulle minstens die helfte van hulle tyd aan die vertaling sal kan wy. Die besluit van 'n vertalerseminaar wat oorspronklik deur professor E.S. Mulder geformuleer is, is bekragtig. Dit het gelui:

> *Die vergadering is van oordeel dat, aangesien die bestaande Afrikaanse Vertaling in 1933 deur die Afrikaanse kerke in SA aanvaar is, slegs nege jaar nadat Afrikaans amptelike taal geword het, die tyd nou aangebreek het dat gewerk word aan 'n vernieude vertaling, wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks; 'n waardige vertaling wat ons volk aanspreek, binne en buite die kerk, in die erediens en in huislike gebruik, in ons teenswoordige situasie en tyd.*

Op die Kuratorium is verkies doktor P.J.T. Koekemoer, doktor L.M. le Roux, dominees G.J.J. Roos, H.J. Geyser en C.L. van den Berg, professor C.H. Rautenbach en doktor J.L. van Staden. Die verslag van die Kuratorium waarby die Dekaansverslag opgeneem is, is aanvaar en so ook die verslag van die Redaksie van *Hervormde Teologiese Studies*.

Na aanleiding van 'n studiestuk oor die gewetensklousule in die wetgewing op hoër onderwys, opgestel deur J.P. Oberholzer met medewerking van doktor N.S. Botes, is besluit dat die Nederduitch Hervormde Kerk sy beproefde standpunt van handhawing van die beginsel in die gewetensklousule vervat, herbevestig en dring by enige poging tot herformulering daarvan aan op handhawing en behoud van sowel die reg van die gemeenskap om die gees en rigting van die onderwys te bepaal as die beginsel van godsdiensvryheid soos verskans in die grondwet van die RSA,

Wysigings van die artikels in die Kerkwet oor die toelating van kandidate tot die heilige diens is goedgekeur. Voortaan moes 25 eksemplare van die te houe proefpreek (in plaas van 20) ingehandig word, die eksamenkommissie sou uit ses lede bestaan, en Artikel 70 is in sy geheel verander om soos volg te lees:

a. *Die proponentseksamen is 'n gesprek oor die amp van die dienaar van die Woord in die geheel van die lewe en werk van die kerk*
b. *Hierdie gesprek vind plaas na aanleiding van die proefpreek wat elke kandidaat tot bevrediging van die eksamenkommissie in die teenwoordigheid van minstens twee lede van die eksamenkommissie in 'n gemeente gehou het*
c. *Die voorsitter van die eksamenkommissie reël die tyd en plek van die proefpreke en gee minstens 'n maand voor die tyd daarvan kennis aan die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*
d. *Die gesprek vind plaas om te bepaal:*
e. *of elke kandidaat voldoende kennis van die Heilige Skrif met die oog op die ampspraktyk besit en*
f. *in hoeverre die akademiese opleiding deur die Teologiese Opleiding van die Kerk deel geword het van die hart en lewe van die betrokke kandidaat*
g. *Kandidate word afsonderlik geëksamineer*
h. *Na suksesvolle aflegging van die proponetseksamen kan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering preekvergunning aan 'n proponent verleen. Hierdie preekvergunning bly van krag totdat hy in die diens van die Woord georden is of tot so 'n datum as wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit nodig ag om dié vergunning weer terug te neem.*

'n Voorlegging tot wysiging van die opleidingsvereistes wat 'n sesjarige BD graad beoog, is verwys na die Kuratorium saam met die voorsteller en sekondant vir rapport aan die volgende vergadering.

Na aanleiding van 'n bespreking oor die predikantetekort het die vergadering opdrag gegee aan kerkrade en veral aan predikante om in die komende drie jaar in elke gemeente 'n besondere, volgehoue, planmatige poging aan te wend om studente vir die teologiese opleiding te werf en aan die Kuratorium om in oorleg met die Predikantevergadering met die verloop hiervan in voeling te bly.

Die vergadering het ook kennis geneem van die volgende voorlegging van die Kommissie oor beskuldigings teen die kerk:

> *Die beskuldigings wat deur verskillende vroeëre dienaars van die Woord teen die kerk ingebring is, is steeds ernstig deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oorweeg. Die Kommissie moes egter telkens tot die gevolgtrekking kom dat die broeders ter regverdiging van hul eie optrede die weg van beskuldiging gekies het, en daarin nie geskroom het om die kerk te belaster nie. Omdat die broeders se optrede alleen in perspektief gesien kan word teen die agtergrond van die ontwikkeling op kerklike, ekumeniese en politieke gebied in die afgelope drie dekades, is dit nou die taak van die kerkhistorici om die gebeure nugter en wetenskaplik te beskryf ten einde die toekomstige geslagte voor te lig oor hierdie tyd van beproewing vir die kerk. Tegelyk is dit die dure plig van die kerk in sy amptelike vergaderinge om in ootmoed en met die besef van sy eie skuld ernstig te bly vra*

Article #936 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*na die waarheid van Gods handelinge met ons, en te streef na gehoorsame dienswerk.*

**28 Mei 1970**

Die Kuratorium vergader. Doktor P.J.T. Koekemoer is verkies as voorsitter en doktor L.M. le Roux as vise-voorsitter. Dominee H.J. Geyser het bedank as lid van die Kuratorium, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het doktor S.J.L. Gouws in sy plek benoem. Die vergadering het kennis geneem dat professor E.S. Mulder emeritaat aanvaar teen die einde van die jaar en het besluit om J.P. Oberholzer aan te beveel vir benoeming as sy opvolger.

**Johannes Petrus Oberholzer** is gebore op 03 Oktober 1927 as vierde kind van Nicolaas Christoffel Oberholzer en Jacoba Cornelia Aletta Sophia Nel, en groei op op die Oos-Transvaalse Hoëveld. Hy gaan skool in Cyferfontein Laerskool, 'n tweeman plaasskool naby Trichardt, en in Hoogenhout Hoërskool op Bethal, waar hy in 1944 matrikuleer in die eersteklas. Hy voltooi die BA, BD studie in 1950 en ontvang 'n MA graad in Semitiese Tale in 1957 en die DD graad met lof in 1967 met 'n proefskrif *Die Kneg van die Here in die Ou Testament*, onder leiding van professor E.S. Mulder. Hy is georden op 11 Februarie 1951 en was agtereenvolgens predikant van die Salisbury-kombinasie, Boksburg, Middelburg, Rustenburg, Pretoria en Lyttelton. Hy is aangestel as professor met ingang 01 Januarie 1971.

**30 Junie 1970**

Professsor C.H. Rautenbach tree uit as rektor van die Universiteit van Pretoria. Die Senaat het op 27 Mei 1970 sy waardering vir die dienste van professor Rautenbach betuig, en die Raad het op 18 Junie 1970, 'sy diepe erkentlikheid bevestig teenoor een van die groot manne van Suid-Afrika wat begenadig is met buitengewone gawes.' Tydens 'n oggendfunksie op 17 Junie voor die Aula het personeel en studente by monde van die voorsitter van die Raad hulde gebring vir die uitstaande diens van 22 jaar as rektor en is 'n praguitgawe van *Skakelblad*, wat in geheel aan hom en mevrou Rautenbach gewy is, aan hom oorhandig. Die betrokke uitgawe is Jaargang 17 nommer 01 Mei 1970, en dit dek die hele wye verskeidenheid van Rautenbach se lewe en aktwiteite.

Van die kant van die by Nederduitsch Hervormde Kerk is daar artikels van professor E.S. Mulder oor Rautenbach as Kerkman, professor C.K. Oberholzer oor Rautenbach as mens, mevrou M.R. Oosthuizen oor mevrou Rautenbach, professor P.S. Dreyer oor Rautenbach as filosoof ook ingesluit in die betrokke uitgawe.

**23 September 1970**

Die Kuratorium keur 'n skrywe aan kerkrade en predikante goed oor die werwing van kandidate vir opleiding. Oor Bybelkunde is besluit dat J.P. Oberholzer verantwoordelik sal bly vir Bybelkunde III en dat dominees A.P.B. Breytenbach en J.A. Loader onderskeidelik Bybelkunde I en Bybelkunde II sal waarneem met die voorbehoud dat indien dominee Breytenbach beskikbaar is, hy Bybelkunde I en II sal behartig.

Die Kuratorium het ook kennis geneem dat J.P. Oberholzer benoem is as deeltydse Bybelvertaler en het aanbeveel dat doktor W.C. van Wyk die lesings vir die eerste jaar BD sal waarneem terwyl Oberholzer self die lesings vir BD II en III sal behartig.

**26 November 1970**


Die Raad boekstaaf sy dank en waardering aan professor E.S. Mulder wat as dekaan en lid van die Uitvoerende Komitee van die Senaat 'n groot bydrae gelewer het tot die vooruitgang van die Universiteit.


**02 Desember 1970**

Professor E.S. Mulder lei 'n erediens in Aula by sy uittrede. Geleentheidswoorde is uitgespreek deur dominee A.J. Nolte, voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, professor E.M. Hamman, rektor van die Universiteit van Pretoria, professor E.P. Groenewald namens die Fakulteit Teologie (Afdeling B) en professor B.J. Engelbrecht, aangewese dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling). Professor A.D. Pont het langverlof geneem vir die jaar 1971. Sy lesings is waargeneem deur dominees S.J. Botha en J.J.P. Muller.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #936

# Voorsitters van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding



C.W. du Toit
1909–1913


Jac van Belkum
1913–1922, 1925–1931


H.D. van Broekhuizen
1922–1925


G.E. Alers
1925


A.J.G. Oosthuizen
1931–1937, 1939–1948


L.E. Brandt
1937–1939


J.H.J.A. Greyvenstein
1948–1950


J.G.M. Dreyer
1951–1954



E.S. Mulder
1954–1956



W.F.H. Huyzers
1956–1957



S. Vermooten
1957–1961


S.P.J.J. van Rensburg
1961–1962



J.P. Oberholzer
1963–1964


L.M. le Roux 1964–
1967, 1971, 1973–1979


P.J.T. Koekemoer
1967–1971


G.J.J. Roos
1972–1973, 1979–1983


D.J.C van Wyk snr
1983–1986


S.J. Botha
1986–1992


E.C.B. Kotze
1992–1995


P.A. Geyser
1995–1997


A.P.J. Beukes
1997



P.J. de Beer
1997–2004



D.J.C. van Wyk jnr
2004–2007


J. Otto
2007–

# Dosente 1916–2009



J.H.J.A. Greyvenstein
1916–1945



A.C. Paterson
1917–1924


E. MacMillan
1917–1933


S.P. Engelbrecht
1921–1956


H.P. Wolmarans
1935–1958


A. van Selms
1938–1964


C.H. Rautenbach
1939–1946



A.S. Geyser
1946–1962


A.S. Geyser
1946–1962


B.J. Engelbrecht
1950–1988


E.S. Mulder
1956–1970


A.D. Pont
1957–1992



J.I. de Wet
1968–1983


F.J. van Zyl
1960–1978


S.P.J.J. van Rensburg
1963–1972


G.M.M. Pelser
1972–1981, 1993–


J.P. Oberholzer
1971–1983


W.C. van Wyk
1971–2000


A.P.B. Breytenbach
1972–2004



T.F.J Dreyer
1984–


J.J. Engelbrecht
1976–1997


P.J. van der Merwe
1979–2009


P.M. Venter
1980–


A.G. van Aarde
1980–2005



G.C. Velthysen
1987–1988


J.H. Koekemoer
1987–2001


M.J. du P Beukes
1989–1999


L.J.S. Steenkamp
1990–2000


L.C. Bezuidenhout
1993–1999


S.J. Botha
1993–2001


Y. Dreyer
2000–


J. Buitendag
2001–


E. van Eck
2006–


J.P. Labuschagne
2007–2009


W.A. Dreyer
2010–



# Hoofstuk 7

## Evaluering en selfinterptetasie 1971−1980

Personeelwisseling bring nuwe rolspelers. Terugskouing lei na evaluering van teologiese rigting. Politieke hoogspanning gaan nie by kerk en fakulteit verby nie. Die ontstaan van die Kerklike Instituut vir Toerusting van Ampsdraers en Lidmate bring 'n waardevolle toevoeging.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Evaluering en selfinterptetasie 1971−1980', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #921, 20 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.921

### 1971

#### 28 Januarie 1971

Die Kuratorium neem kennis van 'n uitvoerige voorlegging van professor B.J. Engelbrecht oor die voorgestelde wysiging van opleidingsvereistes waarin dit nie aanbeveel word nie. Die Kuratorium het sy instemming daarmee betuig maar het besluit dat die komitee wat daarvoor benoem is, voortgaan om sy opdrag uit te voer. Oor merietebeurse is besluit dat dit alleen beskikbaar sal wees vir BA studente.

Die Kuratorium het verder kennis geneem dat die siekteverlof van professor Van Rensburg opgebruik is en dat die Universiteit dit tog wel verleng het vir die eerste semester van 1971. Na 'n samespreking met die Moderamen, die voorsitter van die Kuratorium en die Administrateur is gereël dat die waarnemende hoof van die departement, professor B.J. Engelbrecht, vir doktorale werk sal instaan met die hulp van doktor A.J.G. Dreyer, dat professor B.J. Engelbrecht die lesings in eksegese vir die BD studente sal behartig, professor F.J. van Zyl die lesings in Teologie en professor J.I. de Wet die lesings in Inleiding en Kanongeskiedenis.

#### 23 Februarie 1971

Die Fakulteit verwelkom J.P. Oberholzer as lid en verkies J.I. de Wet as sekretaris, besluit om die Nico Prinslooprys aan P.M. Venter toe te ken, bekragtig die uitslae van die doktorale eksamens van M.J. du P. Beukes, A.P.B. Breytenbach, T.F.J. Dreyer, J.A. Loader, P.J. van der Merwe D.J.C. van Wyk en D.J. Smith.

#### 24 Maart 1971

Die Senaat verwelkom J.P. Oberholzer wat die eerste keer die vergadering bywoon.

#### 27 April 1971

Die Kuratorium neem kennis van 'n voorlopige verslag van die studiekomitee oor die wysiging van opleidingsvereistes, en verwelkom vir professor S.P.J.J. van Rensburg terug na sy siekte. Kennis is ook geneem van die afsterwe van dominee S.P. Viljoen en dat doktor P.J.T. Koekemoer as sy sekundus nou op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sitting moet neem. Doktor L.M. le Roux is in Koekemoer se plek verkies as voorsitter van die Kuratorium. Die Fakulteit keur die onderwerp van D.J. Smith se proefskrif goed, naamlik *Die dogmatiese implikasies van die begrip hemel*

#### 17 Junie 1971

Die Raad, in aansluiting by die Senaat op 26 Mei 1971, boekstaaf sy dank en waardering aan professor A. van Selms wat na 'n dienstydperk van 33 jaar die aftree-ouderdom bereik het. Hy is op 01 Oktober 1947 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Semitiese Tale.

> *Prof van Selms se verdienste lê daarin dat hy die departement Semitiese Tale en die vakwetenskap Ou Testament aan die Universiteit van Pretoria op 'n vlak van internasionale bekendheid geplaas het. Hy het onder andere Akkadies, Hebreeus, Nieu-Hebreeus, al twaalf dialekte van Aramees, Ugarities. Fenisies, Punies, Arabies, Egipties en Hetities gedoseer en ook nog Vergelykende Semitiese Filologie… Onder sy vakgenote was hy altyd bekend vir sy noukeurige en tegelykertyd oorspronklike wetenskapsbeoefening.*

#### 20 Junie 1971

Die Fakulteit verwelkom professor S.P.J.J. van Rensburg terug na sy siekteverlof, neem kennis dat die Ou Letteregebou vanaf 03 Augustus 1971 as historiese monument verklaar is, en versoek dat 'n naambord aangebring word wat aandui dat die lesingkamers onder andere gebruik is vir Teologie. Vrystelling van die doktorale eksamen is verleen aan M.W. Pretorius op grond van sy doktorale eksamen in Utrecht, afgelê met lof in 1966. Die lesingrooster vir 1972 is soos volg vasgestel:

- Nuwe Testament Teologie I-III Maandag 08:15–09:45
- Christelike Etiek I Maandag 09:55–12:15
- Nuwe Testament Inleiding II Maandag 09:55–11:25, I Maandag 12:25–01:05, Dinsdag 10:45–11:25
- Godsdiensfilosofie III Maandag 09:55–10:35, II Maandag 11:35-12:15
- Ou Testament Eksegese III Maandag 11:35–01:05, II Woensdag 09:55–10:35, 11:345–12:15, I Vrydag 09:55–11:25
- Nuwe Testament Eksegese I-III Dinsdag 08:15–09:45
- Dogmatiek I-III Dinsdag 09:55–10:35, 11:35–01:05
- Algemene Kerkgeskiedenis I Woensdag 08:15–09:45, III Donderdag 09:05–10:35
- Praktiese Teologie II-III Woensdag 08:15–09:45, III Donderdag 08:15–08:55, II Donderdag 09:05-09:45, I 09:55–10:35. I Vrydg 08:35–09:45
- Ou Testament Kanongeskiedenis I-III Woensdag 10:45–11:25
- Ou Testament Inleiding I Woensdag 11:35–01:05
- Kerkreg II-III Woensdag 12:25–01:05, III Vrydag 10:45–11:25, II 11:35–12:15
- Kerkgeskiedenis I-II Donderdag 07:30–08:55
- Sendingwetenskap II Donderdag 09:55–10:35, III 12:25–01:05
- Godsdienswetenskap I-II Donderdag 10:45–11:25
- Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis III Donderdag 10:45–11:25, I 11:35–12:15, II 12:25–01:05, II-III Vrydag 09:55–10:35
- Ou Testamentiese Argeologie I Vrydag 11:35–12:15

#### 31 Augustus 1971

Die Kuratorium handel oor 'n versoek om so gou moontlik 'n opvolger vir professor Van Rensburg te benoem wat aftree-

ouderdom bereik het en op 30 Junie 1972 moet uittree. Die Kuratorium het besluit dat hy nie gereed is om op hierdie tydstip ‘n aanbeveling te maak nie. ‘n Komitee bestaande uit die Dekaan van die Fakulteit Teologie, die voorsitter van die Kuratorium en die professor in Praktiese Teologie is benoem om aansoeke van studente wat wil werk, te hanteer. Professor C.H. Rautenbach het aanbeveel dat afgesien word van die vereiste van Grieks III of Hebreeus III.

**01 September 1971**

Die Senaat verwelkom professor W.C. van Wyk wat vanaf 01 Julie 1971 vir professor Van Selms opgevolg het as hoof van die Departement Semitiese Tale.

**08 September 1971**

Weens die oorlye van dominee S.P. Viljoen, vise-voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, kies die Kommissie vir J.P. Oberholzer as vise-voorsitter en doktor C.J. Mans as vise-skriba.

**21 September 1971**

Die Fakulteit keur die volgende onderwerpe vir proefskrifte goed: M.J. du P. Beukes *Kategese as opdrag aan die kerk.* G.M.M. Pelser *Die Carmen Christi, Fil 2:6-11. ‘n Eksegeties-christologiese ondersoek.* Volgens die jaarverslag was daar in 1971, 27 studente vir BD en 27 vir DD ingeskryf. Die dekaan merk in die verslag op:

> *Waar daar in die eerste ongeveer veertig jaar van die bestaan van hierdie afdeling slegs een promovendus in die Teologie was, het daar in die afgelope aantal jare minstens vytien doktore afgestudeeer.*

## 1972

**22 Februarie 1972**

Die Fakulteit verwelkom professor A.D. Pont terug na sy studieverlof. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan L.J.S. Steenkamp. Die uitslag van die doktorale proefskrif van G.M.M. Pelser word bekragtig. Die onderwerp vir die proefskrif van P.J. van der Merwe word goedgekeur, naamlik *Godsienstige bewussyn by die mens.* Die inskrywing vir DD van H.C. Coetzee, J.P. Labuschagne, F.H. van der Merwe en G.C. van Staden word goedgekeur. Die doktorale eksamenuitslag van G.J. Erasmus word bekragtig. Die onderwerp van die proefskrif van J.J. Steenkamp word goedgekeur, naamlik *‘n Histories-analitiese oorsig van die Ekumeniese Beweging mbt Suidelike Afrika en die RSA in die besonder gedurende die periode 1960–1972.*

**07 Maart 1972**

Die Kuratorium verwelkom dominee C.J.S. van Niekerk as lid nadat hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem is in die plek van doktor P.J.T. Koekemoer. Hierdie vergadering het vir dominee G.J.J. Roos as voorsitter verkies. Die Vergadering van Professore het ‘n verslag aan die Kuratorium voorgelê oor die vulling van die vakature in Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Die name en gegewens van twee kandidate is deurgestuur, naamlik doktor A.J.G. Dreyer wat in 1962 aan die Ryksuniversiteit van Utrecht gepromoveer het met ‘n proefskrif *An Examination of the Possible Relation between Luke's Infancy Narratives and the Qumran Hodayot,*onder leiding van professor W.C. van Unnik, en dominee G.M.M. Pelser wat binnekort sou promoveer met ‘n proefskrif Die *Carmen Christi Fil 2:6–11, ‘n eksegeties-christologiese ondersoek* onder leiding van professor B.J. Engelbrecht. Die Vergadering van Professore het met 4 stemme teen 3 besluit om A.J.G. Dreyer aan te beveel. Die Kuratorium het eweneens vir Dreyer aanbeveel vir benoeming.

**08 Maart 1972**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem met waardering kennis dat die Universiteit van Pretoria besluit het dat Bybelkunde I, II en III vir 1972 binnemuurs aangebied sal word, dat deeltydse dosente aangestel sal word op aanbeveling van die dekaan en adjunkdekaan en besoldig sal word deur die Universiteit.

Daar is ook kennis geneem dat professor S.P.J.J. van Rensburg se geneeshere nie wil hê dat hy verder klas gee nie, en dat die vroeëre reëling voortgesit word, naamlik dat professor B.J. Engelbrecht Nuwe Testanmentiese Eksegese sal doseer en dat professore De Wet en Van Zyl professor Van Rensburg se aantekeninge sal hanteer.

Die Kommissie het nie die benoeming van doktor A.J.G. Dreyer bekragtig nie en die skriba het op 10 Maart 1972 aan die Kuratorium geskryf:

a. *Uit die Bylaes – Vergadering van Professore – is dit duidelik dat veral twee persone oorweeg is en uit die gegewens daarin verstrek en verder toegelig, is die Kommissie nie oortuig dat net op grond daarvan ‘n deurslaggewende besluit ten gunste van een van die persone deur hom geneem kan word nie.*
b. *Daarom is ander gegewens ook in berekening gebring. Op grond daarvan is die Kommissie nie oortuig dat die gesindheid teenoor en / of die hantering van besluite van meerdere vergaderinge deur die aanbevole kandidaat in alle opsigte (is wat hy) by die professore in die teologiese opleiding sal wil vind nie.*

**22 Maart 1972**

Die Kuratorium neem die volgende besluite:

- *Die Kuratorium herbevestig sy aanbeveling soos in sy skrywe van 08 Maart uiteengesit; trouens as gevolg van verdere gegewens in verband met die akademiese bevoegdheid van die kandidaat, voel die Kuratorium nog sterker oor die benoeming.*
- *Die Kuratorium beskou die benoeming in dieselfde lig as die beroeping van ‘n predikant en is op die oomblik nie bewus van ‘n toereikende rede wat in die weg van die benoemde in dié verband staan nie.*

‘n Gesamentlike vergadering van die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos bepaal in die Kerkwet artikel 63 (a) (i). het daarna plaasgevind. Die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het meegedeel dat die skrywe van die Kommissie nie verstaan moet word as sensuur op doktor Dreyer nie. Professor C.H. Rautenbach het die mening uitgespreek dat dit beter sou wees om die skrywe te rojeer en het gevra dat die Kommissie dit moet oorweeg.

Na breedvoerige bespreking is met 12 stemme teen 10 besluit dat doktor G.M.M. Pelser benoem word. Sy benoeming het sterk reaksie uitgelok van sommige persone, onder andere van dominee J.J. Engelbrecht jnr wat ‘n sterk bewoorde skrywe aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerig het. Dominee J.G.M. Dreyer en nog iemand het spesiaal na Kaapstad gereis om by doktor H. Muller te verneem of hy as kanselier van die Universiteit van Pretoria nie iets aan die saak kan doen nie. Van die gemeente Potchefstroom is ‘n skrywe ontvang, gedateer 01 Julie 1972 wat meld dat na aanleiding van ‘n verslag oor die afgelope Ringsvergadering, die voorsitter van die kerkraad (dominee J.G.M. Dreyer) die saak verder toegelig het en verklaar

Article #921 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

het dat:

I. *Die kandidaat met die beste akademiese prestasies verbygegaan is.*

II. *Professor van Unnik van Utrecht wat albei se proefskrifte onder oë gehad het, as sy mening uitgespreek het dat daar geen vergelyking tussen die twee proefskrifte bestaan nie en dat dié van doktor Dreyer die beste is.*

III. *Dat bykomende sake die kromstok was om die beste kandidaat te slaan en verby te gaan, nl 'n skerp brief van kritiek deur hom in opdrag van die Ring van Kaapland geskrywe aan die Algemene Kommissie. Die kerkraad het daarna besluit om sy diepe teleurstelling uit te spreek oor die onregverdige optrede van die Kommissie.*

Ook die gemeente Potchefstroom-Suid (predikant dominee J.H. Naude) het 'n skrywe ingestuur en sy besorgdheid uitgespreek oor hierdie 'stap agteruit'. Die Kommissie het op albei hierdie skrywes geantwoord dat hy nie met die hele inhoud kan saamstem nie omdat hulle blykbaar nie alle inligting voor hande gehad het nie.

**24 Maart 1972**

Die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het soos volg aan die Kuratorium geskryf:

> *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om te bevestig wat in die gesamentlike vergadering onomwonde gesê is, as daar moontlik afgelei word uit sy skrywe van 10 Maart 1972 dat dit enige vorm van sensuur bevat teen die aanbevole kandidaat, dit nie die bedoeling is of was nie.*
>
> *Verder word bevestig dat punt (b) van genoemde skrywe so verstaan moet word dat daar ander oorwegings ook in berekening gebring is by die behandeling benewens akademiese kwalifikasies sonder dat (b) 'n uitvloeisel uit (a) is.*

**20 April 1972**

Die DD-inskrywing van J.H. van Heerden word aanvaar. Die Fakulteit beveel aan dat G.M.M. Pelser aangestel word as professor in en hoof van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap.

**15 Mei 1972**

'n Gesamentlike komitee van die Raad en Senaat besluit in verband met Bybelkunde dat as tussentydse reëling die status quo vir 1973 gehandhaaf word naamlik dat Bybelkunde I, II en III slegs binnemuurs aangebied word en dat die aanstelling van deeltydse dosente wat die kursusse in Bybelkunde doseer, vir 1973 deur die Universiteit op aanbeveling van die dekaan en adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie gemaak word en dat 'n salarisuitgawe van ongeveer R36 000.00 deur die Universiteit gefinansier word.

**24 Mei 1972**

Die Senaat boekstaaf dank en waardering teenoor professor S.P.J.J. van Rensburg wat op 30 Junie 1972 aftree nadat hy vanaf 01 Februarie 1963 die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap in Afdeling A behartig het.

**08 Julie 1972**

Die Fakulteit verwelkom professor G.M.M. Pelser wat vanaf 01 Julie diens aanvaar het en nomineer professore F.J. van Zyl en B.J. Engelbrecht vir die dekaanskap. Die doktorale eksamenuitslae van E. Engelbrecht en die proefskrif van J.H. Koekemoer word bekragtig.

Die volgende onderwerpe vir proefskrifte word goedgekeur: T.F.J. Dreyer *'n Eksegetiese fundering van die reformatoriese prediking*, S.J. Prins *Pastorale kommunikasie*, C.J. Viljoen *Die Godsbegrip by Paul Tillich en sy invloed op die nuwere teologie*, A.J. Zwarts *Evaluasie en Stroombearbeiding in plaas van Gemeentebearbeding*.

**01 Augustus 1972**

Die Kuratorium neem kennis van die skrywe van die Kommissie en het na lang bespreking soos volg geantwoord:

> *Die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding het kennis geneem van u skrywe van 24/3/72 en besluit om daarop soos volg te antwoord:*
>
> - *Dat die Kuratorium nie oortuig is deur bewerings van lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering omtrent die ongeskikte gesindheid van dr AJG Dreyer vir benoeming nie en betreur die wyse waarop sommige op hierdie gronde teen dr Dreyer gediskrimineer het.*
> - *Die Kuratorium aanvaar met gelatenheid die benoeming en sê sy steun toe aan die kerklik benoemde.*
> - *Die Kuratorium vertrou dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die toekoms op 'n meer verantwoordbare wyse sal optree in dergelike aangeleenthede.*
> - *Die Kuratorium versoek dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ernstige aandag aan hierdie skrywe sal gee.*

Dominee C.L. van den Berg het sy teenstem teen hierdie besluit laat aanteken.

**30 Augustus 1972**

Die Senaat verwelkom professor G.M.M. Pelser wat vanaf 01 Julie 1972 vir professor S.P.J.J. van Rensburg opgevolg het. Die Senaat benoem professore B.J. Engelbrecht en A.P. Grove as verteenwoordigers van die Senaat op die Raad.

**06 September 1972**

Die Kuratorium neem kennis dat profesore B.J. Engelbrecht en A.P. Grove verkies is as verteenwoordigers van die Senaat op die Raad van die Universiteit van Pretoria. Die vergadering het ook vir student R.J. Coertze gelukgewens met sy verkiesing as voorsitter van die VSR. Omdat hy egter nie Latyn geslaag het en met die volgende studiejaar kon aangaan nie, het hy uiteindelik nie die voorsitterstoel ingeneem nie. Die Kuratorium het verder besluit op 'n wysiging van die opleidingsvereistes. Die BA studie sou dan die volgende vakke behels:

- Eerste jaar: Grieks I, Hebreeus I, Latyn I of Ib, Wysbegeerte I, Bybelkunde I
- Tweede Jaar: Grieks II, Hebreeus II, Wysbegeerte II, Bybelkunde II
- Derde Jaar: Twee van Grieks III, Hebreeus III, Wysbegeerte III, Bybelkunde III

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die vakkeuse aanvaar, maar met dien verstande dat een van die derdejaarsvakke Grieks III of Hebreeus III sal wees.

**19 September 1972**

Volgens die jaarverslag van die Fakulteit was daar 29 Studente ingeskryf vir BD en 31 vir DD. J.P. Oberholzer het naas sy ander werksaamhede ook Bybelkunde gedoseer.

**21 September 1972**

Doktor A.J.G. Dreyer skryf onder andere aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

> *Tydens die aanstelling van 'n professor in die Nuwe Testament is daar deur u Kommissie sekere dinge gesê wat my persoonlik in die gedrang gebring het. Aangesien … my ampswerk deur u opmerkings in die gedrang gebring is, voel ek dat u 'n verduideliking aan my verskuldig is. Op 10 Maart 1972 skryf u aan die Kuratorium ten opsigte van my persoon 'dat die Kommissie nie oortuig is dat*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

*die gesindheid teenoor en/of hantering van besluite van meerdere vergaderinge deur die aanbevole kandidaat in alle opsigte is wat hy graag by professore in die teologiese opleiding sal wil vind nie.' Graag verneem ek van watter besluite hier ter sake is en ook wanneer dit sou gebeur het. ... As daar dan iets sou wees wat my diskwalifiseer vir 'n professoraat, dan sou dit ook geld ten opsigte van my ampswerk. Teenoor myself, my kerkraad en gemeente is u 'n verduideliking verskuldig ... Deur u optrede het u my persoon voor die hele kerk in verdenking gebring. Ek kan nie anders as om hieruit af te lei dat u vooroordeel in hierdie saak die deurslag gegee het nie en dat u 'n bedenklike middel moes aangryp om die aanbeveling van die Kuratorium op die wyse tot niet te maak nie.*

### 05 Oktober 1972

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Kuratorium uitgenooi tot 'n gesprek. Die gesprek is uitvoerig genotuleer en beslaan twaalf folio-bladsye. Die bewoording van die skrywe van die Kommissie aan die Kuratorium was steeds die haakplek. Dit het geblyk dat daar allerlei wilde bewerings gemaak is rondom die proefskrif van Pelser en die optrede van bepaalde persone wat in 'n komplot teen Dreyer betrokke was. B.J. Engelbrecht wat deur die Fakulteit as promotor vir die proefskrif aangewys is, het inligting gegee oor die hele verloop van die werk van Pelser aan die proefskrif. Die punt toekenning deur die lede van die Fakulteit het gewissel van 65% tot 80% en daar is uiteindelik besluit op 70%. Professor Van Unnik van Utrecht het as eksterne eksaminator 60% aan die proefskrif toegeken en volgens professor J.I. de Wet 'n besliste voorkeur vir Dreyer uitgespreek.

Die gesprek het nie daarin geslaag om ooreenstemming te bewerk nie. Die voorsitter, dominee A.J. Nolte, het die aangeleentheid soos volg opgesom, en almal was tevrede met sy opsomming:

*I. Dit is duidelik dat daar baie praatjies is. Die Kommissie kan egter nie die mense oproep en daaroor praat nie. Almal is miskien aan hierdie storiemakery skuldig. Elkeen het dus die verantwoordelikheid om reg te maak. Dit moet egter oorgelaat word aan elkeen se gewete dat hy moet doen wat hy kan om dinge reg te stel.*

*II. Ons kan nou vir mekaar sê dat ons mekaar se goeie bedoelinge aanvaar. Daar was nie by enige iemand enige kwaadwillige bedoelings nie.*

*III. Dit blyk dat dit seker so is dat naas ander mense wie se eer aangetas is , dr Dreyer s'n in die besonder geraak is. Daar is hier in die vergadering gesê dat daar waardering is vir dr Dreyer se houding ná die aanstelling. Daarom sal die Kommissie die gesprek met hom voer, en vir sover doenlik is, verduidelik dat die Kommissie geen kwade bedoelings teen hom koester nie. Hy spreek die mening uit dat dit ook goed sal wees om dit vir dr Dreyer skriftelik te sê, maar dan eers nadat die gesprek tussen die Kommissie en dr Dreyer plaasgevind het.*

*IV. Ten opsigte van die ander broeders wat in die verloop van hierdie kwessie belaster is, meen hy dat dit die roeping is van almal om die praatjies die nek in te slaan.*

### 29 November 1972

Doktor A.J.G. Dreyer voer op uitnodiging van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n gesprek met die Kommissie. Ook hierdie gesprek is volledig genotuleer. Weer het dit gegaan om die woorde 'gesindheid' en 'hantering van besluite van meerdere vergaderinge.' Die verduideliking wat gegee is, het hom nie tevrede gestel nie, en na sy vertrek het die Kommissie besluit dat die Moderamen die saak moet hanteer vir rapport aan die Algemene Kerkvergadering.

**Gerhardus Marthinus Maritz Pelser**, 'n direkte afstammeling van die Voortrekkerleiers Gert Maritz en Andries Hendrik Potgieter, is gebore op 28 Julie 1936 op die plaas Rooipoort, Bronkhorstspruit. Sy ouers was Abraham Johannes Pelser em Magdalena Petronella Maritz. Hy gaan skool in die plaaskole Trichardtspos en Toitkraal, en matrikuleer aan die Hoërskool Ben Viljoen op Groblersdal. Hy behaal die BA-graad met lof in 1956, die BD graad in 1959. In hierdie jaar is hy ook voorsitter van die VSR en ontvang hy die VSR Eremedalje en die Abe Baileystudiebeurs, en is hy lid van die Universiteit van Pretoria se eerste rugbyspan. Hy is georden op 23 April 1960 in die gemeente Randfontein en bedien daarna die gemeentes Pretoria-Wes, Voortrekkerhoogte as kapelaan en Philadelphia as studentepredikant. Hy het diens aanvaar in die leerstoel Nuwe Testamentiese Wetenskap op 01 Julie 1972.

Die gesondheidstoestand van professor Van Rensburg was van so 'n aard dat daar nie vir hom 'n afskeidsfunksie gereël kon word nie. Later is die Kuratorium meegedeel dat die funksie wel gehou word maar net 'n beperkte familie-aangeleentheid sou wees.

## 1973

### 27 Februarie 1973

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan B.J. van Wyk. Die uitslag van die doktorale eksamen van A.J. Conradie word bekragtig.

### 24 April 1973

Die Fakulteit keur die onderwerp van die proefskrif van J.P. Labuschagne goed, naamlik *Die teologie van die rewolusie – 'n Dogmenhistoriese ondersoek,* en stel R. Sauerzapf vry van die doktorale eksamen op grond van 'n *colloquium doctum* voor professore B.J. Engelbrecht en A.D. Pont en op voorwaarde dat hy voor die voorlegging van sy proefskrif 'n bevredigende tentamen aflê. Professor F.J. van Zyl is benoem as waarnemende dekaan tydens die vakansieverlof van professor B.J. Engelbrecht 01 Julie–31 Desember 1973.

### 25 April 1973

Die 57ste Algemene Kerkvergadering neem sitting. Dominee A.J. Nolte was om gesondheidsredes nie weer verkiesbaar nie, en na 'n herstemming tussen Professore F.J. van Zyl en J.P. Oberholzer, is J.P. Oberholzer verkies as voorsitter. Dominee P.M. Smith is verkies as skriba, professor F.J. van Zyl as vise-voorsitter, en doktor C.J. Mans as vise-skriba. As predikantelede van die Kommissie is professor B.J. Engelbrecht en doktor P.J.T. Koekemoer verkies.

Volgens die sensusgegewens van die kerk was daar 183 572 belydende lidmate en 180 diensdoende predikante benewens die ses hoogleraars in die Teologie.

'n Beskrywingspunt van die Ring van Potchefstroom van die volgende inhoud het gedien:

*Dat die huidige Algemene Kommissie aan die volgende Algemene Kerkvergadering verduidelik op welke gronde die nuwe professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria aangewys is, veral in ag nemende die volgende:*

- *Die akademiese prestasies van die twee kandidate.*
- *Die feit dat dit die eerste keer is wat die Algemene Kommissie die aanbeveling van die Kuratorium verby gegaan het.*
- *Die mening uitgespreek deur prof van Unnik.*

Nadat die Algemene Kerkvergadering kennis geneem het van die kommentaar van die Kommissie, is die beskrywingspunt nie aanvaar nie. Daarop het die voorsitter 'n verklaring gemaak:

*Die Voorsitter stel dat in die korrespondensie tussen die Kommissie en die Kuratorium 'n sinsnede voorgekom het wat (sonder dat die Kommissie dit bedoel het) aanstoot gegee het en aanleiding gegee het tot 'n gesprek met die Kuratorium en eventueeel met dr Dreyer. Die Kommissie het teenoor dr Dreyer onderneem om by 'n geleentheid die saak tussen hom en dr Dreyer in die openbaar in die reine te bring. Die Kommissie het besluit dat hierdie vergadering die beste geleentheid daartoe is. Hierme reik die Kommissie die volgende verklaring uit, welke verklaring ná samespreking en volle ooreenstemming met dr Dreyer, die hele saak nou afhandel. Die Kommissie vertrou dat, in belang van alle betrokkenes, dit nie nodig sal wees om die hele aangeleentheid in hierdie vergadering te bespreek nie. Dit is die begeerte van die Kommissie dat die vergadering die volgende verklaring van sy kant sal aanvaar ter afhandeling van die aangeleentheid.*

*Die Kommissie verklaar dat in sy korrespondensie met die Kuratorium woorde gebruik is wat anders opgeneem is as wat die Kommissie daarmee bedoel het. Dit is aan die Kuratorium verduidelik en ook aan dr AJG Dreyer. Die Kommissie is jammer dat woorde gebruik is wat vir misverstand vatbaar was. Met betrekking tot dr AJG Dreyer verklaar die Kommissie dat volgens sy wete daar geen beswaar teen die leer, lewe of werk van dr Dreyer is wat in die weg staan van sy gewaardeerde werk in die Kerk net soos voorheen nie. Dit is die begeerte van die Kommissie dat die hele vergadering sal aanvaar dat daar van die kant van die Kommissie geen rede bestaan waarom die verhouding met dr Dreyer in die toekoms (nie) net so sal wees as wat dit die geval met enige ander predikant van die Kerk is nie.*

*…Dit spyt die Kommissie dat hierdie woorde gebruik is. Die Kommissie gee hiermee te kenne dat dit nie sy bedoeling was om daarmee enige smet op dr Dreyer te lê nie. Wat die Kommissie betref, sal die aangeleentheid eers ten einde wees wanneer dr AJG Dreyer verklaar dat hy daarmee tevrede is.*

*Die Kommissie verklaar dat die opmerking in sy skrywe aan die Kuratorium dat die 'gesindheid teenoor en/of hantering van besluite van meerdere vergaderinge' deur dr Dreyer nie deur die Kommissie bedoel is as 'n klag in terme van die Kerkwet nie en dat hulle in wedersydse vetroue hierdie verklaring aanvaar.*

Die Algemene Kerkvergadering het met dankbaarheid kennis geneem hiervan. Daarop het die voorsitter gesê hy aanvaar:

*dat die vergadering deur die verwerping van die beskrywingspunt sy volle vertroue in die vorige Kommissie en almal wat by die saak betrokke was, te kenne gegee het. Die vorige Kommissie het homself nie beskou as beskuldigde nie. Daar is seerplekke aan albei kante. Hierdie saak het seker een van die treurigste stukkies geskiedenis in die Kerk tot gevolg gehad. Hy vertrou dat hy so-iets nie weer sal belewe nie. Hy spreek 'n ernstige woord van vermaning uit teenoor die broeders wat in hierdie aangeleentheid uiters onverantwoordelik opgetree het. Hy vertrou dit is nou ook die einde van die skindery en onderlinge fluisteringe. Hy sê dat dit ook op die weg van die Kerk lê om prof Pelser van harte geluk te wens met sy aanstelling en hom te verseker van die Kerk se volle vertroue en ondersteuning.*

Die Algemene Kerkvergadering het sy volle instemming daarmee betuig. Na aanleiding van die voorstelle van die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die opleidingsvereistes het die vergadering die probleem verwys na die Predikantevergadering vir 'n konsep voorstel wat voorgelê sal word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat finaal daaroor sal besluit.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor L.M. le Roux, professor C.H. Rautenbach, dominees C.L. van den Berg, C.J.S. van Niekerk, G.J.J. Roos, doktor J.L. van Staden en doktor A.J.G. Dreyer.

Oor die sitting van dosente op die Kuratorium is besluit om artikel 63.1(a) (i) uit te brei met die volgende: 'Die professore en ander dosente in die teologie het sitting in die vergadering met adviserende stem.' Die vergadering het ook weer eens besluit dat predikante en kerkrade hulle voortdurend sal beywer om studente voor te lig en aan te spoor om hulle as predikante te bekwaam.
Na aanleiding van die Kuratoriumverslag is besluit:

*...dat jong lidmate van die Kerk wat hulle aanmeld vir die BA voorstudie by voorkeur aan die Universiteit van Pretoria hulle voorstudie moet aanpak en voltooi, (maar) ook aan ander universiteite kan studeer mits sodanige kursusse aan die betrokke universiteite voldoen aan alle vereistes vir toelating tot die BD studie van die Teologiese Fakulteit, Afdeling A, dat alle bogenoemde studente as studente van die Kerk erken word en dat hulle in aanmerking kom vir die Kuratoriumleningsbeurse, dat aan die Raad vir Regsadvies opdrag gegee word om artikels 59 en 63.1.(c) in die lig van bogenoemde beginselbesluite redaksioneel by te werk.*

Na bespreking van 'n paar beskrywingspunte oor fondse vir teologiese studie is besluit om by Ringe aan te beveel om die metode wat die Ring van Krugersdorp toepas, te probeer navolg, naamlik dat elke gemeente jaarliks R100 of meer sal bewillig vir die teologiese opleiding, dat sodanige hulp aan studente nie terugbetaalbaar sal wees nie en dat van dié fondse ook beskikbaar sal wees vir nagraadse teologiese studie. Die leningsbeurse van die Kuratorium het op dié stadium R310 per jaar bedra. Die bedrag wat begroot is vir teologiese opleiding was R33 500, daar is verder besluit dat teologiese studente 'n eenjarige kursus in die kerklied en sy geskiedenis by dosente van die Konservatorium vir Kerkmusiek moet volg en dat die Kuratorium ondersoek moet doen na die instelling van so 'n kursus. Oor die predikantetoga het die vergadering kennis geneem van die volgende aanbeveling van die Predikantevergadering aan sy lede:

*Die akademiese toga van die inrigting waar die betrokke predikant sy graad verwerf het, in swart met 'n strook ferweel langs die voorpante af.* [Die 'in swart' is spesifiek bygevoeg omdat een of twee broeders met doktorsgrade hulle rooi doktorale togas wou dra].

*Hierdie Algemene Kerkvergadering het ook 'n konsep herderlike skrywe oor volkereverhoudinge behandel, opgestel deur prof FJ van Zyl in samewerking met JP Oberholzer en dr CJ Mans. Die vergadering het die hoofgedagtes aanvaar en dit verwys na die Kommissie 'om dit vormgewend te verwerk, finaal te versorg en te publiseer'.*

Die volgende aanhalings gee 'n beeld van die kerklike denke en standpunte van daardie tyd:

*Elke lidmaat van die kerk weet dat ons kerk 'n gefundeerde standpunt oor volkereverhoudings op maatskaplike en kerklike gebied het, en dat dit nou reeds 'n driekwart eeu lank geformuleer in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word. …In verskillende bewoordinge kry ons hierdie grondsaak in al die wette terug totdat die huidige formulering in artikel III sy beslag gekry het ..:*

*Die kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen vermenging in sy midde toelaat nie, maar beoog die vormimg van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – 'Maak dissipels van al die nasies' – die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid van Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie.*

*…Die kerk spreek hom skerp en ondubbelsinnig uit teen elke vorm van integrasie, kerklik, maatskaplik en biologies …Dit is sy oortuiging dat apartheid of afsonderlike ontwikkeling op die basiese beginsel rus dat dit die reg van elke mens is om*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

*tot die volste moontlike maat te ontwikkel. Dis die enigste regverdige, eerlike en christelike beleid en geensins 'n beleid van onregverdige diskriminasie en onderdrukking nie. …Ons het hier (in art III) te doen met 'n uitspraak wat gegrond is in die skrifgefundeerde geloof van die kerk wat 'n vanselfsprekende deel van ons Afrikaanse lewensorde geword het. …Die kerk wil dit weereens beklemtoon dat dit vir hom in die onderhawige saak nie slegs om 'n tussentydse reëling gaan nie, maar om 'n blywende en onveranderlike beginsel wat skriftuurlik gefundeer is. Agter artikel III staan die erkenning en belydenis dat God die Maker van nasies is en dat Hy die geskiedenis van volke beskik. …So was die ontstaan van die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika nie toeval of die gril van 'n noodlot nie, maar die wil van God. …Die Hervormde Kerk het homself nooit anders geken en hy kan ook nooit Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika anders wees as in sy verbondenheid met hierdie volk wat hy glo deur God self hier en soos hy is in aansyn geroep is nie. …Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is daardie verskyningsvorm van die kerk van Jesus Christus waarin slegs mense gevind word wat in Afrikaans bely dat Christus die Here is, wat in Afrikaans die lof van die Here sing, in Afrikaans bid, en luister na die verkondiging van die evangelie in Afrikaans. Die Hervormde Kerk is 'n kerk wat net Afrikaans praat omdat hy die gestalte van die apostel is wat vir die Jode 'n Jood en vir die Afrikaner 'n Afrikaner geword het. …Niemand sal die kerk wat so nou verbonde is aan hierdie volk kan verkwalik of van onskriftuurlikheid beskuldig as hy die eiendomlike wat God aan die volk, uiterlik en innerlik, gegee het, wil bewaar, beskerm en bestendig nie… Waar die kerk uitgesproke integrasie op politiek-maatskaplike gebied verwerp en onuitgesproke kies vir afsonderlike ontwikkeling, daar stel hy teenoor die verwerping van kerklike integrasie baie duidelik en uitgesproke sy beleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volksgroepe.*

Die herderlike skrywe is nagesien en in gedrukte vorm versprei. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 14 September 1973 verneem dat dit verskyn het en op 29 November 1973 dat 50 000 eksemplare versprei is. [Dit is vandag moeilik om woorde te vind om die gevoelens weer te gee by die herlees van hierdie herderlike skrywe. Dit is destyds deur die oorgroot meerderheid van ampsdraers en lidmate verwelkom en aangeprys, en dit was inderdaad 'n getroue weergawe van die gedagtes van die oorgroot meerderheid van Hervormers. Juis daarom is dit 'n traumatiese ervaring om weer daarvan kennis te neem. Vandag moet 'n mens immers ernstige vraagtekens stel agter nie alleen bepaalde uitdrukkings nie maar agter die totale selfinterpretasie wat daarin te voorskyn tree en waarvoor op Bybelse sanksie aanspraak gemaak word.].

### 28 Mei 1973

Die Senaat wens J.P. Oberholzer geluk met die verkiesing as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering.

### 17 Julie 1973

Die Fakulteit bekragtig die uitslae van die proefskrifte van D.J.C. van Wyk en C.J. Viljoen, en bekragtig die wysiging van die onderwerp van die proefskrif van M.W. Pretorius na *Lewe uit die dode, 'n godsdiensfilosofiese studie.*

### 22 Augustus 1973

Die Senaat benoem professor B.J. Engelbrecht op die Komitee vir Dissipline (Studentesake).

### 23 Augustus 1973

Die Kuratorium verkies doktor L.M. le Roux as voorsitter en dominee G.J.J. Roos as vise-voorsitter. Kennis is geneem van die besluite van die Algemene Kerkvergadering. Professor B.J. Engelbrecht sou gedurende die tweede semester van 1973 met langverlof wees en sy lesings sou waargeneem word deur doktor C.J. Mans. Vanweë die siekte van doktor Mans is die lesings uiteindelik waargeneem deur doktor P.J.T. Koekemoer en doktor J.H. Koekemoer. Aanbeveel is dat dominee S.J. Botha 'n beurs ontvang vir navorsing in Nederland in verband met sy proefskrif.

### 17 September 1973

Die Raad neem kennis dat dominee A.J. Nolte om gesondheidsredes as lid van die Raad bedank het. 'n Buitengewone vergadering van die Kuratorium word gehou om 'n dosent in Bybelkunde (Ou Testament) aan te beveel. Op advies van die Vergadering van Professore is dominee A.P.B. Breytenbach vir benoeming aanbeveel.

**Andries Petrus Bernardus Breytenbach** is gebore in Bethal op 08 Junie 1944. Sy ouers was Andries Petrus Bernardus Breytenbach en Johanna Elizabeth Gouws. Hy gaan skool in die H.M. Swart Laerskool en die Hoogenhout Hoërskool op Bethal en matrikuleer in 1962 in die eersteklas met twee onderskeidings. Hy behaal aan die Universiteit van Pretoria agtereenvolgens BA met Hebreeus en Grieks as hoofvakke met lof in 1965, BD met lof in 1968, BA Hon in Semitiese Tale met lof in 1969 en slaag die DD eksamen in 1970 met lof. As student het hy die Dux eremedalje ontvang. Hy word georden op 18 Januarie 1969 en bedien die gemeente Elandspoort tot Junie 1971. In 1968 was hy tydelik-voltydse dosent, in 1969–1971 tydelik-deeltydse dosent en vanaf Julie 1971 permanent voltydse lektor in Semitiese Tale en vanaf begin 1971 ook deeltydse dosent in Bybelkunde.

### 18 September 1973

Die inskrywing van P.A. Geyser vir DD word deur die Fakulteit aanvaar. Die aanstelling van A.P.B. Breytenbach as senior lektor in Bybelkunde word aanbeveel.

### 14 Desember 1973

C.J. van der Merwe van Nylstroom skryf 'n brief aan *Die Hervormer.* Die redakteur het die brief nie geplaas nie en dit deurgestuur na die Kommissie: Van der Merwe, haal aan uit die regterlike uitsprake oor professor A.D. Pont en skryf dan:

> *'n Uiters ernstige toestand veral waar dit gaan oor 'n professor van jou kerk. Tog 'n baie duidelike oortreding van die negende gebod in die openbaar en wêreldwyd gepubliseer. Wat nog erger is, is dat nóg prof Pont nóg die kerk in die openbaar iets aan die toestand gedoen het. Tot vandag toe was daar geen ware berou of berisping in die openbaar getoon nie, inteendeel prof Pont gaan ewe rustig voort om predikante van die kerk op te lei so asof niks gebeur het nie. Daarbenewens gaan hy met sy politike bedrywighede voort tot die mate dat hy in die hoofbestuur van 'n politieke party dien en dat daar van hom gesê word dat hy lid is van die juigkommando van die politieke party. Wat sê die predikante van my kerk oor hierdie toedrag van sake?*

## 1974

### 19 Februarie 1974

Dominee A.P.B. Breytenbach word deur die Fakulteit verwelkom. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan P.B. Boshoff. Die uitslag van die doktorale proefskrifte van M.J. du P. Beukes en D.J. Smith word bekragtig. S.G.A. Golden se aansoek om vrystelling van die doktorale eksamen op grond van 'n doktorale eksamen in Utrecht in 1972, word goedgekeur. Die volgende onderwerpe of wysigings van onderwerpe vir proefskrifte word goedgekeur: S.G.A. Golden *Dialogiese Prediking*, M.W. Pretorius *Die Evangelie van lyding, die christologiese swaartepunt by Kierkegaard*, R. Sauerzapf *Die Substanzveränderung des ökumenischen Rates der Kirchen –*

*dargestellt an hand der letzten Weltkonferenzen*, P.J. van der Merwe *Die godsdienste by Vaticanum II*. G. van R. Els se aansoek om gelyktydig met BD in te skryf vir BA Hons in Semitiese Tale word goedgekeur.

**08 Maart 1974**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit in verband met die skrywe van C.J. van der Merwe:

> *Wat die kwessie van die hofsaak betref, moet aan br van der Merwe berig word dat die hofsaak afgehandel is, ook wat die kerk betref. Wat prof Pont se lidmaatskap van die hoofbestuur van 'n politieke party betref, word besluit: a. Die Moderamen sal met prof Pont 'n gesprek voer, b. Die Kommissie sal 'n stuk laat voorberei vir die Algemene Kerkvergadering op grond waarvan die Algemene Kerkvergadering dan kan besluit oor die deelname van die predikant aan die werksaamhede van 'n politieke party, c. 'n Stuk sal uitgestuur word aan die predikante en kerkraadslede in hierdie verband, d. Die Moderamen sal aandag aan hierdie sake gee en ook name voorlê van persone wat die stuk onder b. genoem kan voorberei.*

Broeder C.J. van der Merwe het soos volg reageer op die antwoord wat die skriba op sy skrywe gegee het:

> *Op die beskikbare feite is dit sonder twyfel duidelik dat prof Pont lelik gesondig het en, erger nog, dat hy geen ware berou getoon het nie. ..Daar het nog niks van prof Pont se kant gekom wat aantoon dat hy van hierdie gesindheid verander het nie. Geen woord in Die Hervormer nie en geen apologie aan sy belasterde teenstanders nie. Inteendeel hy gaan met groot ywer voort om deel te neem aan 'n soort van politiek waarvan onverdraagsaamheid 'n groot element is. Verder op die beskikbare feite is dit my droewige plig om vir u te sê dat die kerk inderdaad medeskuldig is. ... Waarom het die Algemene Kommissie nie opgetree toe prof Pont met die saak voortgegaan het nie. Dit was mos 'n tuggeval uit die teksboek? Dink net hoeveel ellende en skade sou die kerk en prof Pont gespaar gewees het. … Wat moes gebeur het is dat die kerk en Pont in broederlike gesprek moes getree het wat moes uitgeloop het op 'n openbare verklaring van skuld en berou.* ...[Dit is uit hierdie skrywe duidelik dat br Van der Merwe soos talle ander nie kennis geeem het van die verslag van die Ringskommissie aan Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die opsig-gesprek met Pont, sy verklaring en die besluit van die Kommissie daarna wat in die Kerk bekendgestel is nie.]

**25 Maart 1974**

Die Van der Hoff Teologiese Vereniging vier sy vyftigste bestaanjaar. Professor E. Hamman, rektor van die Universiteit van Pretoria, het die vereniging bedank vir die positiewe en behoudende invloed wat hy onder die studente uitgeoefen het. Volgens *Hoofstad* 26 Maart 1974 het die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering hulde gebring aan die Universiteit van Pretoria wat deur al die jare 'n tuiste vir die Hervormde Kerk gebied het. 'n Erediens is die aand van 24 Maart gelei deur die dekaan, professor B.J. Engelbrecht, en op 26 Maart het die halfeeufees-dinee plaasgevind, waar dominee P.W. Venter as eerste abactis die tafelgebed gedoen het, en professor C.H. Rautenbach as eerste praeses die gasspreker was. Student P.B. Boshoff, die huidige praeses, het die verwelkoming en bedankings gedoen. In *Die Hervormer* van Maart 1974 is heelwat ruimte afgestaan aan die herdenking.

In sy gereelde rubriek Kroniek het doktor A.J.G. Dreyer geskryf 'Van der Hoff – na vyftig jaar', J.P. Oberholzer 'Kerk en Van der Hoff', B.J. Engelbrecht 'Die fakulteit en Van der Hoff, Christelik-Nasionaal as toonaard van die Teologiese Vereniging Van der Hoff en van die Opleiding van ons Kerk', en J.C. van der Merwe, abactis van die vereniging, 'Van der Hoff self oor sy vyftig jaar.'

As waardering van die teologiese eie-aard van die opleiding is die artikel van B.J. Engelbrecht van besondere waarde. Hy skryf onder andere:

> *As ek nou oor die jare terugkyk, sou ek uit ondervinding sê dat die perspektief Bybels-reformatories was. Altyd is getrag om noukeurig na die Woord van God te luister. Die toonaard van veral die opvoeding was myns insiens duidelik Christelik-Nasionaal en dit is ook weerspieël in die 'gees' van Van der Hoff.*

Nadat hy dan 'n uitvoerige beskrywing gegee het van die betekenis en omvang van die woord Christelik-Nasionaal, sluit hy af met die volgende:

> *In hierdie ruimte moet onder andere geleer word dat die Christelike geloof nie 'n primitiewe vorm van wetenskap is waarin die mens glo omdat jy nog nie seker weet nie. Hier moet geleer word dat die Christelike geloof 'n eie karakter het en dat die geloof en God nie kleiner krimp namate ons meer weet nie. Veeleer moet ingesien word dat die Christelike geloof ons wetenskaps-beoefening moet deurgloei en sin moet gee aan die lewe van die moderne wetenskaplike mens. Dit moet duidelik word dat die mens nie wesenlik goed is nie en nie alles kan vermag nie, dat die mens 'n skepsel is met baie beperkinge en daarby ook nog 'n sondaar. Daarom is alles wat die mens doen, (ook sy wetenskap) beperk en onvolmaak en kan die mens nooit die hemelryk hier op aarde stig en opbou nie. Daarom word daar besef dat alleen God aan ons 'arbeid in die Heer' sin en waarde kan gee. In hierdie sin glo ons in die toekoms van 'n volk wat God ken en dien, maar glo ons veral aan die ewige toekoms van die godsvolk, die toekoms wat nie deur teleurgestelde mense uitgedink is nie, maar wat aan die einde van die dae as 'n groot realiteit van God self sal kom… Ek dink dat Van der Hoff en die Fakulteit God dankbaar moet wees vir hierdie mooi tradisie. Mag Hy, die Gewer van alle goeie gawes ook wat die toekoms betref, gee dat ons nie net hierdie lewens- en wêreldbeskouing sal besit nie, maar ook sal uitleef en uitbou tot sy eer alleen.*

'n Gedenkalbum is deur die vereniging gepubliseer. Naas groeteboodskappe van die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en die dekaan verskyn daarin 'n beskrywing van die geskiedenis van die vereniging uit die pen van A.D. Pont, en 'n oorsig en waardering van die teologiese inhoude van die eerste fakulteit uit die pen van C.H. Rautenbach, wat in 1924 verkies is as die eerste praeses van Van der Hoff, 'n lys van praesesse, die teks van die Van der Hofflied, gedig deur dominee G.E. Alers, 'n lied getitel 'Van der Hoff se Kerk' van dominee J.J. Kuhn, 'n oordenking van finalejaarstudent L.J. Meyer, en 'n boodskap van die praeses, P.B. Boshoff. Daar is foto's van groepe en ook foto's van die predikante en professore wat lede van die vereniging was. Die artikel van Rautenbach, getitel 'Vyftig jaar byderwetse Bybelwetenskap' bly steeds 'n teologie-historiese besonder belangrike bydrae. Hy skryf ter inleiding:

> *In bygaande boodskap word: I die voortgesette verdenking van liberalisme teen Kerk en predikantsopleiding aangesny; II die progressiewe ontplooing van die onderliggende patroon van die Pretoriase teologiese onderwysinstelling aangeroer, en III Nederlandse teologiese samehange aangestip.*

Oor die eerste saak, die verdenking van liberalisme, verwys hy na enkele uitsprake veral van die kant van persone in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en skryf dan:

> *Hieruit blyk genoegsaam dat Van der Hoff van verlede en hede – en dit is al die vakteoloë, predikante en teologiese studente van die Kerk – vir selfbegrip, selfkritiek en waaragtigheid, en vir saam kerk wees in ons vaderland, hierdie aangeleentheid weer moet deurdink.*

Nadat hy die ontwikkeling van die teologiese opleiding in Pretoria histories geskets het, kom hy dan wat II betref, tot die volgende konklusie:

*Die kerke het deur dié ontwikkeling 'n posisie, soos dit vir die Afrikaner lewensopvatlik en volgens sy diepste lewensoortuiging wat in geloof gegrondves aanneemlik is, oor 'n tydperk van die vyftig jaar (1917–1968) aan die Universiteit van Pretoria verkry. Daardeur is die belewing van kerk en universiteit verryk. Daar het niks van 'n stelsel oorgebly waarmee liberalisme regstreeks legitiem geassosieer kan word nie.*

Wat die Nederlands-teologiese samehange betref, het Rautenbach eers uitvoerig ingegaan op die rol van die begrippe eties en konfessioneel in die Nederlandse kerklike wêreld en daarna die vraag gestel: Was of is een of meer van die Pretoriase grondleggers eksponente of pleitbesorgers van 'n tipe etiese teologie wat vreemd is aan die Afrikaanse wêreld van kerk en teologie, insonderheid die Hervormde? Hoedanig is hulle onderrig verwerk deur die studente van die Hervormde opleiding te Pretoria, het daar etiese vakteoloë en predikante tevoorskyn getree?

Sy antwoorde op hierdie vrae gee die volgende beeld:

*In die geval van SP Engelbrecht is die antwoord aan die hand van die groot aantal en aard van sy publikasies die maklikste... Hy laat hom onomwonde en sterk uit teen die Kuyperiaanswe Neo-calvinisme, die Konfessionalisme en dies meer en spreek waardering uit vir JH Gunning jnr, 'n teoloog wie se diepsinnigheid, vroomheid en opregtheid wye erkenning geniet het. Maar sy siening oor kerk wees en kerkregering, oor die kerstening van staat, gemeenskap, openbare onderwys ens is die ene verwerking van Hoedemaker se insigte, aangepas by Suid-Afrika, ... Engelbrecht het deur sy onderrig in die kerk- en dogmageskiedenis en die kerkreg insluitende die ampsleer, groot invloed gehad op die kerkbegrip, staatsbeskouing, maatskappy-opvatting en openbare onderwys siening van sy studente en sy kerk… HP Wolmarans as eerste alumnus van die Fakulteit wat hoogleraar geword het, het gepromoveer onder die eminente etiese teoloog WJ Aalders van Groningen maar het later veral aangesluit by die vooraanstaande konfessionele teoloog Th L Haitema, wat 'n eksponent van Hoedemaker en Barth was. In dié opsig het Wolmarans die siening van Engelbrecht met sy eie aksent versterk en geskraag. Die hoofstroming in die Pretoriase onderrig wat die kerkwerk beïnvloed het, was dus in die lyn van Hoedemaker.*

Oor B. Gemser se teologie haal Rautenbach, Van Selms aan:

*He stood in the great Dutch tradition which combined Erasmus' humanism with Calvin's theology. The ethical aspect of religion in him never disappeared behind a front of intellectual dogmatism. His piety expressed itself especially in humility and charity. His was more the attitude of Thomas a Kempis 'what could it profit you to dispute the deepest things concerning the Trinity if you lack the humility without which you displease the Trinity.' The church to which he belonged in the Transvaal pleased him because in those days it allowed a certain liberty towards dogmatics and politics. Above all he saw it as his task to guard and strenghten a true Biblical spirit both in theology and eclesiastical life.*

Rautenbach skryf dan verder:

*Skaars twee jaar na sy aankoms in SA het Gemser se alma mater hom uitgenooi om die opvolger van Böhl te word. Daarna het uitnodigings van ander ryksuniversiteite gevolg. Maar hy het hier gebly tot sy uittree-leeftyd onder landelike Calvinisties-geïnspireerde mense met 'n gematigde sig op leer en lewe. Sy teologiese vakmanskap het drie Afrikaanse universiteite ten goede gekom en sy eggelowigheid het diep spore nagelaat in ons land waar hy 32 jaar lank onderrig en verkondig het. Hy sou 'n renons gehad het in 'n etiket wat van hom 'n strakbelynde rigtingsteoloog sou wou maak. Ons volstaan met Van Selms se tipering.*

Oor J.H.J.A. Greyvenstein wat baie min gepubliseer het, haal Rautenbach aan wat in 1960 in *Ad Destinatum* geskryf is:

*Oor die lang jare van sy dienstyd as hoogleraar het prof Greyvenstein deur sy persoon en karakter, die persoonlik-lewende en waarlik eties-religieuse van sy onderwys, op die geestelike vorming van sy studente groot invloed uitgeoefen.*
[Rautenbach ken die outeurskap toe aan S.P. Engelbrecht, maar dit word nie so vermeld in *Ad Destinatum* nie.]

Rautenbach skryf verder: 'Sy Bybel- en belydenisskrifbenadering was gematigd ortodoks, reggelowig, eggelowig, sonder konfessionaliteit.' Rautenbach het dit gerade geag om sy artikel af te sluit met 'n waarskuwing wat nie verbygegaan kan word nie

*Daar is in Van der Hoff met sy halfeeufees 'n wekroep om in sy huidige wêreldbelewing en vraagstukke antwoorde te soek in die verlengde aanpassing van die riglyn uit die Bybel oor Augustinus oor Calvyn en die vroeë reformatore, verder deurgetrek oor Hoedemaker-Gunning-Bavinck tot vandag. Sit die eietydse kerkvader Karl Barth by, want Chantepie en Gunning het voortydig 'n sintese van Barth en Schleiermacher berei. Maar daar is ook 'n vermaning tot versigtigheid om nie deur die nawerking van die traumatiese ervaring met leeraangeleenthede rondom 1960 'n verkeerde soort Skrifberoep en Belydenisgeskrif-beroep (Fundamentalisties en Konfessionalisties) te bevorder nie, asof die Bybel, Calvyn en die reformatore en die Belydenisgeskrifte 'n bloudruk bevat vir die hantering van elke vraag en situasie.*

## 16 April 1974

Die Fakulteit keur 'n handleiding, opgestel deur professor A.D. Pont, goed wat die vereistes stel vir 'n studie, skripsie of geskrewe werkstuk wat by die Fakulteit ingedien word. Die inskrywing van J.P. Naude vir DD word aanvaar. Uit die jaarverslag blyk dat Bybelkunde behartig is in die verslagjaar deur doktor J.H. Koekemoer, dominees J.A. Loader en A.P.B. Breytenbach. Die lesings in Dogmatiek en Christelike Etiek is tydens professor Engelbrecht se verlof behartig deur doktore C.J. Mans en J.H. Koekemoer. Daar was 37 BD en 28 DD studente ingeskryf.

## 11 Mei 1974

Professor E.S. Mulder is oorlede. Die begrafnisdiens in die kerkgebou van Pretoria is gelei deur professor B.J. Engelbrecht. J.P. Oberholzer het namens die Kerk die woord gevoer, professor E.M. Hamman namens die Universiteit, en professor E.P. Groenewald namens die Kommissie van Bybelvertalers. Die ter aarde bestelling is waargeneem deur dominee J.P.J. Wagenaar. Professor B.J. Engelbrecht het in *Die Hervormer* van Julie 1974 'n waardering oor Mulder geskryf en onder andere hierdie woorde gebruik:

*Prof Mulder se jare van omgaan met die Skrif, gepaard met sy aanleg en beskawing, het van hom 'n wyse man, 'n oudste gemaak soos die Ou Testament sê. Sy goeie insig en raad, sy gebalanseerde oordeel het nie net in sy gemeentelike werk geblyk nie, maar ook op 'n hele aantal hoë betuursvlakke van die kerk.*

A.P.B. Breytenbach het in 1992 onder andere die volgende oor Mulder geskryf:

*Mulder se bydrae tot die teologiese ontwikkeling in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die vyftiger- en sestigerjare moet nie onderskat word nie. Sy invloed het ver buite die grense van die Fakulteit gestrek. Sy onkreukbare karakter, sy opregtheid en die erns waarmee hy die Woord verkondig het, het by kerkmense vertroue gewek… Sy solidariteit met die kerk (al was dit soms 'n kritiese solidariteit) het die vertroue in hom versterk. Tydens die Geysersaak en al die onverkwiklikhede wat dit meegebring het, was dit veral die figuur van Mulder*

*(sonder dat hy dit waarskynlik ooit bedink of bedoel het) wat die moontlike wantroue by kerklike ampsdraers in wetenskaplike eksegese getemper het. Mulder se integriteit het die potensiële trugolf teen 'n histories-kritiese benadering in die eksegese help stuit.*

**17 Mei 1974**

Die Kuratorium hoor 'n verslag aan van professor J.I. de Wet nadat hy oor die moontlike instelling van 'n kursus in die kerklied met die voorsitter van die Raad vir Kerkmusiek 'n gesprek gevoer het. Die Kuratorium besluit om nie die instelling van die kursus aan te beveel nie omdat dit 'n musikale ontwikkeling veronderstel wat die teologiese studente nie het nie en ook nie ingepas kan word in die oorlaaide studieprogram van die studente nie. Professor De Wet het studieverlof ontvang vir die eerste semester van 1975, en sy lesings is waargeneem deur professor D.J. Booysen en doktor M.J. du P. Beukes.

**29 Mei 1974**

Die Senaat neem kennis van die afsterwe van professor E.S. Mulder en van 'n oorsig oor sy lewensloop. 'Ons bring in dankbaarheid hulde aan die nagedagtenis van 'n geliefde en beminde oudkollega en vriend. In dankbaarheid dink ons aan sy toegewyde arbeid, lojaliteit, vriendelikheid en spontane humorsin.'

**17 Junie 1974**

Die Raad verwelkom meneer J.C. Oelofse as verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Raad aanvaar staande 'n mosie van roubeklag met die afsterwe van professor E.S. Mulder.

**30 Julie 1974**

Die Fakulteit besluit op voorstel van professor Pont:

> *Dat, nadat die lede van die eksamenkommissie 'n proefskrif beoordeel het, die kandidaat 'n geleentheid gegee word om tydens die vergadering van die eksamenkommissie 'n gesprek met die eksamenkommissie te voer oor die proefskrif. Die finale goedkeuring van die proefskrif deur die eksamenkommissie vind ná hierdie bespreking plaas.*

Die doktorale eksamenuitslae van P.A. Geyser, F.H. van der Merwe en G.C. Velthuysen is bekragtig. Die volgende onderwerpe vir proefskrifte is goedgekeur: G.C. Velthuysen *Die dogmatiese probleme in die kompleks Geskiedenis-Voorsienigheid,* A.J. Conradie *Gebed en gebedsverhoring in die Bybel*

**28 Augustus 1974**

Die Senaat neem kennis van die dood van professor S.P.J.J. van Rensburg op 26 Augustus 1974. 'Sy doseerwerk is verrig met 'n noukeurige deeglikheid waarin hy besonder hoë eise aan homself gestel het… Ons huldig sy toegewyde akademiese arbeid.'

**30 Augustus 1974**

Die begrafnisdiens vir professor S.P.J.J. van Rensburg in die kerkgebou van Pretoria op 30 Augustus 197 is gelei deur doktor L.M. le Roux. Professor F.J. van Zyl het namens die kerk die woord gevoer en professor B.J. Engelbrecht namens die Universiteit. Die ter aarde bestelling is waargeneem deur dominee F.J.H. Buitendag. Professor Van Rensburg is voor sy oorlye 'n tyd lank in Ons Tuis versorg.

**13 September 1974**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die afsterwe van die vorige voorsitter dominee A.J. Nolte en van professor S.P.J.J. van Rensburg. Dominee Nolte is oorlede op 30 Julie 1974. Hy was toe slegs 63 jaar oud, en het ernstig gely aan emfiseem. Sy begrafnisdiens op 01 Augustus 1974 in die kerkgebou van Rustenburg is waargeneem deur J.P. Oberholzer en die ter aarde bestelling deur dominee P.M. Smith.

Die voorsitter doen verslag oor 'n gesprek tussen die Moderamen en professor Pont:

> *Dit is aan prof Pont gestel dat hy onder alle omstandighede so moet optree dat hy homself en ook nie die kerk skade aandoen nie. Prof Pont het gestel dat dit nog altyd sy oogmerk was sedert sy gesprek met ds AJ Nolte en die skriba, naamlik dat hy nooit enige werwingswerk sal doen of politieke toesprake sal hou nie en altyd so sal optree dat sy optrede geen ergernis verwek nie. Die voorsitter stel verder dat dit aan prof Pont gestel is dat hy sy lidmaatskap van die hoofbestuur van die betrokke party miskien weer in heroorweging moet neem.*

**24 September 1974**

Die Fakulteit aanvaar die huishoudelike reëls vir die colloquium doctum by die beoordeling van DD proefskrifte. Die inskrywing van A.J. Willemse vir DD word aanvaar. Studieverlof word toegestaan aan professor J.I. de Wet 01 Januarie-30 Junie 1975.

**25 Oktober 1974**

Doktor C.J. Mans is skielik oorlede na 'n hartaanval. Hy was 45 jaar oud. Professor B.J. Engelbrecht is as vise-skriba in sy plek verkies. Professor A.D. Pont het as sekundus van doktor Mans sitting op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geneem.

**07 November 1974**

Professor Pont het aansoek gedoen vir die instelling van 'n kursus in die Geskiedenis van die Ekumeniese Beweging. Die Kuratorium het besluit om dit so aan te beveel en die aanstelling van dominee J.J. Steenkamp op 'n tydelike basis daarvoor goedgekeur. Hierdie vergadering het ook 'n komitee benoem bestaande uit die voorsitter, die dekaan, die professor in Praktiese Teologie en die studentepredikant om nuwe studente tydens oriëntering te ontmoet, en het verder besluit dat daar jaarliks 'n kamp gereël moet word waarby al die studente, ook dié wat aan ander universiteite studeer, betrek sal word.

Die vergadering het kennis geneem dat professor W.C. van Wyk benoem is as halftydse Bybelvertaler in die plek van professor Mulder en nie meer vier lesings per week kan waarneem in Ou Testamentiese Wetenskap nie. Die Kuratorium het goedgekeur dat dominee A.P.B. Breytenbach en professor Van Wyk elk een lesing per week sal waarneem en dat professor Oberholzer vier (lees sewe) lesings per week sal behartig.

## 1975

**18 Februarie 1975**

Die Fakulteit ken die Nico Prinsloodprys toe aan J.H. Breytenbach. Die vak-keuse van J.M.G. Storm vir DD word goedgekeur. Gewysigde leerplanne vir Bybelkunde is aanvaar. Die Vergadering van Professore besluit dat J.P. Oberholzer, G.M.M. Pelser en F.J. van Zyl voordragte moet hou by die opknappingskursus vir predikante op 08 April 1975.

Die vergadering bespreek die aangeleentheid van 'buitewerk' deur dosente van die Universiteit en versoek dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daaroor 'n gesprek met die rektor moet hou. Uitstaande bydraes vir 'n Handboek oor die Ensiklopedie van die Teologie is dringend aangevra.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

**21 Februarie 1975**

Die Kuratorium neem kennis van die komiteeverslag oor onderhoude met voornemende studente op 11 Februarie 1975 en dat die Jeugkampterrein bespreek is vir 21–23 Maart. Aanbeveel is dat die beursleningsbedrag verhoog word na R451.40. Die voorsitter van die proponents-eksamenkommissie, professor P.S. Dreyer, het gerapporteer dat daar waardering is vir die uitstaande werk wat deur die Fakulteit gedoen word, maar daar is bevind dat die studente gebrekkige kennis het oor praktiese sake en dat daar by sommige spraak-probleme is. Die Kuratorium het daarop die professor in Praktiese Teologie versoek om met behulp van die SAUK spraaktoetse af te neem en na bevind van sake te handel. 'n Komitee is benoem om die moontlikheid te ondersoek van opleiding in praktiese sake.

**13 Maart 1975**

Die 57ste Algemene Kerkvergadering kom vir 'n buitengewone sitting byeen om te handel oor die hersiening van die Gesange.

**14 Maart 1975**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n skrywe van professor C.H. Rautenbach wat 'n hele voorgeskiedenis gehad het. Dié geskiedenis het begin met 'n artikel van A.D. Pont getitel 'Diskriminasie en Rassisme' in *Die Hervormer* van November 1974. Daarin het Pont die Jeugkongres wat op 02-03 Augustus vergader het, gekritiseer oor die bewoording van 'n verklaring wat gelui het: 'Ons verwerp álle rassisme en rassediskriminasie maar ook die metodes van die Wereldraad van Kerke vir die bestryding van rassisme.' Hy het geskryf dat uit die verklaring die afleiding gemaak kan word dat die Jeugkongres die begrippe net so verstaan soos die Wêreldraad van Kerke wat normaalweg in die kommunisties-liberalistiese propaganda-idioom praat. Hy het hom beroep op die herderlike skrywe van 1973 waar verklaar word dat sonder 'n duidelike verklaring van die teendeel, 'n besluit teen rassisme geïnterpreteer moet word as 'n besluit ten gunste van integrasie.

> *Dit is duidelik dat die Jeugkongres nie behoorlik kennis geneem het van die Herderlike Skrywe nie en daarom in hierdie verleentheid-slagyster getrap het. Is dit nie juis een van die probleme van ons tyd dat ons vergaan vanweë 'n gebrek aan kennis nie?*

Daarop het prof Rautenbach gereageer in 'n artikel 'Semantiese Vitterigheid' in *Die Hervormer* van Februarie 1975, waarin hy onder andere skryf: 'Behalwe sy kritiek op die woordkeuse.. bepleit professor Pont meer as halfpad die bruikbaarheid van die term diskriminasie om ons aanvaarde kerklike en staatlike volke-verhoudngsbeleid te kenskets.' Rautenbach verwys dan na die brosjure *Gelyke Geleenthede, die oplossing van die Rassevraagstuk – die eerlike weg* [geskryf deur A.D. Pont] wat in 1963 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gepubliseer is in antwoord op 'n stuk van die Nederlandse Hervormde Kerk, en waarin telkens verwys word na 'die euwel van rassedikriminasie'. Rautenbach skryf dan verder:

> *Die professor het aanspraak op 'n eie mening.. Maar sý eenspaaierigheid en eenkennigheid mag nie die maatstaf vir die taal- en denkpatrone van 'n kerk met openbare verantwoordelikheid en kommunikasie-behoefte, veral na buite, wees nie. Het die tyd nie aangebreek nie dat die Algemene Kommissie uitsluitsel gee en die beswaarde professor tot orde roep ter wille van die goeie naam van die kerk na buite?*

Hierdie skrywe van Rautenbach is aangegryp deur die pers en uiteindelik het hy die voorsitter van die Kommissie kwalik geneem vir sý kommentaar in die pers. Dit het begin met 'n berig in *Rapport* op 9 Februarie 1975, onder die opskrif *Vat Pont nou vas, sê oud-rektor aan hul kerk.* In *Hoofstad* van 10 Februarie is die berig oor Rautenbach se skrywe begin met die volgende woorde:

> *In Hervormde Kerkkringe word druk bespiegel oor die toekoms van prof AD Pont .. Party kerkleiers meen dat prof Pont hierdie keer te ver gegaan het en dat dit sy einde in die kerk gaan beteken. Dit is bekend dat prof Pont baie simpatie met die HNP het en gereelde bydraes vir sy amptelike lyfblad, Die Afrikaner, lewer.*

Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering word ook aan die einde van die berig aangehaal, naamlik:

> *Dat daar behoorlike kerklike prosedure in die Hervormde Kerk is indien 'n persoon 'n klag teen 'n ander het. Hy het daarop gewys dat die eerste opsighoudende liggaam die Ringsvergadering is wat die hele aangeleentheid in behandeling kan neem.*

Die koerante het behoorlik ingeklim met berigte. Die opskrifte was:

> Dr Pont se kollegas kwaad vir hom – *Vaderland* 11 Februarie,
> Pont nie besorg oor klag – *Hoofstad* 11 Februarie,
> Pont steur hom nie aan aanval – *Oggendblad* 11 Februarie,
> Pont se rekenskap nodig – Rautenbach *Oggendblad* 12 Februarie

Alles het daartoe gelei dat die voorsitter in opdrag van die Moderamen 'n lang soektog deur die kerklike geskrifte moes onderneem om vas te stel hoe die kerk in die verlede die term diskriminasie gebruik het. Dit is gedoen en daar is gevind dat die kerk die woord nooit anders as in ongunstige sin gebruik het nie. Hy het sy verslag oor die ondersoek soos volg afgesluit:

> *Op grond hiervan kom dit my voor dat die Kommissie dus wel van prof Pont 'n nadere verklaring van sy uitsprake moet vra, ten einde vas te stel of hy in hierdie opsig met die beleid van die kerk saamstem of nie. Die Kommissie sal egter tegelykertyd ook aandag moet skenk aan die wyse waarop prof Rautenbach sy beswaar onder die aandag van die Kommissie gebring het… In hierdie opsig sal die Kommissie nie anders kan as om aan te dring daarop dat dergelike besware in die toekoms onder die aandag van die betrokke opsighoudende vergaderings gebring word, op die wyse wat die kerk daarvoor neergelê het. Die dissipline en die goeie orde vereis dit...*

Die Moderamen het opdrag gekry om ondertussen gesprekke te voer met Pont en Rautenbach en aan die volgende vergadering inligting te verskaf. Pont het volgens berigte in *Beeld, Die Transvaler* en *Oggendblad* van 24 Februarie 1975 'n kongres van die Vereniging van Afrikaanse Rhodesiërs toegespreek oor die vyand in ons midde. Hy het die blanke Rhodesiërs verseker van die steun van elke Afrikaner van die Kaap tot aan die Zambesi. Daarop het *Beeld* in 'n hoofartikel op 25 Februarie 1975 soos volg gereageer.

> *As Rhodesië se Afrikaners deurmekaar raak met ver-regse Afrikaners soos prof Adriaan Pont van Pretoria, is dit seker hulle saak. ...Prof Pont as woordvoerer van die ganse Afrikanerdom? ...Ons hoop nie die Rhodesiërs steur hulle aan prof Pont nie, wat instorm in delikate situasies waar hy nie behoort te wees nie.*

**08 April 1975**

Die gewysigde titel van die proefskrif van R. Sauerzapf is aanvaar, naamlik *Die Säkularisierung der Genfer ökumene* en die uitslag van J.J. Steenkamp se doktorale eksamen is bekragtig. Die vak-keuse van J.A. Beukes, S.P. Pretorius, L.M.P. Swanepoel en P.M. Venter vir DD is goedgekeur. Die regulasiewysiging oor die toelatingsvereistes vir BD is aanvaar soos aanbeveel deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Volgens die jaarverslag was daar in 1974, 42 BD en 27 DD studente ingeskryf.

**06 Junie 1975**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die dood van dominee T.F.J. Dreyer snr op 10 Mei 1975 na 'n lang siekbed. Dominee Dreyer was skriba van die Algemene Kerkvergadering van 1937 tot 1964. Die Kommissie het die

huldigingswoord van sy voorsitter by die begrafnis onderskryf. Hy het onder andere gesê:

> *Vrugbare arbeid is ook die woorde wat in gedagte kom as 'n mens nadink oor die lewe van ds Theuns Dreyer: 42 jaar van aktiewe bediening in slegs drie gemeentes gevolg deur 9 jaar van diens buite sowel as binne die predikamp; 30 jaar lank lid van die Moderamen, waarvan 27 as skriba, daarnaas aktiewe betrokkenheid by feitlik elke aspek van kerklike werk, verteenwoordiger van die kerk op meer as een liggaam, wye belangstelling en betrokkenheid in kulturele en politieke sake. Dit was 'n lewe met hoë standaarde en inherente waardigheid en netheid; 'n lewe waarin liefde vir kerk en volk oorheersend was, waarin die roeping tot die diens van die Woord steeds die laaste woord gehad het.*

### 22 Julie 1975

Professor J.I. de Wet word verwelkom ná sy studieverlof. Professore Van Zyl en Engelbrecht is genomineer vir die dekaanskap. Die uitslag van R. Sauerzapf se proefskrif is bekragtig. Die vak-keuse van B.J. Erasmus vir DD is goedgekeur.

### 08 September 1975

Die Kuratorium handel oor die benoeming van 'n lektor in Bybelkunde (Nuwe Testament). Die Vergadering van Professore het die name van doktor A.J.G. Dreyer, dominee J.J. Engelbrecht jnr, dominee N.H. Buitenweg en dominee P.A. Geyser voorgelê en het eenparig vir doktor Dreyer aanbeveel as eerste keuse. Omdat dit 'n junior pos is, het die Kuratorium by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanbeveel dat die persoon wat die pos gaan vul, finansieel nie swakker daaraan toe sal wees as 'n predikant nie en dat die kerk daarom die salaris van so 'n persoon sal aanvul. Doktor Dreyer het nie die benoeming aanvaar nie, en dominee J.J. Engelbrecht jnr is benoem en het die benoeming aanvaar.

**Johannes Jacobus Engelbrecht** is gebore op 27 Oktober 1933. Hy was die oudste kind van dominee J.J. Engelbrecht wat die teologiese studie in 1933 voltooi het maar as gevolg van die depressie en moeilike ekonomiese omstandighede van destyds eers in 1937 georden is. Engelbrecht jnr het die BA, BD studie in 1957 voltooi, BD met lof, en is georden op 22 Februarie 1958. Hy bedien die gemeentes Primrose-Oos, Bloemfontein en Zuurfontein, lê die doktorale eksamen in Nuwe Testamentiese Wetenskap af en bly woonagtig in Kempton Park ná sy benoeming as lektor.

Hierdie vergadering het ook die versoek van professor A.D. Pont behandel dat dominee J.J. Steenkamp weer in 1976 lesings oor die Geskiedenis van die Ekumeniese Beweging sal gee. Die Kuratorium het besluit om eers advies in te win by die Vergadering van Professore oor die vraag of die kursus nie beter tuishoort by Sendinggeskiedenis nie, en wat die houding van die Universiteit is oor 'n tweede leerkrag in 'n department.

### 16 September 1975

Die Fakulteit dra dit aan die dekaan op om te handel oor die vulling van die addisionele lektoraat in Bybelkunde sodra 'n aanbeveling van die kerk ontvang is.

## ∽ 1976

### 17 Februarie 1976

Die Fakulteit verwelkom dominee J.J. Engelbrecht wat sitting neem as assessorlid. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan G. van R. Els. Die doktorale eksamenuitslag van J.P. Labuschagne word bekragtig. L.C. Bezuidenhout word toegelaat om saam met BD in te skryf vir BA Hons Semitiese Tale. Die onderwerp van A.P.B. Breytenbach se proefskrif word goedgekeur, naamlik *Staat en volk in die profesieë van Hosea,* en die vak-keuses van R.M. Naude en T.H.J. van Nieuwenhuizen vir DD word goedgekeur. M.W. Pretorius het vrystelling van die doktorale eksamen ontvang met die oog op inskrywing vir 'n tweede doktorsgraad.

### 05 Maart 1976

Die Kuratorium besluit dat die lesings oor die geskiedenis van die ekumeniese beweging alleen vir 3de jaar studente aangebied word en neem kennis dat dit deel uitmaak van die bestaande kursus in Kerkgeskiedenis. Besluit is om die H.C.M. Fourie-Erepenning toe te ken aan dominee J.G.M. Dreyer.

Nadat kennis geneem is dat die BA-graad by die Universiteit van Pretoria in die toekoms 10 kursusse sal omvat en nie meer 11 nie, is besluit om aan te beveel dat die kursusse sal bestaan uit Grieks I, Hebreeus I, Bybelkunde I, Latyn I of Ib, Grieks II, Hebreeus II, Wysbegeerte II of Bybelkunde II, en in die derde jaar enige twee van genoemde kursusse met dien verstande dat een van die twee Grieks III of Hebreeus III sal wees.

Kennis is geneem dat die studentekamp geslaagd was. Professor en mevrou Oberholzer is bedank vir hulle optrede as kampouers en die Voortrekkerspan wat die etes en verversings voorsien het, vir hulle werk.

### 13 April 1976

Die Fakulteit keur die volgende onderwerp vir die proefskrif van J.J.P. Muller goed. *Ampte en vergaderings: 'n Ondersoek na die oorspronge en funksie van die ampte en vergaderings in die presbiteriaal-sinodale kerkregering en 'n vergelyking daarvan met die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van 1976.* Die jaarverslag meld dat daar in 1975, 40 BD en 29 DD studente ingeskryf was, en een geleentheidstudent.

### 18 Mei 1976

Die 58ste Algemene Kerkvergadering neem sitting. J.P. Oberholzer is as voorsitter, P.M. Smith as skriba, F.J. van Zyl as vise-voorsitter en B.J. Engelbrecht as vise-skriba verkies. Doktor P.J.T. Koekemoer en dominee C.L. van den Berg is verkies as predikantlede van die Kommissie.

Die H.C.M. Fourie-Erepenning is op 21 Mei aan dominee J.G.M. Dreyer oorhandig. Dominee Dreyer het saam met sy broer, dominee T.F.J. Dreyer, en sy neef, dominee A.J.G. Oosthuizen, 'n belangrike en leidende rol gespeel in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van sy ordening af op 03 Mei 1924 tot op datum. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor L.M. le Roux, het vermeld dat dominee Dreyer 'n toegewyde student gebly het wat 'n rykdom aan artikels, brosjures en boeke gelewer het en sinds 1937 onafgebroke redakteur van *Die Hervormer* was.

> *Ons wil hom die Hoedemaker van die Nederduitsch Hervormde Kerk noem vanweë sy suiwer reformatoriese beskouing. Hy het sy blik na die toekoms gerig met 'n diep verbintenis in die verlede. Met woord en daad gee hy homself steeds in onbaatsugtigheid vir die beskerming van die waardevolle uit die verlede van kerk en volk.*

Hierdie vergadering het verdere besluite geneem oor die deelname van ampsdraers aan die partypolitiek. Aanleiding daartoe was besware oor die optrede van ampsdraers, veral oor Pont. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n memorandum deur dominee C.L. van den Berg laat opstel vir voorlegging en besluit deur die Algemene Kerkvergadering. Die opskrifte van die paragrawe in die memorandum dui aan wat alles in die memorandum behandel is:

*A. Kerk en politiek*
  *I. God se politiek.*
  *II. Aardse politiek.*
  *III. Kerk en aardse politiek.*
  *IV. Ons kerk en die Suid-Afrikaanse politiek in die verlede.*
  *V. Ons kerk en die Suid-Afrikaanse politiek vandag.*
*B. Ampsdraers en die politiek*
  *I. Die teorie.*
  *II. Die praktyk.*

Die aanbevelings by die memorandum is vooraf in die Nuusbrief van Januarie 1976 bekendgestel en is in al sy onderdele deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar. Dit was soos volg:

*I. Die vergadering beklemtoon dat die kerk hom nie kan onttrek aan die verantwoordelikheid om op gebied van die landspolitiek openlike en duidelike getuienis te lewer nie. Hierdie getuienis moet gegee word op die wyse wat vir die kerk gebode is, naamlik vanuit die Woord van God. Die kerk is 'n volgeling van geen politieke persoon of party nie, en 'n aanhanger van geen politieke program of beleid nie. Hy mag sy vrymoedigheid om sonder aansien des persoons teenoor alle mense te getuig, nooit pysgee nie.*

*II. Waar lidmate en ampsdraers van die kerk deur lidmaatskap of andersins aan politieke partye verbonde is, eis die kerk van hulle dat hulle getuienis en optrede daar so sal wees dat eerbaarheid en waarheid, reg en liefde bevorder word en dit vir alle mense duidelik sal wees dat hierdie lidmate en ampsdraers van die kerk in gehoorsaamheid aan die Woord van God lewe. Terwyl die kerk aan sy lidmate en ampsdraers die volste vryheid wil gun en bowendien hulle verantwoordelikheid wil benadruk om betrokke te wees in die landspolitiek, ag hierdie vergadering dit noodsaaklik dat die volgende reëlings gemaak moet word ten opsigte van dienaars van die Woord:*
- *Geen dienaar van die Woord sal op welke wyse ookal deelneem aan die organisasie van 'n politieke party of die werwing van lede vir 'n party of die werwing van stemme vir enige kandidaat van 'n party nie.*
- *Geen dienaar van die Woord sal homself beskikbaar stel as kandidaat vir verkiesing tot lid van 'n plaaslike bestuur, provinsiale raad of parlement nie.*
- *Geen dienaar van die Woord sal sitting neem op 'n partybestuur of toelaat dat sy naam gebruik word vir reklame ten gunste van 'n bepaalde party nie.*

*III. Die vergadering maak hierdie reëling onder die bewustheid van sy verantwoordelikheid om toe te sien:*
- *Dat die amp van dienaar van die Woord ongeskonde sal bly.*
- *Dat die amp en status van die dienaar van die Woord nie misbruik sal word vir ander doeleindes as waarvoor dit ingestel is nie.*
- *Dat die dienswerk van die dienaar van die Woord sowel in die pastoraat as in die hoogleraarsamp vry sal wees van enige belemmering.*
- *Dat dienaars van die Woord al hulle tyd en krag sal wy aan die diens van die evangelie.*

Professor P.S. Dreyer, ouderlinglid van die Kommissie, het sy teenstem teen die besluit laat aanteken met die volgende motivering: 'Die besluit is te radikaal en sal ons kerk in die toekoms skade aanrig hoewel ons oortuig voel dat predikante wat ons kerk se naam in gedrang bring, getugtig behoort te word.' Die volgende persone het hulle met sy teenstem vereenselwig: Dominees L.M.P. Swanepoel, E.J. Smit, P.J. van der Merwe, F.H. van der Merwe, J.M.G. Storm, J.J. Steenkamp, G.C. van Staden, J.J.H. Engelbrecht, E.P. Vosloo, N.H. Buitenweg, J.H. Breytenbach, C.J. Botha, S.P. Pretorius, A.J. van Staden, J.P. Snyman, G.J. van Staden jnr, C.J.J. van Rensburg, J.H. Brandt, P.J. Cilliers, F.J. Boshoff, professor G.M.M. Pelser, en ouderlinge F.G.J. Snyman, S.A. van Emmenis en M.H.J. van der Merwe. Dominee J.P.B. Viljoen, ouderling T. Botha en dominee J.A.A. Schroeder het ook hulle teenstemme laat aanteken. [Dit val op dat A.D. Pont, wat lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering was en in 'n skrywe aan predikante gemoedere gaande probeer maak het om die besluit te probeer verhoed, nie hier 'n teenstem laat aanteken het nie.]

Die Moderamen het die volgende reëling gemaak as uitleg van die besluit, en dit is deur die vergadering bekragtig.

> *Persone wat tans lede is van partybesture en/of plaaslike besture word toegelaat om die termyn waarvoor hulle verkies is, uit te dien. Indien daar in sommige gevalle geen vaste termyn van sitting op dergelike besture is nie, sal predikante oorleg pleeg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die beëindiging van hulle dienstyd op die betrokke besture. Vir 'n besluit oor dié gevalle sal die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oorleg pleeg met die betrokke ringskommissies.*

Ook hierteen was daar teenstemme, naamlik van professore A.D. Pont en G.M.M. Pelser en dominee H.R. Visser:

> *Ons wens ons teenstem aan te teken teen die besluit dat die besluit van die vergadering insake dienaars van die Woord en die partypoltiek nie onmiddellik van krag is nie. Dit laat die weg oop vir willekeur.* [Professor Pont het nog staande die vergadering skriftelik bedank as lid van die hoofbestuur van die HNP].

Pont se eie visie het hy soos volg weergegee:

> *Na die hofsaak het ek in 1969 die leiding gevolg van dr Albert Hertzog, mnre Jaap en Willie Marais en Louis Stoffberg, en meegewerk aan die stigting van die Herstigte Nasionale Party… Ek het egter by die Herstigte Nasionale Party gestaan omdat dit vir my om 'n beginsel gegaan het, naamlik dat die Verwoerd-Herstigte Nasionale Partybeleid, histories gesproke, in die lyn gelê het wat ons Kerk steeds gevolg het, onder andere met ons volkskerklike sendingbenadering wat so anders is as die Engelse en ook die NG-benadering wat almal in die sendende kerk wil opneem. In dié tyd het dit my opgeval hoe die predikante hulle laat saamsleep het deur die Afrikaanse koerante en radio en Vorster se argumente. My politieke keuse het, indien moontlik, my in die Kerk en op die kerklike vergaderings nog meer omstrede gemaak… My 'omstredenheid' het meegebring dat die Algemene Kerkvergadering in 1976 besluit het dat dienaars van die Woord glad nie aan die partypolitiek mag deelneem nie. Ek is nou nog oortuig daarvan dat dié besluit uitsluitlik geneem is omdat ek kort vantevore as 'n amptelike HNP kandidaat vir die Stadsraad van Pretoria gestaan het. Daarby was ek op daardie stadium een van die twee onder-voorsitters van die party. Die feit dat ek in 1973 uit die Broederbond geskors is het seker ook daartoe bygedra dat ek vir baie predikante-kollegas 'n verleentheid geword het .. Na die Algemene Kerkvergadering het dit nog stiller in die Kerk rondom my geword … 'n Klein groepie jonger predikante het hulle in daardie tyd om my geskaar en saam met Albert Herbst en 'n paar ander manne aan my vriendskap en geselskap verleen. Op die ou end was dit nogal 'n interessante waterskeiding wat rondom my persoon plaasgevind het in die sewentigerjare. Een ding het daardie tyd my geleer en dit is dat alleen getoetste vriendskap die moeite werd is.* [Vir die kerk se hoogleraar in Kerkgeskiedenis is hierdie uitsprake verbasingwekkend. Hy moes darem sekerlik op hoogte gewees het van die standpunt van die kerk oor die deelname van dienaars van die Woord aan die partypolitiek wat oor jare telkens bevestig is. Bowendien was hy lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en op hoogte van die memorandum en die voorstelle daarby. Hy het hom nie dáár daarteen verset nie, nie die standpunte daarin weerspreek nie, ook nie op die Algemene Kerkvergadering waar die besluite geneem is nie. Hy het vir homself voorregte toegeëien wat duidelik in stryd was met

die kerk se standpunt. Sy aanspraak dat die HNP beleid in lyn lê met dié van die kerk, is bowendien hoogs aanvegbaar. Wat ook opval, is sy houding van 'ek is reg, almal wat nie met my saamstem en saamdoen nie, is verkeerd, hulle laat hulle saamsleep deur die koerante, en hulle kan nie meer my vriende wees nie.' In werklikheid was dit sy 'gewese' vriende in die opsighoudende liggame wat hom steeds uit deernis met sagte handskoene gehanteer het. Die 'klein groepie jong predikante' wat hulle om hom geskaar het, was die begin van wat bekend sou word as die H.C.M. Fourie-fonds. Hulle het naamlik besluit om elkeen by te dra tot die delging van Pont se skuld aan Geyser en Naude wat uit die lastersaak voortgekom het, en hulle het die naam van die fonds gekies om daarmee vir hulleself die geestelike erfenis van doktor H.C.M. Fourie toe te eien. Met verloop van tyd sou hulle 'n eie blad oprig met die naam Leer- en Lewenskwessies om daarmee ook die Goddefroy-erfenis in hulle dampkring te betrek, en het hulle ontwikkel tot 'n afsonderlike groep met besondere teologiese aksente wat eie 'kerkdae' en Hervormingsbyeenkomste gehou het in navolging van die Bekennende Gemeinschaft in die Evangeliese Kerk van Duitsland, en meesal 'n opposisie gevorm het in amptelike vergaderinge van die Kerk.]

Wat die Opleiding betref het die vergadering kennis geneem van die kontrakwysiging met die Universiteit van Pretoria na aanleiding van die goedkeuring van een senior lektoraat vir elke department. Die wysiging het bepaal:

a. *dat elke kerk 'n bydrae gelyk aan 30% van die bedrag van die maksimumkerf van die salarisskaal van toepassing op senior lektore in die onderskeie afdelings, wanneer sodanige poste ingestel sou word, maak; die bydrae sal telkens aangepas word wanneer salarisskale hetsien word;*
b. *dat 'n verdere klousule tot die ooreenkoms met albei kerke toegevoeg word; ten effekte dat die Raad van die Universiteit wat die 30 % bydrae van die kerke ten opsigte van professore en senior lektore betref, mag besluit dat hierdie persentasie wat die kerke bydra, na ooreenkoms met die kerke, mag verminder;*
c. *dat elke kerk ten volle verantwoordelik vir die besoldiging van dosente anders as professore en senior lektore in die onderskeie afdelings sal wees; en*
d. *dat die Universiteit se bydrae ten opsigte van senior lektore tot een senior lektor per department beperk sal wees.*

Die volgende beskrywingspunt van die Raad vir Voortgesette Kategese is aanvaar:

> *dat vanweë die wye omvang van elke teologiese wetenskap en die betrokkenheid van ons professore by die werk van die kerk in die algemeen, dit noodsaaklik geag moet word dat voorlopig deeltydse hulpe aan elke teologiese professor oorweeg moet word.*

Die vergadering het professor B.J. Engelbrecht gelukgewens met sy komende viering van 25 jaar diens in 1977, en het aan die hand gegee dat onder andere 'n huldigingsbundel uitgegee sal word 'waarin professor Engelbrecht self aan die woord kom met die talle teologiese referate wat deur die jare uit sy pen gekom het. 'Dit is gedoen in die bundel *Teologie in die Kerk* wat in 1978 by HAUM verskyn het. Daarin is opgeneem 'n 22 tal artikels uit sy pen, waarvan drie nie tevore gepubliseer is nie. In die voorwoord skryf J.P. Oberholzer:

> *Soos uit die inhoud sal blyk, beoefen Engelbrecht sy vak ten dienste van die Kerk. Die erfenis van die kerkhervorming het deur sy werk 'n nuwe aktualiteit in die Nederduitsch Hervormde Kerk gekry, en sy aandeel in die vormgewing van 'n Suid-Afrikaanse Bybels-Reformatoriese teologie is geen geringe nie.*

Hierdie Algemene Kerkvergadering het ook die volgende historiese besluit geneem:

> *Die vergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om 'n studie te maak vir verslag en aanbeveling by die volgende Algemene Kerkvergadering oor die eventuele toelating van vroulike lidmate van die kerk wat aan die akademiese kwalifikasies voldoen, tot sommige of alle kategorieë van die amp van dienaar van die Woord.*

Die vergadering het kennis geneem dat die beurslening verhoog is en het gevra dat ondersoek ingestel word om dit in 'n suiwer beurs vir BD studente te omskep.Die Kuratorium is versoek om merietebeurse vir teologiese studente op 'n ander basis as tans te oorweeg.

Wat die verpligte kursusse vir die BA-graad betref, het die vergadering die voorstel van sy Kommissie aanvaar, naamlik Grieks I, Hebreeus I, Wysbegeerte I, Latyn I of Ib, Bybelkunde I, Grieks II, Hebreeus II, Wysbegeerte II of Bybelkunde II, en in die derde jaar enige van die genoemde tweedejaarskursusse met dien verstande dat een van die twee óf Grieks III óf Hebreeus III moet wees.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor L.M. le Roux, professor C.H. Rautenbach, dominee C.J.S. van Niekerk, G.J.J. Roos, doktore J.L. van Staden, A.J.G. Dreyer en D.J.C. van Wyk. Die begroting vir die Teologiese Opleiding is vasgestel op R48 062.

### 27 Julie 1976

Die vak-keuses van J.D. Maloney, J.S. en R.M. Naude, en J.A. van Biljon vir DD is deur die Fakulteit goedgekeur.

### 10 Augustus 1976

Die Kuratorium verkies doktor L.M. le Roux as voorsitter en dominee G.J.J. Roos as vise-voorsitter. Kennis is geneem van die besluite van die Algemene Kerkvergadering.

### 01 September 1976

Die Senaat wens J.P. Oberholzer, F.J. van Zyl en B.J. Engelbrecht geluk met hulle verkiesing op die Moderamen en A.D. Pont en J.I. de Wet met hulle verkiesing as sekunduslede.

### 21 September 1976

Die Fakulteit wens by monde van professor A.D. Pont die dekaan, professor B.J. Engelbrecht, geluk met die 25 jaar diens aan die Universiteit.

### 22 November 1976

Die Raad besluit om die eregraad DD toe te ken aan dominee J.G.M. Dreyer.

### 25–26 November 1976

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur 'n konsepverklaring goed met betrekking tot die situasie in die land. Dit is gepubliseer in *Die Hervormer se Nuusbrief* van 01 Januarie 1977 onder die opskrif 'Getuienis.' Die volgende aanhalings gee 'n idee van die inhoud:

> *Die Nederduitsch Hervormde Kerk ag 'n beleid wat gelyke en afsonderlike geleenthede vir elke volk en volksgroep in Suid-Afrika bied, steeds die beste in die Suid-Afrikaanse situasie…Dit bly ons oortuiging dat so 'n beleid uitvoerbaar is, en dat dit die beste kan voldoen aan die eise van die liefde wat gegrond is op Gods liefde in Christus. Ons is verder daarvan oortuig dat onreg, vernederende maatreëls en krenkende optrede nie inherent is aan so 'n beleid nie…*
> *Ons dring derhalwe by die regering daarop aan dat hy voortgaan om die beleid waarvoor hy 'n mandaat van die volk ontvang*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

*het, in sy volle konsekwensies uit te voer … dat maatreëls wat vernederend van aard is, afgeskaf word en krenkende optrede op elke vlak van die samelewing met krag teengegaan word …*

*Ons dring by die Afrikanervolk, die volk waarbinne die Nederduitsch Hervormde Kerk in die eerste plek leef en werk, daarop aan dat hy sy erfenis, wat met groot stryd en taaie volharding vir hom bewaar is, kosbaar sal ag… dat hy, wat self soveel miskenning en leed ervaar het in sy strewe na vryheid en selfbeskikking, en dit nog steeds ervaar, op geen wyse deelagtig sal wees daaraan dat ander volke in ons land in hulle weg na selfvervulling belemmer sal word nie … dat hy al sy instellings, van die gesin af tot by die omvattendste, sal inspan om by sy jeug in te skerp dat ons gang alleen 'n hoopvolle toekoms kan inhou as ons aan ander gun wat ons vir onsself opeis en bereid is om die hoogste Christelike waardes te laat geld in ons verhouding tot ander en ons stryd om ons eie lewe. …*

*Ons roep gemeentes en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk op om die regering met alle krag te ondersteun vir sover hy die beleid wat deur die kerk voorgestaan word, ten uitvoering wil bring, …om in die lewe van die kerk en die lewe van elke lidmaat van die kerk dit duidelik te stel dat daar geen ruimte is vir enige optrede wat 'n medemens leed berokken nie; die kerk aanvaar die gelykheid van alle mense voor God en kan hom nooit vereenselwig daarmee dat een volk meerderwaardig is bo 'n ander nie.*

Die redakteur van *Die Hervormer* het professore C.H. Rautenbach en J.A. Loader om kommentaar gevra oor die verklaring. Rautenbach se reaksie was positief. Loader aan die ander kant het die geleentheid gebruik om kommentaar te lewer op die Herderlike Skrywe van 1973 en het die Skrifgebruik daarin en in die Hervormde Kerk oor die algemeen veroordeel. Daarby het hy dan die retoriese vraag gestel of so 'n hantering van die Bybel nie die uiting van 'n eensydige teologiese verstarring is nie.

Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en sy eggenote het van 18 Desember 1976 tot 06 Januarie 1977 in opdrag van die Kommissie 'n besoek gebring aan Nederland en Wes-Berlyn. Hy het onderhoude gevoer met die Moderamen van die Nederlandse Hervormde Kerk, die bestuur van die Gereformeerde Bond, die dosente aan die Akademie van die Christelik Gereformeerde Kerk in Apeldoorn, en het dominee G.J. Gijmink, doktor C.A. Tukker, meneer W.A. Veenhoven, mevrou Van Ruler, en professore Van Itterson, Hulst en Jonker ontmoet. In Berlyn het hulle tuisgegaan by professor en mevrou Winterhager en het hy onderhoude gevoer met *IDEA* (die inligtingsdiens van die Duits-Evangeliese Allianse) en met die koerant *Die Welt.* Hy moes ook 'n byeenkoms van pastore en studente toespreek oor 'Suid-Afrika ná Soweto' waar 'n persoon alles probeer ontwrig het deur te bly skree: 'Hulle het kinders geskiet!'; verwysende na 'n foto wat ná die Soweto-opstand wêreldwyd versprei is. In *Die Hervormer* van Maart 1977 verskyn 'n weergawe van die onderhoud met *IDEA*, en in die April-uitgawe verskyn 'n artikel van Oberholzer getitel 'Ons Verhouding met die Nederlandse Hervormde Kerk.'

## ∽ 1977

### 09 Februarie 1977

Die Kuratorium spreek by die behandeling van vorderingsverslae sy kommer uit oor die hoë druipsyfer en besluit om studente aan te raai om in die eerste jaar vier in plaas van vyf vakke te neem, en dat die voorsitter van die Vergadering van Professore 'sal trag om billiker eise wat Grieks en Hebreeus (veral dieptestudie) betref te probeer reël.' Reëlings van die jaarlikse Kuratoriumkamp is opgedra aan die voorsitter en J.P. Oberholzer. Van dominee S.G.A. Golden wat in Nederland is vir verdere studie, is 'n versoek ontvang om 'n studiebeurs. Dit is vir afhandeling verwys na die Administrateur en J.P. Oberholzer.

### 15 Februarie 1977

Die aansoeke van I.W. Ferreira, S.F.C. Ras, J.L.J. Smit en P.L. Steenkamp om vir BA Hons in te skryf word deur die Fakulteit goedgekeur.

### 16 Maart 1977

Die Senaat wens professor B.J. Engelbrecht geluk met 25 jaar voltydse diens en die rektor oorhandig aan hom 'n goue horlosie as blyk van waardering.

### 19 April 1977

Nadat vir 'n lang tyd die Fakulteitsraad in kamer 17 van die Ou Letteregebou bymekaargekom het, vergader dit vir die eerste keer in kamer 7, Dosentekantore I. Die jaarverslag meld dat daar in 1976, 40 studente ingeskryf was vir BD en 35 vir DD.

### 25 Mei 1977

Die Senaat kontinueer professor B.J. Engelbrecht as lid van die Komitee vir Dissipline (Studente), en besluit om die eregraad DPhil toe te ken aan doktor H. Muller.

### 26 Julie 1977

Die Fakulteit bekragtig die doktorale eksamenuitslag van P.B. Boshoff.

### 12 Augustus 1977

Die Kuratorium neem kennis van 'n memorandum van J.I. de Wet oor die belading van die professore en verwys dit na die Vergadering van Professore vir konkrete aanbevelings. Daar is verder besluit om nie die suggestie van die Algemene Kerkvergadering om die beurslening in 'n suiwer beurs te omskep vir BD studente, te implementeer nie. Die besluit is soos volg gemotiveer:

I. *Die Kuratorium het kennis geneem van die toenemende neiging by teologiese studente om te trou en allerlei ander verpligtinge aan te gaan voordat hulle studies voltooi is.*
II. *Die Kuratorium is van oordeel dat hierdie neiging eerder ontmoedig as gestimuleer moet word.*
III. *Om die beurslening te omskep in 'n suiwer beurs sal heelwaarskynlik juis 'n verdere stimulering van hierdie neiging wees.*
IV. *Dit is waar dat teologiese studente wat vandag hulle studies voltooi, meer skuld het as wat in die verlede die geval was, as gevolg van stygende studiegelde. Dit is egter ook waar dat met goeie reg beweer kan word dat die traktemente van predikante in ten minste dieselfde mate verhoog is.*
V. *Sowel die bedrag as die voorwaardes van terugbetaling van die leningsgedeelte is van so 'n aard dat dit nie in die verlede of in die toekoms 'n swaar las op predikante gelaai het of sal laai nie.*
VI. *Die Kuratorium is verder van mening dat dit nie 'n gesonde toedrag van sake sal afgee as die kerk se studente gewoond word daaraan om te veel te maklik te ontvang nie.*
VII. *Daar is verder kennis geneem dat studente in die BD jare nie altyd bevredigende werk lewer nie.*

Die Kuratorium het besluit op die instelling van 'n prestasiebeurs vir persone wat Matriek in die eersteklas en met onderskeidings geslaag het. 'n Bestaande reëling dat studente boeke koop by HAUM-boekhandel en die Raad van Finansies die rekening betaal en die studente dit terugbetaal nadat hulle afgestudeer het, is uitgebrei om studente wat aan universiteite studeer waar HAUM nie teenwoordig is nie, hulle boeke by ander boekhandels kan koop tot 'n maksimum van R150 per jaar.

Weens praktiese oorwegings is besluit om nie vir 1977 'n kamp vir teologiese studente aan te bied nie. Die Kuratorium het kennis geneem van 'n studie van die posisie met predikantstandplase deur J.P. Oberholzer. Daarin is bereken dat in 1982 daar 'n tekort van 50 predikante sal wees en dat dit nodig sal wees dat van 1882, tot 1988, daar 113 toetredes van predikante nodig sal wees. 'n Jaarlikse inskrywing van 40 nuwe studente sou in 1988, 'n totaal van ongeveer 116 proponente lewer. Hierdie berekenings is gebaseer op die groeikoers van belydende lede van die kerk wat vir die volgende twaalf jaar aanvaar is as 2,4%. Daarvolgens sou die kerk dan in 1982, 139 500 en in 1988, 160 800 belydende lidmate hê. Terugskouend blyk dit dat die aanvaarding van 'n groeikoers van 2,4% heeltemal van die merk af was. In 1982 was daar volgens die opgawes 127 346 belydende lidmate en in 1988, 131 466. Die demografiese geskiedenis van die Afrikaner was besig om vinnig rem aan te draai en sou uiteindelik in trurat kom. Belangrik in hierdie studie was die volgende: 'Van die studente wat inskryf, voltooi slegs ongeveer 24% die studie binne ses jaar, terwyl 'n verder 12% binne sewe jaar, 6% binne ag jaar, 3% binne nege jaar en 'n verdere 6% na meer as 9 jaar afstudeer. Slegs 51,6% van die ingeskrewe studente voltooi die studie (met die syfers van 1941–1970 as basis.)' Oor die tydperk 1917–1970 het 517 studente ingeskryf en 272 die studie voltooi (net meer as 50%).

**20 Augustus 1977**

Professor S.P. Engelbrecht is oorlede, tien jaar ná sy aftrede as argivaris van die kerk, 'n pos wat hy vanaf sy emeritaat as hoogleraar in 1957 beklee het. Hy is in sy laaste jare versorg in Ons Tuis. Die begrafnisdiens in die kerkgebou van Pretoria op 25 Augustus 1977 is waargeneem deur doktor L.M. le Roux.

J.P. Oberholzer het namens die kerk die woord gevoer en B.J. Engelbrecht namens die Universiteit. Die gestalte en lewe van Engelbrecht is in die kerklike tydskrifte telkens in herinnering geroep. Onder die opskrif 'Prof SP Engelbrecht – 'n woord van waardering' skryf A.D. Pont in *Die Hervormer* Oktober 1977 oor die lewe en werk van Engelbrecht en noem hy hom een van die groot figure uit ons kerklike lewe. In November 1977 skryf dominee Joh Dreyer oor die heengaan van 'ons groot Kerkhistorikus'. In *Die Hervormer* Mei 1984 skryf Pont onder die opskrif 'Twee lê hegte grondslag: Ds Jac van Belkum en prof SP Engelbrecht' oor hulle bydrae tot die vestiging en voortgang van *Die Hervormer,* in Maart 1989 'Prof dr SP Engelbrecht – so het ek hom geken.' S.J. Botha skryf in Oktober 1991 onder die opskrif 'Onvergeetlike kerkhistorikus herdenk' oor die beplande jaarkongres van die Kerkhistoriese Genootskap wat die lewe en werk van Engelbrecht sal herdenk met in gedagte sy geboorte honderd jaar gelede, en op 01 November 1991 verskyn 'n foto van 'n kranslegging by sy graf deur sy kleinseun, dominee Jan Kramer, in teenwoordigheid van die Kramer-gesin. Riek van Rensburg het in April 1996 geskryf oor 'Prof SP Engelbrecht se nalatenskap aan die kerk.'

**07 September 1977**

Die Senaat neem kennis van die afsterwe van professor S.P. Engelbrecht.

**20 September 1977**

Die Fakulteit bekragtig die doktorale eksamenuitslag van E.C.B. Kotze.

**25 Oktober 1977**

Die Kuratorium handel oor die aanbeveling van die Vergadering van Professore en 'n verslag van die Dekaan oor die aanstelling van hulpdosente in die Fakulteit. Die Dekaan het onder andere ook verslag gedoen oor die belading van J.P. Oberholzer wat 'n byna voltydse program met die Bybelvertaling het naas sy werk as professor en as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering. Die Kuratorium het daarop die volgende aanstellings van hulpdosente aanbeveel:

- Ou Testamentiese Wetenskap: P.M. Venter vanaf die tweede semester 1978 (nadat hy die doktorale eksamen voltooi het).
- Nuwe Testamentiese Wetenskap (vanaf die eerste semester 1978): P.A. Geyser.
- Kerkgeskiedenis: S.J. Botha.
- Dogmatiek: P.J.T. Koekemoer en J.H. Koekemoer.
- Godsdiens en Sendingwetenskap: H.G. van der Westhuizen, C.J. Viljoen, D.J.C. van Wyk en P.J. van der Merwe.
- Praktiese Teologie: M.J. du P. Beukes en T.F.J. Dreyer.

**24 November 1977**

'n Afskeidgeselligheid vir professor F.J. van Zyl wat op 31 Desember uittree, en vir mevrou Van Zyl het plaasgevind by wyse van 'n dinee in die Monument Restaurant. 'n Gedenkuitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* (Jaargang 34, afdeling 4) is aan hom oorhandig. In *Die Hervormer* van Januarie 1979 is herinneringe aan hom gepubliseer van 'n oud-lidmaat, M.J. Labuschagne van Standerton, sy opvolger, professor P.J. van der Merwe, 'n ou studentemaat, dominee G.J.J. Roos, en sy vier dogters Annette Willemse, Rianda da Silva, Estelle Rossum en Marleen Jooste.

Van Zyl het direk na sy uittrede as professor 'n beroep aanvaar na die gemeente Potchefstroom-Noord, en daar gewerk tot by die verpligte aftree-ouderdom vir predikante, wat destyds nog 70 jaar was. Daarna het hy hom gevestig in Magaliespark, Pretoria en ook nog die gemeente Weltevrede in Johannesburg 'n paar jaar lank bedien. Hy was 'n geliefde figuur in die kerk en het skerp van verstand gebly. Hy is oorlede op 01 Junie 2008 toe hy 95 jaar oud was. Hoeveel waardering daar van die kant van die Fakulteit vir Van Zyl bly bestaan het, blyk daaruit dat die *Hervormde Teologiese Studies* ook by die herdenking van sy 50 jarige ampsbediening op 28 Mei 1989 'n feesbundel aan hom opgedra het (Jaargang 45, afdeling 2). Daarin word drie artikels van oudstudente aan hom gewy, naamlik P.J. van der Merwe, 'Prof dr Frans van Zyl as mens, kerkman en godsdiensfilosoof', P.A. Geyser 'Prof dr FJ van Zyl se Skrifbeskouing' en D.J.C. van Wyk 'Prof dr FJ van Zyl as sendingteoloog.' In die Feesbundel van *Hervormde Teologiese Studies* in 1992 by die herdenking van die 75-jarige bestaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, het P.J. van der Merwe en D.J.C. van Wyk 'n bydrae gelewer oor van Zyl. as teoloog en godsdiensfilosoof en as sendingteoloog. Op 24 Oktober 1999 het hy die eerste fakulteitsmedalje ontvang 'omdat hy in die kerk teologie so bedryf dat die kerk voortdurend vir homself rekenskap kan gee van die verkondiging waarmee hy besig is.'

## 1978

**02 Februarie 1978**

Die Kuratorium neem kennis dat klas- en losiesgelde verhoog is en dat die Raad van Finansies besluit het om die beurslening te verhoog na R650 per jaar. Vorderingsverslae en nuwe aansoeke is behandel en beurslenings goedgekeur.

**14 Februarie 1978**

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan L.C. Bezuidenhout, neem kennis dat hy 'n aanstelling ontvang het in die Departement Semitiese Tale en laat hom toe om gelyktydig met BD III in te skryf vir MA. Die aansoek van D.P. Goosen om saam met BD

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #921

I, van J.L.J. Smit om saam met BD III, en I.W.C. van Wyk om saam met BD II in te skryf vir BA Hons in Wysbegeerte, word toegestaan. Die aansoek van P. van Staden om saam met BD III en van P.F. Viljoen om saam met BD II vir BA Hons in Semitiese Tale in te skryf, word toegestaan. Die onderwerp van die doktorale profskrif van E.C.B. Kotze is goedgekeur, naamlik *Die amps-etiese implikasies van die Praktiese teologie.*

**22 Maart 1978**

Die Senaat wens professor P.S. Dreyer geluk met 25 jaar voltydse diens en die rektor oorhandig aan hom 'n goue horlosie. Die Senaat betuig sy meegevoel met professor A.D. Pont met die heengaan van albei sy ouers.

**09 Mei 1978**

Die Fakulteit neem kennis dat die vise-rektor waardering uitgespreek het vir die ywer van fakulteitslede vir en hulle waardevolle bydrae tot navorsing. Die doktorale eksamenuitslag van P.M. Venter is bekragtig en die vak-keuse van L.A. Pretorius vir DD is goedgekeur. Die jaarverslag meld dat 34 studente ingeskryf was vir BD en 35 vir DD.

**25 Julie 1978**

Die Fakulteit nomineer professore J.I. de Wet, B.J. Engelbrecht en J.P. Oberholzer vir die dekaanskap. Die uitslag van die doktorale proefskrif van A.J. Conradie word bekragtig. Die vak-keuse van J.H. Breytenbach vir DD word goedgekeur.

**03 Augustus 1978**

Die Kuratorium handel oor 'n opvolger vir professor F.J. van Zyl. Die Vergadering van Professore het besluit om professor P.S. Dreyer as eerste kandidaat en doktor P.J. van der Merwe as tweede kandidaat aan te beveel. Die Kuratorium het eenstemmig besluit dat die aanbeveling nie aanvaar word nie en dat die tweede kandidaat benoem word.

**Pieter Johannes van der Merwe** was die oudste seun van Pieter Johannes van der Merwe en Magdalena Susanna Smith. Sy pa was 'n Waterbergse van der Merwe wat ná Matriek die grade BSc en MSc na-uurs aan die TUK behaal het en afgetree het as hoofskeikundige van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. Sy ma was afkomstig uit Vosburg in die Karoo en het ná Matriek na Pretoria verhuis waar sy 'n sekretariële kursus deurloop het. Pieter Johannes jnr groei dus op in 'n huis waarin akademiese waardes vanselfsprekend is. Hy gaan skool in die Generaal Jacques Pienaar Laerskool en die Hoërskool Langenhoven, en matrikuleer in 1962 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Daarna behaal hy die BA-graad in 1965, BD in 1968 en BA Hons in Klassieke Tale in 1969. Reeds in sy studietyd word hy aangestel as hulpdosent in Latyn. Hy is georden op 21 Junie 1970 en het die gemeentes Premiermyn en Witfontein bedien in deeltydse hoedanigheid. In 1971 word hy senior lektor in die Departement Kerkgeskiedenis, Godsdiens- en Sendingwetenskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy promoveer in 1978 onder leiding van professor F.J. van Zyl met 'n proefskrif *Die godsdienste by Vaticanum II.*

Die vergadering het ook kennis geneem van die verslag oor die Kuratoriumkamp wat aangebied is saam met die Van der Hoffkamp en het besluit dat professor G.M.M. Pelser die volgende kamp moet organiseer.

Na 'n mededeling dat die Bybelgenootskap gevra het vir 'n voltydse vertaler, is besluit dat die benoeming van bykomende hulp in professor Oberholzer se departement goedgekeur word en dat hy self daaroor moet onderhandel.

Kennis is geneem dat professor Pont vanaf middel September tot die derde week van Oktober in die buiteland sal wees met studieverlof.

**20 September 1978**

Die Kuratorium moes handel oor die egskeiding van 'n teologiese student. Na rapport van die Kerkraad van Philadelphia en die voorsitter van die Vergadering van Professore is bevind dat die vergadering voorasnog die student nie ongeskik bevind vir die evangeliebediening nie en dat hy as student van die kerk gehandhaaf word.

Jaargang 42, aflewering 3 van *Hervormde Teologiese Studies* was 'n feesbundel ter ere van professor P.S. Dreyer by geleentheid van die herdenking van sy 25 jarige dosentskap in Wysbegeerte. A.J. Antonites het die huldigingsartikel geskryf met opskrif 'PS Dreyer: Bakens op die pad van die wetenskap.' Daarin gee hy 'n oorsig oor die lewensloop van Dreyer, sy kerklike betrokkenheid, sy akademiese loopbaan en sy bydrae tot wetenskaplike denke. Die feesbundel is op 28 September 1978 oorhandig by geleentheid van 'n ete in die restaurant Hof van Holland. [*Hoofstad* het op 06 Maart 1975 'n artikel geplaas oor professor P.S. Dreyer in 'n tweede aflewering oor denkers van Pretoria].

Daarin word ook 'n oorsig oor sy lewensloop gegee: gebore 23 November op Pietersburg, nege jaar oud voordat hy begin skoolgaan, op Pofadder, Kenhardt en Stellenbosch, slaag matriek op 16, voltooi teologiese studie in 1943, help as proponent in Pretoria, gee lesings in Wysbegeerte, sit MA studie voort, aanvaar beroep na Witbank in 1945, vertrek einde 1947 na Groningen, word in 1959 predikant in Potchefstroom-Noord, promoveer in filosofie in 1951, in teologie in 1958, word in 1952 lektor in Wysbegeerte aan Universiteit van Pretoria, en volg C.K. Oberholzer op as hoof van die departement.]

**25 September 1978**

Die Raad kontinueer professor B.J. Engelbrecht as lid van die Boukomitee en van die Finansies- en Eiendomskomitee.

**26 September 1978**

Die Fakulteit neem amptelik afskeid van professor F.J. van Zyl en gee toestemming dat dominee A.P.B. Breytenbach die benoeming as kapelaan van die Universiteit van Pretoria Kommando aanvaar.

**05 Oktober 1978**

Die Kuratorium neem kennis van die voorgenome stigting van 'n Hervormde Teologiese Vereniging (HTV).

**22 Oktober 1978**

Die nuwe Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek is amptelik in ontvangs geneem by wyse van 'n erediens in die Nederduits Gereformeerde Kerk Universitas, Bloemfontein, en 'n oorhandigingsfunksie daarna by geleentheid waarvan leergebonde eksemplare oorhandig is aan die moderator van die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk, die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en 'n verteenwoordiger van die Gereformeerde Kerk.

**01 November 1978**

Die Senaat neem afskeid van professor F.J. van Zyl.

**23–24 November 1978**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur goed dat dominee A.G. van Aarde lesings van drie sessies per week in die Departement Grieks mag gee. Dieselfde vergadering

Article #921 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

het goedgekeur dat Van Aarde ook in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap as hulpdosent sal dien.

## ☙ 1979

### 01 Februarie 1979

Die Kuratorium verwelkom professor P.J. van der Merwe. Besluit is om nie die H.C.M. Fourie-Erepenning in 1979 toe te ken nie. Wat praktiese opleiding betref, is bevind dat die Kuratorium tevrede is dat enige verdere opleiding nie op die terrein van die teologiese opleiding hoort nie, en is aan die hand gedoen dat predikante in die eerste jaar van bediening saamgetrek word vir leiding of voorligting oor praktiese sake. Kennis is geneem dat W.C. van Wyk 30 lesings per jaar en A.P.B. Breytenbach en J.A. Loader elk 60 lesings per jaar in Ou Testamentiese Wetenskap sal waarneem. Kennis is geneem van 'n verslag van A.D. Pont oor sy bywoning van die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing in Amsterdam, Nederland. Vorderingsverslae en 31 nuwe aansoeke is behandel en beurslenings toegeken.

### 20 Februarie 1979

Professor P.J. van der Merwe word verwelkom in die Fakulteit. Professor D.M. Joubert, vise-rektor, woon die vergadering as gas by. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan S.F.C. Ras. Die doktorale eksamenuitslae van G.N. Bloem en J.A. Beukes word bekragtig. Die onderwerpe van die volgende kandidate se doktorale proefskrifte word goedgekeur: G.N. Bloem *Die prediking as die verbandlegging tussen die Bybelteks en die hedendaagase situasie*, P.B. Boshoff *Sinkretisme in die Ekumene van die Twintigste Eeu*, J.A. Beukes *Evangelisasie.* Die vak-keuses van E. Verhage, L.C. Bezuidenhout en W.J. Bezuidenhout vir DD word goedgekeur. Die aansoek van R. Gramsch om op grond van 'n MTh in Berlyn vrygestel te word van die doktorale eksamen word goedgekeur.

### 24 April 1979

Die Fakulteit neem kennis van die voorneme om die personeel en lesings van die Fakulteit te verskuif na Letteregebou II en versoek dat dit in heroorweging geneem word. Die aansoeke van W.C. Kloppers om vir BA Hons in Hebreeus en van S.F.C. Ras om vir MA Semitiese tale in te skryf saam met die BD studie word goedgekeur. Die versoek van A.J. Zwarts om vrystelling van die doktorale eksamen op grond van sy doktorale eksamen in Utrecht in 1961 word toegestaan. Die vak-keuses van L.A.D. Pienaar en W.P. Prinsloo vir DD word goedgekeur. Volgens die jaarverslag was 33 studente vir BD en 31 vir DD ingeskryf.

Die Vergadering van Professore besluit om aan te beveel dat die benaming van die vergadering in die toekoms sal wees. Die Dosentevergadering van die Teologiese Opleiding van die Kerk, dat alle permanent-voltydse dosente vanweë die kerk lede sal wees en dat tydelik-deeltydse dosente op uitnodiging met adviserende stem sitting kan neem. Aanbeveel is dat Bepaling 81 herskryf moet word in dié opsig dat die pre-advies van die Dosentevergadering ingewin moet word ten opsigte van alle sake wat die leer en belydenis van die Kerk raak en dat ten opsigte van alle sake wat die liturgie raak, die pre-advies van die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte ingewin moet word.

Die Dosentevergadering het verder besluit dat die minimum-vereiste ten opsigte van Latyn verlaag kan word na Voorbereidende Latyn of Matrieklatyn.

### 15 Mei 1979

Die 59ste Algemene Kerkvergadering kom byeen. J.P. Oberholzer is as voorsitter verkies, P.M. Smith as skriba, F.J. van Zyl as vise-voorsitter en B.J. Engelbrecht as vise-skriba. As predikantlede van die Kommissie is C.L. van den Berg en P.J.T. Koekemoer verkies. Die kerk het volgens opgawe 124 310 belydende lede gehad en 252 diensdoende dienaars van die Woord.

Die openingsrede na aanleiding van Titus 1:11–14 het verwys na die krisispunt in die bestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

> *Dit is noodsaklik dat teenoor die strominge van die tyd die suiwere leer gestel word, maar dit is nie die enigste noodsaaklikheid nie. …. Die kerk is egter nie net boeteprediker wat ander oproep tot bekering en die straf van God afroep op almal wat in hulle verset teen die waarheid volhard nie. Die kerk hoor ook die boeteprediking en word tot bekering opgeroep. … Daar is vanselfsprekende dinge in die lewe en die werk van die kerk. Een daarvan is dat 'n mens in die kerk te doen het met mense wat nie onverskillig staan teenoor 'n vroom en heilige lewe nie. En tog ervaar 'n mens telkens met skok dat selfs ampsdraers van die kerk 'n losbandigheid openbaar wat net by heidene tuis kan wees, dat geldgierigheid en gemaksug as normale verskynsels aanvaar word, dat woorde en dade 'n besoedeling van die gees openbaar.*
>
> *Nog 'n vanselfsprekendheid in die lewe en werk van die kerk is menseverhoudinge wat voldoen aan die eise van die Christelike deug. En tog vind 'n mens ampsdraers en lidmate wat onmiddellik negatief reageer sodra daar van beter menseverhoudinge binne die delikate Suid-Afrikaanse situasie sprake is. Sommige verwag selfs dat die kerk in sy amptelike uitsprake hierdie onderwerp gladnie moet aanroer nie, of nog erger, moet aansluit by hulle eie onversoenlikheid en minagting van mense.*
>
> *Dit is ook vanselfsprekend dat die kerk een liggaam is, en dat as die een lid ly, die ander saam met hom ly. Tog vind ons binne die Hervormde Kerk self 'n onbarmhartigheid en selfsug wat die onderlinge hulpverlening en die diakonaat belemmer. Party gemeentes verheug hulle in luukse kerkgeboue, sale, pastorieë en groot geldbeleggings terwyl ander selfs nie in die basiese behoeftes kan voorsien nie. Offergawes word vrylik aangewend om meer luukshede aan te skaf, terwyl die diakonaat binne eie kerkverband skade ly en dié in die wyer verband van die Christelike kerk in die land en in ander lande geen aandag kry nie.*
>
> *Dit is vanselfspekend dat die kerk nie net ter wille van homself daar is nie maar ter wille van die diens van die evangelie. Die apostolaat bly dié taak wat aan die kerk sy bestaan gee. En tog is daar selfs kerkrade, amptelike vergaderinge van die kerk, wat met allerlei besware, selfs politieke besware, die min wat van hulle gevra word, weier. Daar is sommige wat meen dat die kerk sy apostoliese opdrag vervul deur die benoeming van 'n paar rade en die beroep van 'n predikant of twee vir evangelisasie, terwyl gerieflik vergeet word dat die apostolaat taak van die kerk as geheel is …*
>
> *Jesus Christus wat gekom het en wat kom, het Hom vir ons gegee om ons te verlos van ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. …Hierdie reiniging wat deur die Heer van die kerk gedoen is, hierdie bevryding uit ongeregtigheid, is daar in die kerk van Jesus Christus, en tog is dit ook nie daar nie. Dit is daar in die geloof, dit is nie daar nie in die pynlike werklikheid van die gebroke, sukkelende bestaan van elke dag. Die kerk gryp vas aan die salige hoop, hy bid met groot heimwee om die voleinding en vervulling. Maar in sy verwagting bly hy die vegtende kerk wat nie vrede het of vrede maak met die ongeregtigheid nie. Hy ken die berou en hy lewe van die vergewing.Ook al is die goeie werke min en onvolkome, die ywer is daar.*
>
> *Dit is hierdie ywer wat sigbaar moet wees. In ons gesprek rondom die waarheid van die evangelie met ander kerke, met ekumeniese bewegings, met die strominge van ons tyd, is die een groot vereiste 'n skoon gewete wat betref hierdie ywer. In ons getuienis teenoor owerheid en volk is dit die eis van die Woord van God self: Hoe sigbaar is dit in ons samelewing, ons wetgewing, ons bestuur van*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

*die staat, ons beweging na die toekoms van afsonderlike en gelyke geleenthede vir almal toe, dat hier mense besig is wat die ywer vir goeie werke het? … Dit is die wil van God dat ons deur goed te doen, die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring.*

Die werksaamhede van die vergadering het begin met die behandeling van sake onder die hoof Apostolaat van die Kerk. Die Raad vir die Arbeid onder Buitekerklikes het na aanleiding van die probleem van anderstalige buitekerklikes met wie ons kerk in aanraking kom, besluit dat eredienste in Engels net 'n oorgangsfase moet wees.'Ons moet nie 'n Engelse Hervormde Kerk daarstel nie.' Daarteenoor het die Algemene Kerkvergadering besluit: 'Die kerk aanvaar sy apostoliese opdrag ten volle en sal gebruik maak van alle oop deure wat hom gebied word.'

Die vergadering het ook besluit om sy steun te gee aan die Christelike Seemans Welsyns Organisasie (CSWO). Die vergadering het kennis geneem van die stigting van Die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika en het besluit:

a. *Die vergadering aanvaar die aanbevelings oor funksionele kontak van die Raad en Werkgroep Ekumene en laat dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om voort tegaan op die reeds ingeslane weg van funksionele kontak opbou met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika.*
b. *Die vergadering nooi die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika uit om groete namens sy kerk aan hierdie vergadering oor te bring. Teenstemme teen die laasgenoemde besluit is aangeteken deur dominees J.A.A.A. Schroeder, J.H. Brandt en E.J. Smit en ouderling J.J. Bezuidenhout van Glencoe.*

Nadat in opdrag van die vorige Algemene Kerkvergadering 'n studie gedoen is oor die vraag of hoogleraars verkiesbaar behoort te wees op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het hierdie vergadering sy instemming betuig met die stelling dat kerkregtelik daar teen die teenwoordigheid van die professore op die Kommissie geen beswaar in te bring is nie en dat dit nie wenslik is om van die professoraat 'n aparte amp te maak nie.

Hierdie vergadering het ook die besluit geneem wat die weg van vroue na die amp van dienaar van die Woord oopgemaak het. Dit het gebeur na studie en bespreking wat etlike jare geduur het. Die vergadering het met 'n groot meerderheid die beginsel aanvaar dat vroue tot die amp toegelaat word, het dit aan die Kommissie oorgelaat om binne die raamwerk van die Wet en Bepalings die praktiese besware te hanteer en riglyne vas te lê vir die uitvoering van die besluit, en om opdrag aan bevoegde persone te gee om aan die kerklike publiek te verduidelik waarom bepaalde Skrifgedeeltes nie deurslaggewende argumente teen die toelating van vroue tot die amp van dienaar van die Woord is nie. Teenstemme teen die besluit is aangeteken deur dominees C.J.J. van Rensburg en F.G.J. Loots. Teen hierdie tyd was daar reeds drie vrouestudente met die studie besig. Yolanda Dreyer, kleindogter van dominee T.F.J. Dreyer snr, het in 1975 met die BA studie begin, Kotie van der Westhuizen (later McDonald) in 1977 en Elsie Wolmarans (later Pretorius) in 1978.

Kennis is ook geneem van die oprigting van die Kerklike Instituut vir Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (Kital) met die taak om ampsdraers en lidmate toe te rus met betrekking tot die Bybel, die leer van die kerk en die dienswerk van die gelowiges en met doktor J.H. Koekemoer as voltydse direkteur. Wat die Teologiese Opleiding betref, het die vergadering kennis geneem van die uittrede van professor F.J. van Zyl op 31 Desember 1978 en is sy opvolger, professor P.J. van der Merwe, verwelkom.

Kennis is geneem van die benoeming van hulpdosente in deeltydse hoedanigheid vanaf 01 Januarie 1978. Die Fakulteit het in 1978 soos volg gelyk:

- Ou Testamentiese Wetenskap: J.P. Oberholzer, hoogleraar, W.C. van Wyk lektor, A.P.B. Breytenbach lektor Bybelkunde, P.M. Venter hulpdosent (vanaf 2de semester).
- Nuwe Testamentiese Wetenskap: G.M.M. Pelser hoogleraar, J.J. Engelbrecht lektor Bybelkunde, P.A. Geyser hulpdosent.
- Kerkgeskiedenis: A.D. Pont hoogleraar, S.J. Botha hulpdosent.
- Dogmatiek: B.J. Engelbrecht hoogleraar, P.J.T. Koekemoer en J.H. Koekemoer hulpdosente.
- Godsdiens en Sendingwetenskap: F.J. van Zyl hoogleraar, H.G. van der Westhuizen, C.J. Viljoen, D.J.C. van Wyk en P.J. van der Merwe hulpdosente.
- Praktiese Teologie: J.I. de Wet hoogleraar, M.J. du P. Beukes en T.F.J. Dreyer hulpdosente.

[In 1979 het die prentjie verander deur die benoeming van H.G. van der Westhuizen en P.J.T. Koekemoer vir die opleiding van predikante van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika aan die Universiteit van die Noorde en die uittrede van professor Van Zyl.]

Die BA kursus is deur hierdie vergadering soos volg vasgestel: Grieks I, Hebreeus I, Wysbegeerte I, Bybelkunde I, Latyn I of Ib, of 'n moderne taal of Sielkunde of Volkekunde terwyl voorbereidende Latyn of Matriek-Latyn genoegsaam sal wees; Grieks II, Hebreeus II en enigeen van die ander vakke op tweedejaarsvlak; Grieks III of Hebreeus III en enigeen van die ander vakke op derdejaarsvlak. As lede van die Kuratorium is verkies professor C.H. Rautenbach, doktore A.J.G. Dreyer, L.M. le Roux, J.L. van Staden en D.J.C. van Wyk, en dominee G.J.J. Roos.

### 30 Mei 1979

Die Senaat wens B.J. Engelbrecht en J.P. Oberholzer geluk met hulle verkiesing op die Moderamen.

### 24 Julie 1979

Die proefskrifuitslae van S.J. Botha en P.B. Boshoff is deur die Fakulteitsraad bekragtig. Na aanleiding van die besluit van die Algemene Kerkvergadering is die toelatingsvereistes vir BD soos volg geamendeer: I Grieks I, Hebreeus I, Bybelkunde I en een van Latyn IA of IB, 'n moderne taal, Sielkunde I, Volkekunde I, II Grieks II, Hebreeus II en een van die ander vakke wat in die eerstejaar geneem is, III Grieks III of Hebreeus III en een van die vakke wat in die tweede jaar geneem is. Die Dosentevergadering. stel lede voor vir die Studiekommissie in verband met Kategese uit 'n groslys opgestel deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en stel voor dat die Studiekommissie die reg van koöptering sal hê.

### 31 Julie 1979

Die Kuratorium verkies dominee G.J.J. Roos as voorsitter en doktor D.J.C. van Wyk as vise-voorsitter. Besluit is dat die Vergadering van Professore voortaan bekend sal staan as die Dosentevergadering. Kennis is geneem dat dominee A.G. van Aarde as hulpdosent in Nuwe Testamentiese Wetenskap benoem is. Kennis is verder geneem dat professor J.I. de Wet siekteverlof ontvang het en dat sy lesings waargeneem word deur doktor T.F.J. Dreyer en doktor M.J. du P. Beukes.

### 25 September 1979

Die vak-keuse van A.G. van Aarde vir DD word deur die

Fakulteitsraad goedgekeur. Die volgende onderwerpe vir proefskrifte word goedgekeur: A.G. van Aarde *Die Christologie in die Matteusteologie,* A.P.B. Breytenbach (gewysig) *Die verband tussen en die ontwikkeling in die profetiese uitsprake in die boek Hosea,* S.G.A. Golden (gewysig) *Dialogiese en kommunikatiewe prediking,* G.C. Velthuysen (gewysig) *Parabel van God en paradigma van menslikheid. 'n Kritiese waardering van die christologiese ontwerp van Edward Schillebeeckx.* Die Dosentevergadering handel oor 'n skrywe van die Kuratorium oor Evangelistiek en Kerkreg na aanleiding van 'n voorlegging van die Oosrandse Broederkring en besluit om meer besonderhede van die Broederkring te vra. 'n Versoek van professor P.J. van der Merwe dat bespreking gevoer word oor toetse en eksamens, staan oor vir die volgende vergadering.

**31 Oktober 1979**

Die Senaat wens professore P.S. Dreyer en J.I. de Wet spoedige herstel toe.

**29 November 1979**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om goed te keur dat dominee A.G. van Aarde ook in 1980 drie lesings per week in die Departement Grieks mag gee. Die Kommissie het bekragtig dat die hulpdosente ook in 1980 sal dien.

## 1980

**01 Februarie 1980**

Die Kuratorium besluit om die reëlings van die Kuratoriumkamp goed te keur. Doktor T.F.J. Dreyer het opdrag ontvang om die program af te handel, en eggenotes en verloofdes van studente moes sover moontlik betrek word. Vorderingsverslae is behandel en beurslenings toegeken. Kennis is geneem dat die hulpdosente wat in 1979 gedien het, ook in 1980 sal dien, behalwe dat dominee A.A. da Silva in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap in die plek van dominee P.M. Venter sal dien en dominee J.M.G. Storm in Kerkgeskiedenis in die plek van doktor S.J. Botha. Verder is besluit dat 'n mede-professor in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap aangestel word. In die 20ste jaargang van *Skakelblad* verskyn 'n berig en foto in verband met die professorale intreerede van professor P.J. van der Merwe oor 'Die Godsdiens as probleem vir die Godsdienswetenskap en die Teologie'. In dieselfde blad verskyn ook 'n kort oorsig oor die Fakulteit Teologie Afdeling A as een van die oudste fakulteite van die Universiteit. Daarby is 'n foto van die personeel van die Fakulteit saam met die finalejaar studente.

**19 Februarie 1980**

Die Fakulteit neem kennis dat die S.P. Engelbrecht Erepenning aan professor H.G. van der Westhuizen toegeken word. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan Y. Dreyer. Die Fakulteit het nou ook met instemming kennis geneem van die verskuiwing na die Nuwe Letteregebou [miskien eerder met gelatenheid!]. Die doktorale eksamenuitslae van S.P. Pretorius en J.M.G. Storm is goedgekeur, en so ook die proefskrifuitslag van A.P.B. Breytenbach. Student E.G. Fourie is toegelaat om saam met BD in te skryf vir BA Hons in Latyn, S.P. Nolte vir BA Hons in Grieks, P.J. van Zyl vir BA Hons in Kriminologie en H.J. Wentzel vir MA in Wysbegeerte. Die onderwerp van die proefskrif van J.M.G. Storm is goedgekeur, naamlik *Die wordingsgeskiedenis van die kerk in die Oorvaalse*. Die vak-keuse van C.J.A. Simpson vir DD is goedgekeur.

**19 Maart 1980**

Die Senaat verwelkom professore P.S. Dreyer en J.I. de Wet na hulle siekteverlof

**20 Maart 1980**

Die Dosentevergadering besluit met meerderheid van stemme dat dominee A.P.B. Breytenbach, wat in April 1908 formeel sal promoveer, aanbeveel word as mede-professor in Ou Testamentiese Wetenskap. Die vergadering behandel 'n uitvoerige memorandum van professor P.J. van der Merwe en neem die volgende besluite:

> *Lengte van Jaarkursusse: Die werkopgawes per departement sal ongeveer 800 bladsye (Voorgeskrewe werke en lesingaantekeninge) wees vir BD I en BD II en ongeveer 700 bladsye vir BD III. Elk dosent sal 'n bydrae lewer om studente te motiveer om hard te werk. Meer aandag sal gegee word aan eksaminering en toetsing aangesien die hoë slaagsyfer moontlik 'n sekere slapheid ten opsigte van die studie-opdrag meebring.*
> *Onderrigvorme: 'n Komitee, bestaande uit prof PJ van der Merwe, drr PA Geyser en JH Koekemoer sal ondersoek instel na die vraag hoe die beskikbare lesingtyd die beste benut kan word.*
> *Aktualiteitslesings: Die beginsel is aanvaar dat drie aktualiteitslesings per jaar deur dosente gegee sal word.*
> *Aanpassing van kursusse en leerplanne: Elke dosent sal 'n inleiding op sy vak of vakke skryf, waaruit dr JH Koekemoer 'n handboek vir die vak Ensiklopedie sal saamstel.*
> *Interdissiplinêre Samewerking: Die studieterrein en werkopgawes van elke departement sal aan die begin van die kursusjaar aan alle dosente beskikbaar gestel word.*
> *Toetsing en eksaminering: Mondelingse sowel as skriftelike toetse sal afgeneem word. Proff PJ van der Merwe en AD Pont sal 'n rooster opstel vir toetse wat op Saterdagoggende afgeneem sal word.*
> *Belading vir die DD studie: Die eksamendeel van DD word op twee jaar gestel en die belading ten opsigte van die hoofvak ongeveer 4 000 bladsye, en ten opsigte van elke byvak ongeveer 2 000 bladsye. Die periode tussen die eerste tentamen en die einde van die eksamen word verleng na ses maande in plaas van die huidige drie maande.*
> *Eksaminering van proefskrifte: Ekaminatore van 'n proefskrif word beperk tot die promotor en mede-promotor (indien enige) en twee eksterne eksaminatore van wie minstens een van buite die Fakulteitsafdeling moet wee*s

**01 April 1980**

Professor G.M.M. Pelser gaan op studieverlof tot 30 September 1980.

**22 April 1980**

Die Fakulteit bekragtig die doktorale eksamenuitslae van A.G. van Aarde en J.P. Naude, keur die vak-keuse van J. Coetzee vir DD goed, en die onderwerp van die proefskrif van S.P. Pretorius, naamlik *Die Kerkvereniging van 1885 – sy aanloop en mislukking.* Daar was 47 studente ingeskryf vir BD en 41 vir DD.

**13 Junie 1980**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bekragtig die benoeming van A.P.B. Breytenbach as mede-professor in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap. [Breytenbach het in November 1979 gepromoveer met die proefskrif *Die verband tussen en die ontwikkeling in die profetiese uitsprake in die boek Hosea,* met J.P. Oberholzer as promotor en W.C. van Wyk as mede-promotor]. Die vergadering het ouderling J.C. Oelofse herbenoem as verteenwoordiger van die kerk op die Raad van die Universiteit van Pretoria. Besluit is verder om in 'n omsendskrywe aan kerkrade die versoek bekend te stel dat op Sondag, 05 Oktober aandag gegee word aan die 50ste herdenking van die bestaan van die Universiteit van Pretoria.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #921

**22 Julie 1980**

Die Fakulteit keur 'n gewysigde reglement vir die S.P. Engelbrecht Erepenning goed, bekragtig die doktorale eksamenuitslae van A.A. da Silva en die uitslag van die proefskrif van E.C.B. Kotze, keur die gewysigde onderwerp van J.J. Steenkamp se proefskrif goed, naamlik *Die Wereldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika. 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950-1972,* en keur die vak-keuse van J.J. Viljoen vir DD goed.

**10 Oktober 1980**

Die halfeeufees van die Universiteit van Pretoria word herdenk deur 'n feesuitgawe van *Skakelblad* waarin die werksaamede van al die fakulteite weerspieël word. Die positiewe bydrae van die Fakulteit Teologie Afdeling A tot die totstandkoming van die departemente Grieks, Hebreeus en Latyn en ook tot die stigting van die Departemente Wysbegeerte en Bybelkunde word vermeld. Verder word 'n oorsig gegee van die geskiedenis van die Fakulteit en die prestasies van sy dosente. Die berig word vergesel van 'n groepfoto van die voltydse dosente.

**27–28 November 1980**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n verslag van die Kuratorium wat gemeld het dat daar 101 studente besig is met die BA studie en 57 met die BD studie, en dat die jaarlikse saamtrek van teologiese studente by Hartebeespoort gehou is en dat dit goed verloop het. Die onderwerpe wat behandel is, was *Die teologiese student en die kerk*, *Christelike Wetenskap*, *Finansies en pensioene*. Die Kommissie het op versoek van die Beheerraad van Kital besluit dat die kursus in die eerste bedieningsjaar gehou word en nie in dienspligtyd nie. Kennis is ook geneem van 'n skrywe van die Kuratorium wat aan die hand gegee het dat 'n gesprek gevoer word tussen die Moderamen, die Beheerraad van Kital en die Kuratorium omdat teologiese opleiding ter sprake is by die kursus in gemeentelike praktyk.

In dieselfde vergadering het die Kommissie 'n konsepskrywe aan 'n aantal lidmate van die kerk en 'n program getitel Kerk en Wêreld 2000 goedgekeur. Die volgende skrywe is toe deur die skriba uitgestuur aan professore P.J. Coertze, R.D. Coertze, G.C. Olivier, A.P. Zevenbergen, P.W. Hoek, P. Swart, A.J.G. Oosthuizen, D. Botha , doktor J. de Loor, meneer H.J. Bruinette en meneer J.J. Vermooten:

> *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek vriendelik of u hom behulpsaam wil wees met 'n ondersoek na die werklikhede en moontlikhede van die huidige sosio-ekonomiese situasie in ons land en die te voorsiene ontwikkeling in die volgende twee dekades.*
>
> *U is bewus daarvan dat die kerk in toenemende mate onder druk geplaas word om leiding te gee en betrokke te raak in die aktuele sake van die land en dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom in die verlede steeds duidelik uitgespreek het ten gunste van 'n beleid van afsonderlike en gelyke geleenthede vir alle bevolkingsgroepe in die land.*
>
> *Ons is daarvan oortuig dat u as lidmaat van die kerk en as vakkundige op u besondere terrein ons tot groot hulp kan wees in die opklaring van sake en die aanwysing van besondere knelpunte wat deur die kerk in ag geneem moet word.*
>
> *Die meegaande vraelys is 'n aanduiding van wat ons meen aandag behoort te ontvang, maar u is vry om die kring wyer of nouer te trek. Graag verneem ons of u bereid is om hierin mee te werk en of u dit moontlik sal vind om ons sê teen Maart 1981 u bydrae te laat toekom.*
>
> *Projek Kerk en wêreld 2000*
>
> *1. Die getalleverhouding tussen die onderskeie volksgroepe en die konsekwensies daarvan vir sover dit voorsien kan word.*
> *1.1 Wat is u projeksie vir die bevolkingsgetalle teen die jaar 2000?*
> *1.2 Wat kan u ogv die projeksie voorsien ten opsigte van*
> *1.2.1 bevolkingsverspreiding,*
> *1.2.2 ekonomiese eise (arbeid, behuising, voedselvoorsiening ens)*
> *1.2.3 opleiding (teenoor moontlike werkvoorsiening),*
> *1.2.4 kulturele verandering (akkulturasie agv vermeerde kontaksituasies ens)*
> *1.2.5 enige ander aspek*
>
> *2. Die huidige tendense in ekonomiese en politieke beleid en die konsekwensies daarvan*
> *2.1 Wat sien u as onvermydelike ontwikkelings afgesien van watter beleid gevolg word?*
> *2.2 In hoeverre is beheerde ontwikkeling ten dienste van duidelik geformuleerde beleid te voorsien?*
> *2.3 Verdiskonteer asb die botsende beleidstendense en verwagtings van die onderskeie volksgroepe.*
>
> *3. Die bestaande konflik en die konflikpotensiaal*
> *3.1 Hoe sien u die huidige en verwagte situasie van die RSA binne die internasionale konteks?*
> *3.2 Hoe sien u dit binnelands (toename van terreur, veral stedelik, bedreigingspsigose, reaksie en voeding van ekstremisme aan weerskante ens?*
> *3.3 Wat is u mening oor die rol van die kerk in so 'n konteks van verskerpte konflik, leiding aan lidmate ten opsigte van menseverhoudings, getuienis teenoor owerheid en volk, betrokkenheid al dan nie by verandering van strukture, ens?*

**29 Desember 1980**

Professor H.P. Wolmarans is oorlede in die ouderdom van 86 jaar. Die begrafnisrede in die kerkgebou van Pretoria is gehou deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, J.P. Oberholzer, op 02 Januarie 1981, en die vise-voorsitter, F.J. van Zyl, het 'n huldigingswoord namens die kerk uitgespreek. Professor B.J. Engelbrecht het namens die Universiteit van Pretoria en die Fakulteit Teologie die woord gevoer. Sy rede is opgeneem in *Die Hervormer* van Februarie 1981. In die 1982 *Almanak* het 'n broerskind van professor Wolmarans, dominee J.N. Wolmarans 'n 'Fragmentariese Skets' geskryf oor sy oom wat 'n uitstekende insig bied in die veelsydigheid en unieke persoonlikheid van H.P. Wolmarans. Sy opvolger, professor F.J. van Zyl, het in die feesbundel van *Hervormde Teologiese Studies* in 1992 geskryf oor 'Die lewe en werk van H.P. Wolmarans, hoogleraar 1935–1959' en hom die '*rysige, sierlike en eiesoortige seder van die Nederduitsch Hervormde Kerk*' genoem.

> *Sy kalme, bedaarde en verstandige optrede, sy nugtere, gesonde en suiwer teologiese insig en oordeel, sy ernstige, eerlike, nederige en blymoedige lewenshouding het by almal wat met hom te doen gekry het, agting afgedwing.*

Oor die akademiese optrede van Wolmarans het Van Zyl geskryf dat sy aanstelling 'n nuwe era in die teologiese fakulteit ingelui het *'in die sin dat daar van toe af 'n nuwe klank verneem is, naamlik dié van die Dialektiese Teologie.'*



# Hoofstuk 8

## Groei, vooruitskouing, terugskouing 1981–1987

Uitbreiding van die personeel deur die toevoeging van mede-professore, vestiging van die Departement Bybelkunde, verskyning van die Nuwe Bybelvertaling waarin die Fakulteit 'n belangrike bydrae gemaak het, Kerk en Wêreld 2000. Die Witfontein fees.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Groei, vooruitskouing, terugskouing 1981–1987', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #935, 15 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.935

### 1981

**17 Februarie 1981**

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan C.F. van Heerden, bekragtig die proefskrif uitslag van G.C. Velthuysen en die doktorale eksamenuitslae van N.H. Buitenweg en T.F.J. Dreyer (Magaliesburg). Toestemming is verleen dat T.F. Joubert en P.B. Viljoen vir BA Hons in Semitiese Tale inskryf en M.J. Riekert en G.M.J. van Wyk vir BA Hons in Wysbegeerte. Die volgende onderwerpe vir proefsksrifte is goedgekeur: G.N. Bloem (gewysig) *'n Beoordeling met die oog op 'n waardebepaling van die geskiedenis van die prediking vir die homiletiek* en P.M. Venter *Spreukgoedwysheid: lewe as kernstruktuur van die poëtiese komposisies in Spreuke 1–9.*

**06 Maart 1981**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verneem dat professor P.W. Hoek en meneer K.E. Bruinette telefonies laat weet het dat hulle sal saamwerk aan die projek Kerk en Wêreld, dat professor Oosthuizen vanweë oorsese verpligtinge nie kan saamwerk nie maar drie studiestukke tot beskikking gestel het, en dat professore G.C. Olivier en J.H. de Loor hulle samewerking beloof het, en dat professor Daan Botha van mening is dat hy nie tyd sal vind nie maar wel miskien 'n paar persoonlike menings sal kan gee.

Die Kommissie het in dieselfde vergadering ook kennis geneem van die Dekaansverslag waaruit dit geblyk het daar 46 BD studente is en 41 DD studente.

**13 Maart 1981**

Die Kuratorium betuig sy deelneming met die afsterwe van die eggenote van professor C.H. Rautenbach. Hierdie vergadering het onder andere aanbeveel dat boeke vir 'n maksimum van R500 vir BA op rekening gekoop mag word en R2500 vir BD. Die Kuratoriumsaamtrek van teologiese studente het plaasgevind op 01 Augustus 1981 in die kerkgebou van Philadelphia. Dit het individuele en kleingroep Bybelstudie omvat en 'n paneelbespreking onder leiding van dominee P.A. Geyser, doktor D.J.C. van Wyk en doktor A.J.G. Dreyer.

**16 Maart 1981**

J.P. Oberholzer gaan op spesiale verlof tot 23 April 1981.

**18 Maart 1981**

Die Senaat verneem van die afsterwe van professor H.P. Wolmarans op 28 Desember 1980 en spreek sy meegevoel uit met mevrou Wolmarans en familie.

**28 April 1981**

Die Fakulteit verwelkom J.P. Oberholzer wat pas teruggekeer het van 'n oorsese studiereis, nomineer vir professore B.J. Engelbrecht, J.P. Oberholzer en J.I. de Wet vir die dekaanskap, en keur goed dat E.G. Fourie inskryf vir MA Latyn, L. Greyling vir BA Hons in Bybelkunde, W.R.T. Hindley vir MA in Wysbegeerte en J.J. van der Westhuizen vir BA Hons in Semitiese tale saam met BD. Uit die jaarverslag blyk dat gedurende 1980 doktor A.P.B. Breytenbach aangestel is as medeprofessor in Ou Testamentiese Wetenskap, en dominee A.G. van Aarde as senior lektor in Bybelkunde. Daar was 58 BD studente en 40 DD studente.

**12 Junie 1981**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die drie studiestukke van professor A.J.G. Oosthuizen en die bydrae van doktor K.E. Bruinette vir Kerk en Wêreld 2000.

**21 Julie 1981**

Die Fakulteit wens doktor J.J. Engelbrecht geluk met die verwerwing van die DTh graad by Unisa in Mei 1981. J.P. Oberholzer, G.M.M. Pelser en P.J. van der Merwe is genomineer as plaasvervangende dekaan. Die doktorale eksamenuitslae van R.M. Naude en I.W.C. van Wyk is bekragtig, Gelyktydige inskrywing is goedgekeur vir W.A. Dreyer vir BA Hons in Wysbegeerte en M.J. Riekert vir BA Hons in Grieks en Hebreeus. Die onderwerpe vir proefskrifte is soos volg goedgekeur: P.M. Venter (gewysig) *Spreuke, wysheid en lewe in Spreuke 1–9* en T.F.J. Dreyer *Vrymesselary as groep in, naas en teenoor die kerk.*

**17 Augustus 1981**

Die praeses van Van der Hoff woon op uitnodiging die vergadering van die Kuratorium by en vertrek weer na tee. Die vergadering het kennis geneem dat student L. Greyling in 'n ernstige motorongeluk was en vyf maande lank bewusteloos was. 'n Ruiker en 'n brief van waardering is aan sy eggenote gestuur wat hom bygestaan het en tans tuis verpleeg. Hierdie vergadering het kennis geneem van 'n memorandum van professor P.J. van der Merwe oor die kursus in gemeentelike praktyk wat deur Kital aangebied word en het besluit om die saak op 'n buitengewone vergadering te bespreek.

**07 September 1981**

Die Dosentevergadering bespreek die versoek van die Oosrandse Broederkring oor Kerkreg en Evangelistiek, 'n versoek van die Raad vir Kerkmusiek oor die aanbieding van 'n proefkursus in Kerkmusiek en 'n versoek van die Werkgroep Gemeenteopbou oor toerusting in Jeugwerk. Oor die BA studie aan ander universiteite is na uitvoerige bespreking besluit om 'n komitee te benoem met professor G.M.M. Pelser as sameroeper, en professore W.C. van Wyk en A.P.B. Breytenbach as lede, om by BD studente navraag te doen of hulle aanpassingsprobleme ondervind teen die agtergrond van die interfakultêre Wysbegeerte wat aan die P.U. vir C.H.O. en U.O.V.S. aangebied word, die aanbieding van Bybelkunde aan daardie universiteite en die kwaliteit van die opleiding in Grieks en Hebreeus.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #935

Wat die opleiding in die Fakulteit betref, het die Dosentevergadering kennis geneem van 'n versoek van die Predikantevergadering van 1980 oor die daarstel van 'n lewensvatbare kurrikulum waarin daar voorsiening is vir oorhoofse beplanning en skakeling tussen departemente met die oog op doelwitformulering oor wat in die opleiding bereik wil word. Aan die hand van sulke duidelike uitgespelde doelwitte sal ook aandag gegee word aan metodes/didaktiese vormgewing en 'n verantwoordbare stelsel van evaluering/eksaminering. Verder is kennis geneem van 'n memorandum van die Hervormde Teologiese Vereninging oor die uitbreiding van die personeel van die Fakulteit, en is die memorandum van professor P.J. van der Merwe ook weer ter hand geneem. Departementshoofde is versoek om 'n oorsig te gee van die sillabus, kommentaar te lewer oor die vrae wat geopper is, en aanduiding te gee van leemtes en behoeftes. 'n Kommissie bestaande uit professor P.J. van der Merwe, doktor J.H. Koekemoer en doktor T.F.J. Dreyer is benoem om 'n studie te maak van die aard van die opleiding en die doelwitte wat gestel moet word.

Kennis is geneem van 'n klag van die Rektor dat lede van die Fakulteit nie gereeld die gradeplegtighede en akademiese wydingsdienste bywoon nie. Kennis is ook geneem dat die Uitvoerende Komitee van die Senaat opdrag gegee het dat gebruik gemaak moet word van kernaantekeninge by lesings en dat die diktaat-metode uitgeskakel moet word.

Na aanleiding van 'n skrywe van student P.J. van Zyl is bespreking gevoer oor die swak bywoning van lesings deur studente en is besluit dat die voorsitter en J.P. Oberholzer 'n 'behartenswaardige gesprek' sal voer met studente wat onbevredigend lesings bygewoon het.

### 14 September 1981

Besluit is dat die Kuratorium tergeleënertyd sy besluit van 01 Februarie 1979 in heroorweging sal neem, naamlik dat enige verdere opleiding van predikante nie tot die terrein van die teologiese opleiding behoort nie. Kennis is ook geneem dat professor A.D. Pont met studieverlof sal wees van 01 April 1982 tot 31 Desember 1982.

### 15 September 1981

Die vakkeuse van J.H. Breytenbach vir DD word goedgekeur.

### 26–27 November 1981

Die Kommissie neem kennis van skrywes van professore P.J. en R.D. Coertze waarin hulle meedeel dat hulle nie hulle weg oopsien om aan die projek Kerk en Wêreld deel te neem nie.

### 30 November 1981

Die Raad besluit om die eregraad DLitt toe te ken aan professor A. van Selms op die Herfspromosieplegtigheid op 23 April 1982. In sy Curriculum Vitae word onder andere vermeld dat hy in 1959 lid geword het van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, in 1959 offisier in die Orde van Oranje-Nassau en in 1975 erelid van die Society for Old Testament Study, en dat hy in 1976 die Stalsprys vir Teologie ontvang het en in 1977 'n eredoktoraat van die Universiteit van Suid-Afrika.

## 1982

### 16 Februarie 1982

Die Fakulteit wens professor A.D. Pont geluk met 25 jaar ononderbroke diens aan die Universiteit. Die Nico Prinslooprys word toegeken aan W.J.C. Kriel. Die doktorale eksamenuitslae van J.H. Breytenbach en J. Buitendag word bekragtig. Dit word goedgekeur dat I. Benade gelyktydig met die BD studie inskryf vir BA Hons in Bybelkunde, E. Dannhauser en G.J. Malan vir BA Hons in Grieks, T. McDonald en J.D. Steinman vir BA Hons in Wysbegeerte. Die volgende onderwerpe vir proefskrifte word goedgekeur: A.G. van Aarde (gewysig) *God met ons. Dié teologiese perspektief van die Matteusevangelie*, J.A. Beukes (gewysig) *Hedendaagse evangelisasie* en J.H. Breytenbach *Die koningskap van Jehu.*

### 19 Februarie 1982

Die 25-jarige ampsjubileum van professor A.D. Pont as hoogleraar is gevier by wyse an 'n ete in die restaurant Hof van Holland en die oorhandiging van 'n feesbundel, naamlik *Die kerk in die wêreld, 'n bundel opstelle aangebied aan professor A.D. Pont by sy 25-jarige ampsjubileum* onder redaksie van J.P. Oberholzer, wat in 'n voorwoord skryf:

> *Begaaf met helder insig, buitengewone werkvermoë en hartstogtelike liefde vir kerk en volk, het hy op 'n wye terrein binne en buite die kerk sy spoor gelaat.* [...] *Die bundel word hom aangebied deur kollegas binne en buite die kerk en deur oudstudente wat onder sy leiding ontwikkel het tot selfstandige wetenskaplikes, met die bede dat hy sal voorgaan met die diens aan kerk en teologie onder die seën van die Heer van die kerk.*

### 17 Maart 1982

Die Kuratorium neem kennis van die verskyning van professor Pont se boek *Die Historiese Agtergronde van die Kerklike Reg.* Besluit is om aan te beveel dat doktor J.J. Engelbrecht bevorder word tot mede-professor. Professor Pont het sy waardering betuig vir die funksie ter viering van sy 25ste ampsjubileum. Gevalle is behandel van B.W. Oosthuizen en J.D. Gericke wat die BD graad by Unisa wil behaal, en van H.B. van Rooyen wat by Afdeling B ingeskryf het.

### 31 Maart 1982

Die Senaat wens professor A.D. Pont geluk met die bereiking van 25 jaar voltydse diens.

### 01 April 1982

Professor Pont gaan op studieverlof tot 31 Desember 1982.

### 27 April 1982

Die Fakulteit keur die vakkeuse van H.P.F. Kern vir DD goed. Daar was 72 BD studente en 37 DD studente.

### 04 Junie 1982

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om te voldoen aan die versoek van die Kuratorium om doktor J.J. Engelbrecht by die Universiteit aan te beveel vir benoeming as mede-professor. Engelbrecht het tydens studieverlof 'n tydperk deurgebring aan die Universiteit van Heidelberg waar hy kennis gemaak het met doktore G. Bornkamm en K.G. Kuhn, en het in 1980 gepromoveer by die Universiteit van Suid-Afrika met 'n proefskrif *Die Christologie van die Boek Openbaring*. Die promotor was professor F.J. Botha.

### 27 Julie 1982

Die Fakulteit keur die vakkeuse van P.J. van Zyl vir DD goed.

### 19 Augustus 1982

Die Kuratorium behandel 'n skrywe van die Dosentevergadering wat versoek het dat in al die departemente mede-professore aangestel word. As motivering is aangevoer dat die kurrikulum-ondersoek waarmee die dosente besig is, waarskynlik sal meebring

dat die aantal lesings per departement sal verdubbel, en dat praktykgerigte opleiding meer aandag moet ontvang. Gedurende 1981 was daar 72 studente ingeskryf vir die BD studie en was 37 predikante besig met doktorale studie. Die Kuratorium het besluit dat die versoek deurgestuur word na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir simpatieke oorweging, dat die Dosentevergadering 'n prioriteitsorde sal voorlê vir die aanstelling van die mede-professore en dat J.P. Oberholzer 'n projeksie van moontlike toekomstige standplase moet opstel. Die Dosentevergadering het verslag gedoen oor die ontstaan en vordering van die kurrikulum ondersoek. Kennis is geneem dat die jaarlikse saamtrek van studente op 07 Augustus 1982 baie goed afgeloop het.

### 14 September 1982
Die Fakulteit bekragtig die doktorale eksamenuitslae van L.C. Bezuidenhout en W.J. Bezuidenhout.

### 17 September 1982
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bespreek 'n samevatting van en kommentaar op die memoranda vir Kerk en Wêreld 2000 van professore Hoek, A.J.G. Oosthuizen, doktore De Loor en Bruinette, opgestel deur doktor G.C. Velthuysen. Die Kommissie besluit dat die Moderamen 'n verdere werkwyse moet uitwerk en stel as doelstellings dat informasie aan lidmate gegee en 'n strategie uitgewerk word. Die Moderamen het al die lede van die Kommissie en 'n paneel van tien genooide persone opgeroep vir 'n gesprek op 29 November 1982. Die genooide persone was G.C. Velthuysen, J.C. de Lange, D.J.C. van Wyk, A.P.J. Beukes, J.P.J. Wagenaar, A.D. Pont, J.P. Naude, R.M. Naude, L.J.J. Nell en C.J.A. Simpson.

### 26 November 1982
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om professor P.W. Hoek geluk te wens met sy verkiesing op 20 September 1982 as voorsitter van die Raad van die Universiteit van Pretoria.

## 1983

### 11 Februarie 1983
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die gesprek oor Kerk en Wêreld 2000 en van die versoek aan 'n aantal broeders om verdere memoranda oor spesifieke sake te lewer. Kennis is ook geneem dat die Universiteit vanaf 01 Januarie 1983 volle aanspeeklikheid aanvaar vir die mede-professoraat van J.J. Engelbrecht.

### 15 Februarie 1983
Die Dosentevergadering stel 'n prioriteitsorde op vir die benoeming van mede-professere en besluit om nie 'n versoek van die Van der Hoffbestuur te steun wat vra dat studente preekvergunning sal kry na hulle proefpreke nie. Kennis is geneem dat elke fakulteit 'n toekenning ontvang vir onthaalkoste van besoekers van buite. Die vergadering het ook kennis gemaak met die Departement Onderrig-ontwikkeling van die Universiteit en het besluit dat lede 'n kort kursus daarin sal bywoon.

### 19 Februarie 1983
Die Dosentevergadering behandel 'n eerste verslag van die kurrikulumkomitee en keur die riglyne goed.

### 24 Februarie 1983
Die Kuratorium neem kennis dat die prioriteitsorde vir aanstelling van mede-professore soos volg gereël is: Nuwe Testamentiese Wetenskap, Dogmatiek, Praktiese Teologie en/of Godsdiens- en Sendingwetenskap. Die projeksie van J.P. Oberholzer oor standplase het laat blyk dat teen einde 1985 die voorsiening van predikante die aanvraag reeds met twee kan oorskry. Op voorstel van professor J.I. de Wet is besluit om by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat met die Universiteit onderhandel word oor 'n hersiening van die kerk se bydrae vir die Opleiding.

Besluit is om die H.C.M. Fourie Erepenning aan J.P. Oberholzer toe te ken 'beide ten opsigte van sy akademiese en kerklike werk en in besonder ten opsigte van sy bydrae met Bybelvertaling.'

Kennis is geneem van professor Pont se verslag oor sy bywoning van die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing in Genève op 06–09 September 1982.

### Maart 1983
*Tukkiewerf* berig dat die Fakulteit Afdeling A geopen is met 'n voordrag deur professor A.P.B. Breytenbach oor probleme rondom die verkondiging uit die boek Jona.

### 08 Maart 1983
Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan E.J. Vledder, bekragtig die doktorale eksamenuitslae van J.A. van Biljon en J. Coetzee, asook die proefskrif uitslae van S.G.A. Golden en A.G. van Aarde.

### 01 April 1983
J.P. Oberholzer gaan op studieverlof tot 30 Junie 1983.

### 27 April 1983
Professor J.I. de Wet is skielik oorlede. Hy het die vorige aand nog huisbesoek gedoen in die gemeente Delarey. Professor F.J. van Zyl het in *Die Hervormer* van Junie 1983 'n kort huldeblyk geskryf. Hy het daarop gewys dat De Wet baanbrekerswerk verrig het as die eerste besetter van die leerstoel Praktiese Teologie en as vader van die gedagte van suiwer studentegemeentes. Doktor E.C.B. Kotze het in die *Almanak* van 1984 geskryf: '*Hy was Bybelse teoloog in die eg-reformatoriese tradisie. In sy kritiese denkarbeid was die Skrif die maatstaf en het die Bybelse veronderstellings en doelwitte altyd vooropgestaan.*' Sy opvolger, professor T.F.J. Dreyer, het in 1992 in 'n terugblik oor die department Praktiese Teologie geskryf:

> *Gesien in sy eietydse konteks het De Wet daarin geslaag om die Praktiese Teologie te vestig as 'n selfstandige teologiese dissipline met sy eie studie-objek en metode. Die teoretiese onderbou wat hy vir die vak verskaf het, het dit daarvan gevrywaar dat dit nie opgegaan het in die skoling van studente in allerlei tegnieke en vaardighede nie, maar dat dit die kerklike praktyk teologies-krities begrond en beoordeel het.*

De Wet se promotor, professor B.J. Engelbrecht, het in *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 40, aflewering 1, 'n oorsig van De Wet se lewe en werk geskryf.

### 27 April 1983
Die Senaat wens J.P. Oberholzer geluk met die toekenning van die H.C.M. Fourie Erepenning en neem kennis van die dood van professor J.I. de Wet

### 03 Mei 1983
Die 60ste Algemene Kerkvergadering begin. 'n Mosie van roubeklag is aanvaar met die afsterwe van dominees W.M. Wolmarans, C.J. van Schalkwyk, W.J. Bezuidenhout, A.D. Botha, N.M.J.S. Heyneke, J.S. Marais, en professore H.P. Wolmarans en J.I. de Wet. [De Wet se begrafnis het pas die vorige dag, op

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #935

02 Mei 1983, plaasgevind. Die begrafnisdiens in die kerkgebou van Pretoria-Oos is gelei deur dominee T.F. Dreyer, en die ter aardebestelling is waargeneem deur doktor S.J. Prins.]

J.P. Oberholzer is as voorsitter verkies. P.M. Smith, F.J. van Zyl en B.J. Engelbrecht het versoek dat hulle nie weer verkies word nie, en J.C. de Lange is as skriba verkies, C.L. van den Berg as vise-voorsitter en G.C. Velthuysen as vise-skriba. As predikantlede van die Kommissie is P.J.T. Koekemoer en A.D. Pont verkies.

Dominee J.G.M. Dreyer het namens die vergadering 'n woord van groot dank en waardering uitgespreek

> *teenoor die uitgetrede Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die sterk leiding gedurende die afgelope jare. Hy dank die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in teenstelling met talle ander kerke, 'n tydperk van rus en vrede gehad het, juis aan hierdie leiding.*

Die openingsrede het iets weerspieël van die geladenheid van die Suid-Afrikaanse situasie.

> *Polities, militêr, ekonomies bedreig, maatskaplik in 'n toestand van ontworteling, moreel sonder duidelike norme, godsdienstig in 'n toenemende ongebalanseerdheid en neurose, vertoon die Suid-Afrikaanse toneel 'n beeld van toenemende ontreddering en swakheid.* […] *Die evangelie beloof aan geen mens politieke mag nie, dit gee geen mens aanspraak op die besittings van ander nie.* […] *Die evangelie sê vir ons dat as ons met God versoen is, ons ruimte wil maak vir ander, aan hulle wil gee wat ons vir onsself gun* […] *daar is werk om te doen: die werk van die kerk – die bediening van die versoening, wat niks anders is as die verkondiging dat Jesus Christus Heer en Verlosser is.* […] *Die Heer van die kerk wat self alles gee, sê vir ons: Gee julle vir hulle* […].

Een van die eerste besluite van hierdie Algemene Kerkvergadering het 'n einde gebring aan talle besware en besprekings wat telkens die saak van 'ampsdrag' na vore gebring het. Besluit is dat ouderlinge en diakens by 'n donker pak enige das kan dra en dat die dra van 'n bef en strikkie al dan nie oorgelaat word aan die diskresie van die draers.

Die vergadering het aan die Kommissie opdrag gegee om die nodige reëlings te tref om die voortbestaan van die kerk na die mislukte kerkvereniging van 1885 te vier.

Kennis is geneem van die ontbinding van vyf gemeentes in Zimbabwe weens die voortgaande verhuising van lidmate uit daardie gebied.

Die vooruitsig was uiteindelik daar dat 'n voldoende aantal predikante vir gemeentelike bearbeiding beskikbaar sal wees en daar is aanbeveel dat gemeentes met 'n belydende lidmatetal bo 500 'n tweede standplaas skep indien moontlik.

Die H.C.M. Fourie Erepenning is toegeken aan J.P. Oberholzer. Die voorsitter van die Kuratorium, dominee G.J.J. Roos, het gesê dit word gedoen op grond van die belangrike aandeel wat Oberholzer in die vertaling van die Bybel het.

Die vergadering het in beginsel goedgekeur dat daar vyf poste vir mede-professore in die Fakulteit ingestel word en die instelling daarvan oorgelaat aan die Kommissie in samewerking met die Raad van Finansies.

As lede van die Kuratorium is verkies doktore D.J.C. van Wyk, A.J.G. Dreyer, J.H. Koekemoer, T.F.J. Dreyer, dominees G.J.J. Roos, W.C.M. de Beer en professor H.G. van der Westhuizen.

**09 Mei 1983**

Die Kuratorium verkies doktor D.J.C. van Wyk as voorsitter en dominee G.J.J. Roos as vise-voorsitter. Reëlings is gemaak vir die voortgang van die lesings in die Departement Praktiese Teologie na die dood van professor J.I. de Wet. Doktore T.F.J. Dreyer en M.J. du P. Beukes is versoek om intussen waar te neem en die Dosentevergadering is versoek om 'n aanbeveling te maak vir 'n benoeming.

**16 Mei 1983**

Die Raad benoem professor W.C. van Wyk as permanent-voltydse dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte vanaf 01 Julie 1983.

**24 Mei 1983**

Die Fakulteit aanvaar 'n mosie van roubeklag met die afsterwe van professor J.I. de Wet. Die doktorale eksamenuitslae van J.C. van der Merwe en H.T. van Deventer word goedgekeur. Daar word besluit dat professor J.I. de Wet posthuum as promotor van die proefskrif van J.A. Beukes erken word en dat die mede-promotor, professor P.J. van der Merwe, sake sal finaliseer. Die volgende onderwerpe vir proefskrifte is goedgekeur: J.A. Beukes (gewysig): *Hedendaagse evangelisasie. 'n Evangelisasiemetode met die oog op die kerk se werk in 'n digbevolkte gemeenskap*, R.M. Naude *Die etiek van die ekumene, toegespits op die South African Council of Churches,* J.P. Naude *'n Kritiese evaluering van 'n aantal eskatologiese modelle van die twintigste eeu.* Die jaarverslag meld dat daar 67 BD studente en 36 DD studente is. Die verslag meld ook dat die Fakulteit tans goed gevestig is in die Teologiegebou.

**07 Junie 1983**

Die Dosentevergadering beveel aan dat doktor T.F.J. Dreyer aangestel word in die leerstoel Praktiese Teologie in die plek van wyle professor J.I. de Wet, en versoek dat gepoog word om die aanstelling te laat geld vanaf 01 Oktober 1983. Die vergadering bespreek verder die verslag van die Kurrikulumkomitee en keur die oorkoepelende doelstellings goed met enkele wysigings.

**10 Junie 1983**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader. Professor A.D. Pont is versoek om 'n voorlegging te maak oor die herdenking van die voortbestaan van die kerk ná 1885. Ná die voorlegging het die Kommissie besluit dat die fees moet plaasvind op 13 Februarie 1986 en dat dit die vorm moet aanneem van 'n dankdiens. Origens is besluite geneem oor 'n klein monument, 'n gedenkplaat in die portaal van die Dirk van der Hoff gebou, die benaming van 'n leerstoel in Kerkgeskiedenis, 'n gedenkblad, 'n heruitgawe van M.J. Goddefroy se *De Kerkkwestie, niet een leer maar een levenskwestie,* en 'n aantal historiese artikels. As feeskomitee is benoem professor A.D. Pont, professor S.J. Botha, dominee C.L. van den Berg, professor P.G. Nel en die Administrateur. As redaksie van die Gedenkalbum is benoem professor A.D. Pont, S.J. Botha, dominee J.M.G. Storm en die Administrateur. As redaksiekomitee vir argiefpublikasies is benoem die Argiefraad en professor G.W.D. Duvenage.

**15 Augustus 1983**

Die Kuratorium besluit om doktor T.F.J. Dreyer te benoem as hoogleraar in Praktiese Teologie.

**Theunis Frederik Jacobus Dreyer** is gebore te Potchefstroom op 08 Desember 1946 as jongste kind van Thomas Frederik Dreyer en Barbara de Villebois Evans. Sy vier ouer broers was ook predikante, en sy suster is getroud met 'n predikant. Die tweeling J.G.M. en T.F.J. Dreyer was sy ooms. Hy gaan skool

in die M.L. Fick Laerskool en die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom en matrikuleer in 1963, voltooi die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria in 1966, BD met lof in 1969 en die doktorale eksamen met lof in 1970. Op 20 Junie 1970 is hy georden in Newlands en bedien daarna die gemeentes Krugersdorp-Noord, Noordrand, Voortrekkerhoogte en Hartebeespoort. Hy is getroud met Martha Magdalena van der Merwe, dogter van dominee W.P. van der Merwe. Hy promoveer in 1974 aan die Ryksuniversiteit in Utrecht met 'n proefskrif *J.J. van Oosterzee as homileet* onder leiding van professor H. Jonker. Vanaf 1977 was hy tydelik-deeltydse dosent in Praktiese Teologie met Poimeniek as opdrag. Hy dien op verskillende kerklike organe, waaronder die Kuratorium en die Raad vir Prediking en Erediens. Teen die tyd van sy aanstelling was hy 'n erkende en gevestigde vakspesialis.

### 17 Augustus 1983

Die Senaat vermeld met leedwese die heengaan van professor J.I. de Wet en benoem professor W.C. van Wyk as verteenwoordiger op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

### 28 Augustus 1983

Die Goue Jubileumfees van die Bybel in Afrikaans is in Bloemfontein gevier by wyse van 'n erediens in die Callie Human Sentrum, gelei deur J.P. Oberholzer, met 'n spreekkoor van studente van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege en 'n massakoor van laerskoolleerlinge. By dié geleentheid is ook aangekondig dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling nog in dieselfde jaar sal verskyn, vyftig jaar ná die verskyning van die eerste volledige vertaling in 1933.

### 30 Augustus 1983

Die Dosentevergdering besluit om doktor A.G. van Aarde aan te beveel vir die pos mede-professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap, en gee die volgende gronde vir die aanbeveling:

I. *Die vergadering wil doktor van Aarde aanbeveel van weë sy duidelike akademiese bevoegdhede en prestasies. Ook wat sy navorsing betref, is dit duidelik dat hy daarvoor uitnemend toegerus is.*
II. *Wat die verdere aangeleenthede betref, is die vergadering oortuig dat dr van Aarde goed toegerus is en ook ervaring het om deeglik lesings te gee, 'n positiewe invloed op die vorming van die aanstaande predikante van die kerk uit te oefen.*
III. *Die vergadering is van oortuiging dat dr van Aarde se gesindheid ten opsigte van die kerk nog altyd positief en lojaal was.*
IV. *Vir die vakature wat sou ontstaan in Bybelkunde is doktor P.M. Venter aanbeveel omdat hy reeds duidelik blyke gegee het van sy akademiese bekwaamheid en vermoë en hy 'n aanwins sal wees ten opsigte van die ander oorwegings wat gestel is.*

### 20 September 1983

Die Kuratorium verneem van die dekaaan, professor B.J. Engelbrecht, dat die ingebruikneming van die Nuwe Teologiegebou, en die Luther- en Bybelfees in die Musaion op 31 Augustus 1983 'n groot sukses was. Die program het soos volg verloop: 09:00 Paneelbespreking deur studente oor Luther se bydrae tot die teologie, 10:00 Oorhandiging van die Teologiegebou deur die rektor, professor D.M. Joubert, aan die dekane van die twee Fakulteitsafdelings, professore J.A. Heyns en B.J. Engelbrecht, Besigtiging van die gebou en uitstalling, 11:00 Orreluitvoering van Luthermusiek deur Wim Viljoen, Samesang van twee Lutherliedere en drie Geneefse psalms onder leiding van doktor D.J.C. van Wyk, 11:30 Herdenking van die ingebruikneming van die Afrikaanse Bybelvertaling vyfig jaar gelede deur professore J.P. Oberholzer en A.H. van Zyl.

Professor W.C. van Wyk het gerapporteer oor 'n tweedaagse uitstappie van die vyfdejaarstudente na Die Bron onder leiding van dominee R.J. Coertze. Die vergadering het eenparig besluit op die benoeming van doktor T.F.J. Dreyer as professor in Praktiese Teologie, doktor A.G. van Aarde as mede-professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap en professor P.M. Venter in die vakature in Bybelkunde wat so ontstaan het.

**Andries Gideon van Aarde** is gebore in Pretoria op 25 April 1951 as tweede jongste seun van J.C. van Aarde en M.C. Barnard. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Wonderboom in 1968. Hy voltooi die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria met Grieks en Semitiese Tale as hoofvakke in 1971 en BD in 1974. Hy word georden in die Gemeente Roodepoort op 11 Januarie 1975 en word in 1976 studentepredikant in Fonteinedal. In 1977 behaal hy 'n gekombineerde honneursgraad in Grieks en Semitiese Tale en in 1978 die MA graad met lof in Semitiese Tale. Gedurende 1979–1980 was hy tydelik-deeltydse dosent in Grieks en in 1979 hulpdosent in Nuwe Testamentiese Wetenskap. In 1980 word hy benoem as voltydse senior lektor in Ou Testamentiese Wetenskap met opdrag Bybelkunde. In 1983 promoveer hy onder leiding van professor G.M.M. Pelser en professor W.S. Vorster met die proefskrif *God met ons: Dié Teologiese Perspektief van die Matteus-Evangelie*.

**Pieter Michiel Venter** is gebore te Middelburg, Transvaal op 14 Februarie 1947 as seun van Pieter Michiel Venter en Gertruida Jacoba Snyman. Hy gaan skool in die Middelburgse Laer- en Hoërskool en matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad in die eersteklas in 1964. In 1967 behaal hy die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria met hoofvakke Afrikaans en Hebreeus, in 1969 BA Hons in Semitiese Tale en in 1971 BD met lof. Hy ontvang in hierdie jaar die Nico Prinslooprys vir Ou Testamentiese Studie. Hy tree in die huwelik met Izelle Engelbrecht, dogter van professor B.J. Engelbrecht. Hy is georden op 28 Januarie 1972 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Sasolburg-Suid, Witbank-Suid, Durban, Roodepoort en Zwartkop. In 1981 promoveer hy met 'n proefskrif *Spreuke, Wysheid en Lewe in Spreuke 1–9* onder leiding van professore J.P. Oberholzer en W.C. van Wyk. Hy word in 1978 tydelik-deeltydse dosent in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap en in 1980 dosent in die Hervormde Teologiese Opleiding aan die Universiteit van die Noorde.

### 27 September 1983

Die Fakulteit bekragtig die doktorale eksamenuitslae van J.A. Beukes, T.F.J. Dreyer, J.P. Naude en R.M. Naude en keur die proefskrifonderwerp van J.A. van Biljon goed, naamlik *Die siekepastoraat as kerklike bediening.*

### 24–25 November 1983

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem doktor E.C.B. Kotze as lid van die Kuratorium in die plek van doktor T.F.J. Dreyer.

### 02 Desember 1983

Die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel is feestelik bekendgestel in Bybelhuis in Kaapstad. Tevore is die *Blye Boodskap* in1975 en *Die Nuwe Testament en Psalms* in 1979 gepubliseer. Die staatspresident, meneer Marais Viljoen, het die eerste genommerde eksemplaar ontvang. Die eindredaksie het met afsluiting van die projek bestaan uit professor E.P. Groenewald, voorsitter, J.P.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #935

Oberholzer, vise-voorsitter, A.H. van Zyl, sekretaris, P.A. Verhoef, J.L. Helberg en W. Kempen, taaladviseur. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 11 Mei 1984 waardering betuig aan die lede van die Eindredaksie en die medevertalers vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk, professore G.M.M. Pelser, W.C. van Wyk en A.P.B. Breytenbach, by wyse van 'n dinee in die Toulouse Restaurant en die oorhandiging van oorkondes.

## ೞ 1984

### 08 Februarie 1984

Die Dosentevergadering spreek hom uit ten gunste van Bybelkunde as selfstandige departement, besluit om die versoek van professor T.F.J. Dreyer oor die aanbieding van lesings in Sielkunde in die Departement Praktiese Teologie by die Kuratorium aan te beveel, keur goed dat vanaf 1985 die lesingrooster voorsiening sal maak vir middaglesings, dat 'n gesamentlike jaarprogram beskikbaar gestel sal word, trek alle voorskrifte oor studiebelading terug en besluit om die aandag van die Kuratorium te vestig daarop dat vanweë die aanpassing van die salarisse van Bybelkunde dosente tot die vlak van die predikantstraktement, die teologiese departementshoofde tans minder verdien as die Bybelkunde dosente.

### Maart 1984

*Tukkiewerf* publiseer 'n tien bladsye artikel oor die Fakulteit Teologie, met inleidende paragrawe oor Wat is teologie? en daarna die verskillende departemente van elke afdeling met vermelding van werksaamhede en dosente. By Afdeling A verskyn foto's van professore G. McMillan, A.C. Paterson en A.D.W. Wolmarans, en ook 'n foto van dosente en studente in 1927.

### 13 Maart 1984

Die Fakulteit verwelkom professor A.G. van Aarde as medeprofessor in Nuwe Testamentiese Wetenskap, professor T.F.J. Dreyer as hoof van Praktiese Teologie en professor P.M. Venter as mede-professor in Ou Testamentiese Wetenskap. Professore B.J. Engelbrecht, J.P. Oberholzer, A.D. Pont en G.M.M. Pelser word in volgorde genomineer vir die dekaanskap. Die doktorale eksamenuitslae van E. Engelbrecht en P.J. van Staden word bekragtig. Proefskrifonderwerpe word soos volg goedgekeur: L.C. Bezuidenhout *Die aard en funksie van logiese strukture in die boek Job,* J. Coetzee (gewysig) *Krisispastoraat met die oog op geloofsgroei en diakonale ondersteuning*, A.A. da Silva *Die hantering van geskiedenistradisies en – motrewe in die oordeels- en heilsprediking van Jeremia,* G.J.C. Schoeman *Die lewe en werk van dominee C.W. du Toit,* J.M.G. Storm (gewysig) *Die Voortrekkerkerk—'n Histories-kerkregtelike studie van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1836-1853*, J.A. van Biljon *Die siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks,* J.C. van der Merwe *Die verhouding kennis, geloof en kategese*, H.T. van Deventer *Die Nederduitsch Hervormde Kerk se betrokkenheid by onderwys en opvoeding in die R.S.A,* P.J. van Staden *Die vertellersperspektief van die Johannesevangelie*, I.W.C. van Wyk *Die neuere Diskussion über die Theodizeefrage,. Ihre Bedeutung und Relevanz für die Theologie und Kirchenpolitik, Eine wissenschafts-theoretische Untersuchung.* Die vakkeuses van W.A. Dreyer en P. van Staden vir DD is ook goedgekeur.

### 01 April 1984

Professor B.J. Engelbrecht gaan op studieverlof tot 30 Junie 1984.

### 30 April 1984

Professor A. van Selms is oorlede op 30 April 1984. Die *Hervormde Teologiese Studies,* Jaargang 41, aflewering 4, Mei 1985 was gewy aan hom en het artikels bevat van sy nagraadse studente L.C. Bezuidenhout, A.P.B. Breytenbach, A.A. da Silva, J.A. Loader, J.P. Oberholzer, G.M.M. Pelser, A.G. van Aarde , W.C. van Wyk en P.M. Venter. Voorin het W.C. van Wyk 'n huldiging geskryf, waaruit die volgende aangehaal word:

> *Die uitmuntende kwaliteit van professor van Selms se akademiese werk oor ruim vyf dekades is weerspieël in sy doseerwerk, sy publikasiedrif en die groot rol wat hy as medestigter van en getroue medewerker in die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van S.A. gespeel het. Hy het rigting gegee aan die studie van die Ou Testament en die Semitiese Tale in SA. Sy lesings was altyd opwindend en prikkelend. Professor van Selms se oudstudente beset leerstoele in die Teologie en Semitiese Tale aan baie SA universiteite. Hy was altyd 'n aangename kollega wat 'n mens verras het met sy fenomenale geheue vir aanhalings uit antieke tekste in Grieks, Latyn en die Semitiese Tale. Terselfdertyd is 'n mens getref deur sprankelende oorspronklikheid en diepte van insig in sy vak, wat hy altyd in wye wetenskaplike verband gesien het. […] Verskillende vererings het professor van Selms te beurt geval. Hy was volle lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en korrespondent van die Nederlandse Koninklike Akademie van Wetenskappe. In 1959 is hy benoem tot Offisier in die Orde van Oranje-Nassau. Hy is in 1975 benoem tot erelid van die British Society of Old Testament Study. In 1976 is die Stalsprys vir Teologie deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. Die Universiteit van SA het in 1977 hom met 'n eredoktoraat in die Teologie vereer. Dit was besonder gepas dat die Universiteit van Pretoria in 1982 Professor van Selms met die toekenning van die DLitt graad vereer het.* [Die *Hervormde Teologiese Studies,* Jaargang 41, aflewering 4, Mei 1985. 'n Lys van die publikasies van Van Selms is opgeneem na die huldigingswoord.]

### 02 Mei 1984

Die Senaat betuig staande sy meegevoel met die naasbestaandes van professor A. van Selms.

### 08 Mei 1984

Die Dosentevergadering gee opdrag dat 'n nuwe lesingrooster opgestel word wat voorsiening maak vir middaglesings, seminare en klaspreeksessies, en besluit dat Kital sy kursus in beplanning vir BD III studente moet aanbied en dat die Departement Praktiese Teologie in oorleg met die voorsitter van die Raad vir Kerkmusiek 'n praktiese reëling moet tref om die studente meer vertroud met kerkmusiek en kerksang te maak.

### 22 Mei 1984

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan E. van Eck. As plaasvervangende dekaan word in volgorde genomineer J.P. Oberholzer, A.D. Pont en G.M.M. Pelser. As proefskrifonderwerpe word goedgekeur: M.H. McDonald *Die betekenis van antropologie vir die kerklike verkondiging*, F.H. van der Merwe *Die rol van die Christelike Etiek in die Afrikaner volkswording.* Daar was 66 BD studente en 33 DD studente ingeskryf.

### 17 Julie 1984

Die Dosentevergadering tref reëlings om duplisering van onderwerpe vir BD skripsies uit te skakel, neem kennis dat professor W.H. Neuser in Augustus as gasdosent in die Departement Kerkgeskiedenis sal optree, dat die Predikantevergadering 'n kerkwapen van leer wil oorhandig en dat die N.H.S.V. aangebied het om 'n sitkamer-teekamer vir Fakulteitslede in te rig. Die vergadering besluit dat professor G.M.M. Pelser die Fakulteitsopening in Februarie 1985 sal waarneem en dat professor A.P.B. Breyetenbach die Akademiese Wydingsdiens sal lei.

Article #935 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

**15 Augustus 1984**
Die Senaat wens J.P. Oberholzer, W.C. van Wyk, G.M.M. Pelser en A.P.B. Breytenbach saam met A.H. van Zyl geluk met die ontvangs van goue pennings en oorkondes van die Nederduitsch Hervormde Kerk vir hulle werk aan die Bybelvertaling, en vir J.P. Oberholzer en A.H. van Zyl met die ontvangs van oorkondes van die FAK en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hulle aandeel aan die Bybelvertaling.

**20 September 1984**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar 'n mosie van roubeklag met die dood van professor A.S. Geyser. Die Kommissie het verder besluit dat die memorandum Kerk en Wêreld 2000 in sy finale gedrukte vorm en so wyd as moontlik in die kerk versprei moet word en dat die konsep-strategie opgeneem word in die Agenda van die Algemene Kerkvergadering.

Die publikasie *Kerk en Wêreld 2000* het verskyn in 1985, slegs nege jaar voor die radikale verandering in die politieke toneel wat met die verkiesing van 1994 sy beslag gekry het. Die publikasie was 'n poging om die oë van ampsdraers en lidmate van die kerk oop te maak vir werklikhede wat tot dan toe te gemaklik verbygesien is.

**22 September 1984**
Die Fakulteit ken die S.P. Engelbrecht Erepenning in goud toe aan J.M.G. Storm en in brons aan D.W. van der Watt. As proefskrif onderwerpe is goedgekeur: J. Buitendag *Skepping en Ekologie, 'n sistematiese ondersoek na die teologiese verstaan van die werklikheid*, E. Engelbrecht *Geregtigheid en sending in die Matteusevangelie*, R. Gramsch *Der Synkretismus der Genfer ökumenische Beweging seit den Vorkonferenzen der Vollversammlung von Neu-Delhi 1961.*

**08 Oktober 1984**
Die Dosentevergadering bespreek riglyne vir 'n evaluasieprogram vir teologiese studente, die verslag van die Kurrikulumkomitee, die voorstelle oor 'n oriënteringskursus vir BD studente en voorstelle oor 'n seminaarstelsel en benoem professore Breyetenbach en Van Aarde as bykomende lede van die Kurrikulumkomitee. Professor Dreyer sal as voorsitter van die komitee optree tydens professor van der Merwe se langverlof in 1985.

**13 November 1984**
Doktor H. Muller kondig aan dat hy uittree as kanselier van die Universiteit van Pretoria na 20 jaar.

## ᔕ 1985

**05 Maart 1985**
'n Gesamentlike vergadering van die twee afdelings van die Fakulteit Teologie besluit: dat 'n departement Bybelkunde gestig word binne die Fakulteit Teologie, wat primêr aldaar gesetel sal wees , maar dat die Departement Bybelkunde ook 'n departement binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sal wees. Bybelkunde VE krediete word binne die Fakulteit Teologie bereken.

**01 April 1985**
Professor P.J. van der Merwe gaan op studieverlof tot 30 September 1985.

**02 April 1985**
J.P. Oberholzer hou die rede by die gradeplegtigheid van die fakulteite Teologie en Regte op. Sy toespraak is opgeneem in *Hervormde Teologiese Studies,* Jaargang 42/1 Maart 1986 onder die opskrif *Die Universiteit en die goeie lewensorde*.

**21 April 1985**
Professor G.M.M. Pelser vier sy 25 jarige ampsjubileum as predikant by wyse van 'n erediens in die kerkgebou van Philadelphia en 'n program daarna wat deur die gemeente gereël is en waar gelukwense uitgespreek is deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en die dekane van die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Teologie (Afdeling A).

**21 Mei 1985**
Die jaarverslag meld dat J.P. Oberholzer na voltooiing van die Bybelvertalingsprojek weer voltyds in sy departement besig is. Volgens die jaarverslag was daar in Afdeling A 75 BD studente en 26 DD studente ingeskryf.

**04 Junie 1985**
Die Dosentevergadering beveel aan dat mede-professore benoem word in Praktiese Teologie en Dogmatiek, keur goed dat die Oriënteringskursus vir BD studente op 11–13 Februarie 1986 gehou word, bespreek die moontlikheid van 'n koppeling met Kital, gee opdrag dat 'n kursus vir voortgesette onderrig in 1986 gereël word en besluit oor die verspreiding van skripsies tussen die dosente.

**14 Junie 1985**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n studiestuk *Suid-Afrika 2000: Kommentaar oor 'n waarskynlike scenario vir Suid-Afrika teen die jaar 2000* deur P.H. Spies van die Instituut vir Toekomsnavorsing aan die Universiteit van Stellenbosch en verwys dit na J.P. Oberholzer en G.C. Velthuysen om in ag te neem by afronding van die projek Kerk en Wêreld.

**10 Julie 1985**
Doktor H. Muller is oorlede.

**30 Oktober 1985**
Die Senaat neem afskeid van professor P.S. Dreyer wat op 31 Desember 1985 aftree.

**18 November 1985**
Die Raad wens professor B.J. Engelbrecht geluk met die ontvangs van 'n silwermedalje van die Suid-Afrika Hengelaarsunie vir sy navorsing en publikasies oor varswaterhengelvisse.

**25 November 1985**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n verslag van dominee J. Buitendag oor sy studie in Erlangen onder leiding van professor F. Mildenberger.

## ᔕ 1986

**14–16 Februarie 1986**
Die Witfontein fees word gevier, Vrydagaand 14 Maart in die Dirk van der Hoffsaal met 'n program getitel *Stryd, roeping en voortbestaan*, wat bestaan het uit historiese vertelling deur professor S.J. Botha oor die gebeure 100 jaar gelede, voorlesings deur professor P.G. Nel, vertellings deur doktor D.J.C. van Wyk en student Fanie Hoffman, praeses van die Van Der Hoff Teologiese Vereniging, samesang en 'n orreluitvoering deur Susan Engelbrecht; Saterdag op die terrein waar oorspronklik die sinkkerk van die Konsulentsgemeente van Pretoria gestaan het, die plaas Witfontein wat nog in besit was van nasate van die Witfonteinse Prinsloos, met program: Opening deur die predikant van Bronkhorstspruit dominee C.J.J. van Rensburg, rede deur

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #935

professor A.D. Pont, onthulling van gedenkplaat en monument deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, klipstapel en oorhandiging van dankoffers vir die Fonds vir Gemeente-opbou, kranslegging by die grafte van ouderling M.J. Prinsloo en kommandant Salomon Prinsloo en Sondag 'n erediens in die kerkgebou van Bronkhorstspruit gelei deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering.

**25 Februarie 1986**

Die Dosentevergadering besluit oor die aanlê van 'n register van BD skipsies en oor die bewaring van die skripsies in die Kerkargief en die Studente leeskamer, neem kennis dat twee navorsingsassistente vir Nuwe Testamentiese Wetenskap en een vir Kerkgeskiedenis goedgekeur is, en besluit dat 'n plaatjie aangebring moet word op die kateder wat in 1938 deur die Predikantevergadering aan die Fakulteit geskenk is en wat tans in die Intersaal staan.

**18 Maart 1986**

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan W.C. van Wyk junior. Vrystelling van die doktorale eksamen is verleen aan G.J.J. Labuschagne op grond van 'n doktorale eksamen aan die Universiteit van die Noorde. Die jaarverslag meld dat 62 studente vir BD en 34 vir DD ingeskryf is.

**21 Maart 1986**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry verslag van professor A.D. Pont oor die Witfontein fees. Die verrigtinge is bygewoon deur bykans 2500 persone. Die verkoop van aandenkings het egter nie aan die verwagtings voldoen nie. Nege tiendes van die silwerpennings en van die bronspennings was nog nie verkoop nie en daar was ook nog van die porseleinware oor. Die Administrateur het verslag gedoen van die insameling vir die Fonds vir Gemeenteopbou. Daar was tot dusver R226 000 ingesamel.

Die Kommissie het ook die reglement goedgekeur vir die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT) wat gesetel word in die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria, asook die nuwe kontrak met die Universiteit na sekere wysigings.

**06 Mei 1986**

Die Dosentevergadering bespreek 'n skrywe van die Kuratorium oor 'n direkteur vir S.V.T.T. en neem kennis van die verspreiding van BD skripsies tussen die departemente en dosente.

**12 Mei 1986**

Die 61ste Algemene Kerkvergadering neem sitting. 'n Mosie van roubeklag is aanvaar met die afsterwe van professore A.S. Geyser en A. van Selms, dominees J.H. van Staden, A.J. Willemse, G.H.J. Marsman en doktor P.G. Geertsema. 'n Mosie van dank is aanvaar 'met die feit dat professor doktor J.P. Oberholzer in goeie gesondheid en lewenskrag na sy siektetoestand teenwoordig is om die leiding van die vergadering te neem.' [Dit verwys na 'n hartprobleem wat gediagnoseer is in 1979 en gevolg is deur 'n hartomleidingsoperasie in die J.G. Strydom Hospitaal in Johannesburg op 04 September 1985.]

In die openingsrede na aanleiding van 1 Petrus 2:1–17 is onder andere gesê:

> *Dit is tog 'n vanselfsprekende saak dat ons deur ons voorbeeldige lewe diegene wat ons beswadder van 'n antwoord sal voorsien. Dat ons beswadder word, dit is waar. Daar word van ons kwaad gepraat asof ons misdadigers is. Die boodskap wat ons ontvang het, sê daar is net een antwoord daarop, en dit is 'n voorbeeldige lewe. Ons het die barbarisme op sy wreedste sien terugkeer in ons land. Ons verkeer in 'n rewolusionêre oorlog waarin die menslikheid en die waarheid nie ontsien word nie. Die kerk beantwoord nie barbarisme met barbarisme, terrorisme met terrorisme nie. Hoeveel haat daar ook mag wees, ons kan nie daarin deel nie. Daar is tye in die lewe van die kerk wanneer hy baie hard en baie duidelik nee moet sê. En miskien is hierdie so 'n tyd waarin die Nederduitsch Hervormde Kerk in ooreenstemming met sy identiteit en sy opdrag duidelik nee wil sê. Nee aan elkeen wat meen dat vaderlandsliefde, verbondenheid aan die eie volk en 'n nasionale ideaal 'n kompromis met die kwaad billik. Maar terselfdertyd nee aan elkeen wat uit teenoorgestelde beweegredes die kerk en sy boodskap in beslag wil neem vir goddeloosheid en geweld.*

Die H.C.M. Fourie Erepenning is in hierdie vergadering toegeken aan nie minder nie as vier persone. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor D.J.C. van Wyk, het van professor P.S. Dreyer gesê:

> *Soos uit sy publikasies blyk, het hy 'n imponerende bydrae gelewer tot die uitbouing van die Bybels-Reformatoriese Teologie in ons land, en die praktiese arbeid op soveel terreine in die kerk bevestig dit.*

Van professor B.J. Engelbrecht:

> *As toonaangewende vertolker van die gedagtes van die groot Reformatore en as praktiese dogmatikus met fyn insig en oorspronklikheid, het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die gestalte van die teologie binne en buite die Nederduitsch Hervormde Kerk.*

Van meneer A.B. van N. Herbst:

> *As daar na meneer Herbst se dienswerk vanaf 1946 gekyk word, is dit miskien die maklikste om hom te tipeer as 'n dader van die Woord; 'n man wat in die kerk die stoflike, finansiële en organisatoriese strukture geskep en in stand gehou het ter wille van die kerk* […]. *Hy het deur sy leiding, sy hele lewe en werk, op sonderlinge wyse bygedra tot die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk asook die bestendiging en uitbouing van die standpunt en houding van die kerk.*

Van professor A.D. Pont:

> *Professor Pont het oor die hele tydperk van sy akademiese loopbaan volgehou met publikasies van hoogstaande gehalte.* […] *Met kritiese insig en vakkundige bedrewenheid het hy 'n positiewe bydrae gelewer tot die bestendiging en uitbouing van die Bybels-reformatoriese teologie* […]. *Die loopbaan van professor Pont word gekenmerk deur lewendige en aktiewe betrokkenheid op kulturele en soms ook op politieke gebied, wat hom 'n wyle 'n omstrede figuur gemaak het. Sy besondere piëteit teenoor kerk en volk het daardeur aan diepte gewen.*

Die Kommissie het gerapporteer oor die Witfontein fees, die restourasie van die Goddefroy-grafte in die Ou Begraafplaas, Pretoria, en die aanbring van 'n gedenkplaat in die foyer van die Dirk van der Hoff gebou. 'n Kranslegging by die Goddefroy-grafte het op 13 Mei 1986 plaasgevind. Die gedenkplaat in die foyer is op dieselfde dag onthul deur die voorsitter, en gedenkpennings en eksemplare van die Gedenkalbum is oorhandig aan die persone wat besondere diens gelewer het voor en tydens die fees.

'n Nuutgetekende kerkwapen is ontvang en aan die skriba oorhandig vir veilige bewaring. Besluit is ook dat die saal in die Dirk van der Hoffgebou voortaan bekend sal staan as die Goddefroysaal. [Die *Gedenkalbum 1886–1986 van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Woord en Beeld*, gedruk deur N.H.W. Pers en uitgegee deur die feeskomitee, is 'n

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #935

pragwerk, ryklik versier met foto's en met teks oor die verlede en die hede van die kerk. In die voorwoord het die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering onder andere geskryf: *'n Album soos hierdie is in sekere sin 'n selfbekendstelling. Die opstellers, wat lede en ampsdraers van die kerk is, gee in die album hulle gedagtes weer oor wie die Nederduitsch Hervormde Kerk is en waar hy vandaan kom. …Die interpretasie van die gang en voorkoms van die kerk is saak van kritiese solidariteit, van geloof-in-gehoorsaamheid.*]

[Deel I, die historiese oorsig deur A.D. Pont, S.J. Botha en J.M.G. Storm geskied onder die volgende hoofde: Die grondslae van ons kerk in Europa, Die vestiging en groei van kerk en volk in Suid-Afrika, Die Groot Trek en die vestigingsgeskiedenis van ons kerk, Die poging tot kerkvereniging, Die Konsulentsgemeente van Pretoria verenig nie, dominee M.J. Goddefroy kom na Transvaal, Die heropbou van ons Kerk na die nislukking van die vereniging, Uiteindelik 'n eie teologiese opleiding, Kerklike groei op verskillende vlakke, Verskillende momente uit die voortgang en groei van die Kerk gedurende die laaste vyftig jaar.

Deel II deur meneer A.B. van N. Herbst staan onder die opskrifte Die Herdenkingsfees op Witfontein 15 Februarie 1986, Die Algemene Kerkvergadering en Die Ringsvergadering, en word gevolg deur foto's van die kerkgeboue en kerkrade van al die gemeentes.]

J.P. Oberholzer is verkies as voorsitter, J.C. de Lange as skriba, D.J.C. van Wyk as vise-voorsitter (dominee C.L. van den Berg het versoek om nie weer verkies te word nie) en G.C. Velthuysen as vise-skriba. As predikantlede van die Kommissie is verkies professore A.D. Pont en T.F.J. Dreyer. Die vergadering het besluit dat die skriba voltyds moet dien en dat die Kommissie die pos moet omskryf. Uit statistiek van lidmategetalle oor die jare 1965–1985 het dit geblyk dat die kerk hom ernstig moet bekommer oor dalende getalle. Die draaipunt was 1983. Die 130 981 belydende lidmate in 1985 is bedien deur 261 predikante in gemeentes. Daarnaas was daar 18 predikante met besondere opdrag, 16 teologiese dosente, 26 dienspligkapelane, 9 deeltydse predikante en 6 predikante met studieverlof. Die vergadering het kennis geneem van die predikanteposisie en van die mededeling dat dit onwaarskynlik lyk dat voldoende standplase beskikbaar sal kom om aan al die studente wat vanaf 1987 afstudeer, standplase te voorsien. Daar is besluit om die versoek te herhaal dat gemeentes met meer as 700 belydende lidmate tweede standplase vorm en dat minder gebruik gemaak moet word van pastorale hulp of deeltydse dienswerk. Hierdie vergadering het indringend debat gevoer oor art III van die Kerkwet. Die publikasie *Artikel III van die Kerkwet*: *'n Verantwoording* voorberei onder leiding van doktor D.J.C. van Wyk, het gedien as studiemateriaal. Bespreking het plaasgevind agter geslote deure van die middag van 13 Mei tot die middag van 14 Mei. Besluit is om die artikel onveranderd te laat en die hele aangeleentheid vir verdere studie na die Kommissie te verwys met die oog op onder andere 'n herformulering van die motivering aan die einde van die artikel. Teenstemme teen hierdie besluit is soos volg aangeteken:

Professor P.J. van der Merwe: *Artikel III ondergrawe Artikel I en vertoon 'n innerlike tweespalt.*

Ouderling T.P. Venter (Potchefstroom-Studente):

> *Die behoud van die woord 'blanke' in art III van die Kerkwet is vir my onaanvaarbaar omdat dit op geen wyse Bybels gefundeer kan wees nie. Dit versinnebeeld 'n burgerlike godsdiens en weerspieël 'n geïnstitusialiseerde rassisme wat Christelik onhoudbaar is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk gaan deur die handhawing van dié artikel voort om beslag te gee aan 'n politieke orde wat Christelik op wankelende bene staan.*

Doktor M.W. Pretorius, professor J.A. Loader, dominee W.J. Bezuidenhout, dominee L.C. Bezuidenhout, doktor A.J.G. Dreyer, dominee J.L.P. Wolmarans, doktor J.M. Lensink, dominee A.J.J. Zwarts, dominee G.M.J. van Wyk, ouderling P.A. Vorster, dominee P. Grobler, dominee G. van R Els, doktor J. Buitendag, dominee H.P. van den Berg, dominee C.H. du Plessis, dominee E. Verhage, ouderling G.J. Swanepoel, ouderling A.D. de Jong, dominee J.H. Vorster, diaken L. Moolman:

> *Ons versoek ernstig en nederig dat ons teenstem aangeteken word teen die besluit om art III van die Kerkwet onveranderd te handhaaf.*
> *Motivering:*
>
> 1. *Die woorde 'blanke persone' funksioneer as 'n simbool. Daarmee word 'n ideologiese begrip in die kerk van Jesus Christus ingedra – na ons mening onbybels.*
> 2. *Die artikel beperk lidmaatskap tot blankes en is dus inderdaad eksklusief, wat geensins Bybels geregverdig kan word nie.*
> 3. *Die motivering in art III vermeng die kategorieë 'ras' en 'volk' op 'n onregverdigbare wyse.*
> 4. *Die behoud van art III in sy huidige vorm bring die wese van die kerk na ons mening in gedrang.*
> 5. *Ons teken ons teenstem in solidariteit met en liefde vir die kerk aan.*

Dominee J.L. van der Westhuizen: '*Teologies (Bybels) is die onderskrywing vir die bestaan van art III vir my onaaanvaarbaar.'*

Die vergadering het kennis geneem van die instelling van 'n medeprofessoraat in Nuwe Testamentiese Wetenskap en het begroot vir die instelling van so 'n pos in Dogmatiek en Christelike Etiek.

Kennis is geneem van die verslag van die Kuratorium wat gemeld het dat in 1985 daar 149 studente met die studie besig was, waarvan 17 dames was. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling is voltooi en J.P. Oberholzer is nou weer voltyds besig met doseer- en navorsingswerk in sy departement. Professor W.C. van Wyk gee steeds een lesing per week in die departement in Bybelse Argeologie. Kennis is ook geneem van die Dekaansverslag wat onder andere gemeld het:

> *Die relatief hoë aantal publikasies per dosent toon aan dat daar goeie aandag aan hierdie aspek bestee word. Elkeen van die dosente het goeie kontak met die kerk. Hulle preek gereeld op uitnodiging in talle gemeentes en dien op 'n hele aantal kerklike besture en kommissies. Talle adviese is vir die kerk uitgebring, 'n hele aantal toesprake is voor kerklike en openbare instansies gehou terwyl die openbare kommunikasiemedia (radio, televisie en koerante) ruim van die kennis van die fakulteitslede gebruik gemaak het. Meeste lede behoort aan landswye vakkundige verenigings, terwyl 'n paar ook op die bestuursvlak van openbare liggame diens lewer. Die Fakulteit is op die oomblik baie goed gehuisves in die gerestoureerde Nuwe Letteregebou wat tans die Teologiegebou heet.*

Tesame met die aanvaarding van die dekaansverslag is ook besluit:

> *Hoë waardering word uitgespreek vir die Dekaan wat nou in sy laaste dienstermyn is. Sy hoë intellek, akademiese bekwaamheid, sy bydrae as dekaan en sy rol in die topbestuur van die Universiteit van Pretoria word spesifiek genoem.*

As lede van die Kuratorium is verkies professore S.J. Botha, H.G. van der Westhuizen, doktore E.C.B. Kotze, J.P. Naude, J.H. Koekemoer, A.J.G. Dreyer en dominee W.C.M de Beer.

Hierdie Algemene Kerkvergadering het ook die strategie aanvaar wat deur die Kommissie voorgelê is na aanleiding van die projek Kerk en Wêreld 2000. Die strategie het gestaan onder die hoofde Bevordering van die teologiese arbeid, Bevordering van die

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #935

ekumeniese verband, Die vryheid en verantwoordelikheid van die kerk op staatkundig politieke gebied, Die verantwoordelikheid van die kerk op sosiaal etiese gebied, sowel as Die kerklike bediening.

Die enigste teenstem teen die aanvaarding van die strategie was van dominee L.C. Bezuidenhout, teen die paragraaf

> *Die Algemene Kerkvergadering en sy kommissie handhaaf in sy getuienis die oortuiging van die kerk dat afsonderlike en gelyke geleenthede vir alle volke en bevolkingsgroepe moet bestaan om hulle daartoe in staat te stel om hulle eie aard en vermoë tot volle rypheid te bring.*

Sy motivering was:

> *In hierdie punt spreek die kerk hom uit ten gunste van die politieke stelsel van afsonderlike ontwikkeling. Dit skaad die Kerk se verkondiging in die sin dat die Evangelie gekoppel word aan 'n politieke stelsel. Die geloofwaardigheid van die kerk se boodskap kom in die gedrang.*

Twee mosies is ook aanvaar, die een oor die teenwoordigheid van anderskleuriges by eredienste. Die strategie se bewoording was:

> *Kerkrade sien toe dat die besluit van die Algemene Kerkvergadering 1979 so uitgevoer word dat geen krenking van mense plaasvind nie. Die kern van die besluit soos dit ten opsigte van begafnisdienste geformuleer is, is: Waar nie-blanke persone wel opdaag by 'n begrafnis met of sonder vooraf kennis van die predikant of kerkraad, en soms selfs sonder vooraf kennis van die familie, behoort die Christelike wellewendheid te geld, en sal dit in die meeste gevalle waarskynlik die verstandigste wees om so min moontlik besondere aandag daaraan te gee. Waar die bedoelings opreg is, sal dit nie tot enige aansprake of bywoning ook van ander eredienste lei nie, en waar daar bybedoelings is, is negering dikwels die beste verweer. Bo alles is die vraag wat die kerk in elke geval moet stel: Kan ek my voor God verantwoord vir my optrede? Die konsekwensie hiervan is dat niemand van 'n erediens weggewys sal word nie.*

Die mosie, wat sonder bespreking aanvaar is, het hierdie aangeleentheid na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys met die versoek dat die saak in die lig van die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1979 indringend bespreek sal word en dat aan die gemeentes leiding gegee sal word.

Die tweede mosie wat aanvaar is, was 'n versoek dat in ag geneem word dat die ekologiese krisis ewe aktueel is en vir die kerk van groot belang.

Die vergadering het verder ook sy gelukwensinge uitgespreek teenoor die Bybelvertalers en Bybelgenootskap met die daarstelling van die Nuwe Afrikaans Bybelvertaling, en die voorsitter het sy eie, die ander medewerkers aan die vertaling en die kerk as geheel se dank uitgespreek teenoor die Bybelgenootskap vir die ondersteuning rondom die vertaalprojek en die hoë kwaliteit van werk wat hulle deurlopend lewer.

Die 61ste Algemene Kerkvergadering het verder ook in die verslag oor die Tussenkerklike Kommissie die formulering oor die Bybel as Woord van God waaroor die drie kerke ooreenstem, aanvaar.

[Die Nederduitsch Hervormde Kerk Afvaardiging het sy verdere standpunt soos volg geformuleer: *Ons verwerp pogings om Christus in elke Ou Testamentiese teks in te lees of dit simplisties in 'n belofte-vervulling skema in te forseer.*]

**21 Mei 1986**

Die Senaat erken die 25 jarige voltyse diens van professor W.C. van Wyk en wens professore P.S. Dreyer, B.J. Engelbrecht en A.D. Pont geluk met die ontvangs van die H.C.M. Fourie erepenning. Die Senaat benoem professor W.C. van Wyk as verteenwoordiger op die Gemeenkaplike Matrikulasieraad vir die termyn tot 01 April 1987.

**28 Mei 1986**

Die Kuratorium verkies professor S.J. Botha as voorsitter en doktor E.C.B. Kotze as vise-voorsitter. Saam met hulle is professor H.G. van der Westhuizen en dominee W.C.M. de Beer as lede van die Dagbestuur aangewys. Naas die Dagbestuur het met verloop van tyd ook 'n aantal komitees gedien, naamlik die Beurskomitee, die Evaluerings/Begeleidingkomtee, en die Beurskomitee vir nagraadse studie. Die Kuratoriumdag is bepaal vir 02 Augustus 1986.

**19 Junie 1986**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur 'n Herderlike Skrywe goed vir versending aan gemeentes. Oor Artikel III van die Kerkwet is daar onder andere geskryf:

> *Terwyl die kerk steeds die oortuiging het dat hy sy opdrag om die evangelie aan alle mense te verkondig, die beste kan uitvoer deur hierdie reëling, wil hy aan die ander kant waak teen enige gedagte dat hy uit oorweging van ras of kleur aan so 'n artikel gebind is. Hierdie artikel bly 'n praktiese maatreël wat so verstaan moet word: 'n werkverdeling waardeur 'n reëling gemaak word wat na die insig van die kerk in hierdie stadium die mees geskikte middel is ter uitvoering van die taak van die kerk binne die besondere omstandighede waarin die kerk in Suid-Afrika leef. Ons besef maar alte goed dat Artikel III 'n buitengewone maatreël is wat nie 'n vanselfspekende plek in kerklike ordes het nie. Daarom was dit eintlik vanselfsprekend dat die Algemene Kerkvergadering die hele aangeleentheid vir verdere studie sou verwys. [...] Met sy besluit oor Artikel III het die Algemene Kerkvergadering nie gekies vir of teen die standpunt of beleid van enige bepaalde politike party nie. [...]Ons verwag van lidmate van die kerk dieselfde nougesetheid. Niemand kan hierdie artikel en sy bedoeling reg verstaan as hy dit vanuit 'n politieke oogpunt wil begryp nie. Dit is 'n artikel waarin die kerk die moeisame weg volg om 'n eie mening te vorm oor die omstandighede in die menslike samelewing waarin hy hom bevind en waarin hy die pad van gehoorsaamheid aan sy roeping probeer volg. Niemand moet in hierdie artikel meer lees as wat sy bedoeling is nie, en as enigiemand twyfel oor die bedoeling, verwys ons hom graag na die bestaan van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, 'n kerk met wie ons graag in die nouste betrekkinge wil staan en wat kragtens sy samestelling en aard juis uitdrukking is van wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bedoel met die vorming van volkskerke onder die verskillende volksgroepe. [...] Ten slotte wil ons by herhaling daarop wys dat Artikel III lidmaatskap reël en dat hierdie arikel nie gebruik moet word as argument teen die bywoning by geleentheid van eredienste deur ander persone nie. Die Algemene Kerkvergadering het dit in die verlede reeds duidelik gestel dat daar bepaalde oorwegings is wat die bywoning van eredienste reël en dat kerkrade die Christelike wellewendheid en die verantwoordbaarheid voor God hierin die deurslag moet laat gee.*

Die Herderlike Skrywe verwys daarná na die besluite van die Algemene Kerkvergadering oor die taak van die kerk teenoor die owerheid en sê dan verder:

> *In die laaste verband word onder andere daarop gewys dat kerk en volk in die geskiedenis steeds op een of ander wyse nou verbonde was en dat die kerk die huidige situsie in die lig daarvan sal beoordeel, maar dat aan die ander kant die spanning tussen kerk en volk en veral tussen die toekoms van die kerk en die toekoms van die volk nie opgehef word nie. Die volk is organiese*

*veranderende lewensverband en daarby sonder ewigheidswaarde. Hoe sterk die kerk ook kulturele gestalte aanneem, gaan hy nie daarmee op in volk en kultuur nie. Hy behou die ruimte vir die toetrede van lede van ander volke en vir die gebruik van meer tale om sy aposteltaak uit te voer. Juis daarin dat hy universele kerk bly, kan hy ook volkskerk wees. Sy denke oor die toekoms bly die kerklike denke en sy gang deur die geskiedenis bly dié van 'n pelgrim na die hiernamaals. Die kerk weet dat sy heil nie geleë is in die gang van 'n volk deur die geskiedenis nie en nie saamhang met die voorspoed en die teenspoed op die volk se pad nie. Dit beteken nie dat hy die volksverband van sy lede geringskat of dat hy vaderlandsliefde as 'n ondeug beskou nie. Juis deur die geloofsband voorop te stel en die vaderland as 'n gawe van God te sien wat in dankbaarheid ontgin moet word, gee die kerk aan die volksverband kwaliteit. Sy verantwoordelikheid aan sy Heer lê hom die vryheid as dure taak op en gee hom die vrymoedigheid om in die kultuurgestalte wat hy aangeneem het, in die taal waarin hy getoë is, apostel vir alle mense te wees.*

Ten slotte bring die Skrywe ook die volgende voorskrifte uit die strategie van Kerk en Wêreld 2000 onder die aandag van gemeentes:

*Die Algemene Kerkvergadering en sy Kommissie handhaaf in sy getuienis die oortuiging van die kerk dat afsonderlike en gelyke geleenthede vir alle volke en bevolkingsgroepe moet bestaan om hulle daartoe in geleentheid te stel om hulle eie aard en vermoë tot volle rypheid te bring.*

*Opsighoudende vergaderings sien nougeset toe dat dienaars van die Woord die besluite van die kerk ten opsigte van deelname aan partypolitieke handelinge gehooraaam en dat partypolitiek uit die prediking, vergaderings en ander kerklike arbeid geweer word. Dienaars van die Woord stel in die prediking die eise van die Christelike lewe onverminderd en duidelik.*

*Naas die klem op die heiliging van die eie en gemeenskapslewe word besondere aandag gegee aan die hoë eise van die evangelie ten opsigte van tussenmenslike verhoudings.*

Daar was reaksie op die herderlike skrywe van die kant van die Ring van Krugersdorp, wat gemeld het dat hulle van mening is dat dit te lank en ingewikkeld is.

### 24 Junie 1986

Die Dosentevergadering beveel aan dat doktor G.C. Velthuysen aangestel word as mede-professor in Dogmatiek en Christelike Etiek en doktor J.H. Koekemoer as direkteur van die S.V.T.T.

### 29 Julie 1986

Die Fakulteit keur die vakkeuse van M.A. Bothma, W.W. Papp, F.J. Boshoff, J.H. Prinsloo en P.J.E. Botha vir DD goed, en as proefskrifonderwerpe vir W.J. Bezuidenhout *Die teologiese en lewensbeskoulike agtergronde van Artikel III in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* en G.J.J. Labuschagne *Wondergenesings. 'n Pastoraal-psigologiese studie oor hedendaagse gloofsgenesingspraktyke*

### 03 September 1986

Die Kuratorium benoem doktor G.C. Velthuysen as mede-professor in Dogmatiek en Christelike Etiek en doktor J.H. Koekemoer as mede-professor in dieselfde departement en as direkteur van S.V.T.T. Die voorsitter het verslag gedoen van die Kuratoriumdag wat as tema gehad het: 'Teologiese student op pad na die jaar 2000.' Kennis is geneem van 'n voorlegging van J.P. Oberholzer oor predikantstandplase waaruit geblyk het dat teen 1988 daar ongeveer 14 predikante surplus sal wees. Dit is verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir behandeling deur die nuwe Komitee vir Bedieningstrukture. Kennis is ook geneem dat die Universiteit van Pretoria 'n bedrag geld toegewys het aan die Departement Praktiese Teologie vir addisionele dosente-hulp. Die vorderingsverslae vir die eerste semester van 1986 is behandel en beurse toegeken.

### 10 September 1986

Die Senaat wens J.P. Oberholzer geluk met sy verkiesing as voorsitter van die Raad van Technikon Pretoria.

### 23 September 1986

Die Dosentevergadering aanvaar in beginsel die instelling van 'n MDiv graad vir implementering in 1988.

### 26 September 1986

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het ook uitvoering gegee aan die opdrag van die Algemene Kerkvergadering om voorligting te gee oor die bywoning van eredienste deur anderskleuriges. Die volgende skrywe is aan kerkrade gerig na goedkeuring deur die Kommissie:

*Die Kommissie wil by herhaling en nadruklik daarop wys dat Artikel III van die Kerkwet lidmaatskap reël. Hierdie artikel wat lidmaatskap reël wat deur die Algemene Kerkvergadering onveranderd gehandhaaf is, moet nie gebruik word as 'n argument teen die bywoning by geleentheid van eredienste deur ander persone nie.*

*Die teenwoordigheid van nie-blanke persone in kerkgeboue by besondere geleenthede is in die Hervormde kerk nie 'n nuwe saak nie. Dit is duidelik gestel in die Algemene Kerkvergadering van 1979 en deur daardie vergadering bevestig. Die gedragslyn wat daar neergelê is, is duidelik en vir geen misverstand vatbaar nie. Dit kom daarop neer dat kerkrade aan lidmate bekend maak dat die volgende prosedure gevolg moet word: Indien dit die wens van lidmate van die kerk is dat nie-blanke werkers of kollegas 'n begrafnis- of huweliksdiens sal bywoon, gee die betrokke lidmate die kerkraad kennis van die wens op dieselfde tyd wanneer die reëlings vir die geleentheid getref word. Die kerkraad sorg dat daar 'n prosedure is waarvolgens aan die saak uitvoering gegee kan word op 'n ordelike en netjiese wyse. Die hele gemeente word op die hoogte gebring van watter prosedure die kerkraad vasgestel het en aan wie die kerkraad die verantwoordelikheid opgedra het om versoeke in dié verband te hanteer. Dit beteken dat geen kerkraad 'n besluit in sy notuleboek sal hê waarin hy so iets gewoonweg verbied nie; hy sal alleen 'n besluit hê wat die prosedure reël. Oor die beginsel van die saak het die Algemene Kerkvergadering immers klaar besluit. Dieselfde Algemene Kerkvergadering het ook gehandel oor die gevalle waar nie-blanke persone opdaag by 'n geleentheid sonder dat die predikant of kerkraad en soms selfs die familie dit vooraf geweet het. Hieroor het die vergadering besluit: 'sal dit in die meeste gevalle waarskynlik die verstandigste wees om so min moontlik besondere aandag daaraan te gee. Waar die bedoeling opreg is, sal dit nie tot enige aansprake op bywoning ook van ander eredienste lei nie, en waar daar bybedoelings is, is negering dikwels die beste verweer. Bo alles is die vraag wat die kerk in elke geval moet stel: Kan ek my voor God verantwoord vir my optrede? Ook hierdie deel van die besluit behoort vir enige kerkraad duidelik te wees. Die konsekwensie daarvan is dat geen persoon wat by 'n begrafnis-of huwelikdiens opdaag, toegang tot die kerkgebou geweier sal word omdat hy anderskleurig is nie.*

*Die Kommissie doen 'n beroep op kerkrade en ampsdraers om alles in hulle vermoë te doen om sake so te laat verloop dat geen mens deur die kerk of 'n verteenwoordiger van die kerk gekrenk sal word nie en dat die onderlinge vrede bevorder sal word.*

Oor hierdie skrywe het die Kommissie sterk reaksie ontvang. Die kerkraad van Ottosdal (predikant C.J.S. van Niekerk) het onder andere geskryf:

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #935

> *Wat ons gemeente betref, is daar reeds deur die gemeente besluit dat geen anderskleuriges in ons kerk toegelaat sal word nie. Ons as kerkraad volstaan by die besluit en ons hoop dat dit die saak, sover as Ottosdal-gemeente aangaan, finaal afhandel.*

Suid-Oos Witbank (predikante M.M. Seymore en J.B. Schutte):

> *Die kerkraad is van oordeel dat hy nie anderskleuriges by sy eredienste–spesiaal, uitsonderlik of gewoon–wil toelaat nie. Juis wil die kerkraad met hierdie reëling van hom orde, vrede en rus in die gemeente bewerkstellig–deur orde, vrede en rus ten opsigte van hierdie saak sal hy hom voor God verantwoord. Die kerkraad kan tog nie toelaat dat sy eie gelowige lidmate deur negering van die kom en gaan van anderskleuriges gekrenk en uitmekaargejaag word nie. So sal die Koninkryk van God nooit gedien word nie.*

Ebenhaezer (predikant L.M.P. Swanepoel):

> *Die Kerkraad het met ontsteltenis kennis geneem van die nuusberig oor die radio rakende die teenwoordigheid van nie-blanke persone in kerkgeboue by besondere geleenthede. Die nuusberig het by talle lidmate verwarring geskep omdat dit by implikasie die indruk geskep het dat daar 'n dramatiese koersverandering in die Hervormde Kerk ten opsigte van standpunt en beleid rondom bogenoemde aangeleentheid ingetree het.*

Leeudoringstad (predikant J.J. Steenkamp):

> *Kan die gemeente of kerkraad besluit oor die toelating vir besondere eredienste, gesien in die lig dat hierdie gemeente 'n gemeentebesluit het wat toelating verbied? Wat is die geldigheid van 'n besluit wat slegs herroepbaar is sonder 'n teenstem?*

Ermelo (predikant J.H. Brandt):

> *Hierdie kerkraad het 'n besluit op 24 Oktober 1979 geneem dat geen anderskleurige 'n erediens mag bywoon nie. Word die kerkraad nou gedwing deur hierdie skrywe van u om die besluit te herroep? Verder wil ons graag verneem wat die bedoeling van die skrywe is. Wil die skrywe bywoning deur anderskleuriges by besondere geleenthede aanmoedig of is die bedoeling om dit te ontmoedig.*

Makwassie (predikant G.P. Visser):

> *Ons kan nie insien dat dit verantwoordbaar sou wees om die bestaande orde in ons gemeente bewustelik te versteur en die deure vir die evangelie onder ons eie lidmate toe te maak nie. Uit eie plaaslike ervaring kan ons dit vir u as 'n feit stel dat navolging van u aanbevelings ook onherstelbare negatiewe gevolge sou hê en lidmate van die kerk sou vervreem. Derhalwe die eenparige gevoel van ons gemeente dat bywoning van anderskleuriges in die opset waarin ons mededraers van die Evangelie moet wees, die Koninkryk nie tot voordeel sou strek nie. Dit is vir ons ontstellend dat u uitdruklik impliseer dat weiering van 'n anderskleurige by 'n buitengewone erediens, na u mening, sonder meer nie verantwoordbaar voor God sou wees nie. Ons aanvaar dat so 'n stelling moontlik gebore kan wees uit die feit dat u vanweë u posisies nie so direk met die praktiese omstandighede te doen het as ons nie.*

Ringsraad vir Predikante, Ring van Klerksdorp (Die predikante in hierdie ring was F.G.J. Loots, E.J. van der Westhuizen, R.D.J. van Wyk, L.J. Steyn, A. Barnard, W.H. Swart, C.J. Smit, J.P.J. Fourie, E.P. Vosloo, P.J. van Zyl, en J.F. Wilson):

> *'n Belangrike oorweging wat nie uit die oog verloor mag word nie, is die feit dat met sekerheid gesê kan word dat die oorgrote meerderheid van die Hervormde lidmate nie geneë is om hulle kerkgebou en geriewe vir almal oop te stel nie. Die Ringsraad stem daarmee saam dat Artikel III lidmaatskap reël. Die gevaar is egter dat die skynbaar toevallige saamwees by die besondere geleentheid reeds die implikasie inhou van sosiale vermenging en dit aanmoedig. Ons oordeel dat dit in stryd is met die gees van Artikel III soos uiteengesit in die Herderlike Skrywe van 1973 waarin die kerk hom onder andere 'skerp en ondubbelsinnig' uitspreek teen 'elke vorm van integrasie, kerklik, maatskaplik,en biologies.' Die vraag 'Kan ek my voor God verantwoord vir my optrede?' skep vir die Ringsraad probleme. Met hierdie vraagstelling kan die saak na uiterstes gedryf word, selfs wat sosiale vermenging in die praktyk betref tussen mense van verskillende rassegroepe.*

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit:

> *Die onderskeie ringskommissies ontvang opdrag om tydens visitasies by Ottosdal, Leeudoringstad en Suidoos-Witbank hierdie saak grondig te behandel. Die Ringskommissie van Klerksdorp moet ook met die Ringsraad vir Predikante in die verband in gesprek tree. Nadat terugvoering van die kommissies ontvang is, sal die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit op verdere optrede.*

By die inligtingsvergadering op 27 November 1986 het die Kommissie die ringskommissies meegedeel dat die brief as advies beskou moet word en dat dit niks meer wil wees nie as uitvoering van 'n opdrag van die Algemene Kerkvergadering. Daar was later ook gesprekke met die kommissies van die Ringe van Bronkhorstspruit en Klerksdorp. Daarin het die Moderamen die kommissies daarop gewys dat geen kerkraad vry is om verkeerde besluite te neem nie en dat ringskommissies hulle opsigtaak na behore moet uitvoer.

## 26 September 1986

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bekragtig die benoeming van doktor J.H. Koekemoer as direkteur van die S.V.T.T, en van doktor G.C. Velthuysen as mede-professor in Dogmatiek en Christelike Etiek.

**Johannes Hendrik Koekemoer** is gebore op 27 Augustus 1935 te Losberg. Sy ouers was Johannes Hendrik Koekemoer en Johanna Alida van der Walt. Hy besoek die laerskool Generaal Pienaar Skoolplaas en matrikuleer aan die Hoër Volkskool Potchefstroom in 1953, voltooi die BA, BD studie in 1959, word georden op 23 Januarie 1960 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Turffontein, Bethal, Zuurfontein en Pretoria-Suid. Hy word in 1978 aangestel as direkteur van Kital en word in 1984 bevorder tot senior direkteur. In hierdie tyd tree hy op as pastorale hulp in Philadelphia en Boksburg. Hy promoveer in 1972 met die proefskrif *Die Christologie van die Nuwe Teologie – 'n interpretasieprobleem* onder leiding van professor B.J. Engelbrecht. In dieselfde jaar neem hy tydens die verlof van professor B.J. Engelbrecht die lesings in Dogmatiek waar, in 1973 is hy tydelik-deeltydse dosent in Bybelkunde, en van 1978 af tydelik-deeltydse dosent in Dogmatiek en Ensiklopedie van die Teologie. Hy woon in die jare 1979–1984 'n hele aantal ekumeniese konferensies namens die Kerk by. Teen die tyd van sy aanstelling as professor het hy reeds talle publikasies gelewer.

**Gerrit Cornelius Velthuysen** is gebore op 27 November 1942 en groei op in Pretoria-Noord. Sy ouers was Carl Andries Velthuysen en Isabella Jacomina Combrinck. Hy gaan skool in Danie Malan Laerskool en Hoërskool Pretoria-Noord en matrikuleer in 1960 in die eersteklas. Aan die Universiteit van Pretoria voltooi hy die BA-graad met lof in drie hoofvakke, Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte, BA Hons in Wysbegeerte met lof, en BD met lof in 1966. Hy is getroud met Lettie Driessen op 15 November 1965. Hy word georden op 28 Januarie 1967 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Witbank Suid, Potchefstroom-Studente, Wonderboompoort, Duncanville en Swartkop. In 1981 promoveer hy onder leiding van

professor B.J. Engelbrecht met die proefskrif *Parabel van God en Paradigma van Menslikheid; Die Christologiese ontwerp van Edward Schillebeeckxs.* Hy was outeur van etlike wetenskaplike en populêre artikels en boeke, eindredakteur van *Kerk en Wêreld 2000*, en het bygedra tot die rubriek 'Die kerk vandag' in *Die Transvaler.*

Die Kommissie het doktor P.J. de Beer benoem as lid van die Kuratorium in die plek van doktor J.H. Koekemoer.

## 1987

### 17 Februarie 1987

Die Dosentevergadering neem kennis van die beplanning van S.V.T.T. vir 1987, naamlik kursuspakette in die pastoraat vir predikante en in Bybelgebruik vir lidmate. Die Departement Ou Testamentiese Wetenskap is versoek om 'n handleiding vir nagraadse studente waaraan tans gewerk word, uit te brei vir algemene gebruik in die Fakulteit.

### 18 Februarie 1987

Die Kuratorium verwelkom vir doktor P.J. de Beer as nuwe lid en ook vir professore J.H. Koekemoer en G.C. Velthuysen. Kennis is geneem van 'n verslag van professor G.M.M. Pelser en A.G. van Aarde oor hulle bywoning van 'n kongres in die V.S.A, en dat J.P. Oberholzer studieverlof neem van Maart tot September 1987. In beginsel is besluit om toekenning van beurse te beperk tot 'n bepaalde getal studente. Riglyne vir dissiplinêre maatreëls is aanvaar. Vorderingsverslae vir die tweede semester van 1986 is behandel en beurse toegeken.

### 17 Maart 1987

Die Fakulteit verwelkom professore J.H. Koekemoer en G.C. Velthuysen. Waardering word uitgespreek teenoor professor B.J. Engelbrecht vir 17 jaar diens as dekaan. Die Nico Prinslooprys is toegeken aan P.J.W. Schutte. Die instelling van 'n MDiv graad word goedgekeur. Besluit is om te hou by die Harvard-sisteem van verwysing. As dekaan is in volgorde genomineer J.P. Oberholzer, G.M.M. Pelser en P.J. van der Merwe. Die volgende proefskrifonderwerpe is goedgekeur: E. Engelbrecht *The pattern of religion in the Black Theology of James Cone*, H.J. Botes *Dominee L.E. Brandt – sy lewe en werk*, L.C. Bezuidenhout (gewysig) *Struktuur en strekking van die boek Job*, E.H. Dannhauser *Die evaluasie van verskillende onderrigmetodes en kommunikasietegnieke vir die oordra van die Bybelse boodskap met die oog op 'n sinvolle kerklike praktyk,* M.A. Bothma *Die Kerk : Pluraliteit in die eenheid.*

### 26–27 Maart 1987

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem onder andere kennis van die volgende verslag oor die *Hervormde Teologiese Studies*:

> *Onder leiding van die redakteur professor A.G. van Aarde en met die steun van die hele redaksie is die Hervormde Teologiese Studies tans in proses van uitbouing tot 'n teologiese tydskrif van werklik hoogstaande gehalte en formaat. Daarvan getuig die groeiende getal intekenare, asook die aanbieding van artikels van buite Hervormde kring.*

Die Kommissie het ook kennis geneem van 'n uitvoerige verslag van proffessore G.M.M. Pelser en A.G. van Aarde na hulle bywoning van die 49ste Algemene Vergadering van die Catholic Biblical Association of America op 06–09 Augustus 1986 by Georgetown Universiteit, Washington D.C. en van die 41ste Algemene Vergadering van die Studiorum Novi Testamenti Societas op 11−15 Augustus by Emory Universiteit, Atlanta, Georgia.

Jaargang 43, aflewering 01−02, Maart/Junie 1987 van *Hervormde Teologiese Studies* is gewy aan professor C.H. Rautenbach ter herdenking van sy vyf en tagtigste geboortedag op 6 Maart. In 'n inleidende woord skryf B.J. Engelbrecht:

> *Kerkman, universiteitsman, opvoedkundige, wysgeer, kultuurman en administrateur, op al hierdie gebiede het hy diep spore getrap en is hy op nasionale vlak as 'n deskundige erken.* […] *Met hierdie uitgawe wil ons ons bewondering vir, asook ons waardering en dankbaarheid teenoor 'n groot seun van SA, afkomstig uit Wes-Transvaal, tot konkrete uitdrukking bring.*

Dominee H.T. van Deventer gee 'n oorsig oor die lewensloop en denke van Rautenbach in 'n artikel getitel *Casper Hendrik Rautenbach: 'Singewing aan dink al hoe meer in verband met doen.'* By die artikel is 'n onvolledige lys van geskrifte van Rautenbach. Die Raad van die Universiteit van Pretoria het reeds op 21 April 1966 besluit om die geskrifte van Rautenbach te versamel en uit tegee. Die opdrag daartoe is gegee aan professor P.S. Dreyer. Die werk het uiteindelik in 1975 by H.A.U.M. verskyn met titel *Professor doktor C.H. Rautenbach Versamelde Geskrifte.* In 'n Woord Vooraf skryf Rautenbach self onder andere:

> *Die skrywer was aanvanklik vir byna 25 jaar (2 Augustus 1923 tot 9 April 1948 om 12:35 nm) hoogleraar (eers lektor, daarna professor). Deur onderlinge reëling was die Etiek plus die Logika saam met die Metodologie en Kennisleer, sy hooftaak. Vir tien jaar (1938–1948) was daaraan as leeropdrag in die fakultiet Opvoedkunde toegevoeg: die Opvoedkundige Etiek of Etiese Opvoedingsleer (wetensvakke van die sedelike opvoeding met geïmpliseerde Lewensleer). Vanaf 1939 was hy vir 'n jaar of ses in 'n teologiese fakulteitsafdeling dosent in die Christelike Etiek of beter Christelike Lewensleer. Periodiek (1924–1949 en 1940–1941) het onderrig in die Sielkunde bygekom en in die jare 1943–1949 is Didaktiek van Godsdiensonderrig vir onderwyssstudente behartig. Daar was elders newegeskikte werkies by onderwysopleiding asmede eksaminering.*

Rautenbach was rektor van die Universiteit van Pretoria van 09 April 1948 tot 30 Junie 1970. Die geskrifte wat opgeneem is in *Versamelde Geskrifte* strek tot 1973. Hy het na sy aftrede as rektor teruggekeer tot aktiewe belangstelling in en deelname aan kerklike sake. Op die Algemene Kerkvergadering het hy in debatte steeds belangrike bydraes gelewer. In 'n kort huldeblyk na sy dood op 17 Augustus 1988 skryf J.P. Oberholzer in *Die Hervormer* van Oktober 1988 onder andere:

> *Die derde tydperk* [*van sy ampslewe*] *het begin met sy aftrede as rektor toe hy met nuwe belangstelling vir die kerk beskikbaar geword het. Hy het hom opgeskerp in die teologie en praktyk van die kerk en 'n dinamiese rol gespeel in die paar sittings van die Algemene Kerkvergadering wat hy nog kon bywoon. As lid van die Kuratorium 1974–1986 en die Raad vir Opvoeding en Onderwys 1970–1986 lewer hy weer groot bydraes tot die kerklike denke. Sy onafhanklike denke het hom begelei en hy het sy gedugtheid behou, maar sy solidariteit met kerk en volk het voorop bly staan. Vir my en vir ander was die persoonlike gesprekke met hom en die aanhoor en aanskoue van sy deelname in debatte 'n deelname in ryke geestesgoed.*

By sy begrafnis het J.P. Oberholzer ook 'n oorsig gegee van Rautenbach se kerklike betrokkenheid voordat hy rektor geword het. Hy was 'n stigterslid van die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap, lid van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding 1928–1934, lid van die Kommissie vir die Proponentseksamen 1928–1934, sekunduslid van die Moderamen 1930–1934, lid van die Kommissie vir die Jeug 1934–1937, lid van die Kommissie vir Armblankes en Diakonale Armversorging 1934–1940, lid van die Finansiële Kommissie 1937–948, lid van die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys 1938–1948, (en weer 1951–1954), lid van die Kuratorium vir die Predikante Pensioen Weduwee en Wese Fonds 1940–1948.

**01 April 1987**
J.P. Oberholzer gaan op studieverlof tot 30 September 1987.

**05 Mei 1987**
Samespekings vind plaas tussen die voorsitter en lede van die Proponentseksamenkommissie aan die een kant en die Dosentevergadering aan die ander kant. As probleme rondom die proefpreke word genoem swak taalgebruik, yl teologiese inhoud, gebrek aan Christusverkondiging, en moralisme in die toepassing. Die Dosentevergadering het 'n komitee benoem om op die saak in te gaan en oplossings aan te dui. Die vergadering het ook die Kurrikulumkomitee uitgebrei om al die departemente daarby te betrek, en professore A.D. Pont en J.H. Koekemoer bygevoeg.

**26 Junie 1987**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n artikel van die hand van dominee J.H. Breytenbach getitel 'Kerk en Wêreld 2000 – 'n kritiese blik.' In dié artikel word sterk uitsprake gemaak en terme soos neo-Marxisme, skeeftrekking van die kerk se belydenis, taal wat vreemd is aan die kerk, liberale denke, uiters eensydige blik op die toekoms, 'n stuk kibernetiek, humanisme, ens gebruik. Die slotparagraaf lui:

> *Uit hierdie boek spreek nie die stem van die kerk wat verbondsmatig dink, wat volkskerk wil wees, wat prys stel op die grense wat God getrek het nie. Hier spreek die stem van die humanisme wat mensgerig dink, mensgerig normeer en alle grense wegrasionaliseer. Indien die kerk die vertrekpunte, aannames, projeksies en toekomsblik van Kerk en Wêreld net so met huid-en-haar sluk, sluk hy die pil wat die sekerste kans het om hom stil te maak. Ten slotte net 'n vraag: Is dit blote toeval dat Kerk en Wêreld 2000 in ons kerk, Kerk en Samelewing in die NG Kerk en die sogenaamde Werksdokument in die Broederbond almal so binne bestek van 'n enkele jaar op die tafel verskyn? Is dit net 'n sameloop van omstandighede dat die meerderheid lede van die Algemene Kommissie wat Kerk en Wêreld van stapel laat loop het en die meeste lede wat Kerk en Samelewing geproduseer het óók lede van die Broederbond is? Of lê hier 'n goed beplande poging agter die hele saak om die Afrikanervolk finaal te kondisioneer vir oorgawe?* [Die naïewe beskouing oor die politiek wat agter hierdie hele artikel waargeneem kan word, word deur die skrywer self geformuleer wanneer hy skryf:
>
> *Die ware feite lê egter anders: Indien die wil en die moed tot optrede daar is, kan die witman hom in Suid-Afrika met die hulp van God téén al die 'feite' in handhaaf. Daar is geen rede waarom hy moet kapituleer in groter gelykheid, gemeenskaplikheid en vennootskaplikheid nie – behalwe as hy die eise wat aan hom gestel word nie tegemoet tree met durf, 'n sterk wil, sy gesonde verstand en veral geloof nie.*

Ontkenning en wegpraat van die feite en werklikhede wat teen daardie tyd onmiskenbaar daar was, spreek nie van gesonde verstand nie. Bowendien het die kerk steeds van afsonderlike en gelyke geleenthede gepraat, en was dit tyd dat ook gekyk sal word na die gelyke geleenthede. Al die 'durf' in die wêreld sou daar nie aan kon verander nie, en die 'geloof' is dan niks anders nie as die oortuiging dat God jou bepaalde politieke standpunt steun. Die verwysing na die Broederbond sou van hierdie tyd af telkens te voorskyn kom in kerklike besprekings. Daar was nie bereidheid om te aanvaar dat mede-Hervormers ernstig en eerlik probeer dink het oor die egtheid van die kerklike houding binne die delikate Suid-Afrikaanse situasie nie, daar moes 'n sinistere en verborge krag daaragter gesoek word, en dit is gevind in die Afrikaner Broederbond.

Die Kommissie het in sy vergadering van 25 September 1987 kennis geneem dat die Moderamen 'n gesprek gevoer het met dominee Breytenbach en dat hy verskoning aangebied het vir die insinuasies wat hy gemaak het.

**29 Junie 1987**
Die Raad neem afskeid van professor B.J. Engelbrecht wat 15 jaar lank verteenwoordiger van die Senaat was.

> *Professor Engelbrecht het nie alleen sy akademiese kundighede tot voordeel van die Universiteit aangewend nie maar ook sy kundigheid op sportgebied. Hy het onder meer verseker dat die visse in die dam op die proefplaas nie oorbevolk raak nie. Sy liefde vir hierdie sportsoort was so aansteeklik dat selfs sy motor by geleentheid nie die versoeking kon weerstaan om in die water in te duik nie. Teenoor professor Engelbrecht word 'n woord van opregte dank en waardering uitgespreek vir sy besondere bydrae tot die funksionering van die Raad en die bevordering van Universiteitsake.*

**28 Julie 1987**
Die Fakulteit neem kennis dat dit die laaste vergadering is waarop professor B.J. Engelbrecht as dekaan optree en bedank hom vir sy leiding. Professor P.M. Venter word terugverwelkom nadat hy aan opgrawings in Israel deelgeneem het. Die S.P. Engelbrecht Erepenning in goud word toegeken aan S.P. Pretorius, in brons aan L.J. Strauss. Vak-keuses van H.F. la Grange, L.J.J. Nell, M.J. Riekert, D.M. van Zyl, J.M. Strijdom, E. Vledder, W.C. van Wyk, J. Cronje, D. Klopper, J.S. Naude, Y. Dreyer-Papp, en H.P. van den Berg vir DD is goedgekeur. Proefskrifonderwerpe is soos volg goedgekeur: I.W.C. van Wyk (gewysig) *Das Theodizeeproblem als Orientierungspunkt der kirchenpolitischen und theologischen Streitfragen*, N.H. Buitenweg *Nuwe Testamentiese perspektiewe op die wese van die Koinonia en die aktualisering daarvan in die gemeente*, A.A. da Silva *Die funksie van die skeppingstradisie in die boek Jeremia*, J. Coetzee *'n Praktykteorie vir krisispastoraat as faset van besondere pastorale sorg.* Hierdie vergadering het ook die reglement vir die Intertale Kommunikasiesentrum in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die reglement van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting in die Fakulteit Teologie Afdeling A goedgekeur.

**26 Augustus 1987**
Die Kuratorium neem kennis dat professor B.J. Engelbrecht aftree aan die einde van 1988 en dat J.P. Oberholzer as dekaan in sy plek aangestel is. Professor Engelbrecht sal op verlof wees gedurende 1988 en daarom is hierdie die laaste vergadering van die Kuratorium wat hy sal bywoon. Die vergadering het 'n verslag behandel oor die evaluering van 29 voornemende teologiese studente, en het besluit dat hulle toegelaat word en beurse sal ontvang, maar dat die toelating van dertien van hulle voorwaardelik is en dat hulle met verloop van tyd steeds geëvalueer sal word. Die vergadering het verder die mening uitgespreek dat die Oriënteringskursus vir BD I studente die geskikte tyd is om hulle Bybelkennis te toets en dat 'n kandidaat wat nie slaag nie, jaarliks weer getoets sal word totdat hy slaag. Studie- en navorsingsverlof vir professor G.M.M. Pelser is goedgekeur. Vorderingsverslae vir die eerste semester van 1987 is behandel en beurse toegeken. Besluit is om die moontlikheid van 'n kursus in Afrikaans te ondersoek vanweë die swak taalvermoë wat tydens proefpreke tevoorskyn kom.

**22 September 1987**
Professor A.D. Pont bedank as sekretaris van die Dosentevergadering nadat hy dertig jaar lank in dié hoedanigheid

gedien het. Hy word vir sy dienste bedank en professor P.J. van der Merwe word as sekretaris gekies.

**23 September 1987**
Die Dagbestuur van die Kuratorium besluit dat professor W.S. Vorster van Unisa genooi mag word om as gasdosent in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap op te tree tydens die verlof van professor Pelser.

By geleentheid van die sestigste verjaarsdag van A.D. Pont op 21 September 1987 en J.P. Oberholzer op 03 Oktober 1987 het *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 43, Aflewering 4, November 1987 vier artikels van nagraadse studente van elkeen gepubliseer. In 'n redaksionele artikel word die oorkondes aangehaal wat gedien het toe die H.C.M. Fourie Erepenning aan elkeen toegeken is.

**09 November 1987**
Professor W.C. van Wyk word benoem as Senaatsverteenwoordiger op die Raad.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #935

# Dosente en Studente van die Van der Hoff Teologiese Huis





Universiteit van Pretoria, Van der Hoff Teologiese Huis,1927 | Staande: C. Steenekamp, D.J. van Staden, W.P. Struwig, F.J. Booysen, J.D. Storm, W.F. Huyzers, A. Ras, W.J. Kemp, J.P. v.d. Berg (BA), E.S. Mulder (BA), P.J. Smit (BA), J.J. Prinsloo (BA), J.J. Engelbrecht, A. Brandt | Sittende: P.W. Venter (BA), Ds A. Oosthuizen (BA, BD), T.F. Dreyer (BA), Ds J. Dreyer (BA, BD), Prof. Dr B. Gemser (DLitt, Th D), Prof. E. Macmillan (MA, BD), Prof. Dr J.H. Greyvenstein (BA, Th D), Prof. Dr S.P. Engelbrecht (Th D), Ds H.P. Wolmarans (MA, BD), J. Strydom (BA), M.M. Grobler (BA)



Universiteit van Pretoria, Van der Hoff Teologiese Huis, 1943



Universiteit van Pretoria, Van der Hoff Teologiese Huis, 1972



Universiteit van Pretoria,  Professore vanuit die Teologiese Fakulteit, 1940



Universiteit van Pretoria, Van der Hoff Teologiese Vereniging, 1981



Universiteit van Pretoria, Van der Hoff Teologiese Huis, 2001



# Hoofstuk 9

## Rasionalisasie en Optimalisering 1988–1997

Ontwikkelings op onderwysgebied en finansiële druk bring streng eise en lei tot 'n intensiewe herstruktureing oor die hele spektrum. Personeelvermindering, hervorming van onderrigmetodes en die eis van uitnemendheid intensifiseer die akademiese bedryf.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Rasionalisasie en Optimalisering 1988–1997', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #934, 35 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.934

### 1988

**01 Januarie 1988**

Professor G.M.M. Pelser gaan op studieverlof tot 30 Junie.

**06 Februarie 1988**

Die Dosentevergadering ontvang 'n verslag van sy voorsitter, J.P. Oberholzer, oor die dekaneberaad wat die vorige week by Loskopdam gehou is. Hy meld onder andere:

> *Die Fakulteit Teologie was die afgelope jaar of meer herhaaldelik ter sprake wanneer oor universitêre konsolidasie en rasionalisasie gehandel is. Daar is aanvanklik deur die rektoraat voelers uitgestoot oor die moontlikheid van gesamentlike aanbieding van minstens die 'basiese vakke' deur die twee fakulteitsafdelings, maar met die afgelope beraad is bekend gemaak dat die rektoraat die beginsel van twee fakulteitsafdelings in hulle strategiebeplanning aanvaar. Die twee afdelings word egter tot interne konsolidasie en onderlinge rasionalisasie opgeroep. Verder sal die Universiteit weer met die twee kerke samesprekings moet voer oor 'n verhoogde bydrae tot die kostevereffening van die Fakulteit.*

Die vergadering het op die volgende besluit:

1. *Die departemente moet hulle onderrig ondersoek met die oog op modulering as grondslag vir enige toekomstige rasionalisasie. Modulering moet einde Maart 1988 afgehandel wees.*
2. *Die Dekaan en departementshoofde vorm 'n komitee wat indringend moet kyk na die moontlikhede van interne rasionalisering en konsolidasie van departemente.*
3. *'n Kamp sal gereël word waartydens die hele oefening deurloop kan word.*
4. *Rasionalisasie in onderrig moet uiteindelik ook met Afdeling B. bespreek word. Vir dié doel moet daar reeds nou ook na 'n geïntegreerde teologiese kursus gekyk word.*

Die vergadering het 'n beleidstuk oor gasdosente, soos opgestel deur A.D. Pont, sonder wysiging aanvaar. Die voorsitter van die Kurrikulumkomitee, P.J. van der Merwe, het aangekondig dat die dokument in sy laaste fase is, maar met die sprake van rasionalisasie en konsolidasie nou in die lug, sal baie van die werk nutteloos word. Die instelling van 'n module in Praktiese Afrikaans is na die komitee terugverwys. Na die verslag oor die BD Oriënteringskursus, is daar ingestem tot die besluit van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap om verpligte grammatikale oefeningsessies in Grieks in al drie BD jare aan te bied, en is besluit dat daar weer indringend gekyk moet word na die moontlikheid van Hebreeus en Grieks as verpligte hoofvakke.

Die konsep handleiding vir nagraadse studie is aanvaar. Met die oog op die moontlike vulling van die pos medeprofessor in Praktiese Teologie is M.J. du P. Beukes as eerste keuse en J.A. van Biljon as tweede keuse genomineer. Daar is bevind dat navorsing in die Fakulteit meer beplan en gekoördineer aangepak moet word. 'n Navorsingskomitee is benoem bestaande uit die departementshoofde onder voorsitterskap van die dekaan.

**17 Februarie 1988**

Die Kuratorium verwelkom vir J.P. Oberholzer as nuwe dekaan. Hy het die huidige situasie rondom die Fakulteit Teologie (Afdeling A) toegelig, en die vergadering het besluit om die aanbevelings vir mede-professor in die Departement Praktiese Teologie terug te hou in afwagting van die afhandeling van die rasionalisasie by die Universiteit. Kennis is geneem van die studieverlof van professor A.P.B. Breytenbach van 01 April tot 30 September 1988. Dit het geblyk dat 12 studente aan ander universiteite met die BA studie besig is. Na aanleiding van taalvaardigheidstoetse wat op 05 Februarie 1988 afgeneem is deur professore A.P.B. Breytenbach en A.G. van Aarde, het die Kuratorium besluit dat 'n memorandum deur die Fakulteit voorberei moet word rondom 'n meer doelgerigte paket vereiste kursusse en rondom die kwessie van studente aan ander universiteite.

**15 Maart 1988**

'n Gesamentlike vergadering van die twee afdelings van die Fakulteit keur gewysigde regulasies vir Bybelkunde goed. Afdeling A keur die stigting van 'n Navorsingskomitee goed, keur die vakkeuse van E.J. Vledder vir DD goed, en die volgende proefskrifonderwerpe: J.P. Labuscahagne (gewysig) *Die historiese konteks van die 20ste eeuse samelewingsteologieë,* B.J. van Wyk *Die kerkbegrip van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, G.J. Malan *Rudolf Bultmann se ontmitologiseringsprogram, 'n kritiese evaluering*, P.J. van Staden (gewysig) *Die struktuur van die eerste Johannesbrief*, J.M. Delport *Die ontwikkeling van 'n pastorale model vir die begeleiding van mense tot lewensvernuwing.*

**16 Maart 1988**

Die Fakulteit Teologie (Afdeling B) herdenk sy 50-jarige bestaan in die kerkgebou en saal van die NG Gemeente Pretoria-Oos. Die dekaan van Afdeling A. het saam met die vise-rektor, professor P. Smit, en die dekane van die Kweekskool op Stellenbosch en die Fakulteit Teologie op Bloemfontein groeteboodskappe gebring.

**18 Mei 1988**

Die Senaat kies J.P. Oberholzer op die Appèlkomitee van die Senaat vir 'n termyn van drie jaar en verwelkom hom as deeltydse dekaan van die Fakulteit Teologie Afdeling A. Professor G.C. Velthuysen neem sitting as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek. Die Senaat wens J.P. Oberholzer geluk met die ontvangs van die Orde vir Voortreflike Diens, Klas 1: Goud.

**26–27 Mei 1988**

Die fakulteitsberaad vind plaas te Espada Ranch.

**08 Julie 1988**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat professor G.C.Velthuysen bedank het as mede-professor en

dat hy van voorneme is om tot 'n ander lewenstaat oor te gaan. Hy het naamlik 'n aanbod aanvaar om as koöperatiewe hoofredakteur in diens te tree van die Perskorgroep.

**29 Julie 1988**

Die Kuratorium neem kennis van die verslag van 'n Fakulteitsberaad wat op 26–27 Mei 1988 gehou is te Espada Ranch. Hierdie beraad is gehou om aandag te gee aan die nuwe ontwikkelinge op universiteitsvlak. Na aanleiding van die verslag het die Kuratorium besluit dat die mede-professoraat in Praktiese Teologie verval. 'n Memorandum van professor A.D. Pont namens die Dosentevergadering oor gasdosente is as amptelike beleidstuk aanvaar na enkele wysigings. Die vergadering het met leedwese verneem van die bedanking van professor G.C. Velthuysen en het besluit dat die medeprofessoraat in Dogmatiek en Christelike Etiek verval. 'n Pos van Tweede Direkteur vir die SVTT is goedgekeur, en daar is besluit dat die dekaanskap nie 'n voltydse pos sal word nie. Hierdie vergadering het ook besluit dat jaarliks net soveel beurse aan nuwe studente toegeken sal word as wat hy nodig ag, tot 'n maksimum van tien. Die Kuratoriumdag is vasgestel vir 30 Julie 1988. Na aanleiding van nuwe reëlings op universitêre vlak is besluit om die minimumvereistes vir toelating tot die BD studie soos volg vas te stel: Grieks en Hebreeus as hoofvakke, Tweede en derdejaarkursusse in Wysbegeerte, Eerstejaarkursusse in Latyn en Duits (indien nie op matriekvlak geneem), Eerste en tweedejaarkursusse in Bybelkunde. Daar is ook besluit om die Algemene Kerkvergadering te versoek om die BA voorstudie aan ander universiteite te stop omdat alle universiteite nie op dieselfde standaard is nie, toesig oor studente bemoeilik word en subsidie na ander universiteite gaan en sodoende die koste vir opleiding aan die Universiteit van Pretoria verhoog.

**02 Augustus 1988**

Die Fakulteit wens professor A.D. Pont geluk met sy verkiesing as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kongres vir Calvynnavorsing, en vir J.P. Oberholzer met die ontvangs van die Orde vir Voortrefklike Diens. Professor B.J. Engelbrecht word terugverwelkom na sy studieverlof en kennis word geneem dat professor G.C. Velthuysen die diens van die Universiteit verlaat op 31 Augustus 1988.

Daar is kennis geneem van die verslag oor die Fakulteitsberaad te Espada Ranch op 26–27 Mei 1988 en die besluite wat daar geneem is, is bekragtig. Dit sluit in dat die ses departemente behou word maar dat 'n herorganisasie van vakke behoort plaas te vind, dat die onderrigprogram gereorganiseer word met sillabustemas, vermindering van lesings, vermeerdering van seminare en bespreking en selfwerksaamheid, dat daar 'n voltydse kernpersoneel behoort te wees bestaande uit die dekaan en adminstratiewe personeel na behoefte, tien professore, twee elk vir Ou Testament en Nuwe Testament en Bybelkunde en een elk vir die ander departemente, en 'n korps buitengewone dosente wat benoem word op grond van spesialistekennis en wat op verskillende wyse aangewend kan word.

Die Nico Prinslooprys is toegeken aan G.S. de Bruyn.

Die Dosentevergadering beveel J.H. Koekemoer aan as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek en M.J. du P. Beukes as tweede direkteur van SVTT

**12 Augustus 1988**

Op 'n buitengewone vergadering benoem die Kuratorium op aanbeveling van die Dosentevergadering vir professor J.H. Koekemoer as hoogleraar en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek  As Tweede Direkteur van SVTT is benoem doktor M.J. du P. Beukes.

**Mattheus Johannes du Plessis Beukes** is gebore op 13 Junie 1941 te Lichtenburg as seun van Johannes Andries Beukes en Maria Johanna van der Schijff. Hy gaan skool in die plaasskool op Vlakpan en matrikuleer aan die Hoërskool Lichtenburg in 1959 in die eersteklas met onderskeidings in Wiskunde en Natuurwetenskap. Hy was lid van die eerste rugbyspan wat in 1959 die Administrateursbeker verower het en was ook 'n goeie atleet. Hy voltooi die BA, BD studie in 1965. Op 24 April 1965 tree hy in die huwelik met Monica Lindford. Hy word georden op 08 Januarie 1966 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Vanderbylpark, Sannieshof, Newlands en Zuurfontein. In 1974 promoveer hy in die Praktiese Teologie met 'n proefskrif *Kategese as opdrag aan die kerk* onder leiding van professor J.I. de Wet. In 1982 word hy benoem as direkteur van Kital waar hy voluit deel in die opstel en aanbieding van kursusse op wye vlak, veral kategese. In die beplanning, ontwerp en skrywe van nuwe kategesehandboeke het hy 'n leidende aandeel gehad. Hy was vanaf 1978 betrokke by deeltydse dosering in die Departement Praktiese teologie waar hy verantwoordelik was vir Kategetiek, Liturgiek en Jeugwerk. Oor die tydperk 1982–1989 was hy ook pastorale hulp in Parkrand.

**17 Augustus 1988**

Professor C.H. Rautenbach is oorlede. Die begrafnisdiens in die kerkgebou van Pretoria-Oos op 20 Augustus 1988 is gelei deur J.P. Oberholzer, wat ook namens die Kerk die woord gevoer het. Professor J. Howell, voorsitter van die Raad van die Universiteit van Pretoria, het namens die Universiteit gepraat. Die ter aarde bestelling is waargeneem deur doktor L.M. le Roux. Rautenbach se boekery is na sy dood geskenk aan die Fakulteit Teologie, wat dit geplaas het in die Van Selms Leeskamer.

**01 September 1988**

Professor B.J. Engelbrecht gaan op studieverlof tot 17 Oktober 1988.

**14 September 1988**

Die Kuratorium het in ooreenstemming met sy nuwe beleid ten opsigte van die toekenning van beurse na keuring beurslenings toegeken aan tien nuwe voornemende teologiese studente, wat almal in die evaluering meer as 72% behaal het. Nog 15 studente is toegelaat sonder beurslenings. Nege kandidate is nie tot die opleiding toegelaat nie.

**23 September 1988**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies professor T.F.J. Dreyer as vise-skriba in die plek van G.C. Velthuysen.

**25 November 1988**

Die Kommissie het vir doktor L.J.S. Steenkamp benoem as direkteur by Kital met ingang 01 Januarie 1989. Die Kommissie neem kennis dat 'n jeugkamp te Schoemansdal gereël is as deel van die vyf herdenkingsfeeste van die kerk waarin die Groot Trek herdenk is. Feeste is beplan te Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria, Heidelberg en Schoemansdal. 'n Fees gereël deur die Kerk, het op Rustenburg plaasgevind op 19 en 20 Maart. J.P. Oberholzer het die feesrede gelewer en A.D. Pont het die Sondag die erediens gelei. Op Saterdag 17 September was daar by die Willem Prinsloo Museum 'n herdenkingsfees, ook deur die Kerk gereël, wat om 14:00 begin het met boeresport, boeremusiek, en daarna 'n huldeblyk aan A.W.J. Pretorius. Die aand was daar voordrag deur Anna Neethling-Pohl en 'n aanbieding deur die Kultuurraad van Pretoria van *Die Dieper Reg* van Van Wyk Louw.

Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Die volgende dag, Sondag 18 September, het doktor D.J.C. van Wyk 'n erediens gelei in die Amfiteater van die Universiteit van Pretoria. Op 22 Oktober het J.P. Oberholzer die feesrede gelewer by die herdenkingsfees op Bethal. Op die sentrale fees by die Voortrekkermonument het J.P. Oberholzer op 11 Desember die preek gelewer, en op 16 Desember het hy die Skriflesing gedoen.

Die koms van die Hugenote in 1688 is eweneens feestelik herdenk. Gemeentes is versoek om op 17 of 24 April in die eredienste daaraan aandag te gee. Doktor en mevrou D.J.C. van Wyk het die kerk verteenwoordig op die hooffees in Franshoek, en J.P. Oberholzer het as voorsitter van die Transvaalse Hugenotefeeskomitee die leiding geneem op die fees by die Willem Prinsloo Museum.

### 31 Desember 1988

Professor B.J. Engelbrecht aanvaar emeritaat na 37 jaar as hoogleraar, dekaan vanaf 1970 tot 1987, senaatsverteenwoordiger in die Raad van die Universiteit vanaf 1972 tot 1987 en lid van verskillende komitees van die Raad, waaronder die Boukomitee, die Finansies- en Eiendomskomitee, die Studente Dissiplinêre Komitee en die Senior Aanstellingskomitee. *Hervormde Teologiese Studies,* Jaargang 44, aflewering 2, Junie 1988 was 'n huldigingsbundel met bydraes van kollegas, ook uit ander kerke, en promovendi. Die rektor van die Universiteit van Pretoria, professor D.M. Joubert, het onder andere geskryf:

> *Ben Engelbrecht sal allereers onthou word vir sy onderskeidende menseienskappe: wellewendheid, in elke opsig, gekombineer met buitengewone gawes van intellek en veelsydigheid. Dit het hom trouens 'n geliefde persoonlikheid gemaak, en ook iemand wie se mening oor 'n saak dikwels ingewin en met vrug gebruik is.*

J.P. Oberholzer het in die huldigingswoord onder andere geskryf:

> *Dit spreek van 'n besondere teologiese wydte dat hy vanweë besondere omstandighede in die Fakulteit op 'n tyd doktorale leiding kon gee nie alleen in die Sistematiese Teologie nie, maar ook in Praktiese Teologie, Nuwe Testamentiese Wetenskap en Godsdiens- en Sendingwetenskap. Op'n stadium het drie van sy kollegas in die Fakulteit onder sy promovendi getel. Belangriker as die hoeveelheid is die kwaliteit van die werk wat gelewer is, Elke wetenskaplike en populêr-wetenskaplike geskrif, elke voordrag en advies, elke gesprek was 'n toonbeeld van sistematiese denke, analities en sinteties, en van 'n vermoë om te kommunikeer. Dit is die rede waarom ook sy stokperdjies wetenskaplike prestasies geword het. Ek herinner my goed sy optrede voor die Van der Hoff reünie in 1950 oor die onderwerp Eksistensiefilosofie en Teologie. Pas bevestig as predikant was die jong geleerde besield met die Reformatoriese erfenis soos dit verwoord is deur Karl Barth en Emil Brunner. Sy kennismaking in Groningen met Van der Leeuw, Haitjema en Van Oyen het hom geprikkel tot intense studie van die geskrifte van die Reformatore self, en hy het Calvynkenner by uitnemendheid geword; maar voorop het steeds gebly die studie van die Heilige Skrif self. Engelbrecht is 'n selfstasndige verwoorder van die Bybels-Reformatoriese Teologie, en het op unieke wyse die denkwêreld van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en ook van Suid-Afrika, bevrug en verryk.Oor die jare 1964 tot 1983 het hy as lid en later vise-skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n groot aandeel gehad in die besluitneming en regering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, maar ook daarvoor en daarna het hy deur middel van grondige adviese oor 'n wye verskeidenheid van sake die kerk gedien. As lid en soms as voorsitter van verskillende kerklike liggame het hy leiding geneem en deel gehad aan belangrike projekte. Hy was vir agtien jaar 'n gewaardeerde deelnemer aan die gesprekke op die Interkerklike Kommissie. Sy deelname aan die radioprogram Wat sê die Bybel oor 'n tydperk van meer as veertien jaar het by 'n groot luisteraarspubliek byval gevind. Hier is 'n man wat sy gawes vrylik beskikbaar gestel het oor 'n wye veld, en wat in nederige diens, teologiese diepte en eenvoud 'n warme en egte mens gebly het.*

'n Onvolledige lys van Engelbrecht se publikasies volg daarop. Die huldigingsbundel is oorhandig deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering by geleentheid van 'n 'n afskeidsete op 22 November 1988, waar die rektor en die voorsitter van die Kuratorium ook die woord gevoer en oorhandigings gedoen het. J.H. Koekemoer het in 'n artikel 'Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Universiteit van Pretoria' in 1992 in die Feesbundel ter herdenking van die 75 jarige bestaan van die Fakulteit Teologie Afdeling A. aan die Universiteit van Pretoria 'n oorsig gegee van die denke en betekenis van Engelbrecht as vestiger en uitbouer van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.

## ℘ 1989

### 07 Februarie 1989

Die Dosentevergadering besluit op 'n spesiale byeenkoms:

1. *Die vergadering neem met leedwese kennis van die egskeidingsgeding waarin die egpaar Pelser betrokke geraak het asook van professor Pelser se bedanking uit die amp van herder en leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat tot gevolg sal hê dat hy sy pos as hoogleraar en as hoof van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap sal moet neerlê.*
2. *Die vergadering konstateer weereens sy waardering vir die kollegiale en teologies-wetenskaplike hoedanighede van professor Pelser.*
3. *Die dekaan word opdrag gegee om met die Kuratorium te onderhandel dat die pos wat met professor Pelser se bedanking vakant gaan word, voorlopig nie gevul word nie.*

### 14 Maart 1989

Die Fakulteit neem uit die jaarverslag kennis dat daar 53 studente ingeskryf was vir BD, 49 vir MDiv en 38 vir DD. Kernaantekeninge en die beweging na selfwerksaamheid het die tradisionele onderrigpatroon reeds aanmerklik verander. Melding is gemaak van die navorsingsaktiwiteite van personeel, hulle betrokkenheid by die regering en arbeid in die Kerk, die deelname van G.C .Velthuysen en na sy bedanking van J.H. Koekemoer aan die radioprogram Wat sê die Bybel, die betrokkenheid in vakverenigings, en die besoeke van buitelandse akademici.

Die volgende proefskrifonderwerpe is goedgekeur: M.A. Bothma *'n Krities-realistiese ondersoek in die Sistematiee Teologie na die pluraliteit-eenheid van die kerk*, P. van Staden *The essence of life: Power and order or meekness and servitude? Structural and social relations propagated by the banquet parables in the Travel Narrative of the gospel of Luke.*

Die Dosentevergadering neem kennis dat 'n rekenaarprosedure opgestel is waarvolgens artikels en referate aangeteken kan word en dat die curriculum vitae van elke dosent op datum gehou sal word. 'n Reëling vir die aanbieding van Praktiese Afrikaans saam met Afdeling B is getref.

### 16 Maart 1989

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen toestemming dat doktor J.A. van Biljon, dominees J. Coetzee en C.J.A. Simpson spesialistehulp verleen in die SVTT.

Hierdie vergadering het ook kennis geneem dat professor G.M.M. Pelser bedank het as hoogleraar vanweë sy egskeiding. Kennis is ook geneem van skrywes van die Ringsraad vir Predikante van

die Ring van Klerksdorp en die Kommissie van die Ring van Klerksdorp waarin hulle vra dat die Kommissie 'n weg moet vind om professor Pelser in sy pos te laat aanbly. Die Kommissie was egter gebind deur die bepaling in die Kerkwet wat bepaal het dat egskeiding en die amp van predikant onverenigbaar is. Die Kommissie het derhalwe besluit dat die bedanking van professor G.M.M. Pelser aanvaar word met ingang 16 Maart 1989, hy op genoemde datum onthef word met verlies van status, sy pligte as hoogleraar vanaf genoemde datum dienooreenkomstig beëindig word, hy vanaf 16 Maart 1989 vir 'n periode van 3 maande getrakteer sal word, en dat die versoek van die Kuratorium dat die pos voorlopig nie gevul word nie, ondersteun word.

### 12 Junie 1989

Die Dosentevergadering besluit dat vanjaar reeds in ooreenstemming met universiteitsbeleid eksterne eksaminatore aangewys sal word vir die BD III eksamen sowel as vir die skripsie. Vanaf 1990 sal skripsieseminare aangebied word. Verdienstelike skripsies kan onder die gesamentlike outeurskap van die studieleier en die kandidaat in die *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer word.

### 16 Junie 1989

Die Kommissie benoem doktor L.J.S. Steenkamp as hoofdirekteur van Kital. Professor Pelser bedank as dosent by die Universiteit. [Hy het na sy uittrede 'n dosentepos aanvaar by die Didache Instituut naby Hammanskraal, waar hy betrokke was by die opleiding van leraars vir die groot aantal onafhanklike kerke.]

### 25 Junie 1989

Die 62ste Algemene Kerkvergadering neem sitting in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Hierdie vergadering is voorafgegaan deur 'n tydperk van intense organsisasie en stemmingwekking deur 'n bepaalde politieke groepering in die kerk, meer bepaald die ondersteuners en lede van die H.C.M. Fourie Fonds wat om A.D. Pont geskaar was. Die openingsrede na aanleiding van Esegiël 33:30−33 en 2 Timotheus 4:1−5 het blyke gegee van groot kommer oor die gesindhede in die kerk, maar die betrokkenes het dit nie gehoor nie, want hulle het daardie aand elders vergader, waarskynlik om saam voor te berei vir die vergadering. Die uittredende voorsitter het onder andere gesê:

> [*E*]*k meen dit is vir u duidelik waarom dit vanaand oor hierdie nugterheid gaan by die opening van ons Algemene Kerkvergadering. Ek wil u vra om hierdie twee skrifgedeeltes te oorweeg in die lig van die omstandighede wat ons tans beleef, en spesifiek die omstandighede binne die kerk. In die eerste plek die woord aan Esegiël 'hulle hoor wat jy sê maar hulle doen nie wat jy sê nie'. 'n Mens moet telkens tot jou angswekkende ontsteltenis ontdek dat die verkondiging van die evangelie in Suid-Afrika en binne ons kerk in die eeue wat verby is nog bloedmin effektiwiteit getoon het in dié opsig dat dit werklik verandering bewerk. Inteendeel, as 'n mens soms luister na uitsprake, ernstig en ligsinnig, wonder jy of daar ooit iets van die evangelie onder ons tereg gekom het. Getroue Bybels-Reformatoriese verkondiging het nie altyd gelei tot lewens wat daarmee ooreenstem nie. Hierdie saak wil ek spesifiek aan u stel, spesifiek binne die Nederduitsch Hervormde Kerk, en vir u vra om ernstig te dink daaroor. As prediking oproep tot bekering is, kom daar by ons iets van tereg?*
>
> *En dan die ander saak. Het ons werklik sover gekom dat ook ons die gesonde leer nie meer kan verdra nie en dat ons leermeesters soek wat sê wat ons graag wil hoor? Iets wat streel, 'n evangelie wat aangepas is by ons begeertes, ons volksheid, ons kultuur, ons vooroordele, ons haat. Nugterheid vereis 'n keuse teen bedwelming en verdigsel, maar sekerlik ook die keuse om nie verdra te word nie saam met die gesonde leer… Sonder nugterheid is daar bedwelming en valsheid, toekomsloosheid en ondergang. Wee die dienaar van die Woord wat willens en wetens die krag en die suiwerheid van die evangelie verminder ter wille van populariteit, of met allerlei mooiklinkende argumente die evangelie aanpas by wat hy weet mense wil hoor. Hy is die herder wat sy kudde na die dood toe lei.*
>
> *Ek kan in hierdie verband nie help om te dink aan die openingsrede wat by die Algemene Kerkvergadering van 1961 deur 'n voorganger uitgespreek is nie. Sy teks was: 'Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees'. En hy het dit gebruik om die uitsprake van die Cottesloeberaad te bevraagteken en te verwerp as 'n ongeoorloofde politieke poging om die evangelie te verwring. Byna drie dekades na Cottesloe moet ons, geoordeel aan die optrede van bepaalde persone binne die kerk, die vraag stel of hierdie selfde teks nie nou van toepassing gemaak moet word op ons situasie nie. Daar is persone wat die politiek van die dag ten alle koste wil insleep in die kerk en in die evangelieverkondiging. Waar dit gebeur , word klippe aangebied in plaas van brood en word die bestaan en die waarheid van die kerk self onder 'n wolk geplaas.*

Die H.C.M. Fourie Erepenning is toegeken aan meneer Willem Mathlener, direkteur van die Konservatorium vir Musiek. Die toekenning het geskied op grond van meneer Willem Mathlener se besondere persoonlike bydrae wat hy oor 'n tydperk van 40 jaar gelewer het tot die groei en vooruitgang van kerkmusiek in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Groeteboodskappe van die NG Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika is oorgedra. Gelukwense is uitgespreek teenoor professor J.A. Loader met die ontvangs van die Teyler prys vir Teologie. Hy was die eerste Suid-Afrikaner wat die prys ontvang het.

Nadat J.P. Oberholzer versoek het dat hy nie weer verkies moet word nie, is doktor D.J.C. van Wyk as voorsitter verkies. Dominee J.C. de Lange is verkies as skriba, professor A.D. Pont as vise-voorsitter, professor T.F.J. Dreyer as vise-skriba. As predikantlede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is verkies dominee G.C. van Staden en doktor J.H. Koekemoer. Die volgende ordemosie wat aanvaar is, spreek vir homself:

> *Die vergadering verwerp met misnoeë die klaarblyklike pogings van 'n bepaalde groep afgevaardigdes om die verkiesing van kommissies en rade van die Algemene Kerkvergadering te beïnvloed deur die sirkulasie van naamlyste.*

Hierdie vergadering het weereens gehandel oor Artikel III van die Kerkwet. Daar was beskrywingspunte van die Ringe van Heidelberg en Noord-Kaapland en die Kerkraad van Ermelo wat versoek het dat die artikel onveranderd bly. Die Nederlandssprekende Gemeente het versoek dat indien Artikel III, wat 'n aantasting is van art 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, 'n negatiewe effek het op die gesamentlike sendingtaak in samewerking met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, en 'n struikelblok is vir die ekumene, behou word, afsonderlike gemeentes nie verplig sal word om hulle te hou aan die artikel nie. Die Ring van Noordelike Pretoria het versoek dat 'n uitspraak gemaak word oor die interpretasie van die artikel.

Die studiekommissie wat saamgestel is ná die vorige Algemene Kerkvergadering, met professor A.P.B. Breytenbach as voorsitter en professor P.J. van der Merwe as sekretaris, het voorgestel dat die motiveringsgedeelte van die artikel verval en dat 'n voetnoot geplaas word na Blanke persone wat lui: 'Lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet verstaan word in die lig daarvan dat dié kerk 'n Christusbelydende volkskerk is in

Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

die geledere van die Afrikanervolk.' Die studiekommissie het ook voorgestel dat begin moet word met 'n grondige hersiening van die kerkwet. By so 'n hersiening sal volgens die Studiekommissie die volgende sake in ag geneem moet word:

*i. Die kerk se denke oor homself en die volkskerkgedagte: Die Studiekommissie onderskryf die gedagte dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n bepaalde gerigtheid het en kerk vir die Afrikaner(maw volkskerk) wil wees. Daar bestaan egter die volgende probleemvelde wat in die kerk se denke oor die volkskerk aandag moet kry:*

- *Misverstande en onduidelikhede by sommige lidmate en ampsdraers oor wat die Nederduitsch Hervormde Kerk onder volkskerk verstaan en gevare wat uit sulke misverstande kan voortvloei (soos byvoorbeeld burgerlike godsdiens);*
- *Die karikatuurbeeld van die volkskerk binne die groter kerklike veld;*
- *Die omlyning van die volk vir wie die Nederduitsch Hervormde Kerk volkskerk wil wees, kan in 'n toekomstige bedeling probleme oplewer;*
- *Die effek van die juridies-sosiaal-politieke omgewing waarin die kerk wat homself as 'n universitas sien, deur die landsreg as 'n societas behandel word.*

*ii. Lidmaatskap, lidmate en lede: […] In die verlede is daar nie onderskeid getref tussen die begrippe 'lidmaatskap' (van die Kerk van Christus) en 'lidmate' (dws van die Nederduitsch Hervormde Kerk) nie. Die ordereëling waarvan in Artikel III sprake is, funksioneer meer op die kerkgenootskaplike vlak as enige ander. […] Die huidige Artikel III laat dit egter lyk of die ordereëling primer op die vlak van die een, algemene kerk lê;*

*iii. Kerklike eenheid, gemeenskap en die bywoning van eredienste: Die kerk is een in Jesus Christus. Dit is nie alleen 'n werklikheid nie maar ook 'n imperatief. Die kerk mag nie so leef dat hierdie werklikheid geloënstraf word nie. Daar bestaan egter die volgende probleemveldewat in die kerk se denke oor kerklike eenheid en gemeenskap aandag moet kry:*

- *Die misverstand dat kerklike eenheid 'n indifferente saak is en dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom gevolglik in 'n soort ghetto kan terugtrek.*
- *Die feit dat nieteenstaande amptelike besluite en uitsprake art III steeds gebruik word om anderskleuriges , in bona fide gevalle, toegang tot besondere kerklike geleenthede te weier.*

*iv. Die aanduiding 'Blanke persone': Die studiekommissie is oortuig daarvan dat dat daar (tans in elk geval) nie van 'Afrikaner' gepraat kan word sonder om sy afsonderlikheidsin in aanmerking te neem nie. Dit maak dit vir die huidige onvermydelik dat die woord 'blank' in 'n ordereëling met betrekking tot lidmate opgeneem word. Die probleme wat hieruit kan voortspruit, mag in elk geval ook nie misgekyk word nie. Die volgende dien as voorbeelde:*

- *Die beskuldiging van rassisme teen die Nederduitsch Hervormde Kerk sal bly voorbestaan.*
- *Lidmate mag hierdeur verlei word om te dink dat die Nederduitsch Hervormde Kerk rassisme inderdaad kondoneer.*

Die vergadering het besluit dat die artikel in sy huidige vorm behou word, die studiekommissie se voorstelle oor wysiging nie aanvaar nie, en die voorstel oor die hersiening van die kerkwet as geheel aanvaar. Die Nederlandssprekende gemeente is geantwoord dat hulle versoek buite orde is in die lig van Artikel II. Verder het die vergadering bevestig dat Artikel III oor lidmaatskap handel, en in soverre as wat die artikel implikasies het vir die bywoning van eredienste, die riglyne bevestig wat die Algemene Kerkvergadering in 1979 neergelê het. Verder het die Kommissie opdrag ontvang om so gou moontlik in gesprek te tree met die moderamen van die HKSA en die kerkraad van die Nederlandssperekende Gemeente na aanleiding van die groeteboodskap wat deur dominee Z.J. Banda oorgedra is en die besware wat deur doktor Lensink ter vergadering uitgespreek is.

Teenstemme teen die handhawing van die artikel is aangeteken deur doktor L.C. Bezuidenhout, professor J.A. Loader, ouderling J. van den Eijkel, dominee J.M. Lensink, dominee G.M.J. van Wyk, dominee P. Grobler en J.L.P. Wolmarans. Die motivering was:

> *Artikel III spruit nie voort uit die eise van die Skrif nie, maar gee na ons mening uitdrukking aan 'n bepaalde model van rasse-ordening. Die handhawing van art III lei daartoe dat die belange van 'n bepaalde bevolkingsgroep gestel word bo die belange van die Koninkryk van God.*

Die vergadering het kennis geneem van die huidige samestelling van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) met nege voltydse, sewe deeltydse dosente en twee gasdosente (dominee P.L. Steenkamp en meneer B.D. Bierman). J.P. Oberholzer het op 09 Oktober 1987 vir B.J. Engelbrecht opgevolg as dekaan. Nege doktorsgrade is oor die tydperk 1986−1988 deur die Fakulteit toegeken, terwyl nog drie predikante doktorsgrade elders ontvang het. In 1988 was daar 108 studente besig met die BA studie, 54 met BD, 20 met MDiv en 27 met DD. Die vergadering het besluit om 'n besluit van die vorige Algemene Kerkvergadering oor die benoeming van mede-professore te herroep in die lig van die rasionalisasie van die Fakulteit en om die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting uit te brei om voorsiening te maak vir praktiese opleiding aan BD studente sowel as voortgesette teologiese opleiding op wyer vlak. Daar is besluit dat,

> [*D*]*iensdoende predikante op onkoste van hulle onderskeie opsigliggame opgeroep word om jaarliks gedurende die laaste twee weke van Januarie by die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria aan te meld vir 'n voortgesette teologiese toerustingskursus wat praktykgerig is. As deel van voortgesette praktiese toerusting word predikante van sekere geïdentifiseerde profiel-groepe van tyd tot tyd deur Kital opgeroep om kursusse by te woon wat spesifiek vir bepaalde praktykgerigte behoeftes ontwerp word. Praktiese opleiding en voortgesette teologiese opleiding moet op paslike wys erken word.*

Die minimum vereistes vir toelating tot die BD studie soos voorgestel deur die Kuratorium is goedgekeur. Bepalings oor die toelating tot die proponentseksamen is gewysig om voorsiening te maak vir hospitering aan die Fakulteit Teologie Afdeling A in die geval van studente wat die teologiese studie elders voltooi het. Die Kuratorium is verkies uit 'n groslys van 19 persone wat deur die moderamen voorgelê is en ter vergadering aangevul is. Verkies is professor S.J. Botha, dominee W.C.M. de Beer, doktore A.J.G. Dreyer, P.J. de Beer, E.C.B. Kotze, T.F.J. Dreyer en G.C. Velthuysen.

Na aanleiding van beskrywingspunte van die kerkraad van Bergsig en die Ring van Bronkhorstspruit het die vergadering besluit om nie 'n ondersoek na geheime organisasies te onderneem nie en ampsdraers dringend versoek om hulle onvoorwaardelik los te maak van vertroulike kulturele-politieke organisasies waarvan hulle lede mag wees. In die besonder word jonger broeders vermaan om nie lidmaatskap van sodanige organisasies te aanvaar nie. Ook die volgende besluit is geneem:

> *Die volgende besluite sal by wyse van afkondiging in eredienste, deur bespreking op kerkraads- en gemeentevergaderings en tydens huisbesoek aan lidmate bekend gemaak word in 'n gesindheid van gehoorsaamheid aan die Woord van God en die Heer van die Kerk:*
>
> *1. Die vergadering spreek sy afkeur uit oor enige drukgroep binne of buite die kerk wat ter wille van persoonlike of*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

*politieke gewin op enige wyse die werk van die kerk op enige terrein probeer beïnvloed.*

2. *Die vergadering doen 'n ernstige beroep op al die ampsdraers van die Kerk om toe te sien dat geen verdagmakery of etikettering van ampsdraers en medegelowiges sal plaasvind nie.*
3. *Die vergadering roep elke lidmaat van die Kerk op om deur woord en daad daartoe mee te werk*
4. *Die eenheid in Jesus Christus binne die Nederduitsch Hervormde Kerk ongeskonde gehandhaaf word.*
5. *Die Nederduitsch Hervormde Kerk onder alle omstandighede Kerk van Jesus Christus sal bly.*

Hierdie vergadering het ook 'n besluit geneem wat sou lei tot drastiese inkorting van sinodale werksaamhede deur middel van buitengewone standplase. 'n Voorstel van die Ring van Zoutpansberg is aanvaar dat 'n rasionalisasiekomitee van sewe kundige persone benoem moet word met die doel dat heffings verminder sal word en dat die omvang en standaard van die betrokke dienste behou sal word. Insinuasies in die motivering is nie 'in alle opsigte' aanvaar nie.

### 27 Julie 1989

Die Kuratorium verkies professor S.J. Botha as voorsitter en doktor E.C.B. Kotze as vise-voorsitter. Doktor P.J. de Beer en dominee W.C.M. de Beer is verkies om saam met die voorsitter en vise-voorsitter op die dagbestuur te dien. Twaalf predikante is genomineer om as lede en sekunduslede van die eksamenkommissie op te tree.

### 01 Augustus 1989

Die Fakulteit keur die vakkeuses vir DD goed van I.M. Lombard, vir MDiv van E.J. Vledder, A.J. Pienaar, R.T.I. Pienaar en P.H. Viljoen.

Die missie van die Fakulteit is goedgekeur soos voorgelê deur professor P.J. van der Merwe. As adjunkdekaan is genomineer T.F.J. Dreyer, J.H. Koekemoer en P.J. van der Merwe. In ooreenstemming met die besluit van die Algemene Kerkvergadering is 'n regulasiewysiging goedgekeur vir die BD leerplan.

### 03 Augustus 1989

Die *Verklarende Bybel*, uitgegee deur Lux Verbi met professor A.H. van Zyl as hoofredakteur en J.P. Oberholzer en J.L. Helberg as mede-redakteurs word in Kaapstad bekendgestel. Medewerkers van Hervormde kant was A.P.B. Breytenbach, W.C. van Wyk, J.A. Loader, J.P. Oberholzer, P.M. Venter, A.J.G. Dreyer, B.J. Engelbrecht, G.M.M. Pelser en A.G. van Aarde.

### 23 Augustus 1989

Die Kuratorium neem kennis dat plaasvervangende hulp gereël is om lesings in Nuwe Testamentiese Wetenskap waar te neem in die plek van professor Pelser. Ag studente is toegelaat tot die studie en ontvang beurslenings, en ses is toegelaat sonder finansiële bystand. Die Evaluerings/Begeleidingskomitee is opnuut saamgestel met sy Akademiese, Sielkundige, Mediese, Maatskaplike en Kerklike subkomitees.

### 06 September 1989

A.G. van Aarde neem sitting op die Senaat as departementshoof Nuwe Testamentiese Wetenskap. Die Senaat wens professor T.F.J. Dreyer geluk met sy verkiesing as vise-skriba, professor J.H. Koekemoer met sy verkiesing as lid, en professor A.D. Pont met sy verkiesing as vise-voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

### 22 September 1989

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader. Die Administrateur en die skriba het opdrag gekry om 'n afskeidsfunksie vir J.P. Oberholzer te reël. Die ampstermyn van ouderling J.C. Oelofse as lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria het verstryk, en die Kommissie het sy voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, in sy plek benoem. Kennis is geneem van die herstrukturering van Kital in drie departemente, naamlik Senior Direkteur, Toerusting en Navorsing. Doktor S.P. Pretorius is benoem as direkteur van Kital, toestemming is verleen dat die Senior Direkteur, doktor L.J.S. Steenkamp, pastorale hulp verleen in Oos-Moot, en doktor P.J. de Beer is benoem as redakteur van die beplande gesinstydskrif wat die naam *Konteks* sou kry. Die rasionalisasiekomitee wat benoem is in opdrag van die Algemene Kerkvergadering, was J.P. Oberholzer (sameroeper), en ouderlinge R. Buitendag en M.F. van der Merwe, met reg van koöptering.

### 16 Oktober 1989

Doktor D.J.C. van Wyk neem sitting op die Raad van die Universiteit van Pretoria as verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

### 24 November 1989

'n Afskeidsete vir J.P. Oberholzer word aangebied in die kerksaal van die gemeente Noordelike Pretoria deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

## 1990

### 13 Februarie 1990

Die Kuratorium besluit om 'n vorige besluit soos volg te wysig: die Kuratorium versoek die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat daar na aanstelling van die Proponentseksamenkommissie 'n gesprek plaasvind tussen die Moderamen, Proponentseksamenkommissie, Dosentevergadering en Dagbestuur van die Kuratorium, dat die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering die leiding in die gesprek sal neem, dat die dekaan, die sekretaris van die eksamenkommissie en die voorsitter van die Kuratorium, of hulle verteenwoordigers, 'n memorandum vir die gesprek voorberei, en dat vorige lede van die eksamenkommissie betrek word.

Kennis is geneem dat professor P.M. Venter van 01 Februarie tot 30 Mei met navorsingsverlof sal wees en dat sy lesings waargeneem sal word deur dominees G.C. Lindeque en W.C. van Wyk junior. Die vorderingsverslae vir die tweede semester 1988 is behandel en beurse toegeken. Kennis is geneem dat professore W.S. Vorster en J.H. Robberts gedurende die jaar elkeen een seminaar-sessie as gasdosente sal waarneem in Nuwe Testamentiese Wetenskap. Kennis is ook geneem dat professor J.H. Elliott van San Francisco as gasdosent sal optree. Besluit is dat die vergadering geen beswaar het teen die hertoelating van professor G.M.M. Pelser as dienaar van die Woord nie. Gelukwense is uitgespreek teenoor studente Marius Venter en Heloise Lizemore wat albei by hulle onderskeie BA gradeplegtighede genoem is as beste presteerders in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Gelukwense is ook uitgespreek teenoor student Kathleen Smith met die ontvangs van die VSR Diensmedalje. Verslag is ontvang oor die Oriënteringskursus vir BD I studente, wat teen hierdie tyd goed gestruktureer was en gestrek het van Sondagaand 28 Januarie tot Vrydagaand 02 Februarie. Na aanleiding van die taalvaardigheidstoetse is besluit dat daar 'n gesprek moet plaasvind tussen lede van die Fakulteit Teologie Afdeling A. en die Fakulteit Letttere en Wysbegeerte. Die naam van die Evaluerings/Begeleidingskomitee is verander na Begeleidingskomitee.

Die Kuratorium het kennis geneem van 'n gesprek tussen sy voorsitter en die dekaan waar die gedagtes uitgespreek is dat daar groter aandrang moet kom dat fakulteitslede moet publiseer, doktorale studente aangemoedig moet word om in die buiteland te studeer, gasdosente genooi moet word en die voordeel wat Unisa het deur die verskeidenheid gasdosente uit die buiteland, ondersoek moet word vir benutting. Die dekaan het die Kuratorium meegedeel dat hy die indruk het dat die Fakulteit wel nog deeglik vergelyk kan word met ander fakulteite veral in Suid-Afrika, maar dat vanweë ons isolasie, klein getalle en allerlei ander faktore ons nie meer in die voorste ry is nie. Hy het verduidelik dat ons ons in 'n posisie bevind waar daar kommer bestaan of ons kan byhou op die voorpunt van die wetenskaplike beoefening van die teologie, soos wat vir 'n lang tyd die geval was. Die Kuratorium het die saak na die Dosentevergadering verwys vir aandag en rapport.

### 13 Maart 1990

Die Fakulteit verwelkom professor L.J.S. Steenkamp wat as direkteur van die SVTT die vergadering bywoon, wens professor J.H. Koekemoer geluk met sy benoeming as adjunkdekaan, neem kennis dat die simposium Bybelwetenskappe-Sistematiese Wetenskappe goed geslaag het, en spreek ook waardering uit vir die kwaliteit van die eerste twee supplementa van die *Hervormde Teologiese Studies*. Die jaarverslag meld dat drie navorsingsassistente in die Fakulteit werksaam was, dat die studentegetalle vir BD 59, vir MDiv 23 en vir DD 20 was, dat daar 47 gekeurde artikels van personeel verskyn het en dat twee simposia met sukses plaasgevind het, naamlik Bybelwetenskappe-Sistematiese Teologie en Filosofie-Teologie. 'n Nuwe rooster is in gebruik geneem met uur-lange periodes. Gewysigde leerplanne is goedgekeur vir,

Christelike Etiek
- 1ste jaar: DET400 Fundamentele Etiek, Konkretisering van die Etiek.

Dogmatiek
- 1ste jaar: DET 400 Prolegomena, Godsleer, Skeppingsleer, Voorsienigheidsleer, Die Mens.
- 2de jaar: DET500 Christologie, Soteriologie, Pisteologie.
- 3de jaar: DET600 Pneumatologie, Werklikheidsverstaan, Ekklesiologie, Eskatologie.

Ensiklopedie
- 2de jaar: ENS500 Inleiding tot die Ensiklopedie, Teologie as wetenskap, Die Teologiese Fakulteit en die Kerk, Die simbole van die Kerk binne die Teologiese Fakulteit.

Godsdiens- en Sendingwetenskap
- 1ste jaar: GSW400 Inleiding in die Godsdienswetenskap, Godsdiensgeskiedenis, Godsdiensfenomenologie, Inleiding in die Sendingwetenskap, Teologie van die Sending.
- 2de jaar: GSW500 Theologia religionum, Teologie en ideologie, Inleiding in die Evangelistiek, Sendingeskiedenis.
- 3de jaar: GSW600 Godsdiensfilosofie, Fundamentele Godsdienswetenskap, Theologia religionis, Oorsig van filosofiese en lewensbeskoulike temas wat kerk en teologie raak, Prinsipiële en praktiese vraagstellings in die Evangelistiek, Kerk en sending.

Kerkgeskiedenis en Kerkreg
- 1ste jaar: KGS400 Die geskiedenis en dogmengeskiedenis van die algemene Christelike kerk tot einde 14e eeu, Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis: Die geskiedenis van die Afrikaanse Kerke tot 1865.
- 2de jaar: KGS500 Die geskiedenis en dogmengeskiedenis van die kerke van die hervorming en die contra-reformasie in die 15e tot 17e eeu, Die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika van 1865 tot 1920 met verwysing ook na die geskiedenis van die ander twee Afrikaanse kerke, Die historiese agtergronde van die kerkreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1542–1619, Die algemene beginsels van die reformatoriese kerklike reg.
- 3de jaar: KGS600 Die geskiedenis van die Nederlandse kerklike wêreld 1400–1950 met verwysing na kerklike ontwikkelinge in die res van Europa, 'n Inleiding tot die geskiedenis van die moderne ekumeniese beweging met 'n inleiding tot die moderne samelewingsteologieë, Die historiese agtergronde van die kerkreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1652–1950, 'n Inleiding tot die kerkbegrip van die kerkwet van die NHKA.

Nuwe Testamentiese Wetenskap
- 1ste jaar: NTW400 Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek I, Inleiding tot die Nuwe Testament: Algemene inleiding, Prinsipiële kanoniek, kanongeskiedenis en –kritiek, Teksgeskiedenis en –kritiek, Inleidng tot die Sinoptiese Evangelies en Handelinge, Eksegese en teologie van die Markusevangelie.
- 2de jaar: NTW500 Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek II, Sosiologie van die Nuwe Testament, Inleiding tot die Corpus Paulinum, Eksegese en teologie van geskrifte uit die Corpus Paulinum, Teologiese temas: Christologie, gelykenis- en wonderwerkinterpretasie, Teologie van die Nuwe Testament.
- 3de jaar: NTW600 Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek III, Inleiding tot die Johannese literatuur, Algemene Briewe en Openbaring, Eksegese en teologie van gekrifte in hierdie groep, Eksegese en teologie van die Matteusevangelie en die Lukaanse korpus, Teologiese temas: Pneumatologie, ekklesiologie, etiek en sakramente, Bybelse Teologie.

Ou Testamentiese Wetenskap
- 1ste jaar: OTW400 Die agtergrond van die Ou Testament, Die geskiedenis van Israel en Juda, Die bronne vir die kennis van die agtergrond van die Ou Testament, Argeologie van die Ou Testament, Inleiding tot die Ou Testament: Inleiding tot die vak, Die geskiedenis van die teks van die Ou Testament, Die kanon van die Ou Testament, Die boeke Josua tot Konings, Die boeke Kronieke, Esra, Nehemia; Eksegese van die Ou Testament: Inleiding tot die vak, Eksegese van verhalende literatuur; Ou Testamentiese Teologie: Inleiding tot die vak.
- 2de jaar: OTW500 Inleiding tot die Ou Testament: die professoreteboeke, die Psalms; Eksegese van die Ou Testament: Eksegese van liedere-lteratuur, Eksegese van profete-literatuur, Evaluering van eksegetiese resultate; Ou Testamentiese Teologie: Geskiedenis van die vak, Metodiek van die vak, Eksegese en Teologie; Hermeneutiek van die Ou Testament: Inleidng tot die vak, Skrifbeskouing: Die Ou Testament.
- 3de jaar: OTW600 Inleiding tot die Ou Testament, Die boeke Job, Spr, Pred, Hoogl, Rut. Kl, Dan, Est, Die boeke Gen tot Deut, Eksegese van die Ou Testamentiese Wysheidsliteratuur, Pentateugliteratuur, Apokalitiese Literatuur, is evaluering van eksegetiese resultate; Ou Testamentiese Teologie: Temas in die Bybelse Teologie; Hermeneutiek van die Ou Testament: Skrifbeskouing, Hermeneutiek in praktyk.

Kennis is verder geneem dat die dekaan goedkeuring verleen het vir die BA Hons studie deur H. Lizemore, J.C. Marnewick, D. Botha, F.H. Ras, J.F. van der Merwe en A. Brits.

Die Dosentevergadering het reëlings gefinaliseer vir die V.T.T. kursus in die lokale van die Fakulteit.

Daar is besluit dat die inisiatief vir die reëling van 'n Rautenbach-gedenklesing by die Fakulteit, Afdeling A, sal bly en dat die eerste

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

lesing georganiseer sal word deur die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek. As temas vir die 75 jarige fees van die Fakulteit is gekies: 'n Historiese terugblik op die Fakulteit en sy lede en 'n teologiese getuienis ten opsigte van die tyd en omstandighede wat hierdie Fakulteit tegemoet gaan. Die eerste simposium Bybelwetenskap-Sistematiese Teologie sal plaasvind op 09 Maart 1990. Die dekaan het gerapporteer dat 'n nuwe reëling getref is vir Praktiese Afrikaans en dat professor J.P. Botha van Unisa reeds daarmee begin het.

**23 Maart 1990**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur'n kanselboodskap, opgestel deur professor A.D. Pont op vesoek van die Moderamen, goed. Daarin kom onder andere die volgende voor:

> *Vir ons kerk, ons volk, ons land en al sy mense het 'n uiters ernstige, beslissende moment in die geskiedenis aangebreek. Van alle kante kom die aandrang: Wat sê die kerk? Verdeeldheid en verbittering sny diep en seer. Aan weerskante is soms teleurstelling oor wat vanuit of namens die kerk gesê word of nie gesê word nie.* […] *Daar moet nie van die Nederduitsch Hervormde Kerk of die kerklike leiding verwag word om, hoe verbloem of openlik ookal, partypolitieke keuses te maak nie. Die kerk glo steeds dat as hy sy taak van evangelieverkondiging reg vervul, lidmate op grond van dié prediking tot eie, volwasse politieke keuses sal kom. Die kerk mag nie verlaag word tot net nog 'n politieke party of drukgroep nie. Die kerk moet 'n reserwe teenoor elke politieke beleid of stelsel behou. Anders kan hy sy roeping as kerk nie meer vervul nie. As die kerk hom resloos met 'n politieke rigting vereenselwig, is wat ons hoor nie meer die stem van die kerk in die wêreld nie maar die stem van die wêreld in die kerk. Wat in dié tyd wel van die kerk verwag kan word, is om kerk te bly en te volhard in prediking en voorbidding; oproep tot daaglikse bekering en verootmoediging voor God; vertroosting in alle benoudheid en angs. […] Laat ons alle selfsug afsterf, in ons werk, die kerklike en gesinslewe. So ook die partyskap, geskinder en twis.*

[Hierdie Kanselboodskap, gelees binne sy konteks, het as agtergrond en ondertoon blykbaar die gedagte weerspieël dat die vorige bedeling in die kerk hom 'resloos met 'n politieke rigting vereenselwig het,' en nou, nadat 'n groep met bepaalde politieke oortuigings en met 'n goed georganiseerde veldtog vóór die Algemene Kerkvergadering suksesvol in die kerkleiding gevestig geraak het, nou 'moet die kerk 'n reserwe teen elke politieke beleid of stelsel behou.' Dat dit inderdaad so verstaan is, minstens by sommige, blyk uit die skrywes van die kerkraad van Port Elizabeth en die Ring van Bloemfontein, waarskynlik geïnstigeer deur dieselfde persoon, wat die Kommissie bedank het vir die boodskap wat 'n 'duidelike en eerlike standpuntinname is ten opsigte van die nie-deelname van ons kerk in die mengelmoes van interkerklike indaba wat dan kwansuis sal lei tot 'n beter Suid-Afrika,' of volgens die Ring 'die globale interkerklike staatkundige gespreksindaba.' Die kerkrade van Kaapstad en Stellenbosch aan die ander kant, het dele van die boodskap gesien as partypolitieke uitsprake en nie as 'n herderlike skrywe nie.

Die volgende Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat daar kerkrade is wat nie die kanselboodskap en herderlike skrywe laat voorlees het aan die gemeentes nie omdat daar nie met alle standpunte saamgestem word nie, en het besluit dat dit wel gedoen moet word tydens altwee eredienste op 'n bepaalde Sondag en dat besware daarna met die Kommissie opgeneem moet word.]

Die Kommissie het, nadat kommentaar ontvang is van 'n aantal Ringskommissies en die Kerkraad van Meyerspark, vir professor G.M.M. Pelser hertoegelaat as predikant en die proponentseksamenkommissie opdrag gee om volgens die bepalings te handel. Kennis is met instemming geneem dat predikante spesialistehulp kan verleen in die Fakulteit. Volgens 'n opgawe van die dekaan het dominee J.C. van die Merwe voorligting gegee oor jeugwerk, meneer B.D. Bierman oor kerksang, dominee P.L. Steenkamp oor media, dominee W.J. Coetzer oor bejaardesorg, dominee J. Coetzee oor siekepastoraat, doktor J.G.M. Dreyer oor geloofsbou, doktor S.P. Pretorius oor huisbesoek, meneer M. Dreyer oor chemiese afhanklikheid, dominee C.J.A. Simpson oor pastorale beraad, mejuffrou A.Venter oor gemeentelike finansies, meneer L. de Munnik oor kerklike administrasie, dominee P.A. Geyser oor Kital, dominee R.J. Coertze oor diakonale diensgroepe.

**15 Junie 1990**

In die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is professor Pelser gelegitimeer en beroepbaar gestel. Die Kommissie het die Kuratorium versoek om die tweede pos in Nuwe Testamentiese Wetenskap opnuut te evalueer en te motiveer. Die vergadering het verslag ontvang van die gesprek van die Moderamen met lede van die Dosentevergadering, die Kuratorium en die proponentseksamenkommissie en 'n reëling vasgestel waarvolgens die senior direkteur van Kital, wat ook direkteur van die SVTT is, benoem moet word. Die vergadering het ook kennis geneem van die eerste verslag van die rasionalisasiekomitee. Hierdie vergadering het ook 'n konsep herderlike skrywe goedgekeur met die titel *Kerk en Politiek*. Daarvan is 60 000 eksemplare gedruk en aan gemeentes en die pers versprei. [Die stuk het in sy gedrukte vorm 26 bladsye beslaan en is in wese 'n samevatting van kerklike uitsprake oor die onderwerp oor 'n lang tydperk maar duidelik met die nuanse van die 'ander' benadering van die kant van die Kommissie in vergelyking met sy voorganger.]

**23 Julie 1990**

Die Dosentevergadering bespreek 'n skrywe van die Kuratorium wat versoek dat antwoord verskaf word op vrae van die Rasionalisasiekommissie oor die proses van rasionalisering in die Fakulteit en die missie van die Fakulteit. Die vergadering versoek dat begin word met die ontvriesing en vulling van die tweede pos in Nuwe Testamentiese Wetenskap en neem kennis dat 'n tweede Fakulteitsberaad beplan word in die Nasionale Krugerwildtuin vir 12–15 September 1990.

**31 Julie 1990**

Die Fakulteit ken die Nico Prinslooprys toe aan E.C. Kloppers en J.F. van der Merwe gesamentlik, nomineer professore T.F.J. Dreyer en J.H. Koekemoer as plaasvervangende dekaan, en vir T.F.J. Dreyer, J.H. Koekemoer en J.P. Oberholzer as dekaan, keur die gewysigde proefskrif-onderwerp van P. van Staden goed, naamlik *Compassion–the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolical universe in the ideology/theology of Luke,* keur die vak-keuse van P.J.E. Botha vir DD goed, en ook die gewysigde reglement vir die SVTT.

**22 Augustus 1990**

Die Kuratorium besluit om aan te beveel dat die tweede pos in Nuwe Testamentiese Wetenskap so gou moontlik ontvries en gevul word. Kennis is geneem van 'n verslag van die dekaan oor rasionalisasie in die Fakulteit en van die missie van die Fakulteit. Kennis is geneem dat professor T.F.J. Dreyer vanaf 01 Mei 1991 tot 30 September 1991 op studieverlof sal wees. Volgens 'n verslag van die dekaan oor die akademiese jaar 1989 was daar 22 persone as hulpdosente betrokke en het die personeel altesame 57 wetenskaplike publikasies gelewer. Kurrikulering vir die BD studie en die SVTT program is afgehandel en studiehandleidings

is in al die departemente in gebruik. Daar was 59 BD studente, 23 MDiv studente en 20 doktorale studente. Op aanbeveling van die Begeleidingskomitee is ag studente toegelaat en beurslenings aan hulle toegeken, en ses is toegelaat sonder beurslenings.

**05 September 1990**

Die Senaat herbenoem doktor W.C. van Wyk as verteenwoordiger van die Senaat op die Raad en as lid van die Dissiplinêre Komitte (Studente).

**14 September 1990**

Die Kurrikulumkomitee vergader in die Oswald Pirow kamp, by die Nasionale Kruger Wildtuin. Beleidsuitgangspunte vir voortgesette onderwys soos aanvaar deur die Senaat is bespreek. Daar is besluit om 'n kursus in navorsing en navorsingsontwerp vir alle M en D studente in te stel en om dit verpligtend te maak. J.H. Koekemoer, T.F.J. Dreyer en P.J. van der Merwe is as komitee aangewys om 'n beleidsdokument 'Riglyne vir Nagraadse Studie' te skryf. Nog 'n komitee is benoem om ondersoek in te stel na die finansiering van nagraadse studie. Oor MDiv skripsies en DD proefskrifte is besluit dat 'n kandidaat die finale konsep van sy skripsie of proefskrif-gebaseerde artikel aan die redaksie van *Hervormde Teologiese Studies* moet voorlê vir oorweging en evaluering en dat die evaluering aan die studieleier beskikbaar gestel moet word vir voorlegging aan die eksamenpaneel. Besluit is ook dat alle vaste dosente die BD skripsieseminare moet bywoon. 'n Nuwe rooster is deur die dekaan voorgelê waarvolgens die onderskeie departemente se kursusse in blokke afgehandel word. Dit is na uitgebreide bespreking aanvaar om vanaf 1991 te inplementeer.

**21 September 1990**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat die tweede pos in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap ontvries word en dat die Kuratorium so gou moontlik moet vergader om 'n benoeming te maak. [In sy Novembervergadering het die Kommissie egter weer besluit dat die pos gevries moet bly.]

In 'n buitengewone vergadering saam met die Raad van Finansies het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op aanbeveling van die Rasionalisasiekomitee besluit om ses sinodale standplase op te hef sodra daar vakatures ontstaan.

**22 Oktober 1990**

Die rektor, professor D.M. Joubert, besoek die Dosentevergadering en voer 'n lang gespek oor die opleiding, belangstellings en navorsingsrigtings in die Fakulteit.

**30 November 1990**

Die vaste dosente sluit die werksaamhede van die jaar gesellig af op Rietbokhoek, Vaalwater as gaste van die dekaan en mevrou Oberholzer.

## 1991

**06 Februarie 1991**

Die Dosentevergadering ontvang verslag van die Feessimposiakomitee en besluit dat die Fakulteit ook 'n eie simposium moet reël met die tema kerklik-teologiese opleiding in Suid-Afrika ná 2000. Kennis is geneem dat mevrou Van Selms 'n foto van professor Van Selms beskikbaar gestel het vir die Van Selms Leeskamer en ook R 2000 daarvoor bygedra het.

Kennis is geneem dat die VTT kursus in November 1990 goed verloop het. Die vergadering het verder gewerk aan 'n memorandum oor die keuring, voortgesette evaluering en begeleiding van teologiese studente vir voorlegging aan die Kuratorium.

**06 Maart 1991**

Die Kuratorium neem kennis dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit het dat die tweede pos in Nuwe Testamentiese Wetenskap vir eers nog bevries moet bly. Kennis is ook geneem van die verslag van A.D. Pont en J.J. Steenkamp oor hulle bywoning van die vyfde vergadering van die Internasionale Kongres vir Calvyn-navorsing in Grand Rapids en voorafgaande navorsing in Münster, en van A.G. van Aarde oor sy bywoning van die konferensie van die Society of Biblical Literature in Wenen, waar hy 'n referaat gelewer het.

Die dekaan het verslag gedoen oor die akademiese program vir 1991:

1. *Rasionalisasie: Die Fakulteit het uit eie beweging en met inagneming van die omstandighede en vooruitskouings ten opsigte van die ekonomie, die kerklike demografie en die neigings in die tersiêre onderwyssektor, reeds vanaf 1987 maatreëls getref om met 'n beperkte personeelstaat nogtans te beweeg in die rigting van optimalisering van beskikbare hulpbronne. Dit het ingesluit:*
   - *1.1 Kurrikulering met as uitgangspunt die profiel van die predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk.*
   - *1.2 Studiehandleidings en kernaantekeninge met die oog op groter selfwerksaamheid deur studente onder leiding van dosente.*
   - *1.3 Verminderde lesingtye en invoering van meer seminare en besprekingsklasse.*
   - *1.4 Vermindering van die personeelstaat.*
   - *1.5 Gebruik van hulpdosente op groter skaal.*
   - *1.6 Organisasie van die praktiese opleiding van studente.*
   - *1.7 Vestiging van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting.*
   - *1.8 Organisasie en groter klem op navorsing en wetenskaplike publikasies.*
   - *1.9 Uitbouing van die Hervormde Teologiese Studies tot 'n hoogstaande teologiese tyskrif, met supplemente.*
   - *1.10 Verhoging van die nagraadse komponent van studente-inskrywing.*
   - *1.11 Die instelling van simposia en studiegroepe.*
   - *1.12 Groter deelname aan binnelandse en buitelandse vakbyeenkomste.*
2. *Herindeling van akademiese jaar: Waar in die verlede feitlik die hele Junie, Oktober en November deur tentamens en eksamens in beslag geneem is, en die praktiese opleiding ook nog elke Vrydag in beslag geneem het, word vanaf 1991 'n nuwe rooster gevolg wat die akademiese jaar verleng tot 36 weke teenoor die ongeveer 24 van vroeër, terwyl eksamens net 12 dae in beslag neem.*
3. *Werklading van dosente: Sowel die rasionaliseringsprogram as die nuwe onderrigprogram stel besonder hoë eise aan die voltydse dosente. Die klem op selfwerksaamheid van studente eis meer tyd van dosente ten opsigte van voorbereiding van handleidings, kurrikulering en begeleiding. Die hoë nagraadse studentetal en die voortgesette opleiding van predikante het bykomende laste gebring wat in sommige departemente tot 'n maksimum gevoer is. Die publikasie-uitset van ons Fakulteit vergelyk goed met ander, terwyl die gehalte van Hervormde Teologiese Studies wye erkenning geniet. Die hulp wat deeltydse dosente bied op die vlak van onderrig-aanbieding, is van groot waarde maar moet steeds beskou word as noodhulp, by gebrek aan meer voltydse dosente.*
4. *Samevatting: Ek meen dat met die maatreëls wat getref is, die Fakulteit op 'n hoë vlak van werkverrigting en produksie funksioneer.*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

Die onderrigprogram wat by die verslag aangeheg is, het laat blyk dat 'n blokstelsel ingevoer is waarvolgens 'n vak aan 'n jaargroep volledig aangebied is oor 'n tydperk van een maand, gevolg deur vier dae voorbereiding en daarna twee dae eksamen. Verder was daar op die rooster voorsiening vir godsdiensoefening een maal per week, 'n tweeweeklikse dekaansperiode, tweeweeklikse Bybelstudie, weeklikse seminare, skripsieseminare en klaspreke, en vier tydperke van praktiese opleiding in Januarie, Junie, Julie en November.

**12 Maart 1991**

Die jaarverslag van die Fakulteit gee 'n uitvoerige oorsig van werksaamhede. Naas die nege voltydse dosente was as deeltydse dosente betrokke in Dogmatiek en Christelike Etiek J. Buitendag, R.M. Naude en D.J. Smith, in Godsdiens- en Sendingwetenskap E. Engelbrecht, J.D. Gericke, H.G. van der Westhuizen en D.J.C. van Wyk, in Kerkgeskiedenis en Kerkreg J.J. Steenkamp, J.P. Labuschagne, J.M.G. Storm, S.P. Pretorius en B.J. van Wyk, in Nuwe Testamentiese Wetenskap E. van Eck, P.A. Geyser, P. van Staden en P.B. Boshoff, in Ou Testamentiese Wetenskap W.C. van Wyk, A.A. da Silva, L.C. Bezuidenhoiut en P.M. Venter, in Praktiese Teologie M.J. du P. Beukes en J.A. van Biljon. Daar was 25 wetenskaplike publikasies, en die proefskrifte van P. van Staden, G.J.J. Labuschagne, H.J. Botes en B.J. van Wyk is aanvaar. Naas plaaslike simposia en kongresse het A.D. Pont en J.J. Steenkamp die Vyfde Internasionale Calvynkongres in Grand Rapids bygewoon en A.G. van Aarde die SBL in Wenen. Daar was ses besoekende dosente. A.G. van Aarde en P.J. van der Merwe het as gasdosente elders opgetree en A.G. van Aarde het drie toekenningsvan die R.G.N. ontvang. Die studentegetalle het gestaan op 69 vir BD, 23 vir MDiv en 24 vir DD. Die vak-keuse van D.M. van Zyl vir MDiv is goedgekeur.

Die Dosentevergadering besluit om 'n jaarlikse kursus in navorsing en navorsingsontwerp in te stel en gee aan A. van Aarde en A.D. Pont opdrag om so 'n kursus voor die einde van 1991 te skryf en te implementeer. Komitees is aangewys om 'n beleidsdokument *Riglyne vir Nagraadse Studie* te skryf en om ondersoek in te stel na die finansiering van nagraadse onderrig en studie. Die vergadering het ook 'n verslag van professor P.J. van der Merwe bespreek oor die uitslag van 'n onvoorbereide algemene begripstoets afgeneem op 23 April 1990 in die sesdejaarklas. Studente is versoek om bepaalde teologiese terme te beskryf. Die uitslag was teleurstellend en is deur die Dosentevergadering aanvaar as 'n vingerwysing vir die opleiding.

**22 Maart 1991**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat Dominee J.C. de Lange se aansoek om emeritaat vanaf 10 April 1991 goedgekeur word en dat professor T.F.J. Dreyer hom opvolg as skriba, en dat doktor S.P. Pretorius lid word van die Kommissie. Doktor Pretorius is verkies as vise-skriba. Die Kommissie het ook kennis geneem dat professor Van Aarde uitgenooi is om in die VSA aan 'n studieprojek deel te neem en as gasdosent op te tree by die Instituut vir Ekumeniese en Kulturele Navorsing in Collegeville, Minnesota. Die Kommissie het hom gelukgewens en die Administrateur gevra om vas te stel of daar fondse beskikbaar is om Van Aarde finansieel te steun vir die besoek. Die Kommissie het verder 'n besluit van die Moderamen goedgekeur wat beteken het dat voortaan slegs 50% van die studiegelde deur 'n beurslening befonds sal word. Die Kommissie het ook kennis geneem van die beplanning met die oog op die viering van die 75ste bestaansjaar van die Fakulteit. Daar is voorts besluit dat onderhandelinge met die Universiteit van Pretoria aangeknoop moet word met die oog op die moontlike akkredtitering van HTO by die Universiteit. 'n Kommissie is benoem om voorlopige onderhandelinge aan te knoop.

**25 April 1991**

Die Dosentevergadering bespreek 'n verslag van die Proponentseksamenkommissie en kom tot die gevolgtrekking dat daar aandag gegee moet word aan die vraag wat 'n preek veronderstel is om te wees, aan die verskillende teologiese en vroomheidrigtings in die kerk en die probleem om enigsins verandering te bring in die reeds vasgelegde vroomheid van studente wat inskryf. Die vergadering het ook die knelpunte en voordele van die nuwe onderrigstruktuur bespreek.

**01–02 Mei 1991**

Die Dosentevergadering hou 'n kurrikulêre werksvergadering en voer diskussie oor selfevaluering, die toekoms van ons teologie, opleidingsmodelle en strategie. Die vise-rektor en aangewese rektor, professor Flip Smit, het op uitnodiging die vergadering besoek en 'n oorsig gegee van knelpunte en moontlikhede in die universiteitswese. Oor teologie het hy onder andere gesê:

> *Wat hom betref, hou die blote konsep van die universiteit in dat daar 'n teologiese fakulteit sal wees. Hy sien dit egter essensieel as nie-kerklike opleiding. Die kerke is welkom om naas die teologiese opleiding hulle eie afrondingskursusse aan te bied en toelatingseksamens te vereis.*

Professor Smit het daarna geantwoord op vrae, en ná sy vertrek het die vergadering sy mededelings bespreek. Daar is genoem dat rasionalisasie 'n prioriteit sal bly en dat onderrig in hoë mate met Afdeling B. gedeel kan word, dat deeltydse opleiding naas die voltydse opleiding oorweeg moet word, die beginsel van breë gemeenskapsdiens aanvaar moet word, en dat modulering dringend nodig is. Wat teikengehoor betref, is gestel dat naas kandidate vir bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk vir enige buitepersoon voorsiening gemaak moet word. As minimum vereistes vir die profiel van die afgestudeerde is gestel akademies iemand wat met sy kwalifikasie gelykstaan aan enige vergelykbare persoon in die wêreld, kerklik iemand wat op die intreevlak van predikantskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk kan toetree. Wat vorming betref, is genoem 'n gekonsentreerde vormende kursus na afloop van die basiese teologiese kursus. Akkreditering en akkomodering van die HTO is ook op die agenda geplaas.

**08 Mei 1991**

Die dagbestuur van die Kuratorium vergader saam met professore Oberholzer en Van der Merwe om 'n memorandum van die Dosentevergadering te bespreek oor die toesigverantwoordelikhede van die twee liggame, die aanvanklike en voortgesette evaluering van studente en die toesig oor die student.

**15 Mei 1991**

Die Senaat verwelkom professor J.J. Engelbrecht as hoof van die Departement Bybelkunde vanaf 01 Januarie 1991 en wens professor A.D. Pont geluk met die uitnodiging om 'n referaat te lewer op die Internasionale Calvynkongrees in Michigan, VSA.

**16 Mei 1991**

Die Dosentevergadering neem kennis van 'n memorandum oor konsepbeleid in verband met die navorsingsmissie van die Fakulteit. Onder die hoof 'Noodsaaklikheid en aktualiteit van navorsing' word gestel:

> *Die kerk is 'n organisme in die wêreld. Die eiesoortigheid en die selfstandigheid van die kerk in onderskeid met ander organismes het vanweë onbeheerde sekularisasie vervaag. Predikantswerk, bv, het in 'n groot mate naïewe maatskaplike werk geword. Die verwagtings wat lidmate aan die predikant stel, veroorsaak 'n diskrepansie tussen akademiese opleiding en praktiese*

Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*rolvervulling. Teologiese praxis het verskuif na bestuurskundigheid met die gevolg dat 'n akademiese opleiding van predikante sonder die aanleer van toerustingsvaardigheid ontoereikend is. Heelwat predikante wat veronderstel is om gesaghebbende draers van die evangelie van die Gestuurde van die Gans-Andere te wees, is terselfdertyd kultuur-, volks- en nasionaal-ideologiese propagandiste en is dikwels selfs net soos die politici wat eerder in die verkryging en handhawing van mag geïnteresseerd is as in diensknegskap. Baie buitekerklikes en ook kerkmense vertrou derhalwe nie meer die kerk nie. Die verkondiging van die evangelie word met byklanke gehoor en verloor baie aan egtheid. Die kerk beleef 'n geloofwaardigheidskrisis. Die onsekerheidsbeginsel in hedendaagse wetenskapsbeoefening is vir die teologie 'n verleentheid, terwyl die geleenthede wat relatiwiteit, relasionaliteit, pluraliteit en ambiguïteit in Bybelinterpretasie en in kerklike praxis oor die algemeen bevat, nie geëksploiteer en benut word nie. Dié verleentheid mond onder andere uit in 'n godsdienssin wat opgaan in intellektualistiese dogmatisme, pragmatistiese metodisme of emosionele evaringsgodsdiens. Daar is groot onduidelikheid oor hoe God in sy skepping teenwoordig is, hoe geloof ervaar word, watter rol die erediens in die geloofsgemeenskap vervul, die roeping en taakvervulling van die onderskeie ampte, die inhoud van die priesterskap van die gelowiges, die taak en relevansie van die kerk ten opsigte van die sosio- en eko-politiek, die plek van die teologie aan die universiteit en oor vele sake meer.*

Die vergadering het terugvoering ontvang vanaf die studente oor die blok-onderrigstruktuur en het besluit om 'n dag tussen die twee dae van die eksamens in te voeg.

### 21 Junie 1991

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat drie studente in die 1990 eindksamen nie in al die vakke geslaag het nie en keur die besluit van die Kuratorium goed dat hulle die vakke moet herhaal asook hulle proefpreke.

### 30 Julie 1991

Die Dosentevergadering neem kennis dat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ook die plek van die geesteswetenskappe aan die universiteit as kongrestema gekies het en besluit om na afloop van daardie kongres weer oor die saak te handel. Die inleweringsdatum vir die *Hervormde Teologiese Studies* feesartikels word vasgestel. As gesamentlike navorsingsprojek vir 1992 is gekies 'Die geskiedenis, stand en toekoms van teologiebeoefening in die onderskeie departemente van die fakulteit.'

### 15 Augustus 1991

Die Dosentevergadering bespreek 'n uitvoerige memorandum van professor L.J.S. Steenkamp oor die vormingstaak van die Dosentevergadering ten opsigte van toesig, begeleiding en voortgesette evaluering van teologiese studente. Die vergadering keur ook 'n konsep beskrywingspunt oor die toekoms van die opleiding, opgestel deur J.P. Oberholzer, goed vir deursending na die Kuratorium. 'n Beskrywingspunt oor wysiging van Bepaling 63(a), opgestel deur A.G. van Aarde, is ook goedgekeur vir deursending.

### 03 September 1991

Die Kuratorium besluit na oorweging van 'n voorlegging deur die dagbestuur om by die Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat net hoofde van departemente of hulle verteenwoordigers sitting op die Kuratorium sal hê en dat die Kuratorium ná 'n vergadering waarop adviserende lede advies uitgebring het, kan besluit om afsonderlik te vergader. Kennis is geneem dat die Raad van Finansies R4000 bewillig het uit 'n erflating vir aanwending by die toekenning van pryse in die fakulteit, dat die voltydse dosente op 03 Mei deur die Kuratorium onthaal is in die kerksaal van Philadelphia, dat J.P. Oberholzer vakansie- en studieverlof neem van 04 Julie tot 08 November 1991, dat die Beurskomitee vorderingsverslae behandel en beurse toegeken het, Die Begeleidingskomitee het aanbeveel dat ag studente toegelaat word met beurslenings en vyf sonder beurslening. Die vergadering het ook gehandel oor 'n beskrywingspunt van die Dosentevergadering vir die Algemene Kerkvergadering oor die toekoms van die Fakulteit. 'n Bandopname van die bespreking is gemaak en by die Agenda van die vergadering van 22 Januarie 1992 gevoeg.

### 14 Oktober 1991

Die Raad besluit om die eregraad DD aan professor B.J. Engelbrecht toe te ken.

### 02 November 1991

Op die Inligtings- en Besprekingsvergadering het ouderling Riekert van Randburg gesê dat onder lidmate van die kerk daar ook ander belewenisse van die huidige situasie bestaan as dié wat in die herderlike skrywe weerspieël word.

> *Die kerk leef en werk in 'n heterogene gemeenskap. Tog gaan die kerk in sy bediening selektief te werk. Die apostolaat word die voorliefde van 'n klein groepie mense in die kerk , maar is nog nie deel van die kerk oor sy hele lewe nie. Artikel III en die volkskerkgedagte skep die indruk dat dit gebruik kan word om bepaalde doelwitte te bereik. Die kerk beweeg baie naby aan die grens om homself diensbaar te stel aan die propagering van Afrikaner nasionalisme.*

Die voorsitter het daarop gerageer deur te sê dat hy dit beskou as 'n mededeling namens andersdenkendes, en hulle moet aantoon in watter opsigte daar afgewyk is van die standpunte van die kerk.

### 29 November 1991

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het goedgekeur dat professorf A.D. Pont en J.P. Oberholzer met vervroegde emeritaat mag gaan op 31 Januarie 1992 en as voltyds-tydelike dosente sal optree tot einde 1992. Beoogde wetgewing het die moontlikheid geskep dat hulle gratifikasie andersins in gedrang sou kon kom.

## 1992

### 22 Januarie 1992

Op 'n buitengewone vergadering besluit die Kuratorium om die beskrywingspunt van die Dosentevergadering oor die toekoms van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria as voorstel te inkorporeer by sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering.

### 05 Februarie 1992

Die Dosentevergadering neem kennis van 'n erflating wat vir dié doel aangewend kan word en besluit oor pryse vir toekenning tydens gradeplegtighede:

- *Beste BD student oor al drie jare, gekoppel aan die naam van die erflater*
- *Beste student oor drie jaar in Nuwe Testamentiese Wetenskap: Die Greyvenstein-prys*
- *Beste student oor drie jaar in Praktiese Teologie: Die J.I. deWetprys*
- *Beste student oor drie jaar in Godsdiens- en Sendingwetenskap: Die HPWolmaransprys*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

- *Beste student oor drie jaar in Dogmatiek en Christelike Etiek: Die P.J. Mullerprys*
- *Beste student oor drie jaar in Ou Testamentiese Wetenskap: Die B. Gemserprys*
- *Beste student oor drie jaar in Kerkgeskiedenis – die Kerkhistoriese Genootskap moet geraadpleeg word*

Die eerste stap is ook geneem in die rigting van instelling van 'n MDiv graad. Professor T.F.J. Dreyer is versoek om 'n memorandum voor te lê. Kennis is geneem dat die BD Oriënteringskursus goed verloop het en dat die voorstel oor aanbieding van Godsdienswetenskap in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte reeds 'n pad geloop het . Daar is besluit dat Studentesake voortaan 'n vaste punt op die agenda sal wees en dat die praeses van Vanderhoff en 'n verteenwoordiger uit elke BD jaar die betrokke deel van die vergadering moet bywoon.

**25 Februarie 1992**

Die Kuratorium neem kennis dat professor T.F.J. Dreyer met studieverlof sal weesvan 24 Augustus tot 27 November 1992 en dat sy lesings en praktika waargeneem sal word deur professor M.J. du P. Beukes en dominee J. Coetzee. Daar is besluit om die H.C.M. Fourie Erepenning toe te ken aan professore F.J. van Zyl en H.G. van der Westhuizen.

**06 Maart 1992**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat die tweede professoraat in Ou Testamentiese Wetenskap nie gevul word nie na die emeritaat van J.P. Oberholzer.

**10 Maart 1992**

Die Fakulteit nomineer professore T.F.J. Dreyer en J.H. Koekemoer as dekaan in die vakature wat gelaat is deur die aftrede van J.P. Oberholzer op 31 Januarie 1992. Daar is kennis geneem dat die reglemente vir die volgende pryse deur die dekaan goedgekeur is: Nico Prinlooprys vir Ou Testamentiese studies, Greyvensteinprys vir Nuwe Testamentiese Wetenskap, J.I. deWetprys vir Praktiese Teologie, H.P. Wolmaransprys vir Godsdiens- en Sendingwetenskap, P.J. Mullerprys vir Dogmatiek en Christelike Etiek, B. Gemserprys vir Ou Testamentiese Wetenskap, Dekaansprys vir die beste BD skripsie, A.D. Pont prys vir Kerkgeskiedenis.

Die jaarverslag meld dat naas die elf voltyse dosente (wat SVTT en Bybelkunde insluit), die volgende deeltydse dosente werksaam was: in Dogmatiek en Christelike Etiek J. Buitendag, I.W.C. van Wyk, M.D. Robbertse, in Godsdiens- en Sendingwetenskap E. Engelbrecht, J.D. Gericke, H.G. van der Westhuizen, D.J.C. van Wyk, in Kerkgeskiedenis J.J. Steenkamp, J.P. Labuschagne, J.M.G. Storm, S.P. Pretorius, B.J. van Wyk, in Nuwe Testamentiese Wetenskap E. van Eck, P.A. Geyser, P. van Staden, P.B. Boshoff, G.M.M. Pelser, in Ou Testamentiese Wetenskap W.C. van Wyk, A.A. da Silva, P.M. Venter, in Praktiese Teologie M.J. du P. Beukes, J.A. van Biljon. Die proefskrifte van P.B. Boshoff, W.H. Oliver, J.H. Breytenbach en F.J. Boshoff is aanvaar. Naas bywoning van plaaslike simposia en kongresse deur dosente het A.G. van Aarde deelgeneem aan die Context Group Project on the Bible in its Cultural Environment in Portland, VSA Daar was 36 MDiv en 20 DD studente.

Die Dosentevergadering bespreek reëlings vir die ingebruikneming van die Van Selms Leeskamer op 30 April 1992 en die Hermeneutiese Studiegroep se beraad op Rietbokhoek 7–9 Mei 1992.

**30 April 1992**

Die Van Selms Leeskamer word in gebruik geneem in die Teologiegebou by die Universiteit van Pretoria. Die boekery daarin het ontstaan uit die skenking van Van Selms se volledige boekery aan die Merensky Biblioteek, maar wat nie alles daar opgeneem kon word nie. Dié wat nie daar opgeneem is nie, is toe geplaas in die Leeskamer, en aangevul deur professor C.H. Rautenbach se boekversameling en dié van die Van Der Hoff Teologiese Vereniging. Die Predikantevergadering het geld geskenk vir die inrigting van die lokaal en die bind van tydskrifte en oordrukke, en mevrou Van Selms het haar man se tikmasjien en woordeboek geskenk asook 'n ruim kontantbedrag. Die rektor, professor P. Smit, het by die ingebruikneming onder andere gesê: 'Ons het hier gekom by 'n konsep waarin die inspirasie tot akademiese voortreflikheid, studieruimte, lees- en seminaarkamer en blywende herinneringe aan 'n uitnemende akademikus tot een verbind is.' Die kinders van professor Van Selms was teenwoordig by die geleentheid. Mevrou Van Selms is oorlede enkele dae voor die ingebruikneming. Die boekery in die Leeskamer, wat later grotendeels gevestig is in die Barton Keep gebou langs die Dirk van der Hoffgebou in Jacob Marestraat, is steeds aangevul deur skenkings van uitgetrede dosente.

Die Dosentevergadering besluit om die beraad van 7–9 Mei te verskuif na die kerkgebou van Wapadrant. 'n Mosie van roubeklag is aanvaar met die afsterwe van mevrou Van Selms. Professore Koekemoer en Breytenbach is benoem om 'n plan voor te lê vir die gebruik van die leeskamer en die kontrole oor die boekery. Bespreking is gevoer oor die swak bywoning van die godsdiensperiode deur studente. Professor S.J. Botha is aanbeveel as opvolger van professor A.D. Pont.

**08 Mei 1992**

Die Fakulteitsberaad besluit dat 'n gesamentlike vergadering met Afdeling B. se dosente gereël moet word oor die vooruitsigte van rasionalisasie, dat modulering aandag moet kry, dat die akkreditering van HTO as 'n gemeenskapskollege ondersoek moet word, dat SVTT daadwerklik betrek moet word by die Fakulteit se missie van gemeenskapsdiens, dat 'n nuwe navorsingsprojek geïdentifiseer moet word en dat die Hermeneutiese Studiegroep in 1993 sal handel oor 'n basisteorie vir teologiese opleiding.

**15 Mei 1992**

Die redakteur van *Die Hervormer* skryf in 'n hoofartikel oor die dryfkragte agter ons teologiese opleiding en toon aan dat die verset teen die Kaapse gees nie net polities was nie, maar ook teologies.

**26 Mei 1992**

Op 'n buitengewone vergadering het die Kuratorium op aanbeveling van die evalueringskomitee ag nuwe studente toegelaat met beurslenings en vier sonder beurslening. Professor S.J. Botha is eenparig benoem as hoogleraar in Kerkgeskiedenis.

**Schalk Jacobus Botha** is gebore op 10 Februarie 1936 te Ventersdorp. Hy was die oudste seun van Johannes George en Johanna Sophia Botha. Hy gaan skool in die Laerskool Sannieshof, die Westdene Afrikaansmedium Laerskool en die Helpmekaar Hoërskool waar hy in 1954 in die eersteklas matrikuleer met onderskeiding in Geskiedenis. Hy handel die teologiese studie af in 1960 en ontvang die BD graad met lof. Hy word georden op 29 Julie 1961 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Primrose, Randpoort, Koedoesrand, Boksburg en Philadelphia. In 1975 word hy weermagkapelaan verbonde aan Voortrekkerhoogte, en in 1980 word hy benoem as hoogleraar in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Noorde, waar hy werk totdat die opleiding van predikante van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika verskuif na die HTO op Klipdrif, waar hy hoof en dosent in Kerkgeskiedenis word. Hy het in 1979 gepromoveer met die proefskrif *Marie*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

*Joseph Goddefroy 1848-1920: Sy lewe en betekenis* onder leiding van professor A.D. Pont. Teen die tyd van sy aanstelling by die Universiteit van Pretoria was hy reeds 'n deurwinterde kerkhistorikus met talle publikasies van hoogstaande gehalte. Hy was gasdosent aan die Evangeliese Teologiese Fakulteit in Leuven van November 1991 tot Februarie 1992.

Die 75-jarige bestaan van die Fakulteit Teologie is gedurende 1992 op verskillende maniere gevier. 'n Redaksionele artikel op bladsy 1 van *Die Hervormer*, 15 Januarie 1992 het dit ingelei. Die opskrif was 'Liefde vir Kerk weerspieël deur liefde vir opleiding', en is vergesel van 'n foto van professore, studente en oudstudente in 1927, toe die Fakulteit tien jaar oud was. Dat daar op dieselfde bladsy 'n lys van 21 predikante en proponente gepubliseer is wat nog op beroepe wag, vertel op eie wyse 'n geskiedenis. In die Februarie-uitgawe is op die voorblad weereens 'n redaksionele artikel, met opskrif 'Teologiese opleiding 'n hoë prioriteit vir die kerk.' Daar word ook saam met foto's van J.P. Oberholzer en A.D. Pont, wat uit die voltydse diens van die Universiteit tree, enkele hoogtepunte van die feesvierings aangedui: 20–21 Februarie Simposium Bybelwetenskappe en Sistematiese Teologie oor 75 jaar Bybelwetenskap aan die Fakulteit, 24 April Simposium Teologie-Filosofie oor Ekonomie en Kontekstuele Teologie, 18–19 Junie Kongres oor kerklik-teologiese opleiding aan die Universiteit, 30 Junie Oorhandiging van J.P. Oberholzer feesbundel, 02 Julie Oorhandiging van A.D. Pont feesbundel, 23 Oktober Kongres Hervormde Teologiese Vereniging. In die 01 Maart uitgawe van *Die Hervormer* verskyn weer op die voorblad 'n artikel van professor H.G. van der Westhuizen met opskrif 'Die Kerk waardeer sy teologiese opleiding.' 'n Redaksionele artikel op bladsay 4 dra die opskrif 'Kerk en Fakulteit – kreatiewe wisselwerking.' In die uitgawe van 15 Maart maak emeritusprofessor F.J. van Zyl opmerkings oor 'Die identiteit van ons teologiese fakulteit.' Hy stel onder andere dat die kombinasie 'wetenskaplike Bybelsreformatoriese teologie' op besondere wyse die identiteit van die Fakulteit tipeer in sy gebondenheid en sy vryheid.

> *Hierdie oopheid vir wetenskaplike ondersoek word nog verder gestimuleer deur die Bybelsreformatoriese opvatting van teologie.* […] *Volgens die reformatore is daar net mensewoorde in die Bybel, maar God laat ons deur sy Gees in en deur die mensewoorde verneem wat Hy vir ons wil sê. Omdat hierdie eenheid van menseswoord en God se Woord teen alle denke ingaan, word dit 'n paradokse eenheid genoem.* […] *Dit het eindelik tot die kerk deurgedring dat die wetenskap nie 'n gevaar nie maar 'n hulp vir die geloof kan wees. Langsamerhand het die kerk geleer dat die Gees 'n mens juis dan lei om die Skrif te verstaan as jy jou verstand tot die uiterste inspan. As voorstander van 'n wetenskaplike Bybelsreformatoriese teologie was ons Fakulteit dan ook van die begin af oop vir die ontwikkeling en resultate van die moderne Bybelwetenskap, doen ook ywerig daaraan mee tot groot voordeel, nie net van studente nie, maar van die hele Kerk.*

Op dieselfde bladsy verskyn ook 'n artikel van professor P.S. Dreyer onder die opskrif 'Ook skadukante rondom ons opleiding' waarin hy interessante brokkies gee oor die agtergronde van spanninge in die kerk. Hy noem die verskil in teologiese oriëntering waar dominees S. Vermooten en D.F. Erasmus tydens hulle studie in Utrecht sterk beïnvloed is deur professor Visscher, 'n stigter van die Gereformeerde Bond, terwyl professor S.P. Engelbrecht aansluiting gevind het by die etiese rigting. Hy noem ook dat mevrouens Engelbrecht en Greyvenstein vir mevrou Vermooten as van laer stand beskou het en nie met haar omgegaan het nie (al drie was Hollanders), en dat hulle albei deur die spiritisme beïnvloed was en in 'n mate aktief daarin was, terwyl mevrou Greyvenstein ook nog 'n sterk mistiese inslag gehad het soos blyk uit haar jarelange rubriek in *Die Christelike Vrou* onder die opskrif 'Gedachten naar boven.' Dominees Vermooten en Erasmus het albei na die Hervormde Kerk oorgekom, en professor Engelbrecht het op die Algemene Kerkvergadering van 1922 gepraat van predikante van 'niet Hervormd origine', iets wat dominee Vermooten nooit vergeet het nie. In 'n opvolgende artikel in *Die Hervormer* van 01 April skryf professor Dreyer oor doktor H.C.M. Fourie en moontlike redes waarom hy nie professor geword het nie. Hy noem egter ook die vyandige houding van mevrou Greyvestein teenoor doktor Fourie, wat te doen gehad het daarmee dat doktor Fourie bewus was daarvan dat mevrou Greyvenstein se broer, dominee Ruysch van Dugteren, die leerstellige kwessie as rede vir sy afskeid van die predikantsamp voorgehou het terwyl die regte rede 'n buite-egtelike liefdesverhouding was.

*Die Hervormer* van 15 April 1992 het op die voorblad 'n berig oor die toekenning van 'n eregraad aan professor B.J. Engelbrecht, 'n 'veelsydige geleerde, asook 'n wellewende, geliefde en gerespekteerde mens,' met aanhaling van die motivering daarvoor soos in die program van die gradeplegtigheid op 03 April 1992.

Professor B.J. Engelbrecht het in *Die Hervormer* van Mei en Junie 1992 'n belangwekkende reeks artikels geskryf met opskrif 'Die Teologie van ons Fakulteit ná 1950,' later 'Aksente in ons Teologiese opleiding ná 1950.' Hy sluit die reeks af met hierdie woorde:

> *As ek op die huidige tydstip na ons Fakulteit kyk, dan is ek gerus. Ek is oortuig daarvan dat dit nou beter toegerus is om Hervormde predikante op te lei vir hulle taak in die huidige tyd, as ooit tevore.*

### 03 Junie 1992

Die Vaste Komitee van die Raad keur die aanstelling van professor J.H. Koekemoer as tydelik-deeltydse dekaan goed.

### 17 Junie 1992

Die Dosentevergadering hou 'n samespreking met dosente van die HTO oor die moontlikhede van samewerking en nouer koppeling. 'n Komitee is benoem om aanbevelings te maak.

### 28 Junie 1992

Die 63ste Algemene Kerkvergadering kom byeen in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die uittredende voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, het sy openingsrede na aanleiding van Fillipense 1:27 – 2:18 soos volg begin:

> *Dit is nóg uit verwaandheid, nóg uit moedswilligheid dat op hierdie Skrifgedeelte vir hierdie openingsrede besluit is. Fil 2:6–11 is immers die gedeelte waarom dit gegaan het in die één dwaalleersaak teen 'n hoogleraar van die Kerk wat in die 75 jaar van die Telogiese Fakulteit se bestaan voorgekom het. Vir dié keuse is daar grondige motivering. Dit bied geleentheid om 'n greep terug in die geskiedenis van die Teologiese Fakulteit te maak en om die Kerk se erns met die beoefening van die teologie as wetenskap aan 'n universiteit te beklemtoon en die kerk se verset teen enige vorm van leerdwaling in te skerp. Dit bied egter ook geleentheid om na aanleiding van wat Paulus vir die gemeente in Filippi skryf, die Woord te verkondig in ons eie situasie van verdeeldheid en twis, neerslagtigheid oor die toekoms, hooghartigheid en eiebelang wat 'n aaklige wig tussen gelowiges indryf. ons eersugtigheid wat die eer van God aantas, ons selfsug wat die eer van ons naaste aantas.*

Ná die openingsrede is die H.C.M. Fourie Erepenning toegeken aan professor F.J. van Zyl en professor H.G. van der Westhuizen.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

Die voorsitter van die Kuratorium, professor S.J. Botha het onder andere van professor Van Zyl gesê:

> *Professor van Zyl is 'n uitstaande akademikus soos veral blyk uit sy proefskrif. Dáár aan die woord is 'n deurwinterde en deurdagte teoloog in die Barthiaanse tradisie. Tipies Barthiaans sien hy die teologie geheel en al in diens van die kerk en die kerk se roeping. Daarom wend hy al sy teologiese vaardigheid in diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan.*

Oor professor Van Der Westhuizen het professor Botha onder andere gesê:

> *Op alle terreine van die Bybels-Reformatoriese Teologie het sy studie en navorsing groot indruk gemaak. Op die vakgebied van die Sendingwetenskap is sy bydrae van onberekenbare waarde en staan hy met reg as dié sendingwetenskaplike van die Nederduitsch Hervormde Kerk bekend. Binne hierdie verband het hy daarin geslaag om aan die volkskerkgedagte so gestalte te gee dat die Kuyperiaanse en piëtistiese karikature daarvan teëgewerk word.* […] *H.G. van der Westhuizen is 'n kerkmens vir wie die herkoms, wese en toekoms van sy Kerk na aan die hart lê.*

Nadat groeteboodskappe oorgedra is van die NG Kerk, Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, is ook gelukwense aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A) uitgespreek deur die rektor, professor P. Smit, die dekaan van Afdeling B, professor W.S. Prinsloo, en die uittredende voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, doktor D.J.C. van Wyk.

Na konstituering is doktor D.J.C. van Wyk verkies as voorsitter en doktor S.P. Pretorius as skriba. Professor T.F.J. Dreyer is as vise-voorsitter en doktor J.M.G. Storm as vise-skriba verkies. As predikantlede van die Kommissie is verkies dominee G.C. van Staden en professor H.G. van der Westhuizen.

Omdat daar 'n beroep op die Algemene Kerkvergadering teen 'n uitspraak van die Kommissie was, is vir die behandeling van die beroep 'n ander Moderamen verkies, naamlik professor S.J. Botha as voorsitter, professor A.P.B. Breytenbach as skriba, professor H.G. van der Westhuizen as vise-voorsitter, en dominee J.P.J. Wagenaar as vise-skriba.

Lidmatestatistiek het getoon dat daar nog wel 'n toename was in belydende lede, maar 'n afname in totale lidmate, naamlik 193 561 in 1992. Die hoogtepunt vir die lidmatetal was in 1987 toe dit op 196 323 gestaan het. Die predikantetal in 1992 was 332 voltyds en 31 deeltyds in gemeentes, wat 'n gemiddeld gee van ongeveer 363 belydende lede per predikant. Daarbenewens was daar 13 dosente, 18 dienspligkapelane, 15 predikante met besondere opdrag, 12 sonder standplaas en 8 wat verder studeer.

Die feesbundel van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) wat tegelyk ook diens moes dien as huldigingsbundel vir J.P. Oberholzer, is in die Algemene Kerkvergadering op 30 Junie aan hom oorhandig deur die dekaan, professor J.H. Koekemoer, wat onder andere gesê het: 'Bart Oberholzer, kerklike teoloog, is solidêr met sy kerk maar nie onkrities nie. Miskien moet die Nederduitsch Hervormde Kerk sy woorde meer ernstig neem. Die Hervormde Kerk het sedert die sestigerjare in 'n hoek gaan staan waar hy teologies nie tuis hoort nie, 'n staanplek in die teologie wat baie naby aan burgerlike godsdiens kom. Die etiese aspek van Christenwees is verwaarloos. Dit blyk nie net uit 'n slordige lewenswandel nie maar ook uit die houding van ampsdraers en lidmate teenoor politieke opponente. 'Ek voel my steeds solidêr met die Ou Voortrekkers se ideale,' sê hy. 'Maar daar het vandag iets fanaties bygekom en 'n stuk menslikheid het verdwyn. Dit bemoeilik die verdediging van ons integriteit.' As akademikus lewer hy uitstekende werk, as dekaan 'n bydrae van onskatbare waarde tot die uitbouing van die fakulteit en die verbeterde aanbiedieng van die teologiese kurrikulum. Onder sy leiding verdiep teologiebeoefening, kry dosering 'n nuwe dimensie, en word teologiese navorsing 'n dimensie spel. Dit hinder hom dat die feesbundel, jaargang 48, aflewering 1–2 van *Hervormde Teologiese Studies*, is die resultaat van 'n navorsingsprojek van voltydse sowel as deeltydse lede van die Fakulteit. Daarin is omvattend gehandel met die geskiedenis van elke departement en is gepoog om die bydrae van elke dosent te peil en te waardeer. J.P. Oberholzer het 'n oorsig gegee van die dosering van Ou Testamentiese Wetenskap, en die figure Van Selms en Gemser behandel. A.P.B. Breytenbach het oor Mulder en P.M. Venter het oor Oberholzer gehandel. A.G. van Aarde het wat Nuwe Testamentiese Wetenskap betref, oor die figure Greyvenstein en Geyser gehandel, J.J. Engelbrecht oor Van Rensburg, P.B. Boshoff oor Pelser, en E. van Eck oor Van Aarde. A.D. Pont het die dosering van Kerkgeskiedenis behandel, J.J. Steenkamp het oor die teologiese gerigtheid van die Departement Kerkgeskiedenis gehandel, en B.J. van Wyk oor Kerkreg. J.H. Koekemoer het 'n oorsig gegee van die dosering van Dogmatiek en Christelike Etiek, P.J. van der Merwe en D. Crafford (van Afdeling B) het die dosering in Godsdiens- en Sendingwetenskap behandel, F.J. van Zyl het geskryf oor Wolmarans, P.J. van der Merwe en D.J.C. van Wyk oor Van Zyl, en P.J. van der Merwe het ook oor die resente geskiedenis en ontwikkeling in die departement geskryf. T.F.J. Dreyer het ten opsigte van Praktiese Teologie oor die De Wet era en daarna gehandel, J.J. Engelbrecht en P.M. Venter oor Bybelkunde, L.J.S. Steenkamp en M.J. du P. Beukes oor die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting. J.P. Oberholzer het afgesluit met 'n artikel 'Die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria: Vrae oor sy identiteit en problematiek'. Aan die einde noem hy sake wat hulleself aan die orde stel:

1. *'n Volledige, indringende verkenning van die kontoere aan die hand van die relevante kerklike en teologiese literatuur.*
2. *'n Eerlike selfondersoek ten opsigte van die politieke en sosio-ekonomiese konteks wat in ons houdings en oortuigings meespeel.*
3. *'n Pastorale bewoënheid wat die menslike nood van tyd en situasie nie sal verbygaan nie.*
4. *'n Gehoorsaamheid wat ons sal leer om nie by die ekumeniese aard van die kerk verby te kyk nie.*
5. *'n Etiese verantwoordelikheid wat die praktykgebondenheid van ons geloof toenemend sal beklemtoon.*
6. *'n Wetenskaplike verantwoordelikheid wat ons sal dwing tot vogehoue, intensiewe ondersoek en denke in gesprek met vakgenote oor die wye akademiese spektrum.*

Dat die feesbundel opgedra is aan J.P. Oberholzer by aanvaarding van emeritaat, het gelei tot 'n Deel I wat 'n Huldigingswoord van die rektor en 'n Waardering deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering bevat. Die rektor, professor P. Smit, het sy bydrae afgesluit met die woorde:

> *Dit is 'n voorreg om in 'n voorwoord hulde te bring aan 'n vriend, 'n man met 'n onkreukbare karakter wat onvoorwaardelik bereid is om te dien en wat oor baie jare uitnemend diens aan sy kerk, sy land, sy alma mater en die breë gemeenskap gelewer het.*

Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, doktor D.J.C. van Wyk, het gehandel oor die jubilaris as kerk- en gemeenskapsleier.

> *In dié unieke tydperk in die Hervormde Kerk se geskiedenis kon hy as uitsonderlik begaafde 'n ewe unieke rol speel. Hy het dié geleentheid benut en 'n bydrae gelewer wat die eer van God en die heil van die kerk gedien het. Daar is nie 'n leiersposisie in die Hervormde Kerk wat hy nie beklee het nie.* […] *Daarby kon hy 'n prominente rol speel as medewerker aan die tweede vertaling van die Bybel in Afrikaans. As daar soms gevoel is dat sy invloed as mens in die Nederduitsch Hervormde Kerk vanweë al dié posisies groter is as wat vir die kerk gesond is, dan is dit*

*eenvoudig omdat hy die bekwaamheid daartoe gehad het en in intellek, ewewig, werkkrag en teologiese insig ver bokant dié rondom hom uitgestyg het.*

Die Vergadering het besluit om die bepaling oor die sitting van dosente op die Kuratorium (60.3) soos volg te wysig:

1. *Die hoofde van departemente van die Teologiese Fakulteit Afeling A of hulle verteenwoordigers, het sitting met adviserende stem op die Kuratorium.*
2. *Die Kuratorium kan, nadat 'n vergadering plaasgevind het waarop adviserende lede hulle advies gelewer het, besluit om sonder die adviserende lede te vergader.*

Oor die toekoms van die Fakulteit het die vergadering besluit:

1. *Die Algemene Kerkvergadering gee aan die Kuratorium opdrag om noukeurig kennis te neem van veranderings en ontwikkelings op die gebied van die universiteitswese (en) in die lig van die te verwagte situasie, die opleiding en vorming van predikante en die teologiese arbeid van die Kerk te reël, indien en wanneer nodig.*
2. *Die Algemene Kerkvergadering magtig die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die nodige maatreëls te tref ter uitvoering van die opdrag.*

Die studente statistiek het getoon dat daar 'n drastiese afname was. In 1992 was daar 42 BA studente en 58 BD studente. As lede van die Kuratorium is verkies doktore T.F.J. Dreyer (Magaliesburg), A.J.G. Dreyer, dominee W.C.M. de Beer, doktore E.C.B. Kotze, J.H. Breytenbach, dominee J.P.J. Wagenaar en professor S.J.L. Gouws.

Die A.D. Pont Huldigingsbundel van die *Hervormde Teologiese Studies* (Jaargang 48, aflewering 3–4) is aan hom oorhandig deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, doktor D.J.C. van Wyk, op 03 Julie 1992. Doktor van Wyk het onder andere melding gemaak van die vol, ryk en geskakeerde lewe van Pont en hom bedank vir sy integriteit en lojaliteit as visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die afgelope drie jaar.

> *Die opregtheid waarmee hy bereid was om as visevoorsitter hom te skik onder die leiding van 'n veel jonger man as voorsitter sal altyd onthou word. […] Sy adviese as kenner van die Kerkreg was vir die Kommissie goud werd en sal gemis word. As hoogleraar in die Kerkgeskiedenis en Kerkreg het hy sy teologie beoefen vanuit die bodem van die Bybels-Reformatoriese Teologie. […] In sy prediking was daar net een tema: God, sy dade en heil vir mense. Die verhouding tussen God en mens rus net op een basis: die verbond. Dat, te midde van soveel moderner, subjektiewe strominge in die teologie, die Nederduitsch Hervormde Kerk die krag van dié eensydigheid in die Fakulteit Teologie (Afdeling A.) sal moet ontbeer, stem tot kommer. […] Hy is in die volle sin van die woord 'n reformatoriese teoloog, kerkman en volksman. Sy onbuigsaamheid op al dié terreine het daartoe gelei dat hy nie altyd by almal populêr was nie. […] Professor Pont is veral as skrywer geneig om aggressief, selfs moedswillig te wees. Hy het altyd met homself moeite as hy die liberales, wat hy sien as bedreiging vir kerk en volk, aanvat. Maar belangriker as dit is die feit dat hy besef en erken dat hy ook foute gemaak het. Hy het hoogte- en laagtepunte geken. Rondom sy persoon het soms ernstige konflik en onmin gewoed. Hy maak melding van seer wat hy aangedoen is. Maar baie belangriker as dié verwyt , is dat hy raakgesien het dat die Hervormde Kerk ook teenoor hom met groot liefde en geduld opgetree het. Daarom is daar by hom by emeritaat-aanvaarding geen verbittering nie. Daarvoor is ons dankbaar.*

In die bundel self het doktor van Wyk 'n uitvoerige waardering van die lewe en werk van Pont bygedra. Daarin het hy ruim gebruik gemaak van herinneringe wat Pont self neergeskryf het en kry 'n mens ook insig in Pont se interpretasie van gebeure. Daarop volg 'n lys van Pont se veelvuldige publikasies, wat meer as 34 bladsye in beslag neem.

Die dekaan, professor J.H. Koekemoer het in 'n voorwoord geskryf:

> *Professor A.D. Pont het diep spore in die Nederduitsch Hervormde Kerk en aan die Universiteit van Pretoria getrap. Sy teologiese paradigma het aangetrek en omstredenheid gewek. Die ywer en deeglikheid waarmee hy sy teologie beoefen, het bewondering by student en kollega, volgeling en kritikus afgedwing. Hy maak skerp skeiding tussen openbaringsteologie en antroposentriese teologie, tussen objektiewe teologie en subjektiewe teologie. So bring sy teenwoordigheid en werk hierdie krisis in die teologie opnuut na vore.* […] *Ons dank aan professor Pont wat in lewe en werk hierdie krisis vir dié wat dit wou raaksien, nogeens opgeroep het.*

Die ander bydraes in die bundel is gelewer deur kollegas in die Fakulteit, vakgenote aan ander universiteite in Suid-Afrika, en 'n beduidende aantal uit die buiteland, en deur 'n aantal promovendi van Pont. Oor Pont self is daar ook nog die bydrae van H.J. Botes oor 'Die verbondsmatige kerkbeskouing van A.D. Pont' waarin sy opvattinge oor die kerk as volkskerk belig word.

Die Algemene Kerkvergadering het 'n totale begroting van R10 367 292 aanvaar. Daarvan was 8.6% vir teologiese opleiding.

### 01 Julie 1992

In *Die Hervormer* het professor P.J. van der Merwe 'n verslag geskryf oor die feessimposium op 18 en 19 Junie, die hoogtepunt van die feesvieringe. Voordragte is gelewer deur doktor H.R. Balzer van die Vrye Lutherse Seminarie oor teologiese opleiding soos dit gestalte gevind het tydens die reformasie, professor A.D. Pont oor die historiese ontwikkeling van ons eie opleiding, professor E. Brown van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch oor die ervaring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die ontwikkeling van die kweekskool na 'n fakulteit, professor F. Deist van Unisa oor die vraag of teologiese opleiding kerklik-konfessioneel moet wees, en professor J.P. Oberholzer oor tendense in teologiese opleiding – die pad vorentoe.

### 21 Julie 1992

Die Fakulteit neem kennis dat J.H. Koekemoer as dekaan aangestel is, en benoem is as lid van die keurkomitee vir die Pieter van Drimmelenmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en dat A.G. van Aarde vir een jaar as gasdosent aan die St John's Universiteit in Minnesota, VSA, sal optree. As plaasvervangende dekaan is A.P.B. Breytenbach en P.J. van der Merwe genomineer. Die inskrywing van J. Otto, B.J. Erasmus, G.J. Volschenk, C.A.P. van Tonder, en C.M. van den Berg vir MDiv is goedgekeur, en die volgende onderwerpe vir proefskrifte is goedgekeur: W.A. Dreyer *Kerk en owerheid in die ZAR met besondere verwysing na die 1858 grondwet*, D.M. van Zyl *Die tug in die Nederduitsch Hervormde Kerk en die toepassing daarvan – empiries en teologies nagegaan.*

Die Dosentevergadering voer 'n gesprek met die studenteverteenwoordigers oor die feesblad van Vanderhoff en oor die praktiese opleiding. Die vergadering het professor Pont afgevaardig om in Potchefstroom deel te neem aan 'n eendaagse simposium oor Kuyper in die kerklike lewe van die vorige eeu.

### 27 Julie 1992

Die Kuratorium verkies doktor E.C.B. Kotze as voorsitter en doktor T.F.J. Dreyer (Magaliesburg) as vise-voorsitter. Op die dagbestuur is verkies dominee W.C.M. de Beer en professor S.J.L.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

Gouws om saam met die voorsitter, vise-voorsitter en skriba te dien. Die Beurskomitee en Evaluerings komitee is opnuut saamgestel. Die vraag oor tweede professorate in Ou en Nuwe Testamentiese Wetenskap is na die Dosentevergadering verwys vir 'n omvattende memorandum. Lede van die Proponentseksamenkommissie is genomineer.

### 20 Augustus 1992

Die Dosentevergadering verneem van die dekaan dat vir elke jaargroep 'n dosente- en studentevoog aangestel sal word. Professor P.M. Venter is aanbeveel vir die tweede pos in Ou Testament en professor G.M.M. Pelser vir Nuwe Testament. Doktor L.C. Bezuidenhout is aanbeveel vir die Bybelkundepos wat vakant sal raak deur die benoeming van professor Venter. As navorsingstema vir 1992 is gekies: Basisteorie vir teologiese opleiding. Die Hermeneutiese studiegroep sal handel oor 'Wat is teologie?'.

### 25 Augustus 1992

Die Kuratorium neem kennis dat professor A.G. van Aarde deur die Universiteit benoem is as 'n uitnemende/presteerder, en wens hom in sy afwesigheid geluk. Kennis is ook geneem dat professor A.P.B. Breytenbach as plaasvervangende dekaan benoem is. 'n Memorandum van die Dosentevergadering is behandel waarin gestel word dat die vulling van die tweede professoraatposte in Ou en Nuwe Testamentiese Wetenskap van wesenlike belang is. Die Kuratorium het besluit dat benoeming nog nie gedoen word nie en dat die Kuratorium, die Dosentevergadering, en die HTO 'n werkswinkel moet hou met dominee P.A. Geyser as fasiliteerder, en dat die Kuratorium, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Raad van Finansies saam oor die saak moet besluit. Reglemente is aanvaar vir die toekennings aan studente by gradeplegtighede. Die verslag van die dekaan oor die fakulteitsberaad op 07–08 Mei en die feessimposium op 18–19 Junie is behandel en die Fakulteit gelukgewens met die afloop van die geleenthede. Die verslag het onder andere gemeld dat groot erns gemaak sal moet word met die sake genoem deur J.P. Oberholzer in sy afsluitende artikel in die Fakulteitsfeesbundel. Die vergadering het ook besluit om Kuratoriumdag af te skaf.

### 08 September 1992

Die Predikantevergadering van dié datum was een van die laaste funksies ter viering van die Fakulteit se 75-jarige bestaan. A.D. Pont en J.P. Oberholzer het voordragte gehou.

*Die Hervormer* het op 15 Oktober 1992 berig dat A.D. Pont op die Internasionale Calvynkongres op 18–19 Augustus in Budapest as lid van die presidium gekies is.

### 07–08 Oktober 1992

'n Strategiese oefening oor toekomstige teologiese opeliding vind plaas in die Gemeentesentrum van Villieria. Teenwoordig was die lede van die Kuratorium, Moderamen, Raad van Finansies, die dosente van die Fakulteit, Afdeling A, en van die HTO, en die Superintendent van Sending.

### 12 Oktober 1992

Die Raad wens doktor D.J.C. van Wyk geluk met sy herkiesing as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering.

### 04 November 1992

Die Kuratorium handel oor die aanbevelings van die Dosentevergaering oor die medeprofessorate in Ou en Nuwe Testamentiese Wetenskap en besluit om G.M.M. Pelser vir Nuwe Testamentiese Wetenskap en P.M. Venter vir Ou Testamentiese Wetenskap te benoem. Dit is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bekragtig op 27 November 1992.

### 15 November 1992

Die redakteur van *Die Hervormer*, ook voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, gee blyke van sy onrus rondom kerk en teologie. Hy sluit 'n voorbladartikel oor Hervormingsfees af met hierdie woorde:

> *Gedurende die feesjaar van die Teologiese Fakulteit het ook die verwagtings wat in die Kerk van die predikant en sy opleiding gekoester word, ter sprake gekom. En ook baie van dié verwagtings sal hervorm moet word! Baie lidmate verwag dat die Kerk verstokte, outydse prediking en liturgiese vorme ten alle koste moet handhaaf. Alle pogings tot vernuwing word as onhervormd ervaar en veroordeel. Ander se totale verwagting van die Kerk is vervul as die Kerk 'n bolwerk vir konserwatisme en 'n bastion vir die volk is. Ander is baie tevrede en in hulle skik as die Kerk instrument is in die hande van liberale magte wat alle bestaande ordes wil omverwerp. Sommige verhef Artikel III van die Kerkwet tot dié norm waaraan die Kerk se standvastigheid getoets word. Nog ander beskou die charismatiese as norm vir ware geloof en kerkwees.*

Ook op die voorblad skryf hy oor kwaadpratery teen die Kerk in die media en sluit af met hierdie woorde:

> *Dat daar venyn en kwaadwilligheid teen die Hervormde Kerk bestaan, is waar. Ons het in ons geskiedenis daaraan gewoon geraak. Maar ons ampsdraers en lidmate moet ook leer om krities na onsself te kyk in die lig van die uitsprake hierbo. Waarom word daar van ons kwaadgepraat? Is dit omdat ons goed doen? Kan ons dit opreg voor God en mens verklaar? Of is dit dalk omdat ons kwaad doen? Soos byvoorbeeld die hartelose optrede van sommiges teen ander mense in en rondom Hervormde kerkgeboue?*

In die hoofartikel verwys hy na die gesprek oor ons teologiese idioom en kerklike etos. Nadat hy beklemtoon het dat daar wesenlik net een eis en kenmerk is wat aan die Kerk gestel en van die Kerk geverg kan word, naamlik om draer van die Evangelie van Jesus Christus te wees, skryf hy verder:

> *Tydens die Teologiese Fakulteit se driekwarteeufeesvieringe die afgelope jaar het die kwessie van 'n eie Hervormde teologiese idioom en kerklike etos meermale na vore gekom. Is dit, in die lig van wat hierbo gesê is, verkeerd? Telkens wanneer dit ter sprake gekom het, is deur teoloë van die Kerk ernstig gewaarsku teen sisteemvorming of die neiging om die eie kerklike idioom en kenmerke tot 'n soort onaantasbare belydenis te verhef. Dié waarskuwings is nodig, want die gevaar bly wesenlik dat ons alles oor óns Kerk mooi in begrippe geformuleer en vasgelê kan hê, maar dat die Heer se oordeel kan wees dat dit nie meer sy lewende liggaam is wat in die wêreld dien en leef nie, maar 'n geraamte. Maar as ons al die wesenlike gevare uitgespel het, lyk dit tog nie oorbodig en verkeerd dat die Kerk na 75 jaar se teologiese opleiding 'n keer deeglik voorraad opneem van wat die Teologiese Fakulteit se bydrae tot onder andere die vorming van 'n eie teologiese idioom en kerklike etos was nie. Want dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n eie teologiese idioom en kerklike gedragswyses het, is onmiskenbaar so. As dit nie so is nie, waarom wil ons so graag as Kerk voortbestaan? Waarom dan nie môre toegee aan die verbete eis om met die ander Afrikaanse kerke te verenig of sommer in hulle op te gaan nie? Ons moet waarsku teen die verafgoding van ons Hervormdwees. Ons moet met krag protesteer teen elke poging om die lewende liggaam van Christus te verstar tot 'n sisteem van menslike denke en formulerings. Dit is ook goed en wel om te sê 'n eie Hervormde teologiese idioom en keklike etos bestaan, maar dit moet nie in dooie begrippe vasgevang word nie. Die vraag is: Dra ons dit hoegenaamd nog op ons studente oor? Hoe word dit gedoen? Die Fakulteit se opdrag is om nie net teoloë nie maar ook predikante vir die Nederduitsch Hervormde Kerk op te lei, hier en nou in*

Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*Suid-Afrika vanaf 1993 en verder. Die Kerk bestaan en preek nie in 'n leë ruimte nie. Ons hoef vir die volgende 75 jaar nie weer oor teologiese idioom en kerklike etos te praat nie. Maar kom ons maak seker dat ons predikante oplei wat vanuit hierdie deel van die Kerk van die Here hulle werk goed en reg sal doen. Wie net voortdurend wil ontken en negeer dat daar op dié terrein ernstige en toenemende probleme na vore tree, handel ook nie verantwoordelik genoeg nie.*

**19 November 1992**

A.P.B. Breytenbach hou sy intreerede as hoof van die Departement Ou Testamentiese Wetenskap in die kerkgebou van Pretoria. Die dekaan, professor J.H. Koekemoer, het in *Die Hervormer* van 15 Desember 'n kort verslag gegee. Hy skryf onder andere:

*In sy intreerede slaag professor Breytenbach daarin om kerkmens en akademikus aan te spreek. Hy verwoord iets van ons bestaan voor God en ons worsteling met die spreke van God in die Ou Testament. Sy taalgebruik vertoon iets van sy meesterlikheid, sy argumente iets van sy akademiese bekwaamheid en sy erns iets van sy geloof in die lewende God. Teologie is vir hom nie net 'n kliniese saak nie, dit is 'n lewenswyse. Hy verwoord die onsêbare, hy kan nie anders as om te verwoord waartoe hy geroep is nie.*

**25 November 1992**

Die Kuratorium en die Fakulteit neem afskeid van A.D. Pont en J.P. Oberholzer. By dié geleentheid het volgens A.P.B. Breytenbach in *Die Hervormer* van 15 Desember, die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, doktor D.J.C. van Wyk, met waardering verwys na die hoë standaard en stiptelikheid wat professor Pont as kerkhistorikus en kenner van die kerkreg bly handhaaf het in sy doseerwerk en in rapporte en memoranda vir kerklike rade en kommissies en as lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hy het ook daarna verwys dat Pont as teoloog deurgaans die objektiewe heil in Jesus Christus beklemtoon het. Die dekaan, professor J.H. Koekemoer, het oor die teologiese werk van Pont gesê dat dit 'n mens altyd tot nadenke en keuse gedwing het. Daarby het Pont tot aan die einde van sy loopbaan bly presteer en steeds nuwe dinge onder die aandag van kollegas en studente gebring.

Teenoor Oberholzer het doktor van Wyk waardering betoon vir die hoë standaard wat hy gestel het as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, en die integriteit en harde werk in die byna onoorsienbare hoeveelheid take wat hy op hoë vlak moes verrig.

*Doktor van Wyk het verwys na professor Oberholzer se kommer oor die teologiese rigting wat by sommige ampsdraers en lidmate na vore kom en gevra of die Kerk werklik professor Oberholzer se oproep tot bekering in dié verband gehoor het.*

Die dekaan het Oberholzer se liefde vir en kennis van die Afrikanerkultuur vermeld.

*As teoloog was hy nederige dienskneg van die Here by wie 'n mens kon leer hoe om teologie te bedryf. Hy het aan die Fakulteit Teologie 'n vernuwing gebring en 'n navorsingskultuur gevestig wat baie belofte inhou vir die toekoms.*

Die rektor, professor P. Smit, het daarop gewys dat Pont diep spore getrap het in die akademiese wêreld en dat Oberholzer as dekaan 'n voorbeeld was van uitnemendheid en dat hy almal beïndruk het met sy opregte geloof, diepe insig, gebalanseerde kritiese gees, ongelooflike werkvermoë en bereidheid tot diens.

**01 Desember 1992**

P.M. Venter het in *Die Hervormer* 'n uitstekende terugblik op die feesvieringe en die gedagtes wat daarin tevoorskyn gekom het, gegee. Hy skryf daar onder andere:

*Die saak wat by herhaling by al die verrigtinge en in al die publikasies voorgekom het, is die vraag na die aard en wese van die Fakulteit en sy teologie.* [...] *Hierdie tendens van kritiese selfondersoek is tekenend van 'n tyd in die geskiedenis waarin daar in die wetenskaplike kenteorie na die verantwoording van jou denkparadigma gevra word. Dit is ook kenmerkend van 'n tyd van sosio-politieke verandering waarin elke rolspeler sy identiteit en die waardes waarvoor hy staan, moet verklaar om sy posisie en sy eie voortbestaan in die gemeenskap te verseker.* [...] *Reeds op die fakulteitsberaad van 7–8 Mei het dit duidelik geword dat die Bybels-Reformatoriese Teologie wat in die Fakulteit beoefen is, ook weer 'n eiesoortige stempel dra. Die kerklik-verantwoordelike teologiebeoefening van die Fakulteit het uit die aard van die saak 'n konfessionele karakter gedra en wel een met 'n baie sterk Calvinistiese inslag. 'n Dialektiese benadering waarin Woordopenbaring baie sterk beklemtoon word, het in die vyftigerjare in die Fakulteit in 'n dialektiese teologie met Barthiaanse stempel begin uitkristalliseer. Dit is moontlik hierdie konfessioneel-dialektiese kombinasie en veral die beklemtoning van fakulteitslede van een van die twee pole in hulle teologiebeoefening, wat dit makliker maak om vandag te sê wat die teologie van die Hervormde Kerk nie is nie, as om presies te sê wat dit wel is. Die beklemtoning in die dialektiese teologie van die voorlopige aard van alle teologiese uitsprake, dra grootliks daartoe by dat die skyn gewek word en dat daar by meer as een geleentheid gedurende die jaar gesê is dat die Kerk nie 'n identifiseerbare teologie het nie. Die mening is egter by meer as een geleentheid gedurende die jaar uitgespreek dat die benadering van die dialektiese teologie die beste model is waarmee die Fakulteit die eise van die tyd en die toekoms tegemoet sal kan gaan. Die huidige omstandighede in die land het 'n besliste rol in die jaar se feesvieringe gespeel. Die vraag na die toekoms van die Fakulteit het in die lig van rasionalisasie, stilstand en selfs agteruitgang in lidmaat- en studentetal, veranderings in die universiteitswese en die opkoms van 'n pluralistiese gemeenskap, telkens maar weer opgeduik. Die totstandkoming van 'n Teologiese Fakulteit 75 jaar gelede ten spyte van haglike na-oorlogse omstandighede, die noodsaak van 'n teologiese opleiding vir die Kerk en die waardering vir die lewe en werk van die professore van die Kerk, het telkens die somberheid oor die toekoms van die Fakulteit getemper. Die aftrede van twee lede van die Fakulteit in die feesjaar, die oorhandiging van die fakulteitsbundel aan professor J.P. Oberholzer op 30 Junie en 'n huldigingbundel aan professor A.D. Pont op 03 Julie, was nie sonder betekenis nie. Die dank en waardering vir die enorme werk wat hierdie twee manne in die Kerk en die Fakulteit oor baie jare gedoen het, het baie bygedra tot die gees van dankbaarheid wat die feesjaar gekenmerk het. Aan die ander kant is hulle afskeidsgeselligheid op 25 November ook die afsluiting van 'n era in die geskiedenis van die Fakulteit. 'n Tydperk begin daarna wat, na analogie van die artikels in die Almanak van 1992, as die tyd van die vyfde fakulteit beskryf kan word.*

## 1993

**02 Februarie 1993**

Die Dosentevergadering neem kennis dat 'n Voogdekomitee aangewys is met die oog op studentebegeleiding en dat 'n ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kerk oor HTO byna gereed is vir ondertekening.

**23 Februarie 1993**

Die Kuratorium verwelkom professor S.J. Botha en professor G.M.M. Pelser. Benoeming van die volgende hulpdosente is goedgekeur: J. Buitendag, I.W.C. van Wyk en M. Robbertze in Dogmatiek en Christelike Etiek, J.A. van Biljon in Praktiese Teologie, J.D. Gericke, H.G. van der Westhuizen, D.J.C. van Wyk en E. Engelbrecht in Godsdiens- en Sendingwetenskap, P.B. Boshoff, P.A. Geyser, E. van Eck, P. van Staden en P.J. van Staden in Nuwe Testamentiese Wetenskap, W.C. van Wyk en A.A. da Silva

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

in Ou Testamentiese Wetenskap , J.J. Steenkamp, J.P. Labuschagne en J.M.G. Storm in Kerkgeskiedenis. Vorderingsverslae soos deur die Beurskomitee behandel is kennis van geneem.

### 16 Maart 1993

Die Fakulteit wens professor P.M. Venter geluk met die uitnodiging om die S.B.L. kongres in Duitsland toe te spreek, en keur die instelling van 'n PhD graad goed, asook die samewerkingsooreenkoms tussen die HTO en die Universiteit.

### 26 Maart 1993

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in 'n buitengewone vergadering vir dominee G.C. van Staden verkies as vise-skriba nadat doktor S.P. Pretorius benoem is as sekretaris in die kantoor van die Kommissie en sy plek as skriba deur doktor J.M.G. Storm ingeneem is wat vise-skriba was. Professor A.P.B. Breytenbach, as sekundus vir doktor Pretorius, het sitting op die Kommissie geneem. Kennis is geneem dat die Universiteit van Pretoria in die proses van rasionalisasie nie meer verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerd sowel as Hervormde Kerke op sy Raad kan hê nie, maar net een namens altwee kerke.

### 25 Mei 1993

Die Kuratorium verleen toestemming vir die studieverlof van professor T.F.J. Dreyer van 16 Augustus tot 16 November 1993. Die aanbeveling van die Evalueringskomitee oor die toelating van tien nuwe studente met beurslenings en een sonder beurslening is goedgekeur. Die dekaansverslag oor die jaar 1992 het vermeld dat daar 62 BD studente was, 26 MDiv studente en 23 DD studente. Daarby het die Fakulteit saam met Afdeling B. dosering voorsien aan 141 BA studente in Bybelkunde, 2 BA Hons, 8 MA en 4 DPil. Professor Van Aarde is verkies as volle lid van die *Societas Novi Testamenti Studiorum* en is weer deur die Universiteit van Pretoria vereer as uitnemende presteerder. Talle vakkongresse is deur personeellede bygewoon. Die Fakulteit het ses besoekende dosente ontvang en fakulteitslede het as gasdosente elders opgetree. Aan professor B.J. Engelbrecht is 'n eredoktoraat toegeken.

### 16 Junie 1993

Die Kuratorium het in 'n buitengewone vergadering op aanbeveling van die Dosentevergadering vir doktor L.C. Bezuidenhout benoem as dosent in Bybelkunde. Doktor J.H. Breytenbach het hom gedistansieer van die besluit.

**Louis Christiaan Bezuidenhout** is gebore op 09 Julie as middelste van die drie kinders van dominee en mevrou W.J. Bezuidenhout. Hy gaan skool in die laerskole Eloffsdal, Hermanstad, Simon Bekker, Naboomspruit en die hoërskole Brits en Hartswater, matrikuleer in 1972 in die eersteklas met onderskeidings in vyf vakke. Hy behaal die grade BA, BA Hons, BD en MA (Semitiese Tale) almal met lof en promoveer in 1989 in Ou Testamentiese Wetenskap met die proefskrif *Struktuur en Strekking van die Boek Job.* Tydens sy studiejare speel hy 'n leiersrol in studentesake en is hy ook lid van die VSR In 1977 ontvang hy Dux erekleure en in 1978 die Abe Bailey studiebeurs. Hy word georden as dienspligkapelaan in 1978 en bedien ná sy dienspligtydperk die gemeentes Suid-Oos Witbank en Kensington deeltyds en word in 1990 voltydse predikant van Stellenbosch. Hy was junior dosent in die Departement Semitiese Tale in 1977–1978, lektor in 1980 en senior lektor van 1984 tot 1990. In die Departement Ou Testamentiese Wetenskap was hy in 1989 en 1990 deeltydse dosent. Na sy verhuising na Stellenbosch in 1990 tree hy by verskillende geleenthede op as plaasvervangende dosent in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap in Stellenbosch en as deeltydse dosent aan die Baptist Theological College.

[Die aanstelling het 'n nadraai gehad. Op 01 Julie skryf die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering namens die skriba aan die Dosentevergadering en noem dat 'n minderheidsverslag van doktor J.H. Breytenbach ook ontvang en behandel is:

> *Die Kerk aanvaar geen verskuilde, geïmpliseerde , nuwe of enige ander finansiële verantwoordelikheid vanweë moontlike verwikkelinge van enige aard ten opsigte van die Departement Bybelkunde nie. Die Kommissie spreek sy misnoeë uit oor die wyse waarop die saak hanteer is. Die Dosentevergadering word versoek om skriftelik te verantwoord waarom daar op so 'n onaanvaarbare wyse te werk gegaan is.*

Daarop reageer die sekretaris van die Dosentevergadering op 13 Julie soos volg:

> *Ten einde my in staat te stel om die tweede saak wat in u brief aan die orde is, sinvol op die agenda van die Dosentevergadering te plaas, versoek ek die volgende inligting: Ek lei af dat die Kommissie uiters ongelukkig is maar dit is nie vir my duidelik waaroor en teenoor wie nie. Die Dosentevergadering moet iets daarmee te doen hê anders sou u nie bogenoemde brief aan hierdie vergadering gerig en van dieselfde vergadering 'n skriftelike antwoord vereis nie. Die Dosentevergadering het egter wat die vulling van die vakature in Bybelkunde betref, streng volgens die letter en gees van die voorgeskrewe prosedure opgetree. U verwys na 'n minderheidsverslag van doktor J.H. Breytenbach wat voor die Kommissie gedien het. Ongelukkig is nóg ek nóg die vergadering op die hoogte van die inhoud van die verslag. Indien die Dosentevergadering in die verslag aangekla word, versoek ek vriendelik dat 'n afskrif daarvan aan ons beskikbaar gestel word. Ek aanvaar dat die 'misnoeë' van die Kommissie nie daarop neerkom dat die Dosentevergadering by voorbaat en sonder nakoming van die beginsel 'audi alterem partem' skuldig bevind is nie. U moet egter asb vir my verduidelik wat die betrokke besluit van die Kommissie beteken.*

'n Gesprek met die Moderamen is aangevra, en dit het plaasgevind op 04 Augustus. Die Dosentevergadering het daarna nogtans insae gevra in die minderheidsverslag van doktor Breytenbach. Die ag-bladsye lang verslag is aan die Dosentevergadering besorg, wat die sekretaris opdrag gegee het om 'n antwoord daarop op te stel. [Dit val op dat die Kommissie wat die aanbeveling van die Kuratorium ontvang het en waar Breytenbach sy teenstem laat aanteken het, by die Kuratorium verbygegaan het met sy misnoeë en die Dosentevergadering direk aangespreek het.]

### 21 Junie 1993

Die Raad besluit op 'n samestelling van sy lede wat nie meer voorsiening maak vir kerklike verteenwoordigers nie.

### 25 Junie 1993

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat ouderling Klasie van Rensburg van Bethal R50 000 geskenk het vir nagraadse teologiese studie. Besluit is om die fonds te noem die Emmie van Rensburgfonds en om die rente vir nagraadse studie aan te wend. Die vergadering het ook kennis geneem dat daar in die toekoms geen kerklike verteenwoordiging op die Raad van die Universiteit van Pretoria sal wees nie.

### 27 Julie 1993

Die Fakulteit neem kennis dat A.G. van Aarde en P.M. Venter by die S.B.L. kongres is en G.M.M. Pelser by die Nuwe Testament Kongres in Nederland. J.H. Koekemoer is eenparig genomineer as dekaan en A.P.B. Breyenbach as adjunkdekaan. Die Dosentevergadering wens A.G. van Aarde in sy afwesigheid geluk met sy benoeming as toppresteerder. Onbevredigende klasbywoning deur sommge studente en afwesigheid by die godsdiens- en dekaansperiodes het aandag geniet.

Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

**04 Augustus 1993**
In 'n buitengewone vergadering saam met die rasionalisasiekommissie het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om die SVTT uit te faseer, gesprek te voer met die Dosentevergadering oor deeltydse dosente, en die Fakulteit te versoek om self indringend aandag aan rasionalisasie te gee. Daar is ook besluit om in te gaan op die moontlikheid dat Kital en die Tydskrifafdeling saamsmelt. Die Dosentevergadering bespreek 'n konsep memorandum oor die gebede by Kodesa (die onderhandelinge oor 'n nuwe grondwet vir die land) na aanleiding van 'n versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en finaliseer dit vir deursending aan die Kommissie. Kennis is geneem van die aanbieding van die VTT vir predikante in die Wes-Kaap, en die voorgenome aanbieding van VTT kursusse die res van die jaar.

**31 Augustus 1993**
Die Kuratorium neem kennis dat student Sanri Smith die MA graad in Grieks met lof verwerf het binne een jaar na haar honneursstudie, en wens haar daarmee geluk. Vorderingsverslae is behandel, kennis geneem van staking van studie deur 'n aantal studente, en beurse toegeken. Die vergadering het ook kennis geneem van die notule van die vergadering van Studentevoogde en van die begeleiding van teologiese studente deur die dosente.

**11 Oktober 1993**
Die Raad stel professor J.H. Koekemoer aan as adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie.

**09 November 1993**
Die Kuratorium het in samesitting met lede van die Dosentevergadering 'n aantal voorstelle geformuleer. Instemming is betuig met besparingsmaatreëls wat deur die Rasionalisasiekommissie voorgestel is en wat onder andere beperking van vergoeding aan hulpdosente in die Fakulteit en staking van vergoeding aan hulpdosente by die SVTT ingesluit het. Verder is voorstelle geformuleer vir 'n herstrukturering van die teologiese opleiding:

1. *Die teologiese opleiding bly aan die Universiteit van Pretoria gehuisves.*
2. *Die Kerk bevestig sy bereidheid dat die twee fakulteitsafdelings saamwerk op voorwaarde dat die essensie van die selfstandigheid van die opleiding en die teologiese tradisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie verlore gaan nie.*
3. *Die Fakulteit beplan om die volgende graad aan te bied:*
   - *In die plek van die huidige BA kom n'n BA(Endossement Teologie) wat 'n reeds bestaande graadkursus aan die Universiteit van Pretoria is. Wat studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk betref wat predikante wil word, kan die samestelling van 'n BA(ET) graad soos volg daar uitsien: Eerste studiejaar Grieks 110,120, Hebreeus 110,120, Ou en Nuwe Testament 110,120, Teologie 110,120,'n Vak van vrye keuse in oorleg met die dekaan. Tweede studiejaar: Grieks 210,220, Hebreeus 210,220, Ou en Nuwe Testament 210,220, Teologie 210,220. Derde studiejaar: Ou en Nuwe Testament 310,320, Teologie 310,320, Antieke tale 300 (Grieks en Hebreeus gekombineerd). Na voltooiing van BA(ET) kan die student verder beweeg in een van twee bane, naamlik BD wat kan uitloop op MDiv en DD, of BA Hons(ET), MA(ET) en PhD, wat dan die moontlikheid skep dat persone of instansies wat nie gesteld is op die taalvereiastes nie, geakkomodeer kan word.*

**26 November 1993**
Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, doktor D.J.C. van Wyk, het sy prediking by die toelating van teologiese kandidate tot die evangeliebediening ingelei met die volgende woorde:

> *Wanneer ons op die punt staan om aan die einde van 1993 weer 'n hele groep teologiese kandidate te legitimeer en beroepbaar te stel, doen ons dit onder ietwat somber omstandighede. Afgesien van die somber landsomstandighede, sit ons nou vir die eerste keer met die realiteit van 'n hele groot groep jong predikante vir wie daar menslik gesproke eintlik nie kans op 'n beroep na 'n gemeente is nie. Na vanaand sal daar 'n paar in die vyftig beroepafwagtende predikante wees, terwyl daar skaars meer as vier of vyf gemeentes is wat beroep. 'n Ander faktor wat ietwat van 'n somberheid oor ons bring, is die groeiende en sorgwekkende erosie onder ons predikante. Die lang lys predikante wat die bediening verlaat en wat in die 'Almanak' weerspieël word, skets 'n droewige verhaal. Die grootste oorsaak daarvan is huweliksverbrokkeling.*

**27 November 1993**
Die Kommissie besluit om die voorstelle van die Kuratorium oor die herstrukturering van die teologiese opleiding te aanvaar en steun in beginsel die gedagte dat praktiese opleiding na afloop van die BD studie moet plaasvind, en wel onder toesig van die Kommissie self.

## ☙ 1994

**14 Januarie 1994**
Die Samewerkingsooreenkoms tussne die Kerk en die Universiteit ten opsigte van die HTO word formeel onderteken op 'n gesellige byeenkoms wat deur die rektor aangebied is.

**18 Januarie 1994**
Die Dosentevergadering formuleer voorstelle vir die wysiging van regulasies om voorsiening te maak vir die grade BA, BA Hons, BD, MA, MDiv, PhD en DD.

**01 Februarie 1994**
Die Dosentevergadering oorhandig die Nico Prinslooprys aan Jaco Beyers, neem kennis dat die Akademiese Bestuurskomitee prys stel op kantoorteenwoordigheid van dosente, dat eksterne eksaminering vir MDiv moet plaasvind, dat P.J. van der Merwe in die tweede semester op verlof sal wees en M.J. du P. Beukes van 07 Maart tot 07 Junie.

**02 Februarie 1994**
Die Kuratorium het 'n indringende en lang bespreking gevoer oor die uitfasering van die SVTT en het besluit dat die SVTT gerasionaliseer word om te dien as struktuur waarbinne die Fakulteit gemeenskapsdiens verrig, en dat die pos van direkteur van SVTT afgeskaf word.

**22 Februarie 1994**
Die Kuratorium neem kennis dat professor S.J.L. Gouw as lid bedank het en beveel by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan dat sy plek gevul word. Die Kommissie het doktor J.H. Robbertse benoem. Uit die dekaansverslag het geblyk dat daar 52 BD studente was in 1993, 49 MDiv en 23 DD studente. Vir Bybelkunde was ingeskryf 680 BA studente, 7 vir BA Hons, 8 virMA en 4 vir DPhil. Gedurende die eeste semester is die Bybelkundelesings van die kant van die Nederduitsch Hervormde Kerk waargeneem deur professor P.M. Venter, doktor J.H. Breytenbach, en dominees G.C. Lindeque en C. van Tonder. Vanaf die tweede semester het doktor L.C. Bezuidenhout as voltydse dosent gedien. Fakulteitslede het weereens talle kongresse bygewoon, voordragte gehou en publikasies gelewer. Die Kuratorium het sy hoë waardering daarvoor betuig. Studieverlof is toegestaan aan professor Beukes. Kennis is geneem

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

dat die volgende hulpdosente vir 1994 benoem is, sommige sonder vergoeding: J. Buitendag, I.W.C. van Wyk en M.D. Robbertze in Dogmatiek en Christelike Etiek, Kobus van Biljon en J.A. Beukes in Praktiese Teologie, J. Buitendag, H.G. van der Westhuizen, D.J.C. van Wyk en J.D. Gericke in Godsdiens en Sendingwetenskap, P.B. Boshoff, P.A. Geyser, E. van Eck en P. van Staden in Nuwe Testamentiese Wetenskap, W.C. van Wyk, A.A. da Silva, L.C. Bezuidenhout in Ou Testamentiese Wetenskap, en J.J. Steenkamp en A.D. Pont in Kerkgeskiedenis. Vir die SVTT is as hulpdosente benoem, almal sonder vergoeding: Mevrou M. Dreyer, doktor J.A. Beukes, dominee W. Coetzer, meneer I. Dreyer, B. Bierman, dominees C.J.A. Simpson, J.C. van der Merwe, J. Coetzee. E.C. Kloppers. meneer P. Viviers, dominees P.A. Geyser, R.J. Coertze, meneer L. de Munnik, doktor H.T. van Deventer, mevrou G. Grobler en mejuffrou A.C. Venter.

### 15 Maart 1994

Die Fakulteit keur regulasiewysigings goed met die oog op die aanbieding van BA(Teologie) vanaf 1995, toelatingsvereistes vir die bestaande BD graad en vakkeusebeperkings in die bestaande MDiv graad. Die leergang vir BA(Teol) is soos volg:

Eerste studiejaar:

1. Ou en Nuwe Testament 130, 140 of Bybelkunde 110, 120
2. Teologie 130, 140
3. Drie van die volgende vakke: Afrikaans 100,Antropologie 110, 120, Duits 110, 120 of 112,122, Grieks 110, 120, Hebreeus 110, 1230, Kriminologie 110, 120, Latyn 111, 121 of 101, Noord-Sotho 100, Sielkunde 102, Sosiologie 110, 120, Tswana 100, Filosofie 110, 120, Zoeloe 100

Tweede studiejaar:

1. Ou en Nuwe Testament 230, 240 of Bybelkunde 210, 2320
2. Teologie 230, 240
3. Twee van die drie vakke vroeër gekies

Derde studiejaar:

1. Ou en Nuwe Testament 330, 340, of Bybelkunde 310, 320
2. Teologie 330, 340
3. Een van die vakke vroeër gekies

Die toelatings vereistes vir BD word dan die graad BA(Teol) wat die volgende vakke insluit: Ou en Nuwe Testament 330, 340, Teologie 330, 340, Grieks of Hebreeus op 300 vlak en 'n leeskennis van Duits. Die toelatingsvereistes vir MDiv is die BD graad of 'n ander graad wat deur die Fakulteit as gelykstaande beskou word. Die leerplanne vir BA(Teol) is soos volg:

**Ou en Nuwe Testament:**
ONM130 Inleiding tot die leefwêreld van die Bybel
ONM 140 Die aard en ontstaan van die Bybel
ONM230 Die verstaan van die Bybel: Geskiedenis en prin siepes, Ontleding van die vertelmateriaal
ONM 240 Evangelies en Handelinge: Inleiding en teologie; Deuteronomistiese Geskiedenis, Inleiding en teologie
ONM 330 Apokaliptiek; Pauliniese korpus: Inleiding en teologie; Wysheidsliteratuur: Inleiding; Professoretiese literatuur: Inleiding
Teologie TEO 130 Inleiding in die kerkgeskiedenis; die kerkgeskiedenis van die eerste vyf eeue
TEO 140 Kerklike diakonaat en presbiteraat
TEO 230 Inleiding in die Sistematiese Teologie; die ekumeniese simbole
TEO 240 Inleiding in die Godsdienswetenskap, Godsdiensfenomenologie en primale godsdienste
TEO 330 Inleiding in die Etiek; seleksie van belangrike hedendaagse vraagstellings
TEO 340 Inleiding in die godsdienswêreld van Indië met spesiale verwysing na die Boedhisme en Hindoeïsme.

Verder is regulasies goedgekeur vir die nuwe grade BA Hons(Teol) en MA (Teol).

Die Fakulteit het ook aanbeveel dat die voorsitter van die Van der Hoff Teologiese Huis volle lidmaatskap van die Fakulteitsraad verkry.

### 15 Maart 1994

Die Dosentevergadering besluit om J.P. Oberholzer as kandidaat vir die eregraad DD te benoem en besluit om hom te beywer vir 'n toekenning tydens Teologie se gradeplegtigheid waarmee erkenning verleen kan word aan persone wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van teologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Professor F.J. van Zyl word genoem as eerste ontvanger. 'n Interdissiplinêre Simposium is beplan vir 21–22 April. Kennis is geneem dat die feesnommer van *Hervormde Teologiese Studies* byna gereed is.

### 28–29 April 1994

Die Dosentevergadering besluit om die SVTT te herstruktureer en sy naam te verander na Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (S.T.N.T). Gesprek word gevoer met verteenwoordigers van die Proponentseksamenkommissie. Die probleme rondom *Hervormde Teologiese Studies* is bespreek. Die rektor, professor P. Smit, en vise-rektor J.J. Stadler het die vergadering besoek en inligting gegee oor universitêre doelstellings en veranderings in beleid. Hy het in vooruitsig gestel dat die Universiteit nog lank meer as 80% Afrikaans sal wees. Hy het onder andere gesê: 'UP was egter nog nooit 'n 'Voortrekkeruniversiteit' nie en wil dit nou ook nie wees nie.' [Die rektor het miskien nie kennis gedra daarvan nie dat die Universiteit homself wel op 'n stadium geadverteer het as die volk se universiteit en besonderlik as die Voortrekkeruniversiteit, soos byvoorbeeld in die Gedenkuitgawe van *Die Huisgenoot*, Desember 1938.]

### 17 Mei 1994

Die Dosentevergadering wens Jaco Beyers en Sanri Smith geluk met hulle aanwysing as toppresteerders in die geheel van die Fakulteit Teologie. Celia Nel is aangewys as toppresteerder in die Geesteswetenskappe op grond van haar BA Hons in Grieks. Kennis is geneem dat die SVTT se Bybelskool suksesvol begin het. Besluit is om jaarliks 'n eie kursus in navorsingsmetodologie aan te bied.

### 24 Mei 1994

Die Kuratorium laat op aanbeveling van die Evalueringskomitee vyf nuwe studente toe met en twee sonder beurslening.

### 20 Junie 1994

Die Raad benoem professor J.H. Koekemoer op die Appélkomitee van die Senaat.

### 21 Julie 1994

Die Fakulteit neem kennis dat professorf W.C. van Wyk en P.M. Venter in Israel met opgrawings besig is en verwelkom professor L.J.S. Steenkamp wat nou in die Fakulteit gehuisves is. Hy sal administratief die navorsing in die Fakulteit koördineer, die administratiewe werk van *Hervormde Teologiese Studies* behartig en die SVTT programme in stand hou.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

**Lourens Johannes Stephanus Steenkamp** is gebore 07 September 1946. Sy ouers was Pieter Johannes Lodewyk Steenkamp en Anna Elizabeth Potgieter. Hy besoek die Laerskool Marble Hall en matrikuleer met drie onderskeidings aan die Hoërskool Ben Viljoen op Groblersdal waar hy ook hoofseun was. Hy ontvang 'n beurs van die destydse departement Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en skryf in aan die Universiteit van Stellenbosch vir die graad BCom in Vervoerekonomie. Na twee jaar suksesvolle studie besluit hy egter om Teologie te studeer en skryf in 1966 in aan die Universiteit van Pretoria. Om sy beursgeld terug te betaal, aanvaar hy diens by die firma Agricura. Hy voltooi die teologiese studie in 1972, ontvang die Nico Prinslooprys vir Ou Testamentiese Wetenskap, en word georden op 27 Januarie 1973, bedien die gemeentes Ogies en Villieria, en word in 1989 aangestel as direkteur van Kital. In dieselfde jaar word hy hoofdirekteur. In 1990 word hy betrek by die werksaamhede van die SVTT en vanaf 1994 word hy voluit gehuisves in die Fakulteit en betrek by die werksaamhede van die S.T.N.T.. Vanaf 1995 was hy ook hulpdosent in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap.

### 04 Oktober 1994

Die Dosentevergadering neem kennis dat professor L.C. Bezuienhout verkies is as voog van die Van der Hoffstudentehuis.

### 22 November 1994

Die Kuratorium neem kennis van die volgende benoemings van hulpdosente vir die jaar 1995: J. Buitendag, I.W.C. van Wyk en M.D. Robbertze in Dogmatiek en Christelike Etiek, J.A. van Biljon in Praktiese Teologie, H.G. van der Westhuizen, D.J.C. van Wyk, L.J.S. Steenkamp, E. Engelbrecht in Gosdiens en Sendingwetenskap, P.B. Boshoff, P.A. Geyser, E. van Eck en P. van Staden in Nuwe Testamentiese Wetenskap, W.C. van Wyk, A.A. da Silva en L.C. Bezuidenhout in Ou Testamentiese Wetenskap, H.J. Botes en A.D. Pont in Kerkgeskiedenis. Die hulpdosente vir SVTT is behou soos in 1994. Die reglement vir die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting wat die SVTT sou vervang, is goedgekeur.

## ᔕ 1995

### Januarie 1995

Die leerplanne vir die nuwe kursusse in die Fakulteit verskyn soos volg in die Jaarboek van die Universiteit:

**BA(Teologie)**

(ONM 130) Ou en Nuwe Testament 130: Inleiding tot die leefwêreld van die Bybel
(ONM 140) Ou en Nuwe Testament 140: Die aard en ontstaan van die Bybel
(ONM 230) Ou en Nuwe Testament 230: Die verstaan van die Bybel: Geskiedenis en prinsipes; ontleding van vertelmateriaal
(ONM 240) Ou en Nuwe Testament 240: Evangelies en Handelinge: Inleiding en teologie; Deuteronomistiese geskiedenis: Inleiding en teologie
(ONM 330) Ou en Nuwe Testament 300: Apokaliptiek; Pauliniese korpus: Inleiding en teologie; Eksegese van capita selecta uit die Nuwe Testament
(ONM 340) Ou en Nuwe Testament 340: Eksegese van poëtiese literatuur; Pentateug: Samestelling en teologie; Wysheidsliteratuur: Inleiding; Professoretiese literatuur: Inleiding
(TEO 130) Teologie 130: Inleiding in die Kerkgeskiedenis; die kerkgeskiedenis van die eerst vyf eeue
(TEO 140) Teologie 140: Kerklike diakonaat en presbiteraat
(TEO 230) Teologie 230: Inleiding in die Sistematiese Teologie; die ekumeniese simbole
(TEO 240) Teologie 240: Inleiding in die Godsdienswetenskap, Godsdiensfenomenologie en primale godsdienste
(TEO 330) Teologie 330: Inleiding in die Etiek; seleksie van belangrike hedendaagse vraagstellings
(TEO 340) Teologie 340: Inleiding in die godsdienswêreld van Indië, met spesiale verwysing na die Boeddhisme en Hindoeïsme
Vakkursusse aangebied deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Antropologie, Afrikaans, Bybelkunde, Duits, Filosofie, Grieks, Hebreeus, Kriminologie, Latyn, Sepedi, Sielkunde, Sosiologie, Setswana, isiZulu

**Baccalaureus Divinitatis**

I. Christelike Etiek
- Eerste jaar: CHE 400 (i) Fundamentele Etiek (ii) Konkretisering van die Etiek.

II. Dogmatiek
- Eerste Jaar: DOG 400 (i) Prolegomena (ii) Godsleer (iii) Skeppingsleer (iv) Die Mens.
- Tweede Jaar: DOG 500 (i) Christologie (ii) Soteriologie (iii) Geloofsleer.
- Derde Jaar: DOG 600 (i) Pneumatologie (ii) Ekklesiologie (iii) Eskatologie.

III. Ensiklopedie van die Teologie
- Tweede Jaar: ENS 500 (i) Die Teologiese Wetenskap (ii) Die simbole van die kerk binne die Teologiese Fakulteit.

IV. Godsdiens- en Sendingwetenskap
- Eerste Jaar: Godsdiens- en Sendingwetenskap 400, (i) Inleiding in die Godsdienswetenskap. (ii) Godsdiensgeskiedenis. (iii) Godsdiensfenomenologie. (iv) Inleiding in die Sendingwetenskap. (v) Teologie van die Sending.
- Tweede Jaar: Godsdiens- en Sendingwetenskap 500, (i) Theologia religionum, (ii) Teologie en ideologie, (iii)Inleiding in die Evangelistiek , (iv) Sendingeskiedenis
- Derde Jaar: Godsdiens- en Sendingwetenskap 600, (a) Godsdiensfilosofie, (i) Fundamentele, Godsdienswetenskap, (ii) Theologia religionis, (iii) Oorsig van filosofiese en lewensbeskoulike temas wat kerk en teologie raak, (b) Prinsipiële en praktiese vraagstellings in die Evangelistiek, (c) Kerk en sending.

V. Kerkgeskiedenis en Kerkreg
- Eerste Jaar: KGS 400, (i) Die geskiedenis en die dogmengeskiedenis van die algemene Christelike kerk tot die einde van die 14de eeu, (ii) Suid-Afrikaandse Kerkgeskiedenis – Die geskiedenis van die Afrikaanse kerke tot 1865.
- Tweede Jaar: KGS 500, (a) (i) Die geskiedenis en die dogmengeskiedenis van die kerke van die hervorming en die contra-reformasie in die 15de tot die 17de eeu, (ii) Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis: die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1865-1920 met verwysing ook na die geskiedenis van die ander twee Afrikaanse kerke (b) Kerkreg (i) Die historiese agtergronde van die kerkreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1652-1950 (ii) 'n Inleiding tot die kerkbegrip van die kerkwet van die NHKA.

VI. Nuwe Testamentiese Wetenskap
- Eerste Jaar: NTW 400, (i) Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek, (ii) Inleiding tot die Nuwe Testament, (iii) Algemene inleiding, (iv) Prinsipiële kanoniek, kanongeskiedenis en –kritiek,

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

(v) Teksgeskiedenis en –kritiek , (vi) Inleiding tot die sinoptiese Evangelies en Handelinge, (vii) Eksegese en teologie van die Markusevangelie.
- Tweede Jaar: NTW 500, (i) Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek, (ii) Sosiologie van die Nuwe Testament, (iii) Inleiding tot die Corpus Paulinum, (iv) Eksegese en teologie van geskrifte uit die Corpus Paulinum, (v)Teologiese temas: Christologie, gelykenis- en wonderwerkinterpretasie, (vi) Teologie van die Nuwe Testament.
- Derde Jaar: NTW 600, (i) Eksegetiese metodologie en Bybelse hermeneutiek, (ii) Inleiding tot die Johannese Literatuur, Algemene Briewe en Openbaring, (iii) Eksegese en teologie van geskrifte in (ii) genoem, (iv) Eksegese en teologie van die Matteusevangelie en die Lukaanse korpus, (v) Teologiese temas: Pneumatologie, ekklesiologe, etiek en sakramente , (vi) Bybelse Teologie.

VII. Ou Testamentiese Wetenskap
- Eerste Jaar: OTW 400, (i) Agtergrond van die Ou Testament, (ii) Geskiedenis van Israel en Juda, (iii) Bronne vir die kennis van die agtergrond, (iv) Argeologie van die Ou Testament, (v) Inleiding tot die Ou Testament, (vi) Inleiding tot die vak, (vii) Geskiedenis van die teks van die Ou Testament, (viii) Kanon van die Ou Testament (ix) Die boeke Jos tot Kon (x) Die Boeke Kron, Esra, Neh (xi) Eksegese van die Ou Testament (xii) Inleiding tot die vak (xiii) Eksegese van die verhalende literatuur (xiv) Ou Testamentiese Teologie (xv) Inleiding tot die vak.
- Tweede Jaar: OTW 500, (i) Inleiding tot die Ou Testament, (ii) Die professoreteboeke, (iii) Die psalms, (iv) Eksegese van die Ou Testament, (v) Eksegese van liedereliteratuur, (vi) Eksegese van professoreteliteratuur, (vii)Evaluering van eksegetiese resultate, (viii) Ou Testamentiese Teologie (ix) Geskiedenis van die vak (x) Metodiek van die vak (xi) Eksegese en Teologie (xii) Hermeneutiek van die Ou Testament (xiii) Inleiding tot die vak (xiv) Skrifbeskouing: Die Ou Testament.
- Derde Jaar: OTW 600, (i) Inleiding tot die Ou Testament, (ii) Die boeke Job, Spr, Pred, Hgl, Rut, Kl, Dan, Est, (iii) Die boeke Gen tot Deut, (iv) Eksegese van die Ou Testament, (v) Eksegse van Wysheidsliteratuur, (vi) Eksegese van Pentateugliteratuur, (vii) Eksegese van Apokaliptiese literatuur, (viii) Evaluering van eksegetiese resultate (ix) Ou Testamentiese Teologie (x) Temas in die Bybelse Teologie (xi) Hermeneutiek van die Ou Testament (xii) Skrifbeskouing (xiii) Hermeneutiek in praktyk.

VIII. Praktiese Teologie
- Eerste Jaar: PRT 400 Inleiding tot die Praktiese Teologie, (i) Prinsipiële fundering van die objek en metode van die Praktiese Teologie, (ii) Die Ensiklopedie van die Praktiese Teologie (iii) Die geskiedenis van die Praktiese Teologie in die algemeen.
- Tweede Jaar: PRT 500, (a) Homiletiek , (i) Prinsipiële gedeelte, (ii) Formele gedeelte, (iii) Historiese gedeelte, (b) Kategetiek (i) Prinsipiële gedeelte, (ii) Formele gedeelte, (iii) Historiese gedeelte (c) Liturgiek.
- Derde Jaar: PRT 600, (a) Homiletiek, (b) Kategetiek, (c) Poimeniek.

**30 Januarie 1995**

Die Dosentevergadering benoem die volgende studente- en dosentevoogde: BA(Teol) I Chris Liebenberg, Janine Bevolo en professor S.J. Botha, B.A.I.I. Corlien Viviers en professor T.F.J. Dreyer, BA III Annerie Conradie en professor A.A. da Silva, BD I Riaan Botha en doktor L.C. Bezuidenhout, BD II Erik Oosthuizen en professor A.P.B. Breytenbach, BD III Sanri van Zyl en professor M.J. du P. Beukes. Kennis is geneem dat die departemente Godsdiens- en Sendingwetenskap van albei afdelings ingestem het om Godsdienskunde as komponent van Bybelkunde aan te bied

**07 Februarie 1995**

‘n Gesprek vind plaas tussen die Kuratorium, die Dosentevergadering en die Proponentseksamenkommissie oor teologiese opleiding en vorming, opleiding en navorsing, kritiek en normatiwiteit in die Fakulteit, en oor die laaste proponentseksamen.

**28 Februarie 1995**

Die Kuratorium besluit om die H.C.M. Fourie Erepenning aan dominee P.M. Smith toe te ken. Kennis is geneem dat professor P.J. van der Merwe in ‘n ernstige motorongeluk betrokke was.

**14 Maart 1995**

Die Fakulteit keur goed dat P.M. Mosoeu vir BA Hons(Teol) inskryf op grond van sy Hoër Diploma in Teologie aan die Universiteit van die Noorde en die samewerkingsooreenkoms met HTO. Hierdie vergadering is die eerste keer bygewoon deur twee studenteverteenwoordigers.

**22 Junie 1995**

Op ‘n spesiale Dosentevergadering word besluit om ‘n advies aan die Algemene Kerkvergadering voor te lê oor kerk en kerklike lidmaatskap, met die voorstel dat by die bepaling van lidmaatskap en ander kerkordende reëlings nie gebruik gemaak sal word van formulerings wat strydig is met die wese van die kerk nie. Die advies is onderteken deur al die voltydse dosente behawe professor S.J. Botha wat geoordeel het dat hy as voorsitter van die Kerkwetherskrywingskommissie tegnies verhinder word om die advies te onderteken. Die vergadering het verder ‘n werkwinkel gehou oor die posisie van die afdeling, onderrig vorentoe en verwante aangeleenthede.

**26 Junie 1995**

Die 64ste Algemene Kerkvergadering kom byeen in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die Agenda is vergesel van ‘n Studiebundel waarin organe van bystand en individue oor ‘n wye verskeidenheid van onderwerpe advies gegee het.Die openingsrede deur die uittredende voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, op Maandagaand 26 Junie het Kolosense. 1 as tema gehad en het blyke gegee van ‘n teologiese onrus.

> *Christus ons hoof – dié tema, so glo ons, is in die branding van die jaar 1995 in Suid-Afrika ‘n weergawe van die volledige inhoud van die kerk se prediking. En dit ongekwalifiseerd, onvoorwaardelik, of die kerk het Hom reeds verloën. Hy is van die kerk die hoof en die oorsprong. Hy, wat uit die dood opgestaan het, is van skepping en herskepping die Eerste. .. Dit is nie net die enigste inhoud van die kerk se prediking nie. Dit is ook die enigste hoop van die wêreld en van ons eie land wat deur moderne heidendom verbyster en ineengeslaan is[…]. Hier ontmoet ons nie ‘n aardse historiese Jesus nie, maar ‘n gekruisigde, opgestane, verheerlikte Christus. Dit is aan hierdie objektiewe werklikheid van heil en vryspraak, versoening en sekerheid dat die sestiende eeuse Kerkreformasie en die belydenisskrifte en die liedere wat daaruit voortgevloei het, uitdrukking gee. En dit is hierdie Christusgeloof wat die huidige vernuwingsteologie resloos laat opgaan in antropologie en intermenslike verhoudinge.*

*Derdewêreld-teologieë, soos die Afrika-teologie, Asië-teologie, bevrydingsteologie, kontekstuele teologie sê hierdie teologie is Westerse teologie, spekulatief en irrelevant. Maar dis nie Westerse teologie nie. Dis Bybelse Teologie.* […] *Ken en verstaan ons hierdie prediking? Leef ons daaruit? Getuig ons daarvan? Of is ons betower deur en verkneg aan tydgees, moderne kultuur en konteks? Uitgelewer aan en gehipnotiseer deur magte, ideologieë en strukture? Word ons gemanipuleer, verslaaf tot blinde produkte van sorge, spanning, vrees en depressie?* […] *Is ons Kerk en teologie bereid en in staat tot hierdie verwondering en waagstuk? Of is ons so verlam en geïntimideer dat ons geen moed en raad meer het met hierdie tyd en sy uitdagings nie? En dan verbloem ons dit onder mooiklinkende maar vals vroomheid en beskeidenheid van: Ons kan eintlik nie oor God en sy Woord en sy waarheid met enige sekerheid enigiets sê nie. Om met huiwering, heilige ontsag, verwondering en stameling oor God te praat, is een ding. Maar ons moet dit nie verwar met moderne skeptisisme en uiteindelike ongeloof nie.* […] *Dit bly die wonder van die kerk. Dat ons kerk is ondanks onsself. Maar dit is ook huiweringwekkende verantwoordelikheid! Baie minder ons kerk word, baie meer God se kerk word. Ons Hervormers praat te graag en te trots oor ons kerk. En dan laat blyk ons dade en woorde inderdaad dat ons maar gedink het dis ons kerk.* […] *Hierdie vergadering, sy besprekings en besluite, sal heenwys na Christus - of dit sal die uitsig op Christus verder verdonker.* […] *Dis smartlik om te sê: Maar ons Kerk se lewe vertoon nie altyd 'n mooi beeld nie; die bose agterdog teen mekaar en geskinder van mekaar, die politiekery van alle kante, die liefdeloosheid, die weerloosheid in versoeking; die afwesigheid van diep, egte, deurleefde godsvrug, vroomheid, die wêreldgelykvormigheid.*

Die H.C.M. Fourie Erepenning is oorhandig aan dominee P.M. Smith. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor E.C.B. Kotze, het onder andere gesê: die erepenning word toegeken vir dominee Smith se besonderde dienswerk in die kerk.

*Gedurende sy ampstermyn as predikant het hy deur geskrif, persoonlike leiding en optrede 'n beduidende bydrae gelewer tot die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Deur sy eerlike en standvastige arbeid het hy ook gesorg vir die bestendiging en uitbouing van die standpunt en houding van die kerk.*

Na herstemming tussen doktor D.J.C. van Wyk en professor T.F.J. Dreyer, is doktor van Wyk as voorsitter verkies. Doktor J.M.G. Storm is verkies as skriba, professor T.F.J. Dreyer as vise-voorsitter en professor A.P.B. Breytenbach as vise-skriba. As predikantlede van die Kommissie is verkies dominees J.P.J. Wagenaar en G.C. van Staden.

Statistiek wat voor die vergadering gelê is, het laat blyk dat die lidmatetal sinds die vorige vergadering ook aan die afneem is en dat die getal belydende lede verder gedaal het. Ook die getal dopelinge het dramaties gedaal. Betekenisvol is 'n opmerking by die gegewens: 'Die Kerk sal beslis baie meer erns met sy evangelisasiewerk moet doen om te voorkom dat hy verder kwyn.'

Na bespreking van die studiestuk *Selfstandigheid van landskerke* van professor H.G. van der Westhuizen waarin hy 'n wysiging van Artikel III voorgestel het, en van voorstelle van die kant van die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkwet en die Dosentevergadering het die Algemene Kerkvergadering besluit om 'n verklaring te maak vir die inligting van lidmate. Daarin is onder andere gestel

- *Die Algemene Kerkvergadering bevestig sy standpunt dat*
  - *Art III van die huidige Kerkwet nie 'n filosofiese beginsel verwoord nie, maar praktiese maatreëls oor lidmaatskap tref,*
  - *Art III van die huidige Kerkwet 'n reëling ivm lidmaatskap van gemeentes van die Kerk is, en dat die Artikel nie bywoning van eredienste reël nie,*
  - *'n volkskerk, alhoewel nie die enigste nie, tog die vanselfsprekende gestalte van kerkwees is, en dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika volkskerk in die midde van die Afrikanervolk is.*
- *Die vergadering roep alle ampsdraers op om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus die Hoof van die Kerk*
  - *toe te sien dat alleen die evangelie van Jesus Christus deurslaggewend sal wees in al die optredes van die Kerk*
  - *hulle verantwoordelikheid te aanvaar om die wesenlike eenheid van die kerk van Jesus Christus só te handhaaf dat dit in ooreenstemming met die Woord van God en tot sy eer sal wees.*
- *Die vergadering besluit in beginsel om geen rasmatige verwysings in 'n toekomstige kerkorde op te neem nie en gee opdrag aan die Komitee vir Herskrywing van die Kerkwet om die saak van die volkskerk waaroor dit in Art III van die huidige Kerkwet gaan, só in 'n nuwe Kerkorde te verwoord dat die allesoorheersende verbondenheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan Jesus Christus en sy versoeningswerk, duidelik sal blyk.*
- *By die bepaling van lidmaatskap en ander kerkordende reëlings maak die Nederduitsch Hervormde Kerk nie gebruik van formulerings wat strydig is met die wese van die kerk nie.*

Die ouderlinge F.H. Conradie (Sasolburg), L. Bekker (Bloemfontein-Wes), J.P.G. Els (Makwassie), W.J. Engelbrecht (Carolina), F.H. van der Merwe (Chrissiesmeer), L. Stemmet (Jeffreysbaai), A.L.G. Strauss (Vredefort), C.C. Viljoen (Pierneef) en M.M.J. Basson (Silverton) en dominee J.J. Claassen (Carolina) het hulle teenstemme teen hierdie besluit laat aanteken. Later in die vergadering het doktor J.J. Steenkamp, dominees G.P. Visser, N.C.J. Brayshaw, L.J. Strauss, P.D. Rautenbach, J.P.J. Fourie, ouderlinge P.J.A. van Niekerk (Sannieshof), J. Kamffer (Stella), P.J.P. van Zyl (Krugersdorp-Noord) en diaken C.J.S. Kotze (Schweizer Reneke) teenstemme laat aanteken.

Vanaf Maandag 03 Julie is die vergadering voortgesit in die kerkgebou van Pretoria-Oos. In die debat rondom die Belydenisskrifte het professor G.M.M. Pelser iets oor die Belydenisskrifte gesê wat gelei het tot 'n besluit dat die Kommissie met hom onder die opsig daaroor 'n gesprek moet voer. [Ouderling J.G. Koekemoer het later daarop gewys dat daar wel so 'n voorstel was maar dat die vergadering nie daaroor gestem het nie. Hy het persoonlik daarop aangedring dat die voorsitter die voorstel tot stemming bring maar dit het nie gebeur nie. Hy het versoek dat die saak in die notule reggestel word en dat dit nie in die Besluitebundel verskyn nie. Die Kommissie het egter besluit dat hy die saak as afgehandel beskou.]

'n Beskrywingspunt van die Ring van Johannesburg is aanvaar wat soos volg lui:

*Die vergadering besluit dat die Kerk nie voorskriftelik sal wees oor wie sy eredienste bywoon nie. Daarom spreek hy hom nie hieroor uit nie en verval alle besluite en maatreëls wat vantevore daaroor getref is.*

Daarteen is 39 teenstemme aangeteken, van dominee P.J. van der Merwe (Pietersburg), doktor J.H. Breytenbach, dominees H.G.S. Kotze, C.V. van der Merwe, J.J.C. du Plooy, L.J. Meyer senior, J.H. Barkhuizen, F.J.C. Oosthuizen, J.H.H. Jacobs, H.N. Kloppers, F.G.J. Loots, P.S. Oberholzer, Z.C. Robberts,W.H. Steyn, J.Z. Brits, doktor J.J. Steenkamp, dominee L.C. Alberts, en van ouderlinge L. Bekker (Bloemfontein-Wes), C.J. Swart (Belfast), C.J. Campher (Odendaalsrus), A.D. Knoetze (Allanridge), F. Buys (Barberton), J.L.O. Esterhuysen (Zwartruggens), M.F.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

Pretorius (Noordrand), C.C. Viljoen (Pierneef), J.D. Marais (Vryburg), J.P.G. Els (Makwassie), H.N. Kriek (Potchefstroom), L.J. Meyer junior (Heilbron), R.J. de Beer (Vliegepoort), P.J. Schroeder (Eikenhof).

Die volgende mosie gee blyke van die reaksie op die besluit in verband met professor Pelser:

*Die teologiese studente van die teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria wat teenwoordig is by die 64ste Algemene Kerkvergadering, spreek namens al die teologiese studente dank en waardering uit teenoor al die dosente en deeltydse dosente en in die besonder aan professor G.M.M. Pelser vir*

- *kwaliteit onderrig,*
- *voorbeeld van kerklike lojaliteit,*
- *die vorming van die teologiese studente om reggeaarde predikante van die Kerk te wees.*

[Geskrewe getuienis oor die roeringe agter die skerms tydens hierdie vergadering sou eers aan die lig kom toe doktor J.H. Breytenbach op 18 Januarie 1996 op uitnodiging die Predikantevergadering toegespreek het. Dit was ná die bekendstelling van 'n 'Eietydse Getuienis' deur 'n groep wat die voorneme uitgespreek het om 'n konfessionele verbond te stig in reaksie op die besluite van die Algemene Kerkvergadering en debatte wat daar gevoer is. Die loodskomitee was A.D. Pont, H.G. van der Westhuizen, G.C. van Staden, S. Gregan, J.J. Steenkamp, H.J. Botes en J.H. Breytenbach. Breytenbach het die Predikantevergadering meegedeel dat hulle 'getuienis' voortkom uit tendense wat geruime tyd al waargeneem is en wat op die Algemene Kerkvergadering van 1995 op die spits gedryf is deur besluite na aanleiding van 'n 'propagandaverklaring deur die Dosentevergadering', die plek en funksie van die Belydenisskrifte in die kerk, die uitlating van professor Pelser dat daar baie dinge in die Belydenisskrifte is wat hy nie kan aanvaar nie, die bespreking en aanvaarding van die beskrywingspunt van die Ring van Johannesburg, ens. Hulle het tydens die vergadering 'n byeenkoms gereël vir 14 Augustus 1995, bygewoon deur ''n baie groot groep predikante en ouderlinge.' Op voordrag van professor van der Westhuizen is besluit om 'n Konfessionele Verbond op te rig binne die Kerk.

*Daar is ook besluit om deur middel van 'n getuienis die skeiding in teologiese paaie wat besig is om in die kerk plaas te vind, aan te dui. Die skeiding spruit voort uit die verskille in waardering van die belydenis en belydenisskrifte en mond uit in die onvermoë om klinkklaar te getuig* […] *'n Loodskomitee* […], *is benoem om die konsep van 'n grondslag en inrigting vir die te stigte Konfessionele Verbond en 'n konsep van die getuienis wat gelewer sou word, op te stel. Die konsepte is op 'n byeenkoms van 13 September bespreek.* […] *Die konsepdokumente is nie aanvaar nie maar na die Loodskomtee terugverwys.* […] *By die vergadering van 10 Oktober is die dokumente opnuut onder oë geneem. Daar is verskillende wysigings aan die getuienis aangebring, terwyl afgesien is van die hele gedagte om'n Konfessionele Verbond, wat toe al klaar 'n ander naam gekry het, te wete 'Die Verbond vir die handhawing van die belydenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,' op te rig. Uitnodigings om die Hervormingsdagbyeenkoms op 04 November by te woon en 'n ekemplaar van die Eietydse Getuienis is op 21 Oktober aan die skriba van elke gemeente en aan al die geordende dienaars van die Woord in die Kerk gepos. Op 04 November is die Getuienis gelewer in die Goddefroysaal onder voorsitterskap van ouderling Esterhuizen. Dit is toegelig deur myself; Professor Pont het die getuienis voorgehou; professor van der Westhuizen het die pad vorentoe uitgestippel en Doktor Botes het 'n samevatting van die verrigtinge gegee.* [Die bewoording van die 'Eietydse Getuienis' gee blyke van persepsies wat vir hulleself spreek en laat die gebalanseerde leser met talle vrae oor die teologie waaraan dit uiting wil gee. So word daar byvoorbeeld naïef verklaar 'Ons verstaan die Bybel as die openbaring van die Drie-enige God. Die Bybel bestaan uit die Ou Testament en die Nuwe Testament, soos dit as kanoniek deur ons belydenis aangedui word.' En dan volg daar:

*Ons verwerp die opvatting wat die Woord van God afhanklik maak van die menings van mense. Ons verwerp die opvatting dat die Ou Testament niks oor Jesus Christus, die ewige Seun van God, te sê het nie. Ons aanvaar nie teorieë dat die Nuwe Testament 'n versameling van botsende, onbetroubare of oningeligte getuienisse oor Jesus van Nasaret sou wees nie. Ons verwerp die opvatting dat die Bybel slegs die optekening van menslike ervarings sou wees en daarom nie as Woord van God beskou kan word nie.*

Die bewoording skep karikature en polemiseer dan teen die karikature. Verder moet in gedagte gehou word dat die groep volgens die getuienis van doktor J.H. Breytenbach veral aangespoor is deur die besluite van die Algemene Kerkvergadering oor lidmaatskap van die kerk en dus 'n sterk rasse-vooroordeel as grondslag het.]

Uit die verslag van die dekaan soos opgeneem in die verslag van die Kuratorium aan die Algemene Kerkvergadering van 1995, het geblyk dat evaluering van departemente volgens die beleid van die Universiteit plaasvind en dat vanaf 1995 daar eksterne evaluering plaasvind ter wille van internasionale erkenning. Dosente word gereeld deur studente geëvalueer deur middel van gestruktureerde vraelyste. Die Fakulteit stel hom ten doel om aan die einde van die studie 'n persoon te lewer wat wetenskaplik gevorm is, wat in staat is om krities-analities waar te neem, te interpreteer, sinteties te dink, kontak met die wetenskap te behou en voortdurend daarheen terug te keer en self sy normatief-evaluerende denke en konklusies terug te koppel aan sy wetenskaplike vorming. Met dit in gedagte is die Fakulteit tegelyk besig om reggeaarde dienaars van die Woord vir die Kerk te vorm. Om dié doel te bereik, is die Fakulteit voortdurend besig om sy onderrigmodel te evalueer en by veranderde omstandighede aan te pas. Navorsingsuitsette in die vorm van wetenskaplike publikasies is deur al die departemente gelewer.

Verslag is gedoen van die instelling van die nuwe teologiese graad BA(Endossement Teologie) vanaf 1995:

*Hierdie graad is ingestel met die doel om meer studente, ook dié van ander kerke, te werf vir teologiese studie en om die Kerk se studente vroeër met die teologie kennis te laat maak.*

- *Die graadstruktuur vir die BA(ET)graad word so ingerig dat dit ter wille van nie-kerklike studente taamlik vry is. Dit impliseer dat 'n persoon selfs sonder Grieks en Hebreeus 'n BA(ET) graad kan behaal.*
- *Om die standaard van die BD graad te behou, word die toelatingsvereistes vir BD duidelik omskryf. Dit impliseer dat 'n persoon minstens Grieks II en Hebreeus II benodig om vir BD te registreer. Die Kerk se studente moet verkieslik een van die twee tale tot op derdejaarsvlak aanbied. Goedkeuring vir die grade BA Hons (Teologie) en MA (Teologie) asook die aanbieding van die PhD graad naas die DD graad is reeds ontvang. Die grade word vanaf 1995 aangebied.* […]*Vir studente wat predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk wil word, kan die BA (ET) graad soos volg saamgestel word:*

*Eerste studiejaar: Grieks,Hebreeus, Ou en Nuwe Testament, Teologie (Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie) en 'n vak van vrye keuse in oorleg met die dekaan.*

*Tweede studiejaar: Grieks, Hebreeus, Ou en Nuwe Testament, Teologie (Dogmatiek en Godsdiens- en Sendingwetenskap)*

*Derde studiejaar: Ou en Nuwe Testament, Teologie (Christelike Etiek en Godsdiens-en Sendingwetenskap), Hebreeus of Grieks*[…]

*Kandidate wat met BD studie begin, moet oor 'n leeskennis van Duits beskik* […]. *Die kursus word ook na-uurs vanaf 17:00 by die Universiteit van Pretoria aangebied. Die nuwe graadkursus bring mee dat studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk met ingang 1995 vanaf hulle eerste studiejaar aan die Universiteit van Pretoria moet studeer.*

Ingevolge 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit waarvolgens die diplomas van die HTO deur die Universiteit van Pretoria geëndosseer word, is oor en weer lesings aangebied.

Die Kuratorium het verder verslag gedoen oor die herstrukturering van die SVTT, wat herbenaam is tot Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (S.T.N.T).

*Professor L.J.S. Steenkamp wat direkteur van Kital en ook direkteur by die SVTT is, word voltys geakkomodeer by die Universiteit van Pretoria met opdrag om die STNT. maksimaal uit te bou. Dit beteken dat hy betrokke raak by die aanbieding van alle toerustingsgeleenthede wat by die teologie aansny en onder die vaandel van gemeenskapsdiens by die teologiese fakulteit aangebied word. Die STNT is dan ook verantwoordelik vir die aanbieding van Bybelskole en die koördinering van die navorsingsprogram van die Fakulteit. Dié besluite is reeds in 1994 in werking gestel. 'n Verdere verwikkeling was die oorplasing van die Hervormde Teologiese Studies na die teologiese fakulteit. Met die oorplasing van professor Steenkamp na die Fakulteit in voltydse hoedanigheid, is die pos van direkteur by Kital nie weer gevul nie en het sy funksies ten opsigte van publikasies onder doktor P. de Beer, direkteur van die Tydskrifafdeling, ingeskuif. Die afdelings Kital en Tydskrifte is saamgevoeg onder een afdeling met die naam S.E.N.T.I.K. (Sentrum vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie). As verdere opdrag aan professor L.J.S. Steenkamp kom die opdrag om professor A.G. van Aarde (redakteur van Hervormde Teologiese Studies) by te staan.*

Die verslag oor die *Hervormde Teologiese Studies* meld onder andere:

*Buitelandse bibliografiese indekse in Italië, Duitsland, Kanada en die VSA publiseer opsommings van die artikels in Hervormde Teologiese Studies in Engels. Hierbenewens is talle universiteitsbiblioteke oor die hele Europa, Noord-Amerika en Suid-Afrika op die Hervormde Teologiese Studies ingeteken en bestaan daar ook uitruilooreenkomste met ander vaktydskrifte in Frankryk, Nederland, Kenia, Hong Kong en met 'n groot aantal in Suid-Afrika. Die feit dat universiteite in Suid-Afrika sedert die tagtigerjare subsidie van die Departement van Nasionale Opvoeding op grond van die publikasie van universiteitspersoneellede se navorsingsinsette in geakkredditeerde nasionale en internasionale vaktydskrifte ontvang, het sterk daartoe bygedra dat Hervormde Teologiese Studies volumegewys uitgebrei het. Die teologiese fakulteit het deur middel van publikasies die bedrag van R444 815 in 1990 verdien, in 1991 R350 000 en in 1992 R435 468. Hierdie verdienste het regstreeks daartoe bygedra dat die navorsingsfonds van die teologiese fakulteit die bedrag van R81 163 vir 1992 ontvang het, vir 1993 R73 763 en vir 1994 R106 509. Hervormde Teologiese Studies is 'n tydskrif waarin medewerkers van verskillende kerke, universiteite en lande wil publiseer. Bladgelde en subsidies wat van buite die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1993 ontvang is, het R45 255 beloop.*

Die vergadering het sy dank betuig aan professor A.G. van Aarde vir sy besondere moeite om *Hervormde Teologiese Studies* een van die beste vaktydskrifte in die land te maak.

Die vergadering het 'n vorige besluit herbevestig naamlik:

*Die Kuratorium kry opdrag om noukeurig kennis te neem van veranderings en ontwikkelings op die gebied van die universiteitswese in die veranderende situasie in die land en om in die lig daarvan die opleiding en vorming van predikante en die teologiese arbeid van die Kerk te reël. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium word gemagtig om die nodige maatreëls te tref om die uitvoering van die opdrag aan die Kuratorium moontlik te maak.*

Die studentestatistiek het getoon dat daar in 1994 44 BD studente, 22 MDiv studente en 20 DD studente ingeskryf was. Oor die drie jaar 1991–1994 is 61 kandidate vir die BA studie geëvalueer, waarvan 15 nie aanvaar is nie, 13 sonder beurslening en 33 met beurslening aanvaar is.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor P.J. de Beer, dominees A.P.J. Beukes, P.A. Geyser, doktore A.J.G. Dreyer, H.J. Botes, E.C.B. Kotze en professor J.A. Loader.

Die vergadering het ook besluit dat daar 'n Raad vir Kerk en Teologie moet bestaan.

**20 Julie 1995**

Die Fakulteit neem kennis dat professor S.J. Botha as gasdosent opgetree het in die Evangeliese Teologiese Fakulteit in Leuven, dat professor J.H. Koekemoer verskillende fakulteite in Europa as gas besoek het en dat hy verkies is as lid van die International Reformed Theological Institute, dat professorf G.M.M. Pelser en A.G. van Aarde die Jesus Seminar in Santa Rosa, VSA bygewoon het en daarna verskillende universiteite besoek het, dat professor T.F.J. Dreyer universiteite in Europa besoek het as deel van 'n navorsingsprogram oor teologiese opleiding en dat doktor L.C. Bezuidenhout die S.B.L. Kongres in Budapest bywoon.

**20 Julie 1995**

Vise-rektor C.R. de Beer woon die Dosentevergadering by, gee inligting en beantwoord vrae oor die taalbeleid, transformasieforum en multikulturaliteit en oor teologiese opleiding. Hy onderneem om die twee fakulteitsafdelings bymekaar te bring en 'n gesprek te fasiliteer.

**04 Augustus 1995**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voer die gesprek onder die opsig met professor Pelser. Op 'n vraag van die voorsitter of Pelser onomwonde en sonder voorbehoud kan sê hy glo soos die Kerk en saam met die Kerk, het Pelser bevestigend geantwoord. Hy het onderneem om in die toekoms sy woorde versigtiger te meet.

**17 Augustus 1995**

Die rektor, professor P. Smit, besoek die Dosentevergadering, gee inligting en luister na menings.

**29 Augustus 1995**

Reeds tydens die Algemene Kerkvergadering was daar 'n byeenkoms van die verkose lede van die Kuratorium waarop 'n voorsitter en visevoorsitter gekies is, en dominee P.A. Geyser het hierdie vergadering as voorsitter geopen en gelei. As lede van die Dagbestuur saam met die voorsitter en vise-voorsitter (dominee A.P.J. Beukes) is professor J.A. Loader en doktor P.J. de Beer verkies. Die onderskeie komitees is benoem en 'n skedule is opgestel vir gesprekke met die teologiese dosente.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

Kennis is geneem dat doktor E.C.B. Kotze bedank het as lid om gesondheidsredes. Doktor J.H. Breytenbach is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in sy plek benoem, maar het nie die benoeming aanvaar nie. Doktor W.A. Dreyer is toe deur die Kommissie as lid van die Kuratorium benoem. Daar is besluit dat professor J.A. Loader en doktor P.J. de Beer die Kuratorium sal verteenwoordig op 'n werkwinkel op 20–21 Oktober met die oog op scenariobeplanning vir teologiese opleiding. Kennis is geneem van die akademiese prestasies van mevrou Sanri van Zyl en Jaco Beyers en hulle is gelukgewens.

**06 September 1995**

Die Dosentevergadering neem kennis van talle opdragte vanuit die Algemene Kerkvergadering. oor die Ebenhaezer Gemeente as modaliteitsgemeente, oor die belydenis en die Proponentsondertekeningsformule, oor die kultuurtaak van die kerk en oor 'n kommentaar op die Heidelbergse Kategismus. Die vergadering is as geheel lid van die nuutgestigte Raad vir Kerk en teologie.

**15 September 1995**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die voorstel van die Kuratorium aanvaar oor die werkwinkwel op 20–21 Oktober en het vir doktor D.J.C. van Wyk en doktor J.M.G. Storm opdrag gegee om die reëlings en agenda saam met die Dosentevergadering en die Kuratorium te finaliseer. Besluit is ook dat ouderlinge J.L.O. Esterhuizen, G.J.S. Nel en G.J. de Beer die werkwinkel moet bywoon. Die vergadering het ook kennis geneem van die gesprek tussen die Kuratorium en die Dosentevergadering op 24 November 1994 oor die opleiding.

**16 September 1995**

Die Dosentevergadering voer met die Dagbestuur van die Kuratorium 'n gesprek oor die Konfessionele Verbond en besluit om aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te skrywe en sy kommer uit te spreek oor die stigting en te versoek dat dit gestuit word.

> *Die dosente versoek individuele gesprekke met die Kommissie (waartydens die Kuratorium as opsighouers oor die teologiese opleiding teenwoordig sal wees) sodat die Kommissie hom van die leerstellige regsinnigheid van elkeen kan vergewis. Die dosente beskou hulleself egter nie as aangeklaagdes nie en wil ook nie graag as sodanig behandel word nie. Die Dosentevergadering wil graag via die Kommissie 'n uitnodiging rig aan almal wat betrokke is by die loodsing van die 'konfessionele verbond' om met die Dosentevergadering in gesprek te tree oor hulle kommer vir sover die Fakulteit daardeur geraak word.*

**03 Oktober 1995**

Die Dosentevergadering vergader saam met dosente van HTO en werk aan 'n scenariobeplanning oor die toekomstige verhouding tussen die kerk en teologiese opleidings.

**09 Oktober 1995**

Die Raad keur die toekenning van die eregraad DD aan J.P. Oberholzer goed. Die motivering vir die toekenning, opgestel deur A.P.B. Breytenbach, is opgeneem as Bylae S1122/95 by die Agenda van die Senaat 27 Julie 1995.

**18 Oktober 1995**

In 'n buitengewone vergadering het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek gevoer met die Loodskomitee van die 'belydenisgroep,' verteenwoordig deur professor A.D. Pont, professor H.G. van der Westhuizen, doktore J.J. Steenkamp en J.H. Breytenbach. Die gesprek is woordeliks genotuleer en beslaan 22 bladsye. Die Kommissie het ook kennis geneem van 'n skrywe van die Dosentevergadering waarin versoek word dat die Kommissie die stigting van 'n 'Konfessionele Verbond' sal stuit en dat die Kommissie individuele gesprekke met die dosente sal voer, en waarin verder via die Kommissie 'n uitnodoging gerig word aan die persone wat die stigting van die verbond wil loods, om met die Dosentevergadering in gesprek te tree oor hulle kommer vir sover die Fakulteit daardeur geraak word. Opmerklik in hierdie gesprek was dat 'n deel van die Kommissie betrokke was by die getuienisgroep en dat die voorsitter sterk geluide laat hoor het teen dosente, en dat die twee dosente wat lede van die Kommissie was, professor T.F.J. Dreyer en A.P.B. Breytenbach, ook nie eenders gedink het nie. Die Kommissie het besluit: die Dosentevergadering word in kennis gestel dat die Kommissie op versoek van individuele dosente met hulle gesprek sal voer.

Die Kommissie voer op 03 November 1995 met al die dosente van die Teologiese Fakulteit Afdeling A by die Universiteit van Pretoria gesprek oor die belydenis en die Belydenisskrifte en die binding daaraan. Die Kuratorium word genooi om die gesprek by te woon.

Die Moderamen finaliseer die skrywe wat gerig word aan al die predikante en skribas van die Kerk waarin die volgende duidelik gestel word:

- *Die Kommissie het met kommer en onrus kennis geneem van die konsep getuienis van die te stigte Verbond vir die handhawing van die belydenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*
- *Op Woensdag 18 Oktober 1995 het die Kommissie op 'n dringende buitengewone vergadering oor die aangeleentheid gehandel en met die Loodskomitee van die te stigte Verbond in gesprek getree.*
- *Die Loodskomitee het die Kommissie verseker dat die konsepdokument waarin die getuienis vervat is, verwerp is en daarom irrelevant is.*
- *'n Nuwe getuienis wat as Hervormingsdag getuienis sal dien, opgestel is en op Saterdag 4 Nov 1995 gelewer sal word.*
- *Daar sal geen formele stigting van die Verbond sal plaasvind nie.*

**20–21 Oktober 1995**

'n Werkwinkel oor Teologiese Opleiding vind plaas op die Universiteit van Pretoria kampus, Hammanskraal. Teenwoordig was sewe lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, al die lede van die Kuratorium, al die dosente, twee lede van die Proponentseksamenkommissie, twee van HTO en twee van die Raad van Finansies en die Administrasie. Die dekaan het opgetree as voorsitter en dominee P.A. Geyser as fasiliteerder. Kennis is geneem van die problematiek rondom die universiteitswese en die posisie van die Fakulteit. Die elemente van 'n missie vir teologiese opleiding van die Kerk is oorweeg. Daarna is aandag gegee aan die verskillende moontlike scenarios. Die volgende besluite is geneem:

- *Die Dosentevergadering word versoek om met behulp van sy subkomitees studie te doen van die verskillende aspekte van die blommodel en 'n verslag daaroor op te stel met die oog op die Kuratorium se vergadering in Maart 1996.*
- *Die Kuratorium word versoek om die volle omvang en implikasies van die seminaarmodel te bestudeer en 'n verslag daaroor op te stel met die oog op die Kuratorium se vergadering in Masart 1996.*
- *Die Kuratorium en die HTO se Raad vir Toesig word versoek om die rasionalisasie van die Kerk se totale teologiese opleiding te ondersoek.*


Article #934 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

- *Die Dosentevergadering word versoek om die huidige predikantsopleiding van die Fakulteit te heroorweeg in terme van sy doelmatigheid. Elemente wat besondere aandag verdien, is die blokstelsel, verskillende gewigte in kontakure vir verskillende vakke, die kerklike gerigtheid van die onderskeie vakke en herkurrikulering.*

**02 November 1995**
Die Dosentevergadering en die dosente van HTO vergader saam en handel oor die Proponentsondertekeningsformule, die binding aan die Belydenisskrifte, die Ebenhaezer Gemeente, en die kultuurtaak van die kerk.

**03 November 1995**
In die gesprek met die dosente en Kuratorium was teenwoordig al die dosente en vyf lede van die Kuratorium, naamlik doktor P.J. de Beer, dominee A.P.J. Beukes, professor J.A. Loader, doktor W.A. Dreyer en dominee P.A. Geyser. In hierdie gesprek het professor P.S. Dreyer opgemerk dat die wetenskaplike nooit selfstandig kan funksioneer van die gemeenskap waaruit hy kom en wat hy dien nie. Teoloë moet die Kerk voortdurend in aanmerking neem, anders is daar later geen Fakulteit meer nie. Hy het vroeg reeds onder die indruk gekom van die trotse geskiedenis van die Fakulteit. Nuwe Testamentiese Wetenskap was altyd 'n blink ster. Selfs van professor Geyser het hy baie geleer. Hy kan egter nie sê dat Dogmatiek ooit dieselfde hoogtes bereik het nie. Dit was daarom ook nie in staat om die res van die teologie goed uit te balanseer nie. [Hierdie opmerking het iets verwoord van die eintlike probleem vir sover dit eg oor die belydenis gaan, die probleem naamlik dat die ontwikkeling in die Bybelwetenskappe die ander teologiese dissiplines verbygesteek het. So het professor A.D. Pont byvoorbeeld oor die 1983 Bybelvertaling die standpunt ingeneem dat die vertaling daarvan uitgaan dat die Bybel mensewoord is en nie meer Godswoord nie (as sou die 1933 vertaling dan Godswoord wees), en is daar in *Leer- en Lewenskwessies* onomwonde gekies vir terugkeer na die Textus Receptus]. Professor A.P.B. Breytenbach het in hierdie gesprek ook uitgewys dat Pont in die T.K.K. saamgestem het met die Nederduitsch Hervormde Kerk se standpunt dat Jesus nie in die Ou Testament ingelees kan word nie en dat J.H. Breytenbach in sy proefskrif self Bybelwetenskaplike metodes toegepas het. Op grond daarvan het professor Breytenbach die motivering vir die 'getuienis' eerder aan politieke motiewe toegeskryf. Opmerklik het die voorsitter vir professor Breytenbach tereggewys omdat hy met sy opmerkings leiersfigure in die Loodskomtee geëtiketteer het. Na die gesprek is besluit dat die sekretarisse van die Kommissie en die Dosentevergadering 'n agenda moet saamstel uit die verslag van hierdie vergadering, dat 'n vergadering vroeg in die nuwe jaar gereël word vir 'n voortsetting van die gesprek, dat alle lede van die Raad vir Kerk en Teologie, die Kuratorium en die Komitee vir Eietydse getuienis na die gesprek genooi word, en dat die verslag oor die samesprekings deurgegee word na die Kuratorium. Verder is besluit dat die hele aangeleentheid rondom die aktiwiteite van die Komitee vir Eietydse Getuienis, die gesprek met die komitee en die gesprek met die Dosentevergadering sal dien as agtergrond vir die Inligtings- en Besprekingsvergadering op 23 November 1995.

**23 November 1995**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n gesprek gevoer met professor A.G. van Aarde op sy versoek. Die voorsitter van die Kuratorium, dominee P.A. Geyser, was teenwoordig.

**28 November 1995**
Die Kuratorium verwelkom doktor W.A. Dreyer as lid. Kennis is geneem dat die volgende hulpdosente in 1996 in die Fakulteit sal optree: J. Buitendag, I.W.C. van Wyk, M.D. Robbertze en R.M. Naude in Dogmatiek en Christelike Etiek, J.A. van Biljon in Praktiese Teologie, H.G. van der Westhuizen, D.J.C. van Wyk, J.J. Kritzinger en P.G.J. Meiring (albei uit Afdeling B.) in Godsdiens en Sendingwetenskap, P.B. Boshoff, P.A. Geyser, E. van Eck en P. van Staden in Nuwe Testamentiese Wetenskap, W.C. van Wyk, A.A. da Silva en L.C. Bezuidenhout in Ou Testamentiese Wetenskap, H.J. Botes, A.D. Pont en J.P. Labuschagne in Kerkgeskiedenis. Kennis is geneem dat professor M.J. Borg van Oregon State University die departement Nuwe Testamentiese Wetenskap besoek het as S.W.O.-navorsingsgenoot van professor van Aarde. Hy het in sy verslag onder andere geskryf:

> *Among the faculty I was especially impressed with professor van Aarde, whom I have known for several years. A world-class scholar, he is certainly the best known South African historical Jesus scholar in North America.*

Kennis is geneem dat doktor L.C. Bezuidenhout vanaf 01 Januarie 1996 bevorder is tot professor in Bybelkunde. Die vergadering het verder kennis geneem van 'n verslag oor 'n samespreking tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en lede van die Dosentevergadering en die Kuratorium op 03 November 1995 oor die 'Konfessionele Verbond' en die aktiwiteite van die Loodskomitee. Die vergadering het besluit dat met die dosente afsonderlik en met die Dosentevergadering as geheel 'n gesprek gevoer moet word.

## ᔕ 1996

**17 en 29 Januarie 1996**
Die Dosentevergadering handel verder oor die opdragte vanuit die Algemene Kerkvergadering. Memoranda oor die Proponentsondertekeningsformule, die aard en binding van ampsdraers en lidmate aan die Belydenisskrifte en die Kultuurtaak van die kerk is reeds gelewer. Kennis is geneem van 'n skrywe van die Proponentseksamenkommissie waarin waardering uitgespreek word vir die hoë gehalte werk wat deur die Fakulteit gelewer word. Ook die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het algemene waardering uitgespreek vir die hardwerkendheid en opoffering van die teologiese dosente asook die hoop dat die onstuimigheid rondom die Belydenisskrifte weldra sal bedaar en dat die Fakulteit weer kalm en bestendig met sy normale werk sal kan voortgaan.

**01 Februarie 1996**
Die Kuratorium voer 'n gesprek met die dosente ter voorbereiding van die volgende dag se gesprek met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die volgende besluite is daar geneem:

1. *Die gesamentlike verklaring van die dosente en die dosente van die HTO oor die proponentsondertekeningsformule moet so spoedig moontlik aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besorg word asook in die wyer verband van die kerk bekendgemaak word.*
2. *Die dosente moet so gou as moontlik aan die gesamentlike verklaring oor die belydenis en enkele ander knelpunte begin werk en probeer om dit teen einde Februarie gereed te hê.*
3. *Die studiehandleidings moet by die dekaan gekry word en so spoedig moontlik deur die Kuratorium deurgewerk word. Dit kan ook moontlik vorentoe die agenda vir hierdie gesamentlike gesprek bepaal.*
4. *Die resultate van die werkwinkel wat in 1995 gehou is, moet konkreet opgevolg word. Die opleiding moet dringend aandag kry. 'n Komitee wat uit die dosente saamgestel is, sal hieraan aandag gee.*
5. *Dit moet aan ampsdraers en lidmate bekend gemaak word hoekom ons wetenskaplike teologie beoefen. Die dinge wat*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

*reeds gesê is asook die nuwe dinge moet bekendgestel word, eerstens in Die Hervormer maar moonlik ook in brosjures. Doktor W.A. Dreyer is die persoon hiervoor verantwoordelik.*

**02 Februarie 1996**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in 'n buitengewone vergadering 'n gesprek gevoer met die Kuratorium na aanleiding van die 'Eietydse Getuienis' wat gelewer is en gesprekke wat voorheen met die Loodskomitee en Dosentevergadering plaas gevind het. Teenwoordig van die kant van die Kuratorium was dominees P.A. Geyser, A.P.J. Beukes, doktore W.A. Dreyer, A.J.G. Dreyer, J.A. Loader en P.J. de Beer. Van die dosente was teenwoordig professore P.J. van der Merwe, G.M.M. Pelser en J.H. Koekemoer. [Die Dosentevergadering het op 12 Maart 1996 verslag ontvang wat gemeld het dat die konsultasie oorheers is deur 'n striemende aanval van die voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, op professor Pelser oor wat hy beskou as onsensiwiteit en moedswilligheid ten opsigte van die belydeniskwessie, asook professor Pelser se heftige reaksie op die aanval.] Die gesprek het daarop uitgeloop dat 'n suggestie van professor Loader aanvaar is dat die gesprek aan die gang moet kom sodat vrae in die gemoedere van die dosente en lede van die Kommissie uit die weg geruim kan word. Die voorsitter het gereël dat die Kuratorium op 15 Februarie 'n voorlegging moet maak.

**21 Februarie 1996**
'n Spesiale Dosentevergadering bespreek 'n memorandum van professor A.G. van Aarde wat 'n konsepverklaring oor die kerklike belydenis aanbied. Van Aarde is versoek om ná sy terugkeer uit die VSA die memorandum oor te skryf om die konsensus van die vergadering te weerspieël.

**12 Maart 1996**
Die Fakulteit keur die Reglement vir die toekenning van die Fakulteitsmedalje van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) goed. Die toekenning bestaan uit die medalje tesame met 'n kontantbedrag soos jaarliks bepaal, en word toegeken aan enige persoon wat na die oordeel van die Fakulteit uitnemende prestasie op die terrein van die teologiese wetenskap en/of 'n besondere bydrae tot die uitbou van die teologie gelewer het.

Die volgende onderwerpe vir proefskrifte is goedgekeur: G.S. Botha *'Die optimale betrokkenheid van die laerskoolkind in die erediens'* en W.A. Dreyer: '*Kerk, Volk en Owerheid. 'n Hervormde Perspektief*'. M.J. Manala is toegelaat tot die studie vir die graad BA(Hons) Teologie.

**19 Maart 1996**
Die Kuratorium neem kennis van die Dekaansverslag oor die jaar 1995.Daar was ses studente ingeskryf vir BA(Teol) en 23 vir BD, drie vir BA Hons(Teol), een vir MA (Teol), 25 vir MDiv, twee vir PhD en 22 vir DD. Paragraaf 7 van die verslag, Besinning oor Teologiese Opleiding, is na die Dosentevergadering terugv erwys om dit in so 'n toeganklike taal as moontlik vir die Kerk te vertaal. Die verklaring met instemming van al die dosente moet gereed wees om voor die Kuratoriumvergadering van 21 Mei 1996 te dien, en moet in *Die Hervormer* gepubliseer word. Die vergadering het verder besluit om die MA (Teol) graad as 'n teologiegraad te erken en dit in aanmerking te neem vir beurse vir nagraadse studie, en het kennis geneem dat de moontlikheid van befondsing van nagraadse studie vir studente van HTO ondersoek word.

**27 Maart 1996**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van 'n skrywe van die Kerkraad van Volksrust (predikant P. Buitendag) waarin aangevoer is dat die teologiese dosente op die Algemene Kerkvergadering die besluitneming beïnvloed het , dat professor Pelser en ander teoloë die kerk se Belydenisskrifte verdag gemaak het, dat die verklaring oor lidmaatskap tot onrus stem, dat daar ingrypende besluite geneem is wat die predikantstatus losmaak van 'n standplaas, en dat die besluit oor multikulturele bediening 'n ondermyning is van die volkskerkgedagte. In die bespreking oor hierdie skrywe het ouderling M.F. Pretorius die mening uitgespreek dat die dosente met hulle optrede verantwoordelik is dat daar kritiek van dié aard uitgespreek word, en die voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, het daarby aangesluit en beweer dat die dosente verantwoordelik is vir die opvatting wat tans in die Kerk bestaan dat die dosente die Algemene Kerkvergadering in 'n mate gemanipuleer het.

*Die dosente moet selfondersoek toepas en krities teenoor hulle optrede gaan staan. Hulle moet sorg dra dat daar nie weer in die toekoms so opgetree word dat daar agterdog teenoor hulle ontstaan nie.*

Dat professor A.P.B. Breytenbach vir ouderling Pretorius weerspreek het, het die voorsitter nie daarvan weerhou om hierdie uitspraak te maak nie. Inderdaad het die Kommissie besluit dat die Kerkraad bedank word vir hulle skrywe en dat die lid van die Kommissie wat die Ringsvergadering van Noord-Natal bywoon, gesprek moet voer met die Kerkraad. Bowendien is die redakteur van *Die Hervormer* versoek om aan die optrede van die dosente as adviseurs by die Algemene Kerkvergadering in 'n artikel aandag te gee. [!!!]

Die Kommissie het in hierdie vergadering ook kennis geneem van die onderwerpe wat deur die Raad vir Kerk en Teologie geïdentifiseer is vir studie en bespreking en het die versoek toegestaan dat 'n verkleinde raad saamgestel word. As lede is benoem professor S.J. Botha (sameroeper), J.H. Koekemoer, H.G. van der Westhuizen, A.G. van Aarde, doktor J.H. Breytenbach, dominees W.C.M. de Beer, A.T. McDonald, en ouderlinge J.L.O. Esterhuizen en M.F. Pretorius.

Kennis is geneem van 'n verslag van die Dosentevergadering oor die binding van ampsdraers en lidmate aan die Belydenisskrifte wat soos volg lui:

- *Die vergadering vereenselwig hom met die standpunte uitgespreek in die Nederduitsch Hervormde Kerk se memorandum oor Skrif en Belydenis aan die Tussenkerklike Kommissie, soos aanvaar deur die 62ste Algemene Kerkvergadering en herbevestig deur die 64ste Algemene Kerkvergadering.*
- *Die vergadering meen dat die saak van openbaarmaking, soos in dieselfde memorandum bespreek, en die verband daarvan met akademiese vryheid 'n toekomstige studietema kan wees.*

Na aanleiding van 'n skrywe van dominee S. Visser en doktor J.H. Breytenbach oor stellings van doktor P.B. Boshoff en professor A.G. van Aarde in die studiemateriaal van die afgelope V.T.T. kursus, het die Kommissie besluit:

a *Professor Koekemoer word versoek om ernstig aandag te gee dat die aanbieders van die V.T.T. kursus nie die kursus gebruik om persoonlike, afwykende standpunte te stel nie.*
b *Ernstige vermaning in die verband moet aan die aanbieders van die V.T.T. kursus gerig word.*

Die Kommissie het kennis geneem van 'n verslag van die werkwinkel oor teologiese opleiding wat op 20–21 Oktober 1995 plaasgevind het.

### 16 en 22 April 1996

Die Dosentevergadering verneem dat die HSV-Van der Hoff-konserttoer baie suksesvol verloop het. Die vergadering het 'n verslag oor die Ebenhaezer–Kerk gefinaliseer.

### 21 Mei 1996

Die Kuratorium het op aanbeveling van die Evaluasiekomitee nege studente as studente van die kerk erken en aan hulle beurslenings toegeken. Die Verklaring van die Dosentevergadering is met dank aanvaar en daar is besluit om dit deur te stuur na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Dit lui soos volg:

> *Sedert die bekendmaking van die Hervormingsdaggetuienis het die teologiese debat binne die kerk in felheid toegeneem. Omdat die teologiebeoefening in die Fakulteit ook hierdeur aangespreek word, het die dosente nie alleen aan die debat deelgeneem nie, maar ook binne die Fakulteit indringende debat gevoer. Daar bestaan by die dosente eenstemmigheid oor hulle onderskrywing van die kerklike belydenis en hulle identifisering met die kerk se belydenistradisie. Teologie is vir die dosente kerklike teologie. Hoewel dit wetenskaplike denkarbeid veronderstel, staan dit vir ons nooit los van die Heilge Skrif en die kerklike belydenisskrifte nie. Dit word ook nie in 'n vakuum beoefen nie, maar is ten dienste van die verkondiging van die evangelie deur die Kerk in die wêreld. Dit is waar dat ons in die Fakulteit ons afgegrens het teen fundamentalistiese en liberalistiese denksrukture. In 'n keuse van 'n teologiese idioom voel die lede van die Fakulteit hulle tuis binne 'n teologie waar dit om die verwoording van die onmoeting tussen God en mens gaan. Ons wil dit duidelik stel dat hier nie van subjektiewe willekeur sprake is nie. Ons leef binne 'n bepaalde geloofs- en belydenistradisie. Daarom is teologie vir ons denkarbeid ten dienste van die kerklike verkondiging wat die Kerk se belydenistradisie ernstig neem. Immers, die belydenis funksioneer vir ons primer in die Kerk as norm en reël van die prediking. Die kerklike leer is dus vir ons belangrik, omdat dit geplaas word binne die onmoetingsgebeure met God ten dienste van 'n nuwe ontmoeting.*
>
> *Vir ons vorm die reformatoriese belydenisskrifte, waarin die ekumeniese simbole opgeneem is, die bakermat van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Daarom behoort hierdie geskrifte nie in die vergetelheid te verdwyn nie. Sedert die Kerkhervorming is hierdie dokumente immers die getuienis van 'n kerklike tradisie waarvan ons onlosmaaklik deel is.*
>
> *Die Dosentevergadering wil die Kerk opnuut van die volgende verseker:*
>
> - *Die dosente staan nog steeds by hulle ondertekening van die Proponents-ondertekeningsformule*
> - *Die geloofsoortuiging wat in die artikels oor die maagdelike geboorte en die opstanding van Christus in die belydenisskrifte verwoord word, is vir alle dosente 'n saak van erns wat ons in die onderrig van studente en in die prediking met vrymoedigheid verkondig*
> - *In ons kritiese teologiebeoefening poog ons steeds om die geloofsoortuiging van die belydenisskrifte vir ons eie tyd te verwoord.*

### 18 en 21 Junie 1996

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat die Raad vir Kerk en Teologie gekonstitueer het met professor S.J. Botha as voorsitter, ouderling M.F. Pretorius as visevoorsitter en professor A.G. van Aarde as sekretaris. Die Raad het in 'n skrywe die Kommissie geadviseer om met die formele inhoud van 'n skrywe van professor S.J. Botha saam te stem en het sy mening onderskryf dat 'n predikant tegnies sy binding aan die Proponentsondertekeningsformule opskort indien hy openlik verklaar dat die leer soos uitgedruk in die Belydenisskrifte nie meer aanvaar word nie. Die Kommissie het ook bespreking gevoer oor die verklaring van die dosente en oor die aktwiteite van die Loodskomitee van die 'Verbond.' 'n Verslag van die Dosentevergadering oor die Eben Haëzerkerk en die beginsel van modaliteite in die kerk is bespreek. Die Eben Haëzerkerk het by die 64ste Algemene Kerkvergadering aansoek gedoen om as 'n Gereformeerde Bondsgemeente binne die Kerk opgeneem te word. Die Dosentevergadering het aanbeveel dat die gemeente nie as 'n modaliteitsgemeente nie maar as 'n buitengewone gemeente in die Kerk geakkomodeer moet word met die duidelike verstandhouding dat assimilasie as doel nagestreef word, en die Kommissie het dit so aanvaar. Die Kommissie het egter nie die aanbeveling aanvaar dat die modaliteisverskynsel sterk teengestaan moet word nie. Kennis is ook geneem van 'n uitvoerige studie van professor S.J. Botha oor die historiese agtergrond van die modaliteitsverskynsel.

### 18 Julie 1996

Doktor V.E. Hesse, voorsitter van die Raad, woon die Fakulteitsvergadering by en oorhandig die langdienstoekenning aan professor A.P.B. Breytenbach. Die dekaan het melding gemaak van Breytenbach se intellektuele vermoëns en sy leierseienskappe, sy formuleringsvermoë en deurdagte teologie. Doktor Hesse het gemeld dat Breytenbach ook baie vir die studentegemeenskap beteken het. Die Fakulteit het J.H. Koekemoer genomineer as dekaan en A.P.B. Breytenbach as plaasvervangende dekaan. J.M.M. Motlaba is toegelaat tot die studie vir die BA(Hons) Teologie.

### 23 Julie 1996

In 'n buitengewone vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is bespreking gevoer oor die finansiële krisis in die Kerk en is besluit om nie die heffingsbedrag te verhoog nie. Wat die Fakulteit Teologie (Afdeling A) betref, is bevind dat die personeelstaat met vier poste verminder behoort te word.

### 13 Augustus 1996

Die Dosentevergadering besluit dat indringende herkurrikulering onverwyld aandag moet kry, dat van die blokstelsel wegbeweeg moet word en dat 'n fakulteitsberaad belê moet word vir 17–19 Oktober 1996 waar gehandel sal word oor die belydenis en oor 'n nuwe kurrikulum.

### 21 Augustus 1996

Die Dosentevergadering hou 'n spesiale byeenkoms met die voorsitter van die Kuratorium, dominee P.A. Geyser, en die Administrateur, mnr L. de Munnik, ook teenwoordig. Eenstemmigheid word bereik oor 'n besparing in 1997 van R278 000. Verslag is ontvang van 'n samespreking met 'n verteenwoordiger van Nasionale Kolleges oor 'n projek om korrespondensiekursusse in teologie daar te stel en die dekaan en waarnemende dekaan word benoem op 'n komitee om saam met Afdeling B. in te gaan op die moontlikheid van akademiese en gemeenskapskursusse. Die instelling van 'n nuwe rooster is uitgestel tot 1998.

### 27 Augustus 1996

Die Kuratorium het 'n voorgestelde rasionalisasieprogram van die Dosentevergadering goedgekeur. Dit het onder andere behels dat met professor J.J. Engelbrecht onderhandel word oor vervroegde aftrede, dat professor G.M.M. Pelser oorgeplaas word na Bybelkunde en dat professor L.J.S. Steenkamp as hulpdosent betrek word vir Godsdiensfilosofie. 'n Begroting van R1174

834 is goedgekeur vir voorlegging aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Kennis is geneem van die notule van 'n gesamentlike vergadering van die Dosentevergadering en die Kuratorium op 01 Februarie 1996. 'n Memorandum van professor Loader oor teologiese onderrig is aanvaar om deel te word van die deurlopende gesprek oor die herkurrikuleringsprogram.

**11 September 1996**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Raad van Finansies het in 'n gesamentlike sitting besluit om die besparingsvoorstelle van die Kuratorium te aanvaar, naamlik dat professor J.J. Engelbrecht met volle pensioen vervroegde emeritaat aanvaar, dat professor G.M.M. Pelser oorgeplaas word na Bybelkunde, dat dominee P.A. Geyser as tydelik-deeltydse dosent met die dosering van Bybelkunde sal help en dat die vergoeding van die redakteur van *Hervormde Teologiese Studies* verminder word.

**19–20 September 1996**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om nie die bedanking van professor G.M.M. Pelser van die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte te aanvaar nie en om met hom in gesprek te tree. Op 'n navraag van die kerkraad van Makwassie oor Pelser se uitlatings op die vorige Algemene Kerkvergadering, het die Kommissie geantwoord dat hy herhaaldelik onder opsig met professor Pelser gehandel het en hom vermaan het, die Kuratorium en Dosentevergadering het ook met hom gesprek gevoer oor die aangeleentheid. Die Kommissie is tevrede dat professor Pelser hom aan die Kerk se belydenis onderwerp en die Belydenisskrifte aanvaar. Die Kommissie beskou die saak as afgehandel.

**07 Oktober 1996**
Die Raad keur goed dat in elk van die twee afdelings van die Fakulteit Teologie 'n dekaan aangestel word, dat dit soortgelyk aan die aanstelling van ander dekane gehanteer sal word, en dat professor J.H. Koekemoer as dekaan en professor A.P.B. Breytenbach as adjunk-dekaan van Afdeling A aangestel word.

Die Raad benoem professor W.C. van Wyk as lid van die Vaste Komitee van die Raad.

**08 Oktober 1996**
Die Dosentevergadering wens professor Johan van Zyl geluk met sy aanwysing as rektor en verwelkom professore Beukes en Steenkamp terug na 'n studiereis in Europa. 'n Finale verslag oor die kultuuropdrag van die kerk is aanvaar. Kennis is geneem dat 'n dekanekomitee tussen die twee Fakulteitsafdelings gevorm is en dat dié 'n komitee benoem het bestaan uit professore van der Merwe, van Aarde, Muller en de Villiers. Kennis is ook geneem van 'n skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat meld dat die verklaring van die Dosentevergadering oor sy binding aan die Belydenisskrifte met instemming behandel is.

**17–18 Oktober 1996**
'n Fakulteitsberaad word gehou in die Aventura Konferensiesentrum, Warmbad. Onder die belangrikste besluite is die volgende:

1. *Die Missie vir kerklike teologiese opleiding moet behoorlik geformuleer word en daarnaas ook 'n Visie.*
2. *Die opleiding behoort in die medium termyn by Universiteit van Pretoria te bly.*
3. *Die kurrikulum word herevalueer aan die hand van die nuwe situasie, nuwe behoeftes en eise.*
4. *Die profiel beskrywing van die predikant moet aangepas en vir vroulike sowel as manlike predikante geld.*
5. *BA (Teol) moet in samewerking met Afdeling B herkurrikuleer en moduleer word, met die oog op gemeenskaplike leerplanne en teologiese korresondensiekursusse.*
6. *Praktiese Opleiding moet behoorlik kurrikuleer word.*
7. *Die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moet oor alles ingelig word.*

**07 November 1996**
Die Dosentevergadering neem kennis dat professor J.J. Engelbrecht einde Februarie 1997 sal aftree. Professor P.J. van der Merwe is aangewys as waarnemende dekaan in 1997 wanneer professor A.P.B. Breytenbach met lang- en studieverlof sal wees.

**21–22 November 1996**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit op aanbeveling van die dekaan dat professor Pelser in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap aanbly en dat die pos in Bybelkunde gevul word deur die aanstelling van 'n senior lektor. Professor P.S. Dreyer wat sedert Mei 1954 onafgebroke ouderlinglid van die Kommissie was, het as sodanig bedank vanweë sy doofheid.

**25 November 1996**
Die Dosentevergadering bespreek die derde konsep van die voorgestelde nuwe kerkorde en maak voorstelle vir wysiging.

## 1997

**27 Januarie 1997**
Die Dosentevergadering verwelkom professor L.C. Bezuidenhout terug na sy rugoperasie en siekteverlof in 1996. Kennis is geneem dat professor C.R. de Beer aangewys is as vise-rektor vir Teologie. Dominee P.A. Geyser is aanbeveel vir benoeming in die Bybelkunde-pos wat vakant geraak het. Rasionalisering by H.T.O. het daartoe gelei dat net professor I.W.C. van Wyk oorgebly het van die voltydse dosente, wat beteken dat die grootste deel van die onderrig daar ook deur hierdie Fakulteit onderneem moet word. Kennis is geneem van die verslag van professore Beukes en Steenkamp oor hulle studiereis, waartydens hulle sentra in Nederland, Duitsland, Skotland en Switserland besoek het wat te doen het met die praktiese opleiding van predikante. Kennis is geneem dat rekenaar-apparaat gesteel is en dat diefwering voor die vensters geïnstalleer sal word.

**11 Maart 1997**
Die Fakulteit aanvaar die hersiene reglement van die SVTT, nou die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (STNT) met as personeel 'n Direkteur Navorsing en Voortgesette Teologiese Toerusting en 'n Direkteur Praktiese Toerusting. Kennis is geneem dat professore Van Aarde en Venter in die hospitaal is, en dat die S.P. Engelbrecht –Erepenning toegeken is aan W.A. Dreyer en in brons aan J. de Bruin. L.B. Madikizela is toegelaat tot die studie vir BA (Hons) Teologie.

Die Dosentevergadering neem kennis dat professor Van Aarde opgeneem is in die hospitaal en dat 'n benoemde komitee bestaande uit professore Beukes en Dreyer en twee BD studente 'n nuwe onderrigrooster voorgestel het.

**18 Maart 1997**
Die Kuratorium verwelkom die nuwe Administrateur, meneer J.F. Viljoen, en so ook professor L.C. Bezuidenhout wat departementshoof geword het na die uittrede van professor J.J. Engelbrecht. Op aanbeveling van die Dosentevergadering

is dominee P.A. Geyser as senior lektor benoem in die vakante Bybelkunde-pos.

**Petrus Albertus Geyser** is gebore op 14 Januarie 1944. Sy ouers was Gabriel Jacobus Geyser en Petronella Jacoba Steyn. Hy besoek die Laerskool Auckland Park en matrikuleer in 1961 aan die Hoër Seunskool Helpmekaar in Johannesburg, behaal die BA-graad met lof in 1965, BD in 1968, BA Hons in Grieks met lof in 1970. Hy word georden op 18 Februarie 1968 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Pretoria-Suid, Delareyville, Pollakpark-Springs en Noordelike Pretoria. In 1980 word hy benoem as direkteur van Kital waar hy sewentien jaar lank besondere diens lewer as kursusaanbieder en fasiliteerder. Hy dien op verskillende kerklike rade, onder andere die Kuratorium, waarvan hy voorsitter was in 1995–1997. Vanaf 1975 tot 1978 is hy deeltydse dosent in Bybelkunde, en vanaf 1979 tot 1996 deeltydse dosent in Nuwe Testamentiese Wetenskap. Hy lei twee buitelandse argeologiese toere, en is lid van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Teen die tyd van hierdie benoeming was hy ‘n ervare teoloog wat reeds etlike wetenskaplike artikels in *Hervormde Teologiese Studies* en talle populêr-wetenskaplike bydraes in *Die Hervormer* gelewer het.

Die visevoorsitter van die Kuratorium, dominee A.P.J. Beukes, het die voorsitterstoel ingeneem ná die benoeming van dominee P.A. Geyser as dosent. Die Kuratorium het verder kennis geneem van die verslag van die Dekaan oor die jaar 1996 waarby ingesluit was ‘n verslag oor die fakulteitsberaad op Warmbad, en het onder andere besluit dat die Administrateur moet vasstel wat dit die Kerk sal kos om die hele opleiding vir sy rekening te neem. Kennis is ook geneem van ‘n verslag oor die navorsingsreis van professor Beukes en Steenkamp.

Vorderingsverslae is behandel en beurse toegeken op aanbeveling van die Beurskomitee.

### 20 Maart 1997

Die Kommissie het kennis geneem van ‘n gesprek tussen die Moderamen en professor A.G. van Aarde na aanleiding van opmerkings wat hy gemaak het tydens ‘n vergadering van die Raad vir Kerk en Teologie. ‘n Geredigeerde bandopname van die gesprek in 21 bladsye, wat op 30 Januarie 1997 plaasgevind het, is as bylae by die agenda van die Kommissie-vergadering opgeneem. Daarvolgens het Van Aarde sy verduidelikings ingelui met wat hy genoem het ‘n paar sterk stellings:

> *Ek glo nie in die opstanding van die ‘vlees’ nie. Ek meen nie dat Maria geboorte gegee het sonder seksuele gemeenskap nie. Ek beskou nie die kanon as die ‘eerste’ outoriteit van die kerk nie.*

Daardie gesprek het geëindig met opdragte aan doktor J.H. Breytenbach om vir die volgende vergadering ‘n memorandum voor te berei oor die vraag na moontlike strominge in die Kerk met betrekking tot die verhouding kerk-kultuur, en aan professor van Aarde om ‘n memorandum na aanleiding van sy mondelinge redevoering op te stel.

In die gesprek tussen Van Aarde en die Moderamen het professor T.F.J. Dreyer gesê dat die betrokke opmerkings van Van Aarde die indruk wek dat hy reeds buite die belydenis staan en dat die Kommissie daaraan aandag moet gee. Van Aarde het verklaar dat hy homself nie buite die belydenis van die Kerk ag nie, hom neerlê by die ondertekening van die Proponentsondertekeningsformule en saam met die Kerk en soos die Kerk bely. Hy het verder gesê dat hy saam met die belydenis van die opstanding van die vlees as apologie aan die Gnostiek stem en wat betref die maagdelike geboorte vanuit die eksegese moet kyk of die belydenis nagesê kan word. Die Nuwe Testament bely nie die maagdelike geboorte nie. Die belydenis het eers in die tweede eeu gekom. Hy het in dié verband verwys na sy artikel in *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 56/4 ‘Besinning oor die interpretasie van die geloof wat in die belydenis van die maagdelike verwekking van Jesus geleer word.’ Die Kommissie het besluit dat die memorandum van Van Aarde afgewag word, en die Raad vir Kerk en Teologie is versoek om verslag te lewer oor die memorandum en advies aan die Kommissie te gee.

Die Kommissie het ook aandag gegee aan ‘n finale verslag van die Dosentevergadering oor Kerk en Kultuur, met paragrawe oor Die begrip kultuur en aanverwante begrippe, Kultuur dieper betrag, Kerk as kultuurverskynsel en as liggaam van Christus, Kultuur, identiteit, volk en volkskerk, Burgerlike godsdiens en burgerlike teologie. Die verslag sluit af met ‘n *Ten Slotte*:

> *Die kerk is op ‘n intieme wyse met kultuur verweef en kan hom net so min daaraan ontstrengel as wat ‘n mens van sy eie skaduwee kan ontsnap. Saam met Barth moet die goddelike aard van die kerk se roeping bely word, ten spyte daarvan dat die kerk wel as religie en kultuurverskynsel onderken word. Die roeping van die kerk teenoor volk en kultuur is apostolêr en profeties, hoe moeilik dit ook mag wees.*

Die Kommissie het besluit dat die gesprek oor Kerk en Kultuur voortgesit word en dat hy hom vereenselwig met die samevatting aan die einde van die verslag. Die benoeming van dominee P.A. Geyser in die Bybelkunde-pos is goedgekeur, en toestemming is verleen dat doktor J.A. van Biljon en dominee J. Coetzee spesialistehulp in die Fakulteit kan verleen.

Die Kommissie het in hierdie vergadering ‘n herderlike skrywe, opgestel dur die voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, goedgekeur wat hoofsaaklik oor Skrifbeskouing handel. Daarin word die fundamentalistiese standpunt en die modernisme (Modernisties-kritiese metode?) afgewys en word as positiewe formulering van wat die Kerk oor die Bybel as die Woord van God verstaan en bely, aangehaal uit die notule van die 61ste Algemene Kerkvergadering (1986) waar die Tussenkerklike Kommissie se uitspraak oor die Bybel as Woord van God met instemming opgeneem is.

### 13 Mei 1997

Die Dosentevergadering verwelkom professor van Aarde terug na sy enrstige en lang siekte. ‘n Nuwe onderrigrooster is aanvaar waarvolgens Ou Testamentiese Wetenskap en Nuwe Testamentiese Wetenskap deur die jaar plek sal hê en die ander vakke steeds bloksgewys aangebied sal word. Besluit is dat professor Steenkamp vir professor van Aarde sal vervang op die Gesamentlike Onderrigkomitee, as voorsitter van die Hermeneutiese Studiegroep en as organiseerder van simposia

### 14 Mei 1997

Die Senaat keur die Reglement vir die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting in die Fakulteit Teologie Nederduitsch Hervormde Kerk (STNT) goed.

### 15 Mei 1997

Professor L.C. Bezuidenhout hou sy intreerede.

### 27 Mei 1997

Die Fakulteit keur ‘n stuk oor die bestuur van veeltaligheid aan die Universiteit goed vir deursending aan die Senaat en ondersteun voorstelle oor herstrukturering van die Akademiese Beplanningskomitee en die Senaat.

### 29 Mei 1997

‘n Samespreking tussen lede van die Dosentevergadering, Sendingraad, Kuratorium en Raad van Finansies vind plaas met

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

die doel om die dekaan van inligting en standpunte te voorsien met die oog op die samestelling van 'n strategiese dokument wat hy moet opstel oor die Fakulteit se visie en beplanning vir die volgende 5–6 jaar.

**19–20 Junie 1997**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem dominee W.S. Prinsloo as lid van die Kuratorium in die plek van dominee P.A. Geyser.

**30 Junie – 04 Julie 1997**

Die 64ste Algemene Kerkvergadering het 'n buitengewone sitting gehou vir behandeling van 'n konsep Kerkorde wat vanaf 1989 sy ontstaan gehad het. Professor S.J. Botha, voorsitter van die Komitee vir Herskrywing van die Kerkwet, kon om gesondheidsredes nie teenwoordig wees nie en het 'n skrywe aan die vergadering gerig waarin hy onder andere die volgende gestel het:

> *Hierdie is 'n eerlike en opregte poging om aan die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n Kerkorde voor te lê wat in die eerste plek Skriftuurlik verantwoord, tweedens belydenisgebonde en derdens in lyn met die verlede is.* […] *Die Konsep Kerkorde is verder 'n poging om aan ons kerkbegrip gestalte, organisasie of struktuur te gee.* […] *Die Konsep wat aan u voorgelê word, is die produk van indringende en langdurige besinning en debat wat op 'n verantwoordelike en eerbare wyse gevoer is.*

Onder die groeteboodskappe wat ontvang is, was daar ook een van die 'Vrye Republikeinse Beweging.' In vergelyking met die Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat sinds 1951 telkens met wysigings gedien het, verteenwoordig hierdie Kerkorde 'n drastiese verandering in die kerklike selfbeskouing. Opvallend is eerstens die terminologie. Waar daar vroeër sprake was van 'n kerkwet met artikels en bepalings, het dit nou geword 'n kerkorde met ordereëls en ordinansies. Wat betref die opleiding en vorming van dienaars van die Woord, lees Ordinansie 2 (Ampte) soos volg:

*Dienaars van die Woord: Opleiding en vorming van dienaars van die Woord*

*Voornemende predikante van die Kerk word aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A.) aan die Universiteit van Pretoria opgelei.*

*2.1.1.1Kuratorium*

*(a) Die Algemene Kerkvergadering benoem 'n Kuratorium en sekundi.*
*(b) Die Kuratorium hou toesig oor die teologiese opleiding van die Kerk*
*(c) 'n Tussentydse vakature word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gevul*

*i.Samestelling*

*Die Kuratorium bestaan uit*

*(a) sewe lede waarvan ten minste vyf predikante moet wees*
*(b) die volgende adviserende lede:*
- *die hoofde van die departemente van die Fakulteit Teologie (Afdeling A.) of hulle verteenwoordigers*
- *'n voltydse dosent van die Kerk by HTO.*
- *dosente, deeltydse dosente in teologie, studentepredikante en die Administrateur op uitnodiging*

*ii. Werkopdrag*

*Die Kuratorium*

*(a) benoem, in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dosente in die teologie soos bepaal deur die Kerkorde*
*(b) sien toe dat studente van die Kerk wat tot die opleiding toegelaat word aan die vereistes voldoen*
*(c) hou opsig oor die onderrig deur teologiese dosente en oor die vordering en gedrag van teologiese studente van die Kerk*
*(d) adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die vergoeding van teologiese dosente*
*(e) adviseer die Raad van Finansies oor finansiële hulp aan studente van die Kerk*
*(f) lewer na afloop van die akademiese jaar verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor sy werksaamhede*
*(g) lewer verslag aan die gewone Algemene Kerkvergadering oor sy werksaamhede*
*(h) adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die benoeming van lede vir die Proponentseksamenkommissie*
*(i) dien 'n naamlys van kandidate wat aan die vereistes vir die proponentseksamen van die Kerk voldoen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in*

*iii. Werkwyse*

*Die Kuratorium*

*(a) benoem by sy eerste sitting 'n voorsitter en visevoorsitter uit die verkose lede*
*(b) benoem 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, visevoorsitter en twee lede*
*(c) bepaal die orde waarvolgens hy werk, en vergader minstens twee keer per jaar*
*(d) kan sonder die adviserende lede vergader indien omstandighede dit vereis*
*(e) se sekretariaat word behartig deur die kantoor van die Administrateur*

*2.1.1.2 Prosedure by toelating tot die opleiding*

*(1) 'n Aansoek om toelating word skriftelik by die Administrateur gedoen*
*(ii) Die volgende stukke word saam met die aansoek ingedien:*
*(a) bewys van lidmaatskap*
*(b) getuigskrif van die kerkraad onder wie se sorg die aansoeker die voorafgaande twee jaar gestaan het*
*(c) bewys dat aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen is*
*(d) mediese sertifikaat*
*(e) aansoek om keuring deur die Kuratorium*

*2.1.1.3 Toelating as dienaar van die Woord*

*(i) Proponentseksamen*
*(a) 'n Proponentseksamen word afgelê deur elke kandidaat wat toegelaat wil word as dienaar van die Woord*
*(b) Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering maak gebruik van 'n Proponentseksamenkommissie*
*(c) Die proponentseksamen bestaan uit 'n proefpreek en mondelinge eksaminering*
*(ii) Proefpreek*
*(a) Die dekaan van die Fakulteit teologie gee die name van die kandidate wat proefpreke hou aan die Kuratorium deur*
*(b) Die skriba van die Kuratorium stuur die name aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*
*(c) Die voorsitter en sekretaris van die Proponentseksamenkommissie bepaal die datum, tyd en plek van proefpreke en stel die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens 'n maand voor die tyd daarvan in kennis*
*(d) 'n Teologiese student lewer minstens twee maande voor die datum waarop die proefpreek gehou word, veertien kopieë van die proefpreek by die sekretaris van die Proponentseksamenkommissie in, en lewer een maand voor die datum waarop die proefpreek gehou word, kopieë van die proefpreek soos ooreengekom met die skriba, by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in*
*(e) 'n Proefpreek word in 'n erediens gehou en minstens twee lede van die Proponentseksamenkommissie , sowel as 'n predikant en 'n ouderling benoem deur die Ringskommissie waar die proefpreek gehou word, woon dit by*
*(f) Na die proefpreek word die proefpreek volledig met die kandidaat bespreek*

*(iii) Mondelinge eksaminering*

*(a) Voor die mondelinge eksaminering word die volgende stukke by die skriba van die Kuratorium ingedien:*

- *bewys van lidmaatskap*
- *bewys dat aan al die vereistes vir die BD graad aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A.) voldoen is, of 'n bewys dat die vereiste hospitering aan dieselfde fakulteit voltooi is*
- *getuigskrif van die dekaan van die Fakulteit Teologie*
- *getuigskrif van die opsighouende kerkraad van die kandidaat oor kerklike betrokkenheid*
- *sertifikaat van praktiese opleiding*

*(b) Die Kuratorium gaan hierdie stukke na en lê 'n verslag wat die volgende bevat aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor*

- *die name van die kandidate vir eksaminering*
- *'n verklaring dat die vereiste stukke in orde is en dat die kandidate bevoeg is om ondervra te word*

*(c) Die datum van die mondelinge eksamen word bepaal deur die voorsitter en sekretaris van die proponentseksamenkommissie in oorleg met die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*

*(d) In die mondelinge eksamen word 'n gesprek met elke kandidaat afsonderlik gevoer oor die dienswerk van die predikant. In die gesprek word onder meer*

- *bepaal of die kandidaat voldoende kennis van die Bybel, die belydenisskrifte en die Kerkorde het om predikant te word*
- *vasgestel of die kandidaat se gesindheid en lewenswandel gedurende die opleiding so gevorm is dat die kandidaat vir die predikantsamp geskik is*

*(iv) Afwysing van kandidate*

*(a) Indien die dosente na gesprek met 'n student van oordeel is dat die betrokke student nie geskik is om predikant te word nie, stel die dekaan die Kuratorium skriftelik daarvan in kennis met opgaaf van redes. Indien die Kuratorium na so 'n gesprek tot dieselfde bevinding kom, of op eie inisiatief tot 'n negatiewe bevinding kom, stel hy die student skriftelik daarvan in kennis.*

*(b) 'n Student kan 'n beroep doen op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en versoek dat die beslissing van die Kuratorium heroorweeg word. Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die beslissing handhaaf en die student dan nog nie tevrede is nie, kan 'n beroep op die Algemene Kerkvergadering gedoen word, soos bepaal deur die Kerkorde.*

Daar is verder ook nog voorskrifte vir teologiese studente uit ander kerke, vir proponente en predikante uit ander kerke, en oor die voorrregte van 'n proponent

Wat die teologiese dosente betref, bepaal ordinansie 2.1.17.1 die volgende:
*Predikante wat teologie doseer*

*(i) Teologiese dosente wat teologie doseer, word deur die Kuratorium vir 'n bepaalde vakoprag en opleidingsentrum benoem uit predikante van die Kerk wat reeds in die teologie gepromoveer het*

*(ii) Die benoeming(s) word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê vir bekragtiging, en waar van toepasssing, vir voorlegging aan die Universiteit van Pretoria*

*(iii) Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die benoeming(s) nie goedkeur nie, word die saak na die Kuratorium terugverwys*

*(iv) Indien ooreenstemming nog nie bereik word nie, vergader die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium saam onder leiding van die voorsitter van die Kuratorium, en maak dan 'n benoeming*

*(v) Die Kuratorium kan in oorleg met alle betrokkenes en met bekragtiging van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die vakopdrag en opleidingsentrum waaraan 'n teologiese dosent verbonde is, verander.*

Ander voorskrifte in die nuwe Kerkorde wat opval, is

1.1 *Die leer van die kerk soos verwoord in die belydenisskrifte geld vir ons as*

1.1.4 *maatstaf vir teologiese onderrig en uitsprake*

2.1.3 *(vi) 'n Predikant of proponent wat 'n vakature laat ontstaan deur 'n beroep te aanvaar, of wat 'n vakature laat voortduur deur 'n beroep te bedank, is nie weer na daardie vakante standplaas beroepbaar nie*

2.1.9 *(i) Emeritaat kan op versoek verleen word na (a) 25 jaar diens, of (b) bereiking van die ouderdom van 55 jaar*

3.10.1 *(ii) met die oog op rotasie dien geen ampsdraer vir langer as twee termyne op die Kommissie nie.*

Hierdie Kerkorde het ook voorsiening gemaak vir afsonderlike ouderling- en diakenvergaderings naas die kerkraadsvergadering, vir Ringsdiakensvergaderings en vir 'n Algemene Diakenvergadering. Ringsvergaderings word saamgestel uit predikante en twee ouderlinge uit elke gemeente, die Algemene Kerkvergadering uit predikante en een ouderling uit elke gemeente.

In Ordereël 4word ter inleiding oor die gemeente gestel:

> *'n Gemeente is:*
>
> *'n Gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk is,*
> *die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan.*
>
> *Die Kerk is:*
>
> *'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.*

[Gelees saam met die inleidende bewoording vooraan die Kerkorde, roep hierdie bewoording ernstige vrae op. Daar word gestel: *Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig.* Die 'in die wêreld' word in Ordereël 4 ingeperk tot 'aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense' sonder dat die 'tegelyk' verklaar word.]

'n Teenstem teen aanvaarding van die genoemde inleiding tot Ordereël 4 is aangeteken deur professor L.C. Bezuidenhout. Teen die aanvaarding van ordinansie 4.2 oor andersoortige gemeentes is teenstemme aangeteken deur doktor J.J.Steenkamp, dominee G.J.M. Wolmarans, doktor J.H. Breytenbach, dominee S. Visser, ouderling P.J.A. van Niekerk (Sannieshof), dominee R.L. van der Westhuizen en ouderling J.P. du Plessis (Lichtenburg-Oos).

### 17 Julie 1997

Die Fakulteit neem kennis dat professor A.P.B. Breytenbach met studieverlof is, dat professor A.G. van Aarde oorsee is en dat professor S.J. Botha siek is. Die onderwerp vir die proefskrif van J. Otto is goedgekeur, naamlik *'Chalcedon op pad na die 21e eeu. 'n Soeke na 'n eietydse formulering van die twee nature leer.'*

Die Dosentevergadering neem kennis dat student Thomas Dreyer nasionale kleure in lewensredding verwerf het en lid is van 'n nasionale span wat in Augustus in Finland gaan kompeteer. Die Dosentevergadering neem verder kennis van 'n gesprek van die dekaan en die sekretaris met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waar besluit is dat die Moderamen in die toekoms liewer persoonlik met die sekretaris en moontlik die

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

dekaan gesprek sal voer ter wille van goeie kommunikasie oor sensitiewe sake. Die gevoel van die Dosentevergadering is ook oorgedra dat in die gees van Bepaling 81 die herderlike skrywe aan die Dosentevergadering voorgelê moes gewees het vir pre-advies, en dat hulle bepaalde probleme met die skrywe het. Besluit is dat 'n afvaardiging van die Dosentevergadering genooi sal word om met die Kommissie oor Skrifbeskouing gesprek te voer in September.

Die Dosentevergadering het verder 'n uitvoerige memorandum van die Gesamentlike Onderrigkomitee behandel. Die komitee het verkennende gesprekke gevoer met Lutherse kerke en die Presbiteriaanse Kerk en het na verdere beraadslaging en konsultasie bevind dat die volgende aan kerke aangebied kan word:

- *'n Driejarige graad- en diplomakursus in Teologie wat residensieel sowel as oor afstand aangebied kan word,*
- *'n Hele program van nagraadse studie in Teologie: honneurs, magister en doktoraal*
- *Kundige en ervare dosente in al die teologiese dissiplines*
- *Dialogies kerklike opleiding wat aan die opleidingsbehoeftes van deelnemende kerke voldoen, maar ook aan die studente ekumeniese blootstelling bied.*
- *Die moontlikheid dat voltydse of deeltydse dosente uit eie kerklike geledere aan die Fakulteit aangestel word, gedeeltelik deur die kerke self vergoed*
- *Die geleentheid om verteenwoordigers op 'n advieskomitee of –raad van die ekumeniese afdeling van die Fakulteit te benoem.*

Die komitee het ook 'n konsep kurrikulum vir 'n Diploma in Teologie en BA(Teol) voorgelê. Die Dosentevergadering het besluit om sy globale ondersteuning vir die dokument uit te spreek, vir professor L.C. Bezuidenhout benoem as verdere lid van die komitee en aanbeveel dat 'n gesamentlike vergadering of werkswinkel met Afdeling B. gehou word oor die voorstelle.

### 12 Augustus 1997

Die *Hervormde Teologiese Studies*-supplementum *Immanuel Kant: Fundering vir die Metafisika van die Sedelikheid* deur professor P.S. Dreyer word aan hom oorhandig by 'n funksie in die Van Selms-Leeskamer.

Die Dosentevergadering het besluit dat die dekaan en sekretaris die vergadering se misnoeë met die tussentydse taalbeleid van die Universiteit aan die rektor moet oordra. Dit is gedoen in die volgende bewoording:

1. *Daar word met teleurstelling kennis geneem van die feit dat in die taalbeleid afstand gedoen word van die kulturele agtergrond van die Universiteit. Dat taal net as kommuniksiemedium gesien word en niks weerspieël van dit wat hierdie universiteit gemaak het wat hy is nie, is moeilik aanvaarbaar. Dat 'n universiteit nie 'n bydrae tot kulturele vorming het waarvan taal 'n uitdrukkingsvorm is nie, is vir ons teleursellend.*
2. *Die interim taalbeleid, sonder die erkenning van Universiteit van Pretoria se kulturele tradisie kan op niks anders uitloop as die uiteindelike verdwyning van Afrikaans nie.*
3. *Ons sou 'n meer positiewe houding oor UP se verantwoordelikeheid tot die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal wou sien, sonder om eksklusief Afrikaans te wees.*
4. *Om Engels as onderrig- en wetenskapstaal te erken en inklusief te hanteer, beteken vir ons nie om jou eie agtergrond te ontken nie. Net vanuit eie tradisie kan die toekoms tegemoet getree word.*
5. *Die dosente verklaar graag hulle lojaliteit teenoor hulle alma mater in diens van die wetenskap. Ons kan egter net vir ander iets beteken as onsself nie in die proses op die altaar tot niet gaan nie.*

### 14 Augustus 1997

Die Kuratorium neem kennis dat professor J.A. Loader 'n aanstelling ontvang het in die Protestantse Teologiese Fakulteit in Wenen, Oostenryk, en wens hom geluk. Kennis is geneem dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir dominee W.P. Prinsloo benoem het as lid van die Kuratorium in die plek van dominee P.A. Geyser. Die Kuratorium het verder aanbeveel dat dominee Yolanda Dreyer in die plek van professor Loader as lid benoem word.

### 11 September 1997

Die rektor, professor J. van Zyl, besoek die Dosentevergadering en voer gesprek oor die interim-taalbeleid en die begroting vir 1998. Op 'n vraag oor die toekoms van teologie aan Universiteit van Pretoria het hy geantwoord dat dit onwaarskynlik lyk dat die staat vir teologie se toekoms omgee. Topbestuur beskou teologie se posisie aan Universiteit van Pretoria egter as belangrik en wil dit graag in die stelsel verskans. Die feit dat kerke as vennote betrokke is, versterk ons posisie. Unisa se Fakulteit Teologie wou al die jare onafhanklik bly, maar dit beteken nou dat hulle alleen staan. Aan die ander kant is dit egter belangrik dat die huidige kerklike vennote nie eksklusiewe posisies probeer handhaaf nie. Dit sal die situasie juis vererger. Hy het ook aangekondig dat hy professor T.F.J. Dreyer se aansoek om ongeskiktheidspensioen goedgekeur het. Die dekaan het gereël dat die pos voorlopig nie gevul sal word nie en dat hyself as hoof van die Departement Praktiese Teologie sal optree.

### 19 September 1997

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem doktor J.P. Labuschagne as lid van die Kuratorium in die plek van professor J.A. Loader. Daar is verder kennis geneem van 'n skrywe van die Raad vir Kerk en Teologie met bylaes bestaande uit 'Konform die Belydenis van die Opstanding en die Maagdelike geboorte' deur A.G. van Aarde, 'Teologiese strominge binne die NHKA' deur T.F.J. Dreyer, 'Kultuurimperialisme as 'n hermeneutiese dilemma' deur A.G. van Aarde en 'Die aard en gewig van die verskille in die NHKA' deur A.G. van Aarde. Die Kommissie se probleem was dat Van Aarde nie op die man af antwoord op vrae wat aan hom gestel is nie, dat hy vaag en ontwykend is, en het besluit om hom te nooi vir 'n gesprek sodra hy terug is in die land. In hierdie vergadering het die Kommissie ook van die Raad vir Prediking en Erediens die nuwe Diensboek in ontvangs geneem. Nadat dominee A.P.J. Beukes lid van die Kommissie geword het en sy lidmaatskap van die Kuratorium verval het, is ouderling Gert Myburg van Louis Trichardt in sy plek op die Kuratorium benoem.

Die Dekanekomitee het op dieselfde dag sy eerste byeenkoms gehad. Die komitee is saamgestel uit die dekane van die twee fakulteitsafdelings en twee verteenwoordigers uit elk van die afdelings. Teenwoordig was van Afdeling A professore J.H. Koekemoer, P.J. van der Merwe en A.G. van Aarde, van Afdeling B. professore C.J. Wethmar, C.J.A. Vos en W.S. Prinsloo. Die konklusie soos saamgevat deur die voorsitter, professor Wethmar, was:

- *Die twee afdelings is bereid om saam te werk.*
- *Hierdie Fakulteit rig hom primêr op opleidingsprogramme vir die kerklike bediening en daarmee saam op programme wat die wyer gemeenskap dien.*
- *Die rektoraat moet versoek word om inligting te verskaf wat vir hierdie ondersoek en samesprekings relevant is en ons ook die nodige tyd gee om die proses af te handel.*

Die Dekanekomitee het weer vergader op 19 September, 22 September, 29 September en 06 Oktober 1997 en gekom tot 'n verklaring van voorneme.

### 14 Oktober 1997

Die Dosentevergadering neem kennis van die Verklaring van Voorneme soos gefinaliseer deur die Dekanekomitee:

1. *Die Fakulteit rig hom primêr op programme vir die kerklike bediening en ook op programme wat die Universiteit en die gemeenskap dien*
2. *Die programme wat met die oog op kerklike bediening aangebied word, word sowel gerig op die besondere behoeftes van die deelnemende kerke as op behoeftes wat oor die grense van kerke strek*
3. *'n Programgerige benadering sal strukturele en institusionele implikasies hê. Die Fakulteit ondersoek tans hierdie implikasies en is bereid om hulle, indien verantwoordbaar, te implementeer*
4. *By die bepaling van nuwe institusionele strukture moet twee uitgangspunte met mekaar in ewewig gebring word: bestaande ooreenkomste met kerke, personeel en studente én proporsionaliteit wat tussen die deelnmende kerke bestaan ten opsigte van dosent-student-verhouding, finansiële posisie en aandele aan programme. Die konkrete implikasies hiervan word in onderhandelinge bepaal*
5. *In die nuwe model word kerklike identiteit beskerm en paslike strukture en meganismes word gevind om dit te verseker*
6. *Die Fakulteit is bereid om ander godsdienste se aansprake te akkomodeer in toepaslike programme*
7. *Die omvangryke herstrukturering wat voorsien word, sal 'n billike en realistiese oorgangstyd verg, veral teen die agtergrond van gevestigde belange. 'n Tydskaal wat vir kort, medium- en langtermyndoelwitte voorsiening maak, sal opgestel word.*

Die vise-rektor, professor de Beer, was gunstig beïndruk met die verklaring en het versoek dat 'n uitgewerkte model aanstaande jaar op tafel moet wees vir implementering in 1999.

### 17 Oktober 1997

'n Gesamentlike vergadering van die Kuratorium, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die dosente het die situasie rondom die opleiding bespreek in die lig van die ontwikkelings op die gebied van die hoër onderwys.

### November 1997

Die November-uitgawe van *Konteks* is gewy aan die 80-jarige bestaan van die Fakulteit.

Die redakteur, doktor P.J. de Beer, skryf onder die opskrif 'n Goue tagtig onder andere:

> *Miskien is dit 'n baie oppervlakkige waarneming, maar dit wil voorkom asof vorige verjaardae van ons Fakulteit met baie groter geesdrif gevier is as die huidige verjaardag wat getuig van tagtig goue jare wat agter die rug lê. Die atmosfeer is egter beslis meer somber en neerslagtig* […] *Die vrae van vyf jaar gelede soek nou dringend na antwoorde en oplossings. Dit wat toe reeds vermoed en aangevoel is, het nou 'n koue saaklike werklikheid geword. Die byl lê aan die wortel.*

Na bespreking van die universitêre en kerklike situasie noem hy dan twee voordelige, gerusstellende sake, naamlik dat die kerk in sy ganse geskiedenis nie so goed toegerus was om die huidige netelige situasie aan te pak nie, en dat die Fakulteit in sy teologiese arbeid 'n besondere standaard van uitnemendheid bereik het.

> *Ons kan hierdie manne vertrou om vir die Kerk in die toekoms 'n bedeling te skep wat aan die hoë eise wat die Heilige skrif, die Kerk en tyd vra, te voldoen.*

Daar volg dan artikels oor die onderskeie vakgebiede en werksaamhede van die Fakulteit en die studentebedrywighede met foto's. In die *Christelike Vrou* wat by dieselfde *Konteks* ingebind is, volg dan Vroue in die Fakulteit Teologie, waaronder die eerste vrouestudent sowel as eerste vrouedosent, Yolanda Dreyer, die eerste vroue-praeses van Van der Hoff, Jonanda Klopper, die twee sekretaresses, Hannie Pretorius en Adri Goosen, die vrou agter die dekaan, Issie Koekemoer, en foto's van 'n aantal vrouepredikante by die jongste Predikantevergadering.

### 06 November 1997

Die Dosentevergadering neem kennis dat Jonanda Klopper verkies is as eerste vroulike praeses van Van der Hoff.

### 25 November 1997

Die Kuratorium het kennis geneem dat die Universiteit van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) verwag dat sy begroting vir 1998 met R200 000 besnoei moet word. Daar is besluit dat 'n buitengewone vergadering belê moet word om 'n besluit te neem. Kennis is geneem dat doktor J.P. Labuschagne as lid van die Kuratorium benoem is ipv professor Loader. Goedkeuring is verleen vir die benoeming van die volgende deeltydse dosente vir 1998: I.W.C. van Wyk, J. Otto en J. Buitendag vir Dogmatiek en Christelike Etiek, D.J.C. van Wyk vir Godsdiens- en Sendingwetenskap, J.A. van Biljon, J. Coetzee en Y. Dreyer vir Praktiese Teologie, W.A. Dreyer en H.J. Botes vir Kerkgeskiedenis, W.C. van Wyk en A.A. da Silva vir Ou Testamentiese Wetenskap, dominee D.J.C. van Wyk, professor J.J. Engelbrecht, P.B. Boshoff, J. Strydom, G. Nel en E. van Eck vir Nuwe Testamentiese Wetenskap, en J.C. van der Merwe, J. Coetzee, R.J. Coertze, M. Dreyer, mevrou M. Dreyer, B. Bierman, professor T.F.J. Dreyer en dominee P.A. Geyser vir Praktiese Opleiding.

Na die uittrede van dominee A.P.J. Beukes is doktor P.J. de Beer as voorsitter en doktor A.J.G. Dreyer as visevoorsitter van die Kuratorium verkies.

### 28 November 1997

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bespreek verwikkelinge by die Fakulteit en besluit:

1. *Die ideaal om aan 'n universiteit verbonde te bly, word steeds gehandhaaf.*
2. *Die Dosentevergadering gaan onverwyld voort met die ondersoek na die blommodel sonder om die Kerk enigsins met die onderhandelinge te kompromitteer. Die Kerk wil steeds die reg voorbehou om sy eie weg te loop.*
3. *Die Kommissie besluit finaal oor die deelname aan die blommodel ná die voorlegging van die Kuratorium wat voortspruit uit die aanbevelings van die Dosentevergadering.*
4. *Die Administrateur, dekaan en voorsitter van die Kuratorium werk saam aan 'n wetenskaplike berekening van die koste van 'n private opleidingsmodel en lê die resultaat aan die Kommissie voor.*
5. *Die Kommissie het verder die Fakulteit versoek om teen Junie 1998 minstens een dosentepos uit te faseer met die oog op die begrotingstekort.*

### 04 Desember 1997

Op die legitimasieplegtigheid is aangekondig dat P.J. Roets al die toekennings ontvang het as beste student in elk van die vakke en ook nog vir die beste BD skripsie.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #934

# Dosente en Studente





±1920−1931 | Voor links: Professor Greyvenstein | Voor regs: Professor Macmillan | Agter links: Professor S.P. Engelbrecht
Agter regs: Professor B. Gemser



Links: P.J.J. Venter, eerste alumnus | Regs: C.W. du Toit, eerste voorsitter van Kuratorium



±1921−1922 | Voor: Professor S.P. Engelbrecht, Professor J.H. Greyvenstein, en student H.P. Wolmarans
Afgter: Studente M. Grobler, A.J.G. Oosthuizen, T.F.J. Dreyer, J.G.M. Dreyer, S.J. Strydom



Teologiese studente: ±1919−1921
Van links: H.P. Wolmarans, P.S. Grobler, I.F. Brits, T.F.J. Dreyer, J.G.M. Dreyer



Onthulling van die plaat by Witfontein buite Bronkhorstpruit in 1986



Professore van die 1940's



# Hoofstuk 10

## Terug by een ekumeniese fakulteit 1998–2009

Na versigtige onderhandeling en migrasie word die twee fakulteits afdelings opgehef en beweeg dit na 'n veelkerklike struktuur.

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Terug by een ekumeniese fakulteit 1998–2009', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek van die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #110, 31 pages. DOI: 104102/hts.v66i3.110

### 1998

**26 Januarie 1998**

Die Dosentevergadering neem kennis dat (1) 'n aansoek van professor T.F.J. Dreyer om siektepensioen te ontvang deur die verskeringsmaatskappy afgekeur is, (2) dosentevoogde is benoem, en (3) die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering spreek sy dank uit teenoor die dosente in 'n skrywe:

> *Dit is nie moontlik om naastenby op te noem wat deur die dosente gedoen is nie. Elke dosent is wel deeglik bewus wat hy verrig het in belang van die opleiding van die Kerk se studente en in belang van die Kerk. Wat gedoen is, is deeglik gedoen. Die Kerk is trots op die gehalte van sy teologiese opleiding en op sy dosente.*

Die Gesamentlike Onderrigkomitee ontwerp 'n profiel van die kandidaat wat deur die nuwe BA(Teol) kursus as eindproduk beoog word en dit sluit in akademies/intellektuele vorming, beroepsvorming en persoonlike vorming.

**04 Februarie 1998**

Die buitengewone vergadering van die Kuratorium besluit na deurtastende bespreking dat (1) twee poste van die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (STNT) teen Junie 1998 uitgefaseer moet word, (2) twee poste in Ou en Nuwe Testamentiese Wetenskap teen Desember 1998 uitgefaseer moet word, en (2) die betrokke dosente wie se poste uitgefaseer word weer beroepbaar moet word.

Verder is 'n bespreking gevoer oor die moontlikheid van 'n eie opleiding. Die Administrateur het na 'n voorlopige studie tot die bevinding gekom het dat met ses dosente volgens die huidige koste, dit ongeveer R1.3 miljoen jaarliks sal verg.

As lede van die dagbestuur is verkies, doktore H.J. Botes, W.A. Dreyer en J.P. Labuschagne saam met die voorsitter. Doktor W.A. Dreyer is benoem as voorsitter van die Evalueringskomitee.

**16 Februarie 1998**

Die Dekanekomitee bespreek die volgende sake: voorraadopname, proses van herstrukturering, implementeringstempo, institusionele strukture, graadstrukture, akademiese programme, bestuurstrukture, proporsionaliteit, wedersyse bestaande belange, kerklike betrokkenheid, betrokkenheid by ander kerke, samewerkingsooreenkomste, werkstyle, roosters, finansiële beleid, navorsingsuitsette, navorsingsverlof, tussentydse samewerking, telematiese onderrig, opleiding aan ander godienste, plek en rol van Bybelkunde en die plek en rol van Godienswetenskap.

**17 Maart 1998**

Die Fakulteit verwelkom dominee E. Mahlangu, dosent in Bybelkunde. Die lidmate B.B. Duma, T. Leema, C.D. Lubisi en M.B. Maloma word toegelaat tot die studie vir BA(Hons). 'n Diploma kursus in Teologie is aanvaar vir voorlegging aan die Senaat en Raad.

**19 Maart 1998**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van 'n skrywe van die Raad vir Kerk en Teologie met daarby ingesluit:

- *'n Kommentaar op die dosenteverklaring soos dit verskyn het in Die Hervormer van 01 Junie 1996, deur H.G. van der Westhuizen.*
- *'n Stuk oor moontlike teologiese strominge in die Kerk met betrekking tot die verhouding Kerk-Kultuur, deur J.H. Breytenbach.*
- *'n Memorandum oor Kerkbeskouing deur H.G. van der Westhuizen waarby ingesluit was 'n artikel van A.G. van Aarde oor die menslikheid van die kerk en die verskeidenheid in die Kerk.*
- *'n Notule van die vergadering van die Raad op 29 Oktober 1997.*

Die Kommissie het na bespreking die betrokke studiemateriaal en 'n skrywe van ouderling C.C. Viljoen, waarin hy beswaar maak oor die aanbieding van professor Pelser by 'n Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) kursus, na die Kuratorium verwys vir 'n gesprek met die dosente.

**23 Maart 1998**

Die Dekanekomitee bespreek 'n grondmodel vir implimenteering binne die Fakulteit. 'n Dokument wat oor herstrukturering handel word na die twee dekane verwys vir finalisering,

**24 Maart 1998**

Die Kuratorium het sy vorige besluit gewysig soos geneem op 04 Februarie 1998, waarop die datums van uitfasering van die relevante poste as verval aangekondig is. Op hierdie vergadering het die dosent van die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO), doktor I.W.C. van Wyk sitting geneem as adviserende lid soos die nuwe Kerkorde bepaal. Doktor J.P. Labuschagne ontvang opdrag vanuit die Kuratorium om oor 'n fondsinsamelingsprojek met die Moderamen gesprek te voer.

Die H.C.M. Fourie-Erepenning word toegeken aan doktor D.J.C. van Wyk, doktor A.J.G. Dreyer en professor S.J. Botha.

**19 Mei 1998**

Die Dekanekomitee aanvaar as agenda: vasstelling van sake waaroor ooreenstemming bereik is, evaluering van die gesprek met die viserektor op 02 April 1998, personeelsamestelling, implementeringstempo, graadstrukture, bepaling van verhouding met kerke, aanstellingsprosedures, inspraak in kurrikulum,

identifisering van akademiese programme, interimsamewerking en Gesamentlike Onderrigkomitee.

**09 Junie 1998**
Die Dekanekomitee verkry, (1) konsensus oor die basiese struktuur van die nuwe fakulteit, (2) versoek die dekane om gesaghebbende definisies van bepaalde terme te kry en (3) versoek elke afdeling om 'n voorlegging te maak oor programme, onderrig-aktwiteite ensovoorts - wat nodig is om predikante op te lei.

**29 Junie 1998**
Die Dekanekomitee bespreek 'n memorandum van 'n taakgroep van Afdeling A oor 'n grondplan vir teologiese opleiding in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

**28 Julie 1998**
Die Dekanekomitee aanvaar die gedagte van 'n Kollege en benoem die twee dekane wat saam met C.J.A. Vos en T.F.J. Dreyer 'n ontwerpverslag aan Topbestuur moet voordra.

**30 Julie 1998**
Die Fakulteit neem kennis van die Diploma in Teologie soos voorgelê aan die Departement Onderwys en Kultuur. Die Dosentevergadering bespreek 'n erflating van R688 333.16 aan die kerk 'wat aangewend kan word vir opleiding van predikante' uit die boedel van mevrou G.G. Johnson (gebore Williams).

Kennis word geneem dat in die week 02–07 Augustus 1999 'n internasionale Nuwe Testamentiese kongres in die Fakulteit gehou word. Die lesings vir daardie week is opgeskort.

Indringende bespreking word gevoer oor die verslag van die taakgroep wat 'n grondplan moes ontwerp vir die bekostiging en infasering van 'n teologiese opleiding met net ses dosente. Dit het ingesluit die (1) vervroegde aftrede van professore J.H. Koekemoer, S.J. Botha en G.M.M. Pelser, (2) opheffing van die poste van professore Beukes en Steenkamp, en (3) die verskuiwing van departementshoofde sodat P.J. van der Merwe programbestuurder Godsdienswetenskap, A.P.B. Breytenbach programbestuurder in Ou Testamentiese Wetenskap, T.F.J. Dreyer hoof van die Teologiese Kollege en A.G. van Aarde programbestuurder in Navorsingsbestuur sal word. Die posisie van L.C. Bezuidenhout het oorgestaan met die oog op onderhandelinge oor Bybelkunde.

Kennis word geneem dat die proefskrif van G.J. Malan op 04 Augustus 1998 en die proefskrifte van Y. Dreyer en J.M. Strydom op 01 Oktober 1998 verdedig sal word.

**31 Julie 1998**
Die Verwysingsbybel wat die resultaat was van 'n projek wat gestrek het van 27 Januarie 1992 tot 04 Desember 1996, word bekendgestel in Kaapstad. Die Redaksionele Komitee het bestaan uit J.P. Oberholzer, voorsitter, P.A. Verhoef, ondervoorsitter, J.P. Louw, H.C. van Zyl en J.J.J. van Rensburg. Medewerkers betrokke van die Hervormde kant was A.P.B. Breytenbach (Lev, Hos), J.P. Oberholzer (Num, Eseg), J.H. Breyetenbach (2 Kron), J.A. Loader (Est, Spr), L.C. Bezuidenhout (Job), F.J. Boshoff (Ob), P.M. Venter (Miga), A.A. da Silva (Nah), G.M.M. Pelser (2 Kor), P. van Staden (Fil).

Die werk bevat (1) die teks van die 1983-vertaling, (2) voetnote met kruisverwysings en aantekeninge, (3) 'n woordelys, (4) 'n lys van plekname, (5) 'n kernkonkordansie, en (6) 'n stel kaarte. Eksemplare is onder andere oorhandig aan die Hoofsekretaris, dominee G. Kritzinger, en aan drie vorige hoofsekretarisse, naamlik dominees Gerit van der Merwe, Sep Boshoff en Donald Tolmie.

**05 Augustus 1998**
Die Dekanekomitee bespreek 'n voorlegging oor die herstrukturering van die Fakulteit Teologie wat moet dien by ontmoeting met die Hoofbestuur. Na terugvoering oor die ontmoeting met die Hoofbestuur is herstrukturering weer bespreek op 17 Augustus 1999.

**20 Augustus 1998**
Die Dosentevergadering besluit om die rooster so te verander dat seminare en evaluasies op Maandae, blokonderrig op Dinsdae en Woensdae, praktiese vorming op Woensdae en die Bybelvakke op Vrydag aangebied word. Daar is ook besluit om die blokonderrig so in te rig dat die dosente wat vroeg moet aftree, hulle studieverlof en opgehoopte verlof kan neem. Die vergadering het ook 'n verdere verslag oor die herstrukturering van die Fakulteit ontvang en bespreek.

**25 Augustus 1998**
Die Kuratorium neem kennis van voorstelle oor die herstrukturering en rasionalisasie van die Fakulteit wat deur die Dosentevergadering voorgelê is na samesprekings by die Universiteit. Daar is besluit dat 'n samevattende dokument opgestel moet word met die oog op die beraad oor teologiese opleiding op 28 Augustus 1998.

**28 Augustus 1998**
'n Beraad oor die teologiese opleiding in die kerksentrum van Villieria, bespreek 'n samevattende verslag oor (1) die herstrukturering van die Fakulteit Teologie Afdeling A, (2) die beplanning van 'n Kollege vir HTO, (3) memorandums oor fondsinsameling, (4) ander bedieningsmoontlikhede vir predikante, en (5) hersiening en aanbieding van Kital-kursusse.

**14 September 1998**
Die Dekanekomitee bespreek die reaksies van die kerke op die herstrukureringsplan, aanstellingsprosedures, graadstrukture en besluit om die Diploma in Teologie te implementeer vanaf 2000.

**17–18 September 1998**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van 'n verslag van die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J. de Beer, oor die stukke van die Raad vir Kerk en Teologie en die skrywe van ouderling C.C. Viljoen wat na die Kuratorium verwys is. Die Kommissie het besluit om die antwoord van die Kuratorium te aanvaar en het die saak as afgehandel beskou. Die Kommissie het verder kennis geneem van die notule van die beraad oor teologiese opleiding op 28 Augustus 1998. Hulle het besluit dat die voorgelegde dokument deur die Kuratorium gefinaliseer moet word vir voorlegging aan die Algemene Kerkvergadering en dat die twee poste by STNT op 31 Desember 1998 uitgefaseer moet word.

**04 Oktober 1998**
Die 65ste Algemene Kerkvergadering het sitting geneem in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die uittredende voorsitter, doktor D.J.C. van Wyk, het die openingsrede uitgespreek aan die hand van Hebreërs 6. Hy het onder andere gesê:

> *Eg in die gees van ons tyd sal daar waarskynlik op die sterk klanke hierbo, naamlik oor ons welversekerde, veilige geloofsbesit wat ons in Christus Jesus het en wat ons in werklikheid is en weet, reaksies kom van: Dit is gearriveerdheid, dit is selfgenoegsaamheid. Maar dit is nie. Dit is die boodskap van die Hebreërbrief. Waaroor, buitendien, sou die Hervomde Kerk van alle kerke op aarde, eintlik selfgenoegsaam en gearriveerd kon wees? Ons sterk*

Article #110 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*apostolaatsbewussyn, ons ywer in sending en evangelisasie? Of sou dit miskien kon wees oor ons ywerige kerkbesoek? Of sou ons dalk selfvoldaan kon wees oor ons groot erns met die heiligmaking, 'n Christelike lewenswandel, ons onderlinge eenheid en liefde? Nee, liewe broers en susters, oor al die dinge staan ons kaal en rooi van skaamte voor God. Ons onwilligheid en verskoningsoekery vir bykans 'n eeu lank om nie kragdadig met hierdie geheim van God se liefde na nasies, heidene, die hele wêreld toe te gaan nie; nou al waarskynlik baie meer as die helfte van die kerk se lidmate wat selde en selfs nooit die Woord hoor en sakramente gebruik nie; slordige lewenswandel, liefdeloosheid, groepvorming na alle kante toe, 'n voortdurende geskinder en verspreiding van valshede wat die lewe van die kerk ontsier; brutale uitdaging van kerklike besluite en kerklike orde waaraan predikante lustig deelneem, selfs die voortou neem… Ons staan in die verskriklikste verwonding voor God. Maar nogtans, deur die geloof in Jesus Christus het ons alles, is ons tot alles in staat, weet ons ons is veilig en geborge en behoue.*

*In hierdie dialektiese spanning en paradokse van die geloof het die Hervormde Kerk oor die afgelope eeu en verder terug , sy kerkwees beleef en sy teologie beoefen. Ons ken die krag daarvan. En ons wil op geen wyse daarvan vervreem word nie. Daarom protesteer ons teen enige en elke poging, openlik en verbloem, om die kerk en die teologie af te trek in allerlei flirtasies en eksperimente met goedkoop en oppervlakkige charismatiese uitinge en belewinge wat nie Bybelse vernuwing tot gevolg het nie , maar bloot gerig is op die bevrediging van menslike emosies en begeertes...*

*Maar ons protesteer ewe sterk teen alle verskynsels wat as ortodoksisties herkenbaar raak en waar ons alleen-deur-Christus-verdiende kosbare geloofsbesit tot menslike oormoed en selfvoldaanheid lei; of waar die kerk en die teologie voor die politieke karretjies ingespan word soos dit onder andere blyk uit sommiges se knaende onrus oor 'n nuwe Bybelvertaling; of die houding van alles-bly-soos-dit-is met 'n prinsipiële verset teen alle vernuwing; of waar daar so burgerlik met voorkeur gepraat word van ons kerk ipv die Kerk van die Here. Die gevaar van selfvoldaanheid en burgerlike godsiens is inderdaad nie altyd denkbeeldig nie.*

*Maar ons protesteer net so sterk teen alle vorms van liberalisme, rasionalisme, modernisme; waar willose, kritieklose saamloop met politieke ideologieë van die dag , baie keer net omdat dit die rigting van die meerderheid is, net so veelvuldig voorkom as by ortodokses, maar dalk net meer skynheilig en geraffineerd met die houding van: Ons siening, dit is teologie, julle s'n is politiek; of waar die kerk en teologie slaaf en gevangene van die wetenskap en heersende filosofie word; waar die wetenskaplike teologie beoefening 'n doel in homself raak, vervreem van die kerk en nie meer primêr in die diens van die kerk, die verkondiging van die kerk en opleiding van predikante staan nie; of waar kritiese teologie beoefening so ver gevoer word dat studente verwar, en die kerk se kosbare geloofsbesit gerelativeer word, en dit in tye waarin massale geloofsafvalligheid opnuut dreig en waarin ons mense alle geloofsversekerdheid nodig het om staande te bly en die oorgange na nuwe pradigmas van bestaan, lewe en kerkwees, te verwerk.*

Die H.C.M. Fourie Erepenning is oorhandig aan professor S.J. Botha, doktor A.J.G. Dreyer en doktor D.J.C. van Wyk. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J. de Beer, het van professor Botha gesê:

> *Prof Schalk Botha het hom as akademikus, dosent en kerkhistoriese navorser in die besonder onderskei deur sy deeglikheid en sorgvuldigheid… Dit is verder van besondere waarde dat prof Botha in sy studie, navorsing en publikasie die uitgangspunt vashou dat die Kerk 'n geloofsgemeenskap is wat die Here van die Kerk vir Homself vergader het. Daarom was sy aandag nie net gevestig op die historiese sy van ons kerkgeskiedenis nie, maar ook op die dogmenhistoriese implikasies in die mensopvattings en lewensbeskouing van spesifiek die Afrikanervolk in wie se midde ons Kerk bestaan.*

Hy het van doktor A.J.G. Dreyer die volgende gesê:

> Sy bediening as predikant was altyd op die voorposte van die kerk waar Hervormde lidmate oor uitgestrekte gebiede yl versprei was… Hy sal altyd daarvoor onthou word dat hy die predikant was wat die gemeentes van die Hervormde Kerk in Natal en veral in die Wes-Kaap gevestig het. Dit is egter veral op die terreine van sending en evangelisasie waar dr Dreyer se insette in Kaapstad van onskatbare waarde is. Hy het die inisiatief geneem om die moontlikheid van sendingwerk onder die Kleurlinge te ondersoek en te inisieer. Deur sy toedoen is daar ook met sending in Khayelitsha begin. Dr Dreyer het ook betrokke geraak by hawesending... Uit hierdie werk het die Christelike Seemansorganisasie waarvan hy die afgelope 15 jaar as voorsitter dien, gegroei.

Hy het oor doktor Van Wyk gesê dat hy die erepenning ontvang vir sy 'bydrae tot die uitbouing en bestendiging van die Bybels-Reformatoriese geloof en teologie', en dan veral met sy 'ontwikkeling van die kerklike joernalistiek' en sy 'leierskap in die Kerk' oor etlike dekades.

> *Gedurende sy tyd as redakteur (van Die Hervormer, vanaf 1977 tot 1992) skryf hy self die meeste hoofartikels en versorg gereeld verskeie ander artikels... Dit lei daartoe dat sy lewensbeskoulike, teologiese en kerklike denke meer bekend geword het as die van enige ander persoon in die Hervormde Kerk. Sy behoudende benadering gee rigting in 'n tyd van storm en drang.…Met sy styl van eerlikheid, openhartigheid, lojaliteit en geloofsvertroue in die Heer van die Kerk het hy... veel gedoen om koers en rigting aan te dui, en die vrede en samehorigheid in die Kerk te bewaar.… Dr Van Wyk het hom ook as 'n goeie akademikus onderskei... Hy openbaar verder 'n buitengewone belangstelling en kundigheid in die kerkmusiek.*

Groeteboodskappe is oorgebring deur verteenwoordigers van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, en die Presbiteriaanse Kerk van Suider-Afrika.

Met konstituering is die vergadering saamgestel uit 311 predikante en 266 ouderlinge met stemreg. Professor T.F.J. Dreyer is as voorsitter en doktor J.M.G. Storm as skriba verkies, professor A.P.B. Breytenbach as vise-voorsitter en dominee A.P.J. Beukes as vise-skriba. As predikantelede van die Kommissie is verkies dominee J.P.J. Wagenaar en dominee P.A. Geyser.

Die vergadering het sy werksaamhede begin met 'n bespreking oor die Belydenisskrifte en het besluit (1) standpunte wat van die belydenis afwyk, gehanteer sal word soos voorgeskryf in die Kerkorde, en (2) dat geen afwykende en dubbelsinnige interpretasie van hierdie belydenis as standpunt toelaatbaar is in die verkondiging in die Kerk nie.

Ook die Fakulteit Teologie het vroeg aan die orde gekom. Die vergadering het kennis geneem van die verslae van die Kuratorium en die Dosentevergaderig waaruit die volgende aanhalings vir hulleself spreek:

> *Daar is besluit om die karakter en identiteit van die Fakulteit as 'n dinamies toekomsgerigte instansie, sistematies uit te bou sodat by 'n openbare rolvervulling uitgekom kan word en in kerklike vorming wetenskaplike uitnemendheid nagestreef kan word.*
>
> *Die veranderings wat die afgelope aantal jare in Suid-Afrika plaasgevind het, het die Nederduitsch Hervormde Kerk nie onaangeroer gelaat nie. Die harde werklikheid is dat daar op*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*feitlik elke vlak van die Kerk se lewe nuut gedink en beplan moet word. Hierdie nuwe denke en beplanning waartoe omstandighede in die land ons dwing, het die woorde van ons Heer dat ons nie van die wêreld is nie maar dat ons tog in die wêreld is, weer duidelik in ons gemoed ingeprent. Die vergaderings van die Kerk wat verantwoordelik is vir en gemoeid is met teologiese opleiding, het die afgelope aantal jare gedink en beplan vir die situasie waarin ons verkeer. .. In hierdie beplanning is uitgangspunte wat vir die Kerk ononderhandelbaar is, geïdentifiseer. Daarby is die saak van beweeglikheid, naamlik dat die Kerk steeds moet kan kies hoe teologiese opleiding moet geskied indien omstandighede verder versleg of dalk verbeter, deur die beplanners as 'n beginselsaak aanvaar… Uitgangspunte wat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ononderhandelbaar is:*

- *Teologiese opleiding van predikante aan 'n universiteit is noodsaaklik vir al die wesenlike funksies van die Kerk.*
- *Die opleiding moet, om reggeaarde dienaars van die Woord te lewer, so ver as moontlik onder kerklike beheer staan.*
- *Aspekte van die opleiding wat die etos van die Kerk raak, moet onder die volle beheer van die Kerk staan.*
- *In die opleiding moet 'n hoë akademiese standaard gehandhaaf word wat gerugsteun word deur navorsing in die teologiese wetenskap en wat wêreldwyd erkenning geniet.*
- *Naas die algemene vormende onderrig aan 'n universiteit moet toegespitste opleiding en afronding voornemende predikante toerus vir hulle dienswerk.*

*Vaste gegewenhede:*

- *Die Kerk kan in die huidige omstandighede nie meer die hoë koste van sy teologiese opleiding bekostig nie.*
- *Die staat is nie meer bereid om uiniversiteitsoplelding wat 'n bepaalde geloofsgroep of kerk bedien, te subsidieer nie.*
- *Die teologiese opleiding van die Kerk kan dus nie meer in sy huidige vorm voortbestaan nie.*
- *Die Universiteit van Pretoria het hom sterk uitgespreek vir die behoud van die Fakulteit Teologie.*
- *Die Fakulteit Teologie moet egter omskep word in 'n fakulteit van die Universiteit wat nie onder beheer van die Kerk staan nie.*
- *Verteenwoordigers van die Dosentevergadering het onder leiding van die dekaan en met die medewete van die Kuratorium, die afgelope jaar samesprekings gevoer met lede van die Rektoraat en met verteenwoordigers van Afdeling B. Uit hierdie samesprekings het die volgende belangrike sake na vore gekom:*
    - o *Die universiteitsowerhede het hulle bereid verklaar om die kerklike belangegroepe wat gehelp het om:*
        - *teologiese opleiding die afgelope dekades in stand te hou, geleentheid te gee om vanaf 01 Januaire 2000 oor 'n tydperk van vyf jaar te migreer na 'n enkele universiteitsfakulteit.*
        - *ooreenkomste te sluit met rolspelers wat verkies om self bepaalde aspekte van hulle opleiding in geakkrediteerde kolleges aan te bied*
        - *tot 31 Desember 2004 nie druk uit te oefen op die twee deelnemende kerke om 'n groter finansiële bydrae te maak tot teologiese opleiding as waartoe daar kontraktueeel ooreengekom word op 01 Januarie 2000 nie*
- *nie dosente wat op 31 Desember 2004 aan die Fakulteit Teologie verbonde is, voortydig uit diens te stel nie.*
- *die herrangskikking van 'n vaste aantal poste deur die kuratoria van die deelnemende kerke gedurende die migrasietydperk toe te laat.*
    - o *Hierdie toegewings is egter onderworpe aan die volgende voorwaardes:*
- *Die verteenwoordigers van die huidige twee afdelings van die Fakulteit Teologie moet tot 'n vergelyk kom oor die struktuur van die Fakulteit vanaf 01 Januarie 2000 tot 31 Desember 2004.*
- *Die twee afdelings moet bewys lewer dat hulle ernstig is met die herstrukturering en rasionalisering van die Fakulteit.*
- *Vanweë huidige studentegetalle kan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met slegs ses poste toetree tot die nuwe Fakulteit Teologie op 01 Januarie 2000.*
- *Alhoewel die twee deelnemende kerke tot 31 Desember 2004 nog betekenisvolle inspraak sal hê in die Fakulteit, moet nuwe prsosedure vir aanstellings reeds vanaf 01 Januarie 2000 geld by die Fakulteit.*
    - o *Teen die agtergrond van die voorafgaande inligting is dit in belang van die Kerk om die volgende stappe te neem:*
- *Die Kerk tree op 01 Januarie 2000 met ses poste toe tot die nuwe bedeling van teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria.*
- *Op 01 Januarie 2000 vestig die Kerk sy eie Teologiese Kollege wat in 'n geakkrediteerde verhouding met die Universiteit van Pretoria staan, maar wat volledig deur die Kerk beheer, bestuur en bekostig word. Hierdie Teologiese Kollege word aanvanklik bedryf met een voltydse hoof en 'n sekretariële diens. Die dienste van deeltydse dosente wat ook by die Fakulteit kan klasgee, word in die vestigingstyd ingekoop. Die Kuratorium kan besluit om later meer voltydse aanstellings te maak, of die personeel en programme van die Kollege aan te pas soos wat dit tot die Kerk se beste voordeel is. Dosente wat by die Fakulteit aangestel is, kan vanselfsprekend gebruik word om doseerwerk by die Kollege te behartig. Hervormde Teologiese Studies word ook uit die Kollege beheer en bedryf.*
- *Die poste by STNT word uitgefaseer teen 31 Desember 1998…*
- *Vervroegde aftrede van professore wat pensioenbare leeftyd bereik het, word oorweeg met die oog op die verkleining van Afdeling A tot ses poste teen 31 Desember 1999.*

Die vergadering het besluit:

- *Die vestiging van 'n enkele teologiese fakulteit onder beheer van die Universiteit van Pretoria word in beginsel aanvaar.*
- *Die opheffing van die STNT word aanvaar.*
- *Die Kuratorium kry opdrag om in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:*
    - o *Die gunstigste moontlike posisie vir die Kerk se teologiese opleiding by die Universiteit van Pretoria te beding.*
    - o *Voorkeur te verleen aan die vestiging en inbedryfstelling van die Kerk se eie Teologiese Kollege op 01 Januarie 2000.*
        - *Poste by die Fakulteit Teologie vanaf 01 Januarie 2000 tot 31 Desember 2004 só te herrangskik dat al ses tradisionele vakdissiplines teen die jaar 2004 verteenwoordig sal wees en dit tot die beste voordeel van die Kerk sal wees.*
        - *Die rasionalisering van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) só te bestuur dat dit met die minste ontwrigting en verlies van die huidige dosente verloop.*
- *Die uitdiensstelling van teologiese dosente en ander pedikante met besondere opdrag word omskryf en gereël analoog aan die uitdiensstelling van gemeentepredikante.*

Kennis is geneem van die studentestatistiek waarvolgens daar in 1998, 34 BA studente en 23 BD studente ingeskryf was. Oor die jare 1995–1997 is 41 kandidate vir toelating tot die studie geëvalueer, waarvan 38 met beurslenings en een sonder 'n beurslening toegelaat is, terwyl twee nie aanvaar is nie. Daar was twaalf voltydse en 17 deeltydse dosente en twee sekretaresses

aan die Fakulteit verbonde. Daar was 69 studente met nagraadse studie besig.

Die vergadering het hom ook uitgespreek ten gunste van 'n besondere poging tot fondsinsameling vir teologiese opleiding. Daaruit is later die nuwe Teologiese Opleidingsfonds gebore. Lede van die Kuratorium is verkies, naamlik doktore: P.J. de Beer, D.J.C. van Wyk, W.A. Dreyer, H.J. Botes, J.H. Breytenbach, J.C. van der Merwe en Y. Dreyer

**13 Oktober 1998**

Die Dosentevergadering neem met waardering kennis van die volgende skrywe van die BD III klas:

> *Aan ons geagte dosente: Dit is die werk van akademici om hulle met moeilike dinge besig te hou – gewoonlik om uit nuuskierigheid te krap waar dit nie jeuk nie. Maar vir ons teologie fakulteit is dinge nou anders. As ons sê dat daar dinge is wat jeuk en wat gekrap moet word, dan is dit 'n manier om te sê dat ons as studente ook besef dat daar iets onder die oppervlakte is wat nie goed gaan nie. En soos 'n kindjie voor sy siek moeder, voel ons onseker en ook magteloos, omdat hier dinge op die spel is wat ons nie heeltemal verstaan nie en waaraan ons ook nie kan help krap nie. Hierdie brief is 'n manier hoe ons probeer om vir julle te onderskraag. Nou is dit nie belangrik wat ons mening oor enigeen van julle se klasse is nie, dit is nie nou belangrik om te onthou van wie ons baie keer verskil het nie, dit is nie ter sprake vir wie elkeen van ons afsonderlik beskou as die voorbeeld wat nagevolg moet word nie, want vir al hierdie dinge is die omstandighede waarin die fakulteit gedompel is in elk geval blind. Watter geheue het die kragte wat die veranderinge afdwing van die ure se ongesiende arbeid? Maar ons sien iets daarvan. Ons sien dosente wat elke dag weer vriendelik groet. Ons sien mense wat moeite doen. Ons sien persone saam met wie ons as mede-gelowiges kan leef. Ons raai watter laat nagte harde werk, frustrasie, kommer, onsekerheid, teleurstelling, daar dikwels en veral nou agter dit alles sit. En ons weet nie wat die volgende jaar of dalk maande gaan meebring nie. As ons besef dat 'n professor in teologie ook met sy hande in sy hare kan sit, dan sê ons dit met die grootste deernis. Die brief wil nie 'n goedkoop trosie opdis nie. Ons wil hiermee vir julle aanmoedig om, hoe raaiselagtig dinge ookal lyk, te midde daarvan te bly klou aan die Hoop vir Wie ons leef en met die oog op Hom soos Ester sê: Miskien is dit met die oog op 'n tyd soos hierdie ... Van julle susters en broers AJ Hattingh, LH Kruger, I Zybrands, J Klopper, J Havenga, Ernst Wolff, Johnny Young.*

Die sekretaris van die Dosentevergadering, professor P.J. van der Merwe, het die waardering van die dosente soos volg oorgedra:

> *Ja, dit is waar, die Fakulteit is besig om deur moelike en selfs traumatiese tye te beweeg. Dit is byvoorbeeld nie aangenaam om kollegas wat vanweë hulle ouderdom nie maklik weer 'n beroep of 'n dergelike aanstelling sal kry nie, uit te faseer nie. Ons treur ook oor die Fakulteit wat was en wat nou so goed as verby is. Aan die ander kant glo ons tog dat die derde fase in die geskiedenis van die Fakulteit Teologie sy eie positiewe ontwikkeling gaan hê. Ons besef dat dit besondere uitdagings aan ons gaan stel, maar as ons dit gesamentlik met 'n gelowige en biddende gesindheid aanpak en almal hulle bes doen om sukses te verseker, is ons oortuig dat die toekoms straks beter as die verlede gaan wees. Intussen gaan dit en is dit trouens besig om groot opofferings van ons te vra. Daarom die waardering vir julle brief.*

**16 November 1998**

Die Dekanekomitee ontvang rapport oor die kerklike besluite en bespreek die posisie van programbestuurders.

**25 November 1998**

Die Kuratorium vergader. Doktor P.J. de Beer is tydens die Algemene Kerkvergadering gekies as voorsitter van die Kuratorium en doktor A.J.G. Dreyer as vise-voorsitter. Die dagbestuurslede word verkies, dit is doktore H.J. Botes, J.H. Breytenbach en Y. Dreyer. Die vergadering het doktor Yolanda Dreyer gelukgewens met haar doktorsgraad. Sy was dus nie net die eerste teologiese vrouestudent van die Fakulteit nie maar ook die eerste vrou wat daar gepromoveer het. Die vergadering het besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om doktor J.P. Labuschagne in beheer te plaas van die fondsinsamelingsprojek vir die Teologiese Opleidingsfonds. Die reglement vir die fonds het bepaal:

> *Die Teologiese Opleidingsfonds van die Nederduitsch Hervormde Kerk stel sigself ten doel om 'n fonds daar te stel ter ondersteuning van 'n teologiese opleiding wat getrou sal wees aan die teologiese etos van die Hervormde Kerk. Die oogmerk van die fonds is om uiteindelik voldoende kapitale reserwes op te bou sodat die renteopbrengs van die fonds voldoende sal wees om genoemde doelstelling te bereik.*

Verder het die Kuratorium besluit om die Dosentevergadering te versoek om die ondersoek na 'n eie inrigting vir teologiese opleiding verder te voer en om die wenslikheid van telematiese onderrig te ondersoek en het toestemming verleen dat professor A.P.B. Breytenbach as konsultant mag optree vir die vertaling van die Bybel in isiNdebele.

**27 November 1998**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader. By die legitimasieplegtigheid is kennis geneem dat Ernst Wolff die toekennings as beste student ontvang het oor die drie jaar studie wat bestaan het uit die bestudering van die Ou Testament, Nuwe Testament, Godsdiens- en Sendingwetenskap, Kerkgeskiedenis en hy het ook die beste BD skripsie. Jonanda Kloppers het met hom die toekenning vir Nuwe Testament gedeel en ook die toekenning ontvang as beste student in Praktiese Teologie.

**04 Desember 1998**

Die Kuratorium besluit in 'n buitengewone vergadering om met professor M.J. du P. Beukes te onderhandel oor 'n veranderde opdrag vir 1999 en neem kennis dat professor L.J.S. Steenkamp met die Universiteit onderhandel oor siekte-emeritaat. Dit is ook goedgekeur dat tydens professor Koekemoer se studieverlof sy lesings waargeneem sal word deur dominee A. Groenewald, professor I.W.C. van Wyk, doktor J. Otto, dominee M. Robbertze, doktor J. Buitendag en doktor A. Botma. Kennis is geneem dat (1) in die Departement Kerkgeskiedenis doktore H.J. Botes, W.A. Dreyer, J.P. Labuschagne en professor A.D. Pont, (2) in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap doktor D.J.C. van Wyk en professor L.J.S. Steenkamp, en (3) in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap professore W.C. van Wyk en A.A. da Silva as hulpdosente in 1999 sal dien. Met die oog op kurrikulering in 1999 is besluit dat 'n tweedaagse beraad gereël moet word op 19–20 Januarie 1999 oor die ontwerp van 'n profiel van 'n predikant en kurrikulering. Professor T.F.J. Dreyer het opdrag ontvang om vroeg in 1999 te begin met die voorbereidende werk vir die vestiging van 'n eie kollege.

## 1999

Die publikasie 20ste eeu Hervormde Teologie verskyn met D.J.C. van Wyk as redakteur, en T.F.J. Dreyer, A.P.B. Breytenbach en J.M.G. Storm as lede van die Redaksie. Daarin is opgeneem 37 artikels van teoloë van die Kerk, afgesluit met 'n oordenking van J.A. Loader. Die redakteur wys in 'n voorwoord op die wye en interessante verskeidenheid aksente, nuanses en perspektiewe:

*Die Redaksie meen dis eg en eie aan wat ons juis in ons teologie wil wees: oop en ontvanklik daarvoor om aanhoudend vanuit die Woord in die rede geval te word, gekorrigeer te word, opnuut te luister, alles weer oor en nuut te probeer sê, nuut te bely.*

**25 Januarie 1999**

Die Dosentevergadering neem kennis dat dominee P.A. Geyser sy proefskrif suksesvol verdedig het op 14 Januarie 1999 en dat Paula Eksteen Bybelkunde Honneurs met lof geslaag het. Professor S.J. Botha sal van 05 Januarie tot 31 Oktober, J.H. Koekemoer van 01 Februarie tot 30 Augustus en G.M.M. Pelser van 05 Januarie tot 30 Augustus op verlof sal wees. Professor Beukes se pos het opgehou om te bestaan, maar hy sal as eksterne dosent voorgaan om sekere onderrigfunksies te verrig. Hy word op Sondag 31 Januarie bevestig as deelsorgpredikant van Villieria. Professor Steenkamp doen aansoek om medies-ongeskiktheidspensioen en is intussen op siekteverlof.

**04 Februarie 1999**

Die Dekanekomitee kry ʻn verslag oor die konsultasies met kerklike liggame en bespreek ʻn tydskedule vir werksaamhede, graadstruktuur, profiel van die kandidaat, modulering, werkverdeling in departemente en programme, die rooster, navorsing, personeelsake, funksionering van die kollege, die fakulteitsraad, die ekumeniese adviesraad, kerklike dosenterade, aanstellingsprosedures, komitees, dekanaat, departemente, departementshoofde, programbestuurders, sekretariële en administratiewe personeel, integrasie van fakulteitstrukture, verrykingsprogramme, Bybelkunde, finansies, fisiese fasiliteite, studentewerwing en samewerkingsooreenkomste. Daar is besluit dat, (1) die aangeleentheid van dosentevoorsiening na die onderskeie dosentevergaderings verwys word vir deurvoering na die verskillende departemente, (2) dat afsonderlike departemente vakgewys moet ontmoet en modules saamstel, (3) dat Ou Testamentiese Wetenskap en Nuwe Testamentiese Wetenskap moontlike samesmelting moet bespreek, en (4) dat departemente moet beplan vir die voorgestelde graadstrukture.

**12 Februarie 1999**

In ʻn buitengewone vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te Hammanskraal is besluit om professor. F.J. van Zyl by herdenking van sy sestigste ampsjubileum te nooi om saam met die Kommissie te eet op 10 Junie 1999. ʻn Werkwyse van die Rasionalisasiekommissie is goedgekeur en vier persone is benoem om die onderhandelinge in dié verband te hanteer.

**24 Februarie 1999**

Die Dosentevergadering bespreek voorstelle oor die herstrukturering van fakulteite aan die Universiteit, prestasiebestuur, die posisie van Bybelkunde in die beoogde nuwe fakulteit Teologie, en besluit om ʻn uitgawe van *Hervormde Teologiese Studies* te wy aan professore Beukes en Steenkamp.

**11 Maart 1999**

Die Dekanekomitee aanvaar die vierjarige BTh-struktuur en bespreek die MTh wat oor twee jaar versprei word, Gemeentepraktyk wat daarna uitloop op ʻn diploma en ʻn Gevorderde diploma in Teologie na BTh of MTh. Die Komitee het verder vergader op 22 April, 03 Mei, 17 Mei , 26 Mei, 03 Junie, 14 Junie, 23 Julie en aandag is gegee aan die talle sake waaroor rigting gevind moes word.

**16 Maart 1999**

Die Dosentevergadering neem kennis van ʻn skenking van R1300 aan die ʻNederduitsch Hervormde Kerkbeursfonds' deur D.J. du Toit van Wingate Park. Die vergadering het voorstelle aan die Kuratorium geformuleer oor tydige optrede ten opsigte van die postestruktuur en dit het ook gehandel oor die plek van Gemeentepraktyk in die MTh kursus. Die voogdekomitee is hersaamgestel en doktor P.A. Geyser is aangewys om die BD oriëntering te organiseer.

**18 Maart 1999**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering handel oor die voorgenome stigting van ʻn Kollege en besluit dat professor. T.F.J. Dreyer voortgaan met die voorbereidings. Daar is goedgekeur dat doktor J.A. van Biljon spesialistehulp in die Fakulteit mag verleen.

**23 Maart 1999**

Die Kuratorium neem kennis van ʻn verslag oor die beraad op 19–20 Januarie 1999, opgestel deur professor. P.J. van der Merwe. Daarin is ook die ontwerp van die profiel van ʻn predikant met kognitiewe, vaardigheids- en affektiewe aspekte opgeneem. Ander bylaes by die agenda was:

- *ʻn Dekaansverslag oor die jaar 1998.*
- *ʻn Ooreenkoms tussen die twee fakulteitsafdelings oor die herstrukturering van die Fakulteit Teologie.*
- *ʻn Grondplan vir teologiese opleiding in die Nederduitsch Hervormde Kerk.*
- *ʻn Ontwerp van Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria in die nuwe bedeling met ʻn addendum oor Herstrukturering en rasionalisering ensovoorts.*

Die Herstrukturering soos ooreengekom op die Dekanekomitee, het onder andere bepaal dat (1) die Fakulteit sal funksioneer as ʻn veelkerklike fakulteit, (2) dat ʻn kerk op eie koste ʻn Kollege kan vestig, (3) dat die postestruktuur sal wees ses vir die Nederduitsch Hervormde Kerk, 11 vir die Nederduits Gereformeerde Kerk en voorlopig een vir 'n ander denominasie. Om die doelwit van ses poste vir die Nederduitsch Hervormde Kerk te bereik, is die volgende maatreëls getref: (1) die aftreedatum van professor J.H. Koekemoer, S.J. Botha en G.M.M. Pelser word vervroeg tot 31 Desember 1999, (2) die poste van professor M.J. du P. Beukes en L.J.S. Steenkamp word einde 1998 uitgefaseer [Beukes het emeritaat aanvaar en Steenkamp het siekte-emeritaat ontvang], en (3) professor T.F.J. Dreyer word oorgeplaas na die Kollege vir HTO.

Die hergestruktureerde Fakulteit word op 01 Januarie 2000 soos volg saamgestel:

- Ou Testamentiese Wetenskap: A.P.B. Breytenbach - hoof, P.M. Venter, J.H. le Roux, L.C. Bezuidenhout, D. Human.
- Nuwe Testamentiese Wetenskap: J.G. van der Watt - hoof, S.J. Joubert, A.G. van Aarde, P.A. Geyser, E. Mahlangu.
- Dogmatiek en Christelike Etiek: C.J. Wethmar - hoof, D.E. de Villiers en een vakant.
- Godsdiens- en Sendingwetenskap: P.J. van der Merwe - hoof, J.J. Kritzinger, P.G.J. Meiring.
- Praktiese Teologie: C.J.A. Vos - hoof, J.C. Muller en een vakant.
- Kerkgeskiedenis: J.W. Hofmeyer - hoof.
- Kollege vir HTO: T.F.J. Dreyer - hoof.
- Bestuurder Verrykingsprogramme: P.G.J. Meiring.
- Bestuurder Navorsingsontwikkeling en –programme: A.G. van Aarde.
- Bestuurder Telematiese onderrig: J.H. le Roux.

Die graadbevoegdheid van die Fakulteit is vasgestel op ʻn (1) vierjarige BTh-graad, of ʻn driejarige BA(Teol) graad, (2) ʻn eenjarige BA Hons graad, (3) ʻn tweejarige MTh of ʻn BD graad, (4) MDiv, (5) MA (Teol), en (6) PhD of DD graad. Wat die onderrig betref, is bepaal dat dit bestaan uit programme, studie-

eenhede en modules. Die Nederduitsch Hervormde Kerk verkies 'n vierjarige BTh gevolg deur 'n tweejarige MTh.

**30 Maart 1999**
Die Fakulteit Teologie Afdeling A keur die voorgestelde BTh-kursus goed. Die volgende onderwerpe vir die DD-proefskrif is goedgekeur: J.M. Strydom, *An evaluation of John Dominic Crossan's construct of the historical Jesus: the Baptist as test case; P.A. Geyser, Die hermeneutiese uitgangspunte in die 'nuwe historiese' benadering tot Jesus-studies*, en vir die M-verhandeling: M. Meyer, *'n Prakties-teologiese ondersoek na motiveringsprinsipes in die opbou van 'n gemeente*, en K.D. Papp, *Die lewe en werk van ds Kalman Papp II, stamvader van die familie Papp in Suid-Afrika*.

**25 Mei 1999**
Die Dosentevergadering besluit om die fakulteitsmedalje toe te ken aan professor F.J. van Zyl en A.D. Pont. Die vergadering keur 'n konsep-ooreenkoms met die School of Divinity, St Mary's College, University of St Andrews in Skotland goed en besluit dat dit op 'n spesiale funksie onderteken sal word. Kennis is geneem van die vordering in die Dekanekomitee oor die infasering van nuwe kursusse en die uitfasering van bestaande kursusse. Indringende bespreking is gevoer met doktor Zenda Ofir oor die bestuur van navorsing.

**09 Junie 1999**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium vergader saam. Daar is kennis geneem van die nuutste verwikkelinge rondom die teologiese opleiding, die voorgestelde notariële ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, die personeelbeleid van die Universiteit, die voorgestelde reglement vir die Hervormde Teologiese Kollege, en die samewerkingsooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit met betrekking tot die Kollege. Die volgende besluite is bekragtig:

1. *Die Notariële ooreenkoms word in besginsel aanvaar.*
2. *Redaksionele wysigings soos voorgestel, word aangebring en voorgestelde wysigings word verder met die Universiteit onderhandel.*
3. *Die dagbestuur van die Kuratorium en die Moderamen finaliseer die ooreenkoms en handel dit af.*
4. *Die volgende dosente word in die ses poste wat aan die Kerk toegeken is, gehandhaaf:*
    - *Ou Testament: A.P.B. Breytenbach, P.M. Venter, L.C. Bezuidenhout.*
    - *Nuwe Testament: A.G. van Aarde en P.A. Geyser.*
    - *Godsdiens- en Sendingwetenskap: P.J. van der Merwe.*
    - *Die kerklike vakke Dogmatiek en Christelike Etiek, Praktiese Teologie en Kerkgeskiedenis en Kerkreg is vakant en sal gevul word soos wat dosente in die ander departemente uittree...*
5. *Die Administrateur onderhandel en finaliseer so gou moontlik in oorleg met die Universiteit van Pretoria die vervroegde aftredes van professore J.H. Koekemoer, G.M.M. Pelser en S.J. Botha.*
6. *Die dienste van Koekemoer, Pelser en Botha word teruggekoop by wyse van kontrakaanstellings...ensovoorts.*

Die voorstel van die Dekanekomitee oor die beleid rondom *Hervormde Teologiese Studies* is goedgekeur waarvolgens die *Hervormde Teologiese Studies* administratief onder beheer van die Kollege sal staan. Die reglement vir die HTK en die samewerkingsooreenkoms is in beginsel goedgekeur.

**15 Julie 1999**
Dit blyk dat die reglement vir die fakulteitsmedalje bepaal dat net een persoon die medalje op 'n slag kan ontvang. Die Dosentevergadering besluit om professor Van Zyl te nomineer.

**28 Julie 1999**
Die Kuratorium se dagbestuur het die ooreenkoms met die Universiteit goedgekeur na enkele wysigings en besluit dat die finale konsep op 30 Julie 1999 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur sal word.

**29 Julie 1999**
Die Fakulteit Afdeling A keur die leerplanwysigings vir Bybelkunde vir implementering vanaf 2000 goed, asook die MTh vir voorlegging aan die Senaat en die Raad. Daar is kennis geneem dat die Fakulteitsmedalje toegeken sal word aan professor F.J. van Zyl. Die Dosentevergadering neem kennis dat die ondertekening van die ooreenkoms met St. Andrews gereël is vir 03 Augustus in die rektor se onthaalkamer.

**30 Julie 1999**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gee toestemming dat die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria onderteken word. Die ooreenkoms het onder andere bepaal:

- *Die bestaande twee fakulteitsafdelings word opgehef en saamgevoeg in een universiteitsfakulteit met veelkerklike betrokkenheid. Die kerntaak van die fakuklteit is die beoefening van die teologiese wetenskap en die opleiding van ampdsraers vir kerke.*
- *Onderrig aan die fakulteit word sodanig gestruktureer dat dit binne die Nasionale kwalifikasieraamwerk beantwoord aan die beleid oor tersiêre onderrig en word programgewys georganiseer.*
- *Formele akademiese programme van die fakulteit sal saamgestel word uit gemeenskaplike en kerkspesifieke komponente met die oog daarop om die opleiding van ampsdraers van alle kerklike vennote moontlik te maak, met dien verstande dat kerkspesifieke komponente deur die Fakulteitsraad en Senaat goedgekeur moet word en met dien verstande verder dat die partye daarna sal streef om die grootste moontlike deel van die program uit* gemeenskaplike *komponente saam te stel.*
- *Nie-formele onderwysprogramme van die fakulteit, waarby kerkeie programme ingesluit is, word saamgestel en aangebied in ooreenstemming met die toepaslike reëls en reglemente van die Universiteit.*
- *Die belange van kerklike vennote word in die fakulteit deur die Kuratorium (of soortgelyke liggaam) van elke vennoot behartig.*
- *Die partye kom ooreen dat 'n Ekumeniese Adviesraad ingestel sal word waarop alle kerklike vennote sitting sal hê ..*
- *Die dosente van elke kerklike vennoot vorm 'n Dosenteraad wat in oorleg met die fakulteitsraad die kerkspesifieke program van daardie kerk behartig...*
- *Die Fakulteitsraad word in ooreenstemming met die tersaaklike reglement van die Universiteit saamgestel op so 'n wyse dat die posteverdeling tussen die bestaande kerklike vennote gehandhaaf word met dien verstande dat fakulteitsraadslede vanuit ander kerklike vennote ook addisioneel benoem kan word.*
- *Die Fakulteitsraad kies 'n dekaan en adjunk-dekaan op so 'n wyse dat wanneer die dekaan uit die geledere van een van die bestaande kerklike vennote kom, die adjunk-dekaan uit die geledere van 'n ander bestaande kerklike vennoot gekies sal word.*
- *Met die oog op die implementering van die herstruktureringsprogram word 6 poste aan die Kerk toegeken vir die duur van hierdie ooreeenkoms.*
- *Die partye kom ooreen dat ten opsigte van die poste in par 5.1 en vir die duur van hierdie ooreenkoms, die Universiteit 70% van die koste en die Kerk 30% daarvan sal finansier…*
- *Die Universiteit onderneem om bo en behalwe die befondsing*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*in par 6.1.hierbo, 'n bedrag gelykstaande aan 30% van die uitgawes verbonde aan die gemelde poste, jaarliks aan die fakulteit beskikbaar te stel…*

- *Kerkeie programme is die uitsluitlke verantwoordelikheid van die Kerk.*
- *Die partye kom ooreen dat die Kerk op eie koste 'n Kollege vir teologiese opleiding vestig, wat na onderhandeling gedeeltelik of volledig gebruik kan maak van die infrastruktuur van die Universiteit.*
- *Hierdie ooreenkoms tree in werking op 01 Januarie 2000 en duur... tot 31 Desember 2004.*

**12 Augustus 1999**

Die laaste Dosentevergadering volgens die uitgaande struktuur word gehou. Teenwoordig is A.P.B. Breytenbach, T.F.J. Dreyer, P.A. Geyser, A.G. van Aarde, P.J. van der Merwe en P.M. Venter. Professor. L.C. Bezuidenhout is in sy afwesigheid bedank vir die belangrike rol wat hy gespeel het om die ooreenkoms met St. Andrews te fasiliteer. Die wens is uitgespreek dat die fondse wat nog onder die naam van die STNT gehou word, oorgeplaas word na die HTK.

**17 Augustus 1999**

Die ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit word onderteken. Die dagbestuur van die Kuratorium en die lede van die Moderamen was teenwoordig. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J. de Beer, het namens die Kerk die woord gevoer.

Die nuwe Fakulteit Teologie word gekonstitueer op 'n buitengewone vergadering in die Raadsaal in die Administrasiegebou. Teenwoordig was die rektor, professor Johan van Zyl, wat as voorsitter opgetree het, die waarnemende registrateur, doktor D.D. Marais, die volgende volle lede van die Fakulteit: L.C. Bezuidenhout, A.P.B. Breytenbach, D.E. de Villiers, P.A. Geyser, J.W. Hofmeyer, D.J. Human, S.J. Joubert, E. Mahlangu, P.G.J. Meiring, J.H. le Roux, J.C. Muller, A.G. van Aarde, P.J. van der Merwe, J.G. van der Watt, P.M. Venter, C.J.A. Vos en C.J. Wethmar, die studenteverteenwoordigers mejuffrou P. Eksteen en meneer J. Kok en die sekretaresse mejuffrou T.H. Otto. Die voorsitter het die Fakulteit gekonstitueer in die lig van die ooreenkomste tussen die Universiteit en die twee bestaande kerklike vennote. Daar is aanbeveel is dat C.J.A. Vos as dekaan en A.P.B. Breytenbach as adjunk-dekaan aangestel moet word. Daar is ook kennis geneem dat die Aanstellingsadvieskomitee moet bestaan uit die dekaan en adjunk-dekaan, twee Fakulteitsraadslede van die betrokke deelnemende kerk, twee Kuratoriumlede van die betrokke deelnemende kerk, die departementshoof van die dissipline waar die vakature bestaan of sy verteen woordiger en 'n vakkundige persoon. Dit is besluit om aan te beveel dat die graad MPhil in Toegepaste Teologie ingestel word.

**24 Augustus 1999**

Die Kuratorium neem kennis dat die samewerkingsooreenkoms tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria op 17 Augustus onderteken is. Daar is kennis ook geneem dat professor A.P.B. Breytenbach as adjuk-dekaan verkies is. Professor A.G. van Aarde het navorsingsverlof ontvang van 01 September 1999 tot 31 Augustus 2000 en is gelukgewens met die verwerwing van die graad PhD in antieke tale. Die vergadering het die maksimumbedrag vir boekaankope verhoog tot R13 200 per student vir ses studiejare.

**30 Augustus 1999**

Die Dekanekomitee het vergader en weer op 20 September en 04 Oktober, waar aandag gegee is aan 'n verskeidenheid organisatoriese sake, onder andere die werkverdeling tussen die Fakulteitsraad, Algemene Dosenteraad en kerklike dosenterade. Daar is van die eerste byeenkoms op 19 September 1997, in totaal, 31 vergaderings gehou. Die sekretariaat is grotendeels deur professor P.J. van der Merwe behartig. Dit was 'n veeleisende tyd vir alle betrokkenes, veral as in gedagte gehou word dat die gewone akademiese werksaamhede onverpoosd voortgegaan het.

**16–17 September 1999**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria afgehandel en onderteken is op 17 Augustus 1999. Daar is ook besluit om goed te keur dat die Fakulteitsmedalje toegeken word en dat die totale koste (ingesluit die geldelike toekenning) nie R5000 moet oorskry nie en verhaal moet word uit die Teologiese Opleidingsfonds. Kennis is geneem van 'n skrywe van professor L.C. Bezuidenhout waarin hy sy bedanking as dosent aankondig en meedeel dat hy in 'n gemeente van die Kerk van Skotland sal begin werk.

**21 September 1999**

Die Fakulteitsraad neem in 'n buitengewone vergadering kennis van die regulasies soos vervat in die ontwerp-jaarboek 2000 en keur die stigting van die Sentrum vir Teologie en Samelewing goed.

**05 Oktober 1999**

Die Kuratorium het in 'n buitengewone byeenkoms bespreking gevoer oor die aanstellingsprosedures en besluit dat hy op geen wyse sy seggenskap oor enige aanstellings van Hervormde lidmate opsê nie en aanbeveel dat professor T.F.J. Dreyer se dienste ingekoop word om in die Fakulteit Praktiese Teologie te doseer. Die Kuratorium het die reg voorbehou om te besluit by wie studente van die Kerk lesings ontvang en het die samewerkingsooreenkoms ten opsigte van die Kollege goedgekeur vir ondertekening deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die Kommissie is versoek om na ondertekening van die ooreenkoms vir professor T.F.J. Dreyer aan te stel as hoof van die Kollege. Hulle het ook goedgekeur dat doktore M.J. du P. Beukes, Y. Dreyer, C. van der Merwe, J.A. van Biljon en dominee J. Coetzee aangewend kan word in die Fakulteit en die Kollege.

**07 Oktober 1999**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in 'n buitengewone sitting kommer uitgespreek oor die groot werklas van professor T.F.J. Dreyer en versoek dat aandag gegee word aan groter besoldiging vir hom. Die samewerkingsooreenkoms is goedgekeur en die Kuratorium is versoek om die beheerraad van die HTK daar te stel.

**11 Oktober 1999**

Die Raad neem kennis dat professor C.J.A. Vos as dekaan en professor A.P.B. Breytenbach as adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie aangestel is.

**12 Oktober 1999**

Die Hervormde Dosentevergadering hou sy eerste vergadering. Teenwoordig was J.H. Koekemoer, A.P.B. Breytenbach, T.F.J. Dreyer, G.M.M. Pelser, P.J. van der Merwe, P.A. Geyser, P.M. Venter en L.C. Bezuidenhout. Afskeid is geneem van professor L.C. Bezuidenhout wat reeds einde November na Skotland verhuis. Kennis is geneem dat die Kuratorium vir professor Beukes versoek het om die oriënteringskamp en –kursus te reel vir studente wat in 2000 die oorgangshonneurs gaan volg. Die gedagte is aanvaar dat die nuweling teologiese studente inskakel by die eerstejaarskamp van die gemeente Philadelphia. Kennis is geneem dat die kongres van die Societas Novi Testamenti

Studiorum baie goed verloop het. Kennis is verder geneem van die komitees wat deur die Fakulteitsvergadering van 21 September benoem is, van die reëlings oor kantoorbesetting en fondse en van 'n daglange beplanningsvergadering op 04 November.

**04 November 1999**

Die Hervormde Dosentevergadering keur die beplanning goed vir (1) die opening van die Hervormde Teologiese Kollege op 01 Februarie 2000, (2) die samestelling en eerste byeenkoms van die Toesighoudende Raad, (3) die beplanning vir Praktykvorming, en (4) die reëlings oor die aanbied van lesings in Praktiese Teologie deur professor Dreyer. Dit is besluit om 'n werkswinkel te reel vir die beplanning van die VTT in 2000 en om die voogdestelsel vir studentebegeleiding voort te sit. 'n Dosentevoog vir elke jaargroep is aangewys en kennis is geneem dat G.M.M. Pelser as huisvader van Van der Hoff aangewys is. Daar is besluit om die Fakulteitsmedalje te verander in 'n Kollegemedalje en om Akademiese pryse in hersiening te neem. Kennis is geneem dat die Fakulteit soos 'n skool bestuur sal word met die volgende bestuursliggame: Dekanaat, Dagbestuur (Dekanaat, navorsingsbestuurder en programbestuurder), Bestuurskomitee (Dekanaat, departementshoofde), Fakulteitsraad, Algemene Dosenteraad, Kerklike dosenterade. Professor Van der Merwe is as programbestuurder verkies deur die Bestuurskomitee.

**24 November 1999**

Die Kuratorium keur die samewerkingsooreenkoms ten opsigte van die Kollege goed en onderbreek sy verrigtinge vir die ondertekening daarvan deur professor T.F.J. Dreyer namens die Kerk en professor C.R. de Beer namens die Universiteit. Die ooreenkoms bevat onder andere die volgende bepalings:

> *Aangesien die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit het om met ingang 1 Jan 2000 'n Kollege, bekend as die Hervormde Teologiese Kollege, te stig wat deels vir die akademiese opleiding van teologiese studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verantwoordelik sal wees, en aangesien die Kerk begerig is dat die studente van die te stigte Kollege onderrig van 'n hoë standaard en kwaliteit sal ontvang en dit bereik kan word deur samewerking met die Universiteit, en aangesien die Kerk oortuig is dat die akademiese standaarde van die Universiteit noodsaaklik is vir die bevordering van die studies en ontwikkeling van die teologiese studente soos deur die Kerk in vooruitsig gestel, en aangesien die Minister van Onderwys riglyne waarbinne sodanige samewerking tussen Universiteite en inrigtings geskied, neergelê het en albei partye wens dat die wyse, metodes en terme waarvolgens die samewerking geskied, op skrif gestel sal word, en aangesien die Universiteit sy verantwoorelikheid ingevolge genoemde riglyne vir leiding in verband met akademiese standaarde wil nakom deur die goedkeuring van onderrigmetodes, kurrikula en sillabusse en deur die moderering van eksamenvraestelle, nou derhalwe kom die partye soos volg ooreen:*
>
> 1. *Woordomskrywings …*
> 2. *Algemene bepalings*
>    - 2.1 *Die Kollege is 'n administratiewe en akademiese eenheid, afsonderlik van die Universiteit, wat deur die Kerk beheer, bestuur en gefinansier word. Behoudens die bepalings van paragraaf 3 oefen die Kerk die beheer, bestuur en finansiering van die Kollege uit deur die Beheerraad Die Hoof of sy verteenwoordiger neem op uitnodiging sitting op die Fakulteitsraad Teologie*
> 3. *Akademiese standaarde*
>    - 3.1 *Die Toesighoudende Raad word saamgestel uit die hoof van die Kollege, die Dekaan of sy verteenwoordiger, die voorsitter van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding van die Kerk en een lid van die Fakulteitsraad van die Fakulteit Teologie. Die Toesighoudende Raad kies uit eie geledere 'n voorsitter vir 'n termyn van een jaar.*
>    - 3.2 *Die Toesighoudende Raad monitor besluite, verslae en voorskrifte wat op studente of kursusse in terme van hierdie ooreenkoms van toepassing mag wees*
>    - 3.3 *Die Toesighoudende Raad oefen beheer uit oor die akkreditering van dosente, die samestelling van die leergange en leerplanne sowel as die wyse van onderrig en eksaminering van die kursusse wat deur die Kollege aangebied word. Kursusse wat deur die Universiteit aangbied word, val buite die jurisdiksie van die Toesighoudende Raad.*
>    - 3.4 *Die lede van die Toesighoudende Raad wat die Universiteit verteenwoordig, doen jaarliks aan die Universiteit verslag oor die akademiese standaard van die kursusse deur die Kollege aangebied, met die oog op die voortsetting van hierdie samewerkingsooreenkoms*
>    - 3.5 *Die Toesighoudende Raad vergader minstens een keer per jaar vir bespreking van die akkreditering van dosente sowel as die akademiese standaarde van die kursusse wat deur die Kollege, vir akademiese programme van die Universiteit, in samwerking met die Kollege, aangebied word.*
>    - 3.6 *Die kworum vir die vergadering van die Toesighoudende Raad is die helfte plus een en die gemelde Raad neem besluite met 'n gewone meerderheid van stemme van teenwoordige lede. By 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem.*
> 4. *Grade, Diplomas en Sertifikate*
> 5. *Personeel*
> 6. *Fasiliteite*
>    - 6.3 *Die partye bevestig dat die inhoud van die biblioteek soos tans gehuisves in die Van Selms Leeskamer, die eiendom van die Kollege is.*
>    - 6.4 *Die vaktydskrif Hervormde Teologiese Studies … val onder beheer van die Kollege…*
>    - 6.5 *Die partye bevestig dat die Kollege die finansiële voordeel sal toeval wat verkry word uit die publikasie van die navorsingsuitsette van die personeel van die Kollege in Finansies*
> 7. *Inwerkingtreding en duur van ooreenkoms*
>    - 7.1 *Hierdie ooreenkoms tree in werking op 1 Jan 2000 en duur, onderhewig aan die bepalings in klousule 10, onbepaald voort totdat dit deur enige party hiertoe beëindig word met een akademise jaar skrifteklike voorafkennisgewing aan die ander party*
> 8. Beëindiging en kontrakbreukMediasie
> 9. Wysiging
> 10. Toegewings
> 11. Kennisgewings en domicilia

Die vergadering het verder die Reglement vir die HTK goedgekeur vir voorlegging aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Daar is ook kennis geneem van die bedanking van professor L.C. Bezuidenhout en hy is bedank vir die jare van getroue dienswerk wat hy in die Kerk verrig het.

**25–26 November 1999**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het twee wysigings aan die samewerkingsooreenkoms aanvaar en daar is kennis geneem dat dit afgehandel is. Professor Dreyer is sterkte toegewens met sy taak as Hoof van die Kollege. Daar is besluit dat die seketaris en die voorsitter die reglement vir die Kollege moet finaliseer.

**01 Desember 1999**

Professor P.S. Dreyer is oorlede. Die begrafnisdiens op 06 Desember in Pretoria-Oos is gelei deur doktor H.T. van Deventer en die teraardebestelling is waargeneem deur dominee P.M. Smith. Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, professor T.F.J. Dreyer, het namens die Kerk die woord gevoer. *Die Hervormer* van 15 Januarie 2000 is byna in geheel aan die nagedagtenis van P.S. Dreyer gewy. Onder die hoof '*So onthou ons prof Piet Dreyer*' is daar *"n rots van 'n man'* deur M.W. Pretorius, '*Piet as student- so onthou ek hom*' deur Thomas Dreyer, '*Kollega en vriend*' deur A.D. Pont en '*Hy het sy studente geleer om te lees*' deur Gafie van Wyk. Onder '*Historiese Kalender*' het Riek van Rensburg geskryf oor Professor P.S. Dreyer. Verder is daar '*P.S. Dreyer – 'n lewenskets*', anoniem, en '*P.S. Dreyer die filosoof*' deur A.J. Antonites. In die Almanak 2001 het die redakteur, doktor J.M.G. Storm, 'n kort huldeblyk geskryf.

## ∽ 2000

**Januarie 2000**

Die verenigde Fakulteit Teologie het volgens die Jaarboek die volgende personeel:

- Dekaan professor C.J.A. Vos BA DD(Pret), Adjunkdekaan professor A.P.B. Breytenbach BA(Hons) DD(Pret).
- Departement Dogmatiek en Christelike Etiek: C.J. Wethmar BA (Hons)Fil MA(Grieks) BTh Lis Teol (Stell) - hoof, D.E. de Villiers MA BTh Lis Teol (Stell) ThD (Amsterdam).
- Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap: P.J. van der Merwe BA(Hons) DD (Pret) DTO Hoof, J.J. Kritzinger BSc DD (Pret), P.G.J. Meiring BA Drs Theol (Vrije Univ, Amsterdam) DD (Pret).
- Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg: J.W. Hofmeyer BA (hons) BD (Pret) ThD (Kampen) - hoof.
- Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap: J.G. van der Watt BA(UPE) DLitt DD (Pret) Nagr Dipl Teol - hoof, S.J. Joubert BA DD(Pret), A.G. van Aarde MA DD(Pret), P.A. Geyser BA(Hons) DD (Pret), E. Mahlangu MA (Unisa).
- Departement Ou Testamentiese Wetenskap: A.P.B. Breytenbach - hoof, D.J. Human MA (RAU) DD(Pret) J.H. le Roux MA (Pret) DD DTh (Unisa) , P.M. Venter BA(Hons) DD (Pret).
- Departement Praktiese Teologie: J.C. Muller BA DD (Pret) - hoof (waarnemend).
- Instituut vir Sendingwetenskapike Navorsing: J.J. Kritzinger - direkteur.
- Sentrum vir Beroepsetiek: D.E. de Villiers - direkteur.
- Navorsing: A.G. van Aarde - Bestuurder.
- Telematiese Onderrig: J.H. le Roux - bestuurder.
- Bybelkunde-program: D.J. Human - bestuurder.
- Verrykingsprogramme: P.G.J. Meiring - bestuurder.
- Eie-kerklike programme
- Hervormde Teologiese Kollege: T.F.J. Dreyer BA, BD (Pret), DTheol(Utrecht) – hoof.
- Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding: P.G.J. Meiring - direkteur.

**22 Februarie 2000**

Die Hervormde Dosentevergadering kom byeen. Teenwoordig was professor A.P.B. Breytenbach (voorsitter), S.J. Botha, T.F.J. Dreyer, J.H. Koekemoer, G.M.M. Pelser, P.J. van der Merwe en P.M. Venter. Professor A.G. van Aarde was met langverlof in die buiteland en professor P.A. Geyser was siek. Kennis is geneem dat P.A. Geyser as medeprofessor in Nuwe Testamentiese Wetenskap aangestel is vanaf 01 Januarie 2000. Die aanpassing van studente by die nuwe stelsel is bespreek. Kennis is geneem van die notule van die Toesighoudende Raad van die HTK wat gekonstitueer het op 07 Februarie, saamgestel uit die dekaan, die voorsitter van die Kuratorium, 'n lid van die Fakulteitsraad en die hoof van die Kollege. Professor Breytenbach is ook daar as voorsitter gekies en die name van die deeltydse dosente M.J. du P. Beukes, Y. Dreyer en J.C. van der Merwe is voorgedra vir akkreditering. Kennis is geneem dat die Kollege in 2000 net kerkspesifieke modules sal doseer, dat die gedifferensieerde MDiv 600 vanaf 2002 aangebied sal word en dat Praktykvorming ook vanuit die kollege aangebied sal word. 'n Diploma in Kerklike Bediening is in vooruitsig gestel. Die Dosentevergadering het verder 'n konsepreglement vir toekenning van die Kollegemedalje, wat die Fakulteitsmedalje vervang, goedgekeur, besluit dat die Akademiese pryse net toegeken sal word vir prestasie bo 75% en dat die gepaste geleentheid daarvoor die legitimasieplegtigheid sal wees en dat die oriënteringskamp verskuif moet word na die begin van die tweede jaar. 'n Voorlopige lys van tydelik en deeltydse dosente is saamgestel, wat bestaan uit A.J. Groenewald vir Dogmatiek en Christelike Etiek, E. Wolff vir Godsdiensfilosofie in BTh, J.P. Labuschagne en W.A. Dreyer in Kerkgeskiedenis en E. van Eck en G.C.J. Nel in Nuwe Testamentiese Wetenskap vir BTh, Hons en BD.

**14 Maart 2000**

Op sy eerste gewone vergadering onder die nuwe bedeling het die Fakulteit kennis geneem van 'n samewerkingsooreenkoms met die International College of Bible and Missions, die dagbestuur is opdrag gegee om samesprekings met verteenwoordigers van HTO te hou om samewerkingsmoontlikhede te verken. Reglemente is goedgekeur vir die Onderrig- en Programmekomitee en die Navorsingseenheid vir die bestudering van die Ou Testament en verwante literatuur, leergangwysigings vir BTh, nuwe modules vir Bybel- en Godsdienskunde en vir die graadprogram BA(Teol) is goedgekeur. Professor D.J. Human, J.H. le Roux, P.G.J. Meiring en A.G. van Aarde is as volle lede van die Senaat benoem en biskop M. Dandala as honorêre professor. Verder is regulasies vir nagraadse diplomas in Pastorale Traumagebeleiding en Pastorale Terapie goedgekeur. Die naamsverandering van Bybelkunde na Bybel- en Godsdienskunde is formeel goedgekeur vir voorlegging aan die Senaat en Raad.

**16–17 Maart 2000**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het emeritaat verleen aan professor W.C. van Wyk.

**20 Maart 2000**

Die Kuratorium neem kennis van die werksaamhede en beplanning van die HTK. Dit het ingesluit vier preekwerkwinkels, 'n Teologiese forumgesprek oor Homoseksualiteit, 'n Kollegedag met die tema 'Die Hervormde Kerk oor 20 jaar', twee VTT aanbiedings oor Geskiedenis en geloof, twee modules oor Gemeentebou, 'n oriënteringskursus vir die vierdejaars, 182 periodes in Praktykvorming. Verder is kennis geneem dat professor Dreyer 96 lesings in die Departement Praktiese Teologie sal waarneem en dat hy verantwoordelik is vir die begeleiding van 5 MATeol studente en 2 PhD studente. Die notule van die eerste vergadering van die Toesighoudende Raad van die HTK is aan die Kuratorium voorgelê. Die lede is die dekaan, professor C.J.A. Vos, die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J. de Beer, 'n lid van die Fakulteitsraad, professor A.P.B. Breytenbach en die Hoof van die Kollege, professor T.F.J. Dreyer. Professor Breytenbach is as voorsitter verkies. Deeltydse dosente aan die Kollege is professor M.J. du P. Beukes, doktor J.C. van der Merwe en doktor Y. Dreyer. Die Administrateur het gerapporteer dat professor Dreyer as

hoof van die Kollege op die posvlak van ‘n dekaan vergoed sal word. Die Kuratorium het ook kennis geneem van ‘n skrywe van professor F.J. van Zyl na aanleiding van die toekenning van die Fakulteitsmedalje aan hom.

Kennis is verder geneem van die lys van tydelik-deeltydse dosente: A.J. Groenewald in Dogmatiek en Christelike Etiek, E. Wolff in Godsdiensfilosofie, J.P. Labuschagne en W.A. Dreyer in Kerkgeskiedenis, E. van Eck en G.C.J. Nel in Nuwe Testamentiese Wetenskap; T.F.J. Dreyer, Y. Dreyer, J.C. van der Merwe en M.J. du P. Beukes in Praktiese Teologie. Die Teologiese Opleidingsfonds het volgens ‘n verslag van doktor J.P. Labuschagne ‘n netto inkomste vir die maande Augustus–Desember 1999 van R98 616.74 gehad. Uit die verslag van die waarnemende dekaan in 1999 die volgende:

> *Die onderhandelings oor nuwe strukture vir die Fakulteit Teologie was besonder moeilik. Wedersydse wantroue tussen die verteenwoordigers van Afdeling A en B moes oorwin word. Die vrese van die twee deelnemende kerke moes tegelyk besweer word en daar moes voldoen word aan die eise om vernuwing wat deur die universiteitsbestuur gestel is met betrekking tot nuwe fakulteitstrukture en sake soos uitkomsgebaseerde onderrig, kwaliteitsversekering en prestasiebestuur. Die Fakulteit Teologie het eers in 1999 die eerste treë gegee vir die aanpassing by die nuwe politieke, ekonomiese en sosiale paradigma waartoe Suid-Afrika in 1994 reeds oorgegaan het. Dit moes gedoen word met die behoud van die goeie gesindheid van die kuratoria van die twee deelnemende kerke. Die begrip wat Hoofbestuur, en veral prof C.R. de Beer geopenbaar het, het baie bygedra om dit wat vyf jaar gelede byna ondenkbaar was, moontlik te maak. Die geslaagde onderhandelings oor die HTK het in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk ook gemoedsrus gebring. …Die lede van die Fakulteit het verskillende vakkongresse bygewoon. Die belangrikste hiervan was die kongres van die Studiorom Novi Testamenti Societas, ‘n internasionale kongres wat by die Universiteit van Pretoria aangebied is en wat Nuwe Testamentici van oor die hele wêreld getrek het. .. Dieselfde geld vir ‘n gesamentlike kongres van die OTWSA en die Nederlandse Oud Testamentiese Werkgeselschap. .. Internasionale skakeling is verder uitgebrei met ‘n uitnodiging aan prof AG van Aarde om vanaf Sept tot Des 1999 doseer- en navorsingswerk te doen by die Hebrew University in Israel. Hy en dr PA Geyser het ook die Jesus Seminar in Sonoma Valley, San Francisco bygewoon.*

### 16 Mei 2000

Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat vier godsdiensoefeninge vir die res van die jaar beplan word op Dinsdae om 18:00. Kennis is ook geneem van die aanbod van ‘n diversiteits aanstelling in die Fakulteit en van die beplanning om ’n bundel van *Old Testament Essays* aan professor W.C. van Wyk te wy met sy aftrede en die redakteur van *Hervormde Teologiese Studies* is versoek om ‘n gedenkbundel vir professor Van Wyk te oorweeg.

### 30 Mei 2000

Die Kuratorium wens doktor Y. Dreyer geluk met ‘n tweede proefskrif en professor Van Aarde met ‘n verdere doktorsgraad. Professor T.F.J. Dreyer het onder die aandag gebring dat klasgelde drasties gestyg het van R7000 na R12 000 per jaar. Uit ‘n verslag van professor A.P.B. Breytenbach het geblyk dat die oorskakeling in die Fakulteit na ‘n modulestelsel en programaanbieding erge probleme opgelewer het. As professor P.J. van der Merwe ‘nie besondere aandag gegee het aan die inwerkingstelling van die nuwe onderrigstelsel nie, sou die toestand waarskynlik chaoties gewees het.’ Verder is gemeld dat die afname in studentetal kommerwekkend is, uit 38 eerstejaarstudente is net vyf van die Hervormde Kerk. Die evalueringskomitee het gerapporteer dat tien nuwelinge toegelaat is as studente van die kerk en dat al tien beurse moet ontvang.

Die Kuratorium het ook kennis geneem van die diversiteitsaanstelling van doktor Y. Dreyer in die Departement Praktiese Teologie. Dit het geskied in terme van die statutêre raamwerk wat deur die Employment Equity Act van 1998 daargestel is. Die Universiteit het versoek dat die aanstelling vanaf Januarie 2005 deel van die Kerk se dosentetal sal word.

**Yolanda Dreye**r is die dogter van Thomas Frederik Dreyer en Elizabeth Catharina Kellermann en is gebore op 01 Desember 1956. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad in 1974. Sy skryf in by die Universiteit van Pretoria in 1975 as eerste vroulike student van die Nederduitsch Hervormde Kerk en voltooi die studie in 1980. Sy word georden op 18 Januarie 1981 en bedien die studentegemeente Fonteinedal en, saam met haar man, dominee Kalman Papp jnr, Nelspruit. Hierdie huwelik het in egskeiding geëindig en gevolglike ontheffing uit die amp gelei. Sy behaal die MTh graad in Pastoraat aan die Princeton Theological Seminary in 1990. Na hertoelating tot die bediening in 1994 bedien sy die Nederlandssprekende Gemeente in Johannesburg. Sy promoveer aan die Universiteit van Pretoria in Praktiese Teologie in 1998 en ontvang ook die PhD in Nuwe Testamentiese Wetenskap in 2000. Sy was ‘n vryskut-aanbieder van godsdiensprogramme by die SAUK en MNet in die jare 1984–2002. Teen die tyd van haar aanstelling het sy reeds sowat tien artikels in *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer. Sy het ná haar aanstelling haar verbintenis met die Nederlandssprekende Gemeente behou.

Die Kuratorium het verder ook besluit dat die aanstellingsprosedure vir die benoeming van ‘n professor in Dogmatiek en Christelike Etiek begin moet word.

### Junie 2000

*Hervormde Teologiese Studies* jaargang 56 aflewering 2–3 is opgedra aan professor J.H. Koekemoer. In ‘n Inleidende Woord skryf P.J. van der Merwe oor professor J.H. Koekemoer as kerkman en akademikus en gee hy naas ‘n deeglike oorsig van Koekemoer se loopbaan tegelyk ‘n baie waardevolle weergawe van die ontwikkelinge wat gelei het tot die verenigde Fakulteit Teologie, waarin Koekemoer as dekaan ‘n leidende rol gespreel het. Die ander artikels in die bundel is van kollegas in die Fakulteit en Kerk en in ander teologiese fakulteite

### 08 Junie 2000

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van ‘n beklaging teen doktor Y. Dreyer na aanleiding van ‘n standpunt wat sy uitgespreek het in *Beeld* van 03 April 2000. Daar is besluit om haar en die Ringskommissie van Noord-Kaapland op te roep vir ‘n gesprek.

### 21 Augustus 2000

Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor A.A. da Silva oorlede is. Besluit is om doktor J. Buitendag aan te beveel as professor in Dogmatiek en Christelike Etiek en om die Kollegemedalje toe te ken aan professor A.D. Pont.

### 22 Augustus 2000

Die Kuratorium het in beginsel goedgekeur dat ‘n prys ingestel word vir die beste proefskrif. Die vergadering het ook per geslote stembrief ‘n kandidaat aangewys vir die vakante pos in Dogmatiek en Christelike Etiek. Professor S.J. Botha is op kontrakbasis vir 2001 aangestel in Kerkgeskiedenis.

**24 Augustus 2000**
Die Fakulteit keur die volgende onderwerpe vir DD proefskrifte goed: C.J. Beukes - *'n Postmoderne redekritiek vir kerk en teologie*, Y. Dreyer - *Institutionalisation of authority and titles used for Jesus,* J. Nel - *Die effek van 'n miskraam op die sisteem van 'n huisgesin – 'n pastorale strategie*, D.J.C. vanWyk - *Die relevansie van historiese Jesus-navorsing vir kerk en teologie: 'n Hermeneutiese vraagstelling*. Kennis is geneem van die lys kwalifikasies wat in die Fakulteit aangebied word en by SAKO ingehandig is: Dip Theol, BA(Theol), BA(Theol) (sems), BTh, Ba(Hons)(Theol), MPhil(Applied Theology), Postgr Dipl PTC, Postgr Dipl Past Ther, Postgr Dipl Theol, BD, MA(Theol), MDiv, MTh, PhD en DD. Die instelling van die Desmond Tutu-Leerstoel as 'n gesamentlike onderneming van die Fakulteit Teologie, die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die Leadership Network for Southern Africa is in beginsel goedgekeur.

**25 Augustus 2000**
Op 'n buitengewone vergadering het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om kennis te neem van die diversiteitsaanstelling van doktor Y. Dreyer in die Departement Praktiese Teologie en om ter wille van goeie verhoudinge twee van die Kerk se verteenwoordigers op die Aanstellingskeurkomitee te laat dien. Die benoeming van doktor J. Buitendag as professor in Dogmatiek en Christelike Etiek is met algemene stemme goedgekeur. Daar is besluit om 'n werkwinkel op 03 November 2000 te hou vir beplanning met die oog op die situasie van die Fakulteit in 2004.

**Johan Buitendag** is gebore op 20 November 1953. Sy ouers was Roelof Adriaan Buitendag en Ivy Becker. Hy matrikuleer in die eersteklas aan die Hoërskool Menlo Park, Pretoria, voltooi die BA BD Studie aan die Universiteit van Pretoria in 1977 en word georden as dienspligkapelaan op 27 November 1977. Daarna bedien hy die gemeentes Parkrand en Randburg. In 1984 bring hy 'n tyd deur aan die Universiteit van Erlangen vir studie onder professor F. Mildenberger. In 1985 promoveer hy onder leiding van professor B.J. Engelbrecht met die proefskrif *Skepping en Ekologie*, *'n ondersoek na die teologiese verstaan van die werklikheid*. Vanaf 1985 tot met sy voltydse aanstelling dien hy as deeltydse dosent in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek. In 1989 word hy aangestel as hoof van godsdiensprogramme by die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. In 1994 keer hy terug na die bediening en bedien die gemeente Stellenbosch.Terwyl hy daar is, verwerf hy ook die graad MCom in 1995.

**14–15 September 2000**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat die volgende persone hulle proefskrifte suksesvol verdedig het en hulle grade ontvang het op die Lentedagpromosiepelgtigheid van die Universiteit van Pretoria.

- C.J. Beukes - *n Postmoderne redekritiek vir kerk en teologie, promotor A.G. van Aarde.*
- D.J.C. van Wyk jnr - *Die relevansie van die historiese Jesus navorsing vir kerk en teologie: 'n Hermeneutiese vraagstelling, promotor A.G. van Aarde.*
- Y. Dreyer - *Institutionalization of authority and titles used for Jesuas, promotor A.G. van Aarde.*
- A.G. van Aarde - *Historization of Myth: The metaphor 'Jesus- Child of God' and its Hellenistic-Semitic and Graeco-Roman background, promotor H.F. Stander.*

Die Kommissie het kennis geneem dat die gesprek tussen die Ringskommissie van Noord-Kaapland en doktor Y. Dreyer plaasgevind het en dat die saak afgehandel is.

**03 November 2000**
Die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader saam. Aandag is onder andere gegee aan 'n netelige situasie wat ontstaan het as gevolg van uitlatings van dosente in die media, meer spesifiek professor A.G. van Aarde. Besluit is dat die Kommissie moet voortgaan met sy gesprek met Van Aarde en dat die Kuratorium ook sy opsigtaak moet voortsit.

**24 November 2000**
'n Buitengewone vergadering van die Fakulteit neem kennis van die konsep ooreenkoms tussen die Universiteit en die HTO en van die versoek om formulering van regulasies vir assessering. Doktor Y. Dreyer het vir die eerste keer sitting geneem op die Fakulteitsraad as volle lid.

**29 November 2000**
Die Hervormde Dosentevergadering besluit dat die dosente- en studentevoogde soos volg sal dien: J. Buitendag en S. Hoffman vir BTh I, T.F.J. Dreyer en Mariaan Basson vir BTh II, P.M. Venter en Paula Eksteen vir BTh III, Y. Dreyer en C. Viljoen vir BTh IV, P.A. Geyser en J. Dippenaar vir MDiv I, P.J. van der Merwe en J. Dippenaar vir BD III.

Toe die Kuratorium vergader, is kennis geneem dat daar nagelaat is om vir professor J.H. Koekemoer 'n afskeidsfunksie te reël en daar is verskoning daarvoor aangebied.

Kennis is geneem van 'n verslag van professor P.J. van der Merwe oor klagtes van studente wat voortspruit uit die veranderde situasie aan die Fakulteit. Daar is besluit dat die aanstellingsperiode van professor G.M.M. Pelser verleng moet word tot 31 Januarie 2001. Daarna sal hy dan as buitengewone dosent sonder vergoeding optree. Die vergadering het verder kennis geneem van 'n verslag van doktor W.A. Dreyer oor 'n besoek aan die Wêreldraad van Kerke in Geneve. Die vergadering het hom positief uitgespreek oor die stigting van 'n Instituut vir Kerkgeskiedenis. Die voorsitter het opdrag ontvang om te antwoord op 'n skrywe van die Ring van Middelburg waarin kommer uitgespreek word oor bepaalde uitlatings van professore in die media. Doktor J.P. Labuschagne is bedank vir sy werk aan die Teologiese Opleidingsfonds wat reeds meer as R200 000 beloop. 'n Reglement vir die deurlopende evaluering van teologiese studente is goedgekeur. Daar is ook kennis geneem dat die A.D. Pontprys, die Greyvensteinprys, die B. Gemserprys en die W.P. Brouwerprys toegeken is aan G.P.J. Stoltz, en die P.J. Mullerprys, die J.I. deWetprys en die Kuratoriumprys (nuwe benaming van die Dekaansprys) aan T.F. Dreyer.

## 2001

**06 Februarie 2001**
Die Hervormde Dosentevergadering verwelkom professor J. Buitendag as lid en neem kennis van die afsterwe van doktor A.J.G. Dreyer. Die adjunk-dekaan, professor A.P.B. Breytenbach, oorhandig 'n goue oorlosie aan professor G.M.M. Pelser namens die Universiteit vir 25 jaar getroue diens.

**01 Maart 2001**
Professor J. Buitendag en M.J. Masango word verwelkom as lede van die Fakulteitsraad. Kennis is geneem dat professor G.M.M. Pelser die langdienstoekenning ontvang het op 'n private geleentheid. Die DD proefskrif-onderwerpe is soos volg goedgekeur: G.S. de Bruin, Die antieke ruimtevaarder-teorie – 'n godsdienswetenskaplike studie en J. Ludeke, Die opbou van Afrika Onafhanklike kerke deur die opleiding van leraars en profete.

**15–16 Maart 2001**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering behandel 'n skrywe van die Ouderlingvergadering van Volksrust (predikant P.

Buitendag) waarin beswaar aangeteken word oor uitlatings van professor A.G. van Aarde, P.A. Geyser en Y. Dreyer. Dit is besluit om die antwoord wat reeds op dergelike skrywes gegee is, ook aan hulle te stuur. Kennis is geneem dat professor S.J. Botha emeritaat aanvaar op Sondag 13 Mei 2001. 'n Gesprek met professor A.G. van Aarde oor sy besluit om sy huwelik te beëindig, is gevoer en hy is van sy ampspligte onthef vir die tydperk 16 Maart–30 Junie 2001.

**19 Maart 2001**
Die Kuratorium verwelkom professor Y. Dreyer en J. Buitendag as dosente en adviserende lede. Kennis is geneem dat die volgende departementshoofde of verteenwoordigers van departemente as adviserende lede sitting sal neem op die Kuratorium: J. Buitendag, verteenwoordiger Dogmatiek en Christelike Etiek, P.J. van der Merwe, hoof Godsdiens- en Sendingwetenskap, S.J. Botha verteenwoordiger Kerkgeskiedenis en Kerkreg, A.G. van Aarde verteenwoordiger Nuwe Testamentiese Wetenskap, A.P.B. Breytenbach Hoof Ou Testamentiese Wetenskap, Y. Dreyer verteenwoordiger Praktiese Teologie, I.W.C. van Wyk hoof HTO, en T.F.J. Dreyer hoof HTK. Die vergadering moes reëlings tref vir die situasie wat ontstaan het as gevolg van professor van Aarde se egskeiding, as gevolg waarvan hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onthef is vir die tydperk 16 Maart–30 Junie 2001. Kennis is geneem dat dominee W.P. Prinsloo deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem is op die Kuratorium.

**13 Mei 2001**
Professor S.J. Botha ontvang emeritaat by geleentheid van 'n erediens in Grootvlei deur hom gelei. *Hervormde Teologiese Studies* jaargang 57 aflewering 3–4 is aan hom opgedra. Die huldigingswoord en cur vit is deur A.P.B. Breytenbach en 'n waardering is deur S.P. Pretorius gelewer. Breytenbach skryf onder andere:

> *Schalk Botha is 'n persoon wat op 'n stil en netjiese manier sy werk gedoen het. Hy is 'n uitmuntende kollega en laat by 'n mens die blywende ervaring van betroubaarheid en toewyding. Hy stel in alles die kerk se belange eerste en beskou homself as 'n dienaar van Christus.*

Pretorius gee 'n volledige en deeglike oorsig van die lewe en werk van S.J. Botha en sluit af met 'n waardering, waaruit die volgende aangehaal word:

> *Die beeld van professor Schalk Botha by elkeen wat hom ken, is die van 'n nederige, beskeie, opregte en liefdevolle mens… Die Hervormde Kerk is dankbaar vir so 'n deeglike en bekwame persoon wat in die voetspore van uitmuntende voorgangers kon volg.*

Naas die bydraes van kollegas in die Fakulteit en Kerk, verskyn in die huldigingsbundel bydraes van vakgenote soos G. Bos, A.D. Pont, J.W. Hofmeyer, P. Strauss, Kobus Labuschagne, W.A. Dreyer, H.J. Botes en C. Pretorius.

**15 Mei 2001**
Die Hervormde Dosentevergadering finaliseer die kurrikulum vir MDiv II; wys T.F.J. Dreyer aan as oorhoofse bestuurder en koördineerder van die program en wys die bestuurders aan van die onderskeie modules A.G. van Aarde vir TEO 871, J. Buitendag vir TEO II en T.F.J. Dreyer vir TEO III.

**29 Mei 2001**
Die Kuratorium het kennis geneem van die buitengewone druk wat studente beleef en het besluit dat 'n volle dag gebruik moet word om met hulle gesprek te voer. 'n Onderhandelingspan is aangewys om saam met verteenwoordigers van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Universiteit te beplan vir die nuwe samewerkingsooreenkoms wat in 2005 in werking moet tree. Die Adjunk-dekaan het gerapporteer dat in die jaar 2000 as hulpdosente gedien het E. van Eck, W.A. Dreyer, J.P. Labuschagne, T.J.F. Dreyer, J.C. van der Merwe, M.J. du P. Beukes, Y. Dreyer en A.J. Groenewald. Toestemming is verleen dat doktor E. van Eck in die derde kwartaal lesings sal waarneem in die plek van professor Van Aarde.

Kennis is geneem van 'n verslag van professor T.F.J. Dreyer oor die opleiding van predikante in die lig van die dalende lidmatetal. Daarin stel hy onder andere:

> *Die kerk leef uit die geloof dat God self sy kerk in stand hou en dikwels teen alle verwagtings in wonders kan laat plaasvind. Die hoop bestaan dat die Hervormde Kerk kan losbreek uit sy na-binne-gerigtheid en vanuit die missio Dei in beweging sal kom na die wêreld. Dit kan alle projeksies van moontlike scenarios as dwaasheid bewys. Daarop hoop ons en daarvoor bid ons! Dit sou egter ook dwaas wees om nie oor die korttermyn rekening te hou met statistieke en projeksies nie. Om studente te probeer werf ter wille van die teologiese fakulteit en om deur die aanbod van beurslenings (10 per jaar) verwagtings by studente te skep, is onverantwoordelik. Gegrond in die hoop van ons geloof, en met inagneming van realiteite kan ons myns insiens nie meer as 4 studente per jaar by wyse van beurslenings as studente van die Kerk keur nie. Dit is reeds 'n geloofsuitspraak!*

Kennis is geneem dat vanaf 2002 finalejaar studente 'n verdere drie maande praktiese opleiding moet deurloop en dit is besluit dat ondersoek gedoen moet word na bykomende finansiële hulp vir die betrokke studente. Op aanbeveling van die Evalueringskomitee is besluit om agt studente as studente van die Kerk te erken, met beurslenings.

**23 Julie 2001**
Die Fakulteit neem kennis dat die onderwerpe vir DD proefskrifte van G.J. Volschenk *Exegetical-methodological presuppositions of the study of the economy in the world of Matthew: Applied to land, land tenancy and the jubilee* en G.C. Lindeque *Die boek Josua gelees teen 'n eksiliese agtergrond goedgekeur is.*

**24 Julie 2001**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor J. Buitendag pas terug is na bywoning van 'n kongres oor sistematiese teologie in Princeton en professor Y. Dreyer 'n kongres oor Homiletiek in Hydepark, Nederland gaan bywoon, asook dat professor van Aarde besoek sal aflê in Amerika en Europa, professor Geyser in Amerika, professor Breytenbach en Venter op 'n Ou Testamentiese Kongres in Europa referate sal lewer en dat professor Y. Dreyer lesings gaan gee in Utrecht. Besluit is dat met die oog op internasionalisering die naam van *Hervormde Teologiese Studies* verander word na *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*.

**28 Augustus 2001**
Die Kuratorium neem kennis van die gesprek met die studente en besluit dat die NH Dosenteraad die saak rondom die behoefte van die studente vir meer Christologie moet ondersoek. 'n Beskrywingspunt na die Algemene Kerkvergadering is goedgekeur vir begroting vir 'n pos in Kerkgeskiedenis in die HTK. Besluit is om die H.C.M. Fourie Erepenning toe te ken aan professor J.H. Koekemoer. Professor Breytenbach het beswaar gemaak teen 'n redaksionele artikel in *Die Hervormer* van 15 Augustus 2001, waarin verwys is na die probleme wat studente ondervind en gesê word:

> *In sigself is akademiese uitnemendheid en hardwerkendheid iets wat ons baie positief beoordeel. Maar as dit naderhand ten koste*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*van die vreugde is, ten koste van die mens wat daarmee besig is? Dan word dit akademiese breingimnastiek... Dan word dit sleurwerk ...*

Doktor P.J. de Beer en H.J. Botes is benoem as die Kuratorium se verteenwoordigers op die Beheerraad van die HTK en die Kosmos Instituut.

**20 September 2001**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het goedgekeur dat professor G.M.M. Pelser emeritaat aanvaar vanaf 20 September 2001. Dit is aan hom oorhandig tydens die middag-ete op dieselfde dag. *Hervormde Teologiese Studies* jaargang 57, Aflewering 1–2 is aan hom opgedra. Die huldigingswoord en cur vit is deur die adjunkdekaan, professor A.P.B. Breytenbach gelewer, wat onder andere skryf:

*Gert Pelser sal deur sy kollegas onthou word as 'n lojale, hardwerkende persoon. Hy was 'n perfeksionis in alle opsigte, en alle opdragte wat aan hom gegee is, het hy nougeset uitgevoer. Hy was onder sy kollegas bekend daarvoor dat hy kritiese vrae kon vra, dat hy inderdaad, soos dit 'n goeie wetenskaplike betaam, meer vrae as antwoorde gehad het.*

Onder die titel '*'n Oop en vry teologiese debat met werklike diepgang*' voer A.G. van Aarde gesprek met Pelser oor uitsprake wat hy deur die jare gemaak het oor 'n groot verskeidenheid van onderwerpe en sy huidige standpunte oor dieselfde onderwerpe. Daarin kom 'n duidelike beeld van Pelser se teologie en wêreldbeskouing na vore. Ander artikels in die bundel is naas dié van kollegas in die Fakulteit en Kerk, van die hand van 'n beduidende aantal vakgenote in Suid-Afrika en die buiteland, asook van leerlinge.

**30 September 2001**

Die 66ste Algemene Kerkvergadering kom byeen in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die uittredende voorsitter, professor T.F.J. Dreyer, het die openingsrede uitgepreek na aanleiding van Sagaria 7:1–14; 8:18–19. Weer kon afgelei word watter spanninge daar in die Kerk bestaan:

*Maar voordat ons praat en stem – onthou, ons is in die eerste plek hier omdat ons glo dat God ons geroep het. Daarom het ons profetiese verantwoordelikheid om die woord van God te laat spreek – al is dit teen ons eie 'liberale' of 'konserwatiewe' opvattings. Daarom moet ons dieper kyk as bloot na uiterlike godsdienstige gebruike en tradisies. Ons moet elkeen pynlik eerlik vra na ons motiewe. Wat skuil agter ons mooiklinkende teologiese argumente? Wat is my persoonlike motiewe en die dryfveer ager my standpunte? Is dit dalk my eie politieke siening? Wil ek miskien graag bekend staan as 'n behoudende teoloog , of wil ek hê dat mense my moet beskou as 'n verligte post-moderne denker? In watter mate is my houding 'n reaksie op groepsdruk? Word my denke gekleur deur my verlange na 'n ou bedeling in Suid-Afrika , of word ek meegesleur deur die gewaande politieke optimisme van 'n nuwe Suid-Afrika? Gebruik ek selektief teksverse uit die Bybel om Goddelike sanksie aan my argumente te verleen, of gebruik ek dalk krities-wetenskaplike argumente om die aanspraak van God se Woord te omseil? Die Woord van God vra van ons elkeen eerlike, persoonlike selfondersoek… Mag ons by die waarheid bly en mag daar vrede onder ons wees.*

Groeteboodskappe is oorgedra deur dominee B.A. Zuba van die HKSA, dominee J.C. Carstens van die Nederduits Gereformeerde Kerk, professor D.G. Breed van die Gereformeerde Kerke, doktor Z.P. le Roux van die Verenigde Presbiteriaanse Kerk.

Die H.C.M. Fourie erepenning is oorhandig aan professor J.H. Koekemoer deur die voorsitter van die Kuratorium, doktor P.J. de Beer:

*Dit dien vermeld te word dat een van die belangrikste bydraes wat prof Koekemoer vir die bestendiging van die Bybels-reformatoriese teologie gemaak het, juis hierdie hernieude waardering en verstaan van die kerklike konfessies is. Hy sien die teoloog se verhouding met die konfessies as 'n normatiewe binding gepaardgaande met 'n hermeneutiese verantwoordelikheid… Prof Koekemoer word in 1978 as eerste direkteur van Kital aangestel en in 1984 bevorder tot senior direkteur. Sy effektiewe organisasie- en bestuursvermoë plaas hierdie instituut uit die staanspoor op 'n stewige basies… Sy doseer-verbintenis met die Universiteit van Pretoria gaan terug na 1978 toe hy as tydelik-deeltydse dosent aangestel is. Hierdie taak verrig hy ononderbroke vir die volgende elf jaar totdat hy in 1989 as hoogleraar aangestel word. Die vertroue wat hy by mede-dosente ingeboesem het, blyk daaruit dat hy reeds in 1992 as dekaan.. aangewys is... In die samespreking met die toe nog toekomstige vennote het prof Koekemoer respek met sy realisme en regverdigheid, asook met sy lojaliteit teenoor sowel die Nederduitsch Hervormde Kerk as die Universiteit van Pretoria afgedwing. Deur sy vergesig en ook bemiddeling kom die Hervormde Teologiese Kollege eventueel tot stand.*

Volgens die registrasie was daar 329 predikante en 275 ouderlinge met stemreg teenwoordig. Professor T.F.J. Dreyer is as voorsitter en doktor J.M.G. Storm as skriba verkies. Na 'n herstemming tussen professor P.A. Geyser, dominee A.P.J. Beukes en doktor J.J. Steenkamp en 'n tweede herstemmimg tussen professor P.A. Geyser en dominee A.P.J. Beukes is dominee Beukes as vise-voorsitter verkies. Na 'n herstemming tussen professor J. Buitendag, doktore W.A. Dreyer, J.J. Steenkamp, J.C. van der Merwe en dominee S. Hoffman en 'n tweede herstemming tussen professor J. Buitendag en doktor W.A. Dreyer is doktor Dreyer as vise-skriba verkies. Na 'n herstemming tussen professor J. Buitendag, doktore J.C. van der Merwe, D.J.C. van Wyk jnr, J.J. Steenkamp en dominee S. Hoffman is as predikantelede van die Kommissie verkies professor J. Buitendag en doktor J.C. van der Merwe.

Na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Ring van Zeerust is besluit:

*Teen die agtergrond van vorige besluite van die Kerk dat die Algemene Kerkvergadering in die laaste instansie die belydenis interpreteer, dra die vergadering dit aan die Kommissie op om studiewerk te doen en te laat doen en aan die 67ste Algemene Kerkvergadering 'n voorlegging te maak oor 'n eietydse interpretasie van die kernsake van die Kerk se belydenis, soos onder andere die maagdelike verwekking van Jesus, die opstanding, die Godheid van Jesus en dies meer. Sodanige voorlegging hou rekening met die historiese ontstaan en ontwikkeling van die kernsake van die belydenis, met resente ontwikkeling op die onderskeie terreine van die teologie, dui moontlike duldbare nuanseverskille aan ten opsigte van 'n eietydse interpretasie van die kernsake van die Kerk se belydenis, dui fasette van onduldbare interpretasie van die belydenis aan. Tot tyd en wyl die Algemene Kerkvergadering die belydenis sodanig geïnterpreteer het, geld die belydenis van die Kerk onverkort. Die Algemene Kerkvergadering bevestig dat God in sy almag tot enige iets in staat is, en bevestig daarmee die waarheid in die Bybel oor God soos onder andere verwoord in die Apostolicum.*

Die verslag van die Kuratorium het laat blyk dat daar in 1999, 34 BA studente en 21 BD studente van die Kerk was en dat twee die MDiv studie en een die DD studie voltooi het. In 'n inleidende opmerking word gestel:

*Die jare 1998 en 1999 sal in die geskiedenis van die Fakulteit Teologie (Afd A) bekend staan as 'n tydperk van onderhandeling met die oog op 'n totaal nuwe bedeling. Dit was in vele opsigte traumaties om die dwang tot rasionalisering van binne die Kerk en die aandrang op aanpassings by 'n nuwe bedeling in die land, só te hanteer dat die waardes wat die Kerk graag gevestig sien*

Article #110 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*in sy teologiese opleiding nie verlore sou gaan nie. Dit was veral traumaties om die voortydige aflegging van lojale dosente tot uitvoer te bring.*

Wat navorsing betref, meld die verslag dat in die jaar 1998 daar 29 geakkrediteerde tydskrifartikels deur voltydse dosente gelewer is, in 1999 ook 29, en in 2000 was daar 49, 'n besondere prestasie waaraan professor A.G. van Aarde die grootste aandeel gehad het:

*Die onderhandelinge met die oog op 'n geamalgameerde fakulteit Teologie is hoofsaaklik gevoer deur die dekanekomitee wat saamgestel was uit 'n gelyke getal dosente van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Ned Geref Kerk. Die belangrikste resultaat wat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk bereik is met die oog op die migrasietydperk (2000 tot 2004) en wat in 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria vasgelê is, is dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 6 dosenteposte sou hê in die nuwe fakulteit, nieteenstaande die feit dat die Kerk volgens studentegetalle slegs op 4 aanspraak kon maak. Die Kerk sou 30% van die koste van 6 poste bekostig en die Universiteit sou nie verdere finansiële druk plaas op die Kerk in geval van moontlike tekorte nie.*

Oor die nuwe Fakulteit Teologie lui die verslag:

*Op die eerste werksdag van 2000 het die nuut saamgestelde Fakulteit Teologie amptelik begin funksioneer. Dit was in vele opsigte 'n dramatiese verandering ná meer as 80 jaar waarin die Kuratorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n beduidende seggenskap gehad het oor die aard en inhoud van die opleiding van sy teologiese studente aan die Universiteit van Pretoria. Die nuwe bedeling wat deur verskillende faktore meegebring is, het werklik 'n nuwe denkparadigma gevra en talle nuwe eise gestel.*

Die strukture wat deur die samesmelting tot stand gekom het, is 'n Fakulteitsraad bestaande uit 6 lede van die Nederduitsch Hervormde Kerk en 11 lede van die Nederduits Gereformeerde Kerk, 'n Algemene Dosenteraad, 'n Hervormde Dosenteraad en 'n Ekumeniese Adviesraad wat bestaan uit verteenwoordigers van die kerklike kuratoria wat ooreenkomste met die Universiteit gesluit het.

Daar is 'n hele aantal staande komitees in die lewe geroep, naamlik 'n Dagbestuur (dekaan, adjunkdekaan en professor P.J. van der Merwe), Bestuurskomitee (dekaan, adjunkdekaan, departementshoode en programbestuurders), Onderrig- en Programkomitee, Telematiese Onderrigkomitee, Akademiese tafelgesprekke, Navorsingskomitee, Verrykingsprogrammekomitee, Bemarkingskomitee, Ekumeniese skakeling, Samewerkingsooreenkomste, Internasionalisering, Aanstellingskeurkomitee, Rekenaarkomitee, Programkoördinering, Nagraadse komitee. Promosiekommissies uit al die doserende personeellede behartig die verdediging van doktorale proefskrifte. Sentrums in die nuwe fakulteit is die Sentrum vir Beroepsetiek, die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing en die Sentrum vir Teologie en Gemeenskap.

*Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat vanaf 1 Jan 2000 in bedryf is, hanteer kerkeie en kerkspesifieke sake in belang van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Fakulteit. Die finale studiejaar van die Hervormde studente (MDiv 2) word byvoorbeeld volledig vanuit die HTK aangebied. Die Ned Geref Dosentevergadering en SEVTO hanteer kerkeie en kerkspesifieke sake in belang van die NG Kerk.*

Nadat professor L.C. Bezuidenhout hom in Skotland gaan vestig het, was slegs vyf van die kerk se poste beset en is die dienste van professore S.J. Botha, J.H. Koekemoer en G.M.M. Pelser bekom om hulp te verleen. As sesde voltydse dosent is doktor J. Buitendag benoem.

Kommer is in die verslag uitgespreek oor studentegetalle, want in 2000 het slegs vyf nuwelinge aangemeld. Die verslag eindig met 'n vermelding van die byna bomenslike eise wat aan dosente gestel is ten opsigte van die nuwe fakulteit en die nuwe paradigma van die Universiteit. Daarby kan gevoeg word die hele tydperk van onderhandeling en voorbereiding.

Na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein is besluit:

*Die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ondersoek die moontlikheid en wenslikheid om die opleiding van sy dienaars van die Woord ná 2005 selfstandig en onafhanklik te bedryf, met akkreditasie aan 'n universiteit.*

Daarnaas is besluit:

*Die huidige reëling in verband met teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria word gekontinueeer. Die Hervormde Teologiese Kollege as opleidingsinstansie van die Kerk word uitgebrei en versterk.*

Die Dosentevergadering het versoek dat die besluit van die vorige vergadering oor die eweredige verspreiding van poste herroep word en dat die Kuratorium opdrag kry om die saak so te bestuur dat die belange van die teologiese opleiding ten beste gedien word. Dit is aanvaar en daar is verder besluit:

*In ag genome die situasie wat mag ontstaan op pad na 2004 en daarna, word dit aan die Kuratorium in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgedra om soos en wanneer nodig, die Kollege stelselmatig uit te bou.*
*Die uitbouing word aanvanklik (vanaf 2002) op 'n deeltydse basis gedoen, by wyse van kontrakaanstellings deur persone te benoem, of later indien wenslik, 'n voltydse aanstelling te maak.*
*Die persoon of persone moet aan die vogende profiel voldoen:*
*Die dosering van Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg (Toegespits op die kerkregtelike praktyk binne die Hervormde Kerk) 120 lesings per jaar...*
*Die fasilitering, ontwerp en aanbieding van programme met die oog op die verryking van gemeentelike bediening – bereken teen 60 lesings per jaar...*
*Die daarstel van toerustingskursusse vir ampsdraers en lidmate (in samwerking met kerklike rade) en die opleiding van aanbieders – bereken teen 60 lesings per jaar...*
*Die koördinering en inisiëring van die studiewerk van rade in die vorm van navorsingsprojekte...*
*Die Algemene Kerkvergadering begroot in beginsel R100 000 of ongeveer R1 per lidmaat vir die HTK.*

Die vergadering het verder besluit om 'n instituut vir Hervormde Kerkgeskiedenis verbonde aan die HTK te vestig in samewerking met SENTIK en om telematiese onderrig vir teologiese opleiding te ondersoek.

'n Afsonderlike verslag van die hoof van die HTK, professor T.F.J. Dreyer, is behandel:

*Met die oprigting van die HTK is as doelwitte uiteengesit dat die teologiese etos van die Hervormde Kerk binne 'n veelkerklike teologiese opleiding behoue sal bly, die Kollege aan die Universiteit van Pretoria akkreditering sou verkry om sodoende te waarborg dat, indien die situasie aan die Fakulteit in der mate sou verander dat die Kerk 'n groter deel van die opleiding selfstandig wil hanteer, sodanige opleiding die nodige akademiese erkenning sou geniet, die praktykvorming van teologiese studente met die oog op die bediening in die Hervormde Kerk voortaan onder die Kollege sou ressorteer, sekere funksies van die vroeëre STNT soos die jaarlikse voortgesette toerusting van predikante, die kursus in gemeentebou en toerustingskursusse vir ampsdraers en lidmate,*

*vanuit die Kollege hanteer moes word die Kollege met die reël van aktualiteitsdae 'n teologiese forum moes bied vir debat en teologiese refleksie, die dosente van die Kollege verantwoordelik sal wees vir die aanbieding van kerkspesifieke lesings binne die Departement Praktiese Teologie asook vir die kursusse wat nog volgens die ou stelsel moet uitfaseer die Kollege verantwoordelik sou wees vir die kurrikulering van die gedifferensieerde MDiv 600 kursus vir Hervormde studente...*

*'n Diploma in kerklike bediening gekurrikuleer moet word wat as voorvereiste sou geld vir toelating to die Proponentseksamen, wetenskaplike navorsing en publikasies vanuit die Kollege beplan en georganiseer moet word, die studente-voogstelsel vanuit die Kollege georganiseer moes word, 'n oriënteringskursus vir 4de jaar studente aangebied moet word 'n 'retreat' vir predikante beplan en aangebied moet word, die Hervormde Teologiese Studies voortaan onder die Kollege sal funksioneer en verder uitgebou word tot 'n wetenskaplike tydskrif van internasionale gehalte.*

Professor Dreyer is bedank vir sy uitmuntende leiding met die vestiging van die HTK, en dosente wat behulpsaam was met onderrig in die Kollege is bedank vir die wyse waarop die Kerk se studente onderrig word. Ordinansie 2.1.1 Opleiding en vorming van dienaars van die Woord is gewysig om voorsiening te maak vir die bestaan en funksie van die HTK.

'n Verslag van die redakteur van *Hervormde Teologiese Studies*, professor A.G. van Aarde, is behandel en hy en die sekretaresse is bedank vir uitmuntende werk. Dit het geblyk dat vir die akademiese jaar 2001 die Universiteit van Pretoria 'n subsidiebedrag van R1 581 735 ontvang het, waarvan die Fakulteit R526 470 vir navorsing kon aanwend.

Doktor J.P. Labuschagne het gerapporteer oor die Teologiese Opleidingsfonds, waarvoor in 1999 vanaf Augustus R106 849 en in 2000, R205 049 ontvang is.

Die Ring van Makwassie het die volgende beskrywingspunt ingestuur en die vergadering het dit aanvaar:

*Die ringsvergadering spreek sy diepe kommer uit oor afwykende tendense wat van tyd tot tyd vanuit die teologiese opleiding verneem word. Die vergadering wil die Kerk oproep om dringend erns te maak met die missie en visie van die Teologiese Opleidingsfonds, sodat die fonds te alle tye verskans kan word*

Kennis is geneem van die ander werksaamhede van die Kuratorium, onder andere dat sinds die vorige Algemene Kerkvergadering 41 nuwelinge tot die studie toegelaat is met beurslenings en dat een nie as student aanvaar is nie.

Die vergadering het hierdie deel van sy werksaamhede afgesluit met besondere dank aan die dosente wat gebuk gaan onder 'n groot werklas en die afgelope drie jaar groot onsekerheid gehad het en baie moes opoffer rondom die samesmelting van die twee teologiese fakulteite. Wat predikante betref, het die vergadering kennis geneem van die toelating of hertoelating van 33 persone, die emeritering van 18, die dood van 11 en die ontheffing van 26.

As lede van die Kuratorium is verkies doktor H.J. Botes, dominee J. Coetzee, doktor P.J. de Beer, dominee A.C. Kuyper, doktor E. van Eck, doktor D.J.C. van Wyk snr en doktor D.J.C. van Wyk jnr. Op 'n konstitueringsvergadering is verkies as voorsitter doktor P.J. de Beer, as visevoorssitter doktor E. van Eck en as lede van die Dagbestuur doktor H.J. Botes en dominee. A.C. Kuyper.

**28 November 2001**
Die Kuratorium verwelkom Professor Y. Dreyer terug na haar besoek aan Nederland. Die volgende wysiging van die reglement vir toekenning van die H.C.M. Fourie Erepenning is goedgekeur:

*Die penning word aan die ontvanger toegeken as bekroning van: gepubliseerde werk wat berus op selfstandige navorsing, studie en eie insig, en waardeur 'n positiewe bydrae gelewer is tot die bestendiging en uitbouing van die Bybels-Reformatoriese Teologie en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

Wat betref samewerking met die Kosmos Instituut is besluit dat dit liewer moet geskied deur middel van 'n Skakelliggaam. Die Kuratorium se betrokkenheid by die samewerking word beperk tot die terrein van die opsig oor die opleiding van studente van die kerk. Kennis is geneem van die Diploma in Kerklike Bediening en van die eerste twee uitruilstudente wat in 2002 in Wenen sal studeer, naamlik Thinus van Staden en Heinrich Botha. Kennis is ook geneem van die volgende toekennings: H.P. Wolmaransprys aan C. Viljoen, A.D. Pontprys, Greyvensteinprys B. Gemserprys, J.I. de Wetprys, en W.P. Brouwerprys aan M. Basson, P.J. Mullerprys aan S. Hoffman, en Kuratoriumprys aan P. Eksteen. Die name van twaalf predikante is aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê vir benoeming van die Proponentseksamenkommissie.

**29 November 2001**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis dat professor A.G. van Aarde nie sy benoeming as lid van die Studiekomitee oor Belydenisaangeleenthede en die Raad vir Ekumene aanvaar nie en besluit om met hom daaroor 'n gesprek te voer. Tydens die legitimasieplegtigheid is verneem dat studente Basson, Eksteen en Hoffman die BD graad met lof ontvang het.

## 2002

**19 Februarie 2002**
Die Hervormde Dosentevergadering keur die volgende dosentevoogde goed: P.J. van der Merwe BTh I, J. Buitendag BTh II, T.F.J. Dreyer BTh III, P.M. Venter BTh IV, Y. Dreyer MDiv I, P.A. Geyser MDiv II. Besluit is dat godsdiensoefening maandeliks sal plaasvind van 12:15 tot 12:35. Kennis is geneem dat die Van Selms Leeskamer na kamer 1–34 sal verskuif, wat ook sal dien as seminaarkamer vir HTK, en ook die fotogalery wat in 1–38 was, sal huisves. Dit is besluit dat sake met duidelik kerklike karakter in die toekoms deur die Dosentevergadering van die HTK gehanteer moet word.

**28 Februarie 2002**
Die Fakulteit neem kennis dat die volgende onderwerpe vir die DD proefskrif goegekeur is: D.N. Reinstorf, Metaphorical Stories in Luke's narrative world: A challenge to a conventional worldview, en C. Pretorius, dominee Jac van Belkum: Nestor van die Nederduitsch Hervormde Kerk – 'n Teologies-historiese studie en vir MA (Teol), K.D. Papp met Die historiese agtergronde van die Hongaars-Afrikaans predikante-familie Papp. Die reglement vir die Sentrum vir Teologie en Gemeenskap is goedgekeur.

**21 Mei 2002**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor I.W.C. van Wyk van HTO Swede besoek het van 15–24 Maart waarin hy 'n openbare lesing gehou het aan die Universiteit van Karlskrona, 'n seminaar gelei het aan die Universiteit van Lund en waardevolle kontakte opgebou het.

**28 Mei 2002**
Die Kuratorium het kennis geneem dat professor en mevrou Van Aarde weer getroud is en hulle gelukgewens. Professor A.P.B. Breytenbach is gelukgewens met die uitnodiging om aan die Universiteit van Utrecht lesings te gee. Lede is versoek om op die hoogte te kom van die Regulasies en Leerplanne van die

Universiteit van Pretoria vir 2002 wat tot hulle beskikking gestel is. Op aanbeveling van die Evaluasiekomitee is sewe nuwelinge as studente van die Kerk erken.

**06–07 Junie 2002**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van 'n memorandum van professor P.A. Geyser oor die Skrifbeskouing van die Kerk en het besluit om dit te finaliseer en beskikbaar te stel in die Kerk. Na aanleiding van 'n artikel in *Beeld* van 17 April 2002 deur professor J.L.P. Wolmarans, dosent aan die RAU en predikant van die Kerk, het die Kommissie 'n verklaring opgestel wat deur professor T.F.J. Dreyer goedgekeur is vir publikasie in *Die Hervormer*. Dit het verskyn in die uitgawe van 15 Julie 2002. Daarin word gestel:

> *Die Hervormde Kerk staan onverkort by die leer soos wat dit in die belydeniskrifte tot uiting kom: Ons bely dat Jesus Christus tegelyk God en mens is. Die wetenskap kan met historiese navorsing iets oor Jesus van Nasaret as mens sê. Hierdie navorsingsresultate het 'n groot bydrae gelewer in ons verstaan van die mens: Jesus van Nasaret – méér as dit sal hulle nooit kan sê nie. Die wetenskap kan slegs iets navors wat met menslike wetenskaplike metodes waargeneem kan word. Hier lê die grens van die wetenskap. Jesus Christus is tegelyk ook God! Dat Hy God is, oorskry die grense van menslike denke en wetenskap, dit kan nie nagevors of bewys word nie. Ons bely dit in die geloof omdat ons in die ontmoeting met God deur sy Woord en Gees deur die Waarheid oorweldig word. Die Waarheid (Jesus Christus) wat ons bely, is groter as ons. Die wetenskap, menslike denke, selfs belydenisformules, kan die Waarheid nie begrens of finaal onder woorde bring nie…Ons besef egter tegelykertyd dat die spreekwyse van die belydenisskrifte tiperend is van die tyd waarin hulle ontstaan het… Ons tyd vra na 'n eietydse vertolking van die inhoude van die belydenisskrifte. Dit moet egter nie die indruk skep dat ons afstand doen van die geloofsinhude wat in die belydenisskrifte verwoord word nie, of dat daar nou ruimte is vir 'n ongebonde leervryheid nie… Die Kerk kan met reg van sy teoloë verwag om die resultate van wetenskaplike navorsing so te verwerk en te vertolk dat dit mense help om hulle geloof in God met groter oorgawe te bely. Die teologie moet nie misbruik word om mense te verwar nie… Die Kerk kan met reg die verwagting koester dat sy predikante en dosente met hulle teologiese navorsing die verkondiging van Jesus Christus die Here moet dien...*

Die Kommissie het verder besluit dat die dosente gereeld genooi sal word vir gesprekke.

**06 Augustus 2002**

Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor P.M. Venter pas 'n kongres in Leuven bygewoon het, professor van Aarde het reeds na Europa vertrek het vir 'n kongres en professor Y. Dreyer binnekort na Skandinawië vertrek vir 'n kongres. Dit is besluit om aan te beveel dat professor S.J. Botha, doktore J.P. Labuschagne, W.A. Dreyer en C.J. Beukes die onderrig in Kerkgeskiedenis en Kerkreg sal hanteer in 2003.

**27 Augustus 2002**

Die Kuratorium het vir professor S.J. Botha gevra om 'n werkswinkel te reël oor die moontlikheid van 'n Instituut vir Kerkgeskiedenis. Op professor Botha se aanbeveling is aanvaar dat studente in hulle derdejaar met Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis kan begin en dit dan weer in die vyfde jaar kan voortsit. Kennis is geneem dat professore Breytenbach en Van der Merwe met navorsingsverlof in die vierde kwartaal sal wees.

**November 2002**

*Hervormde Teologiese Studies* jaargang 58 aflewering 4 is 'n huldigingsbundel vir professore W.C. van Wyk, A.A. da Silva en L.C. Bezuidenhout. L.C. Bezuidenhout was by sy vertrek na Skotland professor in en hoof van die Departement Bybelkunde.

**Wouter Cornelis van Wyk** is gebore op 23 Februarie 1937 in Germiston en word groot in Alberton. Hy matrikuleer in 1954 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Germiston met vier onderskeidings. Hy behaal die graad BA in 1958, BD in 1962, MA in 1964 en DD in 1967, almal met lof. Op 01 Januarie 1961 word hy aangestel as junior lektor in Semitiese Tale , in 1965 bevorder tot lektor en in 1968 tot senior lektor. Op 01 Julie 1971 word hy professor in en hoof van die Departement Semitiese Tale. In dieselfde jaar word hy dosent in Argeologie in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap. Tydens die proses van die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling was hy betrokke as vertaler van die Koningsboeke en Jeremia en as medevertaler van die Psalms en het hy ook hulp verleen met lesings in Ou Testamentiese Wetenskap. Hy het met verloop van tyd talle wetenskaplike artikels en populêr-wetenskaplike artikels geskryf en was onder andere 'n tyd lank redakteur van Old Testament Essays. Van sy nagraadse studente het etlikes dosente aan Suid-Afrikaanse universiteite geword. Nadat hy as waarnemende dekaan en as plaasvervangende dekaan gedien het, word hy op 01 Julie 1983 permanent-voltydse dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, waar hy op 30 April 2000 afgetree het. Hy is op 28 Junie 1970 georden en het as deeltydse predikant van Pretoria-Oos gedien tot met sy kerklike emeritaat.

**Andrew Anthony da Silva** is gebore op 27 Julie 1943 in Krugersdorp en matrikuleer in 1960 aan die Hoërskool Monument. Hy behaal die graad BA in 1963 met lof in Grieks, BD in 1966 met lof, BA Hons in 1973 met lof en promoveer in 1987 met die proefskrif Die funksie van die skeppingstradisie in die boek Jeremia. In 1994 behaal hy ook nog die graad MA in Semitiese Tale met lof nadat hy 'n tyd lank navorsing gedoen het aan die Universiteit van Edinburgh. In 1998 skryf hy ook in vir die graad MDiv in Praktiese Teologie, wat posthuum aan hom toegeken word in 2000. Hy is georden op 28 Januarie 1967 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Johannesburg en Pretoria-Wes. Nadat hy in 1976 as tydelik-deeltydse dosent in Semitiese tale gewerk het, word hy vanaf 01 Januarie 1977 aangestel as voltydse lektor en verlaat hy die voltydse kerklike bediening, maar bedien nog deeltyds die gemeentes: Polisiekollege, Wonderboom, Hartebeeshoek, Witfontein en Pretoria-Wes. Op 01 Julie 1980 is hy bevorder tot Senior Lektor, en op 01 Januarie 1993 tot mede-professor. Hy tree ook op as deeltydse dosent in die Departement Ou Testamentiese Wetenskap en aan die HTO. In Desember 1995 tot Februarie 1996 was hy gasdosent aan die Evangelisch-Theologische Fakulteit in Leuven. Da Silva het talle wetenskaplike en populêr-wetenskaplike publikasies gelewer. Hy is oorlede op 15 Junie 2000.

**28–29 November 2002**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om professor J.L.P. Wolmrans uit te nooi vir 'n gesprek na aanleiding van sy artikel in *Beeld* en die korrespondensie daarna. Hy het daarop reageer met 'n aantal voorwaardes, waarop die Kommissie op 13 Maart 2003 besluit het om hom op te roep vir 'n gesprek onder die opsig. Hy het steeds negatief reageer. Uiteindelik is 'n klag teen hom geformuleer, waarop hy reageer met die bedanking as lid van die Kerk.

## ઌ 2003

**18 Februarie 2003**

Die Hervormde Dosentevergadering benoem professor P.M. Venter as sekretaris in die plek van professor P.J. van der Merwe wat oor baie jare die sekretariaat behartig het. Kennis is geneem dat professor P.A. Geyser op navorsingsverlof sal wees in die tweede kwartaal van 2003.

**27 Februarie 2003**
Die Fakulteit neem kennis dat professor P.M. Venter gedurende die eerste semester met studieverlof is.

**13 Maart 2003**
By die legitimasie plegtigheid is aangekondig dat Werner Mans al die pryse ontvang het behalwe twee, wat aan Marike Oosthuizen toegeken is. Die Kuratorium het op 27 Mei 2003 kennis geneem dat die Evalueringkomitee agt nuwelinge aanbeveel vir studie en het dit goedgekeur.

**16 Julie 2003**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor A.G. van Aarde genooi is om lesings te gee aan die Protestantse afdeling van die Universiteit van Kairo.

**29 Julie 2003**
Die Fakulteit neem kennis dat professor A.P.B. Breytenbach met studieverlof is van 01 Julie 2003 tot 15 Januarie 2004 en dat die volgende onderwerpe vir proefskrifte goedgekeur is: B.J. van Wyk, Die kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in hedendaagse verband, en D.J.C. van Wyk, doktor A.J.G. Oosthuizen se rol en invloed in die Nederduitsch Hervormde Kerk 1948-1964 – 'n kritiese beoordeling.

**18–19 September 2003**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om professor P.A. Geyser, wat op 60-jarige ouderdom emeritaat moes aanvaar by die Universiteit van Pretoria, op kontrakbasis aan te stel in die HTK vir die ontwikkeling en aanbieding van kursusse vir die periode 01 Januarie–31 Desember 2004.

**27 November 2003**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar 'n Reglement vir die Kerkhistoriese Werkgroep, neem kennis van die verdeling van werkopdragte en wens vir doktor W.A. Dreyer geluk met sy verkiesing as voorsitter van die Werkgroep.

**Desember 2003**
In *Konteks* verskyn kort huldigingsartikels oor professor B.J. Engelbrecht wat sy 80ste verjaarsdag op 01 Augustus gevier het, geskryf deur professor J.H. Koekemoer en oor professor F.J. van Zyl wat sy 90ste verjaarsdag gevier het op 06 Mei, geskryf deur professor P.J. van der Merwe.

## 2004

**16 Februarie 2004**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor P.A. Geyser afgetree het op 31 Januarie, dat professor A.P.B. Breytenbach met vervroegde pensoen aftree op 31 Maart en dat professor Y. Dreyer bevorder is tot 'n vol professor.

**04 Maart 2004**
Die waarnemende voorsitter van die Raad, professor Esme du Plessis, is teenwoordig in die vergadering van die Fakulteitsraad en oorhandig die langdienstoekenning aan professor P.J. van der Merwe.

**25 Maart 2004**
Tydens die legitimasiepligtigheid is aangekondig dat die W.P. Brouwerprys, die A.D. Pontprys, die P.J. Mullerprys, die H.P. Wolmaransprys en die B. Gemserprys almal toegeken is aan P.R. Schoeman, die Greyvensteinprys aan H.J. Boshoff, die J.I. de Wetprys aan Anneke Viljoen en die Kuratoriumprys aan J.H. Botha. H.J. Boshoff, P.R. Schoeman, J.M. van Staden en A. Viljoen het die MDiv graad met lof ontvang.

**31 Maart 2004**
Professor A.P.B. Breytenbach tree af.

**Junie 2004**
*Hervormde Teologiese Studies* jaargang 60 aflewering 1-2 is opgedra aan professor P.A. Geyser. Die huldigingswoord is deur die hoof van die HTK, professor T.F.J. Dreyer. Hy skryf onder andere:

> Piet Geyser beskik oor 'n skerp intellek, 'n besondere insig om groter teologiese verbande raak te sien en ten dienste van die kerk onder woorde te bring. Hy het die aanvoeling om so fyn te formuleer dat moeilike teologiese konsepte ook vir lidmate toeganklik is. Dit is waarskynlik die rede waarom hy uiters geslaagd en gewild was met die aanbieding van lesings, kursusse en seminare... Sy empatiese betrokkenheid by ander, gekombineer met sy fyn teologiese insig en egte geloof het van hom 'n gewaardeerde raadgewer en pastor gemaak

Die huldigingswoord word gevolg deur 'n bondige cur vit en 'n opgawe van akademiese lesings en publikasies. Onder die titel Om nie te dink bo wat in die Skrif geskrywe staan nie – konsistensie en ontwikkeling in die teologie van Piet Geyser het A.G. van Aarde by wyse van gesprek met Geyser die kontoere van sy teologie beskryf. Ander bydraes in die bundel is van kollegas en vakgenote in die Kerk, die Fakulteit en ander fakulteite in Suid-Afrika en oorsee.

**10–11 Junie 2004**
Die Kommissie het in teenwoordigheid van die lede van die Kuratorium die finale memorandum van ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria goedgekeur. Dit is onderteken op 24 Junie 2004 deur professor T.F.J. Dreyer en die rektor, professor C.W.I. Pistorius. Die ooreenkoms strek tot 31 Desember 2009. Die belangrikste verskille met die vorige ooreenkoms is:

- *Die kerntaak van die fakulteit is die beoefening van die teologiese wetenskap en die opleiding van persone met die oog op kerklike bediening. Die konteks waarin die fakulteit sy kerntaak uitvoer, is die samewerking tussen die Universiteit en verskillende kerke. Hierdie kerke handhaaf onderling 'n multilaterale gespreksverhouding.*
- *Die fakulteit bestaan uit die volgende departemente waarbinne programme in Bybel – en Godsdienskunde aangebied word. …*
- *Die fakulteit bedryf 'n interdissiplinêre program in Bybel – en Godsdienskunde.*
- *Die Universiteit kan die strukturering van die Departemente binne die Fakulteit Teologie, sowel as die samestelling van die akademiese programme wat deur die fakulteit aangebied word, na oorleg met die kerklike vennoot in terme van sy eie beleid en prosedures wysig.*
- *… Kerkeie programme van die Kerk word gereël deur die Hervormde Teologiese Kollege.*
- *Die Kerklike Dosenteraad kan, na oorleg met die Algemene Dsoeenteraad, aanbevelings aan die Fakulteitssraad maak ten aansien van teologiese opleiding en studente-aangeleenthede.*
- *Die Fakulteitsraad word in ooreenstemming met die tersaaklike reglement van die Universiteit saamgestel op so 'n wyse dat die posteverdeling in hierdie ooreenkoms en in dié tussen die Universiteit en die NG Kerk van Transvaal ooreengekom, weerspieël word, met dien verstande dat fakulteitsraadslede vanuit ander kerklike vennote addisioneel benoem kan word.*
- *Die Fakulteitsraad maak die nodige aanbevelings ten aansien van die aanstelling van die dekaan en adjunk-dekaan .. met dien verstande dat die dekaan en adjunk-dekaan uit die geledere van verskillende kerklike vennote kom.*
- *'n Ekumeniese Adviesraad word saamgestel uit*

Article #110 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

*verteenwoordigers van al die kerklike vennote. Die funksies en bevoegdhede van die Ekumeniese Adviesraad word per reglement deur die fakulteitsraad bepaal. Die kerntaak van die Ekumeniese Adviesraad is on die fakulteit te adviseer oor aangeleenthede wat verband hou met die akademiese profiel van studente en die verhouding tussen algemeen kerklike en kerkspesifieke opleiding*

- *Vyf poste word aan die Kerk as bydraende kerklike vennoot toegeken vir die duur van hierdie ooreenkoms ...*
- *Permanent- voltydse aanstellings in poste wat nie aan kerklike vennote toegeken is nie, geskied nadat die dekaan oorleg gepleeg het met die verteenwoordigers van die kerklike vennote,*
- *Kontrakaanstellings ten aansien van gemeenskaplike en kerkspesifieke programme vind jaarliks plaas ...*
- *Die Kerk kan, in oorleg met die dekaan en die kerklike Dosenteraad, personeel geakkrediteer deur die fakulteitsraad en verbonde aan die HTK aanwend om goedgekeurde kerkspesifieke kursusse aan te bied, met dien verstande dat die aanstelling van personeel waar van toepassing op die diensstaat van die Universiteit moet plaasvind. Die Universiteit erken die bydrae wat die Hervormde Teologiese Studies tot die finansiering van die fakulteit op die terrein van navorsing maak.*
- *Hierdie ooreenkoms tree in werking op 01 Januarie 2005 en duur… tot 31 Des 2009.*

**19 Julie 2004**

Kennis word deur die Fakulteit geneem dat die proefskrifonderwerp van A.J. Groenewald goedgekeur is, naamlik Nietzsche's impulse towards the development as a concept of God that transcends modern atheism and theism: a philopsophical theological study.

**26 September 2004**

Die 67ste Algemene Kerkvergadering kom byeen in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Die uittredende voorsitter, professor T.F.J. Dreyer, het die openingsrede uitgespreek na aanleiding van Handelinge 7:48. Sy rede gee insig in die gesprek, of eerder stryd, in die Kerk rondom die belydenis:

> *Wanneer 'n credo 'n vaste, geykte betekenis los van tyd en kultuur geword het, begin dit die gesag van 'n dogma verkry. 'n Dogmatiese leerstuk veronderstel die oordrag van 'n tydlose waarheid wat jou dwing tot kognitiewe instemming. Dogma verteenwoordig 'n distansiëring van die oorspronklike individuele belydenis. Wanneer belydenis 'n dogma geword het, 'n leerstuk, 'n sisteem, 'n skema waarbinne God moet inpas, word die teregwysing van ons teks relevant: 'God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie.'*
>
> *Die Bybel as die Woord van God kom na ons toe onder die leiding van die Heilige Gees, in die vorm van die belydenis van gelowiges. Hierdie fundamentele belydenis van mense word aan ons meegedeel in metaforiese, of analogiese taal, in 'n poging om die Onsê-bare te sê. Die gemeenskap van gelowiges, of die kerk, kan nie anders as om oor hulle geloof te praat en dit te bely in terme van die geykte woorde, beelde en formules, wat deur medegelowiges gedeel word nie – dit word 'n geloofsbelydenis van die kerk!*
>
> *Die veronderstelling is egter dat wanneer ons hierdie belydenis saam met die kerk van alle eeue uitspreek, dit vir ons telkens weer'n individuele belydenis word in die besef dat dit hoogstens 'n poging kan wees om iets van my geloof onder woorde te bring. Dit is nie 'n dogma waarmee jy verstandelik instem omdat dit 'n tydlose waarheid is nie, maar 'n belydenis wat iets verwoord van jou fundamentele ervaring van God se teenwoordigheid in jou lewe. ..*
>
> *Die Hervormde Kerk het daarom, tereg, altyd na haarself verwys as 'n belydende kerk en nie 'n belydeniskerk nie. Dit gaan nie vir die Kerk om die proklamering van tydlose waarhede nie, maar om mense te bring tot 'n eksistensiële belydenis van hulle geloof in die allerhoogste God wat nie in mensgemaakte strukture vasgevang kan word nie. As ons belydenisse tydlose, dogmatiese waarhede was, is dit mos nie nodig om ons teologiese studente aan 'n universiteit op te lei nie… Die Hervormde Kerk se standpunt was nog altyd dat predikante aan 'n universiteit akademies geskool moet word. Langs die moeisame weg van eksegese, die kennis van die brontale, die kritiese omgaan met historiese tekste en kontekste, moet die prediker in geloof en deur die gebed om verligting deur die Heilioge Gees, hermeneuties poog om God se Woord vir vandag opnuut te hoor en te vertolk, want God die Allerhoogste kan nie in mensgemaakte strukture vasgevang word nie…*
>
> *As ek bely dat 'ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde ..' dan maak ek nie daarmee 'n finale, wetenskaplike, tydlose uitspraak oor God en die presiese verloop van die skepping in ses dae nie. Te midde van wetenskaplike bevindings dat die hemel waarskynlik 12 miljard jaar oud is en met 'n groot knal ontstaan het, bely ek daarmee, saam met ander skeppingsverhale in Genesis, dat agter dit alles daar die Allerhoogste God is wat dit alles moontlik gemaak het.*
>
> *As ek bely dat ek glo in Jesus Christus: 'wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria,' dan is dit nie 'n wetenskaplike stelling gebaseer op fisiologiese en mediese navorsing van konsepsie en geboorte nie. Dit is 'n geloofsbelydenis saam met die kerk van alle eeue, dat die ewige en almagtige God op 'n wonderbaarlike manier, wat my verstand te bowe gaan, 'n mens geword het en onder ons kom woon het. ..*
>
> *As ek bely dat ek glo dat Hy: 'op die derde dag weer opgestaan het uit die dode', dan gee ek nie daarmee verslag van 'n mediese deurbraak nie, maar dit is 'n geloofsbelydenis dat Jesus Christus lewe, omdat Hy, die Onverganklike, nie aan die verganklikheid onderworpe is nie.*
>
> *As ek bely dat ek glo: '.. in die vergewing van sondes', dan is dit nie 'n juridiese vonnis wat my wil oortuig dat daar voldoende betaling en vergelding was vir sonde nie, maar 'n belydenis dat God se liefde so onbeskryflik groot is dat Hy my onvoorwaardelik vergewe, asof daar nooit enige iets was wat ons verhouding geskend het nie.*
>
> *As ek bely dat ek glo in: 'die opstanding van die vlees en die ewige lewe', dan bely ek dat my lewe nie deur die kategorieë van tyd en ruimte begrens is nie, maar dat Jesus Christus ook vir my die begrensing van die verganklikheid deur die onverganklikheid deurbreek het.*

Groete is oorgebring namens die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Reformed Churches of Australia. Daar was by die opening ook verteenwoordigers van die Prairie Reformed Church in Kanada, die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika.

Die H.C.M. Fourie Erepenning is deur die vise-voorsitter van die Kuratorium, doktor E. van Eck, oorhandig aan professor A.P.B. Breytenbach en doktor P.J. de Beer. Oor professor Breytenbach lui die oorkonde onder andere: 'In sy persoon en arbeid is die Reformatoriese Teologie en die Nederduitsch Hervormde Kerk op heel besondere wyse verryk.' Sy akademiese loopbaan, sy aandeel in Bybelvertaling en in die totstandkoming van die Liedboek van die Kerk en sy kerklike diens is in besonder genoem. Oor doktor De Beer: 'Dr Paul Jacobus de Beer het die Kerk en die Heer van die Kerk met passie, harde werk en integriteit gedien.' In besonder is vermeld sy diens in gemeentes, as eerste redakteur van *Konteks* en hoof van die Tydskrifafdeling, later SENTIK, as voorsitter of sekretaris of lid van verskillende kerklike liggame, as onderhandelaar namens die Kerk met die oorgang na die nuwe bedeling by die Universiteit van Pretoria en met die publikasie van die Liedboek.

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

Na 'n herstemming tussen professor J. Buitendag en doktor J.C. van der Merwe is doktor Buitendag as voorsitter verkies, na 'n herstemming tussen doktor W.A. Dreyer en doktor J.C. van der Merwe is doktor Dreyer as skriba verkies. Doktor J.C. van der Merwe is as vise-voorsitter en na 'n herstemming tussen doktore H.J. Botes, J.H Breytenbach, E. van Eck, N.J.S. Steenkamp en E.G. Fourie is doktor van Eck as vise-skriba verkies. As predikantlede van die Kommissie is na herstemming tussen di E.G. Fourie, A.C. Kuyper, R.J. Coertze en doktor H.J. Botes verkies dominees A.C. Kuyper en R.J. Coertze.

Hierdie Algemene Kerkvergadering het die dokument oor die Skrifbeskouing van die Kerk, voorgelê deur die Kommissie, met enkele wysigings in sy geheel aanvaar as 'n riglyn. Die volgende uittreksels kan 'n idee gee van die inhoud daarvan:

> *Die Bybel as grond en norm van ons geloof*
>
> *Die Bybel het uit die lewendige verkondiging van God se Woord ontstaan. Die Bybel is die vernaamste middel waardeur die verkondiging van geslag tot geslag oorgelewer word. .Die Bybel het uit die verkondiging van die kerk ontstaan en die geskrewe Woord gee weer aanleiding tot voortgaande verkondiging.*
>
> *Die kerk aanvaar die Bybel as die bron en die norm vir die kerklike verkondiging en daarom is dit ook die belangrikste teks van die teologie. Die Bybel moet in ons tyd nie net met die beste metode waaroor die taalwetenskap beskik, geanaliseer word nie, maar dit moet ook teologies deur die kerk geïnterpreteer word. Trouens, die Bybel moet op so 'n wyse verstaan word dat God self aan die woord kom. Dit gaan vir die kerk oor die verstaan van die Woord asook oor die verstaan van die mens en die werklikheid waarin hy/sy leef.*
>
> *Die Bybel is deur God geïnspireer*
>
> *Dat die Bybel deur 'n groeiproses ontstaan het, neem niks weg van die gesag van die Woord nie. Inteendeel, dit bevestig op 'n vreemde manier hoe God in menselewens ingegryp het, hoe Hy met mense besig was en mense gevorm het om oor Hom te getuig. En die wonder is dat daardie getuienis uit 'n vergange wêreld vandag nog met mense praat en deur die Gees hulle in 'n verhouding met God bring!..In God se Woord gaan dit nie om die verkondiging van algemene waarhede, ewige sedewette of wêreldbeskouings nie, maar om 'n appél aan die mens om in waarheid en vryheid verantwoording te doen oor sy/haar eie menswees (2Kor 5:20). Die mens word as persoon deur God se Woord uitgedaag om sy/haar ou sondige bestaan ten gunste van 'n nuwe lewe in Christus prys te gee. Die nuwe wat deur die geloof opdaag, is méér as net 'n nuwe selfverstaan van die mens. Dit is die nuwe bedeling wat God self laat aanbreek…*
>
> *Die Bybel as God se Woord*
>
> *Ons kan op geen manier aantoon dat die Bybel God se Woord is nie. Wie egter die verkondiging van die evangelie hoor en dit glo, bely dat dit die Woord van God is (1Tess 2:14). Ons het geen ander kriterium as die aanspraak van God se Woord op ons aan die hand waarvan ons kan toets of die Woord wel God se Woord is nie. Ons glo dus nie die boodskap van verlossing net omdat dit in die Bybel opgeteken staan nie, maar omdat ons die lewende God se stem in die Bybel hoor. Ons bely dus dat ons God se Woord deur die Bybel verneem. Die gesag van die Woord is in die blye boodskap van die Bybel gegrond.*
>
> *Die verskeidenheid in die Bybel*
>
> *Die Bybel, of die verskillende boeke van die Bybel, het nie 'uit die hemel geval' nie, of dit is ook nie op 'n bonatuurlike manier aan mense gedikteer wat dit maar net so woordeliks neergeskryf het nie. Elke boek in die Bybel het 'n unieke ontstaansgeskiedenis. Die boodskap van God is in baie gevalle eers mondelings oorgelewer en dit het meestal deur verskillende faaes gegaan waarin dit telkens oorvertel is. Omdat die proses waarin die Woord oorgelewer is, hand aan hand met die Aktuele verkondiging van die Woord verloop het, is daarop uitgebrei of selfs dele daarvan weggelaat. Sodoende is dit telkens weer vir die volgende geslag en onder die nuwe omstandighede aktueel vertolk. Later is die verkondiging gedeeltelik of in groter dele op skrif gestel en hierdie skriftelike oorlewering is ook telkens tydens die opskrifstelling hervertolk en teologies geïnterpreteer tot by 'n laaste fase toe die boeke redaksioneel versorg is. Die verskillende boeke van die Bybel is vir 'n baie lang tyd met die hand oorgeskryf. Alhoewel ons in geen enkele geval die heel oorspronklike teks meer het nie, het werklik baie van hierdie afskrifte vir ons behoue gebly. Later het versamelings van Bybelboeke ontstaan. Oor 'n lang tyd het die Bybel gegroei tot die boek wat ons vandag het.*
>
> *Die Bybel is 'n biblioteek van wyd uiteenlopende boeke uit verskillende tye en kontekste. Nietemin is die Bybel – met sy vesrkillende soorte literatuur en waar elke boek boonop 'n besondere boodskap het – prinsipieel die Woord van God en daarom 'n baie kragtige boek. Ons hoef nie botsende uitsprake in die Bybel te probeer wegredeneer of met rasionele spronge met mekaar te probeer versoen nie. Ons wil aanvaar dat die Bybel, as 'n verskeidenheid van boeke, die wyse is waarop God kies om te kommunikeer met mense onder bepaalde omstandighede, met hulle besondere wêreldbeeld, hulle eie verstaan van geskiedenis en die werklikheid. Die Bybel is dus God se Woorde en kom in mensewoorde na ons toe…*
>
> *Die eenheid van die Bybel*
>
> *Die Bybel bestaan uit 'n diversiteit van boeke. Gevolglik vind ons ook 'n verskeidenheid van teologieë in die Bybel. Daar word egter 'n eenheid in die Bybel te midde van die verskeidenheid veronderstel. Ons sou die veronderstelde eenheid die Woord kon noem. Woorde in die meervoud wat dus Woord in die enkelvoud word. Die reddende handeling van God loop soos 'n goue draad deur die hele Bybel. Die eenheid van die Bybel is daarom ten diepste in die eenheid van die reddende God self gegrond. Die eenheid van die Bybel kan deur die kerk bely word, net soos wat die kerk ook die eenheid van God en die eenheid van die kerk bely. Met verwysing na die kerklike verkondiging sou ons kon sê: Dit is nie losstaande tekste wat verkondig moet word wanneer die evangelie verkondig word nie. God se Woord moet eerder verkondig word, en dié Woord is een.*
>
> *Die eenheid van die evangelie staan in diens van die kerklike verkondiging van die Woord van God en die sendingwerk van die kerk.Vanuit die eenheid van die Bybel kan ons selfs kritiese opmerkings oor sekere uitsprake in die Bybel maak. Sake wat in die Bybel ter sprake kom, maar in kontras staan met die sentrale boodskappe van die Bybel, kan tog nie vir die gelowiges dieselfde gewig dra as die wesentlike boodskap van die Bybel nie. Ons laat ons immers in die uitleg van die Bybel ook deur die evangelie self lei. Die Bybel het vir ons dus die gestalte van God wat deur sy Seun Jesus Christus tot spreke kom. Hier setel die sinvolle eenheid van die Bybel.*
>
> *Die waarheid van die Woord*
>
> *Hoewel die Bybel oor die grense van plek en tyd 'n boodskap vir alle mense het en die waarheid van die Bybel nooit uitgedien raak nie, kan dit nie altyd reglynig op ons eie situasie toegepas word nie. Daar is 'n verskil in kontekste toe en nou en 'n kloof van eeue se geskiedenis wat in ag geneem moet word. Dit vra van ons vertolking en uitleg om die boodskap van tóé ook vir ons tyd te verstaan en toe te pas en om die groot gaping in tyd tussen ons en die Bybelskrywers sinvol te oorbrug. Ons verkondig dus vandag nie die Bybel se wêreldbeeld of verstaan van die geskiedenis, aardrykskunde, sterrebeelde of natuurstudie nie. Die Bybel is nie bedoel om op enige van daardie gebiede 'n gesaghebbende handboek te wees nie. Ons hoef nie byvoorbeeld die verskillende skeppingsverhale met insigte uit die wetenskap te probeer versoen nie. Veral hoef ons nie ons geloofsekerheid in die historiese feitelikhede te probeer vind nie. Die Bybelse boodskap is veranker in God se konkrete handeling in die geskiedenis van Israel, Jesus en die kerk. Die Bybel is daarom nie bloot dokumentasie van geskiedenis nie. Die Bybel is verkondiging en daarom is die Bybel*

*self ook eerder 'n vertolking- en daarom boodskap van wat gebeur het en nie blote beriggewing van wat gebeur het nie. Ons moet nie ons heil soek in historiese feite agter die boodskap nie, want die heil word in die boodskap self gevind. Die waarheid van die Woord het nie met die feitlike korrektheid, akkurate beriggewing, of teenspraakloosheid van die Bybel te make nie, maar met die feit dat die Woord ons voor 'n beslissende keuse oor die sin en betekenis van ons eie lewe plaas…*
*Slot*
*Daar lê nie 'n gevaar in 'n kritiese worsteling met die Bybel nie, maar daar skuil wel 'n groot gevaar enersyds in ons wegkruip agter 'n paar groot uitsprake oor die Bybel sonder dat die Bybel in ons lewens enige rol speel en andersyds in 'n skromelike verwaarlosing van ons omgang met die Bybel.*
*Die Bybel moet altyd 'n kritiese funksie in die kerk en onder die gelowiges vervul. Die kerk moet haarself gedurig aan die Woord meet. Net so moet elke gelowige homself/haarself ook voortdurend deur die Woord laat aanspreek…*
*Die Bybel het nie alleen oor 'n lang tyd in diverse kontekste ontstaan nie, maar dit word ook al oor 'n lang tyd onder uiteenlopende omstandighede gelees. Die kerk en die teologiese gemeenskap is die vertolkingsgemeenskappe wat in die eerste plek verantwoordelik is vir die interpretasie ( (en in die geval van die kerk ook die verkondiging) van die Woord. Ons eie Kerk behoort daarom altyd ernstig te besin oor kritiese vrae wat deur sowel die kerklike tradisie, die wêreldwye kerklike gemeenskap, as die teologie by ons wakker gemaak word oor ons eie verstaan van die Bybel. Geen kerk kan te selfversekerd wees dat sy die waarheid van God se Woord finaal verstaan nie. Ons moet altyd bereid wees om opnuut na die Woord te luister en dit te gehoorsaam.*

Die verslag van die adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie, professor A.P.B. Breytenbach, het vermeld: 'In die algemeen kan vermeld word dat die nuwe bedeling bepaalde groeipyne meegebring het, maar dat dit oorkom is en dat dit goed gaan met die Fakulteit.' Die dosentekorps van die kant van die Hervormde Kerk het bestaan uit: A.P.B. Breytenbach, P.M. Venter (Ou Testamentiese Wetenskap), J. Buitendag (Dogmatiek en Christelike Etiek), Y. Dreyer (Praktiese Teologie), A.G. van Aarde (Nuwe Testamentiese Wetenskap), P.A. Geyser (Bybelkunde) en P.J. van der Merwe (Godsdiens- en Sendingwetenskap). Daar was in 2003, 24 Hervormde studente besig met BTh, en 20 met MDiv. Hulle het maar 'n klein deel uitgemaak van die totale studentetal van die Fakulteit, wat in 2003 sowat 202 voorgraadse en 527 nagraadse studente gehad het. Die Uniting Presbyterian Church het 'n derde vennoot in die Fakulteit geword en daar was ooreenkomste met 'n aantal Kolleges wie se sillabusse deur die Fakulteit gemodereer word. In 2004 sou ook die Evangelical Presbyterian Church in South Africa toetree. 'n Hele aantal modules word ook in Engels aangebied en dit het meegebring dat die doseerlas op dosente baie swaar geword het. Die finale studiejaar van die Hervormde studente word volledig deur die HTK behartig. Dit is van besondere belang dat die ooreenkomste met teologiese fakulteite en departemente in Europa, Amerika en selfs Rusland. Een van die ooreenkomste is dié met die Protestantse Fakulteit in Wenen, Oostenryk, waar professor J.A. Loader dosent is. 'Dit bied aan studente van die Kerk geleentheid om teen minimale koste vir 'n kort tydperk in Europa te studeer as deel van hulle kursus aan die Universiteit van Pretoria.'

Vir die tydperk 2005–2009 is 'n nuwe ooreenkoms met die Universiteit gesluit. Daarvolgens sal die Hervormde Kerk vyf professore en die Nederduits Gereformeerde Kerk tien kan hê. Nuwe aanstellings geskied volgens universiteitsregulasies en 'n prosedure is aanvaar wat bepaal dat 'n betrokke kerk die meerderheidstem in die Fakulteitsraad sal hê in geval van 'n vakature in sy geledere. Die HTK se plek en funksie is erken. Die Kollege se dosente word deur die Fakulteitsraad goedgekeur en deur die Universiteit geakkrediteer. Die substansiële bydrae wat die *Hervormde Teologiese Studies* tot die Fakulteit maak, is erken. Die 30% bydrae wat elke kerk tot die salarisse van sy dosente maak, word gehandhaaf.

Daar was steeds teenstand teen die gedagte van 'n gesamentlike teologiese opleiding. Beskrywingspunte is behandel van die Ring van Noord-Kaapland en die Ring van Port Elizabeth wat aangedring het op eie opleiding. Die Algemene Kerkvergadering het albei verwerp maar tog aan die Kommissie opdrag gegee om die ondersoek na 'n eie opleidingsinstansie voort te sit.

Die vergadering het ook kennis geneem van die verslag van die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege. Ter inleiding is die oorwegings vir die vestiging van die Kollege uiteengesit:

- *Naas die algemeen-kerklike modules binne die teologiese kurrikulum moes daar ruimte wees vir kerkspesifieke modules wat vanuit die Kollege deur geakkrediteerde dosente aangebied kan word.*
- *Die Kollege moet buite-kurrikulêre programme ontwikkel wat vanaf die vierde studiejaar aangebied word, bestaande uit kerkeie modules, afgestem op die bedieningspraktyk van die Hervormde Kerk.*
- *Die genoemde kerkeie praktykvorming moet uitloop op die verkryging van 'n Diploma in Kerklike Bediening wat, naas die vereiste akademiese kwalifikasies, ook as voorwaarde sal geld vir toelating tot die proponentseksamen.*
- *Die Kollege moet deur middel van die kerkspesifieke en kerkeie modules asook deur 'n dosentevoogstelsel probeer toesien dat die kerklike etos van die Hervormde Kerk en 'n gesonde spiritualiteit onder die studente bevorder sal word.*
- *Die Kollege moet deur die aanbieding van jaarlikse toerustingskursusse sorg vir die voortgesette teologiese toerusting van predikante.*
- *Toerustingskursusse vir ampsdraers en lidmate , wat in die verlede deur Kital geïnisieer was, moes deur die Kollege geaktiveer word.*
- *Die vestiging van 'n geakkrediteerde Kollege moes aan die Kerk die moontlikheid bied om, indien kerklike teologiese opleiding aan 'n universiteit problematies sou word, via die Kollege tot 'n groter mate self studente te kan oplei…*

***Kerkspesifieke modules***
*Bepaalde modules in Dogmatiek, Kerkgeskiedenis en Kerkreg is geïdentifiseer as kerkspesifiek. Modules in Kerkgeskiedenis is later bygevoeg as keusemodules wat vir Hervormde studente verpligtend is... Wat Praktiese Teologie betref, word die aspekte van die opleiding wat kerkeie aksente verlang, in die program vir die Diploma in Kerklke Bediening geïnkorporeer. Vanaf die begin van 2004 is daar ten opsigte van Kerkgeskiedenis 'n Werkgroep vir Kerkgeskiedenis gevorm wat die belange van Kerkgeskiedenis in die opleiding, asook navorsing moet behartig... Gedurende 2002 is die MDiv 2009 wat gedifferensieerd as 'n kerkspesifieke program vanuit die Kollege aangebied word, volledig geïmplementeer. Kerklike dosente aan die Fakulteit asook geakkrediteerde dosente van die Kollege, bied die onderskeie modules aan... Die program bestaan uit vier modules waarvan die skripsies een module uitmaak. Die ander drie modules word interdissiplinêr aangebied en fokus op die integrering en internalisering van teologiese kennis...'*
***Diploma in kerklike bediening***
*Die finalejaargroepe van 2002 en 2003 was die eerste groepe wat, naas die praktykvorming tydens die laaste drie studiejare, vir drie maande praktiese werk in gemeentes van die Kerk gedoen het... Daar is veral gefokus op selfinsig, roepingsverstaan, spiritualiteit en persoonlike groei... Dit is die oortuiging dat studente aan die Kerk gelewer is wat beter toegerus en gemotiveer is...*
***Studentebegeleiding en vorming***
*Die begeleiding van studente vind op formele en informele*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*vlakke plaas. Formeel is daar die voogstelsel waar die kerklike dosente aan die onderskeie jaargroepe as voogde toegewys is. Gereelde kontaksessies is op die rooster van die praktykvorming geskeduleer... Die jaarlikse oriënteringskursus is nou verskuif na studente aan die begin van die tweede jaar. Godsdiensoefeninge wat deur Hervormde dosente gelei word, word maandeliks tydens die eerste drie kwartale gehou... Gedurende die vierde kwartaal woon studente die klaspreke en besprekings van die vyfdejaarstudente op 'n weeklikse basis by. Op informele vlak vind talle gesprekke tussen studente en dosente plaas.'*

***Kursusse***
*Die VTT kursus word jaarliks vir predikante in Junie en November aangebied. In 2001 was die tema Kerklike leierskap en –bestuur. In 2002 was dit Die Hervormde Kerk – relevant vandag en hoop vir môre. In 2003 was dit Die storie van die Hervormde Kerk – 'n narratiewe strategie…*
*'Mettergaan word die prentjie oor ander kursusse duideliker. Daar is twee fasette wat uitkristalliseer. Die een faset is toerustingskursusse vir predikante en gemeentes wat fokus op bedieningsverryking en gemeentebou. Hierdie faset word aangebied in samewerking met Kosmos Instituut…Die ander faset sentreer rondom die werk van die onderskeie rade van die Kerk.*

Uit die verslag oor *Hervormde Teologiese Studies* het geblyk dat Hervormde dosente oor die tydperk 2001–2003, 120 artikels in *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer het en dat die blad 'n ruim bedrag verdien het:

*Samevattend beteken dit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk met die Hervormde Teologiese Studies-begroting 'n bedrag beskikbaar stel wat gelykstaande is aan 'n driekwart pos. Wanneer die vyf poste se kerklike bydrae verreken word, verteenwoordig dit 'n een en 'n halwe pos, en beteken dit dat in totaal die Nederduitsch Hervormde Kerk indirek maar vir knap meer as twee poste betaal, terwyl die Kerk vyf kry!*

Oor nasionale en internasionale erkenning lui die verslag:

*Ekserpte van navorsingsartikels word in nege internasionale bibliografiese indekstydskrifte in Kanada, die VSA, Duitsland, Italië en België gepubliseer. SABINET hanteer Hervormde Teologiese Studies se elektroniese verspreiding in SA en die buiteland.*

Uit die verslag oor die Teologiese Opleidingsfonds het geblyk dat daar in 2003, R1 093 470 op belegging was. Kennis is geneem dat in 2003 daar beurslenings aan studente gemaak is ten bedrae van R347 165 en bykomende finansiële hulp ten bedrae van R33 450 Oor die tydperk 2001–2004 is 23 studente toegelaat met beurslenings.

'n Reglement vir die toekenning van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se erepenning vir besondere dienslewering is goedgekeur.
Wat die predikantestatistiek betref, het die vergadering kennis geneem dat die getal standplase met volle versorging afgeneem het met 21, dié met deelversorging met 44, terwyl predikante in deeltydse standplase toegeneem het met 50. Vyf predikante is oorlede en 17 is onthef. As lede van die Kuratorium is verkies dominee G. van R. Els, L. Geel, doktore G.C. Lindeque, J. Otto, D.J.C van Wyk jnr, meneer B.D. Bierman en professor A.J.G. Oosthuizen.

### Oktober 2004
Huldigingsbundels van *Hervormde Teologiese Studies* word oorhandig aan professore A.P.B. Breytenbach en P.A. Geyser. Jaargang 60, aflewering 3, Junie 2004 is opgedra aan Breytenbach. Die huldigingswoord is geskryf deur Johan Buitendag. Hy skryf onder andere:

*Andries is 'n uiters veelsydige persoon. Die twee kenmerke van hom wat 'n mens dadelik opval, is sy intellek en sy vertelvaardigheid. Hierdie kombinasie het gevolglik ook 'n besonder suksesvolle dosent van hom gemaak… Die laaste aantal jare het hy hom graag deur die teologie van Dietrich Bonnhoeffer laat bedien en het laasgenoemde se gedagte van kruisdissipelskap Andries diep aangegryp.*

Daarop volg 'n cur vit wat 'n insig gee in Breytenbach se indrukwekkende loopbaan as ampsdraer in die Kerk en as akademikus. Die artikels is van die hand van kollegas in die Fakulteit en in ander fakulteite aan die Universiteit van Pretoria en ander universiteite. Opmerklik is die bydrae van die digteres en letterkundige Lina Spies met opskrif 'Die Bybel in geding: teks versus dogma'.

### 08 November 2004
Professor P.M. Venter lewer sy intreerede as hoof van die Departement Ou Testamentiese Wetenskap.

### 17 November 2004
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor A.G. van Aarde afwesig is omdat hy in Egipte as gasdosent optree en dat professor P.M. Venter sy intreerede as departemenshoof op 08 November, gehou het.

### 22 November 2004
Die Kuratorium verkies doktor D.J.C. van Wyk jnr as voorsitter, doktor J. Otto as vise-voorsitter en doktor G.C. Lindeque en dominee G. van R. Els as lede van die Dagbestuur. 'n Evalueringskomitee is verkies en 12 predikante is aanbeveel vir die Proponentseksamenkommissie. Op versoek van die dekaan van die Fakulteit, professor C.J.A. Vos, is R20 000 bewillig vir die stigting van 'n webwerf vir die Fakulteit. Die bedrag van R102 000 wat deur die Algemene Kerkvergadering begroot is vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg is toegewys aan vergoeding van die dosente, C. Pretorius en W.A. Dreyer, materiaalkoste en die gemeente Horison vir die dienste van doktor W.A. Dreyer. Daar was twee uitruilstudente in Wenen, naamlik Petri van Rooyen en Louis Venter. Die aansoek van Tanya van Wyk om ook na Wenen toe te gaan, is goedgekeur. Student Zarina Lotz het toestemming ontvang om haar BTh studies deur middel van afstandsonderrig te voltooi.

### 26 November 2004
Die Fakulteitsraad beveel professor J. Buitendag aan as adjunk-dekaan.

## 2005

### 03–04 Maart 2005
Tydens die legitimasieplegtigheid is die B. Gemserprys oorhandig aan M.M. van der Berg, die Kuratoriumprys aan P. de K. Fürstenberg en al die ander pryse behalwe die Greyvensteinprys wat nie toegeken is nie, aan Anette Dreyer. Van der Berg en Dreyer het die MDiv graad met lof geslaag. Op 15 Maart 2005 het die Kuratorium vir professor P.M. Vanter en doktor J. Otto gelukgewens met die voltooiing van die Argus-fietswedren. Professor van Aarde is verbetering in gesondheid toegewens. Kennis is geneem dat die webwerf van die Fakulteit in werking is http://www.teo.co.za en dat telematiese onderrig voortgang kan hê. 'n Reglement vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg is goedgekeur. Kennis is geneem dat doktor W.A. Dreyer nie voortgaan met die lesings nie. Kennis is ook geneem van die toekennings aan studente. Carusta van der Merwe het toestemming ontvang om in Wenen te studeer.

**10 Maart 2005**
Die Fakulteit neem kennis dat die volgende onderwerpe vir poefskrifte goedgekeur is: I.-C. Shin *Matthew's inclusive community. A narratological and social scientific reading* en, P.J.W. Schutte se *Jesus* – a *Kerugma to live by. A postmodern understanding of myth, resurrection and canon.* Kennis is verder geneem dat die HTO se naam verander is na Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en van die reglement vir die Instituut.

**12 April 2005**
Die Hervormde Dosentevergadering aanvaar 'n Reglement van Orde vir die Werkgroep Kerkgeskiedenis en Kerkreg en ook die herstrukturering van die Werkgroep.

**17 Mei 2005**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor Van Aarde afwesig is met siekteverlof en dat hy op 18 Mei 'n operasie ondergaan. Doktor J.P. Labuschagne het inligting gegee oor die doel en groei van die Teologiese Opleidingsfonds. Professor T.F.J. Dreyer is bedank vir die inisiatief en reëling van die dosenteberaad op die Harlow Wildplaas naby Roedtan op 28–30 April. Kennis is geneem dat doktore D.J.C. van Wyk jnr en E. van Eck lesings in Nuwe Testamentiese Wetenskap sal waarneem tydens professor van Aarde se siekteverlof. 'n Reglement vir die HTK Fonds wat die VTT fonds vervang, is goedgekeur.

**24 Mei 2005**
Die Kuratorium neem kennis dat professor Van Aarde steeds in die hospitaal is. Hy was op siekteverlof tot 18 Julie 2005. Sy lesings is waargeneem deur doktore D.J.C. van Wyk jnr en E. van Eck. Die gewysigde reglement vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg is aanvaar. Kennis is geneem van die verslag oor die werkswinkel van die Kuratorium en dosente vir strategiese beplanning op die Harlow Wildplaas by Roedtan. 'n Reglement vir die Teologiese Opleidingsfonds is goedgekeur en kennis is geneem van die jaarverslag van die fonds, wat reeds R1 611 151 op belegging gehad het. Die Evaluasiekomitee se aanbeveling oor die aanvaarding van 11 nuwe studente is aanvaar. Onder hulle was kleinseuns van professore P.S. Dreyer en W.C. van Wyk. Student Maryke Pretorius (Potgieter) is toegelaat om MTh op deeltydse basis aan die Universiteit van Pretoria vanuit Londen te doen. Kennis is geneem van 'n berig in Rapport wat refleksie werp op die opleiding, en vertroue in die dosente is uitgespreek.

**03 Augustus 2005**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor A.G. van Aarde steeds ernstig siek is en dat hy aansoek gedoen het om medies ongeskik verklaar te word. Hy het ook onlangs sy derde proefskrif oor die kindheidsevangelie van Tomas suksesvol verdedig.

**23 Augustus 2005**
Die Kuratorium neem kennis dat dit nie goed gaan met professor Van Aarde nie.

**22-23 September 2005**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering keur die aansoek van professor A.G. van Aarde om emeritaat op grond van mediese ongeskiktheid goed. Die Kuratorium het opdrag ontvang om die onderhandelinge oor die vulling van die vakature so gou moontlik te begin. Professor van Aarde het op 30 September 2005 uit diens getree. Daarmee het 'n skitterende akademiese loopbaan wat gestrek het oor 22 jaar tot 'n einde gekom. In *Die Hervormer* van 15 November 2005 het die redakteur 'n oorsig gegee oor van Aarde se prestasies en lewenshouding. Hy skryf onder andere:

> *Prof Van Aarde is 'n student en akademikus in murg en been. Hy het sewe grade waarvan drie doktorsgrade is. Hy het menige kursusse in die Bybelwetenskappe, veral die Nuwe Testamentiese Wetenskap maar ook in die Ou Testament en op die terrein van die taalwetenskap, by die Universiteit van Pretoria, wyer in Suid-Afrika en aan oorsese universiteite geskryf en gedoseer. Hy het minstens 13 keer formeel aan buitelandse universiteite klasgegee. Hy is lid van sewe nasionale en internasionale akademiese liggame, waar hy tussen 1984 en 2005 41 internasionale konferensies en kongresse bygewoon en 19 referate gelewer het. Hy het 95 wetenskaplike navorsingsartikels in geakkrediteerde tyskrifte gepubliseer (van 'n verder 44 was hy medeskrywer saam met van sy studente.) Hy het 22 hoofstukke in internasionale boeke geskryf en was skrywer, redakteur of mederedakteur van 14 boeke wat onder sy naam verskyn het. Daarby het hy ongeveer 70 populêre artikels geskryf. Hy tree as promotor vir 15 studente se doktorsgrade op en vir drie as medepromotor ('n verder 10 studente is steeds besig met M- of D-grade onder sy leiding.) Prof Van Aarde se briljantheid as akademikus en sy enorme werksvermoë dwing nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal agting af… Prof Van Aarde wou nooit net akademikus wees nie, altyd ook kerkman. Naas die tydperk wat hy voltyds in gemeentes gewerk het, is hy sedert 1980 toe hy die akademie voltyds betree het, steeds permanent in gemeentes betrokke, soms as pastorale hulp, soms as hulpprediker, en veral by Bybelstudieprogramme… Maar prof Van Aarde was nie net akademikus en kerkman nie. Hy het nooit met die akademie en kerksake omgegaan sonder dat sy diepe spiritualiteit jou opgeval het nie. Hierdeur het hy dit vir sy studente moontlik gemaak om, ten spyte van soms kontroversiële standpunte wat hy gehandhaaf het (hoewel hy dit nooit op sy studente afgedwing het nie) met hom saam te dink oor diepe geloofsbeginsels… Vanweë sy sterk persoonlikheid en as navorser en akademikus by uitnemdheid, het prof Van Aarde ongetwyfeld met gevestigde kerklike oortuigings gebots, en veral vanweë die spesifieke terreine waarop hy gewerk het, ook met beskouings oor die Skrif en die kerklike belydenis. Die tyd het egter uitgewys dat, hoewel hy met integriteit en eerlikheid sy standpunte gestel het, hy steeds solidêr met die kerk en die kerklike belydenis kon bly. Dit het egter nie verhoed dat agterdog jeens hom en sy teologie en die gevolglike isolasie waarin hy hom by tye bevind het, veral in die tyd toe daar spanning tussen hom en die kerklike leiding en botsings met kollegas was, hom seergemaak en ontstel het nie… Prof Van Aarde het met besondere vaardighede en toewyding die akademie, die kerk en die Here gedien. Die invloed wat hy op mense se lewens in die lewe van die kerk en die teologie gehad het, sal moeilik oorskat kan word.*

**13 Oktober 2005**
Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor A.G. van Aarde emeritaat aanvaar het op 30 September 2005. Hy sal voortgaan met die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* en sy kantoor behou.

Professor J.J. Engelbrecht is oorlede op 09 Oktober 2005. Die roudiens in die kerkgebou van Zuurfontein op 13 Oktober is gelei deur J.P. Oberholzer. Professor J. Buitendag, voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, het namens die Kerk die woord gevoer. In *Die Hervormer* van 15 Desember 2005 het professor G.M.M. Pelser Engelbrecht se lewe en werk in oënskou geneem en onder andere geskryf:

> *Ek kan my min dienaars van die Woord herinner wat hulle werk in die gemeente met soveel erns en oorgawe gedoen het as hy... Wat my altyd opgeval het wanneer ek hom hoor preek het, is nie alleen die goeie voorbereiding en aanbieding daarvan nie, maar ook die oortuiging waarmee hy die evangelie verkondig het... Wat sy loopbaan as dosent in Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria betref, het ek die voorreg gehad om etlike jare saam met hom in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap te werk. Ek kyk met aangename herinneringe terug op daardie jare... Hy het inderdaad die hoogste premie geplaas op die eer van God en*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*sy diens aan God deur die teologie... As 'n mens sou wou weet hoe die persoon en lewe van 'n Christen daar moet uitsien, hoef jy nie verder as hierdie mens te gesoek het nie.*

**20 Oktober 2005**
Die Hervormde Dosentevergadering beveel aan dat professor P.A. Geyser in die eerste kwartaal van 2006 lesings in Nuwe Testamentiese Wetenskap sal waarneem.

**01 Desember 2005**
Die Kuratorium het kennis geneem dat professor A.J.G. Oosthuizen besig is om te herstel van 'n hartaanval en dat professor Van Aarde geëmeriteer het. Professor J. Buitendag was verskeie kere oorsee vir besoeke aan Nederland en Engeland. 'n Opgedateerde verslag van professor T.F.J. Dreyer oor 'n projeksie tot 2010 het steeds gelui dat nie meer as vier studente per jaar met beurslenings toegelaat behoort te word nie... Kennis is geneem dat professor van Aarde die openingsrede van die HTK sal lewer op 31 Januarie 2006.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 02 Desember 2005 in 'n buitengewone byeenkoms goedgekeur dat doktor E. van Eck aanbeveel word vir die vakante pos in Nuwe Testamentiese Wetenskap. Professor P.A. Geyser het die lesings in Nuwe Testamentiese Wetenskap waargeneem totdat Van Eck op 01 Julie 2006 in die pos kon begin.

**Ernest van Eck** is gebore te Merriespruit, OVS op 13 Mei 1960. Sy ouers was Gerrit van Eck en Cecilia Jacomina Putter. Hy gaan skool in die laerskole Merriespruit, Rustenburg-Noord en Thabazimbi en matrikuleer aan die Hoërskool Frikkie Meyer op Thabazimbi in 1978 met vyf onderskeidings. Hy behaal die BA graad met lof in 1981 aan die Universiteit van Stellenbosch, BA Hon in Grieks aan die Universiteit van Pretoria in 1984 en BD met lof in 1985. Hy is georden as dienspligkapelaan op 25 April 1985. Gedurende 1982–1983 was hy navorsingsassistent in die Departement Bybelkunde, in 1984 in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap, en van 1985–1996 deeltydse dosent in Nuwe Testamentiese Wetenskap. Hy bedien die gemeentes Wapadrant en Marikana in deeltydse hoedanigheid en daarna die gemeentes Fonteinedal en Oos-Moot. Hy gaan voort met gevorderde studie en behaal die MDiv in 1989 en die MA Grieks in 1990, albei met lof. Hy het doktorale studie gedoen aan die Graduate Theological Union in Berkeley, California en sy proefskrif voltooi onder leiding van professore Herman Waetjen en Andries van Aarde, en ontvang die DD graad aan die Universiteit van Pretoria in 1993. Vanaf 1997 is hy tydelik-deeltydse dosent in Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, die HTO en later die HTK. Vanaf 2000 is hy ook redakteur van die webblad van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hy word in 2004 verkies as vise-skriba van die Algemene Kerkvergadering.Teen die tyd van sy aanstelling as mede-professor het hy reeds talle wetenskaplike artikels gepubliseer.

## ∽ 2006

**14 Maart 2006**
Die Kuratorium het vergader. Die jaarverslag van die HTK het 'n uiteensetting gegee van die Diploma in Kerklike Bediening. Die programdoel is soos volg geformuleer:

*Die verwagte uitkoms is dat die studente na afloop van die program*

- *in staat sal wees om die teologiese kennis wat hulle in die BTh en MDiv grade verwerf het, te kan toepas en integreer binne die bedieningspraktyk van die Hervormde Kerk*
- *'n pastorale identiteit en spiritualiteit binne die etos van die Hervormde Kerk sal internaliseer*
- *oor basiese vaardighede sal beskik om die versskillende fasette van die bediening op 'n professionele wyse te hanteer*
- *die vermoë tot persoonlike introspeksie en groei sal integreer.*

Die verskillende modules is genoem tesame met die doelstelling van elke module en die dosent. Vir DKB 300 was dit: Gesinsbediening (M.J. du P. Beukes), Diakonale organe van bystand (Doktor J. Engelbrecht), Chemiese afhanklikheid (Meneer I. Dreyer), Bybelkennis en Vaardigheid Ou Testament (G.C. Lindeque) en Klaspreke (Professor T.F.J. en mevrou M. Dreyer). Vir DKB400: Bedieningspraktyk (T.F.J. Dreyer), Bybelkennis en Vaardigheid Nuwe Testament (E. van Eck), Teks na Preek (T.F.J. Dreyer), Belydenisgeskrifte (J. Buitendag), Huisbesoek (M.J. du P. Beukes), Bejaardesorg (W.J. Coetzer), Jeugbediening (T. Moller), Klaspreke (Professor T.F.J. en mevrou M. Dreyer). Vir DKB500: Preekstrategie (T.F.J. Dreyer), Spiritualiteitsvorming (P.A. Geyser), Preekvoorbereiding (Professor T.F.J. en mevrou M. Dreyer), Liturgiese Praktyk (E. Kloppers), Pastorale Bearbeiding (J. Coetzee), Siekepastoraat (J. Coetzee), Kerklied in die erediens (E. Kloppers), Klaspreke (T.F.J. Dreyer). DKB 600: Kerklied in praktyk (B.D. Bierman), Sendingpraktyk (P.J. van der Merwe), Missionaat (J.C. van der Merwe), Visuele verkondiging (W.C. Kloppers), Kerkreg (B.J. van Wyk), Gemeentebou en kerkbestuur (J.C. van der Merwe) Klaspreke (T.F.J. Dreyer).

Daarby kom vier modules vir addisionele Praktykvorming (Psigiatriese pastoraat, Bejaardesorg, Sterwensbegeleiding en Rousmart, HIV of Vigs begeleiding). Dan volg drie maande praktiese werk in gemeentes en 'n afrondingskursus in intra- en interpersoonlike vaardighede (P.J. Botha), pastorale intervensie (J.C. van der Merwe), samestelling en bevoegdheid van die amptelike vergaderings (W.A. Dreyer), diakonaat (W.J. Coetzer), NHSV (M. Fourie) en Finansiële Bestuur (Administrateur).

Die jaarverslae van die *Hervormde Teologiese Studies*, die Fakulteit en die Teologiese Opleidingsfonds is behandel. Die Kuratorium het positief kennis geneem van 'n verslag van die Werkgroep Kerkgeskiedenis en Kerkreg waarin aanbeveel word dat daar 'n permanent-deeltydse dosent aangestel word.

**07–09 April 2006**
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n colloquium oor strategiese beplanning gelei op Hammanskraal. Sowat 120 lidmate en ampsdraers was daarby betrokke. Die finale dokument is deur die Kommissie goedgekeur in sy vergadering van 09–10 Junie 2005 en die rade van die Kerk is versoek om teen November 2005 doelwitte voor te lê vir realistiese uitkomste vir die res van die termyn. In *Die Hervormer* van 01 Junie 2006 verskyn die gesamentlike verklaring van voorneme, 'n kort berig oor 'n onderhoud met die voorsitter, professor J. Buitendag, kommentaar van deelnemers en 'n redaksionele kommentaar.

Professor Buitendag het onder andere die volgende inligting verskaf:

*Ten einde die nuwe denke oor die kerk en die roeping en identiteit van die kerk te fasiliteer en te stimuleer, is die afgevaardigdes in sewe kleingroepe ingedeel wat die volgende onderwerpe in diepte bespreek het: roeping, kerk, wêreld, ander kerke, die HKSA, belydenis en teologie…Van die sake wat uit die besprekings na vore gekom het, en wat in die verklaring van voorneme prominent is, is dat gekyk moet word na maniere waarop die NHKA en die HKSA nader aan mekaar kan beweeg; dat die Hervormde Kerk meer aktief ekumenies moet uitreik na ander kerke; dat die diversiteit van kerke, gemeentes en individue binne die totale kerk van Christus nie 'n bedreiging is nie maar ook nie toegelaat mag word om die evangeliese eis van eenheid te laat*

*ontspoor nie; en dat die kerk daadwerklik betrokke moet wees daarby om die maatskaplike nood van mense binne en buite die kerk te help verlig.*

Die redakteur, doktor D.J.C. van Wyk jnr, sluit sy kommentaar met die volgende woorde af:

*As daar een ding is wat die colloquium hopelik in die kerk wakker gemaak het, is dit entoesiasme. Die tyd vir saam praat is reeds hier. Dit sal nie help om negatief of agterdogtig te wees nie. Dit sal wel help om die moeilike kwessies van kerkwees wat op die tafel gekom het in die oë te kyk en die uitdaging te aanvaar om dit te hanteer. Die tyd gaan al ons krag en energie vra om kerk te wees. Dat aanpassing ten opsigte van die tradisionele modelle van kerkwees nodig is, is duidelik. Dat ons identiteit as Hervormde Kerk met ons eiesoortige spiritualiteit ononderhandelbaar is, is net so duidelik. Die groot uitdaging gaan wees dat almal in die kerk, ongeag die onderlinge geskille, saam op die pad bly.*

Dit sou gou blyk dat die Kerk as geheel en veral bepaalde groeperinge in die kerk, byvoorbaat enige sprake van vernuwing met agterdog en wantroue bejeën. Dit is verhoog deur die besoek van 'n afvaardiging van die Wêreldbond van Hervormde Kerke van 05–08 Junie 2006 en die beriggewing daaroor in die dagpers. Die verdagmaking van die colloquium en die verklaring van voorneme is onder andere geloods deur 'n lang skrywe van die jong predikant P.R. Schoeman in *Die Hervormer* van 01 Julie 2006 en voortgesit deur die publikasie van 'n verklaring van die H.C.M. Fourie Stigting in *Die Hervormer* van 01 Augustus 2006, wat afsluit met hierdie woorde:

*Die nasionale colloquium... se grondslag en modus operandi is strydig met ons Bybels-Reformatoriese Teologie en ons kerkordelike bestel. Die uitkomste van die colloquium, soos in die Gesamentlike Verklaring van Voorneme vervat, is vir ons in geheel onaanvaarbaar.* [Nota: Bybels-Reformatories in hierdie idioom is blykbaar gelyk aan die selfbegrip van die H.C.M. Fourie Stigting. Uittreksel uit die verklaring van die H.C.M. Fourie Stigting in *Die Hervormer*]

In *Die Hervormer* van 01 November 2006 lewer doktor J.M.G. Storm op versoek van die redakteur kommentaar op die Colloquium se stelling dat die Hervormde Kerk 'n belydende kerk en nie 'n belydeniskerk is nie.

**01 Augustus 2006**

*Die Hervormde* Dosentevergadering neem kennis dat doktor E. van Eck met ingang 01 Julie aangestel is as mede-professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap en dat professor P.A. Geyser intussen die klasse waargeneem het. Professor P.M. Venter het 'n langdienstoekenning ontvang.

**22 Augustus 2006**

Die Kuratorium het vir professor Van Eck as adviserende lid verwelkom en vir doktor J. Otto gelukgewens met sy opname in die galery van sportsterre van die Universiteit van Pretoria.

**21 November 2006**

Die Kuratorium het kennis geneem dat doktor Adriaan Neele van die gemeente Eben Haezer deeltydse dosent in die Departement Kerkgeskiedenis is. Kennis is verder geneem van die voorgestelde Cules Boshoff Erepenning, in gestel ter gedagtenis van proponent H.J. Boshoff wat in 'n vliegongeluk oorlede is pas nadat hy 'n beroep na Bronkhorstspruit aanvaar het. Die reglement vermeld dat die toekenning bestaan uit 'n gegraveerde penning, 'n oorkonde en R1000 kontant, en wat toegeken word aan 'n finalejaar student wat op akademiese gebied uitnemend presteer het, hom as leier in die studentelewe onderskei het en binne Van der Hoff Teologiese Huis aktief was Kennis is geneem dat by die legitimasieplegtigheid op 06 Maart 2008 toekennings gemaak is van die Kuratoriumprys (gedeel), die B. Gemserprys, die W.P. Brouwerprys, die P.J. Mullerprysa, die J.I. de Wetprys, die H.P. Wolmaransprys en die Greyvensteinprys aan Tanya van Wyk, die Kuratoriumprys (gedeel) en die Cules Boshoff Erepenning aan Larry van der Walt. Voorbereiding is gedoen vir die werkwinkel oor die toekoms van die Fakulteit op 29 Mei 2008.

## ᔕ 2007

**07 Maart 2007**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem dat doktor G.C. Velthuysen oorlede is en dat professor J. Buitendag 'n groot rugoperasie moet ondergaan. Die Kommissie het verlof verleen aan student H. Breytenbach om voltyds verder te studeer in die buiteland. Tydens die legitimasieplegtigheid het doktor F.J. Boshoff die Cules Boshoffprys ter herinnering aan sy seun proponent H.J. Boshoff bekendgestel. Daar is bekend gemaak dat Mari du Plessis-Manders al die pryse ontvang behalwe die A.D. Pont- en Cules Boshoffpryse waarvoor nie toekennings gemaak is nie. Studente M.S. Venter en W. Dykema het in Wenen elk twee semestermodules afgehandel. 'n Rentevrye lening van R10 000 is toegestaan aan D. Labuschagne vir studie in Wenen.

**13 Maart 2007**

Die Kuratorium het kennis geneem dat professor P.M. Venter 'n operasie ondergaan het en dat hy aan sy veertiende Argus-fietswedren deelgeneem het. Die vergadering het bekragtig dat 'n student via 'n Diploma in Teologie uiteindelik 'n MDiv graad kan behaal. Kennis is geneem van die verslae van die Fakulteit, HTK, *Hervormde Teologiese Studies,* die Kuratorium en Teologiese Opleidingsfonds aan die komende Algemene Kerkvergadering. Besluit is dat aan elke dosent R10 000 per jaar beskikbaar gestel word vir die begeleiding van opkomende akademici van die Kerk.

**29 Mei 2007**

Die Kuratorium neem kennis dat die herkurrikulering van die profiel van die teologiese student saam met die Kuratorium van die Nederduitse Gereformeerde Kerk afgehandel is. Vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg is besluit dat 'n termynpos tot 2009 onderhandel word en dat R120 000 aan die pos gekoppel word. Die benoeming van doktor J.P. Labuschagne vir die pos is aanvaar. Bedoeling was dat die pos uitgebou sou word en dat die Kerk eventueeel sou instaan vir die volle koste van die pos. Studente kon dus met nagraadse studie in Kerkgeskiedenis en Kerkreg begin onder leiding van 'n Hervormde dosent. Op aanbeveling van die Evaluasiekomitee is vir 2007 vyf studente en vir 2008 vier studente as studente van die Kerk erken met beurslenings. Student Aart van der Elst wat ingeskryf is vir die DipTeol is ook erken, en 'n rentevrye lening is aan hom toegeken.

**06–07 Junie 2007**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om die Erepenning vir besondere dienslewering toe te ken aan dominee C.L. Badenhorst.

**28 Augustus 2007**

Die Kuratorium het kennis geneem dat die gesondheidstoestand van professor Van Aarde steeds nie stabiel is nie, en dat student E. le Roux verkies is as lid van die Studenteraad en benoem is vir 'n Rhodesbeurs.

**05–06 September 2007**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om die benoeming van doktor Labuschagne as dosent in

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

Kerkgeskiedenis goed te keur en ook om sy aansoek om opheffing van sy emeritaat goed te keur.

**Jacobus Petrus Labuschagne** is gebore op 04 Januarie 1945 in Johannesburg. Sy ouers was Petrus Jacob Labuschagne en Clara Dina Magdalena Swart. Hy besoek die Laerskool Gustav Preller in Discovery en matrikuleer in 1962 aan die Florida Hoërskool. Hy het die BA, BD studie voltooi in 1968, is georden op 18 Januarie 1969 en bedien agtereenvolgens die gemeentes Kroonstad, Leeudoringstad en Alberton-Wes. In 1979 ontvang hy die graad BA Hon in Wysbegeerte met lof. In die jare 1980–1986 is hy sekretaris in kerkverband by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hy sluit sy loopbaan by die Bybelgenootskap af as streeksekretaris in die Johannesburg-streek, en na 'n tydperk van verdere studie aanvaar hy in 1987 'n beroep na Rustenburg. In 1988 promoveer hy met die proefskrif *Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologieë* onder leiding van professor A.D. Pont. Vanaf 1989 is hy tydelik-deeltydse dosent in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg. In 1997 word hy benoem as lid van die Kuratorium en in 1998 kry hy opdrag om die Teologiese Opelidingsfonds te vestig en uit te bou. Hy aanvaar vervroegde emeritaat en vestig hom in Garsfontein, Pretoria. Sy aanstelling was 'n kontrakaanstelling as tydelik-deeltydse Senior Lektor vir die tydperk 15 September 2007 tot 31 Desember 2009.

**23 September 2007**

Die 68ste Algemene Kerkvergadering het sitting geneem. Die uittredende voorsitter, professor J. Buitendag, het die openingsrede gehou na aanleiding van 2 Korintieërs 10:3–4, 17–18. As tema het hy aangekondig: 'Oor maskers, identiteit en die roeping van die kerk'. Hy het afgesluit:

Die Hervormde Kerk staan in hierdie tyd voor 'n uitdaging soos waarskynlik nog nooit tevore in ons geskiedenis nie. In haas al ons debatte die afgelope paar jaar en in soveel beskrywingspunte gaan dit ten diepste eintlik maar om die een saak, te wete ons verstaan van kerkwees. Die Hervormde Kerk se ekklesiologie is duidelik in die brandpunt.

- *Ons kan die 'eenheid' van die kerk nie verstaan asof dit net agter ons is, afgehandel en onsigbaar is nie. Eenheid is nie staties nie. Dit gebeur. En so word dit sigbaar. Meer as dit. Dit móét ook gbeur. Dit is 'n gegewe, maar tegelyk ook 'n eis.*
- *Ons kan die 'heiligheid' van die kerk nie verstaan asof dit die kerk afsonder en isoleer nie. Die heiligheid van die kerk laat ons stry teen die sonde en verdeeldheid van hierdie wêreld, laat ons bekering verkondig en laat ons uitstrek na wat voor is. Ons aanvaar die roeping om alleen die heiligheid van Gód te laat blyk en bid dat die gemarginaliseerdes van die samelewing in die kerk kan tuiskom...*
- *Ons kan die 'algemeenheid' van die kerk nie verstaan asof dit niks met die eenheid van die kerk te doen het nie. Die algemeenheid van die kerk voorkom selfgenoegsaamheid, oorstyg wêreldse grense en bind die plaaslike kerk aan die kerk van alle eeue. Dit maak die plaaslike kerk sensitief teenoor ander kerke van ander plekke en ander tye.*
- *Ons kan die 'apostolisiteit' van die kerk nie anders verstaan asof dit maar net 'n sydelingse saak is wat die kerk verrig nie. Die sending van die kerk setel in die wese van God self en soos die Vader die Seun gestuur het, so het die Seun sy dissipels gestuur en word ons ook vandag in die wêreld gestuur... Omdat die kerk op die verkondiging van profete en apostels gebou is, moet ons hierdie taak voortsit deur die evangelie publiek te maak en kerke te laat ontluik…*

*Christus is die gesig van God. En die opdrag van die kerk is nou om 'hierdie gesig' aan die wêreld te wys …*

*Soos wat 'n masker die aangesig van God kan verberg, kan dit natuurlik ook die werklike gesig van my medemens wegsteek…. Wanneer ons van aangesig tot aangesig met 'n ander verkeer... verdwyn ons selfheheptheid en agterdog en in die gesig van die ander sien ons die spore van die transendente. Dit is hier waar ons roeping lê.*

Die H.C.M. Fourie Erepenning is oorhandig aan proffesore T.F.J. Dreyer en A.G. van Aarde. Die voorsitter van die Kuratorium, doktor D.J.C. van Wyk jnr, het verwys na professor Dreyer se akademiese loopbaan as hoogleraar in die Praktiese Teologie en hoof van die HTK, sy groot invloed op die vorming van predikante en sy leierskap in die Kerk.

Wat professor Van Aarde betref, het doktor Van Wyk verwys na professor Van Aarde se skitterende akademiese loopbaan as student, dosent en navorser, sy internasionale bekendheid, sy uitbouing van die *Hervormde Teologiese Studies* tot een van die beste internasionale vaktydskrifte, sy diens en kritiese solidariteit met die Kerk.

Groeteboodskappe is oorgedra deur verteenwoordigers van die Maranatha Reformed Church of Christ (voorheen die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika), die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dominee G. van Schie van die Christian Reformed Churches in Australia, en doktor A. Boesak van die WARC.

'n Mosie van roubeklag is aanvaar met die afsterwe van 13 predikante sinds die vorige vergadering. Gelukwense is uitgespreek teenoor professor J. Buitendag wat benoem is as adjunk-dekaan van die Fakulteit Teologie en as lid van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, doktor J.P. Labuschagne wat benoem is as deeltydse lektor in Kerkgeskiedenis en professor E. van Eck wat benoem is as mede-professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap.

Akademiese prestasie van predikante is vermeld, wo 11 MA Teologie, 7 MTh, 1 MA Diakonologie, 1 MA Lettere en Wysbegeerte, 4 PhD, 2 DD, 1 DMus, 1 DTheol, 1 DLitt Grieks, en 1 MBA.

Na 'n herstemming tussen professor T.F.J. Dreyer en doktor J.M.G. Storm is professor Dreyer as voorsitter verkies. Na 'n herstemming tussen doktor J.M.G. Storm, professor E. van Eck en dominee N.J.S. Steenekamp, en 'n tweede herstemming tuusen Storm en Van Eck, is doktor J.M.G. Storm as skriba verkies. Na 'n herstemming tussen dominee A.P.J. Beukes, professor E. van Eck en doktor D.J.C. van Wyk jnr, en 'n tweede herstemming tussen Beukes en Van Wyk, is doktor D.J.C. van Wyk as visevoorsitter verkies. As vise-skriba is professor E. van Eck verkies. Dominees A.P.J. Beukes en A.C. Kuyper is as predikantlede van die Kommissie verkies.

Na lang en heftige bespreking oor ekumeniese aangeleenthede is besluit om deelname aan die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad en die Konvent van Reformatoriese Kerke voort te sit, waarnemerstatus by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke op te neem, wye en omvattende studie te doen oor die standpunte wat die Kerk in die verlede oor ekumene en lidmaatskap van ekumeniese organisasies ingeneem het en dit nuut te evalueer, voort te gaan met die gesprek met die WARC, gemeentes aangemoedig om in vennootskap met gemeentes van die MRCC missionêr uit te reik na die wêreld, en die Kommissie opdrag gegee om met die proses van gestruktureerde samewerking met die MRCC voor te gaan. Teen die laasgenoemde het doktor J.J. Steenkamp en dominee S. Visser hulle teenstem laat aanteken.

Wat die belydenis betref, is onder andere besluit dat die studie en gesprek oor die belydenis van Jesus se opstanding voortgesit word, 'n eietydse vertaling van die Belydenisskrifte voortgesit word saam met die TKR, die studie oor die descensus in die Apostolicum en Athanasianum voortgesit word, en 'n Komitee vir Kerk en Teologie tot stand gebring word. 'n Hersiene Diensboek is aanvaar. Wisselformuliere vir Nagmaal, Doop, Bevestiging van ouderlinge en diakens, Huwelik en Aflegging van belydenis van geloof is aanvaar.

Na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Ring van Swellendam oor die werksaamhede van die H.C.M. Fourie-stigting, is besluit:

> *In die Kerk word steeds ruimte geskep vir verskillende standpunte. Daar is egter nie binne die Kerk ruimte vir modaliteite nie.*
> *Die vergadering neem kennis van die kommer van lede van die HCM Fourie Stigting. Die Stigting word versoek om ook kennis te neem van die kommer van die vergadering oor die werksaamhede van die Stigting.*
> *Aangesien die Kerk lankal reeds afskeid geneem het van rasmatigheid, kan geen rasseskeiding gepropageer word deur ampsdraers en lidmate van die Kerk, waarby die Kerk betrek word nie.*
> *Die HCM Fourie Stigting word dringend versoek om te ontbind.*

Die vergadering het na inligting oor moontlike scenarios oor teologiese opleiding besluit om die status quo te handhaaf, naamlik opleiding aan die Universiteit van Pretoria met die HTK wat spesifieke sake hanteer. Verslae van die Fakulteit, HTK en *Hervormde Teologiese Studies* en die Teologiese Opleidingsfonds is behandel en daar is kennis geneem dat dit voorspoedig gaan. 'n Begroting van R2 967 077 vir Teologiese Opleiding is aanvaar.

As lede van die Kuratorium is verkies doktore J. Otto, G.C. Lindeque, B.J. van Wyk, dominees L. Geel, W.J.J. Kok, proffesore A.P.B. Breytenbach en P.A. Geyser. Tydens die vergadering is as voorsitter doktor J. Otto, as vise-voorsitter doktor G.C. Lindeque en as dagbestuurslede dominee L. Geel en doktor B.J. van Wyk verkies.

Op 27 September 2007 is tydens die aandsitting van die Algemene Kerkvergadering die Toekenning vir Besondere Diens gemaak aan dominee C.L. Badenhorst vir sy verdienstelike werk ten opsigte van die Raad van Finansies, die Pensioenraad en die Sakebedrywe.

Die vergadering het as Engelse vertaling van die naam van die Kerk aanvaar: *Netherdutch Reformed Church in Africa*.

### 08–09 November 2007

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering neem kennis van dokumentasie oor 'n lastereis van professor A.D. Pont teen professor A.G. van Aarde.

## ∽ 2008

### 16 Januarie 2008

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys 'n beswaar van ouderling A.J.P. Burger teen professor Y. Dreyer in verband met 'n skrywe van haar in *Beeld* 26 November 2007 oor die Algemene Kerkvergadering se hantering van die *gay* vraagstuk, na die Ouderlingvergadering van die Nederlandssprekende Gemeente.

### 03 Februarie 2008

Die Afrikaanse Bybel vir Dowes word bekendgestel in die kerkgebou van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Worcester De la Bat op die terrein van die Skool vir Dowes in Worcester, in 'n erediens waarin dominee S.W. Viljoen die verwelkoming en Skriflesing gedoen het en J.P. Oberholzer die prediking. Die Uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap, dominee Gerrtit Kritzinger het eksemplare oorhandig aan die vertalers en aan verteenwoordigers van gemeentes vir dowes. Die vertaling is afgehandel van 17 Januarie 1997 tot 08 September 2005. Vertalers was J.P. Oberholzer Ou Testament, met adviseur doktor C. van der Merwe van Stellenbosch, Nuwe Testament proffesore H.J.B. Combrink van Stellenbosch, H.C. van Zyl en F. Tolmie van Bloemfontein. Die dowetaalkundiges was doktor R. Hough, predikant van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente De la Bat vir Dowes in Bellville en mejuffrou Elmine Roux, wat haar hele loopbaan as onderwyseres in Afrikaans aan die Skool vir Dowes op Worcester deurgebring het. Die advies van dowe persone is ook telkens ingewin.

### 08 Februarie 2008

Die Universiteit van Pretoria vier sy eeufees met 'n akademiese prosessie, groeteboodskappe, musiek en 'n onthaal. *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 64 aflewering 1 is 'n feesbundel wat die honderdjarige bestaan van die Universiteit vier. Dit is opgedra aan die vise-rektor gemoeid met Teologie, professor C.R. de Beer. Die huldigingsvoorwoord is geskryf deur die Adjunk-dekaan, professor J. Buitendag, en die gelukwense van die Kerk deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, professor T.F.J. Dreyer. Geleentheidsartikels is "n Oorsig oor die geskiedenis en beplanning van die tydskrifte *Hervormde Teologiese Studies* en *Verbum et Ecclesia*' deur proffesore A.G. van Aarde en D.J. Human, '*The contribution of the Netherdutch Reformed Church of Africa (NHKA) to theological training at the TUC*', deur professor P.J. van der Merwe, '*Early Presbyterian influences at the University of Pretoria*' deur professor G.A. Duncan, en '*Voices carry: An archaeology of the Hervormd approach*' deur doktor Johan Beukes. Die laasgenoemde artikel gee 'n indringende ontleding van die teologiese benaderings en aksente in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

### 26 Februarie 2008

Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat A.G. van Aarde aangestel is as honorêre professor in die Fakulteit Teologie en dat hy die Pieter van Drimmelenprys van die Suid-Afrikaanse Akademie sal ontvang. Kennis is ook geneem dat die foto's van vroeëre dosente verklein is en aangebring is in die Van Selms Leeskamer. Besluit is dat die feesbundel van *Hervormde Teologiese Studies* aan professor C.R. de Beer opgedra en op 09 Junie 2008 aan hom oorhandig sal word.

### 06–07 Maart 2008

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het sekunduslede vir die Kuratorium benoem op voorstel van die Kuratorium. Benoem is professor A.G. van Aarde, dominees S. Hoffman snr, J.F. van der Merwe, G. van R Els, ouderling B. Bierman, doktore G.M.J. van Wyk, H.J. Botes en C.J. Beukes. By die legitimasieplegtigheid is kennis geneem dat die Kuratoriumprys toegeken is aan proponent C.P. van der Walt en al die ander pryse aan Tanya van Wyk. Hulle het ook altwee die MDiv graad met lof ontvang.

Die Kommissie het as onderhandelingspan met die Universiteit benoem professor T.F.J. Dreyer, doktor D.J.C. van Wyk jnr, doktor J. Otto, professore J. Buitendag en E. van Eck.

Die Kommissie het ook kennis geneem dat dominee P.J. van der Merwe 'n lastereis teen doktor J.C. van der Merwe wil instel en het besluit:

> *Die Kommissie neem met leedwese en hartseer kennis dat predikante van die Kerk lasteraksies teen kollegas beoog deur*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*hulle tot die gereg te wend om uitsluitsel te bereik en in die proses die kerklike weë te ignorer.*

**11 Maart 2008**

Die Kuratorium het kennis geneem dat professor A.G. van Aarde aangestel is as honorêre professor en hy is uitgenooi om vergaderings by te woon. Besluit is om doktor Paul de Beer te versoek om die geskiedenis van die Kuratorium, wat in 2009 honderd jaar sal bestaan, te boekstaaf. Kennis is geneem van die studieresultate van Zelda Kotze en Dirk Labuschagne in Wenen, en dat Elritia le Roux en Lisa-Mari Swanepoel gekeur is om na Wenen te gaan. Kennis is geneem dat by die legitimasieplegtigheid op 06 Maart 2008 toekennings gemaak is van die Kuratoriumprys (gedeel), die B. Gemserprys, die W.P. Brouwerprys, die P.J. Mullerprysa, die J.I. de Wetprys, die H.P. Wolmaransprys en die Greyvensteinprys aan Tanya van Wyk, die Kuratoriumprys (gedeel) en die Cules Boshoff Erepenning aan Larry van der Walt. Voorbereiding is gedoen vir die werkwinkel oor die toekoms van die Fakulteit op 29 Mei 2008.

**26 Maart 2008**

As deel van sy eeufeesviering vereer die Universiteit van Pretoria, 100 van die grootste presteerders op akademiese gebied wat aan die Universiteit van Pretoria verbonde was. Onder hulle is professore B. Gemser, A. van Selms en J.A. Loader. 'Afgesien van oorspronklike navorsing en publikasies van elke kandidaat, is ook gelet op die persoon se wetenskaplike impak en internasionale aansien.' *Die Hervormer* van Mei 2008 berig: 'Die Kerk is trots op professor Loader en sy twee voorgangers – Aldrie Hebraici en Ou-Testamentici en boonop verteenwoordigers van die sogenaamde Etiese Teologie ...' Op dieselfde bladsy berig *Die Hervormer* dat professor A.G. van Aarde dié Pieter van Drimmelenmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sal ontvang en word daarby vermeld dat hy reeds by vyf geleenthede deur die Universiteit as uitnemende presteerder bekroon is.

**20 Mei 2008**

Die Kuratorium het kennis geneem dat professor P.J. van der Merwe behandeling ontvang het vir sy hartare. Doktor B.J. van Wyk is benoem as sekretaris van die Teologiese Opleidingsfonds Uit jaarverslag van die Fonds blyk dat meer as R3 miljoen beskikbaar is. Op aanbeveling van die Evaluasiekomitee is 16 matrikulante en nege BTh-graad studente gekeur met beurslenings.

**05–06 Junie 2008**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat hy die saak tussen A.D. Pont en A.G. van Aarde as afgehandel beskou en versoek professor T.F.J. Dreyer en doktor J.M.G. Storm om op dieselfde wyse as bemiddelaars op te tree in die saak tussen dominee P.J. van der Merwe en doktor J.C. van der Merwe.

**15 Julie 2008**

Die Dosentevergadering neem kennis van aantygings van doktor J.H. Breytenbach in 'n memorandum oor Skrifinterpretasie en in die motivering van 'n beskrywingspunt van die NHSV Premiermyn vir die NHSV kongres. Hy besluit om teenoor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sy misnoeë hieroor uit te spreek. Die vergadering het ook aandag gegee aan dokumente wat na hom verwys is en hy het sy bereidwilligheid verklaar om met doktor D.J.C. van Wyk snr in gesprek te tree oor 'sake waaroor daar onrus in die kerk bestaan.'

**19 Augustus 2008**

Die Kuratorium het kennis geneem dat J.P. Oberholzer aangewys is as projekleier in verband met die eeufees van die Kuratorium (nadat doktor Paul de Beer nie die opdrag wou aanvaar nie). Dit is besluit dat dit verkieslik 'n gedenkalbum sal wees, dat die dagbestuur die saak verder sal bestuur en dat die span uitgebrei en kundiges betrek sal word. Na aanleiding van die verslag van die Evalueringskomitee se werkwinkel op 30 Julie 2008 is onder andere besluit dat aandag gegee moet word aan die verskynsel van agressie by studente. Verslag is steeds ontvang van die kerklike meelewing van teologiese studente en van voogdosente

**29–31 Augustus 2008**

Die 75ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans is in Bloemfontein gevier by wyse van 'n simposium oor Bybelvertaling, 'n feesdinee en 'n erediens die Sondag gelei deur die uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, dominee Gerrit Kritzinger. Twee lede van die Eindredaksie van die 1983-vertaling, J.L. Helberg en J.P. Oberholzer, was teenwoordig.

**11–12 September 2008**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit na aanleiding van die skrywe van die Dosentevergadering:

> *Die Kommissie sal so ver moontlik poog om verdagmaking teen die teologiese fakulteit teen te werk. Die saak is onder meer reeds deur die voorsitter met die NHSV opgeneem. Die aangeleentheid word by die beplande opedag as agendapunt opgeneem vir bespreking. Die Dosentevergadering word versoek om die saak na die Fakulteitsraad te verwys vir bespreking.*

Wat betref die skrywe van doktor D.J.C. van Wyk snr het die Kommissie versoek dat die Dosentevergadering met hom daaroor in gesprek tree.

Die Kommissie het verder besluit om die Redaksie van *Hervormde Teologiese Studies* geluk te wens met die akkreditasie van die tydskrif as 'n ISI (International Scientific Index) publikasie.

**06 Oktober 2008**

Die Hervormde Dosentevergadering neem kennis dat professor J. Buitendag aangestel is as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.

**18 November 2008**

Die Kuratorium het professor L. van den Brom verwelkom, professor in Dogmatiek en Christelike Etiek in Utrecht. Professor J. Buitendag is gelukgewens met sy aanstelling as departementshoof en doktor G.C. Lindeque met sy aanstelling as redakteur van *Die Hervormer*. Kennis is geneem van die verslag oor die HTK vir die tydperk 01 Maart 2007 tot 31 September 2008 en van enkele veranderings in personeel en die inhoud. Uit die verslag van *Hervormde Teologiese Studies* het geblyk dat van 2007 af die tydskrif deur International Scientific Information geakkrediteer is en dat gevolglik alle artikels wat van 2007 af gepubliseer word, geabstraheer en geïndekseer word deur Thomson Reuters. Kontrakte is gesluit vir die elektroniese beskikbaarstelling van artikels. Die Kerk het in 2008, R416 612 bewillig vir produksiekoste en instandhouding van die infrastruktuur. Die vergadering het kennis geneem dat vanaf 2009 *Hervormde Teologiese Studies* elektronies aanlyn sal verskyn.

## 2009

**01 Februarie 2009**

Professor P.A. Geyser ontvang kerklike emeritaat by geleentheid van 'n erediens wat deur hom gelei is, in Pretoria-Oos. Die akte is oorhandig deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, professor T.F.J. Dreyer. Professor Geyser het na sewejarige diens in die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap ook nog vyf

jaar lank gedien in die Departement Bybel- en Godsdienskunde. Hy het sy herdersloopbaan afgesluit met twee jaar deeltydse bediening in Pretoria-Oos en het daarna die gemeente bly versorg totdat 'n opvolger vir doktor Hennie van Deventer, wat emeritaat aanvaar het, bevestig is.

**Maart 2009**

*Konteks* dra 'n bylaag oor 'Die Kuratorium 1909–2009 eenhonderd jaar' met boodskappe van die voorsitters van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium, artikels oor 'Die Kuratorium', 'Die debat in 1909', 'Van Kweekskool tot Fakulteit', 'Die voorkeur: Universiteit of kweekskool', asook foto's.

**02 Maart 2009**

In dieselfde jaar waarin die honderdjarige bestaan van die Kuratorium herdenk word, het die tydskrif van die Fakulteit, *Hervormde Teologiese Studies*, nou HTS Teologiese Studies/ Theological Studies, 'n aanlyn tydskrif geword (sien http://www.hts.org.za). Hierdie tydskrif het, hoofsaaklik deur die bestuur en dryfkrag van professor A.G. van Aarde, gevestig geraak as 'n wêreldbekende en gerekende teologiese tydskrif met 'n aansienlike getal buitelandse medewerkers. Dit was egter die fakulteitslede, voltyds sowel as deeltyds, wat die meeste gedoen het om gereelde verskyning moontlik te maak, van hierdie fakulteitslede het artikels gelewer lank voordat hulle tot die Fakulteit toegetree het.

Fakulteitslede en hul bydraes tot die tydskrif word as volg opgesom:

11 jaargange: Y. Dreyer (30 bydraes), M.J. du P. Beukes (22 bydraes), D.J.C. van Wyk (19 bydraes), J.A. Loader (18 bydraes), H.G. van der Westhuizen (18 bydraes), E. van Eck (18 bydraes), P.S. Dreyer (17 bydraes), P.J.T. Koekemoer (16 bydraes), J.J. Engelbrecht (14 bydraes), P.A. Geyser (13 bydraes), L.C. Bezuidenhout (11 bydraes), G.C. Velthuysen (11 bydraes)
16 jaargange: Van Selms (26 bydraes), A.S. Geyser (19 bydraes), E.S. Mulder (9 bydraes)
17 jaargange: S.P. Engelbrecht (33 bydraes), Gemser (26 bydraes), J.I. de Wet (17 bydraes)
21 jaargange: A.P.B. Breytenbach (22 bydraes)
23 jaargange: J. Buitendag (19 bydraes)
25 jaargange: P.J. van der Merwe (17 bydraes), S.P.J.J. van Rensburg (7 bydraes), T.F.J. Dreyer (25 bydraes)
31 jaargange: A.G. van Aarde (78 bydraes)
34 jaargange: J.H. Koekemoer (23 bydraes)
38 jaargange: J.P. Oberholzer (38 bydraes)
40 jaargange: S.J. Botha (31 bydraes)
41 jaargange: B.J. Engelbrecht (34 bydraes)
47 jaargange: A.D. Pont (75 bydraes)
54 jaargange: F.J. van Zyl (25 bydraes)

Nog bydraes het gekom van Greyvenstein (3 bydraes), Rautenbach (3 bydraes), en H.P. Wolmarans (4 bydraes). Elk van hierdie bydraes het gehelp om die tydskrif in stand te hou.

Wat die verskillende departemente betref, was die bydrae van die kant van Ou Testamentiese Wetenskap die grootste, naamlik 193, gevolg deur Kerkgeskiedenis 171, Nuwe Testamentiese Wetenskap 170, Dogmatiek en Christelike Etiek 116, Praktiese Teologie 103 en Godsdiens- en Sendingwetenskap 78.

Deur die jare het nuwe onderwerpe bygekom en uitdrukkings soos Eksistensieteologie, Swart Teologie, Nuwe Teologie, Postliberale teologie, Postmodernisme, Publieke teologie, Dekonstruksie, Ekologie, Aktante, Belangeruimte, Intertekstualiteit, Narratief-kritiese eksegese, Oraliteit, Sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegese, Sosiaal-retoriese interpretasie, Vertelde ruimte en koddige samestellings soos Andogogie, Heteronormatiwiteit, Homofobie en Sarkofobie het hulle verskyning gemaak. Onder die mees behandelde temas in die tydskrif is Prediking, Hermeneutiek en Kanon. Van besondere waarde is die biografiese materiaal wat van die eerste aflewering af plek gekry het en 'n waardevolle naslaanbron geword het.

Die Hervormde Dosentevergadering het op 02 Maart 2009 vir professor Y. Dreyer aangewys as assosiaat-redakteur, vir professor G. Duncan op die kernredaksie benoem en vier internasionale akademici as redaksielede benoem.

**05 Mei 2009**

'n Oop gesprek, gereël deur die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat en die HTK, vind plaas in die kerkgebou van Montana. Doktor D.J.C. van Wyk snr het 'n inleiding gelewer oor skuldbelydenis ten opsigte van apartheid, professor P.A. Geyser oor kerkeenheid en die verhouding met die MRCC en J.P. Oberholzer oor die volkskerk-gedagte. Die Suid-Afrikaanse koerant, *Beeld* het 'n berig gehad oor die toesprake van Van Wyk en Geyser, maar dié van Oberholzer 'verswyg'. [Afgesien hiervan, was die dag vir skrywer hiervan 'n groot teleurstelling wat betref die kleingroepbespreking oor volkskerk. Dit was pynlik om 'n ouderling te hoor verwys na die bepaling in Deuteronomium 23:2 soos dit voorkom in die 1933–1953 vertaling, en 'n ander ouderling na Matteus 15:24 as regverdiging van die volkskerkgedagte, en dan ook nog 'n jong predikant wat aangevoer het dat in Handelinge 2:5–11 na talle verskillende volke verwys word. Dit het geïllustreer dat misbruik van die Bybel steeds 'n skrikwekkende werklikheid is en bowendien dat die volkskerk in bepaalde kerklike kringe bloot maar 'n vervanging van art III is, verstaan as 'n uitsluit-artikel]

**08 Julie 2009**

Die nuutste ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria word geteken deur die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, professor T.F.J. Dreyer en die viserektor van die Universiteit, professor C.R. de Beer. Die 'migrasietydperk' was verby en hierdie ooreenkoms vertoon dan ook aanmerklike verskille met die voriges. Die belangrikste daarvan is die volgende:

> *Die kerntaak van die Fakulteit is die beoefening van die teologiese wetenskap.*
> *Die konteks waarin die Fakulteit sy kerntaak uitvoer, is die strategiese plan van die Universiteit en die samewerkingsraamwerk geskep deur hierdie ooreenkoms en dié met ander kerklike vennote.*
> *Die Fakulteit is veelkerklik...*
> *Die Fakulteit bedryf tans 'n interdissiplinêre program in Godsdiensstudies (Bybel- en Godsdienskunde)...*
> *Kerkeie programme, waarby voortgesette kerklike opleiding ingesluit is, vorm nie deel van die formele akadmiese program van die Fakulteit nie. Die Kerk onderhandel 'n ooreenkoms met die Universiteit om 'n institusionele struktuur aan die Universiteit te vestig, wat op eie koste die kerkeie program behartig. Dit kan ook dien ter ondersteuning en aanvulling van die progamme van die Fakulteit.*
> *Die Dekaan en die Adjunkdekaan(e) van die Fakulteit word ingevolge die toepaslike reglement van die Universiteit van Pretoria aangewys, met dien verstande dat lidmaatskap en legitimasie van 'n kerklike vennoot nie as vereiste vir die aanstelling gestel word nie en met dien verstande verder dat vermelde ampsdraers van verskillende kerklike groeperinge moet wees.*
> *Die hoof van die HTK of sy/haar verteenwoordiger, het sitting op die Algemene Dosenteraad.*
> *Die rol van die Ekumeniese Adviesraad is om die kerklike vennote, vanuit die onderskeie kerklike perspektiewe en met inagneming van die verwagtinge van die kerklike vennote ten aansien van*

HTS Teologiese Studies/Theological Studies Article #110

*predikantsopleiding, inspraak te gee in die samestelling en inhoud van formele opleidingsprogramme van die Fakulteit die ekumeniese gesprek tussen kerklike vennote onderling asook met ander rolspelers te fasiliteer ten einde wesenlike inhoud te gee aan die veelkerklikheid en toeganklikheid van die Fakulteit.*

*Die werkswyse en funksionering van die Ekumeniese Adviesraad word deur die Adviesraad self bepaal ...*

*Vyf poste word aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingevolge hierdie ooreenkoms toegeken… met dien verstand dat die partye op grond van 'n wesenlike verandering van die studenteprofiel en/of hulpbronvoorsiening op 'n wysiging van die aantal toegekende poste kan ooreenkom.*

*Die persoon wat deur die Kerk aangestel word as hoof van die HTK moet volgens die betrokke reglement van die Universiteit aanstelbaar wees op minstens die vlak van senior lektor. Buitengewone of honorêre aanstelling van die hoof van die HTK kan op versoek van die NHKA en met die ondersteuning van die Fakulteitskeurkomitee deur die Dekaan of Senior Aanstellingskomitee van die Universiteit, na gelang van die geval, gemaak word ingevolge die toepaslike reglement en aanstellingskriteria van die Universiteit.*

*Die Universiteit kan geakkrediteerde personeel verbonde aan die kerkeie opleidingsinstansie aanstel om goedgekeurde kursusse in die akademiese program aan te bied, met dien verstande dat die aanstelling van sodanige peosneel slegs geskied met die goekeuring van die NHKA...*

*Die partye kom ooreen dat ten opsigte van die poste (aan die Kerk toegeken) vir die duur van hierdie ooeenkoms, die Universiteit 70% en die Kerk 30% van die uitgawes daaraan verbonde sal finansier...*

*Partye kom ooreen dat die voorbestaan van die vakwetenskaplike tydskrifte Hervormde Teologiese Studies en Verbum et Ecclesia in wedersydse belang is en die voortbestaan daarvan afhanklik is van die voortgesette finansiële ondersteuning van die Universiteit. Hierdie ooreenkoms tree in werking op 1 Januarie 2010 en kan beëindig word deur enige van die partye met drie jaar kennisgewing, met inagneming van bestaande dosente se diensooreenkomste met die Universiteit.*

**09 September 2009**

Tydens die Predikantevergadering oorhandig doktor D.J.C. van Wyk jnr namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n oorkonde aan J.P. Oberholzer waarin veral sy werk aan Bybelvertaling beklemtoon word. Tydens 'n middag-ete saam met die Kommissie die volgende dag het professor A.P.B. Breytenbach 'n oorsig gegee van Oberholzer se lewe en werk en het die Kommissie aan hom 'n geskenk oorhandig.

**11 September 2009**

Professor P.J. van der Merwe ontvang kerklike emeritaat by 'n aansit geleentheid (middag-ete) saam met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die akte is op sy versoek aan hom oorhandig deur J.P. Oberholzer, wat 'n oorsig gegee het van sy diens in die Fakulteit en Kerk. Met sy toetrede as opvolger van professor F.J. van Zyl, het Van der Merwe na sy 7 jaar diens in die Fakulteit Teologie van UNISA kennis en vaardighede saamgebring wat die opleiding ten goede gekom het. Boonop het hy die Diploma in Tersiêre Onderwys verwerf en hom voluit op hoogte gebring van die terrein van voorgraadse en nagraadse onderrig. Hy het die leiding geneem met kurrikulumontwerp en die oorgang vanaf diktaatlesings na kernaantekeninge en studieleiding. As sekretaris van die Dosentevergadering van 1987 af het hy die ordelike en goeie voortgang van die werk in die Fakulteit begelei. Hy was 'n bedrewe akademikus en 'n kenner van sy vak, maar sy ingebore nederigheid het hy nooit verloor nie. Na 'n lewe as vrygesel staan hy nou op troue en wens die Kerk hom en sy aanstaande vrou geluk en seën toe.

**Oktober 2009**

In *Konteks* verskyn in die rubriek, In gesprek, 'n artikel 'Die essensie van professor Bart Oberholzer' deur Louise Geyser, asook 'Die vertaling van die Bybel vir Dowes' waarin opgeneem is 'n weergawe van professor F. Tolmie oor Oberholzer se aandeel aan die vertaling.

**05 November 2009**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem doktor Jaco Beyers vir 'n permanent-voltydse aanstelling in Godsdiens- en Sendingwetenskap in die plek van professor P.J. van der Merwe. Doktor Beyers het om finansiële redes nie die pos aanvaar nie. Doktor W.A. Dreyer word benoem vir die deeltydse termynpos in Kerkgeskiedenis in die plek van doktor J.P. Labuschagne.

**Willem Akkerhuys Dreyer** is gebore op 09 Oktober 1958 as jongste kind van professor Petrus Secundus Dreyer en Maria Levina Akkerhuys. Hy gaan skool in die Laerskool Pretoria-Oos en Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en matrikuleer in 1976 met onderskeiding in Engels. Hy voltooi die BA-studie in 1979, tree in die huwelik met Gertruida Johanna Jacobs in 1980, voltooi BA Hons in Wysbegeerte in 1981 en BD in 1982. Hy het erekleure vir akademie en sport verwerf en hom besonderlik onderskei in die skermkuns. Hy ontvang 'n eretoekenning van die Internasionale Olimpiese Komitee ('For a remarkable contribution to the development of sport and olympism and the promotion of friendship and solidarity amongst peoples'), Hy word georden op 24 April 1983 waarna hy die gemeentes Magaliesmoot, Vliegepoort, Balfour en Horison bedien. Hy promoveer in 1995 met die proefskrif Kerk, Volk en Owerheid - 'n Hervormde Perspektief onder leiding van professor A.D. Pont, en ontvang die S.P. Engelbrecht Erepenning in 1996. Van 1995 tot 2001 is hy lid van die Kuratorium, waar hy van 1998 af as voorsitter van die Evaluasiekomitee gedien het. In November 1999 bring hy 'n besoek aan die Wereldraad van Kerke in Geneve. In die jare 1996–2001 is hy redakteur van *Die Hervormer*, en in 2001–2005 voorsitter van die werkgroep Kerkgeskiedenis. Van 1995 tot 2005 is hy deeltydse dosent in Kerkgeskiedenis, van 2001 af in die HTK en van 2005 af in die AIM. Hy neem in 2000 deel aan die Internasionale Kongres vir Geskiedenis in Oslo, die Werkwinkel van die Kerkhistoriese Instituut van Zurich, en die Kerkhistoriese Instituut van Geneve. In 2005 word hy benoem in die voltydse pos Sekretaris vir Apostolaat. In 2007 besoek hy ook die werkwinkel Kerk in Actie, en die werkwinkel Kraemer Sendinginstituut in Utrecht. Hy was vise-skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 2001 tot 2003 en skriba van 2004 tot 2007. Teen die tyd van sy benoeming was hy 'n leidende en gerespekteerde dienaar van die Woord en akademikus met talle publikasies onder sy naam.

**06 November 2009**

Die Fakulteit neem afskeid van professor P.J. van der Merwe by 'n aansit geleentheid (middag-ete) in die ou Klubsaal, waar die adjunk-dekaan en dekaan die woord aanvoer. Die geleentheid is deur fakulteitslede, die professor se verloofde en 'n paar persoonlike gaste bygewoon waar 'n geskenk aan professor Van der Merwe oorhandig is.

**Desember 2009**

Volgens die opgawes van die kantoor van die skriba van die Algemene Kerkvergadering vir die Almaaak 2010 was daar 343 predikante en 7 dosente werksaam. Van hulle was 203 in volsorg standplase, 28 in deelsorg standplase en 51 in deeltydse bediening. Ses was in benoemde poste, ses in standplase met besondere opdrag, vyf in administratiewe poste, twee besig met

Article #110 HTS Teologiese Studies/Theological Studies

verdere studie en twee met preekvergunning. Tien was in die buiteland met behoud van ampsvoorreg. In vergelyking met hulle manlikke kollegas was die 61 vroulike predikante in 'n minder gunstige posisie. Nege was in volsorg standplase, elf in deelsorg, 19 in deeltydse en twee in benoemde poste. Dertien was beroepafwagtend. Een was 'n predikant met besondere opdrag en vier was in die buiteland.

*Sinds* die begin (1916–2009) van Teologiese opleiding, was daar 1208 inskrywings en 696 wat die studie suksesvol voltooi het, 'n iets meer as 57%. 'n Sorgwekkende verskynsel is die verlies aan predikante nadat hulle vir korter of langer duur in die bediening is, tot op hede het 117 predikante die bediening verlaat, waarvan die redes strek van (1) ontheffing, (2) verandering van lewenstaat en (3) oorgang na 'n ander kerk.

# BYLAAG I
## PERSONE WAT DIE STUDIE VOLTOOI HET 1916–2003

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Bylaag I Persone wat die studie voltooi het 1916–2003', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #947, 6 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i3.947

Alberts A.N.J.D. 1950–1957
Alberts L.C. 1982–1988
Alberts N.M. 1983–1988
Alberts P.P.H. 1983–1988
Aldrich C. 2000–2005
Antonites A.J. 1971–1977
Aucamp H. 1977–1982
Ayres J. 1978–1983
Bacon M. 1980–1987
Badenhorst C.L. 1960–1966
Barkhuizen J.H. 1985–1991
Barnard A. 1977–1983
Barnard D. 1982–1988
Barnard J.J. 1982–1988
Barnard W.H. 1979–1985
Basson M.M.J. 1987–1993
Benade I.L. 1977–1985
Bester J.P. 1982–1988
Beukes A.P.J. 1968–1974
Beukes C.J. 1986–1991
Beukes D.W. 1980–1986
Beukes G.F.J. 1992–1997
Beukes J.A. 1969–1974
Beukes M.E. 1981–1986
Beukes M.J. du P. 1960–1965
Beukes S.A. 1998–2003
Beyers J. 1989–1994
Beytell F. 1961–1968
Bezuidenhout C.J. 1981–1986
Bezuidenhout J.S. 1982–1987
Bezuidenhout L.C. 1973–1978
Bezuidenhout W.J. 1957–1961
Bezuidenhout W.J. 1972–1977
Bierman P.J.L. 1929–1936
Bierman P.W.A. 1931–1937
Blaauw S.J. 1985–1990
Blaauw (Rankin) A. 1982–1989
Blignaut D.1969–1976
Blignaut J.P.B. 1957–1964
Bloem G.N. 1962–1967
Bolsenbroek H.J. 1961–1968
Booy G.M. 1958–1961
Booyse J.J. 1952–1957
Booysen D.J. 1953–1958
Booysen F.J.Z. 1926–1931
Booysen P.J. 1932–1937
Boshoff F.J. 1965–1971
Boshoff H.J. 1998–2003
Boshoff P.B. 1969–1974
Botes H.J. 1967–1973
Botes M.C.E. 1975–1983
Botha A. 1997–2002
Botha A.D. 1946–1949,1957–1970
Botha C.G. 1942–1948
Botha C.J. 1956–1969
Botha D. 1987–1992
Botha G.S. 1980–1985
Botha G.S. 1989–1994
Botha H.N. 1958–1964
Botha J.H. 1998–2003
Botha J.S. 1984–1991
Botha M. 1998–2003
Botha P.H. 1978–1983
Botha P.J. 1991–1996
Botha P.J.E. 1980–1985
Botha R. 1989–1996
Botha R.P. 1945–1952
Botha R.P. 1973–1978
Botha S.J. 1955–1960
Botha T.J. 1960–1975
Botha T.L. 1965–1975
Botha W.A. 1994 –1999
Botha W.J. 1983–1988
Bothma M.A. 1980–1985
Brand J.H. 1964–1969
Brandt A. 1928–1934
Brayshaw N.C.J. 1956–1963
Breedt H.J.M. 1987–1992
Breedt J.J.G. 1968–1975
Breedt L.A. 1962–1967
Breytenbach A.P.B. 1963–1968
Breytenbach J. 1954–1959
Breytenbach J.H. 1961–1966
Breytenbach J.H. 1970–1975
Breytenbach J.H. 2001–2007
Breytenbach W.J.M. 1979–1985
Britz J.Z. 1986–1991
Broodryk J.P. 1978–1982
Buitendag F.J.H. 1949–1955
Buitendag J. 1972–1977
Buitendag P. 1975–1980
Buitendag P.R. 1970–1977
Buitenweg N.H. 1947–1952
Calitz H.W. 1999–2003
Carelsen (Kruger) M. 1988–1993
Celliers A.J. 1975–1980
Celliers H.J. 1985–1990
Cilliers P.J. 1970–1975
Claassens D.J. 1962–1969
Coertze R.J. 1969–1976
Coetzee G.C. 1928–1933
Coetzee H.C. 1964–1969

Article #947
HTS Teologiese Studies/Theological Studies

Coetzee J. 1969–1976
Coetzee J.J. 1955–1960
Coetzer W.J. 1973–1981
Conradie A. 1990–1995
Conradie A.J. 1957–1963
Conradie H. 1984–1991
Cornelius E.M. 1986–1991
Cornelius J.M.J. 1984–1990
Cronje J. 1978–1984
Cronje R. 1956–1961
Da Silva A.A. 1961–1966
De Beer G.S. 1979–1984
De Beer J.A. 1956–1962
De Beer J.M.C. 1977–1982
De Beer P.J. 1959–1968
De Beer P.S. 1973–1981
De Beer S.J. 1963–1968
De Beer (Smith) S.M. 1988–1995
De Beer W.C.M. 1956–1961
De Bruin C.J. 1990–1995
De Kock P. 1977–1982
De Lange J.C. 1948–1953
De Leeuw L.J. 1999–2003
De Wet J.I. 1944–1950
De Wet J.M.J. 1966–1979
Delport J.M. 1970 – 1977
Delport M. 1999–2004
Denton R.A. 1987–1994
Dippenaar J.S. 1994–1999
Dippenaar (Van Wyk) J. 1996–2001
Dreyer A.J.G. 1952–1957
Dreyer D.J. 1945–1958
Dreyer H.M.E. 1942–1947
Dreyer J.G.M. 1918–1922
Dreyer J.G.M. 1963–1968
Dreyer J.J. 1978–1984
Dreyer P.S. 1938–1943
Dreyer T.F. 1940–1946
Dreyer T.F. 1974–1980
Dreyer T.F. 1995–2000
Dreyer T.F.J. 1918–1922
Dreyer T.F.J. 1950–1955
Dreyer T.F.J. 1964–1969
Dreyer W.A. 1977–1982
Dreyer Y. 1975–1980
Dreyer-Kruger A.E. 1999–2004
Du Plessis C.H. 1973–1978
Du Plessis D.Z. 1972–1981
Du Plessis J.C. 1931–1936
Du Plessis J.G. 1954–1959
Du Plessis P.J. 1978–1984
Du Plessis-Manders M.M. 2001–2006
Du Plooy J.J.C. 1959–1966
Du Preez A. 1988–1992
Du Preez J.P. 1989–1995
Du Toit D.J.A.G. 1943–1948
Du Toit J.J. 1956–1962
Dupper B.M. 1972–1984
Duvenhage P.W. 1979–1988
Dykema W. 2003–2008

Eckard (Bester) P. 1986–1991
Eckard E.C. 1981–1987
Eksteen P. 1996–2001
Els G. van R. 1971–1977
Engelbrecht B.J. 1941–1946
Engelbrecht B.M. 1990–1995
Engelbrecht E. 1956–1961
Engelbrecht E.H.J. 1983–1988
Engelbrecht F.J. 1946–1951
Engelbrecht H.A.T. 1984–
Engelbrecht J.J. 1928–1933
Engelbrecht J.J. 1952–1957
Engelbrecht J.J.H. 1968–1973
Engelbrecht W.J. 1941–1947
Enslin C.B. 1983–1988
Erasmus B.J. 1966–1971
Erasmus D.F. 1953–1956
Erasmus N.J. 1988–1993
Esterhuizen P.S. 1976–1982
Evert F. 1980–1985
Ferreira I.W. 1973–1978
Fouche M.J. 1976–1983
Fourie E.G. 1976–1982
Fourie J.M. 1945–1951
Fourie J.M. 1978–1983
Fourie J.P.J. 1967–1973
Furstenberg P. De K. 1999–2005
Gasson (Gross) M.M. 2001–2006
Geel L. 1981–1986
Geyer A. 1993–1999
Geyser A. 1988–1993
Geyser-Fouche A.B. –1996
Geyser A.S. 1935–1940
Geyser H.J. 1935–1940
Geyser P.A. 1962–1967
Golden S.G.A. 1959–1966
Gothan H.F. 1973–1980
Greeff F.C. 1997–2002
Greyling A.M. 1987–1991
Greyling B.F. 1977–1983
Greyling J.J. 1986–1991
Greyling J.J. 1995–2000
Grobler G.J. 1985–1990
Grobler G.P.J. 1930–1935
Grobler G.P.J. 1962–1968
Grobler H.K. 1985–1992
Grobler J.D. 1968–1977
Grobler M.M. 1921–1926
Grobler M.S. 1946–1951
Grobler P. 1979–1984
Grobler P.S. 1917–1921
Groenewald A.J. 1988–1994
Groenewald (Klopper) J. 1994–1998
Habig W.G. 1952–1960
Harmse W.H. 1981–1986
Harmzen P. 1988–1995
Harmzen P.A.1998–2003
Hattingh A.J. 1993–1998
Havenga C.J. 1993–1998
Herbst W.J. 1971–1979

Hertzog C.E.C. 1988–1993
Heyneke N.M.J.S. 1946–1951
Hindley W.R.T. 1976–1982
Hoffman S. 1983–1986
Hoffman S. 1996–2001
Holtzhausen J.A. 1984–1990
Horn F.P. 1979–1986
Human D.C. 1980–1985
Huyzers W.F.H. 1926–1930
Immink J. 1992–1997
Jacobs A.D. 1973–1978
Jacobs D.S. 1987–1992
Jacobs J.A. 1947–1953
Jacobs J.H.H. 1961–1966
Jacobs P.J. 1980–1985
Jacobs P.T. 1945–1951
Jacobsohn W.J. 1979–1984
Janson T.N.H. 1937–1946
Jones R.J. 1992–1997
Jongeleen C. 1958–1962
Jooste J.P. 1972–1977
Jooste P.P. 1961–1967
Jordaan G.J.D. 1981–1988
Jordaan P.J. 1979–1984
Joubert H.S. 1981–1986
Joubert I.J. 1943–1948
Joubert R. 1986–1992
Joubert T.F. 1977–1982
Katzke I. 1986–1991
Kay J.H. 1973–1980
Kemp W.J. 1923–1930
Kern H.P.F.1970–1975
Kern L. 2001–2008
Kleynhans A.W. 1988–1993
Kloppers D. 1978–1984
Kloppers H.N. 1989–1992
Kloppers W.C. 1975–1980
Kloppers (Viljoen) E.C. 1986–1990
Koekemoer J.A. 1988–1994
Koekemoer J.H. 1954–1959
Koekemoer J.J.C. 1980–1986
Koekemoer P.J.T. 1942–1948
Kok S.A. 1985–1991
Kok W.J.J. 1978–1983
Koning K. 1968–1976
Kotze E.C.B. 1953–1958
Kotze H.G.S. 1988–1993
Kotze P.J.J. 1970–1976
Kramer H.M.J. 2004–2008
Kramer J.R. 1973–1978
Kriel D.J. 1977–1984
Kriel W.J.C. 1977–1982
Kruger C.J. 1970–1976
Kruger C.J. 1983–1988
Kruger G.F. 1991–1997
Kruger J.C. 1948–1955
Kruger P.J. 1955–1960
Kuyper A.C. 1972–1977
Labuschagne C.J. 1947–1952
Labuschagne F. du C. 1948–1953
Labuschagne F.J. 1985–1991
Labuschagne G.J.J. 1952–1957
Labuschagne J.M. 1945–1950
Labuschagne J.P. 1935–1940
Labuschagne J.P. 1963–1968
La Grange H.F. 1978–1983
Le Grange P.D.F. 1971–1979
Le Roux (du Preez) M. 1987–1992
Le Roux C. 1978–1985
Le Roux L.M. 1929–1934
Le Roux P.D.M. 1981–1986
Le Roux S.J. 1985–1990
Lee R.G. 1977 –1982
Lemmens (Venter) C. 1998–2003
Liebenberg C.G. 1990–1995
Lindeque G.C. 1980–1985
Lizemore H.H. 1987–1992
Loader J.A. 1963–1968
Lombard I.M. 1977–1983
Loots F.G.J. 1961–1967
Lourens (Van der Merwe) D. 1991–1996
Louw H.F. 1996–2000
Malan D.J.R. 1985–1993
Malan G.J. 1979–1984
Malan M.D. 1977–1983
Malan R.D. 1987–1994
Maloney J.D. 1969–1974
Manders C. 1998–2003
Manders J.T. 1989–1994
Manders (Bevolo) J.M. 1991–1994
Mans C.J. 1947–1952
Mans W. 1989–1994
Mans W. 1997–2002
Marais C.F. 1968–1976
Marais F.N.S. 1998–2003
Marais J.S. 1946–1951
Mare N.J. 1974–1980
Marnewick J.C. 1987–1992
Marran E.B. 1981–1988
McDonald A.T. 1954–1959
McDonald G.D.J. 1988–1993
McDonald J.A. 1989–1994
McDonald (Van der Westhuizen) J.J. 1977–1983
McDonald M.H. 1978–1983
Meyer H.P. 1996– 2000
Meyer L.J. 1958–1961, 1970–1971, 1971–1974
Meyer L.J. 1985–1990
Meyer M. 1984–1989
Meyer Z.L. 1970–1975
Miller (Kruger) L.H. 1992–1998
Minnaar J.A. 1983–1989
Moller T.P. 1978–1983
Mouton J.F. 1949–1955
Mouton J.H. 1996–2001
Mulder E.S. 1924–1929
Muller C.H. 1932–1937
Muller D.J. 1967–1972
Muller H. 1933–1940
Muller J.J.P. 1958–1963
Mynhard P.J. 1975–1977

Naude J.H. 1944–1949
Naude J.P. 1964–1971
Naude J.S. 1968–1973
Naude M.J. 1948–1956
Naude R.M. 1968–1973
Naude (Venter) M.S. 2003–2008
Nel A.M. 1975–1982
Nel C. 1989–1994
Nel G.C.J. 1985–1991
Nel H.S.K. 1979–1985
Nel J. 1980–1986
Nel L.A. 1951–1957
Nell L.J.J. 1959–1964
Nienaber W.L. 1970–1976
Nieuwhof A. 1992–1997
Nolte A.J. 1932–1937
Nolte S.P. 1976–1982
Nortje Ferdie 1981–1987
Nortje Freddie 1981–1987
Oberholzer A. 1989–2001
Oberholzer B.C. 1983–1989
Oberholzer J.P. 1945–1950
Oberholzer P.S. 1983–1988
Odendaal H.J. 1978–1983
Oliver (Venter) E. 1981–1986
Oosthuizen A. 1984–1989
Oosthuizen A.J.G. 1918–1924
Oosthuizen E. 1991–1995
Oosthuizen F.J.C. 1979–1984
Oosthuizen (Van Deventer) G.W.M. 1982–1987
Opperman S.T. 1981–1987
Otto J. 1979–1985
Papp K.D. 1970–1978
Papp W.W. 1974–1980
Parkin J.C. 1969–1977
Pelser G.M.M. 1954–1959
Pienaar A.J. 1980–1986
Pienaar L.A.D. 1971–1977
Pienaar M.R. 1984–1989
Pienaar P.J.H.S. 1984–1989
Pienaar R.T.I. 1974–1979
Pieterse C.J.A. 1967–1976
Pieterse J.J. 1987–1992
Pont A.D. 1944–1949
Potgieter J.S. du P. 1957–1962
Potgieter M. 2003–2008
Potgieter P.S. 1983–1988
Potterill C.F. 1977–1985
Pretorius (Wolmarans) E.R. 1978–1983
Pretorius C. 1987–1992
Pretorius H.J.M.W. 1974–1981
Pretorius L.A. 1962–1967
Pretorius M.W. 1957–1962
Pretorius P.J.O. 1966–1975
Pretorius S.J. 1968–1976
Pretorius S.P. 1964–1969
Prins S.J. 1946–1951
Prinsloo J.H. 1962–1981
Prinsloo J.J. Gsn 1924–1929
Prinsloo J.J. 1987–1991
Prinsloo P.R. 1965–1970
Prinsloo J.J. 1991–1996
Prinsloo W.P. 1964– 1975
Putter J.D. 1973–1980
Rademeyer W.F. 1974–1981
Ras A. 1926–1931
Ras F.H. 1988–1993
Ras S.F.C. 1972–1979
Rautenbach C.H. 1920–1923
Rautenbach P.D. 1975–1981
Redelinghuys F.J. 1975–1981
Redelinghuys M.J. 1974–1981
Redelinghuys M.J. 1948–1954
Retief H.A. 1975–1977
Rhoda J.W. 1950–1955
Riekert M.J. 1976–1981
Robberts Z.C. 1972–1979
Robbertze (Van der Merwe) M.D. 1982–1989
Roets A.H. 1978–1984
Roets P.J. 1992–1997
Roos G.J.J. 1936–1941
Roos W.J. 1937–1942
Rossouw J.A.C. 1969–1978
Rust R.J. 1977–1982
Sauer W. de V. 1985–1991
Scheepers G.S.C. 1968–1975
Schepers (Dannhauser) E.H.1979–1988
Schoeman G.J.C. 1968–1976
Schoeman P.R. 1997–2002
Schroeder J.A.A. 1952–1957
Schutte J.B. 1969–1974
Schutte (Basson) M. 1996–2001
Schutte P.J.W. 1982–1987
Schutte S. 1966–1972
Senekal G.C. 1985–1991
Seymore M.M. 1967–1973
Sheppard E. 1979–1985
Simpson C.J.A. 1959–1965
Slabbert M.J. 1990–1995
Slabbert W.J. 1969–1971
Smit C.J. 1946–1952
Smit D.S. 1968–1975
Smit E.J. 1968–1974
Smit G.J. 1980–1985
Smit J.A. 1938–1943
Smit J.D.H. 1939– 1945
Smit J.J. 1945–1951
Smit J.L.J. 1971–1978
Smit P.D. 1956–1961
Smit M.G. 1984–1989
Smit P.J. 1923–1929
Smith D.J. 1961–1967
Smith K.F. 1982–1990
Smith P.M. 1938–1943
Smith P.M. 1974–1981
Smith W.J. 1983–1988
Sneygans F.B. 1984–1990
Snyders P.J. 1981–1986
Snyman D.B. 1938–1944
Snyman J.P. 1951–1957

Snyman T. 1960–1966
Snyman W.E. 1987–1992
Steenekamp C.S. 1958–1964
Steenekamp C.S. van H. 1928–1933
Steenekamp J.H. 1952–1957
Steenekamp N.J.S. 1985–1990
Steenkamp C.J.H. 1973–1978
Steenkamp J.C. 2000–2005
Steenkamp J.J. 1965–1970
Steenkamp J.J. 2000–2005
Steenkamp L.J.S. 1966–1972
Steenkamp P.J. 1953–1959
Steenkamp P.J. 1976–1981
Steenkamp P.L. 1971–1979
Steyn D.G.S. 1957–1963
Steyn J. 1962–1967
Steyn J.J. 2003–2008
Steyn L.J. 1964–1968
Steyn S. 1999–2004
Steyn W.H. 1963–1969
Steyn W.J. 1963–1968
Stoltz D.J.P. 1964–1970
Stoltz G.P.J. 1996–2000
Stoop J.A.A. 1943–1948
Storm J.D. 1926–1932
Storm J.M.G. 1968–1975
Strauss A.G. 1981–1986
Strauss L.J. 1981–1986
Struwig D.J. 1971–1976
Strydom C.J. 1997–2003
Strydom G.J. 1986–1991
Strydom J. 1922–1926
Strydom J.M. 1981–1986
Strydom W.A. 1980–1985
Swanepoel A.M. 1954–1963
Swanepoel J.A. 1947–1954
Swanepoel L.M.P. 1966–1972
Swanepoel P.C. 1983–1988
Swanepoel S.J. 1949–1955
Swart A.A.J. 1954–1962
Swart C.J. 1994–1999
Swart J.A. 1994–1999
Swart W.H. 1966–1972
Taljaard D.J.D. 1984–1991
Thomas A. 1992–1997
Truter J.H.L. 1983–1988
Ungerer A.G. 1982–1987
Uys P.J. 1976–1983
Van Aarde A.G. 1969–1974
Van Baalen E.J.A. 1984–1989
Van Belkum M. 2002–2007
Van Biljon J.A. 1964–1972
Van den Berg C.J. 1975–1981
Van den Berg C.L. 1944–1949
Van den Berg C.M. 1980–1985
Van den Berg D.v.R. 1987–1993
Van den Berg H.P. 1978–1983
Van den Berg J.P. 1924–1929
Van den Berg L.J.C. 1972–1981
Van den Berg M.M. 2000–2005
Van den Berg W. 1986–1991
Van der Linde H.T. 1986–1991
Van der Linde L.J. 1988–1993
Van der Merwe B.J. 1945–1950
Van der Merwe C. 2002–2008
Van der Merwe (Nagel) C. 1989–1995
Van der Merwe C.M. 1995–2001
Van der Merwe C.V. 1985 –1990
Van der Merwe-Botha D. 1991–1997
Van der Merwe F.H. 1958–1964
Van der Merwe G.J.W. 1968–1974
Van der Merwe H.C. 1955–1958, 1971–974
Van der Merwe J.C. 1968–1974
Van der Merwe J.F. 1964–1965
Van der Merwe J.F. 1985–1992
Van der Merwe (Oosthuizen) M.M. 1997–2002
Van der Merwe P.J. 1963–1968
Van der Merwe P.J. 1965–1973
Van der Merwe P.J. 1976–1981
Van der Merwe W.L. 1973–1982
Van der Merwe W.P. 1940–1945
Van der Walt B.J. 1977–1987
Van der Walt C.P. 2002–2008
Van der Walt (Burger) M. 1983–1988
Van der Walt (Steyn) S. 1999–2003
Van der Watt D.W. 1976–1982
Van der Westhuizen E.J. 1973–1981
Van der Westhuizen H.G. 1956–1961
Van der Westhuizen J.L. 1977–1982
Van der Westhuizen (Beukes) M.J. 1994–2000
Van der Westhuizen J.P.C. 1989–1995
Van der Westhuizen R.L. 1983–1989
Van der Westuizen S.J. 1961–1967
Van Deventer H.T. 1963–1971
Van Deventer J.B.J. 1991–1997
Van Eck E. 1979–1984
Van Greunen J.P. 1979–1986
Van Heerden C.F. 1976–1978
Van Heerden J.H. 1964–1969
Van Heerden J.W.T. 1988–1993
Van Heerden P.W. 1952–1957
Van Immerzeel J. 1966–1974
Van Jaarsveld G.J. 1942 –1948
Van Jaarsveld P.L. 1944–1953
Van Niekerk A.N. 1985–1990
Van Niekerk C.J.S. 1943–1948
Van Nieuwenhuizen T.H.J. 1967–1974
Van Rensburg A.J. 1990–1996
Van Rensburg A.J.H.J. 1975–1982
Van Rensburg C.J.J. 1961–1966
Van Rensburg J.B.J. 1947–1953
Van Rensburg J.C.J. 1965–1969, 1972–1974, 1974–1976
Van Rensburg J.G.J. 1986–1992
Van Rensburg J.J.J. 1986–1991
Van Rensburg L.J. 1987–1996
Van Rensburg M.J.J. 1987–1992
Van Rensburg N.J.J. 1952–1957
Van Rensburg S.P.J.J. 1928–1932
Van Rensburg W.C.J. 1966–1971

Van Rooyen D.A. 1995–2000
Van Rooyen H.B. 1974–1984
Van Rooyen L.S. 1987–1992
Van Rooyen P.H. 2001–2006
Van Schalkwyk C.J. 1944–1950
Van Schalkwyk J.B.M.H. 1981–1991
Van Schalkwyk M.J. 1947–1957
Van Schalkwyk N.J. 1938–1946
Van Schalkwyk O.J. 1988–1993
Van Schalkwyk S. 1985–1990
Van Schoor W.A. 1981–1988
Van Sittert J.J. 1998–2003
Van Staden A.J. 1937–1943
Van Staden A.V. 1989–1994
Van Staden B.J. 1947–1952
Van Staden D.J. 1928–1933
Van Staden G.C. 1951–1958
Van Staden G.J. 1956–1961
Van Staden G.J. 1966–1971
Van Staden G.J. 1996–2000
Van Staden J.H. 1940–1947
Van Staden J.H. 1977–1983
Van Staden J.H. 1986 –1991
Van Staden J.L. 1946–1954
Van Staden J.M. 1994–1999
Van Staden J.M. 1998–2003
Van Staden M. 1994–1999
Van Staden P. 1971–1978
Van Staden P.G. 1939–1946
Van Staden P.J. 1963–1968
Van Staden P.S. 1944–1949
Van Staden P.S. 1962–1968
Van Staden R. 2000–2005
Van Staden S.H. 1989–1995
Van Tonder C.A.P. 1976–1981
Van Tonder J.A.P. 1943–1949
Van Tonder J.A.P. 1983–1988
Van Tonder P.S. 1972–1977
Van Vuuren H.J. 1960–1965
Van Vuuren J.C.J. 1977–1983
Van Vuuren M.S.J. 1975–1980
Van Wyk A. 1983–1988
Van Wyk B.J. 1966–1973
Van Wyk C.J. 1986–1991
Van Wyk D.J.C. 1958–1963
Van Wyk D.J.C. 1987–1992
Van Wyk G.F. 1984–1989
Van Wyk G.M.J. 1977–1982
Van Wyk I.W.C. 1974–1979
Van Wyk J. 1996–2000
Van Wyk J.J. 1976–1981
Van Wyk P.A.R.C. –1945
Van Wyk R.D.J. 1968–1976
Van Wyk W.C. 1955–1960
Van Wyk W.C. 1981–1986
Van Wyk W.C. 2005
Van Wyk W.P.F. 1979–1984
Van Wyk (Kok) S.S. 1986–1991
Van Zyl D.M. 1978–1985
Van Zyl F.J. 1933–1938
Van Zyl J.F. 1990–1995
Van Zyl M.S 2002–2008
Van Zyl P.J. 1975–1981
Van Zyl S. 1986–1992
Velthuysen G.C. 1961–1966
Venter A.P. 1986–1991
Venter J.D. 1981–1987
Venter J.P.B. 1942–1948
Venter L.J. 2001–2006
Venter M.A. 1984–1989
Venter P.J.J. 1916–1920
Venter P.M. 1965–1971
Venter P.W. 1923–1928
Venter W.F. 1988–1994
Verhage E. 1972–1977
Verster J.P. 1966–1971
Viljoen A. 1999–2004
Viljoen C.J. 1950–1955
Viljoen C.J. 1979–1985
Viljoen C.J. 1996–2001
Viljoen D.A. 1985–1990
Viljoen J.A. 1944–1950
Viljoen J.H. 1955–1961
Viljoen J.J. 1972–1977
Viljoen P.B. 1978–1983
Viljoen P.F. 1973–1978
Viljoen P.H. 1979–1986
V iljoen S.P. 1930–1935
Visser G.P. 1975–1980
Visser H.R. 1948–1954
Visser P.J. 1978–1983
Visser S. 1978–1983
Viviers G. 2000–2005
Vledder E.J. 1978–1983
Vogel I.J. 1999–2005
Volschenk G.J. 1982–1987
Vorster J.H. 1976–1981
Vosloo E.P. 1964–1974
Vrey J.J. 1981–1986
Wagenaar J.P.J. 1962–1967
Wallis G.J. 1960–1972–1974
Wentzel H.J. 1974–1981
Willemse A.J. 1959–1964
Wilson J.F. 1974–1980
Wolff E. 1994–1998
Wolmarans G.J.M. 1974
Wolmarans H.P. 1917–1921
Wolmarans J.L.P. 1969–1974
Wolmarans J.N. 1952–1957
Wolmarans N.M. 1973–1978
Wolmarans P.J. 1988–1994
Wolmarans W.M. 1931–1936
Young J.A. 1993–1998
Young S.E. 1937–1943
Zwarts A.J. 1951–1957
Zwarts (Van Wyk) T. 2003–2008
Zybrands I. 1996–1998

# BYLAAG II
## PERSONE WAT NIE DIE STUDIE VOLTOOI HET NIE

**Sitasie:** Oberholzer, J.P., 2010, 'Bylaag II Persone wat nie die studie voltooi het nie', in 'Honderd Jaar Kerk en Teologiese Opleiding: 'n Kroniek die Hervormde Kerk', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 9, 66(3), Art. #948, 5 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i3.948

Abrie C.J. 2003–2007
Ackerman L.M. 1952–1953
Albasini A. 1986–1987
Appelgryn A.M. 1982–1983
Barnard J.F. 1967–1968
Barnard J.P. 1967, 1972
Barnard P. 1997
Basson F.J. 1966–1967
Basson J. 1961–1962
Basson M.M.J 1916
Bekker G.J. 1981–1984
Bekker J.M. 1987–1991
Benade P.J. 1944
Benade Y. 2005
Benadie J.A. 2004
Benson S.M. 1988
Bester F.J. 1995
Bester G.H. 1977
Bester M.T. 1966–1967
Beyers R. 1999–2003
Beyleveldt L.C. van S. 1969
Bezuidenhout F. 1984
Bezuidenhout R.P. 1997–2000
Bezuidenhout T.J. 1981
Bezuidenhout W.P. 1987
Blaauw F. 1986–1987
Blaauw R. 1988
Blignaut L.H.F. 1966–1968
Bodenstein D.J.W. 1943,1944
Boer P. 1958–1959
Bolton F.J.C. 1991
Booyse J. 1927
Booyse J.P. 1965–1966
Booysen D.J. 1978–1979
Booysen J.D. 1970
Booysen M.P.C. 1962–1963
Boshoff H.J. 2007
Boswell A. 1997–1999
Botes D.F. 1958
Botha E.J. 1972–1974
Botha F.J. 1975
Botha G.P. 1952–1956
Botha I. 1984–1989
Botha I.G. 1977–1988
Botha M. 2002
Botha P.H. 1985–1986
Botha P.J. 1957
Botha P.J. 1981–1985
Botha R.G. 1971
Botha R.S. 1953–1954
Botha W.H. 1960–1963
Botha W.J. 1999
Botha Z. 2003
Breedt W.S. 1930–1932
Breytenbach A.E. 1966
Breytenbach A.M. 1993–1994
Brits A. 1987–1992
Brits G. 1958–1959
Brits R. 1928
Britz J.F. 1920–1926
Britz P. 1950–1957
Bronkhorst J.H. 1986
Bronkhorst S. 1964
Bruinette N. 2005–2008
Buitendag R. 1940–1943
Changuion C. 1974
Cilliers H.J. 1972–1973
Claassen J.F. 1973
Claassen J.H. 1972
Claassen J.J. 1986–1989
Cloete J.M. 1959
Coertze R.J. 1922
Coertze R.J. 2006
Coertze T.F. 1959–1962
Coetzee A. 2003
Coetzee A.J. 1939–1940
Coetzee J.L. 1975
Combrink G. van D. 1953
Cooper W.H. 1963–1964
Cornelissen A.H. 1936
Crafford J.M. 2002
De Beer A.J. 1989
De Beer D. 1991–1994
De Beer G.D. 1923–1925
De Beer G.J.E. 1978
De Beer J.A.C. 1979
De Beer P.A. 1984–1986
De Beer P.S.M. 1987
De Beer W.J. 1950
De Bruin C.J.W. 1960–1964
De Bruyn P.H. 1975–1977
De Jager G.J.J. 1988–1994
De Klerk G.J. 1975
De la Guere H.G. 1977–1979
De la Porte C.L. 1942
De Swardt G.J. 1946
De Waal C.J. 1953–1957
Dekker D.A. 1967–1969
Delport C.I. 1951–1954
Delport H. 1997–2002
Delport L.D. 1950
Denner J.H. 1975–1977
Diedericks H. 1984
Dreyer A.E. 1999–
Dreyer A.F. 1961
Dreyer A.L. 1940
Dreyer G.P.R. 1940
Dreyer J.A. 1981–1982

Dreyer N. 1947
Dreyer T.F. 1957–1959
Du Bruyn P.F. 1976
Du Plessis A.J. 1981
Du Plessis A.S. 1975
Du Plessis C.R.A. 1983–1984
Du Plessis G.B. 1981–1986
Du Plessis G.J. 1981–1982
Du Plessis H.J. 1991–1994
Du Plessis I.G.L. 1967
Du Plessis M.J. 1987
Du Preez T. 1986–1987
Du Toit D.J. 1991–1996
Du Toit J. 1931
Du Toit W.F. 1959
Duvenage G.W.D. 1945
Ehlers C.J. 1973–1974
Engelbrecht B.M. 1990–1996
Engelbrecht H.J. 1977
Engelbrecht J.R. 1976
Enslin J.P. 1960, 1967–1968
Erasmus A.P. 1965–1967
Erasmus D.J. 1957–1959
Erasmus G.T. 1968–1969
Erasmus H.J. 1974
Erasmus J.J. 1991–1993
Erasmus J.J. 1993
Espach H.J. 1986
Esterhuizen D.R. 1988
Esterhuizen P.B. 1977,1982
Faber I.J.P. 1980–1982
Fouche J.W.J. 1947
Fourie B.M. 1987–1991
Fourie D. 1988
Fourie J. 1988–1989
Fourie J.D. 1972–1975
Fourie M. 2001–2006
Fourie M.M. 1999–2001
Fourie W.C.A. 1962
Gagiano W.J. 1987–1991
Gerber H. 2006–2007
Geyser A.P. 1961–1962
Gomes P.A. 1988–1992
Goosen D.P. 1975–1976
Gouws G. 1988
Gouws S.J. 1977
Grey J.N. 1977–1980
Greyling J.C. 1984
Greyling J.J.B. 1995
Greyling L. 1975–1983
Griesel B. 1997–2000
Grimbeek S.J.J. 1991–1994
Grobler A.P.S. 1973
Grobler F. 1944
Grobler J.E.H. 1969
Grobler P.J. 1975–1976
Grobler P.J. 1980–1981
Grobler P.S. 1940–1941
Grove I.J. 1983–1987
Hattingh I.D. 1948
Hattingh L.M. 1991–1995
Hatting P. 1940
Havinga M. 2005–2007
Heyneke J.H. 1985–1986
Hopley R. 2005
Horn J.W. 1983–1984
Horne J.J. 1952–1954
Hough A.J. 1965
Hough M.J. 1944
Hübner J. 1987–1988
Hurn J.B. 1987–1991
Hurn M.W. 1967
Huyser P.A.H. 1985
Jacobs C.J. 1996–1999
Jacobs F.W.R. 1986–1988
Jacobs J.A. 1980
Jacobs J.J. 1966
Jacobs L.A. 1985
Jacobs L.J. 1984–1986
Jacobs P. 2006
Jacobs W.A. 1988
Janson W.C. 1945
Jonsson Y. 2005–2007
Jordaan G.P. 1947
Jooste K. 1995
Jooste N.J. 1973–1974
Jordaan W.A. 1973
Joubert C.J.J. 1929
Joubert F.J. 1959–1961
Joubert J.H. 1984–1986
Joubert J.J. 1923
Joubert R.G. 1980–1984
Kern J.F.C. 1953–
Kilian T.J. 1977
Kleynhans N.J. 1988–1989
Knol E. 1977–1981
Koch F. 1987–1989
Koekemoer F.C.S. 1990–1993
Koekemoer H.L. 1959–1960
Koekemoer J.H. 1986–1987
Koekemoer J.J.B. 1946–1947
Koekemoer M.S. 1966–1967
Kok D.J. 1983–1989
Kruger G.J. 1985
Kruger H. 1997
Kotze D.J.L. 1983–1984
Kotze S.L. 1972–1975
Kotze S.P.F. 1984–1986
Koops H.T. 1990
Kotze S.L. 1972–1973
Kruger J.H. 1997–2000
Kruger J.L. 1959
Kruger J.P. 1969–1970,1975
Kruger L.H. 1992–1996
Kruger P. 1979–1983
Kruger P.J. 1971
Kruger S.J. 1977–1978
La Cock P.C. 1987–1988
Labuschagne D. 2004–2008
Labuschagne E.M. 1986–1988
Labuschagne J.G. 1984
Labuschagne K.N. 1968
Labuschagne W.H. 1950
Labuschagne W.J. du P. 1991–1996

Lacante T.M. 1998–2000
Le Roux A.F. 2004
Le Roux E. 2005
Le Roux J.D. 1975–1977
Lemmer L.B. 1984
Liebenberg G.S. 1989
Lindeque B.R.G. 1961–1963
Linnekamp D.P.S. 1975–1976
Lizemore E.H.M. 1984, 1987–1991
Loedolff T. 2005
Lombaard S.G. 1982
Lotter C.J. 1987–1989
Lotz B. 1959–1962
Lotz Z. 2002
Louw M.J. 1949
Lubbe S.W. 1983–1984
Ludick J.J. 1963–1964
Luus C.L. 1968
Maartens S.D. 1978–1979
MacLean P.C. 1944–1948
Marais E.H. 1970–1972
Marais J.A. 1977–1978
Marais W. de V. 1988–1991
Maritz A. 1998–2000
Martins J.T. 1958–1959
McDonald B.M. 1991–1995
McDonald I.J.J. 1978
McLintock J. 1961
McNaughton A. 1985–1988
Meter L.J. 1971
Meyburg W. 1981, 1982
Meyer C.C. 1964–1965
Meyer F.C. 1984
Meyer P.J. 1970–1971
Michau F.P. 1943,1944
Millard S.F. 1965
Minnaar A.A.E. 1979
Minnaar S.W. 1958–1959
Moller F.J. 1982
Momberg J.J. 1988
Mulder C.E. 1952–1954
Muller D. 2007
Muller D.S.L. 1986–1987
Muller F.F. 1947
Muller G.F. 1992
Muller I.W. 1943
Muller N.M.D.D. 1939
Myburgh A.D. 2000
Naberman J.T. 1986–1987
Naude M.C. 1975–1978
Neethling D.J. 1975
Nel C.J.H. 1955
Nel C.P.J. 1977–1979
Nel G.C.J. 1985–1986
Nel G.W. 1978–1981
Nel J.P. 1985–1988
Nienaber J.L. 1931
Nouwers W.H. 2008
Oberholzer G.A. 1989
Oberholzer L. 2007
Oberholzer M.J. 2001–2003
Odendaal J.D.B. 1945
Olivier J. 1950
Olivier J. 1978–1979
Olivier J.J.M. 1959–1960
Olivier J.R. 1974–1978
Olivier W. 1987–1994
Oosthuizen A.A. 1994–1997
Oosthuizen A.J.G. 1987–1989
Oosthuizen B.W. 1977–1981
Oosthuizen L. 1983–1984
Oosthuizen M. 1989
Oosthuizen M.M. 1997
Opperman C.J. 1979–1982
Opperman T.C. 2002
Otto A. 2005
Otto H.J. 1929
Oxton S. 2006
Palmer D.W. 1973
Paynter L. 1988
Pelser C.J. 1932–1933
Pentz S.J. 1976–1977, 1980–1984
Pienaar J.H. 1962
Pienaar J.J. 1946–1948
Pieters P.J. 1989–1991
Potgieter W.F. 1978
Pretorius A.L. 1954–1957
Pretorius F.W.C. 1992–1993
Pretorius G.J. 1980–1984
Pretorius J.M. 1985–1989
Pretorius L.J. 1987
Pretorius M. 2002
Pretorius M. 2005
Pretsch S. 1987
Prinsloo A. 1957
Prinsloo C.B. 2007
Prinsloo E.C. 1943
Prinsloo G.C. 1939
Prinsloo J.A. 1977
Prinsloo J.J. –1996
Prinsloo L.J. 1986
Prinsloo M.M. 1984–1987
Prinsloo N.M. 1953–1955
Prinsloo N.M. 1967
Prinsloo P.A. 1951
Prinsloo P.A. 1944
Prinsloo S.G. 1986
Rademan P.J. 1978–1980
Rademeyer A.B. 1979–1983
Rademeyer P.J. 1981
Ras A. 1952–1955
Ras J.H. 1992–1994
Ras M.D.J. 1987–1988
Ras W.A.P. 1953–1957
Rex H.M.J. 1936
Rocher G. 1989–1995
Roets J. 1984–1986
Roos G.J. 1947
Rossouw P. 2005
Scheffer C.J. 1989–1990
Scheffer H. 1976
Schempers A.J. 1976–1977
Schimper Q.J. 2008
Schoeman D.J. 1927

Schoeman J.C. 2000–2003
Schoeman R.J. 1968–1971
Schoombee W.F. 1972
Semmelink L.D. 1961–1963
Smit A.F. 1961
Smit A.H. 1976
Smit C.P. 1955–1957
Smit F. 1966–1968
Smit J. 1978
Smit J.A. 1990
Smit J.F. 1966
Smit J.P. 1956–1957
Smit L.J. 1972
Smit M.C. 1986
Smith D.J. 1964–
Smith G.W.J. 1988
Smith J.F. 1958–1959
Smith J.A. 1990–1992
Smith J.H. 1999–
Smith N. 1926
Smith W.L. 1976
Snyman A.S. 1973
Snyman E. 1993
Spies J.P. 1956–1959
Stander D.J. 1999–2000
Steenkamp P.J. 1965
Steinman J.D. 1979–1983
Steyn B.G. 1951–1957
Steyn C.J. 1939
Steyn D.J. 1979–1983
Steyn F.D. 1961
Steyn J.G. 1973
Steyn J.H. 1990–1991
Steyn L. 1987–1991
Steyn P.I. 1967
Steyn T.F.J. 1953–1957
Stols J.G. 1970–1971, 1975–1978
Stoltz A.H.G. 1975–1979
Stoltz D.J.S.M. 1959
Stolz R.P. 1986–1987
Struwig W.P. 1927
Strydom J.H.P.I.M.C. 1958–1960
Strydom J.J. 1983–1987
Strydom S.C. 1985–1989
Strydom S.L. 1982–1986
Swanepoel A.C. 1998
Swanepoel H.F. 1958–1959
Swanepoel J.H. 1968–1971
Swanepoel L.–
Swart M.J. 1983–1985
Swart M.J. 1989–1994
Swart N.J. 1981
Swart S.L. 1979–1982
Taljaard B.J. 1975–1980
Taljaard C.P. 1947
Ten Cate E. 2007
Terblanche H.J. 1980–1981
Uys J.S. 1962
Truter A.M. 1987
Van Biljon P.A. 1976–1980
Van Breda D. 1985–1986
Van den Berg C.L. 1974–1976
Van den Berg M.J. 2005–2007
Van der Elst A. 2008
Van der Linde A. 1985–1991
Van der Merwe C.L. 1940
Van der Merwe E.E. 1982–1986
Van der Merwe G. 2008
Van der Merwe J.C. 1944
Van der Merwe J.F. 1987
Van der Merwe J.H. 1952
Van der Merwe J.J. 1979
Van der Merwe J.P. 1974
Van der Merwe L.P.H. 1980–1981
Van der Merwe P. 1990
Van der Merwe P.J. 1980
Van die Schyff M. 1988
Van der Walt P.S. 1961
Van der Westhuizen A.H. 1985–1987
Van der Westhuizen H.A. 1997
Van der Westhuizen J. 1997
Van der Westhuizen P.J. 1997
Van der Westhuizen W.J. 1977–1978
Van Deventer M.H.J. 1976– 1977
Van Dyk J. 1961
Van Eck W.L 1985
Van Heerden J.M. 1961
Van Jaarsveld G.J. 1974
Van Niekerk F.H. 1978–1979
Van Niekerk R.S. 1997
Van Niekerk T.H. 1985–1986
Van Nieuwenhuizen P.J.J. 1977
Van Rensburg A.J.J. 1975–1982
Van Rensburg C.S.J. 1986
Van Rensburg D.R.J. 1965–1969
Van Rensburg G.J. 1986–1992
Van Rensburg G.T.J. 1987–1992
Van Rensburg I.J. 1975–1979
Van Rensburg I.J.J. 1979
Van Rensburg I.M.W. 1980
Van Rensburg J.B.J. 1939
Van Rensburg J.J. 1993–1995
Van Rensburg J.M.W. 1951–1954
Van Rensburg J.P.J. 1985
Van Rensburg M.J. 1975–1979
Van Rensburg M.S. 1980–1984
Van Rensburg P.J. 1987
Van Rensburg S.M.J. 1985–1986
Van Rensenburg I.J. 1977–1980
Van Schalkwyk J.C.J. 1970
Van Schalkwyk J.M. 1970
Van Sittert J.J. 1998–2003
Van Staden E.P. 1987–1992
Van Staden G.C. 1984
Van Staden G.J.K. 1971
Van Staden J.F. 1938
Van Staden J.F. 1957–1959
Van Staden J.F. 1979–1980
Van Staden J.J. 1966
Van Staden J.M.C. 1954–1957
Van Staden J.M.G. 1958–1959
Van Staden M.C. 1964–1965
Van Staden N.H. 1976
Van Staden N.J.S. 2003–2004

HTS Teologiese Studies/Theological Studies
Article #948

Van Tonder F.J. 1966
Van Vuuren A. 2007
Van Vuuren C.J. 1981
Van Vuuren D.J.C.J. 1972–1974
Van Vuuren P.C.J. 1979–1982
Van Vuuren P.J. 1972
Van Wyk A.J. 1958–1960
Van Wyk J.M. 1975–1976
Van Wyk L. 1989–1991
Van Wyk M. 1996
Van Wyk N.A. 1991–1994
Van Wyk P. 1970–1972
Van Wyk T. 2002
Van Zyl A. 1984–
Van Zyl G. 2007
Van Zyl H.J. 1989–1990
Van Zyl J.W.H. 1950,1951
Van Zyl P.C. 1958–1961
Venter C.H. 1978
Venter P.A. 1948
Venter A.P. 1986–1991
Venter C. 1998–2000
Venter C.H. 1974
Venter H.F. 1937
Venter I.J. 2001
Venter I.P.A. 1977–1982
Venter J.L. 1998–2000
Venter M.S. 2003–2004
Venter P.A. 1948
Venter P.J.J. 1947
Venter P.S. 1964–1969
Verster A. 1977
Viljoen J. 1979
Viljoen J.H. 1943
Viljoen J.H.C. 1973
Viljoen J.J. 1985–1986
Viljoen M.C. 1981–1985
Viljoen R. 1978–1980
Viljoen T.J. 1981
Visagie A.C. 1977
Visagie J.H.N. 1930–1931
Visagie J.H.N. 1962–1964
Visser J.C. 1978–1979
Visser J.G. 2000
Visser P.S. 1959
Viviers C.M. 1990–1995
Vogel A. 1980–1981
Volschenk C. 1973–1974
Vorster S.W. 1980–1981
Weber J.H.L. 1983–1984
Wheeler T. 1976–1977
Whiteman J.A. 1986–1987
Willemse A.J. 1959
Willemsen B.H. 1968
Willers F. 2006
Wolfswinkel H.J. 1980
Wolmarans B.J. 1966–1967
Wolmarans J.L.P. 1931
Wolmarans J.T.J. 1958–1959
Zeeman A.P. 1997–1999
Zietsman P.J.J. 1970–1971
Zwaan M. 1949 Ð

# INDEKS

*20ste eeu Hervormde Teologie*
168

21ste bestaan van die Teologiese Opleiding
42

75 jarige fees
136

Aanstellingsadvieskomitee
171

Abactis
26, 29, 100

Abe Bailey studiebeurs
66, 97, 146

Ackerman, D.P.
2

Adhuc Loquitur
78

Adjunk-dekaan
40,41, 96, 147, 158, 170, 171, 175, 176, 181, 184, 189, 190, 193

Administrateur
16, 17, 27, 28, 31, 33, 40, 58, 62, 63, 72, 79, 81, 82, 83, 84, 85, 94, 107, 117, 121, 126, 130, 134, 138, 157, 158, 159, 160, 163 164, 170, 173, 187

Adriaan Pont Verdedigingsfonds
88, 89

Advies
3, 4, 27, 29, 35, 46, 49, 56, 61, 64, 70, 76, 81, 82, 84, 86, 99, 104, 122, 125, 131, 139, 143, 150, 159, 190

Afdeling B
41, 44, 46, 49, 50, 57, 67, 69, 77, 93, 115, 129, 131, 138, 140, 142, 146, 155, 157, 158, 162, 167

Afdeling C
71, 78

Afrikaans
33, 53, 88, 92, 99, 103, 105, 109, 118, 119, 123, 127, 129, 131, 136,140, 142, 148, 149, 162, 179, 180, 190, 191

Afrikaanse Bybel
34, 190

Afrikaanse Bybel vir Dowes
190

Afrikaner Broederbond
80, 84, 127

Afrikaanse kerke
3, 70, 74, 85, 92, 135, 144, 149

Afrikaanse Nasionale Konvokasie Bond
36

Afrikaanse Protestantse Kerk
182

Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek
109

Afrikaanswording
13, 32, 36, 88

Agar-Hamilton, J.A.I.
34

AIM
186, 193

Akademiedienste
31

Akademiese pryse
172 , 173

Akademiese wydingsdienste
115

Akkreditering van HTO
138, 140

Aktualiteitsdae
179

Aktualiteitslesings
112

Alberts, L.C.
151

Album
27, 28, 29, 33, 42, 43, 44, 84, 122

Albrecht Alt
42

Ambassadeur van Nederland
67

Ampsdrag
117

Amsterdam
5, 20, 40, 41, 42, 63, 71, 110, 173

Anglikaanse Kerk
24, 62

Antieke Kultuurgeskiedenis
34

Antieke tale
147, 171

Antonites, A.J.
109, 173

Apologetics
15, 24

Appèlhof
56, 89

Appèlkomitee
129, 148

Argief en Museum
75

Argiefkunde
85

Argivaris
86, 88, 89, 108

Argus-fietswedren
185, 188

Artikel III
68, 69, 71, 72, 73, 74, 76, 98, 99, 122, 123, 124, 125, 132, 133, 139, 144, 151

Athanasianum
79, 80, 81, 82, 190

Aula
88, 91, 93, 132, 141, 150, 165, 177, 182

Australiese Presbiteriaanse Kerk
71

BA Hons
67, 100, 104, 107, 109, 110, 112, 114, 115, 118, 125, 135, 146, 147, 148, 150, 152, 156, 157, 159, 164, 169, 173, 175, 180, 193

BA(ET)
147, 152

BA(Teologie)
148, 149

Badenhorst, C.L.
188, 190

Badenhorst, W.B.J.
2, 4

BA-graad
14, 64, 78, 97, 104, 106, 109, 118, 125, 159

Banda, Z.J.
133

Bantu Presbyterian Church
72

Baptist Theological College
146

Barger, A.J.
16, 22, 23, 24, 27, 28, 32, 33, 35, 40, 42

Barkhuizen, J.H.
151

Barnard, A.
125

Barnard, J.C.
9

Barnard, M.C.
118

Basson Mariaan
175

Basson, M.M.J.
13, 15, 60, 151

Basson, M.
179

Basson, W.J.
4, 5, 9, 10, 12

Bavinck, J.H.
16, 71, 73

BD
14, 15, 16, 22, 24, 27, 28, 30, 32, 33, 34, 37, 41, 42, 43, 45, 46, 47, 53, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 66, 69, 70, 71, 76, 77, 78, 79, 80, 86, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100, 101, 103, 104, 106, 107, 109, 110, 111, 112, 113, 114, 115, 116, 118, 119, 120, 121, 125, 127, 129, 130, 131, 133, 134, 135, 136, 137, 138, 139, 140, 143, 146, 147, 148, 150, 152, 153, 156, 158, 159, 161, 163, 167, 168, 169, 173, 175, 177, 179, 180, 187, 189, 193

BD III klas
108, 109, 112, 120, 132, 150, 168, 175

BD oriëntering
121, 127, 129, 134, 140, 169

*Beeld*
89, 103, 151, 174, 176, 171, 180, 190, 192

Beetge, G.H.
88

Begeleidingskomitee
134, 137, 139

Beginnerslatyn
44, 46

Begroting
5, 27, 31, 32, 33, 34, 40, 42, 88, 106, 143, 157, 162, 163, 176, 185, 190

Bekker, L.
151

Belydenisskrifte
69, 74, 79, 86, 90, 150, 151, 152, 154, 155, 156, 157, 158, 161, 166, 180, 190

Benade, I.
116

Bentzen, A.
60

Beplanning
115, 119, 126, 130, 138, 160, 165, 167, 172, 173, 174, 175, 186, 187, 190

Beskrywingspunte
33, 91, 98, 132, 133, 184, 189

Beskuldigings teen kerk
91, 92

Bethal
64, 93, 99, 125, 131, 146

Beukes, A.P.J.
117, 153, 155, 156, 159, 177, 189

Beukes, C.J.
175, 180, 190

Beukes, J.A.
103, 110, 111, 116, 118, 119, 148

Beukes, M.J. du P.
94, 95, 99, 102, 108, 111, 118, 129, 130, 138, 140, 142, 147, 150, 162, 163, 166, 168, 169, 171, 173, 174, 176, 187, 192

Beurskomitee
124, 139, 144, 146, 159

Bevolo, J.
150

Beyers, adv C.P.
87

Beyers, Jaco
147, 148, 154, 193

Bezuidenhout, J.J.
111

Bezuidenhout, L.C.
104, 108, 110, 116, 120, 123, 127, 133, 144, 146, 147, 148, 149, 150, 153, 155, 158, 159, 161, 162, 165, 169, 170, 171, 172, 178, 180, 192

Bezuidenhout, M.A.
88

Bezuidenhout, W.J.
110, 116, 117, 123, 125

Biblica
16

Biblioteek
15, 23, 27, 28, 38, 41, 59, 90, 140, 172, 183

Biccard, L.G.F.
2, 18

Bierman, B.D.
6, 133, 136, 148, 185, 187

Bierman, I.B.
2

Bierman, P.J.L.
34, 39, 47

Bierman, P.W.A.
39, 47

Bloem, G.N.
110, 115

Bloemfontein
47, 104, 109, 118, 129, 136, 151, 178, 190, 191

Blommodel
154, 163

Bodenstein, C.J.
17

Bodenstein, D.J.
1, 9, 10, 12

Boek-aankope
15, 23, 24, 90

Boekerekenings
107, 115

Boekeskenkings
15, 28, 42, 59

Böhl, FMT de Liagre
29, 42, 60, 78, 101

Bokhorst, M.
34

Booy, G.M.
76

Booyse, J.
27

Booyse, J.J.
75

Booysen, D.J.
79, 87, 102

Booysen, F.J.Z.
32, 47

Booysen, P.J.
34, 39, 47

Borg, M.J.
155

Boshoff, F.
2

Boshoff, F.J.
105, 125, 140, 165, 188

Boshoff, H.J.
181, 188

Boshoff, P.B.
99, 100, 107, 110, 111, 138, 140, 142, 145, 148, 149, 155, 156, 163

Boshoff, S.
165

Boshoff, S.P.E.
36

Bosman, H.S.
2

Bosman, I.D.
44

Botes, H.J.
127, 138, 143, 149, 152, 153, 155, 163, 164, 168, 176, 177, 179, 183, 190

Botes, N.S.
92

Botha
37,  54, 88, 142

Botha, A.D.
117

Botha, adv A.S.
77, 85, 86

Botha, C.J.
105

Botha, D.
113, 114, 135

Botha, D.H.
89

Botha, F.J.
116

Botha, G.S.
156

Botha, Heinrich
179

Botha, H.L.
4

Botha, J.P.
136

Botha, J.H.
181

Botha, L.
10

Botha, M.C.
48, 54

Botha, P.J.
187

Botha, P.J.E.
125, 136

Botha, R.
61, 150

Botha, S.J.
3, 48, 49, 59, 88, 91, 93, 99, 108, 111, 112, 118, 121, 122, 123, 124, 133, 134, 140, 142, 145, 150, 153, 156, 157, 160, 161, 164, 165, 166, 169, 170, 173, 174, 176, 178, 180, 192

Botha, T.
105

Bothma, M.A.
125, 131

Botma, A.
168

Botma, C.J.
67

Boukomitee
109, 131

Bowmann, Gilfillan en Blacklock
87

Brandt, A.
27, 34, 47

Brandt, L.E.
1, 2, 9, 11, 12, 16, 21, 22, 25, 29, 31, 32, 33, 35, 40, 42, 127

Brandt, J.H.
105, 111, 125

Breedt, W.S.
32, 34

Breet, W.
2

Breytenbach, A.P.B.
91, 93, 94, 99, 101, 102, 104, 109, 111, 112, 115, 117, 119, 120, 129, 132, 134, 142, 143, 144, 145, 146, 150, 151, 154, 155, 156, 157, 158, 161, 165, 166, 168, 169, 170, 171, 173, 174, 175, 176, 177, 179, 181, 182, 184, 185, 190, 192, 193

Breytenbach, H.
188

Breytenbach, J.C.V.
50

Breytenbach, J.H.
102, 105, 109, 116, 127, 140, 146, 147, 151, 152, 154, 155, 156, 159. 161, 164, 168, 183, 191

Breytenbach, R.A.
4

Brits
47, 73, 146

Brits. A.
135

Brits, J.F.
22, 23, 29

Brits, J.Z.
151

Bruinette, H.J.
113, 116

Bruinette, K.E.
115

BTh
169, 170, 173, 175, 179, 184, 185, 187, 191

Buitemuurse studie
67

Buitendag, Carel
72

Buitendag, C.H.
72, 81, 83

Buitendag, F.J.H.
102

Buitendag, J.
116, 120, 121, 123, 138, 140, 145, 148, 149, 155, 163, 168, 174, 175, 176, 177, 178, 179, 183, 184, 185, 186, 187, 188, 189, 190, 191, 192

Buitendag, P.
156, 176

Buitendag, R.
134

Buitenweg, N.H.
104, 105, 115, 127

Buitewerk
102

Burger, A.J.P.
190

Burger, A.P.
18

*Burger, Die*
83

Burnet
13

Buxton House
42

Buys, F.
152

Bybel- en Godsdienskunde
173, 192

Bybel in Afrikaans
118, 142, 191

Bybelgeskiedenis
35

Bybelkennis
127, 187

Bybelkunde
63, 67, 68, 69, 78, 90, 93, 95, 96, 99, 101, 102, 104, 106, 111, 113, 114, 115, 118, 119, 120, 125, 129, 130, 138, 140, 142, 144, 146, 147, 148, 149, 150, 155, 157, 158, 159, 164, 165, 169, 170, 173, 180, 184, 186, 187

Bybelse Argeologie
67, 123, 135, 150

Bybelse geskiedenis
5, 67

Bybelse Godgeleerdheid
5, 7

Bybelse Teologie
5, 11, 16, 20, 23, 37, 46, 135, 150, 151

Bybelskool
148

Bybels-Reformatoriese Teologie
44, 91, 106, 122, 131, 142, 143, 145, 179, 188

Bybelstudie
115, 138, 186

Bybelvertalers
36, 40, 101, 124

Bybelvertaling
108, 114, 117, 119, 120, 121, 123, 124, 155, 166, 180, 182, 191, 193

Bybelwetenskap
100, 135, 136, 141, 155, 186

Campher, C.J.
151

Campher, N.J.
4, 6, 16, 35

Catholic Biblical Association
127

Christelike Etiek
11, 15, 23, 35, 37, 41, 42, 43, 47, 50, 51, 52, 53, 61, 64, 70, 83, 94, 101, 119, 122, 124, 125, 129, 130, 131, 135, 136, 138, 140, 142, 145, 147, 149, 153, 155, 169, 170, 173, 174, 175, 176, 184, 191, 192

Christelike Kerk
23, 135

Christelik-Nasionaal
100

Christian Reformed Churches in Australia
189

Christologie
77, 95, 99, 112, 115, 125, 126, 135, 149, 150, 176

Church of the Province of Sout Africa
72

Cilliers, P.J.
105

Claassen, J.J.
151

Coertze, L.I.
59, 72

Coertze, P.J.
64, 66, 72, 113

Coertze, R.D.
72, 113, 116

Coertze, R.J.
22, 96, 119, 136, 148, 163, 183

Coetzee, adv. G.A.
87

Coetzee, G.C.
47

Coetzee, H.C.
95

Coetzee, J.
112, 117, 120, 127, 131, 136, 140, 148, 159, 163, 171, 179, 187

Coetzee, J.J.
89

Coetzer, W.J.
136, 187

Collegeville
138

Colloquium Doctum
39, 97, 102, 187, 188

Conradie, A.
150

Conradie, A.J.
97, 102, 109

Conradie, F.H.
151

Context Group Project
140

Copeland, rev. T.
60

Cornelissen, A.H.
39

Cottesloe-konferensie
63, 72, 74, 81

Couzyn, Hertzog en Horak
87

Cronje, G.
35

Cronje, J.
127

CSV
23

Cules Boshoff Erepenning
188, 191

da Silva, Rianda
108

*Dagbreek*
88, 89

*Dagbreek en Sondagnuus*
87, 88

Dagbreek Trust
62

Dandala, Biskop M.
173

Dankseggingsdiens
5, 70

Dannhauser, E.
116

Dans
32

Davies
13

DD
30, 44, 55, 62, 63, 70, 71, 75, 76, 77, 79, 93, 95, 96, 99, 101, 102, 103, 104, 106, 107, 109, 110, 111, 112, 113, 115, 116, 118, 120, 121, 125, 127, 129, 131, 133, 134, 135, 136, 137, 138, 139, 140, 146, 147, 148, 152, 153, 154, 156, 169, 170, 173, 175, 176, 177, 179, 180, 187, 189

DD honoris causa
30

De Beer, C.R.
153, 158, 172, 174, 190, 192

De Beer, G.D.
23, 29

De Beer, G.J.
154

De Beer, J.A.
79

De Beer, J.N.
6

De Beer, P.J.
91, 126, 133, 134, 153, 154, 155, 156, 163, 194, 166, 168, 171, 173, 177, 179, 182, 191

De Beer, R.J.
152

De Beer, W.C.M.
76, 117, 122, 123, 133, 134, 143, 156

de Bruin, G.S.
175

de Bruin, J.
158

*De Hervormer*
4, 7, 8, 10, 11, 15, 18, 19, 20, 22, 23,24, 26, 27, 28, 29, 31, 32, 33

De Jong, A.D.
123

De Kock, adv. M.R.
79

de Lange, J.C.
117, 122, 132, 138

de Loor, B.
29, 33, 35, 40, 42, 43, 44, 45, 48, 49, 51, 58, 59, 61

de Loor, J.H.
115

de Munnik, L.
136, 148, 157

De Villiers, D.E.
169, 171, 173

*De Volkstem*
2, 3, 6

De Wet, J.I.
69, 70, 72, 75, 76, 78, 79, 80, 83, 89, 94, 97, 102, 104, 106, 107, 109, 111, 112, 115, 117, 118, 130, 192

De Zwaan, J.
46

Dekaan
24, 27, 31, 32, 34, 36, 37, 39, 40, 41, 44, 45, 50, 51, 53, 57, 59, 61, 66, 67, 68, 69, 70, 71, 76, 77, 79, 82, 88, 93, 95, 96, 97, 100, 102, 104, 106, 108, 114, 117, 119, 122, 126, 127, 127, 129, 130, 131, 133, 134, 135, 136, 137, 140, 141, 142, 143, 144, 145, 146, 147, 152, 154, 155, 157, 158, 159, 160, 161, 162, 163, 167, 170, 171, 172, 173, 174, 177, 178, 180, 181, 182, 185, 192, 193

Dekaansperiode
138, 146

Dekaansverslag
92, 115, 123, 146, 147, 156, 169

Dekanekomitee
158, 162, 163, 164, 165, 168, 169, 170, 171, 178

Delarey
117

Delport, J.M.
129

Departement Teologie
14

Derde professor
22, 23, 24, 26, 29

Desmond Tutu-Leerstoel
175

Dialektiese teologie
92, 113, 145

*Die Hervormer*
24, 28, 32, 39, 41, 42, 50, 54, 56, 62, 67, 68, 75, 79, 80, 81, 84, 85, 87, 89, 90, 99, 100, 101, 103, 104, 107, 108, 113, 117, 127, 140, 141, 143, 144, 145, 156, 159, 164, 166, 173, 176, 180, 186, 187, 188, 191, 193

*Die Hervormer se Nuusbrief*
106

*Die Volkstem*
24, 35, 36, 54, 55

*Die Welt*
107

*Diensboek*
162, 190

Diploma in Kerklike Bediening
173, 179, 184, 187

Diploma in Teologie
150, 162, 165, 169, 188

Dippenaar, J.
175

Dissiplinêre Komitee
131, 137

Diversiteitsaanstelling
174, 175

DLitt
36, 116, 120, 173,189

Dobson, J.H.
30

Dogmatiek
5, 10, 11, 15, 16, 18, 20, 31, 35, 37, 40, 41, 43, 46, 47, 48, 49, 50, 53, 55, 59, 61, 70, 83, 94, 101, 108, 111, 113, 120, 122, 124, 125, 129, 130, 131, 135, 136, 138, 140, 142, 145, 148, 149, 153, 155, 163, 169, 170, 173, 174, 175, 176, 184, 191, 192

Doktorale eksamen
8, 17, 29, 33, 46, 49, 55, 61, 70, 94, 95, 96, 97, 99, 102, 103, 104, 107, 108, 109, 110, 112, 113, 115, 116, 117, 118, 121

Don, J.A.
62, 68, 69

Dosentevergadering
110, 111, 112, 114, 115, 116, 117, 119, 120, 121, 124, 126, 129, 130, 131, 132, 134, 135, 136, 137, 138, 139, 140, 141, 143, 144, 145, 146, 147, 148, 149, 150, 151, 152, 153, 154, 155, 156, 157, 158, 159, 161, 162, 163, 164, 165, 167, 168, 169, 170, 171, 172, 173, 174, 175, 176, 178, 179, 180, 181, 185, 186, 187, 188, 190, 191, 192, 193

DPhil
107, 147

Dreyer, A.J.G.
64, 80, 91, 94, 95, 96, 97, 98, 100, 104, 106, 111, 115, 118, 123, 133, 134, 143, 153, 156, 163, 164, 166, 168, 175

Dreyer, D.J.
11

Dreyer, H.M.E.
49, 55

Dreyer, I.
148, 187

Dreyer, J.G.M.
1, 23, 25, 27, 29, 31, 32, 33, 40, 42, 43, 44, 45, 48, 49, 51, 58, 59, 60, 61, 63, 67, 71, 72, 73, 75, 81, 83, 84, 85, 86, 87, 91, 95, 104, 106, 117, 136

Dreyer, M.
136, 163

Dreyer, mev. M.
148, 163, 187

Dreyer, P.S.
43, 45, 47, 60, 62, 63, 64, 66, 70, 71, 72, 75, 80, 81, 82, 88, 91, 93, 103, 105, 109, 112, 121, 122, 124, 127, 141, 155, 158, 162, 173, 186, 192

Dreyer, T.F.
49, 117, 175

Dreyer, T.F.J. (Magaliesburg)
115, 143

Dreyer, T.F.J.
15, 25, 194, 35, 40, 41, 42, 43, 46, 48, 53, 56, 60, 62, 63, 67, 72, 73, 80, 81, 83, 87, 91, 94, 96, 103, 104, 108, 111, 112, 115, 117, 118, 119, 120, 122, 130, 132, 133, 134, 136, 137, 138, 140, 142, 146, 150, 151, 153, 154, 159, 162, 163, 164, 165, 166, 168, 169, 171, 172, 173, 174, 175, 176, 177, 178, 179, 180, 181, 182, 186, 187, 189, 190, 191, 192

Dreyer, Thomas F.
161

Dreyer, W.A.
115, 120, 143, 154, 155, 156, 158, 163, 164, 168, 173, 174, 175, 176, 177, 180, 181, 183, 185, 187, 193

Dreyer, Yolanda
111, 162, 163, 168

Druipsyfer
107

Drukgroep
133, 136

Du Plessis, C.H.
123

Du Plessis, J.C.
46

Du Plessis, J.P.
161

Du Plessis, Esme
181

Du Plessis, prof. J.C.
47

Du Plooy, J.J.C.
151

Du Toit, A.E.
31, 32, 36, 89

Du Toit, C.W.
1, 2, 4, 5, 7, 9, 12, 14, 15, 18, 29, 120

Du Toit, D.J.
169

Du Toit, D.J.A.G.
69

Du Toit, F.S.
1, 2, 4, 6, 10, 12

Du Toit, J.A.
2, 4

Du Toit, J.D.
31, 36

Du Toit Malherbe, D.F.
12

Duma, B.B.
164

Duncan, G.
192

Duvenage, G.W.D.
117

Dux erekleure
146

Dux eremedalje
99

Ebenhaezer
125

Ebenhaezer kerk
154, 155, 157

Ebersohn, P.J.
16, 23

Edenvale
72

Edinburgh
14, 15, 180

Education Functions Committee
13, 26

Eerste Minister
13, 26, 31, 62, 75, 84

Eeufees van UP
190

Eeufees-Album
43

Egskeiding
109, 131, 132, 174, 176

Eietydse getuienis
152, 155, 156

Ekologiese krisis
124

Eksteen oudl
57

Eksteen Paula
169,171, 175, 179

Eksterne eksaminatore
46, 69, 112, 132

Elliott, J.H.
134

Els, G. van R.
100, 104, 123, 185, 190

Els, J.P.G.
151, 152

Elsburg
66

Emmen dr.
67, 69

Emmie van Rensburgfonds
146

Engelbrecht, B.J.
43, 49, 50, 53, 59, 61, 62, 63, 70, 71, 72, 76, 77, 79, 80, 81, 82, 83, 84, 89, 91, 93, 94, 95, 96, 97, 99, 100, 101, 102, 104, 106, 107, 108, 109, 110, 111, 113, 114, 116, 117, 118, 119, 120, 121, 123, 125, 126, 127, 130, 131, 133, 134, 139, 141, 146, 175, 181, 192

Engelbrecht, C.L.
12, 55

Engelbrecht, E.
76, 79, 96, 119, 126, 138, 140, 145, 149

Engelbrecht, G.J.
2, 10, 12, 16, 17, 21

Engelbrecht, J.
187

Engelbrecht, J.J.
27, 34, 47, 67, 72, 92, 95, 104, 111, 114, 115, 116, 138, 142, 157, 158, 163, 186, 192

Engelbrecht, J.J. jnr.
104

Engelbrecht, J.J.H.
105

Engelbrecht, S.P.
10, 11, 13, 15, 17, 18, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 39, 40, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54, 55, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 69, 71, 72, 75, 76, 77, 81, 83, 84, 87, 88, 90, 92, 101, 108, 112, 113, 120, 127, 141, 158, 192, 193

Engelbrecht Susan
121

Engelbrecht, W.J.
49, 55, 151

Engelenburg, F.V.
12

Engelmohr
59

Ennis, P.W.
1, 2, 5, 9, 15, 16, 29

Enrico, S.
39

Ensiklopedie
31, 53, 55, 70, 83, 102, 112, 125, 135, 149, 150

Erasmus
8, 9, 12, 17, 22, 27, 29, 101,

Erasmus, B.J.
104, 143

Erasmus, D.F.
19, 20, 23, 24, 28, 33, 40, 58, 60, 61, 63, 67, 79, 87, 141

Erasmus, D.F. jnr.
67

Erasmus, G.J.
95

Eredienste
123, 124, 125, 131, 133, 136, 151

Eredienste in Engels
111

Eregrade
36, 41, 55, 76, 91, 106, 107, 116, 139, 141, 148, 154

Erepenning vir besondere diens
185, 188

Erepenning vir Kultuurhistoriese Prestasie
87

Erflating
63, 139, 165

Ermelo
1, 2, 4, 9, 10, 14, 30, 41, 47, 72, 125, 132

Esterhuizen, J.L.O.
154, 156

Evaluasieprogram
121

Evaluerings/Begeleidingskomitee
134

Evalueringskomitee
140, 146, 148, 164, 174, 176, 185, 191

Evangelical Presbyterian Church
184

Evangelisasie
110, 115, 117, 166

Evangelistiek
112, 115, 135, 149

Fakulteitsmedalje
108, 156, 170, 171, 172, 173, 174

Faure, Mej. S.
27

Feesbundel
108, 109, 113, 116, 131, 141, 142, 190

Feesrede
28, 41, 62, 130, 131

Ferreira, I.W.
107

Finansies- en Eiendomskomitee
109, 131

Fohrer, prof. G.
90

Fonds vir Gemeenteopbou
121

Formuliere
69

Fouche, Leo
34

Fourie, E.G.
112, 115, 183

Fourie, H.C.M.
1, 8, 9, 10, 12, 14, 16, 19, 20, 22, 23, 25, 26, 27, 29, 35, 36, 40, 42, 90, 91, 92, 104, 106, 110, 116, 117, 118, 121, 123, 132, 140, 141, 150, 151, 164, 166, 176, 177, 179, 182, 188, 189, 190

Fourie, J.P.J.
125, 151

Fourie, M.
187

Fürstenberg, P. de K.
185

Gasdosente
129, 130, 133, 134, 135, 138, 146

Gebed van Van Riebeeck
75

Gedenkalbum
88, 100, 118, 122, 191

Gedenkpennings
88, 122

Gedenkplaat
63, 118, 121, 122

Gedrag
7, 44, 60, 160

Geel, L.
185, 190

Geertsema, P.G.
62, 69, 70, 71, 73, 122

Geestelike versorging
68

Geestelike vorming
67, 101

Geesteswetenskappe
30, 139, 148

Geheime organisasies
133

Gelofte Bloedrivier
75

Geloftefeeste
34

Gelyke Geleenthede
80, 103, 111, 113, 123, 124, 127

Gemeenskaplike Matrikulasieraad
244

Gemeenskapsdiens
138, 140, 147, 153

Gemeentepraktyk
169

Gemser, B.
13, 26, 27, 29, 30, 31, 33, 38, 40, 42, 45, 46, 49, 50, 60, 61, 63, 64, 66, 67, 101, 140, 191

Gereformeerde Bond
107, 141, 157

Gericke, J.D.
116, 138, 140, 145, 148

Gesamentlike aanbidding
72, 129

Gesamentlike Onderrigkomitee
159, 162, 164, 165

Gesange, hersiening van
103

Geskiedenis
13, 15, 19, 20, 22, 23, 28, 33, 34, 38, 39, 45, 52, 57, 67, 68, 70, 72, 87, 98, 99, 100, 103, 104, 108, 113, 115, 124, 135, 136, 139, 140, 141, 142, 144, 145, 148, 149, 150, 155, 161, 163, 168, 173, 177, 183, 190, 191, 193

Geskiedenis van die Godsdiens
5, 7, 16, 33, 37, 38

Geskiedenis van die Christendom
37, 40, 70

Geskiedenis van die Ekumeniese Beweging
102, 104

Gewetensklousule
22, 27, 28, 92

Geyser, A.S.
39, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 49, 51, 53, 55, 57, 58, 59, 60, 62, 63, 64, 66, 68, 70, 72, 73, 75, 76, 77, 78, 81, 84, 85, 90, 120, 122, 192

Geyser, F.
2

Geyser, H.J.
2, 9, 39, 47, 68, 92, 93

Geyser, H.L.
5

Geyser, M.J.
2, 3

Geyser, P.A.
88, 99, 102, 104, 108, 111, 112, 114, 136, 138, 140, 144, 145, 148, 149, 153, 154, 155, 156, 157, 158, 159, 160, 162, 163, 166, 169, 170, 171, 173, 174, 175, 176, 177, 179, 180, 181, 184, 185, 187, 188, 190, 191, 192

Gijmink, G.J.
107

Glasgow
15, 32, 60

Goddefroy, M.J.
1, 2, 3, 9, 16, 18, 118, 122

Goddefroy-grafte
122

Goddefroysaal
122, 152

Godsdienskunde
150, 173, 181, 192

Golden, S.G.A.
99, 107, 112, 117

Goosen, Adri
163

Goosen, D.P.
108

Gouws, S.J.L.
86, 88, 93, 143, 144

Gradeplegtigheid
57, 66, 121, 141, 148

Gramsch, R.
110, 120

Gregan, S.
152

Greyling, L.
114

Grieks
5, 15, 16, 22, 23, 33, 37, 41, 53, 55, 61, 66, 96, 99, 104, 106, 107, 109, 111, 112, 113, 114, 115, 118, 119, 125, 129, 130, 147, 148, 149, 152, 153, 159, 173, 180, 187, 189

Grieks II
96, 104, 106, 111

Grieks III
59, 71, 75, 85, 87, 95, 96, 104, 106, 111

Grobler
32, 34

Grobler, G.P.J.
34, 47, 61, 62

Grobler, mev. G.
148

Grobler, M.L.J.
23

Grobler, M.M.
23, 27, 28, 29, 47

Grobler, P.
123, 133

Grobler, P.S.
14, 16, 22, 23, 33, 47

Groenewald, A.J.
173, 174, 176, 182

Groenewald, E.P.
41, 44, 49, 69, 70, 78, 93, 101, 119

Groeteboodskappe
28, 100, 129, 132, 142, 160, 166, 177, 189, 190

Groot Trek
1, 122

Grove, A.P.
71, 75, 81, 88, 96

Haarhoff, T.J.
36

Halfeeufees
17, 81, 90, 100, 101, 113

Hamman, E.M.
91, 93, 101

Handoplegging
22, 79

Hattingh, A.J.
168

Havenga, J.
168

Havenga, N.C.
67

H.C.M. Fourie Erepenning
90, 91, 92, 104, 106, 110, 117, 118, 122, 124, 128, 132, 140, 141, 150, 151, 164, 166, 176, 177, 179, 182, 189

H.C.M. Fourie Fonds
132, 270

H.C.M. Fourie Stigting
188, 190

Hebreeus
5, 15, 16, 22, 23, 24, 25, 26, 28, 29, 31, 32, 33, 37, 41, 53, 61, 94, 96, 99, 104, 106, 107, 110, 111, 113, 114, 118, 125, 129, 130, 147, 148, 149, 152, 153

Hebreeus II
33, 96, 104, 106, 111

Hebreeus III
85, 87, 95, 96, 104, 106, 111

Hebrew University
174

Heidelberg
1, 2, 4, 5, 8, 9, 20, 61, 115, 130, 132

*Heidelbergse Kategismus*
90, 154

Helberg, G.J.Z.
2, 4, 6

Helberg, J.L.
119, 134, 191

Herbst, A.B. van N.
72, 81, 83, 88, 91, 122

Herdenkingsfees
122, 130, 131

Herderlike skrywe
68, 77, 99, 103, 107, 124, 125, 126, 136, 139, 159, 162

Hermeneutiese Studiegroep
140, 144, 159

Herstigte Nasionale Party
105

Herstrukturering
134, 147, 153, 159, 163, 164, 165, 167, 169, 186

Hertzog, dr. A.
105

Hertzog, genl. J.B.M.
26, 31

Hervormde Dosentevergadering
171, 172, 173, 174, 175, 176, 179, 180, 181, 185, 186, 187, 188, 190, 191, 192

Hervormde Kerk in Suidelike Afrika
111, 124, 132, 140, 142, 166, 182, 189

Hervormde Studente vereniging
71

*Hervormde Teologiese Studies*
44, 56, 60, 72, 78, 86, 92, 108, 109, 113, 116, 119, 120, 121, 126, 128, 131, 132, 135, 137, 139, 142, 143, 148, 153, 158, 159, 162, 167, 169, 170, 172, 174, 176, 177, 179, 180, 181, 182, 184, 185, 186, 187, 188, 189, 190, 191, 192, 193

Hesse, V.E.
157

*Het Westen*
21

Heyns, J.A.
119

Hindley, W.R.T.
115

Hoek, P.W.
113, 114, 116

Hoffman, S.
175, 177, 179, 190

Hoffman, S. jnr.
363, 371

Hofland, oudl.
16

Hofmeyer, J.H.
36

Hofmeyer, J.W.
169, 171, 173, 176

Hofmeyer, N.J.
8

Hollands
15, 16, 23

Holloway, J.E.
18, 22

Honorêre Professor
173, 190, 191

*Hoofstad*
100, 103, 109

Hoogenhout, N.M.
25

Kemp, A.T.
76

Hospitering
133, 161

Hough, M.J.
90

Hough, R.
190

Howell, J.
130

HTK
170, 171, 172, 173, 174, 176, 177, 178, 179, 181, 182, 184, 186, 187, 188, 189, 190, 191, 192, 193

HTV
109

Hugenotefees
131

Hulpdosente
108, 111, 112, 136, 137, 145, 147, 148, 149, 155, 168, 176

Hulst, A.R.
107

Human, D.J.
171, 173, 190

Humpata
23, 24

Huyzers, W.F.H.
24, 27, 63, 66

*IDEA*
107

Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing
110, 117

International College of Bible and Missions
173

International Reformed Institute
153

Intertale Kommunikasiesentrum
127

*Jaarboek*
15, 22, 24, 41, 149, 173

Jacobs, D.F.
4

Jacobs, D.J.
6

Jacobs, J.H.H.
151

Jansen, E.G.
36

Janson, J.H.H.
33, 43, 45, 48, 81

Janson Murray
78

Janson, T.N.H.
44, 46, 49, 67

Jesus Seminar
153

Johannesburg
1, 2, 4, 5, 16, 24, 26, 33, 70, 72, 87, 108, 122, 151, 152, 159, 174, 180, 189

Johannesburg-Noord
89

Johannesburg-Suid
75

Johannesburg-Wes
47

Johnson, mev. G.G.
165

Jongeleen, C.
76, 85

Jonker, H.
118

Joodse gemeenskap
25

Jooste, Marleen
108

Joubert, C.J.
2

Joubert, D.M.
110, 119, 131, 137

Joubert, J.J.
23

Joubert, S.J.
169, 171, 173

Joubert, T.F.
115

Jubileumfees
118

Kairo
181

Kamffer, J.
151

Kanselier
30, 32, 83, 95, 121

Kanselier van die Konvokasie
40

Kantore
71, 81, 82, 93, 107, 146, 160, 186, 193

Karlskrona
179

Kateder
69, 72, 74, 121

Kategese Leerboek
75

Keet, B.B.
35, 36

Keet, D.J.
41

Kemp, A.T.
76

Kemp, W.J.
23, 27, 29, 47

Kempen, W.
119

Kerk en kultuur
159

Kerk en politiek
66, 105, 136

*Kerk en Theologie*
74

Kerk en wêreld 2000
113, 114, 116, 120, 122, 124, 126, 127

*Kerkblad*
4, 38

Kerkgeskiedenis
5, 11, 13, 16, 17, 20, 22, 23, 24, 25, 31, 33, 43, 44, 45, 70, 85, 94, 104, 105, 108, 109, 111, 112, 118, 120, 121, 135, 138, 140, 142, 143, 146, 148, 149, 152, 155, 163, 166, 168, 169, 170, 173, 174, 175, 176, 178, 180, 184, 185, 186, 187, 188, 189, 192, 193

Kerkhistoriese Genootskap
108, 140

Kerkhistoriese Werkgroep
181

Kerkklousule
68

Kerklied
98, 102, 187

Kerklike eksamen
8, 22, 35

Kerkmusiek
98, 102, 114, 119, 120, 132, 166

Kerkorde
151, 158, 160, 161, 164, 166, 181

Kerkreg
11, 15, 20, 33, 35, 37, 70, 74, 94, 101, 112, 114, 135, 138, 142, 143, 145, 149, 170, 173, 176, 178, 180, 184, 185, 186, 187, 188, 189

Kerkspesifieke opleiding
182

Kerkwapen
120, 122

Kerkwet
16, 22, 35, 42, 45, 46, 47, 48, 49, 51, 52, 58, 60, 66, 68, 69, 72, 73, 74, 75, 76, 77, 79, 80, 84, 88, 92, 95, 98, 104, 123, 124, 125, 129, 132, 133, 135, 144, 149, 151, 160

Kern, H.P.F.
116

Kernaantekeninge
115, 131, 137, 193

Kestell, J.D.
8, 36

Keuring
42, 70, 71, 72, 80, 130, 137, 160

Kital
111, 113, 115, 120, 121, 126, 130, 132, 133, 134, 136, 147, 149, 153, 159, 177, 184

Klagskrif
69, 76

Klasgeld
108, 174

Klerksdorp
1, 4, 6, 9, 58, 126, 132

Klopper Jonanda
163, 168

Kloppers, E.C.
136, 148

Kloppers, H.N.
151

Kloppers, W.C.
110

Knoetze, A.D.
151

Koekemoer, Issie
163

Koekemoer, J.G.
151

Koekemoer, J.H.
75, 91, 99, 101, 108, 111, 112, 115, 117, 122, 124, 125, 126, 127, 130, 131, 132, 134, 135, 136, 137, 140, 141, 142, 143, 145, 146, 147, 148, 153, 156, 157, 158, 162, 165, 169, 170, 171, 173, 174, 175, 176, 177, 178, 181, 192

Koekemoer, P.J.T.
58, 59, 61, 70, 75, 81, 83, 88, 89, 92, 93, 94, 95, 97, 99, 104, 108, 110, 111, 117, 192

Kok, J.
171

Kok, J.H.
19

Kok, W.J.J.
190

Kollege
16, 17, 25, 28, 165, 167, 168, 169, 170, 171, 172, 173, 174, 177, 178, 179, 181, 184

Kollegemedalje
172, 173, 174

Komitee vir Dissipline
71, 99, 107

Komitee vir herskrywing van die Kerkwet
151, 160

Kommissie van die Ring van Pretoria
89

Kommissie vir hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling
75

Konfessionele verbond
152, 154, 155

*Konteks*134, 163, 181, 182, 192, 193

Konvent van Reformatoriese Kerke
189

Konvokasie
36, 40, 71

Koomans, A.H.
7, 11, 17, 20, 21, 23, 25, 29, 31

Koomansfonds
17, 22, 25, 29

Kosmos Instituut
179, 185

Kotze, C.J.S.
151

Kotze, E.C.B.
90, 108, 109, 113, 117, 119, 123, 124, 133, 134, 143, 153, 154

Kotze, H.G.S.
151

Kotze, Zelda
191

Kramer, H.M.J.
58

Kramer, Jan
108

Kriegler, adv J.C.
87

Kriek, H.N.
152

Kriel, W.J.C.
116

Kroniek
35, 84, 85, 86, 88, 100

Kruger, B.R.
63, 64, 66

Kruger, ds H.F.V.
88

Kruger. L.H.
168

Krugersdorp
2, 5, 7, 12, 23, 47, 89, 98, 125, 180

Krugersdorp-Noord
118, 151

Krugersdorp-Oos
89

Kuhn, J.J.
5, 7, 9, 10, 12, 29, 100

Kuhn, K.G.
116

Kultuurtaak
154, 155

Kuratorium – lede
23, 48, 58, 63, 75, 76, 81, 88, 98, 106, 111, 118, 123, 144, 153, 154, 155, 168, 179, 185, 190

Kuratorium – voorsitter
24, 25, 29, 43, 50, 51, 58, 60, 88, 91, 92, 95, 104, 118, 134, 142, 151, 157, 159, 165, 166, 172, 173, 177, 189

Kuratoriumkamp
107, 109, 112

Kurrikulum
5, 115, 116, 142, 157, 158, 162, 164, 176, 184

Kuyper, Abraham
5

Kuyper, A.C.
179, 183, 189

Kweekskool van die Geref Kerk
17

Kweekskool van die NGK
2, 17, 38

Kweekskoolfonds
10, 16, 17, 23, 33

Kweekskool-idee
67

La Grange, H.F.
127

Labuschagne. C.J.
62, 63, 65, 70, 73, 77, 78, 87, 88, 89, 90

Labuschagne, Dirk
191

Labuschagne, G.J.J.
121, 125, 138

Labuschagne, J.P.
39, 42, 47, 97, 104, 129, 138, 140, 146, 155, 163, 164, 168, 173, 174, 175, 176, 179, 180, 186, 188, 189, 193

Labuschagne, M.J.
108

Langverlof
33, 70, 79, 83, 92, 93, 99, 121, 173

Langdienstoekenning
157, 175, 181, 188

Latyn
15, 16, 23, 24, 26, 33, 37, 41, 42, 44, 46, 53, 55, 70, 96, 104, 106, 109, 110, 111, 112, 113, 114, 115, 119, 130, 148, 149

Lauts-argief
20

Le Roux, E.
188

Le Roux, Elritia
191

Le Roux F.J.
55

Le Roux, J.H.
169, 171, 173

Le Roux, L.M.
34, 47, 62, 63, 67, 75, 79, 81, 83, 88, 92, 93, 94, 98, 99, 102, 106, 108, 111, 130

Le Roux, Z.P.
177

Leema, T.
164

Leergang
41, 69, 148

Leerplanne
30, 102, 112, 135, 148, 149, 158, 172, 179

Leerstellige Godgeleerdheid
7

Leerstellige teologie
30, 31

Leeudoringstad
125, 126, 189

Legitimasieplegtigheid
163, 168, 173, 179, 185, 188, 190, 191

Lensink, J.M.
123, 133

Lesingrooster
73, 94, 119, 120

Letteregebou II
110

Leuven
141, 153, 180

Levi
26

Leyds, dr W.J.
20

Lidmatetal
87, 118, 142, 151, 176

Liebenberg, Chris
150

Lindeque, G.C.
134, 147, 176, 185, 187, 190, 191

Lizemore, Heloise
134

Loader, J.A.
90, 93, 94, 101, 107, 110, 120, 123, 132, 133, 134, 153, 154, 155, 156, 162, 165, 168, 184, 191, 192

Lombard, B.V.
54, 55

Lombard, I.M.
134

Loots, F.G.J.
111, 126, 151

Lotz, oudl. Jan
81

Lotz, Zarina
185

Louis Trichardt
2, 162

Lubisi, C.D.
164

Ludorf Regter
82

Lund
179

Lydenburg
6, 10, 24, 25, 47, 70

MA (Teol)
148, 156, 169, 179

MA Studie
27, 62, 66, 109

MacFadyen, W.A.
22

MacMillan, E.
13, 15, 22, 24, 33, 59

Madikizela, L.B.
158

Mahlangu, E.
164, 169, 171, 173

Makwassie
1, 2, 4, 10, 47, 78, 126, 151, 152, 158, 179

Malan, A.I.
54

Malan, D.C.
54

Malan, D.F.
26, 30, 32, 62

Malan, F.S.
12

Malan, G.J.
116, 165

Malan-huis
59

Malherbe, D.F. du Toit
12

Malherbe, J.A.
1, 4, 6, 7, 10, 12, 15, 16, 17, 22

Maloma, M.B.
164

Maloney, J.D.
106

Manala, M.J.
156

Mans, C.J.
5, 61, 62, 72, 78, 79, 81, 88, 91, 92, 95, 97, 98, 99, 101, 102

Mans, Werner
181

Mansvelt, N.
11

Mapogsgronde
1,2

Marais, B.J.
41, 54

Marais, D.D.
171

Marais, Jaap
88, 105

Marais, J.D.
152

Marais, J.S.
117

Marais, Viljoen
119

Marais, Willie
105

Maranatha Reformed Church of Christ
189

Marburg
15

Marico
20, 70

Marnewick, J.C.
135

Masango, M.J.
175

Mathlener, W.
91

McDonald, A.T.
156

McDonald, M.H.
119

McDonald, T.
115

MDiv
63, 125, 126, 131, 133, 134, 135, 137, 138, 140, 143, 146, 147, 148, 153, 156, 169, 173, 175, 176, 177, 178, 179, 180, 181, 184, 185, 187, 188, 190

Mede-professore
114, 115, 116, 117, 120, 133

Mediese Fakulteit
40

Meinhof professor
31

Meiring P.G.J.
155, 169, 171, 173

Menzies, S.
18

Merietebeurse
91, 94, 106

Meyer, L.J.
100

Meyer, L.J. jnr.
152

Meyer, L.J. snr.
151

Meyer, M.
170

Meyer, P.J.
84

Meyer, S.W.J.
2

Meyerspark
136

Middelburg
1, 6, 18, 47, 93, 119, 175

Mildenberger, F.
120, 175

Mindolo-byeenkoms
86, 87

Minister van Binnelandse Sake
5, 29

Minister van Justisie
42

Minister van Lande
28

Minister van Onderwys
12, 13, 24, 25, 26, 30, 31, 38, 43, 53, 54, 55

Minister van Spoorweë
39

Missie
158, 179

Modulering
129, 138, 140, 169

Moller, T.
187

Mondelingse toetse
112

Moolman, L.
122,

Moolman, P.L.
17

Mosoeu, P.M.
150

Motlaba, J.M.M.
157

MTh
110, 169, 170, 174, 175, 186, 189

Mulder, E.S.
24, 27, 29, 31, 32, 33, 40, 42, 43, 45, 46, 48, 49, 53, 56, 58, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 69, 70, 71, 75, 76, 77, 78, 79, 81, 82, 83, 84, 88, 90, 92, 93, 101, 102, 192

Muller
5, 6, 7, 9, 10, 14

Muller, Anna Deborah
89

Muller, Chris
12

Muller, C.H.
34, 39, 47

Muller, D.J.
18

Muller, genl Chris
12

Muller, H.
34, 39, 40, 41, 46, 63, 83, 95, 107, 120

Muller, Hilgard
89

Muller, J.C
6, 169, 171, 173

Muller, J.J.P.
93, 104

Muller, P.J.
1, 5, 8, 19, 23, 24, 32, 92

Murray
21

Murray, A.
1, 4, 23

Murray, C.
30

Myburg, Gert
162

Mynhardt, J.D.
87

Mynhardt, J.J.
4

Naboomspruit
72, 146

Nagraadse studie
60, 123, 129, 137, 138, 156, 162, 188

Nasionale Kolleges
157

Naude
84, 85, 86, 87, 88, 90, 106

Naude, ds C.F.B.
84

Naude, J.H.
96

Naude, J.P.
88, 101, 112, 116, 117, 118, 122

Naude, J.S.
127

Naude, R.M.
104, 106, 114, 116, 117, 118, 138, 155

Navorsing
30, 89, 91, 99, 109, 118, 120, 129, 134, 137, 138, 139, 142, 148, 149, 150, 153, 158, 159, 164, 166, 167, 169, 170, 173, 175, 178, 179, 180, 182, 184, 191

Navorsingskomitee
129,178

Navorsingsmetodologie
148

Navorsingsverlof
127, 134, 164, 171, 180

Nederduitse Gereformeerde Kerk
75, 76, 78, 132, 142, 188, 189

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
166

Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk
8, 12, 16, 35, 39, 41

*Nederlandsche Theologisch Tijdschrift*
42, 78

*Nederlandse Geloofsbelydenis*
68, 74, 132

Nederlandse Hervormde Kerk
7, 8, 62, 63, 71, 74, 80, 103, 107

*Nederlandse Kultuurhistoriese Instituut*
88

*Nederlandse Post*
84, 85

Neele, A.
188

Nel, Celia
148

Nel, Cornelia Aletta Sophia
93

Nel, D.
36

Nel, G.
163

Nel, G.C.J.
173, 174

Nel, G.J.S.
154

Nel, J.
175

Nel, L.A.
77

Nel, P.G.
117, 120

Nell, L.J.J.
116, 127

Nelspruit
174

Neuser, W.H.
119

Newman, J.
70

NG Kerk
127, 178, 181

NG Kerk van Transvaal
181

NHSV
42, 62, 187, 191

Nico Prinslooprys
94, 95, 97, 99, 102, 104, 108, 110,112, 114, 115, 116, 118, 119, 120, 121, 126, 130, 136, 147, 149

Nicol
35, 41, 54, 55, 56, 57,

Nicol, W.
26, 35, 36, 38, 43, 53, 54, 56, 59, 62

Nienaber
88

Nienaber, P.J.
87

Nolte
82, 88, 102

Nolte, Andries
36,

Nolte, A.J.
34, 39, 47, 62, 63, 67, 73, 80, 84, 85, 87, 88, 90, 91, 93, 97, 99, 102

Nolte, S.P.
112

Noordelike Pretoria
132, 134, 159

Nuwe Testamentiese Wetenskap
45, 68, 73, 78, 96, 108, 111, 118, 119, 121, 122, 128, 129, 131, 134, 135, 136, 137, 138, 140, 142, 144, 145, 148, 149, 155, 158, 159, 163, 169, 173, 174, 176, 184, 186, 187, 188, 191, 192

Obbink
26, 64

Obbink, H.Th.
18, 19

Obbink, H.W.
42, 60

Oberholzer
78, 90, 93, 102, 104, 107, 109, 117, 137, 138, 142, 145, 192, 193

Oberholzer, Bart
142, 193

Oberholzer, C.K.
67, 71, 75, 93, 109

Oberholzer, J.P.
34, 61, 63, 69, 71, 72, 73, 75, 76, 78, 79, 80, 84, 85, 87, 88, 90, 91, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100, 101, 102, 104, 106, 107, 108, 109, 110, 111, 112, 113, 114, 115, 116, 117, 118, 119, 120, 121, 122, 124, 126, 127, 128, 130, 131, 132, 133, 134, 136, 139, 140, 141, 142, 143, 144, 145, 148, 154, 165, 186, 190, 191, 192, 193

Oberholzer, P.S.
151

Oberholzer, N.C.
93

Odendaal
84

Odendaal, F.H.
84

Odendaalsrus
151

Oelofse
77, 84,

Oelofse, J.C.
80, 81, 84, 102, 112, 134

Ofir, Zenda
170

*Oggendblad*
103

*Old Testament Essays*
174

Oliver, W.H.
140

Olivier, G.C.
113, 114

Oltfanger
26

Onderrigprogram
130, 137, 138

Onderrigvorme
112

Ons Tuis
102, 108

Oom Sarelfonds
25

Ooreenkoms/Kontrak
3, 11, 31, 33, 34, 35, 36, 37, 39, 40, 49, 59, 72, 75, 76, 78, 79, 80, 81, 82, 83, 86, 106, 121, 145, 169, 170, 171, 172, 175, 178, 181, 182, 184, 192, 193

Oos-Afrika
8, 9, 24, 53, 55

Oosthuizen
35, 40, 41, 42, 45, 46, 48, 50, 51, 56, 57, 58, 67, 68, 73, 81, 82, 84, 114

Oosthuizen, A.
50

Oosthuizen, A.J.G.
22, 23, 25, 32, 33, 35, 40, 42, 43, 44, 45, 48, 49, 51, 56, 60, 62, 63, 65, 67, 69, 71, 72, 73, 80, 81, 82, 84, 85, 87, 88, 104, 113, 114, 116, 181, 185, 187

Oosthuizen, B.W.
115

Oosthuizen E
150

Oosthuizen, F.J.C.
151

Oosthuizen, Marike
181

Oosthuizen, mev M.R.
93

Oosthuizen, S.F.
54, 55

Oos-Transvaal
1, 93

Openingsrede
22, 24, 33, 56, 62, 67, 73, 110, 117, 121, 132, 141, 150, 165, 177, 182, 187, 189

Opgrawings
42, 127, 148

Opknappingskursus
102

Opleidingsfonds
4, 5, 15, 168, 171, 174, 175, 179, 185, 186, 187, 188, 190, 191

Opleidingsvereistes
92, 94, 96, 98

Opsig en tug
58

Orde vir Voortreflike Diens
129

Oriëntering
102, 141, 169

Ossewa-Brandwag
42

Otto
32

Otto, J.
143, 161, 163, 168, 185, 188, 190

Otto, T.H.
171

Ottosdal
124, 125

OTWSA
174

Ou Letteregebou
94

Oxford-groep
32, 33, 34

Pakendorf, P.G.
71

Papp, K.
68, 86

Papp. Kalman
60,170, 174

Papp, K.D.
170, 179

Papp, W.W.
124

Paradigma
75, 112, 126, 143, 174, 178

Partypolitiek
52, 65, 66, 68, 89, 90, 104, 105, 124, 136

Pastorale Sielkunde
79, 87

Paterson
13, 15, 17, 18, 25

Paterson, A.C.
12, 14, 22, 24, 119

Peens, Smit en Oelofse
77, 84

Pellisier
35, 38, 39, 41, 50, 57

Pellisier, G.M.
35, 41, 55

Pelser
97, 98, 128, 131, 132, 134, 136, 142, 152, 153, 156, 158, 164, 170, 177

Pelser, Abraham Johannes
97

Pelser, Gert
177

Pelser, G.M.M.
92, 95, 96, 97, 102, 105, 109, 111, 112, 114, 118, 119, 120, 126, 127, 129, 131, 132, 134, 136, 140, 144, 145, 146, 151, 152, 153, 156, 157, 158, 165, 169, 170, 171, 172, 173, 175, 177, 178, 186

PhD
146, 147, 152, 156, 169, 171, 173, 174, 189

Philadelphia
67, 89, 97, 109, 114, 120, 125, 139, 140, 171

Pienaar, A.J.
134

Pienaar, Jacques
109

Pienaar, J.J.
31

Pienaar, L.A.D.
110

Pienaar, R.T.I.
134

Pieter van Drimmelenmedalje
143, 191

Pistorius
55

Pistorius, C.W.I.
181

Pistorius, P.V.
44, 55, 66

Plaston
68, 69

Poen
42

Poen, W.P.J.
23

Pont
66, 68, 73, 77, 81, 85, 86, 87, 88, 89, 90, 99, 100, 102, 103, 104, 105, 106, 108, 109, 115, 121, 143, 145, 152, 155,

Pont, A.D.
8, 55, 63, 65, 66, 67, 68, 70, 71, 76, 79, 80, 81, 83, 84, 85, 88, 89, 91, 93, 95, 97, 99, 100, 101, 102, 103, 104, 105, 106, 108, 109, 110, 111, 112, 115, 116, 117, 119, 121, 122, 123, 127, 128, 129, 130, 132, 134, 136, 137, 138, 139, 140, 141, 142, 143, 144, 145, 148, 149, 152, 154, 155, 168, 170, 173, 174, 175, 176, 188, 189, 190, 191, 192, 193

Pont, D.
49, 53, 60

Pont, J.W.
8, 11, 42, 66

Pont, Johannes Wilhelm
66

Postma, F.
22, 36

Potchefstroom
1, 2, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 15, 16, 17, 18, 19, 21, 24, 26, 28, 29, 30, 31, 36, 38, 42, 43, 55, 75, 78, 79, 95, 97, 117, 118, 125, 130, 143, 152

Potchefstroom-Noord
78, 108, 109

Potchefstroom-Studente
123, 125

Potchefstroom-Suid
96

Potgietersrust
2, 47

Praeses
100, 114, 120, 140, 163

Praktiese opleiding
110, 133, 137, 138, 143, 147, 158, 161, 163, 176

Praktiese Teologie
5, 11, 37, 47, 48, 52, 67, 68, 69, 71, 76, 78, 81, 85, 87, 89, 94, 95, 103, 108, 109, 111, 116, 117, 118, 119, 120, 124, 129, 130, 131, 138, 139, 140, 148, 149, 150, 152, 155, 162, 163, 168, 169, 170, 171, 172, 173, 174, 175, 176, 179, 180, 184, 189, 192

Praktykvorming
172, 173, 178, 184, 185, 187

Predikantetal
4, 87, 142

Predikantetekort
62, 85, 92

Predikantevergadering
32, 33, 44, 56, 72, 74, 90, 91, 92, 98, 115, 119, 121, 140, 144, 152, 163, 193

Prediking
14, 16, 20, 26, 27, 58, 61, 96, 99, 110, 112, 114, 118, 124, 132, 136, 143, 144, 147, 150, 151, 157, 162, 190, 192

Presbiteriaanse Alliansie
76

Presbiteriaanse Kerk
13, 15, 71, 89, 162, 166, 177, 182

Prestasiebeurs
107

*Pretoria News*
87

Pretorius
55, 79, 111, 138, 146, 156, 163, 176

Pretorius, A.W.J.
29, 130

Pretorius, C.
176, 179, 185

Pretorius, Hannie
163

Pretorius, L.A.
109

Pretorius, Maryke
186

Pretorius, M.F.
151, 152, 156, 157

Pretorius, M.W.
94, 99, 104, 122, 173

Pretorius, S.P.
103, 105, 112, 127, 134, 136, 138, 140, 142, 146, 176

Prins, S.J.
59, 87, 96

Prinsloo
55, 56, 57, 58, 59,

Prinsloo, J.H.
125

Prinsloo, J.J.
2, 4, 5, 7, 9, 12, 17, 21, 22, 23, 27, 28, 29, 31, 33, 39, 40, 42, 48, 50, 53, 54, 55, 56, 57, 71

Prinsloo, J.J. Gsn
29, 33, 57, 59, 61

Prinsloo, J.J. Jsn
5, 35, 40, 42, 43, 45, 46, 47, 48, 53, 54, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 67, 68

Prinsloo, J.P.
17, 29, 31, 35, 42, 50, 57

Prinsloo, M.J.
121

Prinsloo, Nico
76

Prinsloo, N.M.
2, 4, 5, 12

Prinsloo, N.M.S.
5

Prinsloo, S.J.
2, 7, 117

Prinsloo, W.P.
110, 162, 176

Prinsloo, W.S.
142, 160, 162

Pritchard
15

Proefpreke
5, 29, 31, 59, 64, 67, 68, 92, 117, 127, 139, 160

Profielbeskrywing
158

Proponentseksamen
5, 7, 10, 11, 18, 22, 23, 35, 42, 45, 55, 58, 59, 92, 127, 133, 150, 160, 179, 184

Proponentseksamenkommissie
39, 127, 134, 136, 138, 144, 148, 150, 154, 155, 160, 161, 179, 185

Proponentsondertekeningsformule
154, 155, 155, 157, 159

Publikasies
32, 60, 61, 67, 70, 72, 101, 120, 121, 122, 123, 126, 131, 136, 137, 138, 141, 143, 145, 147, 152, 153, 179, 180, 181, 191, 193

Raad van Finansies
29, 60, 63, 64, 71, 79, 80, 83, 87, 90, 107, 108, 118, 137, 139, 144, 154, 159, 160, 190

Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte
110, 158

Raad vir Kerk en Teologie
155, 156, 157, 159, 162, 164, 165

Raats, J.J.
6

*Rand Daily Mail*
83, 90

Ras, A.
27, 47

Ras, F.H.
135

Ras, Frans
81

Ras, P.A.
25

Ras, S.F.C.
107, 110

Rasionalisasie
129, 133, 136, 137, 138, 140, 145, 146, 147, 154, 165

Rasionalisasiekomitee
134, 136, 137

Rasker, A.J.
43

Rassisme
103, 123, 133

Rautenbach
22, 23, 24, 25, 27, 28, 29, 32, 33, 34, 35, 37, 38, 42, 44, 45, 48, 50, 51, 52, 53, 55, 56, 60, 62, 63, 67, 70, 78, 84, 88, 90, 91, 92, 93, 95, 98, 100, 101, 103, 106, 107, 111, 115, 127, 130, 135, 140, 151, 192

Rautenbach, C.H.
22, 23, 25, 27, 28, 29, 33, 34, 35, 42, 44, 50, 55, 56, 60, 62, 63, 70, 78, 84, 88, 90, 91, 92, 93, 95, 98, 100, 103, 106, 107, 111, 115, 127, 130

Rautenbach, P.D.
151

Rautenbach-gedenklesing
135

Redelinghuys, M.J.
72, 73, 87

Reininck
13, 18

Reinstorf, D.N.
179

Rektor
12, 15, 18, 25, 26, 31, 32, 33, 34, 36, 43, 44, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54, 55, 56, 57, 60, 62, 63, 68, 70, 78, 82, 84, 88, 91, 93, 100, 102, 103, 107, 109, 110, 115, 119, 127, 129, 131, 137, 138, 140, 142, 145, 147, 148, 153, 158, 162, 163, 164, 170, 171, 181, 190, 192

Rektoraat
54, 55, 129, 162, 167

Rektorale Komitee
55

Rektorskwessie
36, 56, 57

Rex, H.M.
14, 39, 44, 86

Reynecke, J.D.
25

Rhodesbeurs
40, 188

Rhodesië
10, 24, 36, 103

Riekert, M.J.
115, 127, 139

Riekert, ouderling
139

Robberts, J.H.
134

Robberts, Z.C.
151

Robbertse, J.H.
147

Robbertse, M.D.
140

Robinson, E.M.
66

Roets, J.N.
12

Roets, P.J.
163

Roorda, H.G.L.T.H.
17

Roos, G.J.J.
39, 43, 47, 62, 63, 67, 81, 88, 89, 92, 95, 98, 99, 106, 108, 111, 118

Roos, Tielman
31, 32

Roos, W.J.
47, 75

Roos-rapport
36

Roossenekal
1, 6

Rossum, Estelle
108

Rünge, C.H.S., ds.
22, 24

Rustenburg
1, 2, 6, 8, 9, 10, 29, 47, 62, 78, 93, 102, 130, 187, 189

Ruysch van Dugteren, C.J.L.
1, 2, 4, 5, 7, 8

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
87, 120, 189, 191

SA Hengelaarsunie
121

SA Institute of Race Relations
85

Sauerzapf, R.
97, 99, 103, 104

Scenariobeplanning
154

Schmidt, C.F.
36

Schoeman, D.J.
27

Schoeman, G.J.C.
119

Schoeman, P.R.
181, 188

Schoemansdal
130

Schroeder, J.A.A.
105, 111

Schroeder, P.J.
152

Schutte, J.B.
125

Schutte, oudl.
57, 58

Schutte, P.J.W.
126, 186

Sekretaris van die Dosentevergadering
146, 168

Sekretaris van die Fakulteit
37, 38, 41

Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
146

Seminaarmodel
154

Seminaarstelsel
120

Semitiese Tale
13, 25, 26, 29, 33, 42, 55, 62, 64, 69, 94, 95, 99, 100, 104, 108, 109, 110, 114, 118, 119, 146, 180

SENTIK
178, 182

Sentrum vir Teologie en Samelewing
171

Sesde leerstoel
73, 77, 89

Seymore, M.M.
125

Shin, I.C.
186

Siekteverlof
27, 60, 90, 92, 94, 111, 112, 158, 169, 186

Sielkunde
22, 23, 31, 34, 37, 38, 42, 64, 70, 79, 87, 111, 119, 126, 148, 149

Sielkunde van die Godsdiens
22, 37

Sikliese lesings
86

Simposia
135, 137, 138, 140, 159

Simpson, C.J.A.
112, 116, 131, 136, 148

*Skakelblad*
93, 112, 113

Skandinawië
180

Skriba van die Algemene Kerkvergadering
13, 35, 67

Skriba van die Kuratorium
18, 19, 53, 60, 160, 161

Skrifbeskouing
108, 135, 150, 159, 162, 180, 183

Skripsies
120, 121, 132, 137, 184

Slotemaker de Bruine, J.R.
19

Smit, A.R.
25

Smit, C.J.
62, 125

Smit, E.J.
105, 111

Smit, F.
6, 138

Smit, F.A.
12

Smit, J.A.
45, 47

Smit, J.D.H.
49

Smit, J.L.J.
107, 109

Smit, J.S.
9

Smit, P.
129, 140, 142, 145, 148, 153

Smit, P.J.
23, 27, 29, 31, 33, 42

Smith, D.J.
94, 99, 138

Smith, Kathleen
134

Smith, N.
27

Smith, P.M.
47,71,72,73,80,81,82,83,87,88,91,97,102,104,110,117,150,151,173

Smith, Sanri
147, 148

Snyman, A.S.
55

Snyman, D.B.
47

Snyman, F.G.J.
105

Snyman, G.
55

Snyman, J.P.
105

Society for Old Testament Study
115

Society of Biblical Literature (SBL)
137, 138

Sorbonne
70

Sosiologie
23, 35, 135, 148, 149, 150

Sosiologie van die Nuwe Testament
194

S.P. Engelbrecht Erepenning
112, 120, 193

Spesialistehulp
131, 136, 159, 169

Spies, P.H.
120

Spiritisme
32, 35, 141

Spoelstra, C.
19

Spreeklesse
27, 28, 29

St Andrews Gemeente
15

St Andrews Universiteit
170

St Johns Universiteit
143

Staatsmodelschool
2

Staatsgimnasium
2

Stadler, J.J.
148

Stalsprys vir Teologie
115, 119

Stander, H.F.
175

Steenekamp, C.S. van H.
47

Steenekamp, J.H.
90

Steenekamp, N.J.S.
189

Steenkamp, J.J.
95, 102, 103, 104, 105, 113, 125, 137, 138, 140, 142, 144, 148, 151, 152, 154, 157, 161, 168, 177, 189

Steenkamp, L.J.S.
95, 130, 132, 134, 135, 139, 148, 149, 153, 168, 169

Steenkamp, N.J.S.
183

Steenkamp, P.L.
107, 133, 136

Steenkamp, W.F.J.
56

Steinman, J.D.
115

Stellenbosch
2, 3, 5, 8, 10, 14, 26, 30, 34, 35, 36, 38, 46, 109, 121, 129, 136, 143, 146, 149, 175, 187, 190

*Stemmen voor Waarheid en Vrede*
19

Stemmet, L.
151

Steyn, B.J.
2, 4

Steyn hoofregter, L.C.
89

Steyn, L.J.
125

Steyn, W.H.
151

STNT
164, 165, 167, 171, 178

Stoffberg, L.
105

Stoffberg Teologiese Skool
87

Stoltz, G.P.J.
175

Stoop, J.A.A.
58, 59, 61, 62, 66, 68, 69, 70, 73, 89

Stoop, L.M.
4

Storm, J.D.
47

Storm, J.M.G.
102, 105, 112, 117, 119, 122, 138, 140, 142, 146, 151, 154, 166, 168, 173, 177, 188, 189, 191

Strauss, A.L.G.
151

Strauss, J.G.N.
62

Strauss, L.J.
127, 151

Strauss, P.
176

Strijdom, J.M.
127

Struwig, W.P.
27

Strydom, J.J.
23, 29, 34, 62, 70

Strydom, J.G.
62, 70, 121

Strydom, S.J.
7, 11, 12, 16, 58, 87

Studentestatistiek
153, 167

Studie aan ander universiteite
114

Studiefonds
5, 8, 58, 63, 66, 67, 71

Studieskuld
19, 58

Studieverlof
59, 60, 70, 71, 90, 95, 102, 104, 109, 112, 115, 116, 119, 120, 122, 126, 127, 129, 130, 136, 139, 140, 146, 147, 158, 161, 165, 168, 180, 181

Studiorum Novi Testamenti Societas
126, 146, 172, 174

Stutterheim, J.
72

Suid-Oos Witbank
125, 146

*Sunday Express*
89

*Sunday Times*
36, 72, 78, 83

SVTT
121, 126, 130, 131, 136, 140, 147, 148

Swanepoel, G.J.
122

Swanepoel, J.A.
75, 89

Swanepoel, Lisa-Mari
191

Swanepoel, L.M.P.
103, 105, 125

Swart, adv. J.D.M.
87, 89
Swart, C.J.
151

Swart, J.J.
2

Swart, P.
113

Swart, W.H.
125

Swartkop
125

Taalbeleid
153, 162

Taalvaardigheidstoetse
129, 134

Talbot, dr N.S.
31

Technikon Pretoria
124

Telematiese onderrig
164, 169, 173, 178, 185

Tentamens
73, 137

Teologiegebou
117, 118, 122, 140

Teologiese Opleidingsfonds
168, 174, 175, 185, 186, 187, 190, 191

Teyler prys
132

Theïsme
15

Toegepaste Teologie
171

Toesighoudende Raad
172, 173

Toga
91, 98

Tomlinsonverslag
66

Toppresteerder
146, 148

*Transvaler, Die*
65, 84, 88, 89, 103, 126

Trengove, adv. J.J.
85, 86, 87, 88

Trollip, Regter W.G.
87, 89

Tukker, C.A.
107

*Tukkiewerf*
116, 119

Turfloop
75

Tussenkerklike Kommissie
123, 159

Tussenkerklike Raad
189

Uitnemende presteerder
146,191

Uitruilstudente
179, 185

Uniting Presbyterian Church
184

Universiteit van die Noorde
111, 118, 121, 150

Universiteitskommissie
30

Universiteit van Pretoria kommando
109

Utrecht
2, 5, 8, 10, 11, 12, 14, 15, 16, 17, 19, 22, 29, 30, 40, 42, 46, 55, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 66, 67, 71, 94, 95, 96, 97, 99, 110, 118, 141, 173, 176, 178, 191, 193

*Vaderland, Die*
68, 84, 87

Van Aarde, A.G.
91, 109, 110, 111, 112, 114, 115, 116, 118, 119, 126, 129, 134, 137, 138, 139, 140, 142, 143, 144, 146, 153, 155, 156, 157, 158, 159, 161, 162, 165, 169, 170, 171, 173, 174, 175, 176, 177, 178, 179, 181, 184, 185, 186, 187, 188, 189, 190, 191, 192

Van Belkum, Jac
1, 2, 4, 8, 9, 10, 12, 16, 27, 29, 31, 32, 34, 108, 179

Van Biljon, K.
148

Van Biljon, J.A.
106, 116, 118, 119, 129, 131, 138, 140, 145, 155, 159, 163, 169, 171

Van Broekhuizen, H.D.
16, 25, 29, 31, 34, 54

Van den Berg, C.L.
72, 73, 75, 81, 82, 96, 98, 104, 110, 117, 122

Van den Berg, C.M.
143

Van den Berg, H.P.
122

Van den Berg, J.P.
27, 28, 29, 47

Van der Berg, M.M.
185

Van den Broek, A.
2, 4, 10, 12

Van den Brom, L.
191

Van den Eijkel, J.
133

Van den Heever, K.T.
12, 16

Van der Waal, D.
66

Van der Byl, H.J.
30

Van der Elst, A.
188

Van der Hoff Teologiese Huis
148, 188

Van der Hoff Teologiese Vereniging
25, 29, 66, 88, 100

Van der Horst, J.G.
30

Van der Merwe, B.J.
65, 75, 89

Van der Merwe, Carusta
185

Van der Merwe, C.F.
54

Van der Merwe, C.J.
99, 100

Van der Merwe, C.V.
151

Van der Merwe, D.S.
30

Van der Merwe, F.H.
95, 105, 119, 151

Van der Merwe, H.C.
2

Van der Merwe, J.C.
100, 119, 148, 168, 173, 174, 176, 177, 187, 190, 191

Van der Merwe, J.F.
135, 136, 190

Van der Merwe, M.F.
134

Van der Merwe, M.H.J.
105

Van der Merwe, P.J.
94, 95, 100, 105, 108, 109, 110, 111, 112, 114, 115, 117, 120, 122, 126, 129, 132, 134, 137, 138, 142, 143, 147, 150, 156, 162, 165, 169, 170, 171, 173, 174, 175, 176, 178, 179, 180, 181, 184, 187, 190, 191, 192, 193

Van der Merwe, W.P.
49, 118

Van der Walt, C.P.
190

Van der Walt, P.J.
84

Van der Watt, D.W.
120

Van der Watt, J.G.
169, 171, 173

Van der Westhuizen, E.J.
125

Van der Westhuizen, H.G.
76, 79, 91, 111, 112, 117, 123, 138, 140, 141, 142, 145, 148, 149, 151, 152, 154, 155, 156, 192

Van der Westhuizen, H.M.
44

Van der Westhuizen, J.J.
114

Van der Westhuizen, J.L.
122

Van der Westhuizen, Kotie
111

Van der Westhuizen, R.L.
161

Van der Woude, A.S.
78

Van Deventer, Hennie
192

Van Deventer, H.T.
117, 119, 126, 148, 173

Van Drimmelen, P.
1, 2, 23, 143, 190, 191

Van Eck, E.
119, 138, 140, 142, 145, 148, 149, 155, 163, 173, 174, 176, 179, 182, 183, 186, 187, 188, 189, 190, 192

Van Eck, H.J.
27

Van Emmenis, S.A.
8, 9, 105

Van Heerden, C.F.
114

Van Heerden, J.H.
96

Van Itterson, prof.
107

Van Manen, W.
25

Van Niekerk, Adam
27

Van Niekerk, C.J.S.
79, 95, 98, 106, 124

Van Niekerk, P.J.A.
151, 161

Van Nieuwenhuizen, T.H.J.
104

Van Rensburg, C.J.J.
105, 111, 120

Van Rensburg, G.F.J.
87

Van Rensburg, J.J.J.
165

Van Rensburg, Klasie
146

Van Rensburg, Riek
108, 173

Van Rensburg, S.P.J.J.
41, 47, 50, 55, 63, 67, 70, 71, 73, 75, 76, 77, 78, 79, 94, 95, 96, 102

Van Rhyn, M.
66

Van Rooyen, E.E.
36

Van Rooyen, H.B.
115

Van Rooyen, Petri
185

Van Ruler, mev
107

Van Schalkwyk, C.J.
116

Van Schalkwyk, D.P.J.
74

Van Schalkwyk, N.J.
49, 63

Van Schalkwyk, W.A.
20, 54, 57

Van Selms, A.
35, 41, 42, 43, 45, 50, 55, 60, 62, 63, 65, 69, 72, 73, 75, 77, 78, 80, 83, 89, 94, 115, 119, 121, 191

Van Selms Leeskamer
130, 140, 172

Van Staden, A.J.
47, 105

Van Staden, D.J.
27, 47

Van Staden, dr J.L.
81, 85, 86, 92, 98, 106, 111

Van Staden, G.C.
95, 132, 146, 151, 152,

Van Staden, G.J. jnr
105

Van Staden, J.H.
55, 121

Van Staden, J.M.
181

Van Staden, Joh
25

Van Staden, P.
109, 119, 131, 136, 138, 140, 145, 148, 155, 165

Van Staden, P.G.
49

Van Staden, P.J.
119, 129, 145

Van Staden, Thinus
179

Van Tonder, C.A.P.
143, 147

Van Unnik, W.C.
45, 95

Van Veen, S.D.
11

Van Velden
16

Van Wyk, B.J.
97, 129, 138, 140, 142, 181, 187, 190

Van Wyk, D.J.C. snr
192

Van Wyk, D.J.C.
91, 94, 99, 106, 108, 111, 114, 116, 117, 118, 121, 122, 131, 132, 134, 138, 141, 142, 143, 144, 145, 147, 148, 149, 151, 154, 155, 156, 159, 163, 164, 165, 166, 168, 175, 177, 179, 185, 186, 188, 189, 190, 191, 193

Van Wyk, F.J.
87

Van Wyk, G.M.J.
115, 123, 190

Van Wyk, I.W.C.
114, 119, 127, 145, 148, 149, 155, 158, 163, 164, 168, 176, 179

Van Wyk, P.A.R.C.
49

Van Wyk, R.D.J.
126

Van Wyk, Tanya
185, 188, 190, 191

Van Wyk, W.C.
69, 79, 87, 90, 93, 95, 102, 110, 111, 112, 117, 118, 119, 120, 121, 122, 123, 127, 128, 134, 137, 138, 140, 145, 148, 149, 158, 163, 173, 174, 180, 186

Van Wyk, W.C. jnr.
121, 134

Van Zyl, A.H.
119, 120, 134

Van Zyl, D.M.
127, 138

Van Zyl, F.J.
34, 39, 42, 45, 62, 63, 66, 70, 71, 75, 76, 79, 81, 91, 94, 96, 97, 98, 102, 104, 106, 108, 109, 110, 111, 113, 116, 117, 140, 141, 142, 148, 169, 170, 174, 192, 193

Van Zyl, H.C.
165, 190

Van Zyl, Johan
158, 171

Van Zyl, P.J.
112, 115, 125

Van Zyl, P.J.P.
151

Van Zyl, Sanri
150, 154

Veenhoven ,W.A.
107

Velthuysen, G.C.
102, 112, 115, 116, 117, 120, 122, 124, 125, 126, 129, 130, 131, 133, 188, 192

Venter, A.C.
148

Venter, Louis
185

Venter, Marius
134

Venter, M.S.
188

Venter, P.J.J.
10, 11, 13, 15, 16, 18, 20, 23, 33, 47, 58, 67, 87, 88

Venter, P.M.
94, 103, 108, 109, 111, 112, 114, 118, 119, 127, 134, 138, 140, 142, 144, 145, 146, 147, 148, 165, 169, 170, 171, 173, 175, 179, 180, 184, 185, 188

Venter, P.W.
23, 26, 27, 28, 29, 33, 47, 66, 87, 100

Venter, T.P.
122

Ventersdorp
1, 4, 6, 47, 58, 140

Venterskroon
2, 6
Verdere opleiding
2, 110, 115

*Vertraagde Aksie*
72, 73, 74, 75, 81

Verhage, E.
110, 122

Verhoef, P.A.
119, 165

*Verklarende Bybel*
134

Verklaring van voorneme
163, 187, 188

Vermooten, Hendrik
90

Vermooten, J.J.
113

Vermooten, S.
8, 11, 12, 16, 19, 20, 22, 23, 24, 26, 27, 28, 33, 35, 42, 43, 44, 45, 46, 48, 54, 58, 59, 60, 63, 66, 67, 68, 75, 76, 79, 141

Verwoerd, H.F.
75, 84

*Verwysingsbybel*
165

Verwysingsisteem
70

Vierde professor
26, 40, 41

Viljoen, Anneke
181

Viljoen, C.
175, 179

Viljoen, C.C.
151, 152, 164, 165

Viljoen, C.J.
62, 90, 92, 96, 99, 108, 111

Viljoen, Dirk
78

Viljoen, H.G.
33, 35, 36, 45

Viljoen, J.F.
158

Viljoen, J.H.
4, 67, 76

Viljoen, J.J.
113

Viljoen, J.P.B.
67, 69, 105

Viljoen, Marais
118

Viljoen, J.H.
67

Viljoen, P.B.
114

Viljoen, P.F.
109

Viljoen, P.H.
134

Viljoen, S.P.
34, 47, 67, 81, 84, 85, 87, 91, 94, 95

Viljoen, S.W.
190

Viljoen, Wim
118

Villieria
72, 144, 149, 165, 169

Visagie, J.H.N.
1

Visagie
33, 34, 56

Visie
72, 84, 105, 158, 160, 179

Visser-familie
58

Visser, G.P.
125, 151

Visser, H.J.
17, 67

Visser, H.M.P.
58

Visser, H.R.
105

Visser, S.
156, 161, 189

Viviers, C.
150

Viviers, P.
148

Vledder, E.J.
116, 127, 134

Volkskerk
68, 87, 98, 123,124, 127, 132, 133, 139, 143, 151, 156, 159, 161, 192

Volkskongres oor Kommunisme
81

Volksrust
33, 41, 156, 175

Volschenk, G.J.
143, 176

Voogdestelsel
172

Voorsitter Algemene Kerkvergadering
5, 50, 60, 93, 99, 103, 107, 108, 113, 120, 121, 122, 142, 143, 144, 147, 173, 190, 191, 192

Voortgesette onderrig
120

Voortrekker Gedenkboek
42

Voortrekker Universiteit
148

Voortrekkerhoogte
97, 118, 140

Voortrekkerkerk
119

Voortrekkermonument
131

Voortrekkerpers
65

Voortrekkers
1, 7, 18, 22, 29, 87, 91, 142

Voortrekkerspan
104

Voortrekkertehuis
42, 44, 52, 59, 78

Vorster
6, 105

Vorster, dr J.D.
88

Vorster, J.H.
6, 10, 16, 21, 23, 24, 29, 31, 122

Vorster, P.A.
122

Vorster, W.S.
118, 128, 134

Vos
16

Vos, C.J.A.
162, 165, 169, 171, 173, 185

Vosloo, E.P.
105, 126

Vriezen, Th.C.
67, 78

Vroue in die ampte
62, 92, 111, 141, 163, 168

Vrymesselary
114

VSR
96, 97, 134, 146

VSR Diensmedalje
134

VSR Eremedalje
97

Vyfde professor
59, 60

Wagenaar, J.P.J.
101, 116, 142, 143, 151, 166

WARC
189

Waterberg
1, 2, 5, 9, 10, 33, 47, 109

Webwerf
185

Wenen
137, 138, 162, 179, 184, 185, 188, 191

Weiss, P.F.D.
88

Weltevrede
108

Wentzel, H.J.
112

Wêreldraad van Kerke
67, 77, 85, 103, 175

Werkwinkel
150, 154, 155, 156, 175, 188, 191, 193

Wesleyaanse Kerk
13

Westelike Ring
9, 16, 21

Wes-Transvaal
1, 126

Wetenskaplike teologie
155, 166

Wethmar, C.J.
162, 169, 171, 173

Wilcocks, R.W.
36

Wilkens, kol Jacob
43, 62

Willem Prinsloo Museum
130, 131

Willemse, A.J.
102, 121

Willemse, Anette
108

Willemse, M.J.
2

Wilson, J.F.
126

Winterhager
107

Witfontein
30, 109, 120, 122, 180

Witfontein fees
114, 120, 121

Wolff, E.
168, 173, 174

Wolmarans, A.D.W.
1, 2, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 12, 13, 14, 16, 23, 24, 25, 26, 28, 30, 41, 119

Wolmarans, D.G.
9

Wolmarans, Elsie
111

Wolmarans, F.G.
12
Wolmarans, F.G.A.
23

Wolmarans. G.J.M.
161

Wolmarans, H.P.
14, 16, 20, 23, 27, 33, 34, 35, 36, 38, 39, 40, 41, 42, 44, 45, 46, 47, 50, 55, 57, 59, 63, 66, 67, 69, 70, 71, 72, 75, 87, 88, 90, 91, 92, 101, 113, 115, 117, 192

Wolmarans, J.L.
23

Wolmarans, J.L.P.
122, 133, 180

Wolmarans, J.N.
113

Wolmarans, W.M.
34, 39, 47, 78, 117

Wolmaransstad
6, 10, 47, 78, 79, 119

Wysbegeerte
5, 13, 15, 16, 24, 25, 34, 36, 37, 38, 42, 46, 61, 62, 63, 64, 67, 70, 75, 96, 104, 106, 109, 111, 112, 113, 114, 115, 117, 120, 125, 127, 130, 134, 140, 149, 180, 189, 193,

Wysbegeerte van die Godsdiens
5, 7, 8, 16, 22, 23, 31, 35, 36, 37, 38, 39

Young, J.
168

Young, S.E.
47

Zeerust
1, 2, 8, 12, 14, 23, 35, 41, 42, 70, 75, 177

Zeiss, adv R.K.R.
77

Zevenbergen, A.P.
114

Ziervogel, ds H.
35

Zimbabwe
118

Zoutpansberg
1, 2, 4, 6, 8, 10, 134

Zuid-Afrikaanse Hospitaal
90

Zwarts, A.J.
96

Zwarts, A.J.J.
123

Zybrands, I
168